UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE

deur

OCKERT JACOBUS OLIVIER FERREIRA

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

P R E T O R I A

Desember 1970

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
2146710

## DANKBETUIGING

Vanselfsprekend sal die skrywer van 'n verhandeling oor so 'n resente greep geskiedenis 'n groot aantal persone hê teenoor wie hy dank verskuldig is, hetsy vir die toestaan van 'n onderhoud, die beantwoording van 'n brief of die optekening van herinneringe. Langs hierdie weg my hartlike dank aan daardie persone vir hulle onskatbare bydrae tot die voltooiing van hierdie verhandeling.

Daar is egter ook persone en instansies sonder wie se samewerking en hulp hierdie verhandeling beswaarlik die lig sou gesien het. Opregte dank en waardering word betuig teenoor:

Mnr. B.H.J. van Rensburg, voormalige Direkteur van die Oorlogsmuseum, Bloemfontein, vir die gedagte dat ek hierdie verhandeling moet skryf.

Die Dagbestuur van die Sentrale Volksmonumentekomitee vir die opdrag om die geskiedenis van dié Komitee na te vors.

Sy Edele M.C. Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en van Bantoe-onderwys en gewese Ere-sekretaris van die S.V.K., vir sy entoesiastiese belangstelling en hulp met die versameling van gegewens en kontrolering van feite.

Mnre. Barry Steyn, J.H. Stander, B.H.J. van Rensburg en mnr. en mev. Coert Steynberg vir die gebruik van hulle privaatversamelings en aan mev. Rita Snyman vir insae in die L.J. Spies-versameling.

Die personeel van die Argief van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria; die Politieke Argief, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein; die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria; die Voortrekkermonument en Voortrekkermonumentmuseum, Pretoria, vir hulp verleen tydens die navorsing.

Die Sentrale Volksmonumentekomitee, die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee, die Natalse Voortrekkermonumentkomitee en die Beheerraad van die Voortrekkermonument, Pretoria, vir toestemming om daardie liggame se dokumentêre stukke te raadpleeg.

Mev. E. Jackson en mej. M. Kitching wat die netjiese tikwerk van die verhandeling en mev. D. Potgieter wat die tikwerk van die konsep-verhandeling behartig het, asook mnr. P.J. van Tonder vir die afrolwerk.

Mev. K. Roodt-Coetzee, Direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, vir haar vriendelike tegemoetkomendheid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mnr. D.P.M. Botes, Assistent-direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, vir die deeglike taalkundige versorging, asook vir wenke in verband met die opset van hierdie verhandeling.

Prof. dr. A.N. Pelzer onder wie se leiding hierdie verhandeling tot stand gekom het. Sy gewaardeerde hulp en leiding word hoog op prys gestel.

My ouers vir opofferings en gedurige aanmoediging.

O.J.O. FERREIRA.

PRETORIA.
Desember 1970.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Samevatting van 'n Verhandeling oor

„DIE GESKIEDENIS VAN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTKOMITEE"

deur

OCKERT JACOBUS OLIVIER FERREIRA

onder leiding van

PROF. DR. A.N. PELZER

in die

DEPARTEMENT GESKIEDENIS

van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

vir die graad

MAGISTER ARTIUM

---oOo---

Die strewe om 'n behoorlike monument ter ere van die Voortrekkers op te rig, het beslag gekry toe die S.V.K. op 4 April 1931 in Bloemfontein gestig is.

Kernagtig gestel, was die doel van die S.V.K. om hom vir die oprigting van 'n nasionale Voortrekkergedenkteken vir die Voortrekker-eeufees in 1938, asook vir ander goedgekeurde volksmonumente te beywer.

Provinsiale komitees is gestig om fondse in te samel en in 1935 het die Staat onderneem om finansiële steun te verleen ten einde 'n groot en waardige monument moontlik te maak.

Op 7 April 1936 is die bekende ontwerp vir die Monument deur die S.V.K. goedgekeur en die verslag van die Situs-komitee wat twaalf plekke besoek het, is op 6 Oktober 1936 oorweeg, waartydens met 14 stemme vir Pretoria en 12 stemme vir Winburg besluit is om die Monument by Pretoria op te rig.

Spoedig het dit geblyk dat daar vir die Eeufees slegs gedink sou kon word aan 'n hoeksteenlegging. Hiervoor het die Sentrale Voortrekkereeufeeskomitee voorbereidings getref. Die Eeufees is deur die Simboliese Ossewatrek, gereël deur die A.T.K.V. (S.A.S. en H.),

voorafgegaan .. 2/....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorafgegaan. Die hoeksteen van die Voortrekkermonument is op 16 Desember 1938 gelê. Die jaar 1938 het 'n wonderjaar geword wat 'n verreikende uitwerking op die Afrikaanse kulturele bewuswording en ontwikkeling gehad het.

In 1948 het dit duidelik geword dat die Monument op 16 Desember 1949 ingewy sou kon word en reëlings hiervoor is deur die V.I.K. getref. Weer eens het die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) vir 'n landswye voorspel tot die fees gesorg met die organisering van die Rapportryers. Op 16 Desember 1949 is die Voortrekkermonument ingewy en aan die Staat en die benoemde Beheerraad oorgedra.

Intussen is egter besluit dat die Bloedriviermonument, begin deur geesdriftige volksgenote, as deel beskou word van die Voortrekkermonumentpoging. Hierdie Monument se hoeksteen is in 1938 gelê, en dit is op 16 Desember 1947 onthul. Die S.V.K. het vir hierdie Monument ook die Staat se finansiële steun gekry.

Verder is besluit om met die oog op Winburg en Pietermaritzburg se geskiedkundige belang by hierdie twee plekke kleiner monumente te laat bou, waarvoor die S.V.K. fondse sou bydra.

In Natal is besluit dat 'n vroeëre poging om Piet Retief te huldig en die fondse reeds daarvoor ingesamel, met hierdie S.V.K.-gedagte verenig kon word en weldra is by die vergrote Voortrekkermuseum op Pietermaritzburg 'n standbeeld ter ere van Retief en sy geselskap opgerig en op 6 April 1962 onthul.

Intussen het die poging om 'n monument by Winburg op te rig op dreef gekom en mettertyd het die Vrystaatse Provinsiale Administrasie besluit om steun aan die gedagte te verleen, en die grootste gedeelte van die totale koste te dra. Hierdie Monument is op 10 Oktober 1968 onthul. Dit was die voltooiing van die laaste plig van die S.V.K.

Op 21 November 1968 het die S.V.K. ontbind. Die moeilike taak wat by homself ten doel gestel het, is met eer voltooi, naamlik om op aanskoulike wyse die nageslagte immer aandagtig te hou en te besiel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Résumé of a Dissertation on

# "THE HISTORY OF THE CENTRAL NATIONAL MONUMENTS COMMITTEE"

by

OCKERT JACOBUS OLIVIER FERREIRA

under the direction of

PROF. DR. A.N. PELZER

in the

HISTORY DEPARTMENT

of the

UNIVERSITY OF PRETORIA

for the degree of

MASTER OF ARTS

---oOo---

The aim to erect an appropriate monument in honour of the Voortrekkers into a settled state with the establishment of the Central National Monuments Committee (C.N.M.C.) on 4th April, 1931 in Bloemfontein.

The object of the C.N.M.C. was to apply itself for the erection of a national Voortrekker memorial for the Voortrekker centenary in 1938 as well as for other approved national monuments.

Provincial committees were established to raise funds and in 1935 the State undertook to render financial assistance to materialise the erection of a big and worthy monument.

The well-known design of monument was approved by the C.N.M.C. on the April, 1936 and the report of the Site committee which visited twelve places, was considered on 6th October, 1936. It was resolved by 14 votes for Pretoria against 12 votes for Winburg that the monument should be erected at Pretoria.

Soon it transpired that there can only be thought of the laying of the foundation stone with the Centenary. Preparations were made in this regard by the Central Voortrekker Centenary Committee.

The Centenary .... 2/...

The Centenary was preceded by the Symbolic Ox-wagon Trek, organised by the A.T.K.V. (S.A.R. and H.). The laying of the corner stone of the Voortrekker Monument took place on 16th December, 1938. The year 1938 became a wonder year which had a far-reaching effect on the genesis of the Afrikaans cultural consciousness and development.

In 1948 it became clear that the inauguration of the Monument could take place on 16th December, 1949 and arrangements for this event were made by the Voortrekker Monument Inauguration Committee. Once again the A.T.K.V. (S.A.R. and H.) organised a country-wide prelude to the festival with the Dispatch Riders. On 16th December, 1949 the Voortrekker Monument was inaugurated and transferred to the Government and the appointed Board of Control.

In the meantime it was, however, decided that the Blood River Monument, started by enthusiastic fellow citizens, be regarded as part of the Voortrekker Monument effort and the corner-stone of this Monument was laid in 1938. The Monument was inaugurated on 16th December, 1947. Financial assistance for this Monument was also given to the C.N.M.C. by the Government.

In view of their historical importance, it was further decided to erect smaller monuments at Winburg and Pietermaritzburg, the costs to which the C.N.M.C. contributed.

It was decided in Natal that an earlier effort to commemorate Piet Retief, for which purposes funds have already been raised, can be reconciled with this idea of the C.N.M.C. and soon a statue to commemorate Piet Retief and his party was erected at the enlarged Voortrekker Museum in Pietermaritzburg. The statue was unveiled on 6th April, 1962.

Meanwhile the effort to erect a monument at Winburg also got going and in due course the Provincial Administration of the Orange Free State decided to support the idea and to carry the greater part of the total costs. This Monument was inaugurated on 10th October, 1968. This was the completion of the final task of the C.N.M.C.

On 21st November, 1968 the C.N.M.C. was dissolved. The difficult task it put to itself, was completed with honour, viz. to keep generations to come aware and to inspire them with courage.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK I

## DIE ONTSTAAN EN SAMESTELLING VAN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE

BLADSY

1. VROEË POGINGS OM VOORTREKKERMONUMENTE OP TE RIG ....... 2
2. DIE KONFERENSIE, 4 APRIL 1931 ........................ 5
3. SAMESTELLING VAN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE (S.V.K.) ........................................ 7
   (a) Lede van die Sentrale Volksmonumentekomitee ..... 7
   (b) Regeringsverteenwoordigers in die Sentrale Volksmonumentekomitee ........................ 10
   (c) Dagbestuur van die Sentrale Volksmonumentekomitee 12
      (i) Voorsitterskap ............................. 13
      (ii) Sekretarisskap ............................ 15
      (iii) Die Penningmeester ....................... 17
   (d) Provinsiale Komitees van die Sentrale Volksmonumentekomitee ............................. 17
      (i) Vrystaatse Provinsiale Komitees ........... 18
      (ii) Natalse Provinsiale Komitee .............. 21
      (iii) Kaaplandse Provinsiale Komitee ........... 23
      (iv) Transvaalse Provinsiale Komitee ........... 25
      (v) Suidwes-Afrika Voortrekkermonumentfondskomitee ................................. 26

## HOOFSTUK II

## KEUSE VAN DIE PLEK VIR DIE VOORTREKKERMONUMENT

1. DIE SITUS-KOMITEE ................................ 28
2. AANSPRAKE ........................................ 29
   (a) Natal ........................................ 30
      (i) Pietermaritzburg ........................... 31
      (ii) Bloedrivier ............................... 33
      (iii) Danskraal ................................ 35
      (iv) Weenen .................................... 37
   (b) Oranje-Vrystaat .............................. 38
      (i) Winburg .................................... 39
      (ii) Thaba 'Nchu ............................... 42
      (iii) Blijdevooruitzicht ....................... 44
      (iv) Vegkop .................................... 46
      (v) Bloemfontein ............................... 47
   (c) Transvaal .................................... 49
      (i) Pretoria ................................... 49
      (ii) Potchefstroom ............................. 52
      (iii) Ohrigstad ................................ 54
   (d) Kaapprovinsie ................................ 55

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BLADSY**

3. SITUS-KONFERENSIE, 6 OKTOBER 1936 .................. 55
(a) Samestelling van die konferensie ................ 56
(b) Pretoria word gekies .......................... 56
(c) Natalse Provinsiale Komitee maak beswaar ........ 57
(d) Bekragtiging van die Situs deur die Regering .... 60

## HOOFSTUK III

**DIE VOORTREKKERMONUMENT, PRETORIA**

1. ONTWERP EN SIMBOLIEK VAN DIE MONUMENT .............. 62
(a) Meningsverskil oor die vorm wat die Monument moes aanneem ................................. 62
(b) Werk van die Vormkomitee ........................ 63
(c) Die Argitek ..................................... 65
(d) Die simboliek van die Voortrekkermonument ...... 65
(i) Vorm, grootte en materiaal ................. 67
(ii) Senotaaf ................................... 69
(iii) Vloer ...................................... 70
(iv) Koepels .................................... 70
(v) Historiese fries ........................... 71
(vi) Voortrekkervrou ............................ 71
(vii) Swartwildebeeste ........................... 72
(viii) Buffelkop .................................. 73
(ix) Driehoekvormige lys ........................ 73
(x) Hoekfigure ................................. 73
(xi) Laermuur ................................... 74
(xii) Hek ........................................ 74
(e) Kritiek op die vorm van die Voortrekkermonument . 74
(f) Die Boukommissie en die Kunskomitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns keur die ontwerp goed ........................ 76

2. VOORBEREIDING VIR OPRIGTING ........................ 76
(a) Tenders ......................................... 76
(i) Uitgrawingswerk ............................ 76
(ii) Fondamente ................................. 77
(iii) Bouwerk .................................... 77
(b) Sooispitplegtigheid ............................. 78

3. DIE VOORTREKKEREEUFEES: DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK, DIE SENTRALE EEUFEESVIERING EN HOEKSTEENLEGGING ..... 78
(a) Die Simboliese Ossewatrek ....................... 78
(i) Oorsprong van die gedagte .................. 79
(ii) Voorbereidingswerk en roetebeplanning ...... 80

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BLADSY**

(iii) Die Trek self .................................. 82
(b) Sentrale Eeufeesviering, Pretoria .............. 91
(i) Die Sentrale Voortrekker-Eeufeeskomitee (S.V.E.K.)................................ 92
(ii) Voorbereiding vir die Voortrekker-Eeufees ... 93
(iii) Finansies .............................. 100
(iv) Die Eeufeesprogram ....................... 101
(c) Die betekenis van die Voortrekker-Eeufees ....... 111
(i) Politieke betekenis ....................... 111
(ii) Kulturele betekenis ...................... 116
(iii) Ekonomiese betekenis ..................... 119
(iv) Maatskaplike betekenis .................... 121
(v) Sedelike en Godsdienstige betekenis ........ 122
(vi) Internasionale betekenis .................. 123
(vii) Betekenis vir ander bevolkingsgroepe ........ 124

4. BOU- EN BEELDHOUWERK ............................. 127
(a) Bouwerk ....................................... 127
(i) Boukommissie en Bestekopnemer .............. 127
(ii) Bou-aannemers ............................ 127
(iii) Arbeid .................................. 128
(iv) Materiaal ............................... 129
(v) Besoekers ................................ 131
(vi) Voltooiing van die bouwerk ............... 132
(vii) Die senotaaf ............................ 133
(viii) Die fakkelvlam ......................... 133
(ix) Verdere voorstelle ........................ 134
(b) Beeldhouwerk .................................. 135
(i) Laermuur ................................. 135
(ii) Voortrekkervrou .......................... 136
(iii) Swartwildebeeste ......................... 138
(iv) Hoekfigure ............................... 138
(v) Buffelkop ................................ 139
(vi) Historiese fries ......................... 140

5. FINANSIES ........................................ 157
(a) Finansiële Komitee ............................ 157
(b) Oprigtingskoste van die Voortrekkermonument ..... 157
(c) Inkomstebronne ................................ 160
(i) Regeringsteun ............................. 160
(ii) Verkoop van seëls ......................... 163
(iii) Skenkings ............................... 171
(iv) Soeweniers ............................... 180
(v) Publikasies .............................. 184

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BLADSY

6. DIE MONUMENTTERREIN EN BEPLANNING VAN DIE GEBIED DAAROMHEEN .................................... 184
(a) Transportering van die Monumentterrein ...... 184
(b) Grond vir die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (W.N.N.R.) ..... 187

7. DIE INWYDING VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT ........ 188
(a) Die Rapportryers ........................... 189
(i) Oorsprong van die gedagte ............. 189
(ii) Die Uniale Rapportryerreëlingskomitee . 189
(iii) Voorbereidingswerk en roetebeplanning . 190
(iv) Rapportryers in aksie ................. 192
(v) Die boodskappe ........................ 195
(b) Die Voortrekkermonument-inwydingskomitee ... 199
(c) Permanente benodigdhede .................... 205
(i) Paaie en parkeerterreine .............. 205
(ii) Amfiteater ............................ 205
(d) Tydelike geriewe ........................... 207
(e) Finansies .................................. 209
(f) Voorbereiding van die feesprogram .......... 211
(g) Die Inwydingsfees .......................... 215
(h) ŉ Terugblik ................................ 229

8. DIE BEHEERRAAD VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT ...... 230
(a) Ontstaan ................................... 230
(b) Doel ....................................... 231
(c) Samestelling ............................... 232
(d) Lede ....................................... 233
(e) Finansies .................................. 235
(f) Werksaamhede ............................... 236

9. DIE VOORTREKKERMONUMENTMUSEUM .................. 240
(a) Ontstaan ................................... 240
(b) Uitstallings ............................... 243
(c) Die Voortrekkertapisserie .................. 245

## HOOFSTUK IV

### DIE BLOEDRIVIERMONUMENT

1. VOORGESKIEDENIS ................................ 255
(a) Geloftefees, 1864 .......................... 255
(b) Geloftefees, 1866: Die stapeling van klippe 256
(c) Geloftefees, 1888: Besluit om ŉ monument op te rig en die eerste fondsinsameling ....... 258

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


BLADSY

(d) Geloftefeesvierings, 1889 - 1913 ............ 260
(e) Oordrag van die terrein aan die Kerk ........ 261
(f) Bloedrivier-dorpsaanleg ..................... 261
(g) Geloftefees, 1920 ........................... 262
(h) Beskrywingspunt van die Kerkraad van Utrecht . 262

2. DIE MONUMENT WORD GEBOU ........................ 263
(a) Geloftefees, 1928: Besluit ................. 263
(b) Bloedriviermonument-komitee ................. 263
(c) Vorm en simboliek van die Bloedriviermonument 264
(d) Eeufeesviering en Hoeksteenlegging, 1938 .... 268
(i) Bloedrivier-Eeufeeskommissie .......... 268
(ii) Voorbereiding ......................... 268
(iii) Feesprogram ........................... 269
(iv) Finansies ............................. 275
(e) Oprigting ................................... 275
(i) Fondse ................................ 275
(ii) Tenders ............................... 278
(iii) Materiaal, bouwerk en koste ........... 278
(iv) Beswaar teen Engelse opskrifte op Bloedriviermonument .................... 279
(f) Onthulling, 1947 ............................ 280
(i) Bloedriviermonument-onthullingskomitee . 280
(ii) Voorbereidings ........................ 280
(iii) Feesprogram ........................... 282

3. BEHEER OOR EN VERSORGING VAN DIE BLOEDRIVIER-MONUMENT EN -TERREIN ........................... 286
(a) Sinodale Bloedrivierkommissie ............... 286
(b) Eiendomsreg van die Bloedriviermonument ..... 288
(c) Die terrein ................................. 289
(i) Opsigter en opsigterswoning ........... 289
(ii) Hans de Lange-gedenksteen ............. 289
(iii) Beskadiging van Monument en Feeshuis ... 289
(iv) Ringmuur .............................. 289
(v) Proklamering van Bloedrivier-slagveld tot Historiese Monument .................. 291
(vi) Bronsplaat ter herdenking aan die klip-stapeling van 1866 .................... 292
(vii) Herskepping van die Slagveld by Bloedrivier ........................... 292

4. BETEKENIS VAN DIE BLOEDRIVIERMONUMENT ............ 293

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK V

**DIE VOORTREKKERMONUMENT, PIETERMARITZBURG**

BLADSY

1. NATALSE VOORTREKKERMONUMENTKOMITEE .................. 295

2. UITBREIDING VAN DIE VOORTREKKERMUSEUM .............. 296

3. DIE VOORTREKKER-GEDENKKERK ......................... 298
   (a) Pogings om die Gedenkkerk as Voortrekker-monument erken te kry ......................... 298
   (b) Egtheid van die Voortrekkerkerkie as Geloftekerk ......................... 299
   (c) Oprigting van die Voortrekker-Gedenkkerk ...... 301
      (i) „Erf nommer 33" ......................... 301
      (ii) Die argitek ......................... 302
      (iii) Simboliek ......................... 302
      (iv) Hoeksteenlegging, 6 April 1961 ........... 303
      (v) Inwyding, 6 April 1962 ................... 303
      (vi) Finansies ......................... 304

4. PIET RETIEF-STANDBEELD ......................... 304
   (a) Standplaas ......................... 305
   (b) Ontwerp ......................... 306
   (c) Oprigting ......................... 307
   (d) Kritiek ......................... 308
   (e) Simboliek ......................... 308
   (f) Finansies ......................... 309
   (g) Onthulling, 6 April 1962 ..................... 309
   (h) Beheer oor standbeeld ......................... 310
   (i) Drie gedenktekens as eenheidskompleks ......... 310

5. BEPLANDE GERRIT MARITZ-STANDBEELD ................. 310

## HOOFSTUK VI

**DIE VOORTREKKERMONUMENT, WINBURG**

1. VRYSTAATSE VOORTREKKERMONUMENTKOMITEE .............. 313

2. DIE VRYSTAATSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE NEEM OOR .. 314

3. NUWE VRYSTAATSE VOORTREKKERMONUMENTKOMITEE ......... 315

4. POGINGS TOT KOMBINERING VAN 'N BEOOGDE KINDER-MONUMENT EN DIE WINBURGSE VOORTREKKERMONUMENT ...... 316

5. KEUSE VAN PLEK EN STANDPLAAS ......................... 317

6. PRYSVRAAG: ONTWERP VIR MONUMENT .................. 320

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


**BLADSY**

7. ONTWERP EN SIMBOLIEK .............................. 323

8. OPRIGTING .............................. 325
   (a) Vertraging van oprigting .............................. 325
   (b) Sooispitplegtigheid, 20 September 1967 .............................. 326
   (c) Onthulling van gedenkplaat, 16 Desember 1967 ... 326
   (d) Bouwerk en materiaal .............................. 327
   (e) Finansies .............................. 328
      (i) Oprigtingskoste .............................. 328
      (ii) Fondsinsameling .............................. 329

9. INWYDING, 10 OKTOBER 1968 .............................. 331
   (a) Voorbereidings .............................. 331
   (b) Feesprogram .............................. 332

10. ONTWIKKELING VAN DIE TERREIN .............................. 335
   (a) Natuurtuin .............................. 335
   (b) Opelugmuseum .............................. 336
   (c) Kampeerterrein en woonwapark .............................. 337

11. BEHEER .............................. 337

**HOOFSTUK VII**

**DIE TAAK IS VOLTOOI - 'N WAARDERING**

ONTBINDINGSVERGADERING, 21 NOVEMBER 1968 ............ 338

**BRONNELYS** .............................. 345

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I

## DIE ONTSTAAN EN SAMESTELLING VAN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE

Dat die wil om monumente op te rig die volk in 'n jong land soos Suid-Afrika beetgepak het, is 'n bewys dat die nageslag waardering het vir die buitengewone eienskappe van die manne en vroue wie se nagedagtenis gehuldig word. 'n Mens hoef Suid-Afrika slegs te deurreis om te merk wat reeds op hierdie gebied tot stand gebring is.

As ons dan die Afrikaner se monumentbewustheid in ag neem, sal ons dit moontlik vreemd vind dat die Afrikanervolk eers na honderd jaar sy Voortrekkers vir die eerste keer by wyse van 'n waardige gedenkteken wou huldig, terwyl gedenksuile oral op die vernaamste pleine in ons land se groot stede vir persone en gebeurtenisse verrys het wat klein is in vergelyking met die Voortrekkers en die roemryke geskiedenis wat hulle vir die Afrikaner gemaak het.

Die Afrikaner het steeds die innigste dankbaarheid, agting en verering teenoor die Voortrekkers gekoester. Die weg van ontberings, van volharding en durf en daad wat hulle betree het en wat tot die geboorte van ons volk gelei het, het nog altyd in die volksiel en volksverbeelding vergestalting gevind as 'n monument wat hulle heldedade kon simboliseer. Die toestand van storm en drang in die geskiedenis van die Afrikaner het egter herhaaldelik alle pogings verydel om sy helde te vereer. Die Eerste Vryheidsoorlog, die Kafferoorloë, die moeilikhede in die twee jong republieke, die Jameson-strooptog en eindelik die Anglo-Boere-oorlog, het alles daartoe bygedra dat hierdie volk in die eerste eeu van sy bestaan keer op keer so geknak is dat hy beswaarlik kans gehad het om 'n gedagte aan 'n waardige monument ter huldiging van die Voortrekkers te wy.

Die Voortrekkers wat aan die Groot Trek en die gebeurtenisse daaraan verbonde deelgeneem het, het klaarblyklik nie besef dat hulle besig was om geskiedenis te maak nie. Wat ons vandag beskou as heldedade en as sodanig vereer, het hulle ongeërg as deel van die daaglikse lewe deurgemaak sonder om iets besonders daarvan te dink. Dit is moontlik toe te skryf aan hierdie afwesigheid van eiedunk of trots op eie dade, dat die Voortrekkers self nie daaraan gedink het om monumente op te rig nie. Hulle het waarskynlik nie gedink dat daar iets

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in hulle optrede was wat 'n gedenkteken verdien het nie. In die leeftyd van die meeste van hulle is daar nie 'n enkele poging aangewend om iets in daardie rigting te vermag nie.[1]

## 1. VROEË POGINGS OM VOORTREKKERMONUMENTE OP TE RIG

Hoewel daar, soos hierbo aangedui, nooit werklik oorgegaan is tot die oprigting van gedenktekens ter ere van die Voortrekkers nie, wil dit nie sê dat daar nie pogings in hierdie rigting was nie.

Reeds in Desember 1895 lê generaal Piet Joubert die hoeksteen van 'n monument, opgerig naby die Bloukransrivier, ongeveer drie myl van Chieveley, Natal, ter ere van die slagoffers van die moord op 17 Februarie 1838.[2] Die beendere wat nog gevind kon word, is versamel en by die monument begrawe.[3] By dié geleentheid is 'n komitee aangestel om fondse vir 'n Voortrekkermonument in te samel. Hoewel 'n bedrag gekollekteer is, het die beweging doodgeloop.[4]

Ook op Piet Retief en by Dingaanstat is daar deur die toedoen en ywer van mense van Babanango en omgewing monumente ter ere van Piet Retief en sy mense opgerig, maar steeds was dit slegs monumente vir 'n bepaalde persoon of gebeurtenis en nie vir die Voortrek as geheel nie.[5]

In 1909 het die komitee belas met die insameling van fondse vir die terugkoop van die Voortrekkerkerkie te Pietermaritzburg sy plan bekend gemaak om hom later daarvoor te beywer om 'n monument ter ere van die Voortrekkerleiers en ander Voortrekkers in Pietermaritzburg opgerig te kry.[6] Na die Voortrekkerkerkie teruggekoop is, is dit op 16 Desember 1912 aan die Regering oorhandig onder voorwaarde, soos die komitee dit verstaan het, dat die Regering £-vir-£ sou bydra tot die uitgawe verbonde aan die monument wat opgerig sou word. In 1913 is stappe gedoen om die saak verder te voer en in daardie jaar is byvoorbeeld tydens die Paardekraalfees aan generaal Louis Botha £1,500 (R3,000)

---

1) Amptelike Gids - <u>Die Voortrekkermonument, Pretoria</u>, p.23.
2) Jansen, E.G., <u>Die Voortrekker-eeufees</u> (Herdruk uit Offisiële Jaarboek No. 20).
3) Amptelike Gids, <u>op.cit.</u>, p.23.
4) Jansen, <u>op.cit.</u>
5) Amptelike Gids, <u>op.cit.</u>, p.23.
6) <u>Die Volksblad</u>, 23.11.1935.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir hierdie doel oorhandig.[7] Voordat iets daadwerkliks gedoen kon word het die Eerste Wêreldoorlog egter uitgebreek en het die saak hangende gebly.[8]

Op 15 Desember 1916 het daar, te midde van die oorlog, ŉ groep Afrikaners by Paardekraal byeengekom „ter eerbiedige herdenking van de grote gebeurtenissen van 78 jaren geleden; gehoord de onderscheiden woordvoerders over het oprichten van een monument aan Piet Retief en zijn helden gewijd; besluit uit haar midden ŉ Kommissie te benoemen, met opdracht ŉ gedenkteken de glorierijke nagedachtenis dezer helden waardig tot stand te brengen".[9] Van die werksaamhede van hierdie Kommissie verneem ons verder niks.

Hoewel die Wêreldoorlog tussenbei gekom het, is ŉ aansienlike bedrag voor 1928 ingesamel. In 1929 het daar weer beweging gekom en die Komitee van die Voortrekkermuseum het besluit om ŉ plaaslike sentrale komitee te vorm, met die doel om fondse vir ŉ Voortrekkermonument in te samel. Daar was destyds ook ander bewegings in die land vir monumente ter gedagtenis aan een of ander persoon of gebeurtenis uit die Voortrek.[10] By Afrikanergemeenskappe langs die historiese trekroetes wat deur die Voortrekkers gevolg is, soos Thaba 'Nchu, Winburg, Vegkop, Kerkenberg, Danskraal, Pietermaritzburg, Weenen, Bloedrivier en Potchefstroom, het die gedagte ontstaan om, met die oog op die naderende eeufeesjaar van die Groot Trek, reëlings vir die oprigting van Voortrekkermomumente op die betrokke belangrikste geskiedkundige plekke te begin tref.[11]

Die verskillende bewegings om gedenktekens op te rig, was lofwaardig, maar het dikwels nie die ondersteuning gekry waarop dit aanspraak kon maak nie. Die redes is voor die hand liggend. Die beyweraars was meestal slegs plaaslik bekend, met die gevolg dat verder afgeleë meevoelende persone nie bygedra het nie. Die talle kollektelyste wat byna onafgebroke die ronde gedoen het, het die skenkers wars gemaak en die gedagte gewek dat daar nooit ŉ einde aan sou kom nie. ŉ Baie ernstige beswaar wat ook dikwels teen die verskillende pogings geopper is, is die

---

7) Fleur (Spesiale Huldigingsuitgawe), 4.12.1949, p.9.
8) Program, Sentrale Voortrekker-Eeufees 1838-1938, Pretoria.
9) L.J.S., Brief : J.P. Jooste aan L.J. Spies, 25.11.1935.
10) Die Volksblad, 23.11.1935.
11) Die Kindervriend, Desember 1938, pp.10-11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



feit dat hulle onwetend min of meer dieselfde doel nagestreef het en daardeur mekaar in die wiele gery het. As gevolg hiervan was die instroming van geld nie so groot as wat dit met 'n gekoördineerde poging sou gewees het nie. Hierby moet ook nog in gedagte gehou word dat geld in die laat twintiger- en vroeg dertigerjare nie volop was nie.

Geleidelik het 'n gevoel begin ontstaan dat te veel monumente opgerig gaan word, wat verbrokkeling van kragte sou beteken, wat tot gevolg sou hê dat daar 'n hele reeks minder bevredigende „kunswerke" tot stand kom, in plaas van 'n kleiner aantal werke wat elkeen groot en artistiek genoeg sou wees sodat die volk in sy geheel trots daarop kan voel.[12)]

In 1929 is die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.) gestig. Voor hierdie jaar het talle verenigings wat hulle ten doel gestel het om die Afrikaner taal- en kultuurbewus te maak, oor die lengte en breedte van die land los van mekaar bestaan. Die eerste openbare oproep in die pers om hierdie verenigings op 'n uniale basis saam te snoer, is deur die Afrikaner-Broederbond gedoen. Uitnodigings is aan alle losstaande taal- en kultuurverenigings en aan provinsiale liggame en hulle takke gerig om afgevaardigdes na 'n kultuurkongres aan die einde van 1929 te Bloemfontein te stuur. Vooraanstaande Afrikanerleiers op verskillende lewensterreine het die oproep in die openbaar gesteun. Die voorsitter van die kongres was dr. N.J. van der Merwe en mnr. I.M. Lombard het as sekretaris opgetree.[13)] So is die F.A.K. dan in 1929 in Bloemfontein gestig.

Om die verdeling van kragte te voorkom, en reeds aangepakte ondernemings doeltreffender te laat vlot, het die lede van die Voortrekkermonumentkomitee wat hulle vir die oprigting van 'n monument in 1938 moes beywer op 5 Desember 1930 in Pretoria vergader en besluit om 'n beroep op alle komitees wat geld vir gedenktekens insamel en alle belangstellende verenigings te doen om 'n gesamentlike konferensie in Bloemfontein te belê. Op die konferensie moes 'n grondslag van samewerking tussen almal gevind word, en 'n sentrale komitee moes in die lewe geroep word. Hierdie oproep is gedoen deur adv.E.G. Jansen,

---

12) <u>Die Huisgenoot</u>, 11.6.1948.
13) <u>Fleur</u> (Huldigingsuitgawe), 4.12.1949, p.11.

mev. (genl.) J. Kemp, mev. M.M. Jansen, dr. N.J. van der Merwe, prof. dr. T.J. Hugo, dr. Gustav Preller, prof. dr. S.P. Engelbrecht en mnre.H. Pierneef, M.L. du Toit, A.K. Bot, J.H. Greybe en I.M. Lombard (waarnemende sekretaris).[14)]

Later het die F.A.K. ook aandag aan die oprigting van monumente gegee. Die plan om 'n konferensie van verteenwoordigers van al die bestaande bewegings en bevriende liggame te belê, het vorm gekry en dit is aan die F.A.K. gelaat om die konferensie byeen te roep.[15)] Hierdie konferensie is op 4 April 1931 in Bloemfontein gehou.

## 2. DIE KONFERENSIE, 4 APRIL 1931

Op Saterdag, 4 April 1931 het verteenwoordigers van die verskillende monumentekomitees en ander belangstellende liggame uit alle dele van die land in die Volksblad-saal te Bloemfontein onder voorsitterskap van adv. E.G. Janden byeengekom om „'n sentrale liggaam vir die oprigting en instandhouding van volksmonumente tot stand te bring en om te besluit in verband met die oprigting van 'n nasionale Voortrekkergedenkteken by die Eeufees in 1938".[16)]

Die volgende afgevaardigdes was by die konferensie teenwoordig :
Adv. E.G. Jansen (Voortrekkermuseumkomitee) voorsitter; mnr. I.M. Lombard (F.A.K.) sekretaris; ds. P. Boshoff, (Nasionale Vrouemonumentkomissie, Bloemfontein); mev. J. Snyman, (Norvalpontse Kampkerkhofkomitee); kol. W.J. Nussey, mnre. R.B. Saayman en A. Schmidt, (Genl. De Wet-standbeeldfonds); ds. I.J. Viljoen, (Pres. Kruger-geboortehuisfonds, Steynsburg); mnr. D.B. van Rensburg, (Suid-Afrikaanse Onderwysers-Unie); mnr. L.J. Erasmus, (Transvaalse Onderwysers-vereniging); mnre. J.J. Scheepers en J. Lingefelder, (Handhawersbond); mev. H.C. Malan, (Eer Ons Helde-Kommissie, Bethal); mnr. J.M.N. Hershensohnn, (Kommissie tot Behoud van Historiese en Natuurlike Gedenkwaardighede en Oudhede); mnr. J.P.C.G. Lombard, (Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns); mnre. J.W. du Preez, (Genl. De la Rey-standbeeldfonds, Lichtenburg); J.W. Potgieter, (Afrikaner Broederbond); mev. R.B.Saayman,

14) B.H.J.v.R., Oproep aan Volksmonumentekomitees, 5.12.1930.
15) Die Volksblad, 23.11.1935.
16) Fleur, op.cit., p.9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Oranje-Vrouevereniging); mnr. L.W. Hiemstra, (Die Volksblad), Bloemfontein; mnr. A.K. Bot, (Bond Suid-Afrika, Pretoria) en mnr. en mev. M.J.C. Roux, (Vrede van Vereeniging-monument).[17)]

Die voorsitter, adv. Jansen, het in sy openingsrede verduidelik dat die konferensie belê is met die doel om 'n sentrale liggaam tot stand te bring vir die oprigting en instandhouding van die volksmonumente. Daar was 'n behoefte aan samewerking tussen die komitees wat met die oprigting van standbeelde en monumente te doen gehad het.[18)]

Die belangrikste taak van hierdie konferensie was om in verband met die oprigting van 'n nasionale Voortrekker-gedenkteken tydens die eeufees in 1938 te besluit. Die vraag was dus wat die beste stappe vir die verwesenliking van hierdie onderneming sou wees. Die F.A.K. het reeds stappe in hierdie rigting gedoen. Dit sou dus goed wees as 'n liggaam gestig word wat hom onder die vleuels van die F.A.K. skaar. Eenparig is besluit dat die Sentrale Volksmonumentekomitee (S.V.K.) die nodige stappe sou doen ten einde 'n grondslag van samewerking met die F.A.K. vas te stel en, indien nodig, om die F.A.K. te versoek om in sy konstitusie voorsiening vir die werksaamhede van die komitee te maak.[19)] Die Sentrale Volksmonumentekomitee het dan ook vanaf die begin as 'n besondere vertakking van die F.A.K. opgetree al is die S.V.K. later uitgebrei om ook aan die Regering verteenwoordiging te gee. Dit het in kern en wese 'n Afrikaanse volksorganisasie gebly en steeds die enge band met die F.A.K. gehandhaaf.[20)]

Die konferensie het dit duidelik vasgestel dat elke geaffilieerde komitee sy volle outonomie behou en slegs met sy eie toestemming aan die besluite van die Sentrale Komitee gebonde kon wees en dat die belange van alle monumentekomitees na die Sentrale Komitee verwys word. Terwyl die konferensie dit wenslik geag het dat alle gedenktekenkomitees met die Sentrale Komitee sou saamwerk, het hy dit oop gelaat aan sodanige liggame wat reeds besig was, om met hul werksaamhede voort te gaan en dit af te handel. Almal is nietemin versoek

---

17) S.V.K. Notule : Konferensie van Monumentekomitees en ander belangstellende liggame, 4.4.1931.
18) Ibid.
19) Ibid.
20) Fleur, 4.12.1949, p.11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om wat betref die Voortrekker-gedenkteken van 1938 saam te werk omdat 'n grootse en waardige monument in daardie jaar onthul moes word waarvoor die Sentrale Komitee verantwoordelik sou wees.[21)]

Die konferensie het ook gevoel dat daar van tyd tot tyd 'n beroep op die volk gedoen moet word vir die herstel en instandhouding van die bestaande geskiedkundige monumente, terreine, plekke, geboue, burger- en ander kerkhowe of begraafplase van gesneuwelde, gestorwe en vermoorde helde en heldinne. Die fondse wat vir hierdie doel ingesamel sou word, moes deur die Sentrale Komitee aan die Historiese Monumentekomitee oorhandig word om uitsluitend vir bogenoemde doel aangewend te word. Die Sentrale Komitee sou poog om die medewerking van kerke,Dingaansfeeskommissies [22)] en ander dergelike liggame te verkry.

As 'n Sentrale Komitee gestig kon word, sou dit baie kon doen om die goedkeuring van die volk weg te dra om eerlang 'n monument op te rig. 'n Beroep deur die Sentrale Komitee sou ook doeltreffender wees as dié deur plaaslike komitees. Eenparig is dan ook besluit om 'n „Sentrale Gedenkteken-komitee" te stig.[23)]

Die konferensie was 'n groot sukses. 'n Klein begin is gemaak, waardeur iets groots tot stand sou kom wat tot die verwesenliking van ons volksideale sou meehelp. Die feit dat die konferensie reeds 'n Sentrale Monumentekomitee in die lewe geroep het, was 'n groot stap vorentoe, ter bevordering van die saak van ons volksmonumente.

## 3. SAMESTELLING VAN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE (S.V.K.)

### (a) LEDE VAN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE

Die konferensie van 1931 het besluit dat die S.V.K. uit nege lede sou bestaan. Omdat die F.A.K. ook reeds oor 'n groot fonds en 'n sentrale sekretariaat beskik het en 'n baie groot invloed tot in die verste afgeleë hoeke van die land gehad het, is besluit dat die lede van die uitvoerende bestuur van die F.A.K. ampshalwe as lede van die S.V.K. sou dien.[24)] Verskillende

21) S.V.K., Notule : Konferensie, 4.4.1931.
22) Wat ons vandag Geloftefeeskomitees noem.
23) S.V.K., Notule : Konferensie, 4.4.1931.
24) <u>Ibid</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groot vroue-organisasies het geëis dat hulle ook sitting in die S.V.K. moes kry. Die S.V.K. het self ook gevoel dat die Afrikaanse vrou nie genoegsame verteenwoordiging in die S.V.K. gehad het nie, en het toe die hoofbesture van die Suid-Afrikaanse Vroue-federasie, die Afrikaanse Christelike Vroue-vereniging, die Oranje Vroue-vereniging en die Natalse Christelike Vroue-vereniging uitgenooi om elkeen een lid te stuur om hulle in die S.V.K. te verteenwoordig.[25)]

Vyf lede van die S.V.K. sou 'n kworum vorm.[26)] 'n Konstitusie was nie noodsaaklik nie, daar die besluite van die Bloemfonteinse konferensie as 'n konstitusie kon dien. Dit was slegs wenslik om huishoudelike reglemente te hê.[27)]

Na bespreking en verskillende voorstelle is die S.V.K. tydens die Bloemfonteinse konferensie in 1931 soos volg saamgestel : Adv. E.G. Jansen (voorsitter), proff. J.D. du Toit, S.P. Engelbrecht en J.D. Kestell, sen. W.J.C. Brebner, dr. F.V. Engelenburg, mevv. M.E. Rothmann en De Beer en mnr. J.F. van G. Bekker (L.V.). Hierdie persone is verder deur die uitvoerende bestuur van die F.A.K. bestaande uit dr. N.J. van der Merwe, proff. E.C. Pienaar en T.J. Hugo, mev. M.M. Jansen, mnr. L.J. Erasmus en mnr. I.M. Lombard, wat voorlopig as sekretaris sou waarneem, aangevul.[28)]

Proff. Du Toit en Kestell en mevv. Rothmann en De Beer het hulle spyt te kenne gegee dat hulle hulle nie die benoeming kon laat welgeval nie, en dr. Gustav Preller, mnr. B.H.J. van Rensburg en mev. E. Jordaan, voorsitster van die A.C.V.V., is respektiewelik in eersgenoemde drie se plekke aangewys. Sen. A.T. Spies en kol. W. Nussey is ook gevra om lede van die S.V.K. te word.[29)] Mnr. J.J. Scheepers is op hierdie stadium as sekretaris benoem[30)] en mnr. I.M. Lombard het die pligte van penningmeester aanvaar.[31)] Die Posmeester-generaal is gevra om adjunklid van die S.V.K. te word in soverre dit die uitgee van Voortrekkerseëls betref.[32)]

25) S.V.K., Notule, 5.12.1934.
26) S.V.K.,Notule, 10.9.1932.
27) S.V.K., Notule, 5.9.1931.
28) S.V.K.,Notule, Konferensie van Monumentekomitees,4.4.1931.
29) S.V.K., Notule, 1.8.1931.
30) <u>Ibid</u>.
31) S.V.K., Notule, 30.3.1933.
32) S.V.K., Notule, 24.11.1932.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tot 1935 is die volgende persone as lede van die S.V.K. bygevoeg : Mev. S. Broers,[33] mnre. C.M. Booysen en J.J. Jordaan, ds. Wm. Nicol,[34] administrateurs J.J. Pienaar en J.H. Conradie, dr. P.C. Schoonees en mev. J. Pellissier.[35]

Gedurende die volgende tien jaar, tot 1945, het die volgende persone lede van die S.V.K. geword : Mnre. Jac.J.Coetzer en Gerard Moerdyk, mev. (dr.) Gustav Preller [36] en mev. Pistorius.[37] Drr. N.J. van der Merwe, Gustav Preller en F.V. Engelenburg, kol. W. Nussey, adm. J.H. Conradie en mnre. J.F. van G. Bekker en J.J. Jordaan is egter gedurende hierdie tydperk oorlede, terwyl mev. E. Jordaan bedank het.[38]

Vanaf 1945 tot 1949 het die volgende veranderinge in die samestelling van die S.V.K. plaasgevind : Mnr. M.C. Botha is in die plek van mnr. J.J. Scheepers as sekretaris gekies;[39] mev. S. Broers is oorlede en mev. A.C. van der Lingen is in haar plek gekies;[40] dr. T.E. Dönges,[41] prof. dr. H.B. Thom[42] en mev. A.L. Geyer[43] asook mev. H.M. Gregory in die plek van mev. Pistorius is tot lede benoem,[44] terwyl mnr. J.H. Stander gekoöpteer is. Mnr. I.M. Lombard is tot ondervoorsitter benoem.[45]

In 1949, die inwydingsjaar van die Voortrekkermonument by Pretoria, het die S.V.K. dus soos volg daar uitgesien : Dr. E.G. Jansen (voorsitter), mnr. I.M. Lombard (ondervoorsitter en ere-penningmeester), mnr. M.C. Botha (ere-sekretaris), prof. dr. T.J. Hugo, mev. E.C. van der Lingen, mev. M.M. Jansen, mnr. G. Moerdyk (argitek - adviserend), mnr. C.M. Booysen, mnr. Jac. J. Coetzer, prof. dr. S.P. Engelbrecht, mev. A.L. Geyer, mev. H.M. Gregory, dr. Wm. Nicol, mev. J. Pellissier, dr. P.C. Schoonees, sen. A.T. Spies, mnr. J.H. Stander, prof. dr. H.B. Thom en mnr. B.H.J. van Rensburg.[46]

---

33) Amptelike Program en Gedenkboek,(Pretoria,1949), p.38.
34) S.V.K., Notule, 10.5.1935.
35) Amptelike Program, op.cit., p.38.
36) S.V.K.,Notule, 16.4.1945.
37) S.V.K.,S.1/2.,Brief:Sekr., A.C.V.V. aan Sekr.S.V.K.,2.3.1949.
38) S.V.K.,S.1/2.,Brief:J.J.Scheepers aan I.M.Lombard,31.12.1945.
39) S.V.K.Notule van Dagbestuur, 26.6.1946.
40) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 4.5.1948.
41) S.V.K., Notule, 22.2.1946.
42) S.V.K., S.1/2.,Brief: Thom aan Sekr., S.V.K., 17.8.1946.
43) S.V.K., S.1/2.,Brief: Geyer aan Sekr.,S.V.K., 16.8.1946.
44) S.V.K., S.1/2.,Brief: N.C.V.V. aan Sekr.,S.V.K., 2.3.1949.
45) S.V.K., Notule, 16.8.1948.
46) Amptelike Program, op.cit., p.125.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na die dood van mnr. Coetzer is mnr. N.C. Sadie in 1952 in sy plek tot lid van die S.V.K. gekies.[47)] Drr. J.E. Holloway, P.J. du Toit en L.S. Steenkamp, prof. C. van Riet-Lowe en mnr. A.A. Eales, wat almal regeringsverteenwoordigers was, is in dieselfde jaar in hulle persoonlike hoedanigheid tot lede van die S.V.K. benoem.[48)] Sedert 1952 is die volgende lede van die S.V.K. oorlede : Prof. C. van Riet-Lowe,[49)] sen. A.T. Spies, mnr. A.A. Eales, dr. E.G. Jansen,[50)] prof. T.J. Hugo,[51)] dr. Wm. Nicol,[(52)] dr. T.E. Dönges, in lewe aangewese Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, mevv. A.L. Geyer en H.M. Gregory en dr. P.J. du Toit.[53)]

By die ontbinding van die S.V.K. op 21 November 1968 het dit dus nog uit die volgende lede bestaan: Mnr. I.M. Lombard (voorsitter en penningmeester), Sy Edele M.C. Botha, (ere-sekretaris), mevv. M.M. Jansen, E.C. van der Lingen en J. Pellissier, proff. S.P. Engelbrecht en H.B. Thom, drr. J.E. Holloway, P.C. Schoonees en L.S. Steenkamp, mnre. B.H.J. van Rensburg, N.C. Sadie, C.M. Booysen en J.H. Stander.[54)]

### (b) REGERINGSVERTEENWOORDIGERS IN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE

In 1935 het die Regering aandag aan die planne vir die Voortrekker-eeufeesvierings begin gee en die S.V.K. is deur die destydse Eerste Minister, generaal J.B.M. Hertzog, uitgenooi om hom te spreek. Hy was van mening dat die oprigting van 'n monument en die eeufeesvierings van sodanige nasionale belang was dat die Regering self in verband daarmee moes optree. Na onderhandelinge met die S.V.K. is ooreengekom dat die Regering die finansiële verantwoordelikheid op hom neem, maar dat regeringsverteenwoordigers sitting in die S.V.K. moes kry en dat die S.V.K. sou voortgaan met die werk.[55)]

---

47) S.V.K., Notule, 21.11.1952.
48) S.V.K., S.1/2., Briewe aan Regeringslede, 30.12.1952.
49) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 14.12.1956.
50) O.J.O.F., Brief ontvang van Sekr. van Inligting,16.7.1968.
51) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 2.7.1963.
52) O.J.O.F., Brief ontvang van Sekr. van Inligting,16.7.1968.
53) O.J.O.F., Brief ontvang van Ere-sekr., S.V.K., 26.7.1968.
54) S.V.K., Omsendskrywe aan alle S.V.K.-lede, 4.9.1968.
55) <u>Die Volkstem</u>, 16.12.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die lede wat die Regering destyds benoem het om in die komitee te dien, was die volgende : Sen. F.S. Malan,[56)] prof. C. van Riet-Lowe, mnr. P.I. Hoogenhout, ds. Paul Nel, komdt. O.A. Davel, mnr. T.W. Wadley (L.V.) en adv. E.W. Douglas (L.V.).[57)]

In 1941 is sen. Malan oorlede en is dr. J.E. Holloway aangewys om hom op te volg.[58)] Mnr. Wadley het in 1942 bedank en is deur mnr. J.H.R. de Wet, destydse Sekretaris van Finansies, opgevolg,[59)] terwyl mnre. Hoogenhout en De Wet, wat albei in 1943 bedank het,[60)] onderskeidelik vervang is deur mnr. T.A.F. Rhodes,[61)] Sekretaris van Openbare Werke, en mnr. J.S. Hurter,[62)] Sekretaris van Binnelandse Sake. In 1945 is ds. Paul Nel oorlede en in 1946 het mnr. Rhodes bedank.[63)] Mnr. A.A. Eales, dr. L.S. Steenkamp en dr. P.J. du Toit is in 1947 as regeringsverteenwoordigers benoem.[64)] In 1950 is komdt. Davel oorlede.[65)]

Die S.V.K. het hom op 21 November 1952 formeel aan werksaamhede rakende die monument onttrek, aangesien al die werk in verband met die oprigting van die Voortrekkermonument, waarvoor genoemde Komitee verantwoordelik was, op daardie stadium afgehandel was. Waar die verhouding tussen die S.V.K. en die Staat betreffende die oprigting van die monument tot 'n einde gekom het, kon die oorblywende vyf persone nou nie meer as regeringsverteenwoordigers in die S.V.K. beskou word nie. Die S.V.K. het egter hierdie persone, naamlik drr. J.E. Holloway, P.J. du Toit en L.S. Steenkamp, prof. C. van Riet-Lowe en mnr. A.A. Eales, in hulle persoonlike hoedanigheid as lede gekoöpteer.[66)]

---

56) Sen. Malan het hom baie aktief vir die Voortrekkermonument beywer en het o.a. op die Situskomitee en Vormkomitee gedien.
57) <u>Die Huisgenoot</u>, Desember 1938, p.13.
58) S.V.K., S.1/2., Brief: Jansen aan Sekr., S.V.K., 25.6.1942.
59) S.V.K., S.1/3., Brief: Sekr., S.V.K. aan De Wet, 28.11.1942.
60) S.V.K., S.1/3., Aanhangsel tot brief: Sekr. van Binnelandse Sake aan Sekr., S.V.K., 16.6.1947.
61) S.V.K., S.1/3., Brief: Sekr. van Binnelandse Sake aan Sekr., S.V.K., 18.3.1943.
62) S.V.K., S.1/3., Aanhangsel tot brief; Sekr. van Binnelandse Sake aan Sekr., S.V.K., 16.6.1947.
63) <u>Ibid</u>.
64) <u>Ibid</u>.
65) <u>Ibid</u>.
66) S.V.K., S.1/3., Brief: Eresekr., S.V.K. aan Minister van Binnelandse Sake, 30.12.1952.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### (c) DAGBESTUUR VAN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTE-KOMITEE

Reeds in 1931 was dr. F.V. Engelenburg van mening dat daar 'n sub-komitee in die lewe geroep moes word om die werksaamhede van die S.V.K. te vergemaklik, aangesien 'n „Daelikse Bestuur" beter as 'n lywige bestuur kon fungeer.[67] Daar is egter nie onmiddellik tot die samestelling van sodanige dagbestuur oorgegaan nie, maar geleidelik het die werk so vermeerder, en was die S.V.K. so lywig, dat daar in Mei 1935 besluit is om 'n dagbestuur te kies. Hierdie Dagbestuur sou voortaan die meeste werk afhandel en later aan die hoofkomitee verslag doen. Die lede van die eerste Dagbestuur was : Adv. E.G. Jansen (voorsitter), mnr. I.M. Lombard (penningmeester), mnr. J.J. Scheepers (sekretaris), prof. dr. T.J. Hugo en mevv. M.M. Jansen en S. Broers.[68] Drie lede sou 'n kworum vorm en die notules van vergaderings sou altyd vir goed- of afkeuring aan die volledige S.V.K. gestuur word.[69]

In Januarie 1936 is die Dagbestuur deur die toevoeging van twee regeringsverteenwoordigers uitgebrei, naamlik mnr. P.I. Hoogenhout en prof. C. van Riet-Lowe.[70] In 1944 is mnr. Hoogenhout deur dr. J.E. Holloway vervang.[71] Na die bedanking van mnr. Scheepers as sekretaris, het mnr. M.C. Botha hom in 1946 opgevolg,[72] terwyl mev. E.C. van der Lingen, na die oorlye van mev. Broers, in 1948 lid van die Dagbestuur van die S.V.K. geword het.[73]

In 1949 het die Dagbestuur van die S.V.K. dus uit die volgende lede bestaan : Dr. E.G. Jansen (voorsitter), mnr. I.M. Lombard (ondervoorsitter en penningmeester), mnr. M.C. Botha (sekretaris), dr. J.E. Holloway, prof. dr. T.J. Hugo, mev. E.C. van der Lingen, mev. M.M. Jansen en mnr. G. Moerdyk (argitek), slegs in 'n adviserende hoedanigheid.[74] Gedurende die tydperk wat dr. Holloway oorsee was, is mnr. N.J.A. Laubscher deur die Tesourie benoem om hom in die Dagbestuur te verteenwoordig.[75]

---

67) S.V.K., Notule, 1.8.1931.
68) Die Huisgenoot, Desember 1938, p.13.
69) S.V.K., Notule, 10.5.1935.
70) S.V.K., Notule, 25.1.1936.
71) S.V.K., Notule, 17.11.1944.
72) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 26.6.1946.
73) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 4.5.1948.
74) Amptelike Program en Gedenkboek, (Pretoria, 1949), p.125.
75) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 25.2.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1954 is dr. Wm. Nicol as lid van die Dagbestuur geköopteer.[76] Na die afsterwe van dr. Jansen in 1959 [77] het dr. Nicol voorsitter van die Dagbestuur geword.[78] Prof. Hugo is in 1963 [79] en dr. Nicol in 1967 oorlede,[80] sodat die Dagbestuur by ontbinding op 21 November 1968 uit die volgende lede bestaan het : Mnr. I.M. Lombard (voorsitter en ere-penningmeester), minister M.C. Botha (ere-sekretaris), mev. M.M. Jansen, mev. E.C. van der Lingen en dr. J.E.Holloway.[81]

Omdat die voorsitter, sekretaris en penningmeester grootliks verantwoórdelik was vir die suksesvolle funksionering van die S.V.K., is dit gepas dat ons op hierdie stadium spesiale aandag aan hierdie ampte en die bekleërs daarvan gee :

**(i) Voorsitterskap**

Dr. E.G. Jansen[82] was voorsitter van die S.V.K. vanaf die stigting daarvan op 4 April 1931[83] tot met sy dood op 25 November 1959.[84] Die medewerking van dr. Jansen was ŉ groot spoorslag tot besieling vir die volk en die verskillende komitees, en die werk van die S.V.K., en by uitstek die Voortrekkermonument en die feeste van 1938 en 1949, sal altyd onthou word as van die mooiste ondernemings wat dr. Jansen op die kultuurakker ingegee en gelei het.[85] Die volgende aanhaling uit ŉ

---

76) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 8.12.1954.
77) O.J.O.F., Aanhangsel tot brief ontvang van Sekr. van Inligting, 16.7.1968.
78) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 15.2.1960.
79) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 2.8.1963.
80) O.J.O.F., Aanhangsel tot brief: op.cit., 16.7.1968.
81) S.V.K., Omsendskrywe aan alle S.V.K.-lede, 4.9.1968.
82) Ernest George Jansen is op 7.8.1881 in die distrik Dundee gebore.Verwerf B.A. en Ll.B. en word prokureur en later advokaat. Politieke loopbaan begin as sekretaris van Het Kongres. Later word hy provinsiale sekretaris van Suid-Afrikaanse Party.Lid van Vryheidsdeputasie na Engeland, 1919.In 1921 verkies tot Nasionale L.V. vir Vryheid,en in 1924 tot Speaker.Daarna Minister van Naturellesake (1929-1933),Speaker (1933-1943),Minister van Naturellesake (1948-1950) en Goeweneur-generaal (1951-1959).Was o.a. sekretaris van Kommissie vir terugkoop van Voortrekkerkerk,voorsitter van Saamwerkunie en Hoofredakteur van "New Era".Ontvang ere-doktorsgraad in Lettere van Universiteit van Witwatersrand (1938). Sterf op 25.11.1959.
83) S.V.K.,Notule: Konferensie van Monumentekomitees,4.4.1931.
84) O.J.O.F., Aanhangsel tot brief: op.cit., 16.7.1968.
85) S.V.K., S.1/2., Brief: Eresekr., S.V.K. aan mev. Jansen, 17.12.1959.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



brief van mnr. J.E. Howard aan dr. Jansen, na afloop van die Eeufeesvierings in 1938, bevestig dit : „As persoon is ek tot hierdie skrywe gedwing deur 'n waaragtige waardering van die waardige en taktvolle wyse waarop u u van u moeilike taak gedurende die Eeufeesverrigtinge gekwyt het, en ek wil my dan ook net by die talle van Afrikaners skaar wat in hierdie opsig hul diepe dankbaarheid teenoor u uitgespreek het. Die takt en diplomasie wat u aan die dag gelê het, sal in die herinnering van die Fees 'n onafskeidbare deel daarvan bly."[86] En na die inwyding van die Voortrekkermonument te Pretoria in 1949 vind ons die volgende paragraaf in die Sekretariële Oorsig: „Aan die voorsitter, dr. E.G. Jansen, word daar veral hulde gebring vir die simpatieke en heilsame invloed wat sy persoon in sy so kenmerkende stille waardigheid steeds uitgeoefen het en vir die feit dat daar te alle tye sekerheid bestaan het oor sy vertroue en begrypende rugsteuning. Sy houding was steeds 'n spoorslag om onverstoord die verhewe saak alleen te probeer dien."[87]

Na die dood van dr. Jansen is dr. Wm. Nicol[88] op 15 Februarie 1960 in sy plek tot voorsitter verkies,[89] 'n amp wat hy tot met sy dood op 21 Junie 1967 met veel vrug en waardigheid beklee het.[90]

---

86) E.G.J., F.III.7.a.(c).(vi)., Brief: J.E. Howard aan dr. Jansen, 22.12.1938.

87) S.V.K.,I.10/1, Sekretariële Oorsig oor die werksaamhede van die V.I.K., Pretoria, Desember 1949.

88) William Nicol is op 23.4.1887 op Robertson gebore.Studeer op Stellenbosch, in Amsterdam (Nederland) en Princeton (V.S.A.). In 1912 gelegitimeer en daarna vir een jaar reisende sekretaris van C.S.V. Predikant van Johannesburg-Oos (Irene) van 1913-1938. Gaandeweg word hy middelpunt van godsdienstige en kulturele Afrikanerdom van die stad. Verantwoordelik vir eerste kerkdiens wat op 7.6.1925 in Afrikaans oor die radio uitgesaai word. Vanaf 1938-1948 leraar van Pretoria-Oos, waarna hy sy emeritaat aanvaar om Administrateur van Transvaal te word - 'n amp wat hy tot 1958 met eer beklee het. Gedurende sy kerklike bediening was hy o.a. Actuarius van die Transvaalse Sinode (1916-1928), Assessor (1928-1934) en Moderator (1934-1948). Daarby het hy in talle kommissies en rade gedien. Word bestempel as een van S.A. se grootste seuns. Op 80-jarige ouderdom op 21.6.1967 oorlede. (Gegewens verkry uit die Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1968, N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1967, pp.517-518.)

89) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 15.2.1960.

90) O.J.O.F., Aanhangsel tot brief van Sekr. van Inligting, 16.7.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Reeds op 16 Augustus 1948 is besluit om, met die oog op die groter verpligtings wat die voorsitter, dr. Jansen, moes nakom as gevolg van sy aanstelling as Minister van Naturellesake, mnr. I.M. Lombard[91] as ondervoorsitter van die S.V.K. te benoem.[92] Na die afsterwe van dr. Nicol in 1967 het mnr. Lombard ageer as waarnemende voorsitter [93] en op die ontbindingsvergadering van die S.V.K. op 21 November 1968 is hy paslik as voorsitter gekies.[94]

**(ii) Sekretarisskap**

Tydens die Konferensie van monumentekomitees op 4 April 1931 is mnr. I.M. Lombard voorlopig as sekretaris van die S.V.K. aangewys[95] om die bal aan die rol te sit, maar aan die begin van Augustus van dieselfde jaar het hy te kenne gegee dat hy, weens drukte van werksaamhede, nie langer die sekretarisskap kon behartig nie.[96]

Mnr. Lombard het mnr. J.J. Scheepers[97] as sekretaris van

---

91) Iwan M. Lombard is op 2.8.1889 gebore. Jeugjare te Klerksdorp en in Merebank-konsentrasiekamp deurgebring. Studeer op Heidelberg, Transvaal, en gee daarna onderwys van 1911-1930. Stigterslid en hoofsekretaris van F.A.K. (1929-1937); ondervoorsitter van F.A.K. (1937-1966); stigterslid van Sentrale Burgergraftekomitee (1933 - ± 1956) wat deur die S.A. Raad vir Oorlogsgrafte, waarvan hy ook lid is, vervang is. Sekretaris, later penningmeester (1935-1957) en tans ere-lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Tans direkteur van ses maatskappye, w.o. Rembrandt-Tabbakkorporasie (S.A.) Bpk. en Voortrekkerpers, Bpk. Was o.a. lid van Van Riebeeck-feeskomitee, Pres. Kruger-sterfhuiskomitee, ens. (Gegewens verkry van I.M. Lombard).

92) S.V.K., Notule, 16.8.1948.

93) O.J.O.F., Brief ontvang van Ere-sekr., S.V.K.26.8.1968.

94) S.V.K., Notule, 21.11.1968.

95) S.V.K., Notule, Konferensie van Monumentekomitees,4.4.1931.

96) S.V.K., Notule, 1.8.1931.

97) J.J. Scheepers is in 1893 in die distrik Middelburg,Transvaal gebore. Jeugjare o.a. in konsentrasiekamp op Middelburg en in weeshuis op Middelburg. Studeer aan Normaalkollege, Pretoria. Word onderwyser en later skoolhoof van verskeie Afrikaanse skole op die Rand. Neem inisiatief om 'n monument opgerig te kry vir die eerste burgers - waaronder sy vader - wat op Talana (Dundee) gedurende die Anglo-Boere-oorlog gesneuwel het. Beywer hom vir herstel van Afrikaanse spoorwegname wat op verengelste manier geskryf word of deur Engelse name vervang was. Behulpsaam met die opstel van naamlyste vir nuwe Afrikaanse woorde. Lid van Reëlingskomitee wat gelei het tot stigting van F.A.K., en later hulp-sekretaris van die F.A.K. (Gegewens verkry van J.J. Scheepers).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die S.V.K. voorgestel, waarna hy dan ook eenparig gekies is. Op daardie stadium was daar geen sprake van 'n honorarium vir die sekretaris nie, want mnr. Scheepers het te kenne gegee dat hy die werk uit liefde vir die saak sou doen.[98] In sy hoedanigheid as sekretaris is die organisasie van die 1938-Eeufeesvierings te Pretoria, en die daarmee gepaardgaande hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument, aan hom opgedra.[99] Dit was vanselfsprekend 'n veeleisende taak en teen die einde van 1937 het die Transvaalse Onderwysdepartement verlof aan mnr. Scheepers verleen om, met behoud van sy volle onderwyssalaris, sy kragte voltyds aan die dienste van die S.V.K. te wy.[100] Uit waardering vir die werk wat mnr. Scheepers as sekretaris van die S.V.K. gedoen het, het die S.V.K. in 1942 besluit om aan hom 'n honorarium van R600 te gee[101] wat op 'n later stadium aan hom oorhandig is. In 1945 het mnr. Scheepers om private redes as sekretaris bedank.[102]

Na die bedanking van mnr. Scheepers is mnr. M.C. Botha,[103] sekretaris van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), in Junie 1946 genader om ere-sekretaris van die S.V.K. te word,[104] 'n posisie wat

---

98) S.V.K., Notule, 1.8.1931.
99) O.J.O.F., Aanhangsel tot brief van mnr. Scheepers,3.9.1968.
100) Fleur, 4.12.1949, p.20.
101) S.V.K., Notule, 15 en 16.2.1942.
102) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 26.6.1946.
103) Michiel Coenraad Botha is op 14.12.1912 te Lindley,O.V.S. gebore. Studeer aan die Universiteit van Stellenbosch,en verwerf B.A.-graad in 1933. Aan Universiteit van Pretoria verwerf hy H.O.D. in 1934. Twee jaar lank onderwyser en word daarna dosent in Afrikaans aan die Tegniese Kollege, Pretoria. In 1943 word hy assistent-sekretaris en weldra Uniale hoofsekretaris van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.). Was o.a. ere-sekretaris van Krugergenootskap en Pretoriase Afrikaanse Kultuurraad, direkteur van maatskappye, organiseerder van Rapportryersfeeste (1949) en Uniale poskoetsoptogte (1952) en skrywer van Die Huldejaar 1949 en medeskrywer van twee Afrikaanse Taalboeke. Word in 1949 lid van die Beheerraad van die Voortrekkermonument en ontvang in dieselfde jaar erepenning van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Politieke loopbaan begin in 1953 as Nasionale L.V. vir Roodepoort. In 1958 aangestel as Transvaalse Inligtingsbeampte en verwerf in dieselfde jaar die graad B.Ed. In November 1960 benoem tot Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en as lid van Bantoesake-kommissie en in April 1966 word hy Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en van Bantoe-onderwys. (Gegewens verkry van Privaatsekr. van Sy Edele M.C.Botha).
104) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 26.6.1946.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy met toewyding beklee het tot op 21 November 1968 toe die S.V.K. ontbind het. Mnr. Botha het van jongs af sterk belangstelling in kultuursake openbaar en was, as ere-sekretaris van die S.V.K., van die begin af gemoeid met die reëlings vir die inwyding van die Voortrekkermonument te Pretoria. As lid van die S.V.K. het hy deelgeneem aan die beraadslaging met die Regering as gevolg waarvan die Voortrekkermonument-inwydingskomitee (V.I.K.) tot stand gekom het. Mnr. Botha het dan ook die leeue-aandeel verrig in verband met die reuse organisasiewerk vir die inwyding van die monument. Tien onderkomitees van die V.I.K. is in die lewe geroep en mnr. Botha het sekretaris van al tien geword.[105)] Aangesien hy sy tyd maksimaal moes bestee aan reëlings in verband met die Voortrekkermonument is die hoofbestuur van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) versoek om mnr. Botha in 1949 sover moontlik van sy ander verpligtings vry te stel.[106)] Die tikwerk het op hierdie stadium ook so toegeneem dat 'n tydelike tikster deur die S.V.K. in diens geneem is.[107)] In Desember 1949 het die S.V.K. R600 aan mnr. Botha aangebied as blyk van waardering vir die deeglike dienste wat hy as ere-sekretaris gelewer het.[108)]

### (iii) Die Penningmeester

Op 30 Maart 1933 is mnr. I.M. Lombard gekies as penningmeester van die S.V.K. omdat hy, vanweë sy posisie as sekretaris van die F.A.K., oor heelwat geld beheer gehad het.[109)] Deur die jare het mnr. Lombard die S.V.K. in verskillende hoedanighede gedien, maar dit is ongetwyfeld seker dat sy vernaamste bydrae sy toegewyde werk as penningmeester was, 'n amp wat hy saam met die amp van ondervoorsitter tot op 21 November 1968 beklee het.

### (d) PROVINSIALE KOMITEES VAN DIE SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE

By mev. M.M. Jansen het die gedagte in 1934 ontstaan dat die lede van die S.V.K.-bestuur wat in ander provinsies gewoon het, as nukleus gebruik moes word om provinsiale komitees te vorm.[110)] Die doel van hierdie provinsiale komitees sou dan

105) Die Volksblad, 13.12.1949, p.9.
106) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 4.12.1948.
107) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 18.3.1949.
108) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 5.12.1949.
109) S.V.K., Notule, 30.3.1933.
110) S.V.K., Notule, 4.4.1934.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wees om in die verskillende provinsies verantwoordelik te wees vir die insameling van fondse vir die Voortrekkermonument.[111)]

Omdat die S.V.K. van mening was dat die hele Afrikanervolk moes saamwerk, is daar dus op 4 April 1934 besluit dat met die oog op die verkoop van Voortrekkerseëls en die bevordering van die monument-aktiwiteite in die algemeen provinsiale komitees in die lewe geroep moes word. Van die S.V.K.-lede in die verskillende provinsies is nie noodwendig verwag dat hulle persoonlik in daardie provinsiale komitees moes dien nie, maar die inisiatief om sodanige komitees saamgestel te kry, moes van hulle uitgaan. Briewe in hierdie verband is ook aan die hoofbesture van vroue-verenigings soos die S.A.V.F., A.C.V.V., N.C.V.V. en O.V.V. gerig om hulle samewerking te verkry.[112)]

Die bedoeling van die S.V.K. was dat die provinsiale komitees van blywende aard en so verteenwoordigend as moontlik moes wees. So 'n komitee was natuurlik ondergeskik aan die S.V.K. en sou byvoorbeeld slegs van kollektelyste wat deur die hoofbestuur van die S.V.K. uitgegee is vir die insameling van fondse kon gebruik maak.[113)] By die vasstelling van ander middels en metodes van fondsinsameling is die provinsiale komitees vry gelaat om na eie goeddunke te handel, maar by sodanige beslissings moes die godsdienstige karakter van die Voortrekkers, en die wenslikheid om die samewerking van al die dele van die volk vir hierdie saak te behou telkens in aanmerking geneem word.[114)]

Die stigting van die provinsiale komitees was beslis 'n belangrike stap, want sommige van hulle het besonder goeie werk gedoen.

**(i) Vrystaatse Provinsiale Komitees :**

Daar was twee provinsiale komitees in die Vrystaat, wat duidelikheidshalwe deur die volgende benamings onderskei is : (a) Die Provinsiale Komitee (O.V.S.), ter bevordering van die verkoop van Voortrekkerseëls, of ook bekend as die Vrystaatse Voortrekkerseëlskomitee; en (b) die Vrystaatse Voortrekkermonument-komitee of ook as die Voortrekkermonument-komitee, Afdeling Oranje-Vrystaat bekend.[115)]

---

111) B.H.J.v.R., Notule: Voortrekkermonumentkomitee,Afd. O.V.S., 7.10.1935.
112) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., S.V.K. aan Van Rensburg,14.4.1934.
113) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., S.V.K. aan Van Rensburg,5.5.1934.
114) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., S.V.K. aan Van Rensburg,19.12.1935.
115) B.H.J.v.R., Brief: Van Rensburg aan Sekr.,S.V.K. 5.9.1935.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die twee afsonderlike komitees het soos volg ontstaan :

**Vrystaatse Voortrekkerseëlskomitee :**

Kort voor die veldtog vir die verkoop van Voortrekkerseëls in Mei 1934 is mnr. B.H.J. van Rensburg deur die S.V.K. versoek om 'n provinsiaal-verteenwoordigende komitee in Bloemfontein in die lewe te roep, wat hom tydens daardie veldtog en ook daarna kon beywer in verband met die verkoop van Voortrekkerseëls. Die komitee is dan ook baie goed provinsiaal-verteenwoordigend soos volg saamgestel:

Mev. (dr.) C.F. Visser (O.V.V.), mev. F. Eybers (Pres. Steyn-gedenkfonds), mev. O. Nicolaysen (Kersmisseëls-komitee), mnr. J.S. Franklin ("Orde van Prokureurs", O.V.S.), dr. Ryno Verster (Geneeskundige Vereniging, O.V.S.), mnr. S.J. Naude (Saakgelastigde, N.G. Kerk, O.V.S.), mnr. D.F. Toerien (S.A. Spoorweë, O.V.S.), mnr. L.W. Hiemstra (Nasionale Pers, O.V.S.), adv. H.G. Pretorius (Vereniging van Advokate, O.V.S.), mnr. B.H.J. van Rensburg (S.V.K.), mnr. T.M. Coetzee (Plaaslike Kontroleur van Poswese), mnr. J.F.W. Diemont (Onderwysdepartement), mnr. Thos Blok (O.V.S. Onderwysersvereniging), mnr. H.G. Welman (Skoolraadskantoor, Bloemfontein), mnr. F.D. du Toit (Organiserende Sekretaris, Nasionale Party, O.V.S.), mnr. G.A. Fichardt (Kamer van Koophandel, O.V.S.), mnr. J.B. Kachelhoffer (Barclays Bank) en dr. E.J.M. Conradie (Algemene Nederlandsche Verbond.)[116)]

Mnr. B.H.J. van Rensburg was sekretaris van hierdie komitee, maar het, weens drukke werksaamhede, as sekretaris bedank, waarop mnr. H.G. Welman in sy plek gekies is.[117)]

Die funksie van hierdie komitee was, soos in die naam reeds aandui, uitsluitend om hom te beywer in verband met die verkoop van Voortrekkerseëls in Bloemfontein, en, deur bemiddeling van die verskillende hoofde van liggame hierbo genoem, ook in die hele Oranje-Vrystaat.[118)]

**Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee :**

Die ontstaan van die tweede komitee, te wete die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee, het op 'n heel ander grondslag geskied. Toe aan die begin van 1935, en selfs reeds voor daardie datum,

---

116) Ibid.
117) Ibid.
118) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op verskeie plekke in die Vrystaat komitees gestig is met die doel om fondse vir die oprigting van Voortrekkermonumente by geleentheid van die naderende Voortrekker-eeufees op elk van die betrokke plekke in te samel, het die S.V.K. gevoel dat dit ŉ groot verbrokkeling van kragte sou meebring ten aansien van die saak waarvoor hy hom beywer het. Die gevolg was ŉ skrywe van adv. E.G. Jansen aan mnr. B.H.J. van Rensburg waarin hy versoek is om ŉ vergadering van verteenwoordigers van die verskillende Voortrekkermonumentkomitees in die Vrystaat byeen te roep ten einde, by wyse van ŉ samespreking, hulle heelhartige samewerking te verkry in verband met die groot monument wat beoog is.[119)]

Die vergadering is op 3 Junie 1935, onder voorsitterskap van adv. Jansen, in Bloemfontein gehou[120)] en daaruit het die samestelling gespruit van die volgende Voortrekkermonumentkomitee vir die Oranje-Vrystaat :

Dr. N.J. van der Merwe, kol. W.J. Nussey en mnr. B.H.J. van Rensburg (Vrystaatse lede van die S.V.K.); mev.(dr.) C.F. Visser; mnr. Jac. J. Coetzer, (Sekundus mnr. M. Wessels, Winburgse Monumentkomitee); mnr. I. van der Wath, (Sekundus mnr. E.J. Heath, Thaba 'Nchu-Monumentkomitee); komdt. J.M.Els, (Sekundus mnr. S.A. Botha, Vegkop-Heilbronse Komitee); mnr. F.A. Steytler, (Sekundus mnr. M.S. Lindeque, Drakensbergse Monumentkomitee); mnr. J.F.W. Diemont, (Sekundus mnr. L.W. Hiemstra, Vrystaatse Voortrekkerseëlskomitee); komdt. C.T.M. Wilcocks (Administrateur, O.V.S.); ds. I.D. Kruger (Gereformeerde Kerk, O.V.S.); ds. J.P. van der Spuy, (Sekundus ds. P.H. van Huysteen, N.G. Kerk, O.V.S.); adv. J.N. van Soelen (Munisipale Vereniging, O.V.S.) en mev. (dr.) D.F. Malherbe (Vroue-Landbou-Unie).[121)]

Op 7 Oktober 1935 is komdt. C.T.M. Wilcocks tot voorsitter, ds. I.D. Kruger tot ondervoorsitter en mnr. B.H.J. van Rensburg tot sekretaris gekies. Hierdie lede het ook die Dagbestuur van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee gevorm.[122)] Nadat mnr. Van Rensburg die volgende jaar as sekretaris bedank het, is mnr. I. van der Wath in sy plek gekies, maar mnr. Van

---

119) Ibid.
120) B.H.J.v.R., Brief: Van Rensburg aan J.M. Els, 17.5.1935.
121) B.H.J.v.R., Brief: Van Rensburg aan Sekr.,S.V.K.,5.9.1935.
122) B.H.J.v.R., Notule: O.V.S. Voortrekkermonumentkomitee, 7.10.1935.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Rensburg het as tesourier aangebly.[123)]

Aangaande die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee wat in 1952 met die oog op die oprigting van 'n Voortremmermonument te Winburg saamgestel is, verneem ons in die hoofstuk oor die Winburgse Voortrekkermonument meer.

**(ii) Natalse Provinsiale Komitee :**

Sedert Augustus 1934 was daar reeds 'n Natalse Voortrekkermonumentkommissie bestaande uit prof. dr. J.J. le Roux (voorsitter), mej. Hugo (sekretaresse), dr. en mev. G.S. Nienaber en mnr. C.M. Booysen,[124)] maar dit was slegs 'n plaaslike kommissie vir Pietermaritzburg en nie verteenwoordigend van die provinsie nie.[125)] Die doel van hierdie kommissie was om in Natal fondse in te samel vir die daarstelling van 'n nasionale monument by geleentheid van die Voortrekker-eeufees.[126)]

By hierdie Kommissie het 'n behoefte ontstaan om met die S.V.K. saam te werk en daarom is besluit om 'n kongres van alle belangstellende persone, liggame en verenigings aan die begin van 1935 in Pietermaritzburg te hou om provinsiale verteenwoordiging op die S.V.K., die samestelling van 'n provinsiale komitee vir Natal, die plek en vorm van die monument en die insameling van fondse in Natal te bespreek.[127)]

Intussen het ook die Historiese Kommissie van die Saamwerk-Unie, bestaande uit dr. L.S. Steenkamp en mnre. A.J. du Plessis en J.V. Smit, gevoel dat koördinering van alle kragte noodsaaklik was en daarom is 'n gesamentlike vergadering van die Natalse Voortrekkermonumentkommissie, die Historiese Kommissie van die Saamwerk-Unie en mnr. J.M. Hershensohnn in Desember 1934 gehou. Die gevoel was dat die Natalse Voortrekkermonumentkommissie se werksaamhede nie net tot Pietermaritzburg beperk behoort te wees nie, en daarom is 'n Uitbreidingskomitee, waarop ook Engelssprekendes sou dien, in die lewe geroep wat hom vir die stigting

---

123) B.H.J.v.R., Notule: O.V.S. Voortrekkermonumentkomitee, 10.11.1936.
124) E.G.J., F.III.8.d.(b).,Notule: Gesamentlike vergadering N.V.M.K.,Hist.Kom. van die S.W.U. en Hershensohnn,1.12.1934.
125) E.G.J., F.III.8.d.(b)., Brief: L.S. Steenkamp aan E.G. Jansen, 5.3.1935.
126) E.G.J., F.III.8.d.(b)., N.V.M.K.: Oproep tot 'n Provinsiale Kongres, Desember 1934.
127) <u>Ibid.</u>

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van soortgelyke plaaslike komitees in Natal moes beywer.[128)]

Op 24 Mei 1935 is 'n kongres van afgevaardigdes te Pietermaritzburg onder voorsitterskap van adv. E.G. Jansen gehou met die oog daarop om 'n vaste provinsiale bestuur te kies vir die insameling van fondse vir die oprigting van een groot nasionale monument ter ere van die Voortrekkers by geleentheid van die honderdste herdenking van die slag van Bloedrivier.[129)]

Daar was afgevaardigdes uit alle dele van Natal en die Natalse Voortrekkermonumentkomitee is by die geleentheid soos volg saamgestel :

Adv. E.G. Jansen en mnr. J.M. Hershensohnn (ere-voorsitters) mnr. C.M. Booysen (voorsitter), prov. J.J. le Roux en mnr. Hugh Bryan (vise-voorsitters), mnr. J.P. Boshoff (tesourier), mev. (dr.) G.S. Nienaber (sekretaresse), asook mnre. P.W.J. Groenewald en T. Kinloch (Durban), dr. G.S. Nienaber en mnr. R. Eagle (Pietermaritzburg), dr. L.S. Steenkamp en mnr. A.W. Cresswell (Ladysmith), mnr. A.J. du Plessis (Greytown), ds. W.A. Gräbe (Escourt), mnr. A.G. du Toit (Paulpietersburg), dr. P.C. Schoonees en mnr. R.G. Foord (Vryheid), mnr. P.J. van Rooyen (Weenen), mnr. J.J. Boshoff (Mooirivier) en mnr. A.J. van der Merwe (Winterton). Glencoe, Dundee, Newcastle, Utrecht, Babanango, Port Shepstone en Eshowe is ook gevra om verteenwoordigers te benoem. Die ampsdraers het die Uitvoerende Bestuur gevorm.[130)]

Tot 1949 het die volgende veranderings in die Natalse Voortrekkermonumentkomitee plaasgevind :

Mnr. J.P. Boshoff vertrek en mnr. O. Maarschalk word in April 1936 in sy plek as tesourier gekies.[131)] In dieselfde jaar word dr. G.S. Nienaber sekretaris in die plek van mev. Nienaber wat hom as verteenwoordiger van Pietermaritzburg opvolg.[132)] Prof. J.J. le Roux (vise-voorsitter), dr. Nienaber (sekretaris) en mev. Nienaber bedank in 1937 en word, onderskeidelik, opgevolg deur mnr. P.W.J. Groenewald (vise-voorsitter),

---

128) E.G.J., F.III.8.d.(b).,Notule: Gesamentlike vergadering <u>op.cit</u>., 1.12.1934.
129) B.H.J.v.R.,Brief :Sekr. N.V.M.K. aan Sekr., S.V.K. 11.6.1935.
130) E.G.J., F.III.8.d.(b).,Notule: N.V.M.K., 24.5.1935.
131) J.H.S., Notule : N.V.M.K., 4.4.1936.
132) E.G.J., F.III.8.d.(b).,Notule : N.V.M.K., 5.9.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mnr. J.H. Stander (sekretaris) en mnr. H.P. Malan, terwyl sittingsreg aan mnr. W.P.M. Henderson as verteenwoordiger van die Engelssprekende Komitee in Durban in die Provinsiale Komitee verleen is.[133] Mnr. Henderson word later vise-voorsitter in die plek van mnr. Hugh Bryan, terwyl mnre. O. Maarschalk en C.T. Visser, onderskeidelik, dr. Steenkamp en mnr. P.J. van Rooyen vervang as verteenwoordigers van Ladysmith en Weenen. Mnre. T.L. van Rooyen en C. du Plessis is onderskeidelik as verteenwoordigers vir Kranskop en Utrecht benoem.[134] In 1948 is mnre. P. Labuschagne en D.P. McDonald as verteenwoordigers van die Durbanse Skakelkomitee aangewys.[135]

Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het dit as wenslik beskou dat alle plaaslike verenigings en organisasies in die plaaslike Voortrekkermonumentkomitees verteenwoordig sou word sodat die komitees so verteenwoordigend as moontlik van die plaaslike gemeenskap sou wees. Elke komitee sou as middelpunt dien van ŉ taamlik uitgebreide distrik. ŉ Verslag van die werksaamhede van die plaaslike komitees moes kwartaalliks aan die Natalse Voortrekkermonumentkomitee gestuur word, asook ŉ staat van die ingesamelde fondse.[136]

Na die inwyding van die Voortrekkermonument te Pretoria in 1949 het die Natalse Voortrekkermonumentkomitee opgehou om te bestaan, maar in 1952 is ŉ nuwe Natalse Voortrekkermonumentkomitee saamgestel met die oog op die oprigting van ŉ Voortrekkermonument te Pietermaritzburg.[137] Oor die samestelling en werksaamhede van hierdie komitee verneem ons in die hoofstuk oor die Pietermaritzburgse Voortrekkermonument meer.

### (iii) Kaaplandse Provinsiale Komitee

Die voorsitter van die S.V.K., adv. E.G. Jansen, het die Kaapstadse Skakelkomitee van die F.A.K. op 6 Junie 1935 genader met die versoek om ŉ provinsiale komitee vir Kaapland in die lewe te probeer roep.[138] Die Skakelkomitee was dadelik

---

133) J.H.S., Notule: N.V.M.K., 6.3.1937.
134) J.H.S., Briefhoof: N.V.M.K.
135) J.H.S., Brief: Sekr. Durbanse Skakelkomitee aan Sekr., N.V.M.K., 28.9.1948.
136) E.G.J., F.III.8.d.(b)., Handleiding van funksies en pligte van Plaaslike Voortrekkermonumentkomitees.
137) S.V.K., Notule, 21.11.1952.
138) B.H.J.v.R., Verslag van Voors. van S.V.K. oor samesprekings met verskillende komitees, Julie 1935.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bereid om die voortou te neem met die stigting van sodanige provinsiale komitee vir die insameling van fondse in Kaapland, en het uit eie geledere 'n komitee saamgestel wat hieraan aandag sou gee. Hierdie komitee het bestaan uit die Administrateur mnr. J.H. Conradie (voorsitter), mev. (dr.) A.L.Geyer, mej. Essie Malan, mnre. Paul Roos, J.M.H. Viljoen, J.J. de V. Jacobs, P.J.A. Vos en J.J. Jordaan.[139)]

Op aanbeveling van die komitee deur die Skakelkomitee aangewys, het die Skakelkomitee besluit om die volgende persone en liggame te nader om met vyf van sy eie lede in die Kaaplandse Provinsiale Komitee te dien :

Die Administrateur, mnr. J.H. Conradie (Provinsiale owerheid), dr. W. de V. Malan (Onderwysdepartement), mnr. Paul Roos (S.A.O.U.), ds. F.X. Roome (Helpmekaar), mej. Ida Theron (A.C.V.V.), prof. Ben Taute (Voortrekkerbeweging), J.J. de V. Jacobs (A.T.K.V. (S.A.S. en H.)), mej. Essie Malan en mnre. H.J. Otto, J.M.H. Viljoen, D.P. de Klerk en J.J. Jordaan (vyf verteenwoordigers van die Kaapstadse Skakelkomitee) en mnr. H.S. van der Walt (klerk van die Provinsiale Raad), terwyl die volgende instansies geregtig was om elk een verteenwoordiger te benoem: die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerk (ds. D.G. Venter), die Christelike Jongeliedevereniging (mnr. J.P. Grove), die Hoofposkantoor (mnr. E.B. Altona), die Suid-Afrikaanse Taalbond (senator F.S. Malan), die Vroue-Landbouvereniging en die Kristelike Strewers-vereniging. Adv.J.H. Conradie, adv. T.E. Dönges en N.P. van Wyk Louw het later mej. Malan en mnre. Otto en Jordaan as verteenwoordigers van die Kaapstadse Skakelkomitee vervang.[140)]

Die Uitvoerende Komitee van die Kaaplandse Provinsiale Komitee het bestaan uit : Die Administrateur, mnr. J.H. Conradie (voorsitter), senator F.S. Malan (ondervoorsitter), mnr. H.S. van der Walt (penningmeester) en mnr. J.J. Jordaan (sekretaris).[141)] Mnr. J.P. Grove het later mnr. Jordaan opgevolg as sekretaris en mnr. J.M.H. Viljoen, mnr. Van der Walt as penningmeester.[142)]

---

139) E.G.J., F.III.8.d.(a)., Notule: K.P.K., 14.9.1935.
140) Ibid. en S.V.K., Omsendskrywe van K.P.K. aan Burgemeesters van elke Munisipaliteit in die Kaapprovinsie.
141) E.G.J.,F.III.8.d.(a).Notule: K.P.K., 14.9.1935.
142) Gedenkprogram:Sentrale Voortrekker-Eeufees 1838-1938, (Pretoria,1938),p.3. en S.V.K., Omsendskrywe van K.P.K. aan Burgemeesters van elke Munisipaliteit in die K.P.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Kaaplandse Provinsiale Komitee was van mening dat fondse op die doeltreffendste wyse ingesamel kon word deur die stigting van plaaslike komitees dwarsdeur Kaapland, saamgestel uit verteenwoordigers van medewerkende liggame saam met lede van die plaaslike munisipaliteit en afdelingsraad, en met die burgemeester as sameroeper.[143)]

**(iv) Transvaalse Provinsiale Komitee**

Die S.V.K. het op 5 Desember 1934 besluit dat mev. M.M. Jansen, in oorleg met mev. S. Broers, vir die samestelling van 'n Transvaalse Provinsiale Komitee vir die insameling van fondse vir die Voortrekkermonument verantwoordelik sou wees.[144)]

In 1935 het mnr. J.J. Scheepers, sekretaris van die S.V.K., dus verteenwoordigers van verskillende organisasies wat aktief in die taal- en kultuurstryd, welsynswerk en onderwys was, uitgenooi om met die oog op die stigting van 'n Transvaalse Provinsiale Komitee 'n vergadering in Pretoria by te woon.[145)]

Die Komitee het uit die volgende lede bestaan wat tydens die vergadering verkies is :

Die Administrateur van Transvaal, mnr. S.P. Bekker, (voorsitter) mev. (dr.) Gustav Preller (ondervoorsitter),[146)] prof. F.J. Labuschagne (sekretaris), ds. P.J. Viljoen (Heidelberg), die Direkteur van Onderwys, mev. M.M. Jansen (Pretoria), mev. S. Broers (Pretoria), mev. E.S. van Reenen (Pretoria), mnr. C.S. Schmidt (Pretoria), ds. L.E. Brandt (Rosettenville), die Voorsitter van die Spoorbond (Johannesburg), mnr. J.H. Greybe (Benoni), mnr. J.J. Scheepers (Johannesburg), mnr. J.E. Reeler (Johannesburg), mnr. W.J. Snyman (Pietersburg), mnr. T.J. van der Walt (Nylstroom), mnr. J.G. Markötter (Middelburg), mev. A. Schoeman (Lydenburg), mnr. J. Smit (Bethal), ds. T.J.F. Dreyer (Standerton) en mnr. G.F. Robbertse (Swartruggens).[147)]

Transvaal is organisatories in verskillende streke verdeel wat elk 'n verteenwoordiger gehad het om plaaslike kontak te maak.

---

143) E.G.J., F.III.8.d.(a).,Notule: K.P.K., 14.9.1935.
144) S.V.K., Notule, 5.12.1934.
145) O.J.O.F., Brief ontvang van prof. F.J. Labuschagne, 15.8.1968.
146) Prof. Labuschagne meld in bogenoemde skrywe dat mev. Preller voorsitster was maar bedoel seker dat sy somtyds as voorsitster opgetree het.
147) S.V.K.,Lys van lede van die Transvaalse Prov. Komitee.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit was die taak van die sekretaris, prof. Labuschagne, om, in oorleg met die Voorsitter, die verdere organisasie te behartig. Na die stigtingsvergadering van die Transvaalse Provinsiale Komitee is daar geen verdere vergaderings gehou nie, want die doel was bloot die insameling van fondse vir die Voortrekkermonument, en dit is behartig deur voortdurende oorlegpleging met die Voorsitter en deur korrespondensie en persoonlike kontak met streekverteenwoordigers en -organisasies.[148)]

### (v) Suidwes-Afrika Voortrekkermonumentfondskomitee

Dat in Suidwes-Afrika ɦ komitee vir die insameling van fondse vir die Voortrekkermonument in September 1935 byeengeroep is, was in die eerste plek te danke aan die entoesiasme van mnr. Barry Steyn, wat op daardie stadium voorsitter van die Windhoek-tak van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) was, en wat alleen werktuig was om die idee van ɦ plaaslike komitee, verteenwoordigend van alle plaaslike organisasies, te bewerkstellig. Sy voorstel het algemene byval gevind en het deur die hele Suidwes-Afrika deurgewerk.[149)]

ɦ Uitvoerende Komitee van die Suidwes-Afrikaanse Voortrekkermonumentfondskomitee is in Windhoek saamgestel onder beskerming van die Administrateur, dr. D.G. Conradie, en het verder bestaan uit mnr. George Kirby, Stadsklerk van Windhoek (voorsitter), mnr. A.J. van Niekerk, Provinsiale leier van die Voortrekkerbeweging (ondervoorsitter), dr. C.J. Lemmer (sekretaris) en mnr. Barry Steyn(penningmeester). Die bykomende lede was mev. D. Patterson, ɦ Engelssprekende dame en ywerige ondersteuner van die gedagte van fondsinsameling vir die Voortrekkermonument, en mnre. Capri Badenhorst en C.H. Williams.[150)] Laasgenoemde twee here is later weens hulle verplasing deur mnre. Hennie Steyn en Searle vervang,[151)] terwyl mnr. Barry Steyn na die vertrek van dr. Lemmer ook die sekretarisskap oorgeneem het.[152)]

Die funksie van die Uitvoerende Komitee was om uitvoering te gee aan die oorspronklike gedagte om, net soos in die Unie

---

148) O.J.O.F., Brief van prof. F.J. Labuschagne,15.8.1968.
149) B.S., Brief: Voors. S.W.A. Voortrekkermonumentfondskomitee aan B. Steyn, 30.5.1939.
150) O.J.O.F., Brief van mnr. Barry Steyn, 19.9.1968.
151) Mostert, D., <u>Gedenkboek van die Ossewaens</u> (Kaapstad,1940), p.795.
152) O.J.O.F., Brief van mnr. Barry Steyn,19.9.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


van Suid-Afrika, Voortrekkermonumentfondsseëls beskikbaar te hê wat in Suidwes-Afrika geldig sou wees en om verder die aangeleentheid te organiseer en te propageer.[153)]

Sommige van hierdie provinsiale komitees het, soos later sal blyk, baie goeie werk gedoen, maar nadat die Regering teen die einde van 1935 besluit het om die finansiële verantwoordelikheid vir die oprigting van die Voortrekkermonument en die Voortrekker-eeufees op hom te neem, het die belangstelling in die werk van die provinsiale komitees geleidelik verminder en na die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1938 het die meeste van hulle as 't ware vanself ontbind.

---

153) <u>Ibid</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK II

## KEUSE VAN DIE PLEK VIR DIE VOORTREKKERMONUMENT

### 1. DIE SITUS-KOMITEE

Voordat oor die vorm van die beoogde Voortrekkermonument besluit kon word, moes daar eers oor die plek besluit word waar hierdie monument opgerig sou word. Die S.V.K. het dus in September 1933 besluit om ŉ komitee aan te wys wat die verskillende plekke in Transvaal, die Vrystaat en Natal moes besoek. Wanneer hierdie komitee sy keuse gemaak het, sou daar besluit kon word watter vorm so ŉ monument moes aanneem.[1)]

Hierdie eerste Plek- of Situs-komitee het bestaan uit adv. en mev. E.G. Jansen, proff. T.J. Hugo en S.P. Engelbrecht en mnre. I.M. Lombard en J.J. Scheepers.[2)]

Die beplande reis van hierdie komitee in verband met die besigtiging van historiese plekke gedurende Julie 1934 is ŉ jaar uitgestel, want indien die geskiedkundige plekke eenmaal besoek is, sou ŉ definitiewe keuse gedoen moes word en dit sou onnodige kritiek uitlok op ŉ tydstip toe die fondsinsameling nog maar in sy beginstadium was.[3)] Hierdie uitgestelde reis het nooit plaasgevind nie.

Op 25 Januarie 1936 het die S.V.K. dus besluit om ŉ nuwe Ondersoek- of Situs-komitee aan te stel om die verskillende geskiedkundige plekke te besoek, bestaande uit die voorsitter, dr. E.G. Jansen, sen. F.S. Malan, dr. N.J. van der Merwe en mnre. C.M. Booysen en I.M. Lombard. Lede van hierdie Situs-komitee moes self hulle plaasvervangers aanwys indien hulle nie kon gaan nie en moes ook ŉ eie sekretaris benoem.[4)] Aangesien dit vir dr. Van der Merwe onmoontlik was om die Situs-komitee op sy reis te vergesel, het hy mnr. B.H.J. van Rensburg in sy plek aangewys,[5)] terwyl mnr. J.J. Scheepers as sekretaris gekies is.[6)] Mnr. Gerard Moerdyk, die argitek wat deur die S.V.K. gekies is om die Voortrekkermonument te ontwerp, is ook gevra

---

1) S.V.K., Notule, 16.9.1933.
2) <u>Ibid</u>.
3) S.V.K., Notule, 4.4.1934.
4) S.V.K., Notule, 25.1.1936.
5) Persoonlike mededeling deur mnr.B.H.J. van Rensburg.
6) <u>Die Huisgenoot</u>, 21.8.1936, p.49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om die Situs-komitee in adviserende hoedanigheid op sy reis te vergesel.[7]

Hierdie Situs-komitee het tussen 13 en 26 Julie 1936 al die plekke wat om geskiedkundige redes aanspraak op die Voortrekkermonument kon maak, besoek met die doel om gegewens in te win, op grond waarvan die S.V.K. dan sou kon besluit watter van die betrokke plekke die geskikste vir die Voortrekkermonument sou wees. Die plekke wat hulle besoek het, was : In Natal: Pietermaritzburg, Weenen, Danskraal (naby Ladysmith) en Bloedrivier; in die Oranje-Vrystaat: Blijdevooruitzicht (naby Harrismith), Thaba 'Nchu, Bloemfontein, Winburg en Vegkop (naby Heilbron); in Transvaal : Potchefstroom en Pretoria, terwyl adv. Jansen en mnre. Scheepers en Moerdyk Ohrigstad op 13 en 14 Augustus 1936 besoek het.[8]

Oral was die ontvangste besonder hartlik, en die lede van die Situs-komitee het die versekering van opregte samewerking van al die plaaslike komitees verkry afgesien van waar die Voortrekkermonument ook al later opgerig sou word.[9] Plaaslike liggame wat aanspraak gemaak het op die monument is versoek om 'n memorandum op te stel oor hulle aanspraak,[10] terwyl die sekretaris tydens die reis noukeurige aantekeninge gemaak het sodat die voor- en nadele van elke plek deeglik oorweeg kon word. Verder is verskillende vooraanstaande persone van verskillende plekke gevra om met die Situs-komitee in verbinding te tree sodat hulle in die geleentheid gestel kon word om hulle sienswyse mee te deel. Enkele briewe is ook in hierdie verband ontvang.[11]

## 2. AANSPRAKE

Elke stad of dorp wat op die Voortrekkermonument aanspraak gemaak het, het in een of ander opsig 'n meerdere reg bo die ander plekke gehad. Dit het veelal afgehang van die nadruk wat op bepaalde aspekte gelê is ten einde tot 'n gevolgtrekking te geraak en 'n mens kan jou goed voorstel dat hieroor verskillende uiteenlopende opvattings moontlik was. So sal een meer na die verlede kyk, 'n ander na die toekoms, party sal veral die

---

7) S.V.K., Notule, 7.4.1936.
8) S.V.K., Rapport van die Situs-komitee.
9) *Ibid*.
10) S.V.K., Notule, 25.1.1936.
11) S.V.K., Notule, 11.11.1933.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geskiedkundige gebeurtenisse herdenk wil sien, terwyl ander hoofsaaklik die nasionale waarde vir die latere geslagte wil beklemtoon. Sommige persone het Natal se onbetwisbare historiese aansprake erken, terwyl ander van mening was dat die monument in 'n oorwegend Afrikaanse gemeenskap moes pryk.

Gedurende die Groot Trek-periode het daar verskeie uitstaande geskiedkundige episodes op verskillende plekke in die latere Trekkergebied plaasgevind; gebeurtenisse wat om hulle geskiedkundig-geografiese, staatkundige en konstitusionele belangrikheid verreikende gevolge gehad het, en wat 'n mens graag deur middel van 'n monument of monumente verewig sou wou sien. Maar sulke monumente sou slegs sekere aspekte uit die Voortrek vertolk en verewig; die een 'n oorwinning; die ander 'n moord of neerlaag.

Die waardeskatting van die verskillende oorwegings sou dus vir die Situs-komitee 'n moeilike taak wees, maar steeds is in gedagte gehou dat die monument nie opgerig sou word om 'n insident of 'n persoon of 'n plek te verewig nie, maar ter ere van die groot rol wat die Voortrekkers in ons geskiedenis gespeel het.[12)]

Die Situs-komitee het na Pretoria teruggekeer om die lywige memoranda wat elk van die plaaslike komitees aan hom oorhandig het, te oorweeg en daarna sy bevindinge, sonder aanbeveling van 'n situs, in 'n verslag saam te stel.[13)]

Wat hierna volg is 'n opsomming van die historiese en ander gronde waarop die verskillende plaaslike komitees hulle aansprake op die Voortrekkermonument gebaseer het en die bevindinge van die Situs-komitee in sake die betekenis van die plekke uit 'n geskiedkundige en nasionale oogpunt, bereikbaarheid en geskiktheid wat betref bodem, water, elektrisiteit, sanitasiegeriewe, en dies meer.

### (a) NATAL

In Natal het die volgende plekke aanspraak gemaak op die Voortrekkermonument :

---

12) S.V.K., Notule, 5.10.1936.
13) Amptelike Gids, <u>Die Voortrekkermonument</u>, (Pretoria),p.27.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## (i) Pietermaritzburg

### Memorandum van die Pietermaritzburgse Voortrekkermonumentkomitee 14)

As historiese argumente is aangevoer dat die Voortrekkers ŉ vrye hawe wou besit en na die gunstige verslag van die Commissie-trek van 1834 het Natal vir hulle die „beloofde land" geword. Om Natal vir die Europees-christelike, en by name die Boerebeskawing, te wen, het meer bloed as in enige ander deel van Suid-Afrika gevloei. Barend Greyling en Philip Nel is op 23 Oktober 1838 deur die Lager- of Trekkerraad aangewys om Pietermaritzburg aan te lê, vanwaar Pietermaritzburg se status as eintlike Voortrekkerstad dagteken. Argiefstukke toon dat die aanlê van Pietermaritzburg reeds voor die einde van 1837 voorsien was en dat Piet Retief self die plek uitgekies het. Pietermaritzburg was die hart van die Voortrekkergebied as administratiewe en wetgewende, kerklike, kulturele en ekonomiese hoofstad. Die Geloftekerk, die monument deur die Voortrekkers self opgerig, staan in Pietermaritzburg. Pietermaritzburg is nog steeds die Voortrekkerstad by uitnemendheid omdat hy vernoem is na twee groot Voortrekkerleiers, Piet Retief en Gerrit Maritz; omdat die strate van die middestad die oorspronklike name dra wat deur die Voortrekkers daaraan gegee is; omdat die uitleg van die middestad presies is soos deur Barend Greyling opgemeet; omdat die ou kerkhof deur die Voortrekkers aangelê is en van hulle, onder andere Erasmus Smit, daar begrawe is; omdat die omgewing herinneringe wek aan die Voortrekkerdae, byvoorbeeld Andries Pretorius se plaas Welverdiend; omdat talle dokumentêre stukke van die Voortrekkers in die plaaslike Staatsargief bewaar word en omdat die Voortrekkerkerkie as ŉ museum ingerig is waar Voortrekkeroudhede gehuisves word.

Kulturele argumente was dat al die provinsiale hoofstede, met die uitsondering van Pietermaritzburg, monumente het wat al die grootste episodes in ons geskiedenis, die Groot Trek uitgesonderd, verteenwoordig. Dit sou dus gepas wees as die Voortrekkermonument aan Natal, waar die meeste Voortrekkergeskiedenis

---

14) S.V.K., Pietermaritzburgse Voortrekkermonumentkomitee, Memorandum in sake die aansprake van Pietermaritzburg op die op te rigte Nasionale Voortrekkermonument, 23.6.1936. (Opgestel deur dr. G.S. Nienaber, dr. J. van Heerden en mnr. P. Eagle.)

gemaak is, toegewys word. Die Raad van Representante te Pietermaritzburg het vanouds die hele kulturele lewe van die Emigrante-boere beheers. Die samestelling van die bevolking het wel verander, maar Pietermaritzburg is nog die Voortrekkerstad by uitstek en het as hoofstad ꞌn geweldige invloed op die algemene geesteshouding van die provinsie. Eenwording met die res van die Unie sou bevorder word deur die oprigting van die Voortrekkermonument in Pietermaritzburg. Die Afrikaanse bevolking van Pietermaritzburg het steeds toegeneem as gevolg van die trek van die platteland na die stede - en hierby moet nog gevoeg word die vakansiegangers van die binneland. Vakansiegangers wat die monument sien, sou besef dat hulle hulle taal en tradisies in die land van hulle voorouers moet handhaaf. Die Engelssprekende medeburgers het deur geldelike bydraes vir die Voortrekkermonument hulle goeie gesindheid betuig en die Stadsraad van Pietermaritzburg het grond ter waarde van R72,000 gratis vir die oprigting daarvan aangebied.

Pietermaritzburg is deur die Voortrekkers gekies vanweë sy betreklik sentrale ligging en lê op die hoofweë Durban-Pretoria en Durban-Bloemfontein-Kaapstad en is bereikbaar per spoor, pad en vliegtuig. Alexandrapark bied alle gewenste kampeerruimte en moderne geriewe is beskikbaar. Moderne hotels en losieshuise bied die nodige tuisgaangeleenthede. Ook die natuurskoon van Pietermaritzburg moet beklemtoon word.

## Bevindinge van die Situs-komitee [15)]

Pietermaritzburg is die hoofstad van Natal, by uitstek die stad van die Voortrekkers en sy Voortrekkernaam eer die nagedagtenis van Piet Retief en Gerrit Maritz. Dit was die eerste dorp wat deur die Voortrekkers in Natal gestig is. Dit was die hoofstad van hulle eerste staat en setel van hulle eerste Volksraad. Die Geloftekerkie is deur die Voortrekkers self gebou en is tans as ꞌn Voortrekkermuseum ingerig wat deur duisende mense besoek word. Die plaas van Andries Pretorius met die opstal wat deur hom gebou is, is naby geleë. Welbekende plekke wat nog Voortrekkername dra, is rondom te sien, soos die

---

15) S.V.K., Situs-komitee: Rapport opgestel deur die lede van die Onderkomitee van die S.V.K. wat die verskillende terreine besoek het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voortrekkerpad oor Ketelfontein, Swartkop, Tafelberg, ens.; die ou Voortrekkerkerkhof is naby die terrein en bevat onder andere die grafte van pres. J.N. Boshoff en eerwaarde Erasmus Smit.

Die aangebode stuk grond, Alexandrapark, is mooi geleë in die beste gedeelte van Pietermaritzburg, omring deur skole en opvoedkundige inrigtings en is hoog en taamlik gelyk met 'n mooi uitsig na al vier kante. Die terrein is reeds uitgelê en vir parkeerdoeleindes afgesonder. Dit is hoogs onwaarskynlik dat huise van minderwaardige aard of fabrieksgeboue in die omgewing sal verrys. Die ondergrond bestaan uit harde leiklip en is geskik om 'n swaar gewig te kan dra. Die terrein is van alle kante bereikbaar en daar is ruimte vir duisende mense, terwyl water, lig en sanitasie deur die Munisipaliteit verskaf word.

Die stad lê op die spoorlyn en hoofweg wat al die dele van die Unie met Durban verbind.

### (ii) Bloedrivier

**Memorandum van die Dundeese Voortrekkermonumentkomitee** 16)

Die Bloedrivierslag is op 16 Desember 1838 gelewer en die feit dat die hoeksteen van die op te rigte Voortrekkergedenkteken op 16 Desember 1938 gelê sou word, is prima facie getuienis dat die monument bedoel was om die oorwinning by Bloedrivier en die eeufees daarvan te vereer. In Natal is die grootste stryd gevoer vir die daarstelling van 'n wit beskawing en die Bloedrivier-oorwinning het die Zoeloe-dwingelandy verbreek waardeur vrede en sekuriteit aan die vroeë koloniste verskaf is. Die gebeurtenis is simbolies van die oppermag van die witman en die heldhaftige en godsdienstige gees waarmee die Voortrekkers besiel was in hulle strewe om 'n tuiste in die binneland te vind. Die plek is op 16 Desember 1867 deur Paul Kruger aan ons sorg toevertrou en generaal Louis Botha het ook fondse vir die oprigting van 'n gedenkteken by Bloedrivier ingesamel. Die Voortrekkers was mense van die

16) S.V.K., Dundeese Voortrekkermonumentkomitee, Memorie opgestel insake die aansprake van Bloedrivier op die Voortrekkermonument.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



platteland en hulle geskiedenis is geensins aan dorpe verbonde nie. Die viering van Dingaansdag (Geloftedag) geskied nog op die Bloedrivierslagveld en sou ook op 16 Desember 1938 daar plaasvind. Dir is oor die hele wêreld die gebruik om gedenktekens op te rig op die plek waar die oorwinningslag plaasgevind het. In hierdie geval is die plek Bloedrivier.

Die plek is sentraal geleë, halfpad tussen Dundee, Vryheid en Utrecht en sou binnekort nog toegankliker wees aangesien ŉ aansienlike som geld beskikbaar gestel is om die paaie in orde te kry.

**Memorandum van ds. L.N. Kriel**[17)]

Ook ds. L.N. Kriel het ŉ memorandum ten gunste van Bloedrivier opgestel en daarop aangedring dat die groot volksmonument daar opgerig behoort te word. As redes het hy die volgende aangevoer :

Die Slag van Bloedrivier was die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die Voortrekkers en die grootheid konstitueer die plek waar die monument moet kom.

Ons hele volk herdenk jaarliks slegs een gebeurtenis in verband met die Voortrekkers, naamlik Geloftedag op 16 Desember wat heenwys na Bloedrivier. Die Regering het die datum as openbare vakansiedag geproklameer en die dag bepaal dus vanself die plek waar die monument moet kom.

Indien die monument buite Natal, of in Natal, maar op ŉ ander plek as Bloedrivier opgerig word, sal die werk van die S.V.K. voor die regbank van die nageslag gedaag en veroordeel word. Onbereikbaarheid is geen argument nie, want dan moes die monument van Delvillebos in Parys, Frankryk of in Johannesburg gestaan het.

**Bevindinge van die Situs-komitee**[18)]

Die geskiedenis van Bloedrivier is so bekend dat dit nie nodig is om hier daaroor uit te wei nie. Die pleidooi vir hierdie terrein is dat as dit nie vir die oorwinning van Bloedrivier was nie, sou die hele Trek ineengestort het. Ook is gesê dat

---

17) S.V.K., Ds. L.N. Kriel, Memorandum vir Bloedrivier.
18) S.V.K., Situs-komitee, op.cit.

die Voortrekkers self die terrein deur 'n hoop klippe aangewys het as die plek vir die monument en dat in die tagtiger jare dit ook deur Paul Kruger self bevestig is. Dit word beweer dat die hoop klippe wat nog daar te sien is, dieselfde is as die wat die Voortrekkers self daar gestapel het, maar dat by latere geleenthede ander klippe en selfs stene bygevoeg is. Verder word die voorgenome hoeksteenlegging van die beplande Voortrekkermonument op 16 Desember beskou as 'n erkenning dat die oorwinning van Bloedrivier die middelpunt van die Voortrekkergeskiedenis is.

Die terrein is laag, gelyk en turfagtig. Vaste bodem word nie voor op minstens twintig voet diepte aangetref nie, wat die koste van die fondament aansienlik sou laat styg. 'n Terrein ongeveer een myl van die slagveld op 'n klipkoppie is aangebied waar die fondament geen moeilikheid sou veroorsaak nie. Die koppie is nie alleenstaande nie en die monument sou nie die beste vertoning maak nie, terwyl die uitsig ook beperk is na eenkant, weliswaar oor die slagveld as geheel. Lig, water en sanitasie sou self verskaf moes word.

Die plek is afgeleë en moeilik bereikbaar. Die terrein is vyf-en-twintig myl van Dundee, en twaalf myl van die hoofweg en spoorweg tussen Dundee en Vryheid geleë. Die naaste stasie is De Jagersdrift. Die pad was sleg, maar 'n goeie pad sou binnekort na Ngutu gebou word.

### (iii) Danskraal

**Memorandum van die Ladysmithse Voortrekkermonument-komitee** 19)

Op Sondag 9 Desember 1838 het te Danskraal 'n godsdienstige plegtigheid plaasgevind wat nog nooit in Suid-Afrika geëwenaar is nie. Dit was te Danskraal waar die Trekker homself opnuut gevind en 'n ewigdurende verbond met God gesluit het, nie slegs vir homself nie, maar ook vir ons wat na hom sou kom. 16 Desember het sy instelling te danke aan die gebeurtenis wat op Sondag 9 Desember, 'n week tevore plaasgevind het. Danskraal is die middelpunt van alles wat in die nouste verband tot die Trek gestaan het, vorm feitlik die polsslag van die Trekkersweë,

---

19) S.V.K., Ladysmithse Voortrekkermonument-komitee, Memorandum vir Danskraal. (Opgestel deur dr. L.S. Steenkamp).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


is die sentrum van die plekke wat nog steeds die name dra wat deur lede van die Groot Trek aan hulle gegee is: Weenen, Bloukrans en Saailaer, en in die omgewing is oorblyfsels uit die trekperiode te sien, bv. die ruïnes van Hendrik Hattingh se opstal op Wittekleifontein en die huis van Karel Landman op Uithoek.

ŉ Monument te Danskraal sou verrys op ŉ plek reeds beroemd om sy slagvelde en monumente te ere van Boer en Brit. So ŉ monument sou op ŉ plek staan waar dit as simbool tot groter opoffering vir en toewyding aan die heil en welsyn van die Suid-Afrikaanse volk kon dien, maar sou ook dien as simbool van eenheid en eensgesindheid, waar Engelssprekende landgenote geleentheid sou hê om eer aan die nagedagtenis van helde uit die Afrikaanssprekende gedeelte van die volk te bewys.

Ladysmith, die grootste dorp in Noord-Natal, is sentraal geleë en maklik per spoor, pad en lug bereikbaar. Heelwat hotelle en losieshuise maak voorsiening vir etlike duisende toeriste wat jaarliks die gebied deurreis. Die inwoners van Ladysmith het aangebied om die grond vir die voorgestelde monument, asook water en ligte gratis beskikbaar te stel.

## Bevindinge van die Situs-komitee[20]

Vlak by Ladysmith lê Danskraal waar die Gelofte op 9 Desember 1838 afgelê is dat as die Here aan die Voortrekkers die oorwinning sou gee, hulle ŉ godshuis sou bou en die dag as ŉ Sabbatdag eerbiedig. Ladysmith is die middelpunt van ŉ geskiedkundige terrein. Die beleg van die dorp en die krygsverrigtinge in die nabyheid tussen Boer en Brit tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), is welbekend. Dit was ook die vernaamste plek in die streek in die noordelike Natal wat as Kliprivier bekend was en waar ŉ aantal Voortrekkers onder Andreas Theodorus Spies na die anneksasie van Natal deur die Engelse ŉ eie regering gevorm het. Die eerste landdros van Ladysmith was J.N. Boshoff wat later President van die Oranje-Vrystaat geword het.

Die Geloftetterrein lê teen ŉ doringbegroeide glooiing wat geskik is vir uitkamp en feesviering, maar nie vir bouwerk nie. ŉ Ruie klipkoppie in die onmiddellike nabyheid is wel geskik vir bouwerk. Die onmiddellike omgewing is nie mooi nie, maar kan

20) S.V.K., Situs-komitee, op.cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur die aankoop van 'n ou opstal verbeter word. Trein- en rangeergebied is sigbaar van die terrein.

Ladysmith is maklik vir besoekers bereikbaar aangesien dit op die spoor en hoofweg van Transvaal en die Vrystaat na Durban geleë is.

### (iv) Weenen

**Memorandum van die Voortrekkermonument-komitee van Weenen** 21)

Die plek wat vir die beplande Voortrekkermonument gekies sou word, moes as 'n gids vir die verre nageslagte dien en die karaktertrekke van die Voortrekkers in herinnering hou. Die naam Weenen dui reeds hierdie plek aan. Weenen is by uitstek die Voortrekkerdorpie wat in 'n omgewing is wat ongeskend en natuurlik is. In 'n monument op Weenen sal 'n weerspieëling van oorwinning van die reinste en edelste in die mens, verenig met die duurste en hoogste opoffering, deur die nageslag gesien kan word.

In en rondom Weenen was verskillende families gevestig voordat Pietermaritzburg uitgelê was, hoewel die dorpie Weenen toe nog nie uitgelê was nie. Die Engelssprekende Suid-Afrikaner sal voel dat hy aan hierdie monument deel het omdat die beroemde Dick King eers probeer het om hierdie groepie mense te waarsku na die moord op Piet Retief en dat luitenant Fynn werklik daarin geslaag het om 'n paar van die families te waarsku.

Hier het Gerrit Maritz, Andries Pretorius en Piet Retief destyds gewoon. Uit Weenen het Piet Retief op sy noodlottige onderneming na Dingaanstat vertrek. Ook was Weenen die uitgangspunt van die Vlug-, Wen- en Bees-kommando's. Strate is na Voortrekkerleiers, waaronder Pretorius-, Spies- en Ferreirastraat genoem, en onder die erfbesitters vind ons onder meer die vanne Prinsloo, Snyman, en De Klerk. Rondom Weenen tref ons aan : Moordspruit, Bloukrans, Rensburgkop, Saailaer, Doorkop, Malanspruit, Biggarsberg, Mooirivier en Groot Mielietuin, waar Andries Pretorius hom gevestig het en wat in die besit van die Rooms-Katolieke Kerk is. Die tekens van die Voortrekkers se

---

21) S.V.K., Voortrekkermonument-komitee van Weenen, Memorandum: Aanspraak wat Weenen op die Volksmonument maak. (Onderteken deur C.J. Visser (voors.), P.J. van Rooyen (Plaaslike verteenwoordiger) en G.J. van Rooyen (sekr.)).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besproeiingswerke is nog sigbaar en in die plaaslike kerkhof is grafte van Voortrekkers wat so vroeg as 1840-1841 daar begrawe is.

Die terrein vir die monument is op dieselfde rif waarop die families Malan, Bothma, Landman en Bosman vermoor is en sou alle Afrikaners inspireer om uit die skitterende verlede van hulle voorvaders al wat goed en edel is te kies en daarop hulle toekoms te bou.

**Bevindinge van die Situs-komitee**[22)]

Die naam Weenen dui die hoogtepunt van die lyding van die Voortrekkers aan. Die terrein sluit die hele gebied in waar die moorde op 17 Februarie 1838 plaasgevind het, en waar heldedade deur die oorblywende Voortrekkers verrig is. Bloukrans, Moordspruit, Doornkop en Veglaer lê almal in daardie deel van die land. In daardie omgewing het die Voortrekkers tydens die neerlaag van Potgieter en Uys in April 1838 gebly toe laasgenoemde en sy seun gesneuwel het, en in die streek wat vroeër as Weenen bekend was, het die aanvalle van Augustus 1838 plaasgevind. Dis ook in hierdie omgewing waar Gert Maritz kort daarna dood is en vanwaar die Wenkommando onder Andries Pretorius teen Dingaan uitgetrek het en die oorwinning van 16 Desember 1838 behaal het. In die omgewing van Weenen lê daar ook 'n groot aantal grafte van Voortrekkers.

'n Hoë terrein met 'n vaste bodem en besonder mooi begroei met nabome, doringbome en aalwyne is aangebied, vanwaar 'n mooi uitsig oor Weenen en omstreke verkry kan word. Die terrein maak 'n deel uit van Weenenberg en lê nie op 'n losstaande koppie nie. Water, lig en sanitasie was nie voorhande nie, maar sou spesiale aandag geniet.

Weenen lê ongeveer negentien myl van Estcourt en is per smalspoor en pad met die dorp verbind. Die pad van Colenso oor Weenen na Greytown was onder konstruksie.

**(b) ORANJE-VRYSTAAT**

In die Oranje-Vrystaat het die volgende plekke op die Voortrekkermonument aanspraak gemaak :

---

22) S.V.K., Situs-komitee, op.cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**(i) Winburg**

**Memorandum van die Winburgse Voortrekkermonument-komitee** 23)

A.H. Potgieter en Gerrit Maritz het Winburg in Februarie 1837 gestig. Uit die notule van die Pietermaritzburgse Volksraad blyk dit egter dat 'n petisie in 1841 deur die bewoners in die omstreke van Sandrivier aan die Regering te Pietermaritzburg gerig is waarin hulle gevra het dat 'n drosdy op die plaas Waayfontein (die huidige Winburg) opgerig moet word. Dit het in 1842 gebeur toe Winburg formeel tot dorp verklaar is. Die feit dat die versoek gerig was, wek die vermoede dat die plek sedert 1837 al as die tradisionele middelpunt van die Voortrekkers beskou is. Immers daar was in 1837 nog geen masjinerie om 'n dorp te stig in die gewone sin van die woord nie.

Op 17 April 1837 is in die omgewing van Winburg 'n volksvergadering gehou om 'n regering te vorm en dus die Trekkers tot 'n georganiseerde entiteit te omskep. Die stigtingsbedrywighede het tot 6 Junie 1837 geduur, toe 'n konstitusie opgetrek en aangeneem is, 'n Volksraad gekies is en Retief tot Goeweneur benoem is. Op kerklike gebied is ook georganiseer want op 11 Junie 1837 is eerwaarde Erasmus Smit ingeseën as predikant. Met uitsondering van die Trekke van Trichardt en Uys was al die Voortrekkers, met ruim 1,000 waens, op daardie stadium in die onmiddellike omgewing waar Winburg vandag geleë is. 'n Straf-ekspedisie teen Moselekatse het in 1837 hiervandaan vertrek. In 1842 is 'n gemeente gestig en Winburg was vanaf daardie jaar tot in 1863 die middelpunt en brandpunt van die belangrikste trekgebeurtenisse. Sir Harry Smith het in 1848 sy intrek in die dorp geneem, vir Mosjesj daar ontmoet, en later daarvandaan so hardhandig teen die deelnemers aan die Slag van Boomplaats opgetree. In 1848 is Andries Pretorius naby Winburg as Kommandant-generaal gekies en Winburg word op 8 Maart 1848 die hoofdorp van een van die drie distrikte waarin die Soewereniteit verdeel was. Op Winburg is die konsepsie van 'n Afrikanernasie gebore.

Winburg lê byna in die middel van die land, aan die

---

23) S.V.K., Winburg Voortrekkermonument-komitee, Memorandum opgestel deur die Winburg Voortrekkermonument-komitee bevattende enige van die gronde en argumente waarop die omgewing van Winburg aanspraak kan maak op die Voortrekkermonument.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoofpad wat die suide met die noorde en met Natal verbind. 'n Een en twintig myl lange taklyn verbind Winburg met die hoofspoorlyn by Theunissen, terwyl 'n brug oor die Vaalrivier by Bloemhof die hinterland met die dorp verbind.

Omtrent drie myl buite die dorp, by Bellspas, is die Voortrekkerpad van 1937 nog in 'n skilderagtige en geskiedkundige omgewing te sien. Volgens oorlewering het Retief se laer net onderkant die pas gestaan en daar is ook nog grafte van mense wat in 1837 daar begrawe is. Hartplaats, 'n destydse rusplaas van die Voortrekkers, Rietfontein, die geboorteplaas van pres. Steyn en die "Offisiersgat" in Laaispruit, waar Sir Harry Smith se offisiere in 1848 altyd gaan swem het, is almal in die omgewing geleë.

Die Stadsraad van Winburg, en ook die eienaars van grond naby Bellshoogte was bereid om grond vir die monument af te staan. Water is volop en 'n kamp van 150 morge sou vir feestelike geleenthede beskikbaar wees.

Die bevolking in die omgewing van Winburg is hoofsaaklik direkte afstammelinge of verwante van die Voortrekkers, en die monument sou dus staan te midde van 'n gemeenskap wat 'n simpatieke en waarderende atmosfeer sou skep.

## Memorandum van die Stadsraad van Winburg[24)]

Die kop wat 'n ysterklipformasie is en 'n vaste bodem verskaf, is geleë omtrent drie myl ten suidweste van Winburg, en die terrein grens aan die dorpsmeent. Die nasionale pad word gebou langs die voet van die kop aan die oostekant. 'n Pad na die monument sou maklik langs 'n kloof met 'n gerieflike helling aan die westekant van die kop gebou kon word. Van die kop af is die uitsig ver na alle kante.

Die terrein lê in 'n hoek wat deur die Vetrivier, Laaispruit en Soutspruit gevorm word, en is ryk aan inheemse bosse en bome soos olienhout, karee, kiepersol en taaibos. Die uitsig van die kop, die dominante verskynsel in die tafereel, is skilderagtig.

---

24) S.V.K., Stadsraad van Winburg,Memorandum opgestel deur die Stadsraad van Winburg aangaande die voorgestelde Voortrekkermonument ter voorlegging aan die S.V.K.

Die grond ten noorde van die Vetrivier is in 1836 deur Hendrik Potgieter van Makwaan geruil. In 1842 is die dorp Winburg formeel deur Andries Pretorius self gestig. Om die stigting uit te voer, is die rusplaas Hartplaats vir die aangrensende en waarskynlik meer geskikte plaas Waayfontein verruil, waarop die dorp toe aangelê is. De Beer, die eienaar van Waayfontein, het egter ŉ erf (511 morge groot) vir homself uitgehou onder die naam Rietfontein. Op hierdie plaas is pres. Steyn later gebore in ŉ huisie wat nog bestaan. Op Winburg is die Trekkergemeenskap op staatkundige, militêre en kerklike gebied georganiseer. Sedert 1837 was die omgewing van Winburg nooit sonder Trekkerboere nie, en elke duim grond vir myle ver rondom die kop is intiem verbind aan die Voortrekkergeskiedenis.

Winburg is sentraal geleë en maklik bereikbaar vanaf alle dele van Suid-Afrika.

**Bevindinge van die Situs-komitee**[25)]

Winburg is een van die eerste dorpe deur die Voortrekkers aangelê. By sy aankoms by die Trekkers in 1837 het Piet Retief alles in sy vermoë gedoen om die geskille tussen die leiers uit die wêreld te maak, en hy het ŉ groot mate van sukses behaal. ŉ Vorm van regering is in die lewe geroep en op 6 Junie 1837 is die eerste grondwet goedgekeur. Die Voortrekkers het by Winburg die grootste mate van eensgesindheid bereik voordat hulle uitmekaar gegaan het, sommige na Natal en die ander na die Noorde.

Die terrein is hoog geleë met goeie uitsigte en ŉ vaste rotsbodem. Die koppie is alleenstaande, maar dit sal heelwat onkoste meebring om dit vir die fondament gelyk te maak. Die terrein is geskik vir uitkamp, maklik toeganklik en geleë langs die hoofpad. Lig sou deur die munisipaliteit van Winburg verskaf word, maar water en sanitasie moes aangelê word.

Winburg lê op die aansluiting van die hoofweg van Natal met die hoofweg Johannesburg-Bloemfontein, en word per spoor bedien deur middel van ŉ taklyn van Theunissen.

---

25) S.V.K., Situs-komitee, <u>op.cit</u>.

**(ii) Thaba 'Nchu**

**Memorandum van die Voortrekkermonumentkomitee van Thaba 'Nchu** 26)

Die drie kommissies wat aan die begin van 1834 uit die Kaapkolonie gestuur is om woonplekke buite die gebied te soek, het aan die begin van 1835 teruggekeer en onderling afgespreek dat Thaba 'Nchu die algemene vergaderplek sou wees. Kort daarna vertrek Louis Trichardt en die vermoede bestaan dat hy op sy deurtog na Soutpansberg by Thaba 'Nchu aangedoen het.

Vroeg in 1836 het Hendrik Potgieter en Sarel Cilliers Thaba 'Nchu bereik en het die Trek gestaan van die plaas Zamenloop tot ongeveer twee myl wes van die stat van Moroka, waar die Trekkers deur eerwaarde James Archbell en verteenwoordigers van Moroka ontmoet is.

Na die vertrek van Potgieter bereik Gerrit Maritz Thaba 'Nchu aan die einde van 1836. Morakashoek, ŉ plaas elf myl suid van Thaba 'Nchu, is deur Moroka aan Maritz as standplaas aangebied sodat hulle agter die berg buite die gesig van moontlike vyande kan wees. Onderwyl het die gebeurtenisse by Vegkop plaasgevind en het Maritz, met behulp van eerwaarde Archbell en Moroka, vir Potgieter en sy mense na Thaba 'Nchu teruggebring. Hierna is op 2 Desember 1836 te Morokashoek die eerste Volksraad gekies en die eerste konstitusionele reëlings getref. Hierdie eerste Raad het bestaan uit sewe lede met Maritz as Leier en Landdros. Hiervandaan is in Januarie 1837 die Strafekspedisie teen die Matabeles gestuur met ŉ Barolongkaptein as gids. Die ekspedisie het die Matabeles by Mosega verslaan en met 7,000 beeste teruggekeer. Geskille tussen Potgieter en Maritz het veroorsaak dat eersgenoemde met sy mense na Vetrivier getrek het.

In April 1837 bereik Piet Retief en sy mense Thaba 'Nchu. Dit word ook beweer dat Retief van Thaba 'Nchu na Dingaan gegaan het om oor die grond te onderhandel en by sy terugkeer ŉ hartlike ontvangs te beurt geval het.

Ander trekgeselskappe,waaronder die Uys-trek,het ook

---

26) S.V.K., Thaba 'Nchuse Voortrekkermonument-komitee, Memorandum van aanspraak op die Voortrekkermonument deur die Thaba 'Nchuse Monumente-komitee.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Thaba 'Nchu bereik. Dit blyk ook dat party Trekkers van Morokashoek direk na Natal getrek het, want historici meld dat die Trekkers ook langs die Caledon na Natal getrek het. Thaba 'Nchu was dus die algemene vergaderplek aan die begin van die Groot Trek.

Behalwe die plaas Zamenloop, die staanplekke by Morokashoek, waar daar ook Voortrekkergrafte lê, en die staanplekke naby die dorp is daar ook nog die oorspronklike Troon van Moroka, waar onderhandelinge met die Voortrekkers plaasgevind het, en die graf van die ou Barolong-kaptein.

Die voorgestelde plek was die presiese terrein waar die eerste Trekkers gestaan het, geleë sowat 'n myl van Thaba 'Nchu-stasie op die Bloemfontein-Durban-hooflyn, 'n halfmyl van die grootpad. Die terrein bestaan ongeveer 100 morge en is die eiendom van die Regering. Die Stadsraad van Thaba 'Nchu het besluit om vir water, sanitasie, ens. op die terrein te sorg.

**Bevindinge van die Situs-komitee**[27)]

Thaba 'Nchu was die vergaderplek van die Voortrekkers en op hulle staanplek te Morokashoek is daar ook nog grafte van die Voortrekkers te sien. Na die Slag van Vegkop is die Trekkers, wat daar al hulle vee verloor het, met behulp van die Barolongs na Thaba 'Nchu teruggebring. Daar is die eerste Raad gevorm en dit was eers later dat die laers na Vetrivier verskyf het. Vlak by Thaba 'Nchu is die plek waar Moroka gewoon en die Voortrekkers ontvang het. Omdat Moroka ons voorouers so 'n groot diens bewys het, het die nageslag enige jare gelede daar 'n Ereskuld-kerkie opgerig.

Die terrein is 'n groot vlakte tussen die stasie en die dorp, waarvan die bodem vas en vir bouwerk geskik is, maar die uitsig op die dorp en Bantoewoonbuurt is onbevredigend. Bowendien is die terrein in die Bantoegebied geleë. 'n Ander terrein op 'n heuwel naby die dorp is ewe ondoeltreffend. Water, lig en sanitasie sou deur die munisipaliteit voorsien moes word.

Die terrein is 'n halfmyl van die spoorwegstasie op die Bloemfontein-Durban-spoorweglyn en twee en veertig myl oos van Bloemfontein.

27) S.V.K., Situs-komitee, op.cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### (iii) Blijdevooruitzicht

**Memorandum van die Drakensbergse Voortrekker-monument-komitee.**[28]

By Winburg het die Voortrekkers besluit om na Natal te gaan met die oog op die verkryging van ŉ eie hawe. Hulle het Kerkenberg (Binghamsberg) in Oktober 1837 bereik. Hier het hulle vyf weke lank gewag terwyl Retief vooruitgegaan het na Dingaan. Hier, op die grens van hulle toekomstige tuiste, het hulle gestaan op die vooraand van die moord op Retief en sy manne, een van die belangrikste insidente uit die Voortrekkergeskiedenis.[29] Eindelik op 11 November het ŉ brief van Retief die wagtende Trekkers bereik met die verblydende nuus dat hulle Natal kon binnetrek. Uit twee insidente sien ons die blydskap van die Voortrekkers. Die een is dat Erasmus Smit die plek waar die Trek toe gestaan het "Blijde Vooruitzicht" genoem het. Die ander is dat Retief se dogter, Debora, haar vader se naam en die datum 12 November 1837 op ŉ groot rots geskilder het. Op 13 November het die derde skof van die Trek begin en aan die einde van daardie dag was drie en twintig waens bo-op die Drakensberge. Dit is op hierdie plek, die bo-end van Blijdevooruitzicht, waar die monument sou staan. Hier het die Voortrekkers hulle doel bereik. Natal, hulle nuwe tuiste, het aan hulle voete gelê en hulle was vervul met moed vir die toekoms. In die lang lydensgeskiedenis van die Voortrekkers was daar geen ander plek waar hulle ŉ "blijde vooruitzicht" gehad het nie.

Die plek is maklik bereikbaar want dit is slegs drie myl van die hoofweg tussen Harrismith and Oliviershoek (Johannesburg-Durban-hoofweg) en vyf en twintig myl van Harrismith. Hierdie kortpad sou later geteer word.

Dat Blijdevooruitzicht die mees sentrale plek is met betrekking tot die geskiedenis van die Groot Trek, blyk baie duidelik. As ŉ sirkel op ŉ landkaart getrek word met hierdie plek as middelpunt en die afstand na Pretoria as straal, dan sluit die sirkel ŉ streek in waarin al die grootste dade van die Voortrekkers plaasgevind het. Die monument sou buitendien staan tussen twee republieke wat deur die Voortrekkers gestig

---

28) S.V.K.,Drakensbergse Voortrekkermonument-komitee,Memorandum vir die bou van die Monument op Blijdevooruitzicht.
29) Vergelyk:Preller, G.S., <u>Piet Retief</u> (1912),pp.289-290.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is naamlik Natal en die Oranje-Vrystaat. Reguit gemeet, is die plek omtrent honderd en sewentig myl van Johannesburg, honderd en sewentig myl van Durban en honderd vyf en sewentig myl van Bloemfontein geleë.

Die omgewing het van die mooiste natuurskoon wat in Suid-Afrika te sien is. Die Nasionale Park daar vlakby lok jaarduisende besoekers. Die monument sou van baie ver te sien wees. Volgens die oordeel van die Voortrekkers self was daar in hulle ondervinding geen skoner landskap as wat hulle hier aanskou het nie. Toe Piet Retief en die Kommissie die berg af was op weg na Port Natal skryf hy op die sewende Oktober terug „dat hul van die hoogte van die berg af die skoonste landstreke in oënskou gehad het wat hy nog ooit in Afrika gesien het".[30] Hier sou die monument op die hoogste punt van die trekpad staan en sou die Afrikaner nuwe visioene kon kry waar die hoogtes hom heenwys na verhewe toekomsideale vir sy volk. Die Voortrekkers was kinders van die veld en daarom moet hulle monument nie in of naby ŉ stad of dorp staan nie.

Die Israeliete het ŉ monument opgerig „as ŉ aandenking vir die kinders van Israel vir altyd"[31] op die plek waar hul die Jordaan deur is en nie binne-in die land Kanaän nie. Die Pelgrimvaders se landingsplek in Amerika (1620) word aangedui deur ŉ reusagtige gedenknaald. Ook Jan van Riebeeck se standbeeld in Kaapstad staan op die plek waar hy aan wal gestap het.

## Bevindinge van die Situs-komitee[32]

Nie ver van die plek nie is die Retiefklip waar Piet Retief se dogter, Debora, haar vader se naam op ŉ groot rots met verf geskryf het, met die datum 12 November 1837, wat Piet Retief se sewe en vyftigste verjaarsdag was.[33] Die pad

30) Ibid., p.144.
31) Die Bybel, Josua 4:7.
32) S.V.K., Situs-komitee, op.cit.
33) In sy dagboek skryf Erasmus Smit op 13 November 1837 in verband hiermee as volg: „Mijne vrouw, C. Liebenberg en ik, gingen op den Kerkenberg, om 't schoone natuurstuk in die rotssteenen te beschouwen. Drie aaneengrenzende ruimten, die, als wij hier langer gebleven waren, met weinig moeite tot eene kerk of plaats van Godsdienstige bijeenkomst konden gemaakt zijn. Ziedaar de reden waarom wij deze legerplaats Kerkenberg genoemd hebben. Die naam van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat die Voortrekkers oor die berge geneem het, en wat nog te sien is, loop vlakby die terrein verby en vandaar het hulle vir die eerste keer die „beloofde land" Natal gesien. Daar is op gewys dat dit paslik sou wees om die Volksmonument daar op die grens tussen die Vrystaat en Natal te plaas - een 'n oorwegend Afrikaanssprekende provinsie en die ander oorwegend Engelssprekend. In daarde omgewing het die Voortrekkers enige weke gekampeer. Die naam „Blijde Vooruitzicht" is deur eerwaarde Erasmus Smit aan die vallei gegee waar die Voortrekkers lank gekampeer het en die aangebode terrein is vlak by hierdie vallei.

Die terrein is pragtig geleë en bied skitterende vergesigte oor 'n inspirerende natuurskoon. Vaste sandsteenrots vorm die bodem. Water, elektrisiteit en sanitasie sou self voorsien moes word. Die vrees was egter dat die grootsheid van die natuur die monument aldaar sou oorweldig.

Die terrein is vier en twintig myl van Harrismith en drie en 'n half myl van die Johannesburg-Durban hoofweg oor Oliviershoek.

### (iv) Vegkop

#### Brief van die Vegkop-Heilbron-monument-komitee[34)]

Uit 'n geskiedkundige oogpunt beskou, kan Vegkop aanspraak daarop maak om deur 'n monument verewig te word, aangesien die Slag by Vegkop (1836) werklik die eerste slag was waar „Beskawing" oor „Barbarisme" geseëvier het.

Vegkop is reeds deur die Regering vanweë sy geskiedkundige waarde aangekoop.

#### Bevindinge van die Situs-komitee[35)]

Hier het die eerste botsing op 2 Oktober 1836 met die naturelle plaasgevind toe ses en dertig Voortrekkers onder aanvoering van Sarel Celliers die aanvalle van Silkaats se

onzen waardigen Goeverneur is met gewone olieverf,door zijn Ed. dochter Debora, op zijn Ed. 57 sten verjaardag binnen in de rots geschreven en daar deze gewulfsgewijze maar binnen overhelt, zal 't niet licht uitregenen of uithagelen."

34) S.V.K., Vegkop-Heilbron-monument-komitee,Brief: Sekr., Vechtkopmonument-komitee aan Sekr., Voortrekkermonument-komitee (Afd. O.V.S.), 3.6.1936.(B.H.J.v.R.-versameling).

35) S.V.K., Situs-komitee, op.cit.

hordes afgeslaan het. Hoewel die Voortrekkers die oorwinning behaal het, is al hulle vee en trekdiere weggevoer en dit was met behulp van Moroka dat hulle terug na Thaba 'Nchu vervoer is. 'n Klein gedenkteken is in die tagtigerjare daar opgerig. Nie ver daarvandaan nie is die graf van P. Botha en N. Potgieter wat in dié slag gesneuwel het. Ook is daarop gewys dat dit met die Slag van Vegkop was dat die Voortrekkers geleer het om slegs op God te vertrou, en dit het gelei tot die gelofte wat later op Danskraal afgelê is. Hier het hulle die doeltreffendheid van die wa-laer as verdedigingsmiddel ook leer ken.

Die terrein is hoog geleë dog deel van 'n groter plato en nie mooi alleenstaande nie. Die uitsig oor die slagveld en omliggende omgewing is mooi. Die bodem is vaste rots, maar die vorm van die rots is nie geskik vir 'n monument nie. Water, lig en sanitasie sou self verskaf moes word.

Die terrein wat taamlik afgeleë is, is veertien myl van Heilbron en omtrent tien myl van 'n spoorweghalte wat Heilbron en Lindley verbind. Die terrein lê sowat 'n kwart myl van die Heilbron-Lindley-pad.

### (v) Bloemfontein

**Memorandum van Bloemfontein en die Suidelike Vrystaat** 36)

Die Suidelike Vrystaat was die eerste grondgebied waar die Voortrekkers vry was. Die Vrystaat het ook sy geskiedkundige aandeel in die Voortrekkergeskiedenis, ook sy gedenkwaardige plekke, maar dit sou onprakties wees om die monument op een van dié plekke te wil hê, en dan sou dit buitendien slegs by benadering op die oorspronklike plek staan. Die monument moes nie 'n monument vir die plek van een bepaalde gebeurtenis wees nie, maar 'n Voortrekkermonument vir die volk.

Daarom was dit nodig dat die mees sentrale plek in Suid-Afrika uitgekies sou word waarheen die reisgeriewe die beste is, die meeste konferensies, kongresse en so meer gehou word en waar toeriste deurreis. Hiervoor is Bloemfontein bekend.

---

36) S.V.K., Memorandum van Bloemfontein en die Suidelike Vrystaat, wat die volgende dorpe insluit: Bethulie, Fauresmith, Jagersfontein, Philippolis, Reddersburg, Smithfield, Trompsburg en Zastron.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bloemfontein is die sentrum van Suid-Afika en die hoofstad van die Voortrekkerprovinsie - die enigste provinsie waarvan die bevolking vandag nog byna uitsluitend nasate van die Voortrekkers is. Al die paaie en spoorweë kom op Bloemfontein byeen.

Die Bloemfonteinse Stadsraad was gewillig om Seinheuwel vir die monument af te staan en ook geriewe beskikbaar te stel, maar was nie gewillig om 'n terrein op Naval Hill af te staan nie omdat 'n groot Voortrekkermonument 'n uitsaaistasie daar onmoontlik sou maak en die Stadsraad gemeen het dat Bloemfontein se aanspraak om die groot sentrale uitsaaistasie van Suid-Afrika te kry, besonder sterk was.[37)]

**Bevindinge van die Situs-komitee**[38)]

Bloemfontein het sy ontstaan te danke aan die feit dat die terrein in 1846 deur kaptein Warden gekies is as die plek waar die Britse Residensie gevestig moes word, toe hy as Britse Resident van daardie dele aangestel is. In die vroeë Voortrekkerperiode van die Vrystaatse geskiedenis speel Bloemfontein 'n belangrike rol, en selfs Andries Pretorius het ook daar opgetree, toe hy Warden verplig het om die plek in 1848 te verlaat, in welke jaar die Slag van Boomplaats dan ook plaasgevind het. Uit nasionale oogpunt beskou, het Bloemfontein groot betekenis as middelpunt en konferensiestad en die Vrouemonument staan in sy onmiddellike nabyheid.

'n Besonder geskikte plek is aangebied. Seinheuwel lê in die mooiste gedeelte van die stad en bied 'n pragtige uitsig oor Bloemfontein. Die terrein is baie toeganklik en indien die pad verbeter sou word, kon die kruin per motor bereik word. Die bodem is vaste rots en kon met min koste gelyk gemaak word. Die monument sou 'n besonder mooi vertoning daar maak. Natuurtuine sou maklik aangelê kon word. Lig, water en sanitasiedienste sou deur die munisipaliteit verskaf word.

Bloemfontein is die mees sentraal geleë stad in Suid-Afrika.

---

37) <u>Die Volksblad</u>, 22.7.1936.
38) S.V.K., Situs-komitee, <u>op.cit</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## (c) TRANSVAAL

In Transvaal het die volgende plekke aanspraak op die Voortrekkermonument gemaak :

### (i) Pretoria

**Memorandum van die Pretoriase Voortrekkermonument-komitee** 39)

Dit was na Transvaal waarheen die voormanne van die Trek hulle, na die teleurstellings elders, gewend het en hier het veral Pretorius en Potgieter die werk gedoen wat so nodig was om die nuwe staat te vorm en te grondves. Sonder Transvaal was die welslae van die Trek nie moontlik nie; sonder Transvaal moes die Trek doodloop. Dit moet aan Potgieter se houding toegeskryf word dat die Voortrekkers die geleentheid gekry het om vanaf 1838 tot 1852 sonder bemoeiing van buite gelaat te word, terwyl dit die werk van Pretorius was wat die hoogste ideaal van die Voortrekkers verwesenlik het, naamlik die vryheid van 1852. Die vryheidsgedagte het daarna in Suid-Afrika onsterflik geword. Die Voortrekkermonument moes in Transvaal staan, want hier het die Voortrekkers self ʼn geleentheid geskep om hulle hoogste ideaal uit te leef. En sou die monument in Transvaal opgerig word, moes dit in Pretoria staan omdat daar voor die stigting van Pretoria geen sentrale regeringstelsel was nie. Eers moes die Voortrekkers verenig om werklik opgewasse te wees vir die taak waartoe hulle geroepe was. Toe die vereniging gekom het, het Pretoria die hoofstad en die setel van die Regering geword. In die jaar toe Andries Pretorius oorlede is, het P.J. Potgieter en M.W. Pretorius, seuns en opvolgers van die twee beroemde Voortrekkerleiers,geywer vir die stigting van so ʼn sentrale regeringstelsel. Hierdie plan is in 1855 gedeeltelik verwesenlik toe Pretoria as dorp gestig is en ʼn paar jaar later die hoofstad van die Trekkerstad geword het. As die bestaan van Pretoria tot die verwesenliking van die idee van Boere-eenheid bygedra het, dan is aan Pretoria die diepste historiese betekenis verbonde in verband met die Groot Trek. Pretoria heet na Andries Pretorius, die held van Bloedrivier en die man van Sandrivier. President Paul Kruger, self ʼn Voortrekker, se naam staan onafskeidelik in die geskiedenis verbind aan Pretoria. Pretoria se oorspronklike naam sou

---

39) S.V.K., Pretoria Voortrekkermonument-komitee,Memorandum.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretoria Philidelphia gewees het om te toon dat die Voortrekkers tot werklike broederskap gekom het. Eers in Transvaal slaag die Trek en eers in Pretoria word die eenheid om die sukses te bestendig,verwesenlik.

### Memorandum van die Stadsraad van Pretoria[40)]

Die monument heet die Voortrekkermonument. In Transvaal het die Voortrekkers hulle hoogste ideaal bereik - die vryheid (1852). Drie jaar later is Pretoria aangelê, wat kort daarna die hoofstad van die verenigde republiek geword het. Pretoria dra die naam van Andries Pretorius, die held van Bloedrivier. Baie Voortrekkers en Voortrekkerleiers staan in noue verband met Pretoria.

Pretoria is sentraal geleë en maklik bereikbaar; dit is in die digsbevolkte deel van die land en staan trouens op die program van die meeste reisigers van Suid-Afrika en oorsee. 'n Voortrekkermonument te Pretoria sou 'n lewende monument wees. Die Voortrekkermonument moes 'n ereplek kry in die ou hoofstad van die noordelike republiek van die Voortrekkers en huidige administratiewe hoofstad van Suid-Afrika.

Die Pretoriase Stadsraad het verskillende persele aangebied waar die monument gebou sou kon word, onder meer Wonderboomkop, Skanskop, Klapperkop, of byna enige plek wat goedgekeur sou word.[41)]

### Ander Aansprake namens Pretoria

#### Pretoria-Oos Tak van die Suid-Afrikaanse Vroue-federasie[42)]

Met die oog op toekomstige volksfeeste sou Pretoria die geskikste wees.

#### Transvaalse Onderwysersvereniging-tak, Pretoria[43)]

Die grootste deel van die afstammelinge van die stoere Voortrekkers woon in Transvaal, terwyl die grootste deel van die bewoners van Natal nie simpatiek gesind sou wees teenoor

---

40) S.V.K., Stadsraad van Pretoria, Memorandum: Pretoria en die Voortrekkermonument.
41) <u>Die Huisgenoot</u>, 25.11.1949.
42) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., Pretoria-Oos tak, S.A.V.F. aan Sekr., S.V.K., 2.6.1936.
43) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., Pretoria T.O.-tak aan Sekr., S.V.K., 11.5.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Voortrekkermonument nie met die gevolg dat dit moontlik aan verwaarlosing oorgelaat sou word.

**Harmonie Kultuurkring**[44)]

Pretoria het uiteindelik die permanente hoofstad van die baanbrekers geword, hier is die strewe van die Voortrekkers vir ŉ onafhanklike standplaas verwesenlik en hiervandaan is die Afrikanerideale wyd en syd uitgesprei.

**Suid-Afrikaanse Vroue-federasie, Transvaal**[45)]

Vanuit ŉ besigheidsoogpunt beskou, sou daar aansienlike besparings wees met die vervoer van die benodigde boumateriaal, omdat alles (marmer, wit graniet, sement, ens.) in die onmiddellike omgewing van Pretoria beskikbaar is.

**Die Afrikaanse Kultuurraad, Pretoria**[46)]

Die Noorde gee in ŉ groter mate as enige ander deel van ons land die gees weer wat ons stoere voorouers besiel het.

**Die Binnemuurse tak, Universiteit van Pretoria, van die Afrikaans-Nasionale Studentebond** [47)]

As moontlike plek vir die oprigting van die Volksmonument in Pretoria is aanbeveel die oop ruimte voor die Ou Letteregebou op die Universiteitsterrein.

**Die Afrikaanse Spaarklub, Pretoria** [48)]

Pretoria is die hoofstad wat gekies is deur dieselfde Voorvaders wat deur die oprigting van die monument geëer sou word.

## Bevindinge van die Situs-komitee[49)]

Pretoria is in 1855 gestig, byna twintig jaar na die Trek.

---

44) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., Harmonie Kultuurkring aan Sekr., S.V.K., 15.5.1936.
45) B.H.J.v.R., Brief: Sekr.,S.A.V.F. aan Sekr.,S.V.K. 8.5.1936.
46) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., Afrikaanse Kultuurraad, Pretoria aan Sekr., S.V.K., 29.4.1936.
47) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., A.N.S.-tak (U.P.-Binnemuurs) aan Sekr., S.V.K., 6.5.1936.
48) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., Afrikaanse Spaarklub,Pretoria aan Sekr., S.V.K., (Ongedateerd).
49) S.V.K., Situs-komitee, op.cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit dra die naam van Andries Pretorius - ŉ naam verbonde aan Bloedrivier en geskiedkundige gebeurtenisse in Natal, die Vrystaat en Transvaal. Hier was, na al die moeilikhede en rondswerwinge, ŉ tydelike uitlewing van die Voortrekker-ideale moontlik. Hoewel Pretoria hoofsaaklik ŉ natrekse stad is, is die Trekaspirasies van vryheid ongeveer vyftig jaar daar gekoördineer en gekonsoldeer. Daar lê etlike vooraanstaande Voortrekkers begrawe. Vir baie jare is Pretoria selfs in die buiteland beskou as die middelpunt waarop die hele Voortrekkergeskiedenis uitgeloop het. Die naam van Paul Kruger, wat die Groot Trek as kind meegemaak het, is onafskeidbaar aan Pretoria verbind.

Die terrein is ten suide van Pretoria geleë vanwaar mooi uitsigte verkry word oor Pretoria, die Randse heuwels van Krugersdorp tot Benoni, die Premiermyn en die Magalies- en Waterberge. Die terrein vorm deel van ŉ natuurlike park wat strek vanaf Robertshoogte (latere Voortrekkerhoogte) tot oos van Klapperkop en wat die Fonteine insluit. Die aangebode heuwel lê wes van Skanskop en het die vereiste grootte, is van goeie vorm, is maklik toeganklik en het ŉ vaste lei- en klipbodem. Die omgewing is ruim genoeg en geskik vir uitkamp. Water, elektrisiteit en sanitasiegeriewe sou deur die munisipaliteit verskaf word.

Die terrein is teen Skanskop in die natuurpark van Pretoria geleë. Die terrein is vlak teen die Pretoria-Johannesburg-pad omtrent twee myl van die stadshuis. Die plek is in die digsbevolkte deel van Suid-Afrika.

**(ii) Potchefstroom**

**Memorandum van die Stadsraad van Potchefstroom**[50)]

Die man wat veral verantwoordelik was dat Transvaal ŉ verblyfplek vir die emigrante geword het, was Andries Hendrik Potgieter wat ook die stigter van Potchefstroom as hoofstad van Transvaal was. In die ou hoofstad van die Z.A.R. moes die monument opgerig word om te simboliseer dat die Voortrekkers hulle hier vir die eerste keer op ŉ plek gevestig het waar hulle waarskynlik hulle groot ideaal bereik het en waar

---

50) S.V.K., Stadsraad van Potchefstroom,Memorandum van redes waarom die Voortrekkermonument op Potchefstroom behoort opgerig te word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Vierkleur ontwerp is.

Potchefstroom is ook die plek waar die monument die mees sentrale sou wees vir Afrikaners van alle dele van Suid-Afrika - selfs tot aan die Zambesi. Die voorgestelde bouterrein hier sou nie slegs 'n skoon uitsig op die monument kon lewer nie, maar sou ook in die nabyheid van 'n groot hoeveelheid bouklip van die beste gehalte wees en staanplek aan feesvierendes bied. Die terrein is naby die spoorwegstasie en aan die nasionale hoofweg tussen Kaapstad en Pretoria. Daar is ook ruim grond vir die landing van vlieguie. Die Stadsraad het ook vir die oprigting van hierdie volksmonument alle moontlike fasiliteite aangebied.

Die eerste terrein van onbeperkte grootte is geleë bo-op die bult naby die waterwerke langs die hoofweg tussen Potchefstroom en Ventersdorp vyf myl buite Potchefstroom. Die afstand van die terrein na die nasionale hoofweg tussen Pretoria en Kaapstad is vyf myl. Die naaste lughawe is op Vyfhoek, ongeveer tien myl van die terrein, terwyl Potchefstroomstasie ongeveer vyf myl van die terrein is. Drinkwater vir mens en dier is beskikbaar. Die terrein wat aan die munisipaliteit behoort, sou gratis geskenk word.

Die alternatiewe terrein is regoor die Potchefstroom-dam op weg na Boskop naby 'n groot hoeveelheid bouklip van die beste gehalte geleë. Die terrein is vyf en twintig morge groot en ongeveer drie myl van die nasionale hoofweg tussen Pretoria en Kaapstad, en ongeveer vyf myl van Potchefstroom-stasie. Ook die lughawe is naby die terrein geleë. Die terrein, wat oor drinkwater beskik en ook vir kampeerplek voorsiening maak, was op grond onder beheer van die Raad van Beheer van Vyfhoek, en sou geskenk word.

## Bevindinge van die Situs-komitee[51)]

Potchefstroom is ook een van die eerste dorpe deur die Voortrekkers gestig, en heet na sy stigter, A.H. Potgieter. Dit was die eerste hoofstad van Transvaal. Dit was ook die handel-sentrum van die Voortrekkers wat van alle dele uit die Noorde daar kom handeldryf het, vernaamlik in ivoor en koring. Die plek waar die meul gestaan het, kan nog aangewys word.

51) S.V.K., Situs-komitee, op.cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Potchefstroom lê ook op die Voortrekkerpad na die Noorde. Die onafhanklikheidsoorlog van 1880 het daar begin en daar word nadruk gelê op die feit dat geen ander dorp in Transvaal nouer verbonde staan met die geskiedenis van die Voortrekkers as juis Potchefstroom nie.

Die twee plekke deur die Stadsraad aangewys, was totaal ongeskik. 'n Verdere terrein deur die komitee aangewys, is wel geskik, maar niks besonders nie. Die monument sou wel van pas gemaak kon word. Uitsigte oor Potchefstroom en die omliggende landstreek is goed. Die bodem bestaan uit vaste rots. Water, lig en sanitasie sou deur die munisipaliteit verskaf word.

Die terrein is drie myl van die stadhuis geleë en lê op die hoofweg en spoorweg tussen Johannesbueg en Kaapstad oor Kimberley. Die dorp is honderd en tien myl suidwes van Pretoria geleë.

### (iii) Ohrigstad

#### Memorandum van die Ohrigstadse Dingaansfees-kommissie 52)

Die Groot Trek van Potgieter het hier ten einde geloop. Toe Ohrigstad verlaat moes word, is een deel Lydenburg toe en die ander deel na Schoemansdal. Die Trek wat hom hier gevestig het, het die grootste vryheids- en onafhanklikheidsgees geopenbaar deur sy regstreekse verbinding met die see en sodoende met Europa. Ohrigstad was die regeringsetel van die verste punt van die Groot Trek. Hier het baie hulle lewe gelaat vir hulle strewe na vryheid. Hier is die ou Voortrekkergrafte wat van stryd en lyding getuig, hier is nog die gedeeltes van die ou laer wat uit daardie dae dateer.

Ohrigstad lê wel 'n bietjie eenkant, maar as die monument daar opgerig sou word, sou dit besoek word. Die pragtige natuurskoon en ligging aan een van die paaie na die Wildtuin sou dien as aansporing om die monument te besoek.

---

52) S.V.K., Ohrigstadse Dingaansfeeskommissie, Memorandum vir die oprigting van die Voortrekkermonument te Ohrigstad. (Ohrigstad het slegs aanspraak gemaak op die Voortrekkermonument indien die monument nie by Bloedrivier opgerig sou word nie).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Bevindinge van die Situs-komitee**[53)]

Omdat generaal Potgieter en sy mense graag naby die Portugese seehawe Delagoabaai sou wees, het hulle omstreeks 1843 Potchefstroom verlaat en in die Laeveld noord-oos van Lydenburg 'n nuwe dorpie gaan stig. Hierdie dorpie is na Potgieter en die hoof van die handelshuis in Holland wat vanaf die Natalse dae in die Voortrekkers belang gestel het, genoem. Hier het hulle 'n jaar of vyf gewoon, dog die koors het hulle verdryf. Een groep het die dorp Lydenburg aangelê as 'n herinnering aan die lyding in Ohrigstad verduur, terwyl die ander na Soutpansberg getrek het en Schoemansdal in 1849 aangelê het. Die bouvalle van die merkwaardige fort deur die Voortrekkers gebou ter verdediging teen die inboorlinge is vandag nog te sien.

Die aangebode terrein bied mooi uitsigte na twee kante op Ohrigstad en die nedersetting, maar word omring deur hoër rante. Die terrein is nie mooi alleenstaande nie. Die bodem is vaste rots. Water, lig en sanitasie sou self voorsien moes word.

Ohrigstad lê sowat dertig myl noord van Lydenburg, en ongeveer twaalf myl weg van die hoofweg wat Lydenburg met Pelgrimsrust verbind. Die plek is afgeleë.

**(d) KAAPPROVINSIE**

Die verskillende plekke in die Kaapprovinsie wat moontlik kon aanspraak maak op die Voortrekkermonument is nie deur die Kaaplandse Provinsiale Komitee gevra om hulle aansprake voor te lê nie, en nadat die voorsitter van die S.V.K. deur die pers die verskillende liggame en plekke wat gemeen het dat hulle aanspraak op die monument kon maak, versoek het om hulle aansoeke direk aan die S.V.K. voor te lê, is daar geen sodanige aansprake uit die Kaapprovinsie ontvang nie.[54)]

**3. <u>SITUS-KONFERENSIE, 6 OKTOBER 1936</u>**

Op 6 Oktober 1936 is die konferensie wat besluit het oor die plek waar die Voortrekkermonument opgerig sou word in die Voortrekker-Gedenksaal te Pretoria gehou.[55)]

---

53) S.V.K., Situs-komitee, <u>op.cit</u>.
54) S.V.K.,Brief: Sekr.,K.P.K. aan Sekr., S.V.K. 3.6.1936.
55) S.V.K., Notule, 5.10.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## (a) SAMESTELLING VAN DIE KONFERENSIE

Die Konferensie het bestaan uit die lede van die S.V.K. en twee verteenwoordigers van elke Provinsiale Komitee.

Die volgende lede van die S.V.K. was teenwoordig : Adv. E.G. Jansen (voorsitter), mnr. J.J. Scheepers (sekretaris), mnr. I.M. Lombard (penningmeester), proff. S.P. Engelbrecht en T.J. Hugo, ds. Wm. Nicol, sen. A.T. Spies, dr. Gustav Preller, mev. S. Broers, mnr. B.H.J. van Rensburg, Jac. J. Coetzer, C.M. Booysen, I. van der Wath (Sekundus vir kol. W. Nussey), en L.W. Hiemstra (Sekundus vir dr. N.J. van der Merwe),sen. F.S. Malan, ds. Paul Nel, komdt. O.A. Davel en mnr. T.M. Wadley (laasgenoemde vier was regeringsverteenwoordigers op die S.V.K.). Die argitek van die monument, mnr. Gerard Moerdyk, het ook die konferensie bygewoon.[56)]

Die verteenwoordigers van die verskillende Provinsiale Komitees was die volgende : Natal: Drr. G.S. Nienaber en L.S. Steenkamp; Oranje-Vrystaat : Ds. I.D. Krüger en mev. M. Visser; Transvaal : Mev. (dr.) G. Preller en prof. F.J. Labuschagne; en die Kaapprovinsie : Adv. J.H. Conradie en mnr. W.H. Louw.[57)]

## (b) PRETORIA WORD GEKIES

Aanvanklik moes besluit word of die monument in 'n plattelandse of stedelike gebied geplaas moes word.

Na lang besprekings het dr. Preller voorgestel dat Weenen, Ohrigstad, Bloedrivier, Blijdevooruitzicht, Thaba 'Nchu en Vegkop geëliminieer word op grond van die oorweging van bereikbaarheid. Hierdie voorstel is met vier en twintig stemme teen een aanvaar.[58)] Daar het dus die volgende ses plekke oorgebly : Pretoria, Pietermaritzburg, Danskraal (Ladysmith), Winburg, Bloemfontein en Potchefstroom.

Na verdere bespreking is op voorstel van senatore Malan en Spies[59)] besluit om per geslote stembriefies tussen hierdie ses plekke te stem en wel op so 'n wyse dat by elke stemming die plek wat die minste stemme kry uitval totdat eindelik tussen

---

56) S.V.K., Naamlys van afgevaardigdes na die Konferensie om die plek te bepaal waar die monument moes kom.
57) <u>Ibid</u>.
58) S.V.K., Notule van Situs-konferensie, 6.10.1936.
59) <u>Ibid</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



twee plekke gestem sou word.[60] Elke lid van die konferensie moes by elke stemming slegs <u>een</u> keuse uit die groslys maak.[61]

By die eerste stemming het Bloemfontein, Potchefstroom en Danskraal (Ladysmith) elk geen stemme gekry nie en dus uitgeval. Oor die oorblywende drie plekke is soos volg gestem: Pietermaritzburg 6, Winburg 8 en Pretoria 12. Pietermaritzburg het dus uitgeval.[62]

Die uiteindelike keuse was dus tussen Winburg en Pretoria. Die finale keuse het met 14 teen 12 stemme op Pretoria geval.[63]

Sen. F.S. Malan en ds. Wm. Nicol was verantwoordelik vir die stemtelling. Mnr. Moerdyk was slegs in adviserende hoedanigheid teenwoordig en het nie aan die stemming deelgeneem nie.[64]

## (c) NATALSE PROVINSIALE KOMITEE MAAK BESWAAR

Geen bepaalde opdragte is aan die Natalse afgevaardigdes na die konferensie gegee nie, maar hulle moes handel in die gees van die opvatting wat deur die meerderheid van die lede van die Natalse Provinsiale Komitee gehuldig is.[65] Tydens die konferensie het dit egter geblyk dat daar 'n misverstand tussen die S.V.K. en die Natalse Provinsiale Komitee bestaan het rakende die samestelling van die konferensie wat oor die plek moes besluit en wel so dat die S.V.K. beweer het dat die keuse gemaak moes word deur 'n konferensie van 'n gelyke aantal lede uit die vier Provinsiale Komitees in samewerking met die S.V.K., terwyl die Natalse Provinsiale Komitee gemeen het dat die konferensie moes bestaan het uit 'n gelyke aantal verteenwoordigers van die vier provinsies.

Prof. J.J. le Roux, ondervoorsitter van die Natalse Provinsiale Komitee, was ontevrede met die keuse van Pretoria as plek vir die Voortrekkermonument omdat die S.V.K. hoofsaaklik

60) E.G.J., F.III.8.e.(k).,Brief: Voors., S.V.K. aan Minister van Binnelandse Sake, 19.10.1936.
61) S.V.K., Notule van Situs-konferensie, 6.10.1936.
62) E.G.J., F.III.8.e.(k)., Brief: Voors., S.V.K. aan Minister van Binnelandse Sake, 19.10.1936.
63) S.V.K., Notule van Situs-konferensie, 6.10.1936.
64) <u>Ibid</u>.
65) J.H.S., Notule van N.V.M.K., 5.9.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uit Transvalers bestaan het en dit dus vir hulle onmoontlik was om oor die situs te besluit. Verder het adv. Jansen by 'n vroeër geleentheid aan hom geskrywe dat die situs deur 'n konferensie van afgevaardigdes van die Provinsiale Komitees vasgestel sou word waarin die provinsies gelyke verteenwoordiging sou hê. Op 25 Februarie 1935 is hy egter deur die sekretaris van die S.V.K. ingelig dat die plek waar die 1938-Voortrekkermonument opgerig sou word, nie deur die S.V.K. bepaal sou word nie, dog dat 'n gelyke aantal lede uit die vier provinsiale komitees, in samewerking met die S.V.K., 'n klein konferensie sou hou om te besluit waar die monument geplaas sou word.[66)]

Volgens prof. Le Roux is dit uit hierdie geskiedenis duidelik dat die besluit om die monument by Pretoria te plaas, nie geneem is deur 'n konferensie waarin die vier provinsies gelyke verteenwoordiging geniet het nie, (die meeste S.V.K.-lede was Transvalers)en dat die uitdruklike belofte van die S.V.K. aan Natal, op grond waarvan georganiseer en fondse ingesamel is, geskend is.[67)]

As protes het prof. Le Roux sy bedanking as lid en ondervoorsitter van die Voortrekkermonument-komitee (Afdeling Natal ingedien. Drr. G.S. Nienaber en L.S. Steenkamp het hulle met hierdie argumente vereenselwig en het ook bedank, maar toe hierdie here later versoek is om hulle bedankings terug te trek, het dr. Steenkamp daartoe ingestem.[68)]

Na aanleiding van die kritiek oor die samestelling van die konferensie het adv. E.G. Jansen 'n persverklaring uitgereik waarin hy onder andere op die volgende gewys het :

Daar is herhaalde kere gepraat van 'n konferensie van die S.V.K., met gelyktallige verteenwoordigers van die Provinsiale Komitees en in die briefwisseling met die Regering is dit ook so gestel en deur die Minister goedgekeur. Die S.V.K. kon hom nie ontdoen van sy verantwoordelikheid nie en wat ook al die belofte was, die posisie het deur die toevoeging van die regeringsverteenwoordigers in die S.V.K. verander. Die gevoel was dat die S.V.K. geen reg gehad het om sy pligte oor te dra aan 'n heeltemal ander liggaam nie en daarom is besluit om die

66) <u>Die Volksblad</u>, 12.10.1936.
67) <u>Ibid</u>.
68) E.G.J.,F.III.8.d.(b)., Notule van die Natalse Provinsiale Komitee, 17.10.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



konferensie te laat plaasvind tussen die lede van die S.V.K. en die verteenwoordigers van die Provinsiale Komitees. Toe die konferensie op 6 Oktober plaasgevind het, is daar van geen kant protes ingedien oor die prosedure wat gevolg is nie. As voorsitter het hy (adv. Jansen) geglo dat die afgevaardigdes van die Provinsiale Komitees hulle by die besluit neergelê het wat die S.V.K. die vorige dag geneem het. Die lede van die S.V.K. is gekies, nie as verteenwoordigers van die een of ander provinsie nie, maar as Afrikaners, om die nodige werk te doen. Dit is jammer dat die kwessie van provinsies ooit in hierdie verband geopper is. As voorsitter het adv. Jansen nie gestem nie, maar as hy moes gestem het, sou dit vir Pietermaritzburg gewees het. Vir hom persoonlik was die keuse ook 'n teleurstelling, maar hy het hom daarby neergelê want dit gaan nie oor een of ander plek nie, maar oor die eer van die Voortrekkers. Verder is dit miskien goed om mee te deel dat van die ses en twintig persone wat oor die saak gestem het, net tien in Transvaal gewoon het.[69)]

Die Natalse Provinsiale Komitee het 'n memorandum, opgestel deur prof. Le Roux, dr. Steenkamp en mnr. Eagle, aan die Minister van Binnelandse Sake gestuur met die versoek dat die Regering die hele saak na die S.V.K. vir heroorweging moes terug verwys in die lig van die beloftes aan die Natalse Provinsiale Komitee gegee.[70)]

Of hierdie voorgestelde prosedure wel die gewenste uitwerking sou gehad het as die Regering die versoek toegestaan het, val sterk te betwyfel. Dit sou moontlik juis provinsialisme wat elkeen wou vermy, in die hand gewerk het, en dit sou maklik daartoe kon lei dat die uiteindelike beslissing slegs by die Kaaplandse verteenwoordigers sou berus het, of dat die verrigtinge op niks sou uitloop weens 'n staking van stemme. Sodanige verteenwoordiging sou ook nie eintlik billik gewees het met die oog op die bevolking van die verskillende provinsies nie.

Sonder om op die meriete van die bewerings in te gaan, wil dit tog voorkom dat deur deel te neem aan die beraadslagings

---

69) E.G.J., F.III.8.e.(k)., Persverklaring van die Voors., S.V.K., 1936.
70) E.G.J., F.III.8.d.(b)., Notule van die Natalse Provinsiale Komitee, 17.10.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die konferensie op 6 Oktober 1936 te Pretoria en aan die stemming oor die plek, die vier Provinsiale Komitees alle reg verbeur het om daarna die beslissing van die Konferensie te betwis.

Later het die Natalse Komitee die Pretoria-monument as die Hoof-Voortrekkermonument aanvaar en dank en gelukwensing betuig aan die S.V.K. wat die groot taak tot volvoering gebring het.[71)]

Aangesien die finale keuse tussen Winburg en Pretoria gedoen moes word was dit vanselfsprekend dat die Vrystaters teleurgesteld was dat die Voortrekkermonument nie in hulle provinsie opgerig sou word nie. Tog het Winburg die uitslag ontvang in ŉ gees wat die Afrikaner tot eer strek.[72)]

ŉ Sekere mate van teleurstelling met die keuse van die standplaas vir die Voortrekkermonument was te voorsien. Daar heers by ons ŉ gesonde provinsialisme en dit spreek vanself dat die verskillende provinsies met mekaar sou wedywer vir die eer om die Voortrekkermonument te huisves. Drie van die provinsies moes noodwendig teleurgestel word, al is die keuse van die plek ook deur ŉ bevoegde komitee met die meeste omsigtigheid aangepak. Dit sou inderdaad moeilik gegaan het om ŉ onbevooroordeelder persoon hiervoor aan te wys as adv. E.G. Jansen, ŉ hartstogtelike Nataller, maar ŉ groter Suid-Afrikaner, wat as voorsitter van die konferensie opgetree het.

### (d) BEKRAGTIGING VAN DIE SITUS DEUR DIE REGERING

Op 30 November 1936 het die Sekretaris van Binnelandse Sake soos volg aan die Voorsitter van die S.V.K. geskryf :

„Ek het ontvangs te erken van u brief van 19 Oktober insake die situs van die Voortrekkermonument, en u in antwoord daarop te berig dat die Regering die beslissing van die Konferensie, gehou op Pretoria op 6 Oktober 1936, wat Pretoria

. .

---

71) J.H.S., Boodskap aan Voors.,S.V.K. by geleentheid van die onthulling van die Hoofmonument ter ere van die Voortrekkers te Pretoria op 16.12.1949.
72) <u>Die Volksblad</u>, 14.10.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanwys as die geskikste plek vir die oprig van die Monument bekragtig." [73]

Die kwessie oor die keuse van die plek vir die Voortrekkermonument was nou finaal afgehandel en daar kon met die verdere beplanning en oprigting van die monument voortgegaan word.

---

73) E.G.J., F.III.8.e.(k)., Sekr. van Binnelandse Sake aan Voors., S.V.K., 30.11.1936.

# HOOFSTUK III

## DIE VOORTREKKERMONUMENT, PRETORIA

### 1. ONTWERP EN SIMBOLIEK VAN DIE MONUMENT

Die Pretoriase Stadsraad het verskillende persele aangebied waar die monument gebou sou kon word, onder meer Wonderboomkop, Skanskop, Klapperkop, of byna enige plek wat goedgekeur sou word. Die uiteindelike keuse het op ʼn klein koppie ten suide van die stad geval. Die rede vir hierdie keuse was tweërlei; eerstens, omdat dit van alle plekke die sigbaarste was vanuit byna elke hoek van Pretoria en elke toegang tot die stad. Die tweede rede was dat dit klein genoeg was om tot deel van die monument omskep te word, sodat die koppie self die indruk sou gee dat dit die monument as kroon dra. Op een van die groter koppe sou die monument verdwerg lyk en nie die gewenste indruk gemaak het nie.[1)]

#### (a) MENINGSVERSKIL OOR DIE VORM WAT DIE MONUMENT MOES AANNEEM

Toe die gedagte van ʼn Voortrekkermonument, na die stigting van die S.V.K., by die volk posgevat het, het daar van alle kante voorstelle gekom oor die vorm wat dit moes aanneem. Sommige mense het gemeen dat dit die vorm van ʼn skool, hospitaal, ʼn studiebeurs of iets dergeliks moes aanneem, wat deur die volk gebruik sou kon word. Ander weer was gekant teen hierdie baatsugtige utilitietsgedagte en het gevoel dat as ons die Voortrekkers die hulde en eer wil toebring wat hulle verdien, ons dit moet doen sonder om vir onsself ook daarin baat en voordeel te soek.[2)]

In die geskiedenis van die Voortrekkermonument sal 16 September 1933, midde-in die groot droogte van destyds, altyd as ʼn belangrike datum bekend staan. Op ʼn vergadering wat op daardie dag in Pretoria gehou is, is naamlik finaal besluit dat die Voortrekkermonument nie die vorm van die een of ander nuttige inrigting soos ʼn hospitaal sal aanneem nie.[3)] Daar is besluit om „ʼn grootse monument op te rig, waartoe elke Afrikaner op onbaatsugtige wyse sy of haar deel sou kon bydra; wat in sy

---

1) <u>Die Huisgenoot</u>, 25.11.1949, p.19.
2) <u>Die Kindervriend</u>, Des. 1938, p.12.
3) <u>Fleur</u> (Spesiale Huldigingsnommer),4.12.1949, p.9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



massiwiteit die kolossale gestalte van ons Voortrekkers se ruime siel altyd voor die oog van die nageslag sal kan versinnebeeld; wat in sy verhewe eenvoud altyd sal kan dien as 'n versinnebeelding van die *reine, grootse en ongekunstelde eenvoud* van ons Voortrekkers; wat as 'n massiewe kolos vir alle nageslagte sal kan dien as simbool van onwankelbare moed, selfvertroue, godsvrug, onkreukbare trou, durf en daad by ons Voortrekkers." [4]

## (b) WERK VAN DIE VORMKOMITEE

Aanvanklik is gevoel dat 'n uitnodiging aan deskundiges gerig moes word om sketse, modelle en ander suggesties vir 'n moontlike Volksmonument in te stuur. Die mense kon egter geen waarborg vir enige vergoeding gegee word indien hulle nie in aanmerking kom nie. Professionele etiket het die deskundiges egter verbied om aan so 'n uitnodiging gehoor te gee tensy dit 'n ope kompetisie was waarby duidelik onder meer 'n naamlys van die komiteelede met die deskundige assessor verskyn het.[5] Op 'n later stadium is gevolglik besluit dat mnr. I.M. Lombard die verskillende kunstenaars onregstreeks sou nader om van hulle ontwerpe te kry vir die monument sowel as die panele.[6]

'n Vormkomitee is toe saamgestel om die vorm wat die Voortrekkermonument sou aanneem, vas te stel. Hierdie komitee het bestaan uit : Sen. F.S. Malan (voorsitter), proff. T.J. Hugo, E.C. Pienaar en S.P. Engelbrecht, en mnre. J.J. Jordaan en J.J. Scheepers.[7]

Senator Malan het die Sekretaris van Buitelandse Sake genader met die versoek om deur sy kantoor die Unie-gesantskappe te vra om portrette of tekeninge van historiese monumente in die lande waar hulle gevestig is, so gou moontlik aan die komitee te stuur. Die bedoelde gesantskappe was gevestig te Rome, Parys, Berlyn, New York en die Hoëkommissaris-kantoor te Londen.[8]

By die skepping van 'n Nasionale Monument moet seer seker ook ag geslaan word op die <u>vox populi</u> en getrag word om die <u>vox dei</u> daarin te vind. Prof. Hugo is dus versoek om 'n kort

---

4) <u>Die Kindervriend</u>, Des. 1938, p.12.
5) S.V.K., Notule, 14.4.1932.
6) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 29.5.1935.
7) S.V.K., Notule, 7.4.1936.
8) S.V.K., Notule van Vormkomitee, 28.1.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oproep op te stel vir die pers, waarin die publiek gevra is om wenke met betrekking tot die vorm en inhoud van die monument aan die kantoor van die S.V.K. te stuur. Niemand is uitgesluit nie en geen enkele voorskrif is gemaak nie, behalwe dat die monument die beliggaming van die Voortrekkeridee moes insluit.[9)]

Die Vormkomitee het verskillende sketse van beeldhouers, argitekte en ander kunstenaars ontvang. Hierdie tekeninge is almal noukeurig nagegaan en daaroor is verslag gedoen, naamlik dat die Vormkomitee met genoeë kennis geneem het van die E.C. Pienaar-A.C. Bouman-skets wat ŉ Voortrekkerlaer voorstel en die Gerard Moerdyk-skets wat ŉ gebou voorstel, en meen dat die twee gekombineer behoort te word, sodat die Voortrekkervrou die ingang vorm van die laer met die gebou op die agtergrond binne die laer.[10)]

Sen. F.S. Malan het as woordvoerder van die Vormkomitee opgetree, en op duidelike en oortuigende wyse uiteengesit op welke gronde die Vormkomitee besluit het om die Moerdyk-Pienaar-Bouman-sketse te kombineer, en die twee bo die ander uitgekies het. Die laervorm is tipies Afrikaans en lê ten grondslag van ons Afrikaners se verdedigingsmetodes. Daarby voel ons volk ŉ dringende behoefte aan ŉ gewyde plek en die Moerdyk-gedagte leen hom pragtig vir hierdie doel.[11)]

Verder het die Vormkomitee aanbeveel dat ŉ Boukommissie aangestel word wat saam met die argitek beskouinge oor die plan en koste van tyd tot tyd aan die S.V.K. moes rapporteer. Aan die Boukommissie en die argitek sou opgedra word om bevoegde kunstenaars in verband met die uitvoering van besondere kunsafdelings van die monument te raadpleeg. Die voorlopige koste van die monument is op R120,000 geskat.[12)]

---

9) Ibid.
10) S.V.K., Notule, 7.4.1936.
11) Ibid.
12) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## (c) DIE ARGITEK

Gerard Moerdyk,[13] argitek van Pretoria, is gevra om as argitek van die Voortrekkermonument op te tree en om die plan uit te voer. Hy sou die deur die Vormkomitee verlangde wysiginge en veranderinge tot bevrediging van die komitee aanbring om die aangenome idee in een ontwerp te beliggaam, en sou enige ander sketsplanne maak, sonder ekstra vergoeding, alvorens oorgegaan sou word tot werktekeninge.[14]

Moerdyk was by uitnemendheid geskik vir hierdie belangrike taak. Hy het ŉ deeglike opleiding geniet, en deur sy werk wat hy reeds gedoen het, het sy kennis baie breër geword. Verder speel sentiment ŉ groot rol in die oprigting van ŉ monument. Moerdyk was bekend met die Volksiel, en wat in staat om die volksverlede in sy bouwerk uit te bring.

## (d) DIE SIMBOLIEK VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT

Die ontwerp van die Voortrekkermonument het vanselfsprekend meer probleme as ŉ gewone gebou opgelewer. By die ontwerp daarvan het Moerdyk steeds die gedagtes wat tot die skepping daarvan gelei het, in herinnering geroep, en dit kon die beste na aan-

---

13) Gerhard Leendert Pieter Moerdyk is op 4 Maart 1890 in die Waterbergse distrik gebore. Sy eerste skoolopleiding het hy aan die Staatsmodelskool en die eerste Höër Seunskool in Pretoria gehad, waar hy op 16 jarige leeftyd die prys verower vir die beste tekening van die skool. A.g.v. hierdie prys kry hy ŉ betrekking in die Dept. van Openbare Werke na voltooiing van sy opleiding. In 1909 is Moerdyk na Europa, waar hy in Londen, Parys, en Rome die argitektuur bestudeer en as eerste Suid-Afrikaner "Associate of the Royal Institute of British Architects" geword het. Kort voor die Eerste Wêreldoorlog het hy teruggekeer en tekenaar van die Robinson-Deep-goudmyn geword. Hy verower in 1918 die eerste prys vir ŉ ontwerp-kerkgebou vir Bothaville en word daarna selfstandige boumeester in Johannesburg. Verhuis elf jaar later na Pretoria, waar hy o.a. Libertas ontwerp. Skryf twee boeke : Geskiedenis van die Argitektuur en Kerkgebou. Tien jaar lank lid, waarvan sewe jaar voorsitter, van die Raad van die Universiteit van Pretoria. Hy is die eerste persoon wat die goue medalje vir argitektuur van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns verwerf het en was lid van albei fakulteite van die Akademie. Moerdyk is oorlede op 29.3.1958. (Gegewens verkry uit Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 12.2.1949)

14) S.V.K., M.3/4, Afskrif van ooreenkoms tussen E.G. Jansen en G.L.P. Moerdyk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leiding van die volgende vrae gedoen word : Wie was die Voortrekkers? Wat het hulle gedoen om ŉ monument waardig te wees? Hoe sou ŉ monument die geskiedenis, dade en ideale van die Voortrekkers kon weergee?[15)]

**Wie was die Voortrekkers?**

ŉ Monument wat oor ŉ tydperk van eeue moet vertel van groot dade wat verrig is, en wat oor ŉ tydperk van eeue tot groot dade moet inspireer, moet noodwendig ruim van opvatting wees, en hy moet eer bring aan hulle wat eer verdien. Om te sê dat die Vootrekkers nakomelinge was van die Hollanders en Hugenote wat hulle aan die Kaap gevestig het, en dat hulle getrek het weens ontevredenheid met die bewind, is nie genoeg nie. Daar was mense onder die Voortrekkers wat nie aan hierdie beskrywing voldoen het nie, soos Thomas Halstead, die Engelsman, wat saam met die Retief-groep by Dingaanstat vermoor is en wat saam met Piet Retief begrawe lê; daar was ook mense soos Thérèsa Viglione, die Italiaanse vrou, wat die Boere langs die Boesmansrivier teen die aanrukkende Zoeloe-hordes gaan waarsku het. En verdien Moroka, hoof van die Barolongs op Thaba 'Nchu, wat trekosse na die Voortrekkers gestuur het toe die Matabeles al hul osse na Vegkop weggevoer het, nie erkenning in die Voortrekkermonument nie?[16)]

**Wat het die Voortrekkers gedoen om ŉ monument waardig te wees?**

Hul grootste prestasie was die stigting van ŉ blanke staat in die binneland van Suid-Afrika. Lank voor hulle het die Fenisiërs, Romeine en Portugese vergeefs probeer om suidelike Afrika te tem; selfs Hollanders na Jan van Riebeeck kon nie veel dieper as die kusstrook binnedring nie. Die Voortrekker met sy vrou en gesin het egter in der waarheid die stigter van ŉ blanke nasie in suidelike Afrika geword. Dit is hierdie handhawing van die Blanke ras wat so ŉ grootse daad is, veral as dit vergelyk word met byvoorbeeld die verowering van Meksiko deur Cortez, wat ŉ merkwaardige prestasie

---

15) Amptelike Program en Gedenkboek, Des. 1949, p.43.
16) Die Voortrek (Spesiale Byvoegsel tot die Transvaler, 13.12.1949), p.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is, maar wat die vermenging van die blanke ras met die inboorlinge tot gevolg gehad het.[17)]

**Hoe sou ŉ monument die geskiedenis, dade en ideale van Voortrekkers kon weergee?**

By die ontwerp van ŉ monument om hierdie pioniers waardig te wees, moes daar ŉ poging aangewend word om hulle karakter deur die monument te vertolk, en om hulde te bring aan die roepingsdaad deur hulle volbring, waardeur die ontstaan en voortbestaan van die Afrikaanse volk moontlik gemaak is. Dit spreek vanself dat dit ŉ uiters moeilike taak sou wees om so ŉ monument te konsipieer omdat daar weinig wesenliks was waarop argitektonies gebou kon word. Terwyl daar egter so gedink is, het die vraag opgekom : Wat sou die Voortrekkers self gedoen het indien hulle ŉ monument moes bou? Die antwoord was maklik : Hulle sou hulle inspirasie in die Bybel gesoek het; hulle sou gesoek het na soortgelyke omstandighede in die Boek en daarvolgens gehandel het. Die soektog was nou doelgerig. Gelyke omstandighede in die Bybel is gevind in die tog van Abraham uit Ur van die Galdeërs. Ook Abraham het sy land verlaat om ŉ nuwe vaderland te soek, en in die verhaal van sy trek word herhaaldelik vertel dat hy ŉ altaar bou. En die gedagte het ontstaan dat dit juis dit is wat die Voortrekkers sou gedoen het - hulle sou ŉ altaar gebou het. Die altaar van vandag is weliswaar verskillend van die altaar van Abraham se tyd, maar die gedagte daarin is blywend.[18)]

Nadat Gerard Moerdyk homself van bogenoemde vrae rekenskap gegee het, het hy tot die ontwerp van die Voortrekkermonument oorgegaan. Sy ontwerp was ryk aan simboliek, soos blyk uit wat hierna volg :

**(i) Vorm, grootte en materiaal**

Die Voortrekkers het die beskawing na die binneland gebring; beskawing in die boukuns beteken orde, meetkunde. Die Voortrekkers het self geen monument-boukuns gehad nie, dus kon hulle nie in hierdie opsig nagevolg word nie. Die barbaar het wel ŉ boukuns gehad, maar sonder meetkunde. Die grootste ou bouwerke in suidelike Afrika, nl. die Zimbabwe

17) Amptelike Program, op.cit., pp.43-44.
18) Die Voortrek, 13.12.1949, p.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ruïnes is vreemd aan alle meetkunde. Daar is geen reguitlyn, geen sirkel, geen enkele meetkundige vorm nie. Maar wat daar wel aangetref word, is ʼn natuurlike en buitengewoon effektiewe gebruik van die natuurklip : graniet. Die gebruik van graniet daar is mooier as êrens anders. Die ontwerp is een van vierkante, kubusse, sirkels en vlakke - alles in harmonie met ons tafelvormige landskap.[19)]

Naas die grootste daad van die Voortrekkers - die vestiging van ʼn Blanke beskawing aan die suidpunt van Afrika - is daar getrag om die grootsheid van Afrika in die Voortrekkermonument te versinnebeeld. Afrika is by uitnemendheid die vasteland wat die werk van mensehande laat verdwerg en nietig lyk; sy grootsheid is inderdaad oorweldigend. Dis dan ook geen wonder nie dat daar van alle volke slegs een was wat uiting aan hierdie geweldigheid van Afrika kon gee, naamlik die Egiptenare. Selfs hul kleinere bouwerke word deur die idee van geweldigheid, majesteit en grootsheid gekenmerk. Ewe min verbaas dit dat van alle bouwerke in suidelike Afrika slegs in die bouvalle van Zimbabwe daarin geslaag is om hierdie grootsheid van Afrika uit te beeld.[20)] Moerdyk het by Zimbabwe en die Piramides gevind dat die granietstene namate hulle hoër styg en kleiner word, ʼn onmiskenbare indruk van grootte en grootsheid daarstel.[21)] In die huldeblyk aan die Voortrekkers is gepoog om, deur die navolging van hierdie voorbeeld, iets van daardie grootsheid vas te lê as simbool van die grootste daad wat nog ooit in Suid-Afrika verrig is.

Om dieselfde rede is daar nie ʼn groot kop of berg uitgesoek om die monument op te bou nie, maar ʼn klein koppie sodat die monument die indruk kon maak van die kroon van die koppie te wees - groter en geweldiger kan vertoon in plaas van verdwerg te wees teen die grootheid van die berg.[22)]

Om die grootte van die Voortrekkermonument in perspektief te kry, kan die volgende vergelykings moontlik van nut wees : dit is ongeveer van dieselfde grootte as die Mausoleum van Halikarnassus, ʼn monument wat in Klein-Asië vir koning Mausolos opgerig is en die voorganger geword het van hierdie soort

---

19) Die Burger, 4.2.1937.
20) Amptelike Program, op.cit., p.47.
21) Die Weeklad, 16.12.1949, p.16.
22) Die Byvoegsel tot die Volksblad, 12.12.1949, p.6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



monument. Dit is aan die ander kant kleiner as die Dom des Invalides in Parys waarin Napoleon begrawe is; veel kleiner as die Taj Mahal in Indië, en dit is ongeveer een-elfde so groot as die Völkerschlachtdenkmal in Leipzig. Dit beslaan slegs een sewe-en-twintigste van die volume van ʼn piramide en minder as een-duisendste van die grootte van die Muur van China. Hoewel dit dus nie een van die groot bouwerke van die wêreld genoem kan word nie, is daar tog ʼn ernstige poging aangewend om die idee van grootsheid te skep wat die Voortrekkers se geweldige taak simboliseer.[23)]

Uit feitlik onvergangbare Afrikaanse graniet gebou, sal die monument die elemente van die harde Suid-Afrikaanse natuur vir duisende jare trotseer net soos die Voortrekkers dit gedoen het, om aan die nageslag getuienis af te lê van die beskawingsdaad van die Groot Trek.[24)]

### (ii) Senotaaf [25)]

Die idee van die senotaaf het Moerdyk in Engeland gekry. Hy het langs Westminister-abdy afgestap en die woorde „O rare Ben Jonson" in ʼn blok by sy voete gesien. Hier is die idee van die senotaaf en „Ons vir jou Suid-Afrika" gebore.[26)]

Dwarsdeur die eeue is die altaar by alle volke ʼn toonbeeld van opoffering en wyding. Om hierdie rede is die sentrale gedagte van die Voortrekkermonument die altaar. Dit neem die vorm aan van ʼn senotaaf wat van Afrikaanse marmer gebou is en die simboliese rusplaas van Piet Retief en sy manne is en die

---

23) Amptelike Gids, <u>Die Voortrekkermonument, Pretoria</u>, p.37.
24) <u>Fleur</u>, 4.12.1949, p.24.

25) Dit is heeltemal verkeerd om na die praalgraf in die benedesaal van die Voortrekkermonument te verwys as ʼn sarkofaag. „Sarkophagos" was ʼn soort klip waarvan die Grieke geglo het dat dit lyke verteer. („Sarx", vlees en „phagos", etende). Gevolglik het hulle dit as doodkis gebruik. In 1938 was daar sprake dat die beendere van sekere Voortrekkers in die monument herbegrawe sou word. Die woord sarkofaag sou dan gepas het. Die naam het aan die praalgraf bly kleef nadat van hierdie voorneme afgesien is. In 1959 het die Beheerraad besluit om die benaming te gebruik wat sou aandui dat dit wel ʼn graf is, maar sonder enige oorskot, ʼn senotaaf dus. („Kenos", leeg en „taphos", graf). (Gegewens verkry uit ʼn brief van dr. Wm. Nicol, Voorsitter van die Beheerraad aan die Pers).
26) <u>Die Weekblad</u>, 16.12.1949, p.16 en <u>The Outspan</u>, 1.4.1955, p.33.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wêreld en die nageslag herinner aan die hoogste offer wat hulle vir hulle ideaal gebring het.[27)] Op die senotaaf, in goue letters, sodat 'n ieder sal weet waarvoor die allergrootste offer, naamlik die lewe self, gebring is, vind ons die laaste woorde van die refrein van C.J. Langenhoven se gedig „Die Stem van Suid-Afrika", wat as ons volkslied aanvaar is, naamlik „Ons vir jou Suid-Afrika".[28)] Elke jaar op 16 Desember val 'n sonstraal uit die hemel deur 'n opening in die koepel van die monument op die senotaaf daarbinne om, soos dr. D.F. Malan dit gestel het, die „sinnebeeld van daardie goddelike waarheid, so treffend deur die Voortrekker-geskiedenis (te) bevestig, dat geen groot ideaal bereik kan word sonder sy offers nie, dat dit langs die weg van die kruis is dat die oorwinning behaal word, en dat dit die dood is waaruit die lewe voortkom".[29]

Die senotaaf vorm die mees gewyde middelpunt van die Voortrekkermonument.

**(iii) Vloer**

Die vloer van die heldesaal is met steeds wyer en wyer wordende kringetjies van marmer uitgewerk met die senotaaf as uitgangspunt. Hierdie kringetjies, wat watergolfies voorstel nadat 'n klippie in die water gegooi is, word wyer en wyer totdat dit die hele gebou vul. Dit simboliseer die verspreiding van die gees van opoffering wat van die Voortrekkers uitgegaan het, totdat die gevolge daarvan die hele Suid-Afrika gevul het.[30)]

**(iv) Koepels**

Bokant die Heldesaal is 'n koepel, met 'n groot ronde opening in die middel wat oortop word deur 'n tweede koepel. Die boonste koepel dui die omvang van die groot daad aan. As die lyne daarvan deurgetrek sou word, sou dit die hele Monument in een groot sirkel omvang. Die voorstelling is die van die aardbol, met Suid-Afrika heel bo. Die gedagte het bestaan om later die kaart van Suid-Afrika teen die koepel in basreliëf uit te werk. Op so 'n kaart sal dan die pad waarlangs die Groot

---

27) Die Voortrek, 13.12.1949, p.2.
28) Amptelike Gids, op.cit., p.35.
29) Pienaar, S.W. en Scholtz, J.J., Glo in u Volk, (Kaapstad, 1964), p.131.
30) Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 12.12.1949, p.6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Trek gegaan het met 'n silwer draad aangedui word. Hierdie draad sou eindig by 'n klein opening in die koepel. Die opening is daar aangebring om 'n sonstraal deur te laat. Die sonstraal wat daardeur val, is simbolies van die seën wat gerus het op die werk en strewe van die Trekkers. Die sonstraal val op sekere dae van die jaar in bepaalde rigtings, sodat dit sekere belangrike taferele in die fries beskyn. Elke jaar op 16 Desember, presies om twaalfuur middag, val die sonstraal deur die Heldesaal heen diep af na benede op die vergulde woorde van die senotaaf : „Ons vir jou Suid-Afrika" en vorm 'n ligkring om die letters D-AFR, in die spreuk.[31)]

### (v) Historiese Fries

Die historiese fries in die Voortrekkermonument is 'n intrinsieke gedeelte van die ontwerp, wat in 'n immer verstaanbare wêreldtaal die geskiedenis van die Trek vertel.[32)] In basrelief word die vernaamste voorvalle van die Groot Trek van die tyd toe die Trekkers die Kaap verlaat het totdat die Republiek deur die tekening van die Sandrivier-konvensie in 1852 erken is, weergegee. Die fries is egter nie net 'n geskiedkundige weergawe van gebeurtenisse nie; dit geld ook as simboliese traktaat van die eiendomsreg van die Afrikaner op Suid-Afrika. Hier word in beeld weergegee die lewenswyse, die werkmetodes, die gevegte, die staatkundige bedrywighede - kortom, die hele samestelling van die Trekkers se lewe, en die weergawe geld as bewysstuk van die prys wat die Afrikaner betaal het om Suid-Afrika sy vaderland te mag noem. 'n Volk wat soveel in bloed en trane opgeoffer het, het sy seël op daardie land gedruk; aan hom en aan sy nasate - geestelik sowel as liggaamlik - behoort daardie land.[33)]

### (vi) Voortrekkervrou

Wanneer 'n mens die breë trappe van die Monument opklim, is die eerste figuur wat jou opval, die standbeeld van 'n Voortrekkermoeder met haar twee kinders.[34)] Aan die Voortrekkervrou kom hierdie ereplek by die Monument toe, het die

31) Amptelike Gids, op.cit., p.36.
32) Die Huisgenoot, 25.11.1949, p.17.
33) Amptelike Gids, op.cit., p.36.
34) Gedenkprogram van Geloftedag, 1957, (Voortrekkermonument) p.26.

argitek gemeen, want as die Trekker se vrou en gesin nie saam met hom „die hete ingewande van Afrika" ingeswerf het nie, dan sou die Blankes hulle nooit blywend gevestig het nie; dan was hulle invloed van verbygaande aard - soos die van Cortez in Meksiko.[35] Hierdie ereplek is vir die Voortrekkervrou ingeruim omdat die klinkende beskawingsdaad van die Groot Trek, naamlik die vestiging en die voortbestaan van 'n Blanke beskawing in die binneland van Suid-Afrika sonder haar bydrae onmoontlik sou gewees het. Blanke Suid-Afrika word dus deur hierdie standbeeld gesimboliseer.[36]

Tydens die hoeksteenlegging van die Monument in 1938 het mev. Judith Pellissier onder andere die volgende in haar toespraak gesê : „Op hierdie waboomkoppie in Transvaal gaan haar standbeeld staan, die sentrale figuur van die groot Voortrekkermonument. Maar die Voortrekkervrou gaan hier nie alleen staan nie. Nee, soos sy gelewe het, so sal haar nagedagtenis ons besiel. Hier sal sy staan met haar kinders. In die geloof het sy vir haar volk gelewe; in die geloof het sy vir haar volk gely; in die geloof het sy haar hoogste liefde vir haar volk gegee, haarself en haar kinders."[37]

## (vii) Swartwildebeeste

Aan weerskante in die muur agter die standbeeld van die Voortrekkervrou is vier swartwildebeeste in basreliëf aangebring, simbolies van die gevare van Afrika waarteen die moeder haar kinders beskerm. Die swartwildebees is gekies, eerstens, omdat hy die mees skulptureske van die antelope is en, tweedens, berus die keuse op 'n geskiedkundige voorval.[38] Die aand voor die moord op Piet Retief en sy manne was daar volgens oorlewering in Dingaan se kraal 'n groot rumoer hoorbaar. Toe Retief aan Dingaan gevra het wat die oorsaak daarvan was, sou Dingaan geantwoord het : „Dit is my regiment van wildebeeste". Die volgende dag het dieselfde regiment Retief en sy makkers vermoor. Die swartwildebeeste voor die Monument simboliseer dus die gevare waaraan die Blanke beskawing in Suid-Afrika onderhewig is.[39] Betekenisvol is die wykende houding waarin die

35) Die Burger, 15.12.1949, p. 9.
36) Amptelike Program, op. cit., p. 45.
37) Mostert, D., Gedenkboek van die Ossewaens, (Kaapstad, 1940), p. 29.
38) Program: Sentrale Voortrekker-Eeufees, Pretoria, p. 31.
39) Die Voortrek, 13.12.1949, p. 2.

swartwildebeeste teen die Monument afgebeeld is. Dit simboliseer die oorwinning wat die Westerse beskawing reeds behaal en die vaste voet wat hy in Afrika gekry het.[40)]

### (viii) Buffelkop

Bokant die hoofingang is daar 'n buffelkop. Dit is die simbool van verdediging. Die buffel is die gevaarlikste verdediger in ons Suid-Afrikaanse dierewêreld, en hier verdedig hy simbolies die ingang van die Afrikaanse heiligdom teen iedereen wat nie daar hoort nie. Dit geld nie net besoekers aan die Monument nie, maar alle en enige vyandelike element wat in ons vaderland mag opdaag.[41)]

### (ix) Driehoekvormige lys

Bo-om die Monument, bokant die groot vensters, kronkel 'n lys van driehoekvormige depressies. Die materiaal en die motief is dieselfde as wat in Zimbabwe gebruik is. Die sig-sag-lys is die simbool van vrugbaarheid. In ou bouwerke en geskrifte word daardie sig-sag-vorm naamlik gebruik om water aan te dui en water is die simbool van vrugbaarheid. Die motief is sinnebeeldig van die verordening wat aan Abraham gegee is : "Wees vrugbaar en vermenigvuldig", waaruit die gedagte voortvloei om Suid-Afrika 'n witmansland te maak en te hou.[42)]

### (x) Hoekfigure

Nog steeds buite die Monument self, op die vier hoeke, is die groot standbeelde, elkeen agtien voet hoog, wat 'n aantal groot Trekkerleiers voorstel, naamlik Piet Retief, Andries Pretorius en Hendrik Potgieter. Die vierde beeld is nie dié van 'n spesifieke persoon nie. Dit is 'n beeld van 'n onbekende Voortrekkerleier om al die ander te simboliseer.[43)] Die oorspronklike konsepsie was dat die vier hoekfigure simbolies een gedagte moes voorstel, naamlik 'n erewag by die Afrikanerheiligdom.[44)]

---

40) <u>Die Volkstem</u>, 16.12.1949, p.12.
41) <u>Amptelike Gids</u>, <u>op.cit</u>., pp.38-39 en 55.
42) Amptelike Program, <u>op.cit</u>., p.47.
43) <u>Die Voortrek</u>, 13.12.1949, p.2.
44) S.V.K., Notule, 16.8.1948.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### (xi) Laermuur

Rondom die Monument is 'n laermuur van waens wat herinner aan die Voortrekkers se metode van verdediging. Sodra gevaar gedreig het, hèt hulle laer getrek, en hulle was die eerste mense wat die militêre waarde van die laer bewys het. Rondom die Monument verskyn dus 'n laer van vier en sestig waens - dieselfde getal as wat gebruik is in die Slag van Bloedrivier - en hierdie laer staan daar as simbool om alles wat teen die ideale en opvattinge van die Voortrekkers bots, van hierdie heiligdom van die Afrikaner weg te hou.[45)]

### (xii) Hek

Die assegaaie by die hek stel die mag van Dingaan voor wat die weg na die binneland wou versper.[46)]

## (e) KRITIEK OP DIE VORM VAN DIE VOORTREKKER-MONUMENT

In verband met die vorm van die Monument het daar in die pers van tyd tot tyd beskouings verskyn. Daar is vergelykings getref tussen die Monument en 'n kragstasie. Ander het dit weer gesien as 'n radiotoestel, 'n Oosterse tempel, 'n peperbussie, 'n bruidskoek,[47)] 'n fort en 'n teater.[48)]

Daar is ook ongunstige vergelykings getref tussen die Vrouemonument in Bloemfontein en die Voortrekkermonument te Pretoria. Baie persone het iets verwag wat dieselfde aanspraak maak op ons liefde as die Vrouemonument. Hier het ons egter nie te doen met 'n monument wat 'n nederlaag in herinnering roep nie, maar wel oorwinning, die grootste oorwinning nog ooit in Suid-Afrika behaal; met 'n komplekse sameloop van oorsake en gevolge wat nie maar deur emosie tot sy volle waarde kan kom nie.[49)]

Vir ander was die Monument nie sprekend genoeg nie, nie simbolies nie, nie oorspronklik genoeg nie,[50)] te lomp, nie monumentaal nie, vreemd en on-Afrikaans. Die laeridee sou dan

45) Die Voortrek, 13.12.1949, p. 2.
46) Van Tonder, J.J.(Red.), Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika, (Kaapstad, 1961), p.48.
47) Die Burger, 4.2.1937.
48) S.V.K., Opsomming van die verskillende kritieke.
49) Die Burger, 4.2.1937.
50) Vergelyk: Van Schoor, A.M. (Red.), André Huguenet, (Johannesburg, 1961), p.135.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie pas by 'n mausoleum nie, en indien 'n mausoleum opgerig word, moet dit verder weg van verkeer en gewoel geplaas word. Daar is ook beswaar gemaak teen die gebruik van 'n te groot verskeidenheid materiale by die oprigting van die Monument. Verder is gevoel dat die katedraalvensters nie by die Zimbabweboustyl of kasteelkantele pas nie.[51)]

Die kritiek was somtyds nogal geniepsig, soos blyk uit 'n brief van C.J. van Blerk van Pretoria, waarin hy onder andere die volgende skryf :

„Die trappe is mooi. Dis selfs skoon in sy grootheid, maar trappe is so algemeen - en dit lyk so baie op die van die onlangs onthulde monument op Vimy. En bo die trappe? O, dis 'n tempel met 'n gat bo in en eenmaal in 'n jaar kry die son 'n kans om sy strale deur die gat op 'n oppervlak wat altyd so te sê in die skemer is, te werp. 'n Oulike idee. Maar oorspronklik, nee! Die Duitsers het die idee al oor die 10 jaar gelede gebruik in een van hul oorlogsgedenktekens. En nou die hortjieswerk op die mure. Nabootsing van dieselfde motief in die Johannesburgse stasie. ..... Vanwaar die ontwerp? Seker nie van die Voortrekkers nie. Nee, dit smaak my meer of dit van die Zimbabweruïne met die oog gesteel is. Inboorling-ontwerp - Voortrekkernagedagtenis; en die skaal moet balanseer! En die volk vergader daar - en die son werp sy straal op hulle neer! Hulle sien die lig, maar hulle sien nie die vernedering nie ..... Die boumeester bou 'n Fort, 'n peperbussie wat op 'n groot diepbord met 'n lieflike rand van bokwa-ontwerpe opgedis word."[52)]

Vandag sal niemand seker meer wil ontken dat die Voortrekkermonument 'n waardige gedenkteken vir waardige Voorvaders is nie, en dat dit, as Afrikanerheiligdom, deur die jare 'n besondere plek in die hart van elke Afrikaner verower het.

'n Interessante versoek aan die S.V.K. het van die kant van vier en dertig studente[53)] van die Universiteit van Pretoria gekom. Die versoek het soos volg gelui :

---

51) S.V.K., Opsomming van verskillende kritieke.
52) <u>Die Vaderland</u>, 3.11.1936.
53) Onder wie H. Muller (voorsitter, Studente Verteenwoordigende Raad), A.E. Rupert (voorsitter Afrikaans-Nasionale Studentebond, J.P. Binnemuurs) en A.N. Pelzer (leier van hierdie verhandeling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Ons die ondergetekende studente van hierdie inrigting (U.P.) wil U komitee hiermee versoek om so spoedig moontlik ŉ openbare verklaring uit te reik oor die vraag of daar enige opskrif of opskrifte op die Voortrekkermonument sal aangebring word en indien wel, of die opskrif in enige ander taal behalwe Afrikaans sal aangebring word."

„Hiermee wil ons U ook ernstig versoek dat daar wel ŉ opskrif moet aangebring word en dat die opskrif uitsluitend in Afrikaans sal wees."[54)]

### (f) DIE BOUKOMMISSIE EN DIE KUNSKOMITEE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS KEUR DIE ONTWERP GOED

Die Vormkomitee het aanbeveel dat ŉ Boukommissie aangestel word wat saam met die argitek beskouinge oor die plan van tyd tot tyd aan die Hoofkomitee moes rapporteer.[55)]

Op ŉ vergadering van die Boukommissie gehou op 8 Desember 1936, is besluit om die Kunskomitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te raadpleeg in verband met die ontwerp van die Monument, en ŉ Sub-komitee bestaande uit die here Jansen, Scheepers, Hoogenhout, Moerdyk en prof. Bosman, is aangestel om die Kunskomitee te ontmoet. Die Sub-komitee het dr. M.L. du Toit, mnr. De Kock en Hoogenhout, lede van die Kunskomitee, op 11 Desember ontmoet, en het sake met hulle bespreek. Die lede het almal die ontwerp in beginsel goedgekeur.[56]

## 2. VOORBEREIDING VIR OPRIGTING

### (a) TENDERS

Nadat die ontwerp vir die Voortrekkermonument in beginsel goedgekeur is, kon die Boukommissie daartoe oorgaan om tenders vir die verskillende afdelings van die werk aan te vra.

#### (i) Uitgrawingswerk

Tender nommer 3 van mnr. J.J. Boshoff van Krugersdorp is

54) S.V.K., Brief: 34 Studente van die Universiteit van Pretoria aan Sekr., S.V.K., 4.11.1936.
55) S.V.K., Notule, 7.4.1936.
56) B.H.J.v.R., Notule: Ontmoeting van die Sub-komitee van die Boukomitee van die S.V.K. met lede van die Kunskomitee van die Akademie, 12.12.1936.

aanvaar, met die ooreenkoms dat slegs blanke arbeid gebruik sou word.[1]

**(ii) Fondamente**

Agt tenders het ingekom en die laagste tender van mnr. Dey van Pretoria vir R3,554 vir Blanke arbeid en R3,352 vir nie-blanke arbeid is aanvaar.[2]

**(iii) Bouwerk**

Teen Februarie 1938 was die uitgrawingswerk en fondamente sover gevorder dat tenders vir die bouwerk gevra kon word. Daar was egter duisende vierkante jaart beton- en granietwerk wat maklik deur ongeskoolde arbeiders net so goed as deur opgeleide mense gedoen kon word. Die Regering is genader vir die verkryging van hierdie goedkoop ongeskoolde arbeid.[3]

Die begrotingsdokumente waarvolgens tenders gevra is, is 'n lywige werk en het slegs in Afrikaans verskyn. Tenders is egter in beide ampstale gevra.[4]

Die volgende tenders is ontvang :[5]

| **Naam** | **Blanke Arbeid** | **Nie-blanke Arbeid** |
|---|---|---|
| Cosani | R350,000 | R319,000 |
| Pols | R388,950 | R370,780 |
| Engel en Ruyter | R414,340 | R395,740 |
| Perkins | R520,106 | R499,030 |
| Kirkpatrick | R547,162 | R524,946 |
| Clarke en Downie | R565,660 | R539,660 |
| Drodrecht | R608,000 | R574,000 |
| Van Zyl | R656,030 | R629,398 |
| Leemhuis en Seuns | R662,328 | R629,938 |
| Dey | R672,618 | R644,322 |

Daar is besluit om die volgende lede af te vaardig om die Eerste Minister in verband met die ingekome tenders te spreek, te wete prof. dr. T.J. Hugo, mnre. G. Moerdyk, I.M. Lombard en J.J. Scheepers.[6]

1) S.V.K., Notule, 26.6.1937.
2) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 28.9.1937.
3) S.V.K., Notule, 12.2.1938.
4) Ibid.
5) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 28.3.1938.
6) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die tender van A. Cosani is aanvaar en hierdie bouaannemer sou dus in die Eeufeesjaar met die bouwerk kon begin.[7)]

**(b) SOOISPITPLEGTIGHEID**

Monumentkoppie was op die voormiddag van 13 Julie 1937 die toneel van ŉ beskeie plegtigheid. In die aanwesigheid van drie ander lede het adv. E.G. Jansen, voorsitter van die Sentrale Volksmonumentekomitee, die eerste sooi omgekeer op die plek waar die Voortrekkermonument vandag staan. Mnre. I.M. Lombard, J.J. Scheepers en Gerard Moerdyk het toegekyk toe adv. Jansen die graaf in die grond getrap het en die eerste sooi omgekeer het.[8)]

**3. DIE VOORTREKKEREEUFEES : DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK, DIE SENTRALE EEUFEESVIERING EN HOEKSTEENLEGGING**

Dit was ŉ merkwaardige jaar, 1938, die eeufeesjaar van die Groot Trek, die jaar van die Simboliese Ossewatrek en die jaar van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument. Dit was ŉ emosie-belaaide jaar, wat vir ons tans enigsins vreemd aandoen; ons wat tans, dertig jaar later, deur die koerantverslae en die gedenkboeke van dié tyd blaai. Op geen ander tydstip in sy geskiedenis was die Afrikaner so bewus van en so trots op sy volkseie nie. Op geen ander tyd is met soveel piëteit na die verlede gekyk nie. Ook was die verwagtings en die hoop op die toekoms miskien nooit so vurig as juis toe nie.[1)] Dit het begin met die Simboliese Ossewatrek, is voortgesit tydens die sentrale Eeufeesvierings in Pretoria en het die hoogtepunt bereik met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938.

Vervolgens sal ons die gebeure van hierdie betekenisvolle jaar in ons volksverlede van naderby beskou :

**(a) DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK**

Dit is interessant om daarop te let dat Siener van Rensburg reeds in 1925 die Ossewatrek voorsien het. Hy het naamlik ŉ eienaardige optog van mense gesien en ŉ wawiel wat rol uit Kaapland oor die ganse Suid-Afrika, en ŉ groot skare mense wat

---

7) <u>Die Volkstem</u>, 16.12.1949, p.25.
8) <u>Fleur</u>, 4.12.1949, p.25.
1) <u>Die Taalgenoot</u>, Des. 1968, p.11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



saamdrom. Op 'n vraag wat dit kan wees, het Siener gesê dat dit vér in die toekoms sou plaasvind en dat dit nie 'n oorlog sou wees nie. Hy het vervolg : „Dit lyk soos 'n trek, maar ek kan sien dat dit Boere is, want ons vlag wapper vooraan."[2)]

### (i) Oorsprong van die gedagte

Die ossewagedagte het reeds in 1923 by mnr. H.J. Klopper ontstaan. Reeds op daardie stadium het hy gevoel dat as die eeufees van die Groot Trek in 1938 aanbreek, daarvan 'n groot geleentheid gemaak moes word. Terwyl hy in die twintigerjare in Natal as welsynsbeampte vir die Spoorweë gewerk het, het die geskiedenis van Weenen, Bloukrans en Pietermaritzburg voortdurend tot hom gespreek. Hy het dikwels teen die heuwel bo Pietermaritzburg geklim en ure lank daar gepeins. So is die gedagte van die Ossewatrek gebore.[3)] Mnr. Klopper het hierdie gedagte maar altyd getroetel en telkemale op vergaderings en kongresse vermeld, veral nadat hy tydens sy verblyf op Kimberley in 1933 voorsitter van die Uitvoerende Raad van die A.T.K.V. (S.A.S. & H.) geword het.[4)]

By geleentheid van die jaarkongres van die A.T.K.V. gedurende April 1937, het mnr. Klopper, voorsitter van die Uitvoerende Raad, voorgestel dat die vereniging 'n van stinkhout vervaardigde Voortrekkerwa sou laat bou om aan die Eeufeesverrigtinge in Pretoria deel te neem. Die kongres het hierdie voorstel eenparig met geesdrif aangeneem en die saak is verder aan die Uitvoerende Raad oorgelaat. Ná afloop van die kongres het die gedagte in alle waarskynlikheid by die lede in sluimerslaap verval behalwe by die Uitvoerende Raad, waar dit met verloop van tyd ontwikkel het in dié van 'n trek per ossewa van Hartenbos, die hoofkantoor van die A.T.K.V., na Pretoria.[5)] Die eerste gedagte was die bou van 'n Voortrekkerwa om by Pretoria aan die optog deel te neem. Daarná het die Uitvoerende Raad dit geleidelik ontwikkel - dit sou nou 'n trek wees van Hartenbos na Pretoria met één wa en één span osse.[6)]

---

2) Botha, S., <u>Profeet en Krygsman</u>, (Johannesburg, s.j.), pp. 102-103.
3) <u>Die Huisgenoot</u>, 9.8.1968, pp. 19-20.
4) <u>Die Taalgenoot</u>, Des. 1968, p. 47.
5) Mostert, D., <u>Gedenkboek van die Ossewaens</u>, (Kaapstad, 1940), p.38.
6) Gedenkboek: <u>Voortrekker-Eeufees 1838-1938</u>, (Johannesburg), pp.34-37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die begin van 1938 is die voorgenome Trek weer ter sprake gebring. Ten gevolge van die flou geesdrif wat daar destyds vir die gedagte bestaan het, is aan die S.V.K. meegedeel dat die A.T.K.V. nie meer ŉ Trek van sy landgoed, Hartenbos, af sal stuur nie, maar wel van Bloemfontein na Pretoria. Mnr. J.J. Scheepers, Sekretaris van die S.V.K., het die mededeling van ŉ Trek met soveel spontane geesdrif begroet dat hy in sy antwoord voorgestel het dat die Trek nie van Bloemfontein of Hartenbos nie, maar wel van Jan van Riebeeck se standbeeld in Kaapstad in aanvang moes neem.[7)]

### (ii) Voorbereidingswerk en roetebeplanning

Vroeg in April 1938 is in alle erns ŉ begin met die organisasie van die Trek gemaak. In mnr. Klopper se studeerkamer op Mosselbaai het hy saam met ŉ paar lede van die A.T.K.V.-personeel die oorspronklike reisplan vir die Trek opgestel. By die opstel van hierdie reisplan moes verskeie belangrike punte oorweeg word, o.a. die snelheid waarteen ŉ ossewa kan trek, die vraag of osse altyd verkrygbaar sou wees, die trekpad van die Voortrekkers, ens. Maar tog is die oorspronklike reisplan met uitstekende presiesheid opgestel, want oral het die ossewaens op hul bestemde tyd aangekom. Die Uitvoerende Raadsitting van 16 April 1938 het die reisplan en die trekgedagte goedgekeur en van daardie datum af was dit ŉ dag-en-nag-besigheid.[8)] Die Uitvoerende Raad het mnr. Klopper gevra om die Trek te lei en as reëlingskomitee namens die A.T.K.V. is die volgende persone aangewys: Mnr. H.J. Klopper (voorsitter), mnr. W. Serfontein (sekretaris) en mev. H.J. Klopper en mnr. J. Boshoff (lede).[9)]

Die stigting van reëlingskomitees op al die dorpe waar die waens sou aandoen, was die eerste noodsaaklikheid. Op elke dorp is die predikante van die Afrikaanse kerke as die beste aanknopingspunte beskou om ŉ verteenwoordigende komitee byeen te roep. Die benaming „Die Pad van Suid-Afrika" is na aanleiding van C.J. Langenhoven se bundel op voorstel van mnr. W. Serfontein aangeneem as naam van die Gedenktrek.[10)]

---

7) Ibid.
8) Ibid.
9) Mostert, op. cit., pp. 38-39.
10) Ibid., p. 39.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die reaksie op die eerste omsendbrief was flou, maar geleidelik het die gedagte elke komitee kragtig aangegryp - en die geesdrif het opgevlam. Die S.V.K. het die Trekgedagte met spontane geesdrif verwelkom en alle moontlike hulp aangebied om van die onderneming ŉ sukses te maak.[11] Ook die pers het die Trek-idee van krag tot krag laat opvlam.[12]

Versoeke het vanuit alle windstreke na die hoofkantoor van die A.T.K.V. op Hartenbos ingestroom om die Trek ook ander dorpe as die reeds vasgestelde roete te laat gaan. Die Sentrale Reëlingskomitee het dit nou nodig gevind om twee waens te laat trek - een na Pretoria en een na Bloedrivier.[13]

Op versoek van die Eeufeeskomitee is, met die medewerking van die Departement van Pos- en Telegraafwese, die ossewapos gereël om spesiale koeverte met Voortrekkermonumentseëls daarop van Kaapstad en ander plekke na Pretoria te vervoer. Die verwagting was dat voorsiening vir ongeveer tienduisend koeverte genoeg sou wees, maar uiteindelik moes ŉ wa spesiaal gebruik word net om die geweldige aantal koeverte te vervoer. Die aantal is verder vermeerder deur die besluit om ook spesiale koeverte na Bloedrivier te stuur.[14]

Toe die A.T.K.V. tenders gevra het vir die bou van die twee waens wat hulle nodig sou hê, het daar van geen enkele wamaker in die land ŉ antwoord gekom nie.[15] Daarom is mnr. J.M. Jonker, ŉ bekende meubelmaker van Krysna, gelas om met die bou van twee tipiese Voortrekkerwaens, volgens spesifikasie van dr. S.H. Pellissier van Bloemfontein, voort te gaan.[16] Met huiwering is die werk aangepak, maar weldra het die werkers by die vervaardiging van die simboliese bouwerk onder so ŉ besieling gekom dat dít ŉ brok geskiedenis is om nie te vergeet nie. Met die meeste kieskeurigheid is die hout vir die waens uitgesoek, stukke hout waarin tradisie en geskiedenis vasgegroei lê.[17] Op 6 Augustus 1938 is die twee waens, Andries Pretorius en Piet Retief, soos hulle later genoem sou word, op luisterryke

---

11) Ibid.
12) Die Taalgenoot, Des. 1968, p. 47.
13) Gedenkboek, op. cit., pp. 34-37.
14) Jansen, E.G., Die Voortrekker-eeufees, Offisiële Jaarboek No. 20.
15) Die Kindervriend, Des. 1938, p. 16.
16) Mostert, op. cit., p. 39.
17) Die Kindervriend, Des. 1938, p.16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wyse in Kaapstad deur die Minister van Spoorweë, adv. O. Pirow, ontvang.[18)]

Alles was nou gereed vir die Simboliese Ossewatrek, en geeneen, ook nie die kongresgangers van die 1937-jaarkongres van die A.T.K.V. wat die besluit geneem het om so 'n Trek te reël, het 'n besef gehad van die weergalose belangstelling wat hulle gedagte gaande sou maak nie. Selfs ook nie aan die begin van 1938 toe die Trek weer ter sprake gekom het, kon die organiseerders 'n denkbeeld vorm van die werklike uitwerking van die trekgedagte nie. Soos 'n kiem het die gedagte in die wieg van sy geboorte gesluimer om op 8 Augustus 1938 soos met 'n towerslag in Kaapstad te ontluik.[19)]

### (iii) Die Trek self

#### Leiers van die Trek

Die volgende persone het as leiers van die Simboliese Ossewatrek opgetree of die waens vergesel : H.J. Klopper, hoofleier van die Trekke; Oom Tienie van Schoor, leier van die Hooftrek en Posmeester; Tannie van Schoor, Trekmoeder; Nig Birdie Klopper, Trekkersvrou; Erna en Joubertjie Klopper, kinders van die Trek; J.P. Boshoff, organiseerder; A.G. Visser en W. Serfontein, mede-organiseerders; J. Langenhoven en K. Terblanche, Staatmakertrekkers; J.C. Pretorius, bewaarder van oudhede, en H. Gerber en A. Barnard, Penkoptrekkers.[20)] Hierby moet ook nog gevoeg word die persone wat as leiers van sommige van die Trekke op die verskillende roetes opgetree het, naamlik Hekkie Ferreira, Attie Louw, Louis Nell, ds. A.D. Lückhoff, Roelf Olivier, A.J. Kacheloffer, Adam Barnard, Frans van Niekerk en eerw. J.F. Wiesner.[21)]

#### Roetes

Die Ossewatrek het so 'n groot belangstelling gewek dat mense uit alle dele van die land aangedring het dat die waens hulle ook moes besoek. Die gevolg was dat verskeie ander trekke georganiseer is sodat byna alle dele van die land besoek is deur waens op pad na Pretoria of Bloedrivier. Die groeiende geesdrif

---

18) Mostert, op.cit., p. 40.
19) Ibid., p. 38.
20) Ibid., Titelblad.
21) Die Taalgenoot, Des. 1967, p. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


het daartoe gelei dat die twee oorspronklike roetes uiteindelik tot vyftien onderskeibare roetes uitgebrei is.[22)]

Die verskillende roetes en hoofleiers was soos volg :

1. Kaaplandse Hooftrek (Kaapstad-Graaff-Reinet), hoofleier : mnr. H.J. Klopper.
2. Langkloof-trek (Hartenbos-Jansenville), onder leiding van mnr. Hekkie Ferreira.
3. Hoeko-trek (Hoeko-Pretoria), onder leiding van mnre. Attie Louw en Louis Nell.
4. Oos-Kaapland-trek (Graaff-Reinet-Aliwal-Noord), onder leiding van mnr. H.J. Klopper..
5. Grensboere se trek (Grahamstad-Aliwal-Noord), onder leiding van mnr. Japie Boshoff.
6. Noordweste-trek (vanaf Moorreesburg deur die Noordweste en Wes-Transvaal na Pretoria), onder leiding van ds. A.D. Lückhoff.

7) Vrystaatse Hooftrek (Aliwal-Noord-Parys), onder leiding van mnr. H.J. Klopper.

8) Vrystaat-trek (Graaff-Reinet-Bloemfontein), onder leiding van Roelf Olivier.

9) Trek deur die Oos-Vrystaat (Thaba 'Nchu-Marquard), onder leiding van Japie Boshoff.

10) Sarel Celliers-trek (Vegkop-Pretoria), onder leiding van A.J. Kachelhoffer tot op Volksrust en Japie Boshoff tot in Pretoria.

11) Natal-trek (Vegkop-Bloedrivier), onder leiding van Japie Boshoff tot by die Natalse grens en mnr. A.J. Kachelhoffer deur Natal.

12) Louis Trichardt-trek (Carolina-Pretoria), onder leiding van Adam Barnard en Frans van Niekerk.

13) Transvaalse Hooftrek (Potchefstroom-Pretoria) onder leiding van oom Tienie van Schoor.

14) Bolandse Trek (Hardekraaltjie-Kaapstad), onder leiding van eerw. J.F. Wiesner.

15) In Suidwes-Afrika is 'n afsonderlike trek gehou wat nie deel van die res gevorm het nie en wat slegs enkele plekke in Suidwes-Afrika ingesluit het.[23)]

---

22) Jansen, <u>op.cit</u>.
23) <u>Die Taalgenoot</u>, Des. 1967, p. 6. (Vergelyk ook : E.G.J., F.III.7.a(b), Kaart van Ossewatrek van Kaapstad na Pta., 8.8. - 15.12.1938).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## Die Waens

Mej. Rikie Postma van Bloemfontein het voorgestel dat elke wa wat aan die Trek sou deelneem 'n naam moes kry,[24] 'n wenk wat dan ook aanvaar is.

Die volgende waens het aan die Simboliese Ossewatrek deelgeneem :

### „Piet Retief" en „Andries Pretorius"

Hierdie twee waens is, soos ons reeds gesien het, albei deur die Gebroeders Jonker van Knysna uit stinkhout gemaak, behalwe die aste wat uit ysterhout, en die nawe wat van geelhout gemaak is. Hierdie is die twee waens wat oorspronklik alleen aan die Simboliese Ossewatrek sou deelneem.[25]

### „Hendrik Potgieter" en „Magrieta Prinsloo"

Hierdie waens is albei gebou deur die firma J.F. Phillips, van die Paarl, en die „Hendrik Potgieter" is ook deur hulle geskenk. Die „Hendrik Potgieter" is gebou van ysterhout, Australiese „hickory", stinkhout, assegaaihout, Amerikaanse „rock-elm" en „ash". Die „Magrieta Prinsloo" is van dieselfde hout gebou, behalwe dat die stinkhoutgedeeltes deur witpeer vervang is. Die fabriek waar die twee waens gebou is, is in 1882 opgerig.[26]

### „Vrou-en-Moeder"

Geelhout, assegaaihout, stinkhout en ysterhout is gebruik by die maak daarvan. Geen spykers, moere of skroewe is in die wa gebruik nie. P.J. van Reenen van Knysna het hierdie wa geskenk[27]

### „Magdalena de Wet"

Hierdie was is uit dieselfde hout as „Vrou-en-Moeder" deur mnr. P.J. van Reenen van Knysna vervaardig, en is deur mnr. en mev. W.P. Boshoff van Krugersdorp geskenk.[28]

---

24) Die Kindervriend, Des. 1938, pp. 16-19.
25) Mostert, op. cit., pp.41-43.
26) Ibid., pp.43-44.
27) Ibid., pp. 44-45.
28) Ibid., pp. 46 en 771.

**„Johanna van der Merwe"**

ŉ Ou kakebeenwa van die familie Van der Berg van die plaas Keurbosfontein, distrik Ladismith. Hierdie wa is in die 19de eeu op Riversdal gemaak.[29)]

**„Sarel Cilliers"**

Hierdie wa is ook deur mnr. J.M. Jonker van Knysna geskenk.[30)]

**„Louis Trichardt"**

Hierdie wa was ŉ geskenk van die twee broers, Dan en Bertus van Wyk, van Albertinia.[31)]

**„P.U.K.-Bloedrivierwa"**

Hierdie wa het aan Piet Swarts behoort, wat met die wa die Groot Trek meegemaak het. Daar is selfs die vermoede dat hy in die Slag van Bloedrivier was.[32)]

**Die „Dirkie Uys-Voortrekkerwaentjie"**

Dit is deur T.G. Coetzer van Maraisburg, Transvaal, uit stinkhout gemaak. Die waentjie is op die laaste paar skofte op die Pad van Suid-Afrika deur kinders getrek.[33)]

**Verloop van die Trek :**

„Die Trek het begin; dit het begin in die naam van God". Dit was al. Daar was geen toesprake nie. Met hierdie enkele sin het mnr. H.J. Klopper die Simboliese Ossewatrek op Maandag, 8 Augustus 1938 van stapel gestuur.[34)] Die twee waens het die Moederstad verlaat en die lange trek na die Noorde aangepak. Duisende mense het rondom die standbeeld van Van Riebeeck aan die onderend van Adderleystraat vergader om die vertrek te aanskou, en duisende meer het die waens bekyk wat langsaam deur die strate van Kaapstad beweeg het.[35)] Adv. Oswald Pirow,

---

29) Ibid., p. 46.
30) Ibid., p. 47.
31) Ibid., p. 47.
32) Ibid., pp. 47-48.
33) Ibid., p. 808.
34) Dagbreek en Landstem, 11.8.1968.
35) Jansen, op.cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



destydse Minister van Spoorweë, het die Trek in Kaapstad op 'n pragtige polisieperd geleide gedoen en kommandant Chris van Niekerk het as een van die eerste touleiers opgetree.[36)]

Die waens het maar klein en tengerig gelyk, en daar was mense wat getwyfel het of hulle ooit die lang reis sou kon deurstaan. Min mense kon op daardie stadium dink dat die entoesiasme wat by die vertrek van hierdie twee waens geheers het nie slegs op die Trek gehandhaaf sou word nie, maar dat dit selfs oortref sou word.

Na die vertrek van die waens uit Kaapstad het adv. E.G. Jansen 'n boodskap aan die <u>Cape Argus</u> oorhandig, waarin hy onder andere die volgende gesê het : „The message of the ox wagon trek and of the Centenary Celebrations is one of peace, co-operation and goodwill, and a reminder that we must return to the God of our fathers and to the sterling qualities which they displayed in times both of adversity and of prosperity .... For us in South Africa the message of the ox wagon is of special importance and I hope that we will take full advantage of this opportunity to become reconciled with our 'neighbours', and reorganise our lives in such a way that moral and spiritual values will transcend all other considerations." [37)]

Die eerste skof het tot by Goodwood gegaan, en die skare wat daar teenwoordig was, is op 20,000 geskat. Niemand het soveel gloedryke belangstelling verwag nie. Die voorstelling wat die organiseerdes hulle van die Trek gemaak het, was dat hulle rustig oor stil paaie van plek tot plek sou beweeg en dat 'n klein maar innige funksie op elke plek die aankoms en vertrek van die waens sou aankondig. Vanaf die eerste dag is alle berekening in die war gestuur deur 'n geweldige toeloop van mense wat die Trekkers met geskenke en verversings oorval het, nie alleen op dorpe nie, maar oral langs die paaie. Vroue en meisies het toegeloop om die handtekeninge van trekkers op hulle kappies te kry of om 'n sakdoek in die teer van die wawiel te smeer. Die geesdriftige volk moes beteuel word om die Trekkers nie deur blote betuiging van hartlikheid deur uitputting te laat beswyk nie. Eenmaal uit oor die berge en dale van die land, het die ossewaens steeds meer belangstelling wakker gemaak, en het baie plekke wat

36) <u>Die Huisgenoot</u>, 9.8.1968, pp.19-20.
37) E.G.J., F.III.7.a.(x)., Boodskap van adv. E.G. Jansen vir die <u>Cape Argus</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie op die roete gelê het nie, aansoek gedoen en ook ŉ ossewabesoek ontvang.[38]

Die Trekkers het daagliks hulle eerste skofte begin, en hul laaste skofte afgesluit, met die lees uit Gods Woord, met gebed, met dank en lofliedere. „Op die spoor van die geskiedenis het hulle getrek, aldag maar getrek, aldag jubelende skare teëgekom, menigtes wat geluister het na hulle boodskap, grysaards wat oorweldig word deur ou herinneringe, jongmense wat verbysterd staan en kyk, kinders wat opgetoë aandraf .... vooruit die toekoms in waar die heil lê van hulle Suid-Afrika waarin die ossewaspore so diep getrap is", soos Nellie Kruger dit so pragtig gestel het.[39] Waar die waens gekom het, was die geskiedenis van daardie plek ŉ waaragtige belewing wat die toeskouers aangegryp het en oor die lengte en breedte van die land deur persberigte en deur die radio versprei is.

Elke trek is tot in die fynste besonderhede georganiseer. Spoorwegwerkers wat lede van die A.T.K.V. was, het die toesig oor die waens gehad. Osse, meestal rooi Afrikaners, is verskaf deur plaaslike boere wat maar te gretig was om die eer te hê dat hulle osse die waens van een plek na die ander sou trek.[40]

Op Oudtshoorn, die tuiste van C.J. Langenhoven, skepper van „Die Stem van Suid-Afrika" en „Die Pad van Suid-Afrika", het die eerste volksdemonstrasie plaasgevind toe duisende Afrikaners soos een man „Die Stem" as volkslied aanvaar het. Hierdie voorbeeld het al langs die trekpad navolging gevind. By Wellington is die geboorteplek van Piet Retief besoek, op Swellendam is tonele uit die geskiedenis van die Republiek van Swellendam voorgestel, op Graaff-Reinet is die ou woonplaas van Andries Pretorius besoek en in ŉ ommesientjie het fondse ingestroom om die destydse plaasnaam „Clifton" te laat verander tot „Andries Pretorius". Die moontlikheid om die ou woonhuis tot volksmonument te verklaar, is verder in die vooruitsig gestel. Dan Slagtersnek, by die spelonk waar Frederick Bezuidenhout ingekruip het en waar hy deur die koeël van ŉ Pandoer omgekom het, Bulhoek, die plaas waar Paul Kruger gebore is, met ŉ herstelde deel van die oorspronklike opstal en drie vervalle mure

---

38) <u>Die Kindervriend</u>, Des. 1938, pp. 16-19.
39) <u>Ibid</u>.
40) Jansen, <u>op. cit</u>.

van die kamer waarin Paul Kruger waarskynlik op 10 Oktober 1825 gebore is.[41)]

Maar die Trek moes verder, oor die Oranjerivier tot op Vrystaatse bodem. Plegtig was hierdie oorgawe by Phillippolis-brug en Aliwal-Noord. Steeds noordwaarts het hulle gebeur na die baken wat so ver al in sig gekom het, Thaba 'Nchu-berg, waar die belofte van ewigdurende vrede met die Barolongstam hernu is. Oral in die Vrystaat is geskiedkundige plekke besoek, op Bethulie die graf van Louw Wepener, op Rouxville die graf van Johanna Delport (gebore Van der Merwe) wat in lewe gebly het ten spyte van assegaaisteke opgedoen by Moordspruit, op Edenburg die graf van 'n ander Voortrekkermoeder, mev. J. Potgieter, wat by Moordspruit met 'n assegaai teen die grond vasgepen was, dan naby Bloemfontein „Onze Rust", die woonplaas van president Steyn, en daar het die waens ook oornag.[42)]

'n Gloed van geesdrif soos die Vrystaatse hoofstad nog maar selde beleef het, het die Voortrekkerwaens „Andries Pretorius" en „Vrou-en-Moeder" op Vrydag, 7 Oktober, by hulle aankoms in Bloemfontein begroet. Op die nuwe groot trek na die Noorde is die tog van hierdie twee waens spesiaal so ingerig dat hulle Bloemfontein betyds kon bereik vir die Eeufees aldaar van 7 tot 9 Oktober 1938 - 'n eeufeesviering wat van die volksvader, dr. J.D. Kestell, uitgegaan het met die besondere doel om benewens hulde aan die voorgeslag, ook 'n groot reddingsdaad te doen ten opsigte van die versonke Afrikaners.[43)]

Ook op Winburg, die geskiedkundigste van alle Voortrekkerdorpe, het 'n matelose geesdrif geheers. „Die Stem" is vir die soveelste keer as volkslied aangeneem. Oor Klein Vetrivier het die ossewaens gegaan, verby Rietfontein, die geboorteplek van president Steyn, en by die oudste Voortrekkerkerkhof in die Vrystaat stilgehou. In stortreën het hulle by Sandrivier aangekom. Tussen die fondamente van die huisie waarin Andries Pretorius en kommissarisse Owen en Hogge op 17 Januarie 1852 die konvensie geteken het wat die Republiek 'n werklikheid gemaak het, het die Trekkers onder die Vierkleur gestaan om daardie betekenisvolle dag te herdenk. Die reis is verder oor Kroonstad,

---

41) Die Kindervriend, Des. 1938, pp. 16 - 19.
42) Ibid.
43) Kruger, J.J., Fees by die Waens, (Bloemfontein,1938) p.8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor Vegkop, na die Vaalrivier, steeds noordwaarts, het nog voorgelê.[44]

Algaande is groot feeste gevier, kinders gedoop (selfs met water uit Bloedrivier), huwelike voltrek, versoenings gedoen, gedenktekens en burgermonumente opgerig, die waspore verewig in betonblokke, klipbakens op die Pad van Suid-Afrika gestapel, konsentrasiekampe besoek, kranse gelê op dierbare graftes, eervolle vlae en geskenke in die vorm van onskatbare oudhede aan die Trekkers oorhandig, en ongekende vindingrykheid in die organisasie van feesprogramme aan die dag gelê.[45]

Oom Tienie van Schoor, Posmeester en Onderleier van die Trek, het tot op Brandfort 90,000 Voortrekkerkoeverte vervoer. Daarvan was daar 'n paar wat onder andere aan Mussolini, Hitler, koningin Wilhelmina en president Roosevelt gerig was. Terwyl die Trek in Kaapstad 25,600 briewe ontvang het, het hy op Slagtersnek 25,800 briewe gelaai.[46]

Op 15 September 1938 het die kakebeenwa „Johanna van der Merwe" - die sogenaamde „Armmanswa" - op Moorreesburg sy lang trek deur die Noordwes-Kaapland begin op weg na die Eeufeesviering by Pretoria. Die gedagte hieraan verbonde was dat die wa soos 'n ligstraal deur die geteisterde Noordwes-Kaapland sou gaan om 'n boodskap van troos en besieling te bring aan die swaarbeproefde boere-gemeenskap, wat medelye en nuwe moed terdeë nodig gehad het, en dit het die wa dan ook by uitstek gedoen. Trouens, die geesdrif langs dié roete het, trots die terneerdrukkende toestande, geen perke geken nie.[47]

Waar die waens aangekom het, was die geesdrif van die publiek oorweldigend. Nooit tevore is daar so 'n belangstelling in 'n saak getoon en so 'n algemene goedkeuring aan die dag gelê nie. Hierdie wonderlike geesdrif het onverminderd voortgeduur. By elke plek waar die ossewa aangedoen het, is 'n program vir sy ontvangs gereël. Die vierings was meestal van 'n godsdienstige aard en die geskiedenis van die Voortrekkers was gewoonlik die onderwerp van die toesprake. Op baie plekke langs die weg deur die ossewaens gevolg, is gedenktekens opgerig as aandenking van die besoek van die wa. Op baie plekke is die wa ook oor 'n nat

---

44) Die Kindervriend, Des. 1938, pp. 16 - 19.
45) Ibid.
46) Gedenkboek, op. cit., p. 48.
47) Ibid., p. 45.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sementblok getrek ten einde die spoor van die wiele te bewaar.[48)]

Wat interessant is, is dat die Trek in Kaapland ŉ meer diepgaande en godsdienstige aard aangeneem het. Dit was meer ŉ bedevaart. Nadat die Oranjerivier oorgesteek is, het dit egter ŉ meer militêre karakter aangeneem. Groter kommando's met kommandante aan die hoof het by die waens aangesluit.[49)]

Die waens het almal hulle bestemming op Pretoria en by Bloedrivier bereik, betyds vir die feesvierings. Met klokke wat in die verte ŉ welkom gelui het, het die waens Pretoria op hulle laaste skof binnegetrek. Nege kanonskote het die aantog van die waens uitgebulder. By die samekoms van die waens het ds. Wm. Nicol ŉ kort gebed gedoen, waarop die Trekleiers, mnr. H.J. Klopper, oom Tienie van Schoor en Japie Boshoff, elkeen ŉ kort rede gehou het. Hiervandaan het die waens na die kerkhof beweeg waar kranse op die grafte van president Paul Kruger, Andries Pretorius, Hendrik Potgieter en Burgergrafte gelê is. By die Krugerhuis is die President se laaste boodskap voorgelees. Daarna het die ontvangs op die geskiedkundige Kerkplein van Pretoria plaasgevind, waar generaal J.J. Pienaar, Administrateur van Transvaal, die waens namens Transvaal welkom geheet het. Na afloop van die verrigtinge is die stoet in Paul Krugerstraat na die Krugerstandbeeld op die Stasieplein. Hier het ds. C.H. Rautenbach die skriflesing en gebed waargeneem. Kranse is gelê en koorsang het plaasgevind. Verwelkomingstoesprake deur kol. B.J. Swart en mnr. W. Heckroodt is gehou. Hierop het mnr. H.J. Klopper geantwoord.[50)]

Die eindfees is op die terrein van die Transvaalse Universiteitskollege gehou. Die rektor van die Universiteit, mnr. C.H. Schmidt, het gesê dat dié Universiteit daarna strewe om die gees van die Voortrekkers onder hulle nageslagte te bestendig. Ook Gerard Moerdyk het gepraat en Anna Neethling-Pohl het die aand ŉ skitterende voordrag gelewer.[51)]

Op 14 Desember het die optog van die Universiteitsterrein na die Voortrekkermonumentterrein plaasgevind. Op die grens van die Voortrekkermonumentterrein is die waens deur luit.-kol. B.J. Swart, Burgemeester van Pretoria, en oom Andries van Gas,

---

48) Jansen, <u>op.cit</u>.
49) <u>Die Huisgenoot</u>, 9.8.1968, pp. 19-20.
50) Mostert, <u>op. cit</u>., pp. 767-770.
51) <u>Ibid</u>., p. 771.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voorsitter van die Pretoriase Reëlingskomitee, namens Pretoria aan adv. E.G. Jansen, Voorsitter van die S.V.E.K., oorhandig.[52)]

Vier maande en ses dae nadat die waens uit Kaapstad vertrek het, is die doelwit, Monumentkoppie, bereik.

Mnr. Henning Klopper, Hoofleier van die Ossewatrek, het op die terrein van die Monument aan 'n skare van 25,000 mense plegtig die einde van die magtige volkstrek met die volgende woorde aangekondig : „Die Trek het in die naam van God begin en vandag eindig die Trek in die naam van God".[53)]

Dr. E.G. Jansen het in sy welkomswoord aan die Trekkers gesê : „Waarlik die Here het die idee wat by u ontstaan het, ryklik geseën en Hy het die ossewaens gebruik as 'n middel om ons volk op kragtige wyse na hom terug te roep. God het u en die ossewaens as instrumente gebruik om 'n groot seën aan ons volk te bring en ons is Hom baie dankbaar daarvoor. Ons dank u vir wat u gedoen het om ons volk wakker te skud ...."[54)]

## (b) SENTRALE EEUFEESVIERING, PRETORIA

Die Regering het aanvanklik gemeen dat dit wenslik was dat die eeufeesviering en die hoeksteenlegging van die Monument 'n Staatsgeleentheid sou wees, van so 'n aard dat daar aan die gevoel uiting gegee sou kon word wat alle dele van die volk vir die Voortrekkers en die gees wat hulle besiel het, koester. Dit sou meegebring het dat die Goewerneur-generaal as verteenwoordiger van die hoof van die Staat uitgenooi sou word, en dat hy met die gebruiklike eerbewys begroet sou word. Dit het egter geblyk dat so 'n reëling tot heelwat onaangenaamheid en bitterheid sou lei en die vrees het ontstaan dat as gevolg die vreedsame ontwikkeling van ons eenheid as volk belemmer sou word. Deur daardie gevoel gelei, het verteenwoordigers van die Engelssprekende Verenigde Party-lede in die Senaat en die Volksraad hulle spontaan na die Eerste Minister gewend, en hul wens uitgespreek om mee te help om so 'n moontlikheid af te weer. Met daardie doel het hulle te kenne gegee dat, as dit as middel daartoe sou dien, hulle dit sou verwelkom, as afgesien sou word van die voorneme dat die hoeksteenlegging 'n Staatsgeleentheid sou

52) Program: <u>Voortrekkereeufees, 1938, Pretoria</u>, pp.8-23.
53) Mostert, <u>op. cit</u>., p. 772.
54) <u>Ibid</u>., p. 773.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wees. Die Regering kon nie anders as om die grootmoedigheid van hierdie houding te erken en baie hoog op prys te stel nie. En waar hy self hom gedwonge gevoel het om te trag om te verhinder dat wat bedoel was as 'n middel om die eenheid van die volk te bevorder gebruik sou word om die volk te verdeel, het hy besluit om in daardie gees te handel. Die Regering was dus bereid om die verantwoordelikheid in verband met die eeufeesviering en hoeksteenlegging aan 'n feeskommissie oor te dra wat met dieselfde gees as die Regering besiel was, naamlik dat al die verrigtinge op 'n grootse breednasionale wyse sou geskied, sodat alle dele van die volk van Suid-Afrika, Afrikaans- en Engelssprekend, wat hulde wou bring aan die Voortrekkers en die gees wat hulle besiel het, daarin sou kon deelneem, en dat die volk as geheel daardeur met 'n gevoel van nasionale trots besiel sou kon word.[55)]

**(i) Die Sentrale Voortrekker-Eeufeeskomitee (S.V.E.K.)**

Dit was egter van die begin af die begeerte van die Regering om gedeeltelike seggenskap te behou wat betref die reëling in verband met die Voortrekker-Eeufees wat in Desember 1938 sou plaasvind. Die Dagbestuur van die S.V.K. was al geruime tyd besig met voorbereidende werk in verband met die viering, en het die Regering met die versoek genader dat die S.V.K. as Feeskommissie erken word. Die Minister van Binnelandse Sake het egter gemeen dat dit 'n te groot liggaam sou wees, en ook moeilik om bymekaar te kry, ook het hy persone in die oog gehad wat hy graag in die Kommissie wou sien. Na onderhandelinge met die Minister van Binnelandse Sake en bespreking met genl. Hertzog, het hy aan die hand gegee dat die Feeskommissie saamgestel word uit die sewe lede van die Dagbestuur van die S.V.K. en vyf lede wie se name hy voorgelê het. Die Dagbestuur het gevoel dat die voorstel en die lede wat aan die hand gegee was, aanneemlik was en het dit aanvaar.[56)]

Die Eeufeeskomitee is dus saamgestel uit adv. E.G. Jansen (voorsitter), mnr. J.J. Scheepers (sekretaris), mev. M.M. Jansen, prof. dr. T.J. Hugo, mev. S. Broers, mnr. P.I. Hoogenhout en mnr. I.M. Lombard,[57)] aangevul deur die volgende persone wat

---

55) E.G.J., F.III.7.a.(b)., Aantekening van dr. E.G. Jansen.
56) <u>Ibid</u>.
57) <u>Die Kindervriend</u>, Des. 1938, p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


deur die Regering in die reëlingskomitee benoem is : Mnr. S.P. Bekker, Administrateur van Transvaal (ondervoorsitter), mnr. A. Kuit, prof. dr. T.J. Haarhoff, maj. A.G.O. Coertze en dr. J.L. van Eyssen.[58] Mnr. Bekker is later oorlede, en die nuwe Administrateur, genl. J.J. Pienaar, is in sy plek benoem.[59]

### (ii) Voorbereiding vir die Voortrekker-Eeufees

Die Sentrale Voortrekker-Eeufeeskomitee (S.V.E.K.) het dadelik met sy werksaamhede begin en die Transvaalse Onderwysdepartement het aan die sekretaris van die S.V.E.K., mnr. J.J. Scheepers, verlof vir ongeveer 18 maande met behoud van volle salaris toegestaan.[60] Mnr. Scheepers kon dus sy volle aandag aan die organisasie van die Eeufeesviering wy.

Daar is besluit dat die fees drie dae sou duur,[61] dat die verrigtinge die gees van die Voortrek sou weerspieël[62] en dat die verrigtinge op 16 Desember van godsdienstige aard sou wees soos die gewone Dingaansfeesvierings.[63] Plaaslike feeskommissies is ook gevra om so min moontlik afbreuk te doen aan die sentrale fees.[64]

Vir die beplanning van die feesterrein het die S.V.E.K. 'n Feesterrein-Onderkomitee, bestaande uit dr. J.L. van Eyssen, maj. A.G.O. Coertze, prof. dr. T.J. Hugo en mnr. J.J. Scheepers, benoem.[65] Die medewerking van verskillende Staatsdepartemente is verkry, vernaamlik dié van Verdediging, die Polisie, die Spoorweë en Gesondheid, asook die hulp van die Pretoriase Munisipaliteit en die Transvaalse Provinsiale Weëdepartement. Paaie moes gemaak en parkeerplek aangelê word, en voorsiening moes gemaak word om ongeveer 40,000 mense in tente en onder seile te huisves. Tente en seile is van die Spoorweë en die Departement van Verdediging gehuur, en lede van die Spesiale Diens-bataljon het uitstekende hulp verleen in verband met die regmaak van die terrein en die opslaan van tente en hutte. Die verversingsdiens is in die hande gelaat van die Suid-

---

58) S.V.K., Brief: Jansen aan Scheepers, 24.11.1937.
59) S.V.E.K., Notule, 6.10.1938.
60) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 28.9.1937.
61) S.V.K., Notule, 12.2.1938.
62) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 31.8.1937.
63) S.V.K., Notule, 16.1.1937.
64) S.V.K., Notule, 12.2.1938.
65) Program: <u>Sentrale Voortrekker-Eeufees, Pretoria, 1938</u>, pp.3-4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaanse Vroue-federasie en spesiale verversingstente is vir hulle opgerig. 'n Groot feessaal is onder seile opgerig met plek vir oor die 3,000 mense, en 'n spesiale paradeplein is vir die vertonings van die Verdedigingsmag aangelê.[66)]

Rondom Monumentkoppie by Pretoria het dus in die dae voor 16 Desember 1938 'n Voortrekkerstad verrys. Die stad was verdeel om laers elkeen met 'n toepaslike naam. Daar was onder andere die volgende laers : Antjie Scheepers, Piet Retief, Andries Pretorius, Hendrik Potgieter, Piet Uys, Gerrit Maritz, Sarel Celliers, Hans de Lange, Karel Landman, Erasmus Smit, Marthinus Oosthuizen, Mocke, Debora Retief, Noordlaer, die A.T.K.V.-laer, Ossewalaer, Bloedrivier, Kappie-kommando, ens.[67)] Daar is voorsiening gemaak vir 'n Wa-laer waar benewens die waens wat aan die Trek sou deelneem, 'n twintigtal ander waens sou kon staan, 'n Burgerlaer en 'n Voortrekkerlaer waar die lede van die Burgerkommando's en die Voortrekkerbeweging gevestig sou word.[68)]

Dit was 'n goed georganiseerde stad met al die nodige geriewe en dit sou selfs 'n eie koerant hê. Die Afrikaanse Nasionale Studentebond het naamlik besluit om vir vier dae lank <u>De Oude Emigrant</u>, die eerste koerant wat in die Transvaal verskyn het, en wel op 15 Oktober 1859 te Potchefstroom, te laat herleef.[69)]

Generaal Chris Muller is as Laerkommandant aangewys, en mnre. S.J. Botha en A. van Gas en mev. H.A. de Vrye is aangewys as Assistent-Laerkommandante om te sorg dat alles in die laers vlot verloop.[70)]

Om die feesprogram op te stel en te reël, is 'n Feesprogram-Onderkomitee, bestaande uit prof. dr. T.J. Hugo, maj. A.G.O. Coertze en mnr. I.M. Lombard en J.J. Scheepers, benoem.[71)]

---

66) Jansen, <u>op. cit</u>.
67) E.G.J.,F.III.7.b.(a)., Aantekening van adv. Jansen.
68) <u>Die Taalgenoot</u>, Jan. 1968, p.3.
69) <u>De Oude Emigrant</u>, 13.12.1938, p. 7. - Hierdie blaadjie, wat gedurende die feestelikheide op die Eeufeesterrein in Pretoria verskyn het, is as vier „Dagblaaie" uitgegee. Die Ere-hoofredakteur was Gustav Preller. Die blad is uitgegee deur Anton Rupert in opdrag van die Hoofbestuurder van die A.N.S. Medewerkers was onder andere Albert Geyser, J. MacDonald, P.C. Coetzee en D.G. Malan.
70) Program: <u>Sentrale Voortrekker-Eeufees, Pretoria, 1938</u>, pp.3-4.
71) <u>Ibid.</u>, pp.3-4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ŉ Voorlopige program wat deur mnr. Lombard en Scheepers opgestel is, is aan die vergadering voorgelê en in beginsel is dit goedgekeur.[72] Daar was egter veral drie probleme by die opstel van die program waarvoor daar oplossing gesoek moes word naamlik wie as sprekers sou optree, of daar enige volkslied tydens die verrigtinge gespeel moes word en wie die hoeksteen moes lê.

Na deeglike oorweging is besluit dat die volgende persone as sprekers tydens die feesviering sou optree : Dr. P.C. Schoonees, mev. Judith Pellissier, mnr. J.H. Greÿbe, genl. Chris Muller, adv. E.W. Douglas, prof. dr. I.D. Bosman, adv. E.G. Jansen en die vier Provinsiale Administrateurs, mnr. J.H. Conradie (K.P.), mnr. Gordon Watson (Natal), dr. J.F.J. van Rensburg (O.V.S.), en genl. J.J. Pienaar (Transvaal).[73] Hierdie naamlys is aan genl. Hertzog voorgelê en hy was daarmee tevrede, dog hy het gemeen dat genl. Smuts ook gevra moes word om as spreker op te tree, en het verder daarop gewys dat die Goewerneur-generaal ook op die feestelikheide teenwoordig moes wees.[74]

Van verskeie kante is beswaar gemaak teen ŉ toespraak deur genl. Smuts en teen die hou van Engelse toesprake by die Monument. Adv. E.W. Douglas het naamlik gevra of hy toegelaat sou word om in Engels te praat.[75] Daar is gevoel dat dit onvanpas sou wees en so regstreeks in stryd met die Voortrekkergees, wie se hele strewe dit was om aan die Britse heerskappy te ontkom, dat dit van die volksfees ŉ klug sou maak, nie slegs in die oë van die Afrikaner nie, maar van die ganse beskaafde wêreld.[76] Nietemin is die versoek van adv. Douglas toegestaan, maar die S.V.K. het gevoel dat ŉ politieke figuur soos genl. Smuts liewer nie gevra moes word om ŉ toespraak by die feesviering te lewer nie.

Oorspronklik sou die Goewerneur-generaal amptelik by die hoeksteenlegging aanwesig wees. Uit alle dele van die land is egter hierteen protes aangeteken omdat die indruk bestaan het

72) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 28.9.1937.
73) Program : <u>Sentrale Voortrekker-Eeufees 1838-1938</u>, Pretoria, 14-16 Des. 1938, pp. 7-29.
74) S.V.E.K., Notule, 7.6.1938.
75) S.V.K., Notule, 25.11.1938.
76) E.G.J., F.III.7.a.(b)., Brief: Voorst., Alberton-Germiston Dingaansfeeskomitee aan Sekr., S.V.K., 21.6.1938.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat by 'n sodanige funksie, wat 'n staatsfunksie sou wees, die Britse volkslied gespeel en die Britse vlag gehys sou moes word.[77] Die S.V.E.K. het gevoel dat die suksesvolle uitvoering van die program grootliks afgehang het van die vraag of „God Save the King" by die verrigtinge gespeel sou word of nie. Die Komitee was eenparig van oordeel dat die weglating van alle volksliedere by die verrigtinge alle moeilikhede uit die weg sou ruim. Indien die Britse volkslied wel gespeel sou word, sou 'n groot deel van die Afrikaanssprekende bevolking hom aan die verrigtinge onttrek, en die tentatiewe program sou dan in duie stort. Met leedwese het die Komitee tot hierdie konklusie gekom, maar gevoel dat dit sy plig was om die posisie aan die Regering duidelik uiteen te sit.[78] Om verdere onaangenaamhede in dié verband te voorkom, het genl. Hertzog besluit om hom aan die verrigtinge te onttrek. Nòg hy nòg die Goewerneur-generaal sou die feestelikhede bywoon.[79]

Aanvanklik is eenparig besluit dat genl. Hertzog gevra sou word om die hoeksteen te lê en dat die dame wat die troffel aan hom sou oorhandig, die oudste, direkte afstammeling van Piet Retief moes wees.[80] Genl. Hertzog was bereid om die hoeksteen te lê.[81] As Eerste Minister is hy egter verneder toe hy afstand daarvan moes doen om die hoeksteen van die Voortrekkermonument te lê. Daar het naamlik opnuut aanvalle gevolg toe hierdie kampvegter vir Afrikaans aangewys is om dit te doen. Genl. Hertzog is naamlik van te veel vrees of dan te veel liefde vir Engeland beskuldig.[82]

'n Ander hoeksteenlêer moes gevind word, en daar is byvoorbeeld gedink aan prof. dr. J.D. Kestell, wat „een van ons eie bloed" was.[83] Die F.A.K. het hom daarvoor beywer dat die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument deur regstreekse nasate van die Voortrekkers waargeneem sou word.[84] In beginsel het die S.V.E.K. dan ook aangeneem dat dit billik sou wees om sover moontlik die afstammelinge van die vernaamste Voortrekker-

---

77) Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 12.12.1949, p. 11.
78) S.V.E.K., Notule, 4.7.1938.
79) Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 12.12.1949, p. 11.
80) S.V.E.K., Notule, 7.4.1938.
81) S.V.E.K., Notule, 7.6.1938.
82) Die Huisgenoot, 1.12.1967, p. 20.
83) E.G.J., F.III.7.a.(b)., Brief: Sekr., Helmekaarvereniging, K.P. aan Voors., S.V.K., 1.6.1938.
84) F.A.K., Silwerjubileum 1929-1954, (Johannesburg, 1954), p.27.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leiers in aanmerking te neem. In die eerste plek het Piet Retief in aanmerking gekom omdat hy die enigste Goewerneur van die Voortrekkers was. Daarna is in aanmerking geneem die enigste twee leiers wat Kommandant-generaal van die Voortrekkers was naamlik A.H. Potgieter en A.W.J. Pretorius. Die posisie van hierdie drie was enig in die Voortrek.[85)]

ŉ Oproep is in al die koerante gedoen op direkte vroulike afstammelinge van Retief, Potgieter en Pretorius om die nodige besonderhede en bewyse van hulle afstemmeling aan die sekretaris van die S.V.E.K. te stuur met die oog op die keuse van hoeksteenlegsters vir die Voortrekkermonument te Pretoria.[86)] Die S.V.E.K. het dan ook ŉ kommissie, bestaande uit mnr. A. Kuit, drr. Gustav Preller, I.D. Bosman en S.P. Engelbrecht, benoem om die ou volksmoeders te kies.[87)]

Na sorgvuldige oorweging van die stukke wat aan hulle voorgelê is in verband met die keuse van lynregte vroulike afstammelinge van die drie groot Voortrekkerleiers vir gesamentlike waarneming van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938, het hulle aanbeveel : Mev. ds. D.P. Ackerman van Bethlehem, ŉ agterkleindogter van komdt.-genl. A.H. Potgieter; mev. J.C. Muller van Winterton, ŉ kleindogter van komdt.-genl. A.W.J. Pretorius en mev. J.C. Preller van Pretoria, ŉ agterkleindogter van Piet Retief. Verder het hulle aanbeveel dat die hoeksteenlegging geskied deur middel van drie troffels, respektiewelik deur die genoemde dames volgens ouderdom gehanteer, en dat die inskripsies op die troffels eendersluidend moes wees.[88)] Hierdie aanbevelings is deur die S.V.E.K. goedgekeur.[89)]

ŉ Vroue-optog is deur mev. S. Broers en ander dames gereël,[90)] terwyl ŉ Vroue-erewag, bestaande uit afstammelinge van Voortrekker-stamouers ook tydens die hoeksteenlegging sou optree.[91)]

---

85) E.G.J., F.III.7.a.(b)., Aantekening van adv. E.G. Jansen.
86) S.V.E.K., Oproep i.v.m. hoeksteenlegging van Voortrekkermonument.
87) S.V.E.K., Notule, 13.8.1938.
88) S.V.E.K.,Brief: Onderkomitee aan Sekr.,S.V.E.K., 19.10.1938
89) E.G.J.,F.III.7.a.(b)., Aantekening van Jansen,27.10.1938.
90) S.V.K., Notule, 25.11.1938.
91) S.V.E.K., Oproep van S.V.E.K. in Pers, 2.9.1938.

£100 (R200) is beskikbaar gestel as prys vir 'n geskikte toneelstuk wat tydens die Eeufees opgevoer kon word[92] en die verkryging van 'n opvoerbare stuk is na die F.A.K. verwys. Die bevindings van die F.A.K.-keurkomitee sou vir goedkeuring aan die S.V.K. voorgelê word.[93] Die keuse het geval op „Die Dieper Reg" van N.P. van Wyk Louw. Die S.V.K. het ook £100 (R200) beskikbaar gestel vir die komposisie van 'n kantate vir die Eeufees.[94] Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. het daarin geslaag dat 'n gedigte-siklus oor die Groot Trek deur die bekende Afrikaanse digter Totius geskryf en die toonsetting deur die jong komponis, Arnold van Wyk, onderneem is.[95] Die kantate is voor die hoeksteenlegging voltooi, maar weens praktiese probleme kon dit nie uitgevoer word nie.[96]

Die S.V.E.K. het ook baie moeilikheid gehad om dinge so in te pas dat elk van die drie kerke 'n paslike aandeel sou kry daar die verrigtinge essensieel van godsdienstige aard sou wees. Die beste plan wat aan die hand gegee kon word, was om die môrediens aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk te gee; die aanddiens aan die Nederduitsch Hervormde Kerk, en om al drie te laat deelneem aan die hoofdiens tydens die hoeksteenlegging. Dit is gevoel dat dit paslik sou wees om prof. dr. J.D. du Toit (Totius) te vra om die preek te lewer. Hy was hoog aangeskryf by alle Afrikaners, beide as digter en Bybel- en Psalm en Gesangvertaler. Dit sou dan ook die Gereformeerde Kerk 'n voldoende aandeel in die dienste gee.[97]

In 1938 toe oor geheel ons land voorbereidings getref is om op 16 Desember fees te vier ter gedagtenis aan die Voortrekkers, het ook die Voortrekker-beweging gevoel dat hulle op kernelike wyse hulle aandeel moes bydra tot die grootsheid en volmaaktheid van die Eeufees. So het die gedagte ontstaan om deur middel van vure van Tafelberg en Natal af na Pretoria die boodskap van 'n heuglike nagedagtenis te stuur. Hierdie gedagte is egter prysgegee ten gunste van 'n fakkelloop wat aan soveel Voortrekkers moontlik die geleentheid sou gee om eiehandig die

92) S.V.K., Notule, 12.2.1938.
93) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 2.3.1938.
94) S.V.K., Notule, 21.9.1935.
95) F.A.K., <u>op. cit</u>., p. 27.
96) <u>Fleur</u>, 4.12.1949, p. 22.
97) E.G.J.,F.III.7.a.(b).,Bylaag : Geamendeerde Konsep Eeufeesprogram.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


lig na sy eindbestemming, die Voortrekkermonument naby Pretoria, te help voortdra. Na langdurige voorbereiding is op die aand van 30 November vanuit Kaapstad en op 7 Desember van Dingaanstat af met twee fakkellope begin.[98)] Op 13 Desember sou die twee fakkels op Vereeniging by mekaar aansluit.[99)]

Die A.N.S. is gevra om die boeresport tydens die feesdae te organiseer,[100)] terwyl die Pretoriase Kultuurraad die reëlings vir die Voortrekker-uitstalling op hom geneem het.[101)] Die noodsaaklikheid om die 1938-feestelikhede op film vas te lê, is besef en ene mnr. Beyers het reeds in Augustus 1937 met die maak van die film begin.[102)]

ʼn Prys van £60 (R120) is deur die Universiteit van Suid-Afrika uit die Voortrekker-Eeufees-Ondersoekings-Gedenkfonds beskikbaar gestel aan die persoon wat die beste verhandeling in Afrikaans of Engels indien, oor ʼn onderwerp wat in verband staan met die lewe en geskiedenis van ʼn persoon of persone wat aan die Voortrek deelgeneem het.[103)]

Die leerplan van die Vrystaatse Onderwysdepartement is so opgestel dat dit in die Eeufeesjaar van die Voortrekkers spesiaal op die Voortrekker-geskiedenis klem gelê het. Die Transvaalse Onderwysdepartement het hierdie leerplan ook onder die aandag van alle onderwysers gebring, met aanmoediging om langs soortgelyke lyne in hul skole te werk te gaan.[104)] Die Departement van Onderwys van die Kaapprovinsie het ook heeltemal simpatiek teenoor die gedagte gestaan dat die skole in die lopende jaar (1938) spesiale aandag aan die Groot Trek sou gee.[105)]

Die Minister van Verdediging het dit, uit krygskundige standpunt beskou, gepas geag dat, ter geleentheid van die honderdjarige gedenkdag van die oorwinning by Bloedrivier,

---

98) Amptelike Program en Gedenkboek, Pretoria, 13-16 Des. 1949, pp. 61-64.
99) Die Kindervriend, Des. 1938, p. 8.
100) S.V.E.K., Notule, 13.8.1938.
101) S.V.E.K., Notule, 7.6.1938.
102) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 13.8.1937.
103) S.V.K., Aanhangsel tot brief: Reg., U.N.I.S.A. aan Sekr., S.V.K., 21.7.1937.
104) E.G.J., F.III.7.a.(b)., Brief: Direkteur van Onderwys, T.O.D. aan Voors., S.V.K., 10.3.1938.
105) E.G.J., F.III.7.a.(b).,Brief: Sekr., Dept. van Onderwys, K.P., aan Voors., S.V.K., 4.3.1938.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kranse deur of namens hom op die grafte van Piet Retief, A.W.J. Pretorius en A.H. Potgieter geplaas sou word.[106] Hierteen het die S.V.E.K. geen beswaar gehad nie.

Die voorbereiding vir die groot Voortrekker-Eeufees het bestudering van elke detail vereis, en toe Desember 1938 aanbreek, was die feestelikheid op groot skaal georganiseer en het die S.V.E.K., daarvoor gesorg dat so 'n belangrike jaar in 'n volk se groei nie ongemerk verby sou gaan nie.

**(iii) Finansies**

Die aanvanklike globale beraming van die uitgawes in verband met die Eeufees was R41,682.[107] Die Minister van Finansies het verklaar dat die Regering bereid was om R20,000 by te dra om die onkoste van die feestelikheide te dek. Die orige geld moes die Komitee uit die S.V.K.-fondse aanvul en dan sou die Regering later die geld wat uit die fondse bestee is, weer byvoeg.[108]

Die uiteindelike uitgawes van die S.V.E.K. in verband met die Eeufeesviering was R68,133.02, saamgestel uit onder andere R31,923.40 vir kampuitgawes, R23,508.57 vir kore en orkeste, R3,454.48 vir drukwerk, R2,655.33 vir kantooruitgawes en R750.31 vir reis- en verblyfkoste, terwyl die res, R5,840.93, gegaan het vir historiese optogte, uitsaaidienste, openbare gesondheid, bronsgietsels en diverse uitgawes.[109]

Die inkomste van R68,138.77 ter bestryding van hierdie uitgawes het gekom uit voorskotte en donasies van die unieregering (R21,000), die S.V.K.-fondse (R33,733.27) en diverse (R594.85) - 'n totaal van R55,328.12; die verhuur van standplase, tente en matrasse, R8,663.75; die verkoop van programme, vlae en gedenkboeke, ens., R1,944.41; insamelings deur bioskoopvertonings, kollektes en pennieleggings, R503.69; advertensies, verkoop van kentekens, terugbetalings, ens., R1,698.79. Die balans in die bank op 13 Desember 1939 was dus R5.74.[110]

---

106) E.G.J., F.III.7.a.(b).,Brief: Sekr. van Verdediging aan Voors., S.V.K., 26.8.1938.
107) E.G.J., F.III.7.a.(b)., Globale beraming van uitgawes i.v.m. Eeufees, Pretoria, 14-16 Des. 1938.
108) S.V.E.K., Notule, 6.10.1938.
109) E.G.J., F.III.7.c.(b)., Staat van Ontvangste en Betalings vir die tydperk 1.1.1938-13.12.1938 van die S.V.E.K.
110) _Ibid_.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Pretoriase Stadsraad het beraam dat die onkoste in verband met beligting, watervoorsiening en sanitasie R13,000 sou beloop, maar die Raad was nie bereid om al hierdie uitgawes te dra nie.[111] Toe die Situs-komitee wat destyds aangestel is om ondersoek in te stel en verslag te doen oor die geskikste plek vir die monument, die Stadsraad van Pretoria ontmoet het, is aan hom egter die versekering gegee dat die Stadsraad vir water, lig en sanitasie sou sorg. Feesvierings by die monument is ook pertinent genoem. Dit was onder hierdie verstandhouding dat die S.V.K. besluit het om die monument by Pretoria op te rig.[112]

Volgens ŉ staat van die Stadsraad van Pretoria was hulle uitgawes egter aansienlik hoër as die beraamde bedrag. Dit het naamlik te staan gekom op R18,001.51 vir elektrisiteitsdienste, vir die Afdelings van die Stadsingenieur, Passasiersvervoer, Magasyne en Eiendomme, die Verkeers- en Gesondheidsafdelings, die Abbatoir en verlof aan per-dag-betaalde personeel.[113]

Met die oog daarop dat die Eeufeesviering ŉ omvang aangeneem het wat niemand voorsien het nie en die feit dat die Stadsraad R10,000 sou gee in verband met die ontvangs van die Ossewaens, is ooreengekom dat die Stadsraad verantwoordelik sou wees vir ŉ kwart van die koste deur hom gemaak. Daar was ook ŉ verstandhouding dat die Stadsraad alle koste sou dra van werk van ŉ permanente aard, met ander woorde wat by toekomstige vierings gebruik sou kon word. As die rekening van die Stadsraad aan die S.V.E.K., wat die enorme som van R14,052.38 bedra het, nagegaan word, vind ŉ mens dat die grootste deel daarvan uit items bestaan wat direk verbonde is aan die verskaffing van water, lig en sanitasiegeriewe - dus van permanente aard. Die S.V.E.K. was dus nie bereid om hierdie bedrag aan die Stadsraad te betaal nie.[114]

**(iv) Die Eeufeesprogram**

Dit was ŉ mistroostige tyd, daar in 1938. Ekonomies was ons Volk besig om uit te sukkel uit die moeras van die Groot

111) S.V.E.K., Notule, 6.10.1938.
112) E.G.J.,F.III.7.a.(c).(ii)., Memorandum i.s. rekening van Stadsraad van Pta. teen S.V.E.K. en S.V.K., 3.7.1940.
113) E.G.J., F.III.7.a.(c).(i)., Bylae tot brief: Stadsklerk, Pretoria aan Sekr., S.V.K., 2.3.1939.
114) E.G.J., F.III.7.a.(c).(ii).,Memorandum <u>op.cit</u>., 3.7.1940.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Depressie. Op politieke terrein was ons nog in die skeuring wat deur dieselfde depressie veroorsaak is - genl. Hertzog, Eerste Minister van die Verenigde Party-regering, dr. Malan, leier van die „gesuiwerde" Nasionale Party. Daar was geen gebied waarop ons mekaar nie aan die keel beetgehad het nie. Die Afrikanervolk was 'n Simson sonder sy lokke. Maar tog moes die lewe voortgaan, en een van die werke van daardie jaar was om die hoeksteen van die Voortrekkermonument te lê, honderd jaar na die Slag van Bloedrivier.[115)]

Wat die feesgangers betref, was daar 'n sekere „eksklusiwiteit". Wat bedoel word met „eksklusiwiteit" is dat die monument in die allereerste instansie die volksgevoel van die Afrikanerdeel van die bevolking geraak het wie se voorouers vereer word. Dus was die massagehoor destyds feitlik deurgaans Afrikaners en daarom was die voertaal by die verrigtinge, met klein afwykings, Afrikaans.[116)]

Die Eeufeesprogram het amptelik op Dinsdagoggend, 13 Desember 1938 begin met die ontvangs van die Ossewaens in Pretoria, die verwelkoming op Kerkplein, die optog van die waens na die Universiteitsterrein waar die laaste nag op die Pad van Suid-Afrika deurgebring is.[117)] Die aand is 'n rolprentvertoning, „Die Bou van 'n Nasie", gehou en is die dag se verrigtinge afgesluit met huisgodsdiens, gelei deur ds. Wm. Nicol.[118)]

Die program van Woensdag, 14 Desember het begin met oggendgodsdiens gelei deur dr. H.C.M. Fourie.[119)] Die optog van die Ossewaens van die Universiteitsterrein na die Voortrekkermonumentterrein het 'n aanvang geneem en is deur luit.-kol. B.J. Swart, Burgemeester van Pretoria, en oom Andries van Gas, Voorsitter van die Pretoriase Reëlingskomitee, namens Pretoria aan adv. E.G. Jansen, Voorsitter van die S.V.E.K. oorhandig.[120)] Hy het 'n welkomswoord tot die Trekkers gerig, waarop die Hoofleier van die Ossewatrek, mnr. H.J. Klopper, geantwoord het. In die voormiddag het die plegtige inbesitneming van die Afrikaanse Nasionale Studentbond van hulle laer, die kinderprogram, 'n toespraak deur dr. P.C. Schoonees oor „Die Voortrekker as

---

115) Die Huisgenoot, 13.12.1963, p. 37.
116) Die Transvaler, 5.5.1947.
117) Program: Voortrekkereeufees, Pretoria, 1938, pp. 8-23.
118) Program : Sentrale Voortrekker-Eeufees, Pretoria, 1938, pp.7-29.
119) Ibid.
120) Program: Voortrekkereeufees, Pretoria, 1938, pp.8-23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kultuurdraer" en die A.N.S.-program ook plaasgevind. In die namiddag het mev. Judith Pellissier oor „Die Voortrekkervrou" gepraat, is die A.T.K.V.-program afgehandel en ook ŉ vertoning deur die Verdedigingsmag gegee.[121)]

Die aand het die besonder indrukwekkende ontvangs van die Fakkeldraers van die Voortrekkerbeweging plaasgevind. Opgewonde het die groot skare Afrikaners op die terrein naby die Monument gewag. Twee vuurpyle het die aankoms van die fakkels aangekondig. Die twee fakkels is gevolg deur 3,000 kleiner fakkels wat deur Voortrekkers uit alle dele van die land gedra is.[122)] Die Eeufeeskomitee het die fakkels in ontvangs geneem, en by die geleentheid het adv. Jansen gesê : „Vir my is hierdie fakkelloop ŉ pragtige idee en simbolies van hoe elke Afrikaner die fakkel van ŉ sterk en vaste karakter, gegrondves op die deugde van die Voortrekkers, moet dra tot by die groot seremonievuur van ons volkslewe, sodat almal saam ŉ groot lig kan versprei. Dit is wat ons land nodig het : karakters soos die van die Voortrekkers, wat saam sal opvlam soos ŉ groot vuur in ons land om lig te gee, nie net aan Suid-Afrika nie, maar aan die hele wêreld."[123)] Ook mnr. J.H. Greÿbe, Transvaalse Provinsieleier van die Voortrekkerbeweging het gepraat. Die Fakkelloop is beëindig en die Voortrekkers het hulle beskeie bydrae tot die Eeufees gelewer. Klein en nietig het hulle dit beskou, maar groot en waardig het dit in die hart en siel van die volk geword. Die een brandende fakkel is aan die Hoofleier aangebied wat dit namens die hoofbestuur van die Voortrekkerbeweging in ontvangs geneem het en dit geblus het. Die ander vlam is brandende gehou en brand nog steeds in die Voortrekkermonument en in die voorportaal van die Ou Lettere-gebou van die Universiteit van Pretoria.[124)] Hierna is die dag se verrigtinge afgesluit met die aandgodsdiens gelei deur ds. B.H. Swart.[125)]

Die oggendgodsdiens is op 15 Desember deur ds. H.J. de Vos gelei. In die loop van die oggend is Boeresport gehou. Genl. Chris Muller het gepraat, terwyl komdt. J. Lombaard en andere die oudstryders toegespreek het. Voortrekkerhuwelike

---

121) Program: Sentrale Voortrekker-Eeufees, Pretoria, 1938, pp. 7-29.
122) Amptelike Program, op. cit., pp. 61-64.
123) Mostert, op. cit., p. 772.
124) Amptelike Program, op.cit., pp. 61-64.
125) Program: Sentrale Voortrekker-Eeufees,Pretoria,1938,pp.7-29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is voltrek, 'n kinderprogram is aangebied en historiese voorstellings het plaasgevind.[126]

In die namiddag het adv. E.W. Douglas, 'n lid van die S.V.K., gepraat, waarna die historiese voorstellings voortgesit is. Oók prof. dr. I.D. Bosman het die middag gepraat oor Andries Pretorius se woorde wat hy te Derdepoort op 22 Mei 1849 geuiter het : „Gedenk tot dat ons almal as broers die haardstede van ons vaders en moeders verlaat het om een en dieselfde saak." Die middag se program is afgesluit met 'n vertoning deur die Verdedigingsmag.[127] Geweldige toejuiging het die aankondiging van genl. J.C.G. Kemp, waarnemende Minister van Verdediging, by geleentheid van hierdie Lugmagdemonstrasie op die sportterrein van die Voortrekkermonument begroet waarin hy verklaar het dat daar op aanbeveling van die offisiere van Robertshoogte besluit is dat Robertshoogte voortaan as Voortrekkerhoogte bekend sou staan.[128]

Die aandprogram het bestaan uit sang, 'n rolprentvertoning en die opvoering van „Die Dieper Reg" deur N.P. van Wyk Louw - sekerlik een van die hoogtepunte van die fees. Die dag se verrigtinge is afgesluit met huisgodsdiens deur dr. P.J.S. de Klerk.[129]

Eindelik het Vrydag, 16 Desember 1938 aangebreek. So het die Afrikanervolk in die hoeksteenlegging 'n magistrale hoogtepunt vir sy Eeufeesviering gevind. Vroeg die oggend is 'n eresaluut van agtien kanonskote afgevuur en toe het 'n plegtige optog van vroue en kinders plaasgevind na die plek waar die monument sou verrys, en die môrediens is deur prof. dr. J. Greyvenstein gehou.[130] Later was daar 'n openbare Geloftediens, gelei deur ds. J.M. Louw, na aanleiding van Josua 24:5; „Maar ek en my huis, ons sal die Here dien."[131]

Boodskappe van dr. Colyn, Eerste Minister van Nederland, dr. H.D. van Broekhuizen, die Unie-gesant in Nederland en ds. Kriel, Voorsitter van die Bloedrivier Eeufeeskomitee, is voor

---

126) <u>Ibid</u>.
127) <u>Ibid</u>.
128) Mostert, <u>op. cit</u>., p. 776.
129) Program : <u>Sentrale Voortrekker-Eeufees, Pretoria, 1938</u>, pp. 7-29.
130) Jansen, E.G., <u>Die Voortrekker-eeufees</u>, (Herdruk uit Offisiële Jaarboek no. 20).
131) Mostert, <u>op. cit</u>., p. 788.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die aanvang van die hoeksteenlegging-program oor die radio aan die wagtende skare oorgebring.[132] Dr. Colyn het onder andere gesê : „Wanneer alle Afrikaners van Tafelberg tot aan die Limpopo hulde bring aan die Voortrekkers in hierdie Eeufeesjaar, dan tril die harte van die Nederlanders saam. Ons jeug weet ook van die heldedade van Piet Retief, Hendrik Potgieter en President Kruger, en die geskiedenis van Pretorius, die moord op Piet Retief en die straf aan die Zoeloes uitgeoefen is aan hulle bekend. In die tweede helfte van die 19de eeu het daar klimmende gebeurtenisse in Suid-Afrika plaasgevind .... Die name van Burgers, Kruger, Steyn, Joubert, Botha, De Wet, Hertzog en Smuts is bekend asof hulle landgenote is .... Ondanks die veranderings van die jare leef die belangstelling van die Nederlanders in die wel en wee van die Afrikaners."[133]

Die feesvierende skare is aangegryp deur die indrukwekkende prosessie van die drie hoeksteenlegsters vooraan, met 'n vroue-erewag bestaande uit regstreekse afstammelinge van die Voortrekkers, wat hulle weg in die paadjie gebaan het tussen die mense wat op die koppie saamgedrom was. Agteraan het 'n groep lede van die Voortrekkerbeweging gevolg waarvan een die brandende fakkel wat in Kaapstad aangesteek is, gedra het. Onderwyl die prosessie die treetjies van die monument genader het, het die Eeufeeskoor hulle „Prijs den Heer" toegesing.[134]

Die drie hoeksteenlegsters het voor die hoeksteen, wat in die Potgieter-vlag omhul was, gaan sit. Hoog bokant al die vlae wat sedert die ontstaan van die Afrikanerdom 'n rol in sy geskiedenis gespeel het, is met die nadering van die prosessie die geskiedkundige Vierkleur gehys wat nog die laaste bo die Ou Raadsaal in Pretoria gewapper het, net voor die Engelse Pretoria ingeneem het.[135]

„Ons aanbid U. Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare - gans die aarde is vol van Sy heerlikheid. Ons dank U vir alles vir wat in die jaar wat verby is deur ons gegaan het, vir wat daar nou roer in die diepste van ons wese." Met hierdie woorde het dr. J.D. Kestell, volksvader en kerkman, sy smeekgebed aan die Allerhoogste begin. Dr. Kestell het ook

---

132) Die Volksblad, 17.12.1938, p. 6.
133) Mostert, op. cit., p. 782.
134) Die Volksblad, 17.12.1938, p. 6.
135) Mostert, op. cit., p. 779.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die skriflesing waargeneem.[136]

Hierna het prof. dr. J.D. du Toit na aanleiding van II Samuel 22 gepreek en onder andere gesê dat die Simboliese Ossewatrek 'n bedevaart en kruistog was. Dit was geen skouspel nie. Na hierdie Trek hoef die Afrikaners nie meer van brood alleen te lewe nie. Nou kan die Afrikaners drome droom en gesigte sien. 'n Ongekende golf van geesdrif is dwarsdeur die land deur die ossewaens gaande gemaak, maar nou word ons tot volksopbou geroep. Met verwysing na vader Kestell se Reddingsfonds het hy gesê dat ons wel oor die vermoë beskik om self hierdie groot volksvraagstuk op te los. „Ons moet as Afrikanervolk tot ons God terugkeer. Ons besit nie goud of silwer nie, maar in die naam van die Here, staan op en wandel - dit sal ons aan ons arme, verkreupelde volk sê." [137]

Net voor die hoogtepunt van die feesviering met die hoeksteenlegging bereik is, het adv. Jansen, prof. dr. Kestell in afwesigheid van mev. pres. M.T. Steyn,[138] versoek om die oorkondes in die hoeksteen te plaas. Dit is die Dagboek van Jan van Riebeeck, 'n afskrif van die traktaat tussen Retief en Dingaan, 'n vergulde afdruk van die Gelofte van Danskraal, 'n afdruk van „Die Stem", verseël in 'n waterdigte loodkoker en die Klopper-Bybel.[139]

Pas hierna is aan elk van die drie hoeksteenlegsters 'n silwer troffel oorhandig met haar naam en besonderhede van die geleentheid daarop, en is die hoeksteen plegtig deur hulle gelê.[140] Adv. Jansen het die woorde, wat in vergulde letters op die hoeksteen gegraveer is, aan die feesmenigte voorgelees. Mev. Preller was die eerste van die drie hoeksteenlegsters wat haar boodskap aan die gehoor oorgebring het. „Hierdie Monument is die groot kristalisator wat ons volk tot een groot glashelder

---

136) Ibid., pp. 779-780.
137) Ibid., p. 780.
138) Alhoewel mev. (pres.) Steyn nie die hoeksteenlegging kon bywoon nie het sy die volgende boodskap gestuur: „In gees sal ek saam met u en feesgenote hulde bring aan ons Voortrekkers. Mag die toesprake en verrigtinge wat gedurende die Eeufees plaas sal vind as 'n wekroep tot ons volk kom en die monument wat daar gaan verrys ter ere van ons volkshelde 'n inspirasie vir ons en ons nageslag altyd wees." (Telegram, 13.12.1938).
139) Die Volksblad, 17.12.1938, p. 6.
140) E.G.J., F.III.7.a.(b).,Brief: Voors., S.V.K. aan mev. J. Preller, 29.11.1938.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kristal sal kristaliseer", het sy gesê. Met ontroering het mev. Muller[141] verklaar dat dit 'n baie groot eer vir haar is om as afstammeling van genl. Pretorius die hoeksteen te kan lê. Mev. Ackerman het die hoop uitgespreek dat die monument altyd 'n krag en inspirasie vir ons volk mag wees en die Voortrekker-ideale daardeur verwesenlik sal word.[142]

Adv. Jansen het vervolgens in 'n kort woord die volk vermaan om al die eer aan God te gee en Hom opreg te dien. Dan sal Hy ons volk groot maak en help om ons vraagstukke op te los. Hy het ook aangekondig dat daar boodskappe van gelukwensing ontvang is van oraloor, onder andere van Sy Majesteit Koning George van Engeland, waarin hy sê dat die viering van die Eeufees van die Groot Trek moet roer aan die hart van alle Suid-Afrikaners, en dat dit die ontberings, gevare en stryd wat die manne en vroue die hoof moes bied om vir hulself 'n tuiste te vind in 'n nuwe land, en die moed en onwrikbare vertroue waarmee hulle dit alles die hoof gebied en oorwin het duidelik voor die gees roep. Dieselfde gees van vertroue en moed wat die Voortrekkers besiel het, sal ook die volk van Suid-Afrika dra deur die jare wat voorlê.[143] Ook is 'n boodskap van Haar Majesteit Koningin Wilhelmina van Nederland voorgelees. Laasgenoemde is met gejuig en die sing van die Nederlandse volkslied begroet. Ook Jonkheer Beelaerts van Blokland, Nederlandse Minister van Staat, het opgestaan en die woord gevoer.[144] Hy het onder andere gesê : „Suid-Afrika het in die hart van ieder Nederlander 'n plek ..... Die belangstelling is in Nederland nie net tot sekere kringe beperk nie. Dit is algemeen en dit kom sowel by ons geliefde Koningin en ons Regering as by die eenvoudigste burger tot uiting. .... As ek nou ons wense in 'n enkel woord sou mag saamvat, dan meen ek dat dit nie beter gedoen kan word nie dan om namens Nederland uit die grond van my hart die ou bede wat u van oudsaf ken, uit te spreek : ‚God behoede Land en Volk' tot in lengte van dae."[145]

---

141) Later het mev. Muller van hierdie geleentheid geskryf: „Ek sal dit nooit vergeet nie. Ons hier bo by die hoeksteen, en die duisende mense daaronder en rondom. Ek het iets gehad om te sê, maar toe ek moes praat, kon ek nie. Ek het probeer, maar die knop het in my keel gebly". (<u>Spesiale Byvoegsel</u> tot <u>Die Transvaler</u>, 13.12.1949, p.44).
142) <u>Die Volksblad</u>, 17.12.1938, p. 6.
143) <u>Ibid.</u>, pp. 6-7.
144) <u>Ibid.</u>, p. 6.
145) Mostert, <u>op. cit.</u>, pp. 781-782.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nadat ds. J.J. Prinsloo 'n dankgebed gedoen het, het hy die Danskraal-gelofte voorgelees. Die doodse stilte wat oor die skare geval het, het getuig dat dit een van die plegtigste oomblikke van die feesviering was. Die „Geloftelied" is gesing deur 'n Pretoriase koor en daarna is die brandende fakkel wat van Kaapstad gedra is, aan dr. Jansen oorhandig. Na koorstukke en die uitspreek van die seën is die plegtigheid afgesluit met die sing van „Die Stem". 146)

'n Groot skare het die namiddag byeengekom om na die toesprake van die Administrateurs van die vier provinsies van die Unie te luister.

Mnr. J.H. Conradie, Administateur van Kaapland, was siek en sy toespraak is deur mnr. Gideon Roos voorgelees. Hy het onder andere gesê: „Hy (die Monument) sal ons onophoudelik vermaan om op die weg van godsvrug en deug van die voorvaders te wandel, sodat ons dae as 'n volk mag verleng word in die land wat hulle vir ons gekoop het met hul bloed .... So word hierdie Monument ter ere van die Voortrekkers veel meer as net 'n huldeblyk aan hul nagedagtenis - hy word 'n verenigingsband vir ons volksgenote, die middelpunt-trekkende krag van ons volk, die simbool van Afrikaner-solidariteit. Hierdie Monument is vir ons nie net 'n herinnering aan geskiedenis wat verby is nie, maar op heel eienaardige wyse skakel hy vir ons verlede, hede en toekoms tot 'n onverbreekbare noodlotsband." 147)

Mnr. Rhodes, waarnemende Administrateur van Natal, het gesê : „In geen ander deel van die Unie is die moed en karakter van die baanbreker in dieselfde mate beproef as in Natal nie, en ek is vandag hier om u te verseker dat Natal die onverskrokke Voortrekkers van ouds in dankbare en eervolle herinnering bewaar ...... Die wêreld sal gou vergeet wat ons vandag hier sê maar wat hulle gedoen het, staan geskryf oor die geskiedenis van Suid-Afrika. Laat ons dan, Afrikaans- en Engelssprekendes, as leuse aanvaar : ‚Daardie helde het nie vergeefs gesterf nie. En hierdie volk sal nou, onder God, 'n Trek begin langs 'n duidelike afgebakende pad wat lei tot onderlinge welwillendheid en vrede vir alle tye' - want dit is die kragtige roepstem en besieling van die Wondertrek van 1938". 148)

---

146) Ibid., p. 780.
147) Ibid., p. 784.
148) Die Volksblad, 17.12.1938, p.5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dr. J.F.J. van Rensburg, Administrateur van die Oranje-Vrystaat, het onder andere gesê : „Ons pad is geestelik sowel as stoflik die pad wat ons voorouers in wind en weer, in vrede en in oorlog gebaan het. Vir ander paaie het ons slegs ŉ verbygaande belangstelling." Hy het ook die noodsaaklikheid beklemtoon dat ons ŉ liefdevolle belangstelling moet koester in die sinkende deel van die volk en hulle erken as volwaardige lede van dieselfde volk. Wat ons gesindheid teenoor die Engelssprekende volksdeel betref, is dit glad nie nodig om ons eie goed te verloën om die vreemde te kan waardeer nie. „Slegs uit die eenheid van hart binne die Afrikaanssprekende bevolking kan groei die grotere eenheid wat ook die ander rasse in ons land kan saamsnoer in ŉ nasie wat die toekoms met moed en vertroue kan ingaan." [149)]

Genl. J.J. Pienaar, Administrateur van Transvaal, het onder andere gesê : „Die Monument sal die groot sigbare teken wees van die Pad van Suid-Afrika, simbool van die grootste gebeurtenis in sy geskiedenis. Net soos die Voortrekkers ŉ geestelike grondslag gelê het vir die groei van Suid-Afrika wat nooit sal verdwyn nie, net so moet die Monument vir altyd staan .... Sonder enige bewuste poging het die Trek die lewenskiem geword van ŉ sterk Suid-Afrikaanse volksbewussyn en volkstrots, en die trek van soveel Afrikaners na die Monument was geen gewone reis nie. Dit is ŉ bedevaart en hul teenwoordigheid by die fees is ŉ daad van toewyding en geloof." [150)]

In die middag het genl. J.C.G. Kemp, in sy hoedanigheid as waarnemende Minister van Verdediging, kranse op die grafte van Andries Pretorius en Hendrik Potgieter gelê. ŉ Perdekommando van burgers het hom op sy tog deur die stad vergesel. Ook die graf van Jopie Fourie is by hierdie geleentheid nie vergeet nie, want namens die A.N.S. is op sy graf ŉ krans gelê.[151)] Op dieselfde dag het ŉ aantal burgers ook ŉ kranslegging by die graf van Piet Retief by Dingaanstat bygewoon.[152)]

Ds. C.D. Murray het die middag ŉ kinderdiens in die feeshuis waargeneem, waartydens ook ŉ kinderdoopplegtigheid gehou is. Daarna het ŉ pennielegging op die ringmuur van die Monument plaasgevind.[153)]

---

149) Mostert, <u>op.cit.</u>, p. 786.
150) <u>Ibid</u>., pp. 786-787.
151) <u>Ibid</u>., p. 787.
152) Jansen, <u>op. cit</u>.
153) Program: <u>Sentrale Voortrekker-Eeufees, Pretoria</u>, 1938, pp. 7-29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die aand is ŉ dankdiens gelei deur prof. dr. S.P. Engelbrecht. Hy het sy rede gelewer na aanleiding van Psalm 16:6, wat soos volg lui: „Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi." Na aanleiding hiervan het prof. Engelbrecht gesê : „Die Afrikanervolk besit iets geesteliks wat geen ander volk ter wêreld het nie, naamlik die dag van 16 Desember. Hierdie instelling is die besondere erfdeel van die Afrikanernasie, ŉ nalatenskap wat deur die Trekvaders van God ontvang is. Die is die plig van die nasate van daardie Trekkervaders om toe te sien dat die nalatenskap ongeskonde bewaar en op die nageslagte oorgedra word .... Kultuur is niks anders as die gekristalliseerde uiting van die siel nie en dit is in die eerste plek godsdiens wat hierdie kultuur te voorskyn roep. Waar daar ŉ botsing tussen kultuur en godsdiens is, tree verwarring dadelik in .... Aan die Afrikanernasie word die hoë eis gestel dat hy die godsdiens van die voorvaders as ŉ heilige erfdeel moet bewaar, sodat sy siel behoue kan bly." [154)]

Hierna het die afsluiting van die Eeufees plaasgevind. By hierdie geleentheid is eenparig en met die uiterste geesdrif ŉ voorstel van adv. E.G. Jansen aangeneem dat die aanwesiges die Regering vra om „Die Stem" tot volkslied te verklaar, in samewerking met diegene wie se samewerking nodig is.[155)]

Voortrekkerdag is in Londen gevier by wyse van ŉ diens in die Nederduits Gereformeerde Kerk in Austin Friars en ŉ ontvangs in Suid-Afrika-huis. Die diens is bygewoon deur ŉ aansienlike aantal Suid-Afrikaners wat in Brittanje gewoon het en ook Suid-Afrikaanse studente. Onder die aanwesiges was die Unie se Hoë Kommissaris, adv. Charles te Water, dr. Stirum, Nederland se gesant in Londen, en sir John Chancellor. ŉ Toespraak is deur ds. Van Dorp gehou. Die diens is beëindig met die sing van „Die Stem". [156)]

Die Voortrekker-Eeufees van 1938 was verby, maar die invloed daarvan op ons volkslewe was groot.

---

154) Die Volksblad, 17.12.1949, p. 6.
155) Die Volksblad, 17.12.1938, p.1.
156) Mostert, op. cit., p.807.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## (c) DIE BETEKENIS VAN DIE VOORTREKKER-EEUFEES

Wanneer 'n mens vlugtig die betekenis van die Voortrekker-Eeufeesjaar in oënskou probeer neem, dan het 'n mens rede om die jaar 1938 as 'n belewenis te beskou, as 'n bydrae tot die grootste dinge wat geskiedenis genoem word. In sy wese was die Simboliese Ossewatrek die beweging van 'n paar waens, maar in sy uitwerking was dit die beweging van 'n hele nasie. In sy siel het die Afrikanerdom voortbeweeg. In sy wese was die Voortrekker-Eeufees 'n samekoms van mense, maar in sy uitwerking was dit die samesnoering van mense wat uit innerlike oortuiging bymekaar gehoort het.

Wat was dan die betekenis van hierdie wonderjaar?

### (i) Politieke betekenis

Die Voortrekker-Eeufees het midde in die politieke en kultuurstryd van die dag te staan gekom. Die jare na 1933 was louteringsjare vir die Afrikaner. Na die breuk tussen genl. Hertzog en dr. Malan was daar die pro-Britse Dominion Party; die Nasionale Party,wat alle bande met Brittanje wou verbreek en 'n soewerein onafhanklike republiek tot stand wou bring, en die regerende Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, met elemente van albei denkrigtings.[157)]

Enkele maande voor die aanvang van die Ossewatrek was dit reeds duidelik dat die Verenigde Party ernstig geskud sou word deur twiste oor sake met diep emosionele trefkrag. Juis om hierdie rede het die Eeufees so 'n groot invlied op die politieke gebied uitgeoefen.[158)]

Aanvanklik sou die Goewerneur-generaal of die Eerste Minister die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument bywoon en dit sou meebring dat „God Save the King" gespeel sou moes word, maar reeds teen die einde van 1937 is van Afrikanerkant hierteen geprotesteer. Na 'n kabinetsbesluit dat die Britse volkslied wel gespeel sou word, is reekse protesvergaderings gehou. Vir die Afrikaner was dit ondenkbaar dat by 'n geleentheid waar mense geëer word wat juis met groot opoffering van daardie Britse gesag weggetrek het, die Britse volkslied gespeel sou word. Na 'n aanbeveling van die S.V.K. dat geen volkslied gespeel word nie, het

---

157) <u>Die Taalgenoot</u>, Maart 1968, p. 8.
158) <u>Ibid</u>., p.8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Regering besluit dat die hoeksteenlegging nie meer 'n staatsfees sou wees nie.[159]

Tydens die ossewafees op Oudtshoorn is besluit dat „Die Stem" deur Afrikaners as hulle volkslied aanvaar word - 'n besluit wat later op verskeie plekke herhaal is deur Afrikaners van albei partye. Die verbod op volksliedere ten spyt, is „Die Stem" spontaan deur die skare aangehef by die afsluitingsfunksie van die Eeufees, en is op voorstel van adv. E.G. Jansen eenparig besluit om die Regering te versoek om „Die Stem" tot volkslied van Suid-Afrika te verklaar. Dr. Malan het dan ook by die opening van die Parlementsitting op 1 Februarie 1938 'n voorstel in dié verband gemaak, maar genl. Hertzog was nie bereid om die voorstel te steun nie en die poging het misluk. Die Eeufees het egter „Die Stem" as volkslied van die Afrikaner finaal gevestig. Geleidelik het die lied in gewildheid toegeneem onder nie-Afrikaners totdat dit in 1957 tot Suid-Afrika se enigste volkslied verhef is.[160]

Van Regeringskant is gevoel dat genl. Hertzog die hoeksteen moes lê, maar nadat besluit is dat die Eeufeesvierings nie meer 'n staatsfees sou wees nie het genl. Hertzog daarvan afgesien en die fees in die hande van die S.V.E.K. gelaat. Sy voorwaarde was egter dat geen politikus, met uitsondering van adv. Jansen, voorsitter van die S.V.E.K. en Speaker van die Volksraad, die hoeksteenlegging mag waarneem nie. Sy wens was dat 'n vroulike afstammeling van die Voortrekkers die hoeksteen moes lê. Die S.V.E.K. het weer genl. Hertzog genader om die hoeksteen te lê en hy was bereid om dit te doen indien die hele volk hom sou vra. Die Nasionaliste was bang dat hy sy eenheidsidee tussen Afrikaner en Engelsman tydens die plegtigheid sou verkondig en dr. Malan het dus geweier om genl. Hertzog as hoeksteenlegger te aanvaar. Uiteindelik is besluit dat drie vroulike nasate van die Voortrekkers die hoeksteen sou lê. 'n Poging om die drie vroue oor te haal om eenparig die hoeksteenlegging aan genl. Hertzog op te dra, het misluk.[161]

Op Verenigde Party-kongresse is beswaar gemaak teen dr. Malan se beplande optrede by Bloedrivier, en op genl. Hertzog is beroepe gedoen om meer militant op te tree, maar die Generaal

---

159) Die Taalgenoot, Maart 1968, pp. 8-9.
160) Ibid.
161) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het geweier om iets te doen wat die Eeufees kon skaad en het sodoende verhoed dat die Eeufees in ŉ politieke klugspel ontaard het.[162)]

In 1938 was die Afrikanervolk op soek na ŉ aangrypende ideaal en inspirasie wat bo-oor partypolitieke verdeling heen as bindkrag en anker kon dien. Aan die eenvoudige ossewa is die eenheidsboodskap vasgeknoop. Mnr. H.J. Klopper het gesê : „Die ossewaens trap alle skeidslyne wat daar tussen Afrikaners was plat. .... Die boodskap van die wa is: hou op met twis, hou op met toesprake en toon dade."[163)] Die boodskap van die ossewa en dié van die Nasionale Party het mettertyd één geword, en dit was soms moeilik om die feeste by die ossewaens volksfeeste te hou en nie te laat ontaard in partypolitieke demonstrasies nie.[164)]

Omdat adv. Jansen gevrees het dat die politieke stryd die Eeufees ernstig kon benadeel, het hy die leiers van die politieke partye gevra om vanaf 1 Desember 1938 vir ŉ maand lank ŉ politieke wapenstilstand te sluit. Die partye het hulle hieraan gehou en die verrigtinge het in ŉ broederlike gees verloop.[165)]

Die nawerking van die Eeufees op politieke terrein het duidelik kenbaar geword in die uitslae van tussenverkiesings in Marico, Bethal, Pretoria-stad, Lichtenburg en in die Paarl. Die Eeufees het ŉ duidelike swaai ten gunste van die Nasionale Party tot gevolg gehad. Verder is daar met groot verwagting uitgesien na die hereniging van die Afrikaner. Adv. Jansen het met hierdie doel voor oë ŉ „Manifes" uitgevaardig wat hy gehoop het deur die twee Afrikanerleiers as grondslag vir hereniging aanvaar sou word. Sy versoeningspoging was vir die Nasionale Party onaanvaarbaar omdat hy ŉ Volksraadslid van die Verenigde Party was.[166)]

Uit die Eeufees is ook die Ossewa-Brandwag gebore. Dr. J.F.J. van Rensburg, Administrateur van die Oranje-Vrystaat, was diep onder die indruk van die waarde van ŉ gedissiplineerde Afrikanerdom. Hy het aan kol. J.C.C. Laas gevra om kerngroepies in elke kommando te organiseer op wie vir geleenthede soos optogte en volksfeeste gereken kon word. Kol. Laas het reeds so ŉ groepie,

---

162) Ibid., pp.8-9.
163) Kruger, op. cit., p. 17.
164) Die Taalgenoot, April 1968, p. 22.
165) Ibid., p. 22.
166) Ibid., pp. 22-23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bekend as brandwagte, op Theunissen gehad. Dr. Van Rensburg wou hierdie groepies aan die Ossewatrek koppel deur na hulle te verwys as Ossewa-Brandwagte. So eenvoudig en onpretensieus was die ontstaan van die gedagte.[167)]

In Bloemfontein is in November 1938 'n vergadering gehou met die doel om 'n organisasie te stig om die gees van die Ossewatrek te bestendig. Op 4 Februarie 1939 is die Ossewa-Brandwag amptelik gestig met ds. C.R. Kotze as voorsitter. Die organisasie was in alle opsigte eg-Afrikaans en die doelstellings daarvan was onder andere die handhawing, uitbouing en uitlewing van die beginsels van die Afrikaner; die bevordering van die Afrikaner se godsdienstige, kulturele en stoflike belange; die aankweek van vaderlandsliefde; en die samesnoering van alle Afrikaners wat hierdie beginsels onderskryf. Die doelstellings sou onder meer bereik word deur die viering van Afrikaanse volksfeeste, die daarstelling van gedenktekens, die hou van kransleggings, en volksbyeenkomste met boeresport, volkspele en volksang.[168)]

Geleidelik het die Ossewa-Brandwag veranderinge ondergaan, 'n eie vlag en wapen gekry, en die ledetal en aantal kommando's het vinnig toegeneem. As gevolg van ontevredenheid met sy leierskap moes die komdt.-genl. van die O.B., kol. Laas, in Oktober 1940 bedank, en het dr. Van Rensburg sy amp as Administrateur neergelê om die leiding oor te neem. Onder sy leiding het die O.B., ten spyte van die Smuts-regering se wantroue en die maatreëls ingevolge die krygswet wat vanweë die oorlog gegeld het, snel uitgebrei. Die O.B. het hom nou ook op staatkundige gebied begeef met sy strewe na die totstandkoming van 'n „Boere-republiek".[169)] Met die Cradock-ooreenkoms van Oktober 1940 het dié organisasie aan dr. Malan beloof om hom nie op politieke terrein te begeef nie en die Nasionale Party het die O.B. se bestaansreg as strydorganisasie erken. Teen die einde van Oktober 1940 het dit dus gelyk of die Eeufees daarin geslaag het om die Afrikaners te verenig. Dr. Malan en genl. Hertzog het versoen geraak en die Herenigde Nasionale of Volksparty is gestig. Die Nasionale Party en die O.B., as kind van die Eeufees, het mekaar gevind.[170)]

---

167) <u>Die Taalgenoot</u>, Junie 1968, p. 3.
168) <u>Die Taalgenoot</u>, Junie 1968, pp. 3-4.
169) <u>Ibid</u>., p. 4.
170) <u>Ibid</u>., p. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vroeg in November 1940 het die verdeelheid egter weer begin. Genl. Hertzog het hom aan die politiek onttrek, maar met sy seën stig mnr. N.C. Havenga die Afrikanerparty. In Nasionale Partygeledere begin adv. Oswald Pirow met die propagering van sy Nuwe Orde wat 'n vorm van nasionaal-sosialisme vir Suid-Afrika voorgestaan het. 'n Skeuring tussen die Nasionale Party en die O.B. was onvermydelik toe dr. Malan die nasionaal-sosialisme en die Nuwe Orde veroordeel en die O.B. hulle verwelkom het. Die stryd tussen die O.B. en die Nasionale Party het veral gegaan oor die aard van die toekomstige republiek: die O.B. wou 'n republiek hê wat 'n gesagstaat is, met geen politieke partye nie en die Afrikanervolk saamgesnoer in 'n partylose volksbeweging; die Nasionale Party wou 'n Republiek hê gegrond op die beginsel van volksregering. Snaaks genoeg was duisende Afrikaners lid van albei organisasies. Hoewel die O.B. nog 'n aantal jare bestaan het, het hy steeds gekwyn en uiteindelik ongemerk gesterf.[171)]

In Januarie 1939 besluit tien vooraanstaande lede van die Arbeidersparty om by die Nasionale Party aan te sluit, terwyl die Gryshemde in Maart 1939 besluit om te ontbind en by die Nasionale Party aan te sluit ten einde aan die roepstem van die Eeufees gehoor te gee. Ook op Potchefstroom en Stellenbosch is vrugtelose pogings aangewend om 'n grootskeepse hereniging te weeg te bring. Die hereniging van die Afrikaners is gestrem deur die sterk politieke verbintenisse van genl. Hertzog en dr. Malan, en die feit dat die leiers van die herenigingsbeweging met een of ander politieke party geassosieer en hulle pogings dus met wantroue bejeën is. In Januarie 1939 is in Johannesburg 'n manifes deur dr. Albert Hertzog namens Afrikaanse kultuurleiers van albei partye opgestel. Hierdie manifes is as grondslag deur dr. Malan aanvaar omdat dit „'n getroue vertolking en toepassing (was) van die ideale van die Voortrekkers en van die innerlike oortuiging van die Afrikanervolk soos die Eeufeesviering dit geopenbaar het". Genl. Hertzog wou die manifes nie aanvaar nie, omdat dit vir hom neergekom het op die oorheersing van die Engelssprekende deur die Afrikaner. Ook hierdie poging het misluk.[172)]

Dr. Malan het hierna voorgestel dat Afrikaners wat lede van die Verenigde Party was hulself moes organiseer en dus op

---

171) <u>Ibid</u>., p. 31.
172) <u>Die Taalgenoot</u>, April 1968, pp. 23 en 28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sterkte van hulle getalle die Nasionale Party moes nader met die oog op onderhandelinge sodat 'n grondslag vir samewerking vir geeneen van die politieke partye as 'n triomf beskou kon word nie. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het 'n dramatiese wending aan die herenigingsbeweging gegee. Genl. Hertzog en genl. Smuts het gebots oor eersgenoemde se neutraliteitstrewe; genl. Hertzog het die Verenigde Party verlaat en op 8 September het hy en dr. Malan by Monumentkoppie mekaar die hand van vriendskap gereik. Dit het inderdaad gelyk of die Voortrekker-eeufees na bykans 'n jaar sy hoogtepunt van sukses bereik het. Dit was egter nie die geval nie.[173)]

Met die algemene verkiesing van 1943 was die Afrikaner hopeloos verdeeld en het die Nasionale Party, die Afrikanerparty en die Nuwe Orde mekaar by die stembusse beveg. Na die verkiesing het laasgenoemde twee partye uit die Volksraad verdwyn en die Nasionale Party het drie en veertig setels gehad.[174] Die jare tussen 1939 en 1945 was vir die Afrikaner van die donkerste in sy politieke geskiedenis, deels as gevolg van verdeeldheid in eie geledere. Tog het die boodskap van die Ossewatrek nooit vervaag nie. Skaars was die oorlog verby of daar is begin met pogings om die breuk te heel.[175)] Hierin is bo verwagting geslaag toe dr. Malan en mnr. N.C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, in 1947 met die oog op die algemene verkiesing van 1948 'n verkiesingsooreenkoms aangegaan het. Dit en ander faktore het hulle 'n oorwinning besorg en in 1951 het die twee partye saamgesmelt.[176)]

'n Geskiedenis van ons tyd wat van 1938 nie kennis neem nie, sal geen geskiedenis van ons tyd wees nie, want sonder 1938 sou daar in 1948 geen sege en in 1960 geen Republiek gewees het nie.[177)] Dr. H.F. Verwoerd het van die Simboliese Ossewatrek gesê : „Die A.T.K.V. (wat die Trek gereël het) het in 1938 'n spieël omhoog gehou waarin ons volk sy siel kon sien."[178)]

### (ii) Kulturele betekenis

Die Eeufeesjaar het bewys dat die Afrikaner as afsonderlike

---

173) Ibid., p. 28.
174) Die Taalgenoot, Junie 1968, p. 31.
175) Die Huisgenoot, 20.12.1968, p. 16.
176) Die Taalgenoot, Junie 1968, p. 31.
177) Die Huisgenoot, 13.12.1963, p. 37.
178) Die Volksblad, 15.8.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kulturele eenheid wou bly voortbestaan. Die verhoogde volksbewussyn het op kultuurgebied in 'n opregte waardering vir dit wat eie aan die Afrikaner is tot uiting gekom. Die Voortrekkereeufees het dinge uit die verlede weer opnuut met sprankelende lewe en moderne betekenis vervul.

'n Eie, kenmerkende volksdrag was waarskynlik die grootste fonds van die jaar. Voortrekkerdrag is deur die volkspelebeweging as sy drag aanvaar en het die volksdrag en feesdrag van die Afrikaner geword.[179)] Gepaardgaande hiermee het die Trek die baardkultus, 'n teken van ons verwantskap met mekaar en met die voorgeslag, geïnspireer.[180)]

Volkspele het herleef, en waar die trekkerswa uitgespan het, is die volkspelelaers gebore.[181)] Dat die Afrikaner sy eie volksdanse het, is te danke aan dr. S.H. Pellissier en aan die Voortrekkereeufees wat die regte gesindheid vir die herwaardering daarvan geskep het. 'n Kursus in volkspele en volksang in Oktober 1940 in Bloemfontein het bewys dat die Afrikaner se volkspele van 'n hoë waarde is. In 1941 is 'n Uniale Raad vir Volksang en Volkspele ter bevordering van die volkspele,deur die Reddingsdaadbond in die lewe geroep. Vandag is die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele 'n selfstandige en onafhanklike organisasie. Die volkspelebeweging het 'n onontbeerlike deel van die Afrikaner se kultuurlewe geword.[182)]

Kore en gesamentlike sang tydens die Eeufeesverrigtinge het die begeerte laat ontstaan om van die Afrikaner 'n singende volk te maak. Kore en sangverenigings het oor die land ontstaan en Boeremusiek het in gewildheid toegeneem.[183)] Mooi liedjies soos dr. Ben de Wet se „Saam na die Noorde", en Jan Swart se „Ossewalied" het ontstaan.[184)] Die Eeufees kon egter nie die Afrikaner permanent sanglustig maak nie - daarvan getuig ons eie tyd.

Op letterkundige gebied het die historiese roman 'n bloeitydperk beleef. Gedurende die Eeufeesjaar is 'n letterkundige wedstryd oor episodes uit die Groot Trek uitgeskryf. Uys Krige se „Magdalena Retief" en Winnifred Dashwood se "Sword of the

---

179) Die Taalgenoot, Julie 1968, p. 3.
180) Die Huisgenoot, 20.12.1968, p. 16.
181) Die Taalgenoot, Julie 1968, p. 3.
182) Die Taalgenoot, Sept. 1968, pp. 20-21.
183) Die Taalgenoot, Julie 1968, p. 3.
184) Die Huisgenoot, 9.8.1968, pp.20-21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wilderness" is bekroon. Totius se versbundel „Uit ŉ Kantate" en N.P. van Wyk Louw se „Die Dieper Reg" verdien besondere vermelding omdat hulle vandag nog as besondere werke van die feesjaar beskou word. Boekhandelaars en biblioteke het ŉ buitengewone aanvraag na Afrikaanse boeke ondervind. Geskiedenisboeke soos Gustav Preller se „Dagboek van Louis Trichardt" het in 1938 op daardie terrein vir rekordverkope gesorg.[185)]

Op taalgebied het die Eeufees by baie Afrikaners die begeerte tot gelykberegtiging en ŉ suiwerder gebruik van hulle taal laat posvat. Die gevolg hiervan was die herstigting van die Handhawersbond in 1940. Om die Afrikaanse taal ook ŉ plek in die bioskope te gee, is die Volksrolprentbond vroeg in 1939 in Pretoria gestig.[186)]

Die Eeufees het aan die Afrikaner ŉ waardering vir sy eie geskiedenis gegee. Sy verlede het vir die Afrikaner werklikheid geword waaruit hy inspirasie geput het. Deur die wetenskaplike bestudering van die geskiedenis het nuwe feite aan die lig gekom en tientalle verhandelinge is aan Afrikaanse universiteite oor die geskiedenis van die Voortrekkers geskryf. Die Trek was ŉ lewende kursus in die Afrikaner se geskiedenis.[187)]

Langs die trekpad is wavragte vol waardevolle oudhede vir die voorgenome museum by die Voortrekkermonument as ŉ blywende herinnering aan die Voortrekkers ontvang.[188)]

In 1938 is daar ook op haas elke dorp wat deur die ossewaens besoek is ŉ monument opgerig. Besondere argitektoniese skoonheid of estetiese waarde besit hierdie monumente egter nie. Dit was gewoonlik ŉ treffend eenvoudige klipstapel wat ingemessel is met die afdrukke van ossewaspore. Met die bou van die Voortrekkermonument is ŉ tydperk van groot en duur monumente ingelui. Die verskuiwing van die standbeeld van president Paul Kruger op 10 Oktober 1954 na Kerkplein was ŉ direkte gevolg van ŉ hewige stryd wat reeds voor 1938 ontstaan het en deur die Voortrekkereeufees ŉ volksaak gemaak is.[189)]

Voortrekkerhelde is tydens die besoek van die waens deur stads- en dorpsrade vereer deur voorstede, geboue en strate na

185) Die Taalgenoot, Julie 1968, p. 5.
186) Ibid., p. 5.
187) Die Huisgenoot, 20.12.1968, p. 16.
188) Die Taalgenoot, Julie 1968, p. 5.
189) Ibid., p. 6.

hulle te noem. Dikwels was daar ernstige stryd waar stadsvaders die saak nie goedgesind was nie, soos in Bloemfontein. Tydens die Eeufees by Pretoria het genl. Kemp, waarnemende Minister van Verdediging, aangekondig dat die naam Robertshoogte na Voortrekkerhoogte verander gaan word. ŉ Storm het hieroor losgebars en genl. Hertzog was verplig om aan te kondig dat, onder sekere omstandighede, beide name gebruik sou word. Robertshoogte het egter in onbruik geraak.[190)]

Op die feeskarakter van die Afrikaner het die Voortrekkereeufees ŉ onbepaalbare groot invlied uitgeoefen. Die F.A.K. het, deur middel van die Afrikaanse Skakelkomitees, begin om die verantwoordelikheid vir die feeste oor te neem. Feesgebruike soos perdekommando's, fakkeloptogte, historiese voorstellings, spreek- en sangkore, volkspele en boeresport het standaard gebruike by feitlik alle feeste geword. Die Voortrekkereeufees het die toespraak as middel- en hoogtepunt van elke fees bevestig. Die Eeufeesjaar het volksredenaars van gehalte opgelewer waaronder mnr. H.J. Klopper, oom Tienie van Schoor, dr. D.F. Malherbe en dr. N.J. van der Merwe - om slegs ŉ paar te noem.[191)]

Die Kappiekommando's en die Baardkwekersverenigings wat tydens die ossewafeeste gestig is, is na die Eeufees op meer as een plek omgeskep in kultuurorganisasies, en op verskeie plekke het hierdie kultuurverenigings die naam die Afrikanerbond aangeneem.[192)]

Tydens die Eeufees het die Afrikaner weer geleer om te speel. Tussen die trekgoed, by die uitspanning, het die volk sy verlore speelding, die jukskei, teruggevind en daar nuwe betekenis aan gegee. Jukskeilaers is oor die hele land gestig.[193]

**(iii) Ekonomiese betekenis**

Ekonomies was die Afrikaner as gevolg van die droogte en die depressie in ŉ benarde posisie en die groot meerderheid was arbeiders.[194)] Baie van hulle is in die dertigerjare deur omstandighede daartoe gedwing om die platteland te verlaat en is

---

190) <u>Die Taalgenoot</u>, Des. 1967, p. 7.
191) <u>Die Taalgenoot</u>, Julie 1968, p. 6.
192) <u>Ibid.</u>, p. 6.
193) <u>Die Huisgenoot</u>, 20.12.1968, p. 16.
194) <u>Die Taalgenoot</u>, April 1968, p. 22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dikwels die „Nuwe Voortrekkers" genoem. Hierdie persone moes hard stry om ʼn plek vir Afrikaans in die handel en nywerheid te wen.[195)]

Een van die blywendste resultate van die Eeufees was die bewuswording by die Afrikaner dat hy op ekonomiese gebied ʼn groot agterstand gehad het. Die ekonomiese ontwaking het as gevolg van die Eeufees nie in ʼn materialistiese strewe na stoflike besit of wins tot uitdrukking gekom nie,maar in ʼn strewe na ekonomiese selfstandigheid wat die noodwendige uitvloeisel van die strewe na kulturele selfstandigheid en volkseenheid was. Die Eeufees het die geleentheid geskep om die materiële en die ideële strewes op ʼn unieke wyse te verenig in ʼn nuwe onderneming, die Reddingsdaadbond, wat op sy beurt as die spoorslag vir die volle ontplooiing van die Afrikaner se ekonomiese strewe sou dien.[196)]

Dit is opvallend dat die gedagte aan ʼn reddingsdaad vanaf die begin van die Trek aanwesig was. Dr. J.D. Kestell het gesê: „ʼn Volk red homself", en hierdie wekroep is tot ʼn volksroep omskep. Om die middele en geesdrif te organiseer en tot konstruktiewe dade te lei, was die groot taak van die eerste ekonomiese volkskongres wat van 3 tot 5 Oktober 1939 in Bloemfontein gehou is. Die invloed van die Voortrekkereeufees straal uit byna elke aktiwiteit van die kongres, veral uit die idealistiese benadering van die Afrikaner se ekonomiese strewe en die klem wat op die noodsaaklikheid van die koöperatiewe stelsel gelê is as die beste wyse om die belange van die hele volk te bevorder. Herhaaldelik is na die Afrikaner voor sy Tweede Groot Trek verwys : die trek wat die stede, die moderne samelewing en die kapitalistiese ekonomie vir die Afrikaner moes verower. Die vernaamste besluit van die kongres was om, met behulp van die F.A.K., ʼn voortsettingsorganisasie te stig was as die Ekonomiese Instituut bekend sou staan. Hierdie Instituut sou op sy beurt ʼn Reddingsdaadfonds opbou om die selfreddingspoging te organiseer. Die Ekonomiese Instituut van die F.A.K., wat nog bestaan, het op 1 Desember 1939 vir die eerste keer in Bloemfontein vergader.[197)]

Die Afrikaanse Handelsinstituut wat tans grotendeels die ekonomiese aktiwiteite van die Afrikaner verteenwoordig en ʼn reeks besondere prestasies behaal het, was ʼn indirekte skepping

195) <u>Die Taalgenoot</u>, Oktober 1968, p. 5.
196) <u>Ibid</u>., p. 5.
197) <u>Ibid</u>., p. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Reddingsdaadbond. In 1939, juis as gevolg van die inspirasie van die Eeufees, het dr. J.G. van der Merwe en 'n aantal ander Afrikaners oorgegaan tot die stigting van 'n handelsblad in Afrikaans bekend as „Volkshandel". Die Reddingsdaadbond het in meer as een opsig die brug gevorm vir die Afrikaner tussen sy tyd van ekonomiese knegskap en sy huidige periode van groeiende ekonomiese selfstandigheid.[198)]

### (iv) Maatskaplike betekenis

As gevolg van verskillende faktore was die Afrikaner verarm, ontwrig, verdwaald, vernederd, verslaan en koersloos. Maatskaplik was die Afrikaner ontwrig omdat ekonomiese toestande hom gedwing het om na die stede te verhuis.[199)] Juis in daardie tyd het die wonder van die Simboliese Ossewatrek plaasgevind en, soos die wiele oor die land gerol het, het die wekroep al sterker en sterker geword: Afrikaner ken uself, wees uself, help mekaar, red mekaar![200)]

Op 1 Desember 1938 het dr. H.F. Verwoerd in 'n toespraak op Middelburg, Transvaal, onder andere gesê: „Dit is die opdrag van die hede. Laat die besieling wat die Ossewatrek en die Eeufeesjaar bring, hom ook so omset in die daad. En laat hierdie daad wees die volkome opheffing van die verarmde deel van die Afrikanerdom, deur die aanvaarding van die trek die stad en die besigheidswêreld in - die trek na ekonomiese selfstandigheid van die volk waar die voorsaat getrek het agter die eie en staatkundige vryheid. Die stryd sal niks minder moeilik wees nie. Smaad en wonde, van geestelike aard miskien, sal ons lot wees. Maar niks mag ons keer nie, soos niks die Trekkerboer kon keer nie, en daarvoor mag ook gesoek word die krag van die geloof wat hulle gedra het".[201)]

Die Afrikaner het bewus geword van die nood waarin hy verkeer het, die gevare wat hom bedreig het, die aftakelingsprosesse wat aan die gang was, die magte van vernietiging wat aan die werk was. Die verarmde Afrikaners het na die stede gestroom waar hulle as indringers beskou is, die tradisionele

198) Ibid., p. 8.
199) Die Taalgenoot, April 1968, p. 22.
200) Die Taalgenoot, Des. 1968, p. 26.
201) Mostert, op. cit., 96.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesinslewe het 'n krisistydperk beleef, daar het weinig doeltreffende geriewe vir die versorging van hulpbehoewendes bestaan. Die Afrikaner het die behoefte aan kennis opgemerk om ten opsigte van maatskaplike probleme vakkundige leiding te gee. Die Afrikaner het opgestaan om sy taak, sy reddingstaak, teenoor sy eie mense aan te durf.[202)]

Ons vind dan ook dat die vyf jaar wat op die Ossewatrek gevolg het, 'n tyd van intense, bruisende geestesbedrywigheid was. „'n Volk red homself", het die leuse geword wat Afrikaners weldra nie slegs in teorie aanvaar het nie, maar ook in die praktyk uitgeleef het. [203)]

**(v) Sedelike en Godsdienstige betekenis**

Die Ossewatrek was een van die grootste pelgrimstogte in die Afrikaner se geskiedenis. Maandelank het die Afrikanervolk 'n diepe bewoënheid in eie hart gevoel, het die Afrikaner die Godsgedagte in ons bestemming as volk deurgrond. Die roepstem van die ossewaens was heilig.[204)]

In toesprake het die denkers van die volk 'n beeld van die hede met sy probleemsbewustheid, van die neerdrukkende besorgdheid oor ontaarding en afvalligheid gegee, en die weg tot genesing van die swakhede en opheffing van die steeds groter wordende deel van die volksliggaam wat versonke was, aangewys. [205)]

Dr. J.H. Pienaar, Voorsitter van die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria, het tydens die verwelkoming van die ossewaens in Pretoria gesê: „Ons moet glo dat die Ossewatrek van 1938 'n goddelike inspirasie was, dat daardeur 'n idee tot stand gebring is, wat soos 'n goue onbreekbare draad die verlede, deur die hede heen, aan die toekoms skakel. Dit is asof die geesteswêreld van ons Voorgeslagte saamspan om ons tot volharding aan te wakker."[206)]

Die ossewa versinnebeeld die edelste karaktertrekke van ons voorgeslag: vryheidsin, selfstandigheid, bodemvastheid en

---

202) Die Taalgenoot, Des. 1968, p. 26.
203) Die Huisgenoot, 20.5.1966, p. 19.
204) Die Kindervriend, Des. 1938, p. 22.
205) Kruger, op.cit., p. 3.
206) Program: Voortrekkereeufees 1938, Pretoria, p. 5.
Die program is, volgens die Ere-sekretaris van die S.V.K. mnr. M.C. Botha, onjuis waar dit meld dat J.J. Pienaar die boodskap gelewer het. Dit is deur dr. J.H. Pienaar, voorsitter van die Afrikaanse Kultuurraad, gelewer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



godsdienssin. Die geesdrif waarmee die hele volk die ossewa ontvang en sy invloed ondergaan het, dui met sekerheid aan dat die Afrikaner op daardie stadium in sy diepste wese, ondanks verwarring en verdwasing, nog vasgehou het aan die kernwaardes wat in die Voortrekkers gestalte gevind het.[207)] Die feesjaar het vir ons bewys dat ons volk in weerwil van sy armoede nog nie in 'n toestand van siellose materialisme verval het, waar daar bloot om brood en botter gevra word nie, maar dat daar nog in ons 'n magtige idealisme leef.[208)] Die Afrikaner het geleer om dit wat vir hom heilig is, te handhaaf. En as dit maar die enigste vrug sou wees van die geestelike herlewing van 1938, dan het ons rede genoeg om daardie jaar as 'n skitterende triomf te beskou. Maar dit was nie al nie. Die Eeufees was in sy hele bestek niks anders nie as 'n vernuwing van die gees van ons nasie en 'n bekragtiging van die edelste motiewe en hartstogte wat die ervaring van nasies op hulle bestemming afvoer.[209)]

### (vi) Internasionale betekenis

Sonder internasionale betekenis was 1938 bepaald nie: trouens dit kan feitlik as aksiomaties aanvaar word dat veranderinge en ontwikkelinge ten opsigte van binnelandse situasies van 'n staat ook sy uitwerking op die land se buitelandse betrekkinge en internasionale posisie kan en sal hê.[210)]

Die jaar 1938 moet gesien word as die anti-pool of katalisator van 1902. In 1902 was die Afrikaner verslaan en verslae. Na 16 Desember 1938 was die Afrikaner geesdriftig oor die toekoms, besiel met 'n entoesiasme en 'n wil om as volk 'n nuwe tydperk van eensgesindheid en selfstandigheid binne te gaan, vasberade om as selfstandige en eiesoortige volk in 'n eie, onafhanklike staat te leef.[211)] Die Afrikaner se staatkundige strewe en by name die republikeinse beweging, is sterk deur die 1938-gebeure gestimuleer; en dit sou mettertyd tot die skepping van die Republiek en die uittrede uit die Statebond lei.[212)]

Die Voortrekkereeufees het buitengewoon veel aandag oorsee geniet. Veral in Nederland was daar 'n intense en opregte belang-

207) Kruger, <u>op. cit</u>., p. 3.
208) <u>Ibid</u>., pp. 21-22.
209) Amptelike Program, <u>op.cit</u>., pp.57-61.
210) <u>Die Taalgenoot</u>, Des. 1968, p.19.
211) <u>Ibid.</u>, p. 8.
212) <u>Ibid</u>., p. 19.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stelling. Die Eeufees is daar by wyse van spesiale kerkdienste en ander byeenkomste in Den Haag, Amsterdam, Rotterdam, en ander kleiner plekke gevier. Die Voortrekkereeufees was dus ŉ belangrike middel om opnuut die noue verwantskap en die goeie betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland te beklemtoon.[213)]

In Engeland en Amerika was die kommentaar oor die Eeufees oor die algemeen eensydig, bitsig en verdraaid. Britse koerante het die Eeufees bestempel as die toppunt van rassehaat, terwyl die Amerikaanse tydskrif <u>Time</u> (26.12.1938) na die fees verwys het as ŉ „geweldige histerie". Die baarde van die Afrikaners sou gedien het as „simbole van Boere-manlikheid en geestelike genade", en predikante sou die mense vertel het dat die ghries van die ossewaens kwale genees. <u>Time</u> het voortgegaan : „Aangepor deur Duitse baas-redenaars het die histerie afgewissel van trots op baanbreker-tradisies na intense nasionalisme, na openlike haat jeens die Engelse en die Jode."[214)]

In teenstelling hiermee het objektiewe en waarderende berigte verskyn in koerante van Roemenië, Pole, Suid-Slawië en Letland - lande waar daar normaalweg feitlik geen nuus oor Suid-Afrika verskyn het nie.[215)]

Van die Ossewatrek het ŉ Amerikaanse besoeker gesê : „This is the most remarkable thing that has occurred in this century amongst all nations and in all countries of the world."[216)]

### (vii) Betekenis vir ander bevolkingsgroepe

Die Eeufees wat die Afrikanervolk so diep ontroer het, moes noodwendig ook by ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika reaksie ontlok. Met die aandeel wat die Regering geneem het in die voorbereiding van die fees, was dit die doelstelling dat die fees ŉ nasionale fees moes wees waaraan alle bevolkingsgroepe kon deelneem. Dit sou miskien binne die oorspronklike opset moontlik gewees het, maar die insluiting van die ossewatrek as integrale deel van die feesprogram, het meegebring dat die fees spoedig ŉ suiwer Afrikaanse karakter gehad het. Nogtans het baie nie-Afrikaners met belangstelling en geesdrif deelgeneem. Vir hulle het die fees egter nooit die intiem persoonlike ontroering gebring

213) <u>Die Taalgenoot</u>, Mei 1968, p. 8.
214) <u>Die Burger</u>, 31.1.1939.
215) <u>Die Taalgenoot</u>, Mei 1968, p.8.
216) <u>Die Huisgenoot</u>, 9.8.1968, pp.20-21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat dit vir die Afrikaner gehad het nie.[217] Die simboliek van die Eeufees was vir die Engelssprekendes totaal anders as vir die Afrikaner. Die ossewa en die fakkel het vir Engelssprekendes die vooruitgang van ŉ honderdjaar gesimboliseer en hulle daaraan herinner dat die basiese lewenswaardes dieselfde bly en dat die menslike verstand en energie steeds die basiese kragte is wat alle vooruitgang ten grondslag lê.[218]

Die Afrikaner het verkies om alle verrigtinge in sy eie taal te hê. Dit is ook deur baie Engelssprekendes so begryp en waardeer,,en daarom kon hulle aan die feeste meedoen. Aan hierdie beskouing het Newman Robinson soos volg in ŉ artikel uiting gegee : „.... here is a folk and not a political movement; here are folk gatherings, folk songs, folk symbols, folk sentiments. It is the expression of Afrikanerdom; not of Nationalism."[219]

Die feeste het by talle Engelssprekendes ŉ nuwe begrip van en groter waardering vir die Afrikaner laat posvat en hulle tot selfondersoek gebring. By geleentheid van ŉ spesiale St. Andrewdagdiens het die Moderator van die Presbiteriaanse Kerk in Suid-Afrika, dr. E. MacMillan, die diens in Pretoria aan die Voortrekkereeufees gewy. Hy het onder andere die volgende gesê : „Ons wat ŉ Skotse agtergrond het, verstaan so iets van wat die Afrikaner nou in die verwesenliking van ŉ volksbewussyn deurmaak. Ons kan begryp hoe ŉ kostelike skat dit is waarvoor hy gewillig is om met alle mag te veg ...... Die Afrikanervolk moet weer trek en ons saam met hulle, want dit is nie toeval dat ons hier saamgebring is nie. Daar is iets wat God verlang dat ons vir die opheffing van die armes onder ons blankes en die ontwikkeling van die Bantoes saam moet uitwerk."[220] Dié preek van dr. MacMillan het groot invloed uitgeoefen.

Aan die anderkant was vyandigheid en negatiewe reaksies van die kant van die Engelssprekendes op die Eeufees geen seldsame verskynsel nie - veral die vraag watter volkslied by die hoeksteenlegging gespeel moes word, het skerp reaksie uitgelok. Daar is na die Trek verwys as ŉ politieke gebeurtenis wat net onaangename herinneringe wakkerhou. Daar is ook gepoog om die Eeufees met die Duitse nasionaal-sosialisme te vereenselwig.

---

217) Die Taalgenoot, Mei 1968, p. 7.
218) Ibid., p. 7.
219) Ibid., p. 7.
220) Ibid., p. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gerugte is versprei dat die Afrikaners sou beplan het om op 16 Desember in Pretoria 'n Afrikaner Republiek met Duitse steun uit te roep. Hierdie wilde berigte het 'n skeptiese houding by andertaliges geskep.[221)]

In 1938 het die eerste bundel gedigte van 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner oor die Groot Trek verskyn, naamlik Francis Carey Slater se bundel „The Trek". 'n Engelse dame, mej. K. Campbell, het op haar eie koste 'n privaat monument ter ere van die Voortrekkervroue in Natal laat oprig.[222)]

Die Voortrekkereeufees het vanweë sy wydse assosiasie met die ganse geskiedenis van die Afrikaner noodwendig ook die verhouding Afrikaner tot Bantoe onder die soeklig gebring. Die Bantoebeleid was altyd as 'n ondertoon in feestoesprake aanwesig. Die Bantoebeleid van die Voortrekkers is getipeer as vriendskaplike betrekkinge gebaseer op die beginsel van gebiedskeiding. Langs die trekpad is by meer as een geleentheid waardering teenoor nie-blankes betuig vir die rol wat hulle in die Voortrekkers se pionierswerk gespeel het. Op Thaba 'Nchu is die verdrag van ewigdurende vrede van die Voortrekkers met Moroka, opperhoof van die Barolongs, deur die leiers van die Trek namens die Afrikaner en John Phetogane Tsipinare Moroka, leier van die stam, namens die Barolong hernu. Op meer as een plek is die nie-blanke agterryers by name geëer.[223)]

In 1938 het Selope Thema in die Verteenwoordigende Naturelleraad 'n voorstel gemaak dat die Raad sy gelukwense aan die Blankes oorbring met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument, „omdat dit 'n gedenkteken sou wees vir die oorwinning van die beskawing oor barbarisme".[224)]

Weliswaar staan ons miskien nog te na aan die jaar 1938 om die betekenis van hierdie jaar in ons volkslewe ten volle te begryp, maar die Eeufees van 1938 het aan die Afrikaner nuwe selfvertroue en 'n nuwe doelgerigtheid op elke terrein van die lewe gegee. Geen volksfees daarna het ooit weer die lewe van die Afrikanervolk so in elke faset daarvan intiem geraak nie. Die Voortrekkereeufees was 'n besondere gebeurtenis onder besondere omstandighede. Daarom is hy uniek.

---

221) Die Taalgenoot, Mei 1968, p. 8.
222) Ibid., p. 8.
223) Ibid., p. 8.
224) Die Volkstem, 17.12.1949, p. 16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4. BOU- EN BEELDHOUWERK

### (a) BOUWERK

#### (i) Boukommissie en Bestekopnemer

Die S.V.K. het in April 1936 'n Boukommissie benoem wat saam met die argitek, Gerard Moerdyk, van tyd tot tyd aan die hoofbestuur oor hulle werksaamhede verslag moes doen. Hierdie Boukommissie het bestaan uit prof. dr. T.J. Hugo, prof. dr. S.P. Engelbrecht, adv. E.G. Jansen en mnre. Imker Hoogenhout, J.J. Scheepers en I.M. Lombard. Mnr. T.W. Wadley is as adviseur gekoöpteer. R2,000 is onmiddellik tot die beskikking van die Boukommissie gestel, sodat hulle dadelik met hulle werksaamhede kon begin.[1)]

Gerard Moerdyk het verkies om self bestekopnemer te wees, aangesien hy 'n gekwalifiseerde bestekopnemer was, dié werk in die verlede altyd self verrig het en omdat hy 'n deeglike kennis van klipwerk gehad het.[2)]

#### (ii) Bou-aannemers

Die werk aan die Monument het in 1937 begin. Die terrein is gereed gemaak en die uitgrawings deur die firma Boshoff van Krugersdorp gedoen. Daarna is die fondament van die laermuur deur die firma Dey van Pretoria gelê.[3)]

Die Bou-aannemer, A. Cosani, het vervolgens in 1938 met die bouwerk begin. Die fondamente en beton is gelê. Die werk het voorspoedig gevorder, sodat die hoeksteen op 16 Desember 1938 gelê kon word. Na die hoeksteenlegging het die konstruksiewerk egter baie stadig gevorder, hoofsaaklik vanweë die dreigende oorlog.[4)] Cosani het sy sekuriteite hoofsaaklik in Italië gehad en moes ook baie masjinerie en gereedskap daarvandaan kry.[5)] Hy het goeie werk gelewer, maar finansieel was hy nie sterk genoeg om so 'n groot onderneming aan te pak nie. Hy het alles in sy vermoë gedoen om 'n akte van sekerheidstelling van 'n borgmaatskappy

1) S.V.K., Notule, 7.4.1936.
2) E.G.J., F.III.8.e.(g): Brief : Sekr., S.V.K. aan E.G. Jansen, 10.6.1936.
3) Die Volkstem, 16.12.1949, p. 25.
4) Ibid., p. 25.
5) Amptelike Gids, Die Voortrekkermonument (Johannesburg, geen datum), p. 57.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te verkry, maar geen maatskappy was bereid om die risiko te aanvaar nie.[6)] Veral na die uitbreek van die Tweede Wêreld-oorlog was Cosani self begerig om van die kontrak onthef te word, want die werk het heeltemal tot stilstand gekom. Cosani het besef dat hy nie finansieel opgewasse was vir so 'n groot taak nie. Die S.V.K. sou geen finansiële verliese ly nie en die saak is op 'n mooi manier geskik en die kontrak beëindig.[7)] Die S.V.K. het aan Cosani 'n bedrag van R4,206.72 aangebied vir die werk wat sy firma reeds op daardie stadium voltooi het.[8)]

In 1940 is weer inskrywings vir die bouwerk gevra en die tender van W.F. du Plessis,[9)] van Bloemfontein, is aangeneem, al was sy tender vir uitsluitend blanke-arbied, R24,000 duurder.[10)] Hy het die werk met moed en durf aanvaar en het dit uiteindelik volgens kontrak voltooi, ten spyte van die groot arbeidstekort en die onsekerheid en vertragende uitwerking wat die oorlog op die bouwerk aan die Monument gehad het. Dit is merkwaardig dat, nieteenstaande die styging van lone en die pryse van materiaal, die bouwerk deur mnr. Du Plessis sonder 'n enkele bykomende uitgaaf voltooi is - seer seker 'n bewys van buitengewone organisasie-talent.[11)] Die Voortrekkermonument is ook 'n monument vir die vakmanskap van die firma Du Plessis.

**(iii) Arbeid**

Die S.V.K. het gevoel dat geen bandiete aan die Monument moes werk nie en het vooraf die Regering genader met die versoek dat net blanke-arbeid by die Monument gebruik moes word - selfs al sou dit die koste met 10% verhoog.[12)] Mnr. Du Plessis, die

---

6) E.G.J.,F.111.8.e.(m).,Brief: Roux en Jacobz (prokureurs) aan Sekr., S.V.K.,4.9.1939.
7) S.C.1/44 - 1 B/42, Unie van S.A., Verslag van Gekose Komitee 1941-1942. (Kaapstad, 1941), 769 en 771, p. 127 .
8) E.G.J., F.111.8.e.(m)., Brief: Sekr., S.V.K. aan Roux en Jacobsz, 10.4.1940. (?)
9) W.F. du Plessis is in 1882 op Ceres gebore en ontvang sy skoolopleiding aan 'n plaasskooltjie. Hy bekwaam hom later as bou-aannemer deur middel van korrespondensieklasse.In 1904 begin hy skooltjies vir die Staat bou. Saam met sy twee vennootbroers was hy onder andere verantwoordelik vir die oprigting van die volgende geboue: In Bloemfontein, die Oranje-hospitaal, die Nasionale hospitaal, die Stadsaal, die kragsentrale, die Spoorwegburo, die Poskantoor, Sentraal Hoër- en Laerskool: op Aliwal-Noord, die N.G. Kerk: op Fort Beaufort, die sielsieke hospitaal, en op Umtata, die hospitaal en waterwerke. (<u>Die Byvoegsel</u> tot <u>Die Volksblad</u>, 12.12.1949,p.34.
10) <u>Die Volkstem</u>, 16.12.1949, p. 25.
11) Amptelike Gids, <u>op.cit</u>., p. 57.
12) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 5.3.1937.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kontrakteur, het dit egter moeilik gevind om blanke arbeiders te kry, aangesien die beste klas arbeider reeds ander werk gekry het, vanweë die oorlog. Ten spyte daarvan is besluit om tog nie Bantoe-arbeid op die terrein toe te laat nie.[13] Weens 'n toenemende gebrek aan blanke-arbeid, was die kontrakteur genoodsaak om vanaf 20 Oktober 1942 twaalf Bantoe-arbeiders aan te stel om die beton te meng en die terrein skoon te maak. Die S.V.K. het dit betreur, maar het besef dat onder omstandighede nie anders gehandel kon word nie, en het die kontrakteurs gemagtig om ondertussen met die werk voort te gaan.[14]

### (iv) Materiaal

In die fondament van die Monument is altesame 10,000 kubieke jaart beton (d.w.s. nagenoeg 40,320,000 pond gewig) gebruik.[15] Die merkwaardigste deel van die betonwerk is die vloer van die Heldesaal wat 100 voet ruimte oorspan met oorhangkonstruksie, sonder 'n enkele stut. Daar is natuurlik veel aandag gegee aan die staalbewapening, want 'n oorhangkonstruksie van hierdie afmetings bestaan nêrens in Suid-Afrika nie. Ook die groot koepel bo is gekonstrueer op 'n hangbetimmering sonder stut na die vloer toe. Die hele Monument is van graniet gebou - duursaamste van alle materiaal wat vir so 'n doel beskikbaar is. Om geldelike redes is in die eerste ontwerp vir sandsteen voorsiening gemaak. Namate die saak oorweeg en die grootte en duur van die Monument in aanmerking geneem is, is besluit dat dit tog van die duursaamste materiaal, graniet, gebou moes word. Daar is toe besluit om die saak aan genl. J.B.M. Hertzog, destydse Eerste Minister, voor te lê. Die generaal het nie veel vir die verhoogde koste gevoel nie. Gelukkig was die Departement van Openbare Werke juis op daardie tyd besig om die verwerende sandsteenmure van die Uniegebou te herstel. Toe aan genl. Hertzog gevra is of die Monument ook elke vyf en twintig jaar herstel moes word, was sy antwoord: „Nee, bou eenmaal klaar, en gebruik dan maar graniet."[16]

Feitlik al die bouwerk aan die Monument is die handwerk van net een man, mnr. Cornelius Pretorius van Bloemfontein. Hy het aan die begin van 1940 sy reusetaak by die Monument aangepak

---

13) S.V.K., Notule vam Dagbestuur, 11.12.1940.
14) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 8.12.1942.
15) Die Volkstem, 16.12.1949, p. 25.
16) Amptelike Gids, op.cit., pp. 59-60.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en aan die einde van 1945 het hy die laaste granietblok in posisie geplaas. Die swaarste blokke het tussen vyf en ses ton geweeg - die soliede blokke waaruit die beelde van Retief, Pretorius, Potgieter en die onbekende Voortrekkerleier gekap is - en die kleinste het sowat vier pond geweeg en is in die oostelike boogvenster ingemessel. Oorspronklik is die graniet vir die Monument op Messina gebreek. Dit het egter spoedig geblyk dat daardie voorraad uitgepunt raak, en daar is na die granietgroewe by Pietersburg oorgeslaan.[17)] Hierdie graniet is van dieselfde gehalte as die Egiptiese graniet uit die groewe van Assoean. Die geboue in Egipte staan na 4,000 jaar nog, en die graniet vertoon in baie gevalle nog die oorspronklike hamer- en beitelmerke.[18)]

Die boë waarin die groot boogvensters van die Monument aangebring is, is gebou sonder dat daar van stutte gebruik gemaak is om die klippe in posisie te hou solank die boog nog nie voltooi was nie. Daar is 103 blokke in die raamstruktuur van elke boog. Hierdie klippe het vanselfsprekend ontsaglik veel geweeg - na skatting sowat 600 pond elk. Elkeen van die vensters bestaan uit 1,445 klippe wat die raamwerk uitmaak.[19)] In elke groot venster is 1,072 stukkies glas. Die vensterbank is 12 voet van die vloer af en die straal van die venster self is 40 voet, sodat dit 40 voet hoog en 40 voet breed is. Sommige brokkies van die glas is nouliks so groot soos 'n vuurhoutjiedosie. Mnr. P.C.L. Smit was verantwoordelik vir die insit van die glas.[20)]

Die Senotaaf is van rooi graniet gemaak wat by Parys gekap is, terwyl stukkies blou graniet van Namakwaland in die waens van die laer gegiet is.[21)]

Die marmerwerk in die ondersaal is gedoen deur 'n Suid-Afrikaanse firma, Marble Lime and Associated Industries, met marmer afkomstig van die plaas Kaïro, geleë by die sameloop van die Magalakween- en Limpoporivier. Die marmer van die Heldesaal kom van Marble Hall en is deur dieselfde firma verwerk.[22)]

Die eerste ontwerp het geen marmerbekleding vir die Heldesaal ingesluit nie, maar later het dit geblyk baie nodig te wees.

---

17) Die Voortrek, (Spesiale Byvoegsel tot Die Transvaler) 13.12.'49, p.35
18) Amptelike Gids, op.cit., p. 57.
19) Die Voortrek, 13.12.1949, pp. 35 en 43.
20) Die Brandwag, 28.1.1949, pp. 16-17.
21) Die Volkstem, 16.12.1949, p. 25.
22) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 8.12.1942 en Amptelike Gids, op.cit., p. 59.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Raad het gevolglik aansoek gedoen om die voorsiening van bykomstige fondse, maar die destydse Minister van Binnelandse Sake het die versoek van die hand gewys, omdat die Regering begaan was oor die steeds stygende koste van die Monument.[23)] Toe generaal J.C. Smuts en mnr. J.H. Hofmeyr die beeldhouwerk in die Monument besigtig het, is die versoek om addisionele fondse vir ekstra marmer aan die Eerste Minister self gedoen. Op sy vraag, „Hoeveel sal dit kos", is geantwoord: „Ag, Generaal, so omtrent £20,000 (R40,000)". Na weinig wik en weeg, sê hy: „Doen dit. Hofmeyr, kom hier, ons moet dit doen."[24)]

Op voorstel van mnr. Moerdyk het die S.V.K. besluit om die plafon van die ondersaal met asbes te bespuit om sodoende die akoestiek te verbeter, deur daarmee alle geluidvibrasie te voorkom en die nodige stilte te verkry.[25)]

Die Italiaanse marmer vir die historiese fries, die vensterglas uit België, en elektriese draad en kabels is die enigste bestanddele in die Monument wat nie uit Suid-Afrika afkomstig is nie.[26)]

'n Tender van Yates en Kie. vir R6,564 vir die beligting van die Monument is aanvaar nadat dit Stadsraad van Pretoria aangebied het om 'n geldelike bydrae te maak tot die koste verbonde aan die permanente elektriese bedrading van die Monument, met dien verstande dat die bydrae hoogstens R6,550 sou bedra.[27)]

Ligte is ook op versoek van die Departement van Verdediging vir veiligheid van vliegtuie op die Monument aangebring.[28)]

**(v) Besoekers**

Die onvoltooide Monument is goed bewaak en die toegang streng beheer. Dit het daartoe gelei dat allerhande gerugte omtrent die Monument ontstaan het, soos blyk uit die volgende berig uit 'n Engelse koerant : „Does some secret lie within the massive walls of the Voortrekker Monument just outside Pretoria? So closely is it guarded, and such strict precautions are being

23) S.V.K., S.1/3, Brief: Sekr. van Finansies aan Sekr. van Binnelandse Sake, 23.11.1944.
24) Amptelike Gids, op. cit., p. 59.
25) S.V.K., Brief: Moerdyk aan Voors., S.V.K. 27.4.1944, en Voors., S.V.K. aan Sekr. van Binnelandse Sake, 18.8.1944.
26) Die Volkstem, 16.12.1949, p. 25.
27) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 13.5.1949 en 11.8.1949.
28) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 13.9.1945.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



taken not to allow anybody to enter or photograph it, that the public is beginning to weave a mystery round the huge edifice, the construction of which is likely to cost the Government £350,000 (R700,000)." [29)]

Die eerste lede van die publiek wat toegelaat is om die Voortrekkermonument by Pretoria van naderby en van binne te besigtig, was 150 afgevaardiges na die jaarkongres van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) aan wie die voorreg gegun is vanweë die liggaam se groot bydrae tot die oprigtingsfonds.[30)]

In Oktober 1948 is besluit om die Monument voortaan amptelik vir georganiseerde besoeke onder toesig van die argitek te sluit. Die S.V.K. was van oordeel dat, met die oog op die aangekondigde voorneme om die Monument in Desember 1949 in te wy, dit ongewens sou wees om in die laaste stadium van die Monument se voltooiingswerk toegang tot die Monument aan besoekers te verleen.[31)]

Die argitek, mnr. Moerdyk, het versoek dat sy dogter se huwelik in die Voortrekkermonument voltrek mag word, aangesien dit vir hom persoonlike en sentimentele betekenis sou hê. Dit is toegelaat omdat die Monument nog onvoltooid was en dus onder mnr. Moerdyk se beheer gestaan het.[32)]

### (vi) Voltooiing van die Bouwerk

Die bouwerk het elf jaar, van 1937 tot 1938 en van 1940 tot 1949, geduur. Die binne-afmetings van die ondersaal is 130 voet by 130 voet, terwyl die heldesaal 100 voet by 100 voet by 100 voet is. Daar is in die Monument self tweehonderd en sestig trappe en buite nog sewentig.[33)]

Die Voortrekkermonument is vir nageslagte gebou en sal waarskynlik vir die duur van die Westerse beskawing in Afrika staan. Geen berekening of skatting is geregverdig nie, maar geoordeel na geboue in Egipte, wat van feitlik dieselfde graniet gebou is, kan die Monument 6,000 jaar of langer staan.[34)]

ŉ Volledige filmopname van die bouwerk aan die Monument is deur mnr. C.P. de L. Beyers gemaak.[35)]

---

29) <u>Rand Daily Mail</u>, 6.8.1947.
30) <u>Die Vaderland</u>, 10.9.1947.
31) <u>Die Transvaler</u>, 13.10.1948.
32) S.V.K.,Notule van Dagbestuur, 6.11.1946.
33) Amptelike Gids, <u>op.cit.</u>, p. 60.
34) <u>Die Volkstem</u>, 16.12.1949, p.25.
35) S.V.K., Notule, 22.2.1946.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**(vii) Die senotaaf**

Die tender van die firma Du Plessis vir R1,500 vir die aflewering en bevestiging van die senotaaf is aanvaar.[36)] Mnr. Cornelis Pretorius het ook in hierdie geval die bouwerk gedoen.[37)] Hierdie bouwerk is ongeveer ses voet hoog en is die simboliese rusplaas van die Voortrekkerhelde. Dit is van rooi gepoleerde Parys-graniet gebou. Bo-op die senotaaf verskyn die woorde, „Ons vir jou Suid-Afrika" en om twaalfuur op die middag van 16 Desember elke jaar val ŉ sonstraal bo deur die dak van die monument op hierdie woorde.[38)]

Daar was ook versoeke dat die beendere van Piet Retief en sy manne in hierdie „graf" geplaas moes word.[39)] Die S.V.K. het gevoel dat dit die beste sou wees as die beendere van Retief en sy makkers gelaat word waar hulle is, ook omdat dit so intiem aan daardie omgewing verbonde is. Die senotaaf moet dus as ŉ simboliese graf beskou word.[40)]

**(viii) Die fakkelvlam**

By mnr. P.F. Joubert van Johannesburg het die gedagte ontstaan dat die brandende Eeufeesfakkel in die Voortrekkermonument bewaar moes word.[41)] Hierdie fakkel is by geleentheid van die Voortrekkereeufees in 1938 deur dr. N.J. van der Merwe aan die Universiteit van Pretoria oorhandig omdat dit andersins uitgedoof sou moes word.[42)] Die S.V.K. het gemeen dat mnr. Joubert se idee baie goed was en het dit aan mnr. Moerdyk opgedra om met die oog op die bewaring van die vlam ŉ skets van ŉ aantreklike toerusting in die Voortrekkermonument te maak.[43)] Mnr. Moerdyk het voorgestel dat ŉ bronslamp agter glas met ŉ marmerwerk daaromheen vir die doel gebruik word.[44)] Die prysopgaaf van R910 van die firma Marble Lime vir die marmernis en toerusting is deur die S.V.K. aanvaar. Die Voortrekkerbeweging het aangebied

---

36) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 9.12.1948.
37) Die Voortrek, 13.12.1949, p. 43.
38) Ibid., p. 36.
39) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 1.2.1950.
40) S.V.K.,M 3/4,Brief: Ere-sekr.,S.V.K.aan M.W. Smuts,29.3.1950.
41) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 24.10.1947.
42) E.G.J., F.111.8.e.(r)., Brief: Prov. Sekr., Transvaalse Voortrekkers aan Voors., S.V.K., 26.1.1948.
43) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 13.5.1949.
44) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 1.6.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om die onkoste verbonde aan die inrigting van die nis vir die vlam te betaal. Ook is die Voortrekkerbeweging gevra om verantwoordelikheid vir die versorging van die fakkelvlam in die Monument op hom te neem.[45] Die uiteindelike bedrag van R1,179.42, synde die totale koste vir die lamptoerusting, die marmernis en argiteksgelde, is deur die Transvaalse Onderwysvereniging aan die Voortrekkerbeweging geskenk uit gelde wat jare gelede deur 'n groot aantal leerlinge en onderwysers ingesamel is met die doel om ook 'n aandeel in die oprigting van die Voortrekkermonument te kan hê.[46]

### (ix) Verdere voorstelle

Nadat reeds ver met die bouwerk aan die Monument gevorder is, is in 1946 tydens die Verenigde Party-kongres in Bloemfontein 'n voorstel gemaak dat die Monument 'n gedenkteken vir alle Suid-Afrikaners moes wees wat hulle lewens in die Tweede Wêreldoorlog en ander oorloë verloor het. Vanselfsprekend was die S.V.K. nie bereid om hierdie voorstel selfs te bespreek nie.[47]

Die Stellenbosch-Boerorkes[48] en mnr. H.J. de Groot van die firma H.A. van Bergen van Heiligerlee,[49] Nederland, het aanbeveel dat 'n klokkespel in die Monument geplaas moes word. Hierdie klokke sou tydens fees- en gedenkdae gelui kon word en die Stellenbosch-Boerorkes het aangebied om daarvoor te betaal. Die firma Van Bergen het onderneem om die Carillon (ongeveer dertig klokke) teen ± R5,000 te lewer.[50] Die S.V.K. was egter nie bereid om hierdie voorstel en aanbod te aanvaar nie.[51]

Mnr. Moerdyk het gevoel dat dit gepas sou wees om mettertyd bo-op die Monument se dak 'n kaart van Suidelike Afrika in basrelief aan te bring en om daarop die roetes van die Groot Trek in silwer lyne aan te bring en die kaart so te ontwerp dat die gat waardeur die son skyn, op die plek van die Slag van Bloed-

45) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 20.9.1949.
46) S.V.K., M 3/4, Brief: Ere-sekr., S.V.K. aan Algemene Sekr., T.O., 27.6.1950.
47) <u>Sunday Express</u>, 24.11.1946.
48) Oom Pietie: <u>Die doel en geskiedenis van die Stellenbosch-Boere-orkes</u>. (Stellenbosch, s.j.) p. 37.
49) B.H.J. v.R., Brief: De Groot aan E.G. Jansen. (Afgerol om as omsendbrief te dien).
50) <u>Ibid</u>.
51) Oom Pietie, <u>op.cit</u>., p. 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rivier sou kom.[52] Aan hierdie voorstel is tot dusver geen uitvoering gegee nie.

**(b) Beeldhouwerk**

Die S.V.K. het aan die Boukommissie en die argitek opgedra om bevoegde kunstenaars te raadpleeg i.v.m. die uitvoering van besondere kunsafdelings van die Monument.[53] Verskillende kunstenaars is gevolglik vir die uitvoering van die onderskeie afdelings van die kunswerke aan die Monument benoem.

**(i) Laermuur**

Die walaer van kunsgraniet om die Monument is deur proff. E.C. Pienaar en A.C. Bouman van Stellenbosch voorgestel.[54] Die oorspronklike ontwerp is die werk van die argitek, mnr. G. Moerdyk, en ŉ Pretoriase beeldhouer, mnr. F. Kruger wat ook die oorspronklike model uit klei vervaardig het. Van die kleimodel is ŉ gipsafdruk vervaardig wat na Johannesburg vervoer is. Die gipsafdruk is in Johannesburg gemaak. Die stuk werk was so groot dat dit stuksgewyse moes geskied. ŉ Sementafdruk van die gipsafdrukke is daarna gemaak en eers toe hierdie vorms voltooi is, kon die finale produk gegiet word, waarvan die bestanddele was: wit sement wat uit Amerika ingevoer is, stukkies wit marmer uit die groewe van Marble Hall en stukkies blou marmer uit Namakwaland.[55] Die prysopgaaf van R11,200 van die firma Lupini, van Johannesburg vir die vervaardiging van ŉ drie voet breë laermuur met vier en sestig waens van natuurlike grootte weerskante van die muur in reliëf aangebring en met hekwerk tussen die waens is aanvaar.[56] Hierdie waens is getroue weergawes van die oorspronklike kakebeenwa en is in die fynste besonderhede uitgevoer. Die waens is elk vyftien voet lank en 9 voet hoog. Die omtrek van die sirkel wat deur die waens bepaal word, is 1,027 voet 4 duim.[57] Die laermuur is van imitasiegraniet in verskillende gedempte kleure gemaak - die kleure is dié van die materiaal self. Die kunstenaars wat hierdie werk verrig het, was omtrent almal Italianers, van wie sommige reeds voor die

52) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 19.5.1952.
53) S.V.K., Notule, 7.4.1936.
54) Amptelike Gids, <u>op.cit</u>., p. 57.
55) <u>Die Transvaler</u>, 5.3.1949.
56) S.V.K. Notule van Dagbestuur, 27.9.1948.
57) <u>Die Transvaler</u>, 5.3.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorlog die Unie binnegekom het. Elkeen van hulle was op sy eie gebied 'n kunstenaar.[58)]

Daar was baie kritiek teen die ringmuur van waens omdat dit nie die indruk van waens gegee het nie. Waens kon egter nie uit graniet of brons nagemaak word nie omdat sekere dele te dik en ander weer te dun sou moes kom. Indien daar 'n ry waens uit graniet of brons rondom die Monument geplaas sou word, sou daar niks egs in wees nie, maar dit sou poppekastery wees.[59)]

'n Ysterhek by die ingang van die laer om die Monument is nodig geag en die S.V.K. het die R657 voorsien wat daarvoor nodig was.[60)]

**(ii) Voortrekkervrou**

Voor die hoofingang van die Monument is die eerste figuur wat opval, die dertien voet hoë standbeeld van 'n Voortrekker-moeder wat haar twee kinders beskerm. Hierdie beeldegroep is die skepping van Anton van Wouw en dit was ook sy laaste groot werk.[61)] Van Wouw was reeds bejaard en daar is gevrees dat hy nie die taak veel meer sou kon verrig nie en daarom was die Voortrekkervrou een van die eerste take wat die argitek afgehandel wou sien.[62)] Vanweë sy hoë ouderdom is Anton van Wouw dan ook op 'n maandelikse basis aangestel en die werk wat hy maand na maand gedoen het, het aan die S.V.K. behoort. Ook is dit aan Van Wouw opgedra om die Voortrekkervrou klaar te maak sodat dit in 1938 by die hoeksteenlegging voltooid sou wees.[63)] Later is 'n helper vir hom aangestel.[64)]

Van Wouw het ongeveer twee jaar lank daaraan gewerk. Eers is klein sketse gemaak en nadat dit in beginsel aanvaar was, kon hy aan die groot werk begin. Mnr. Moerdyk was van mening dat die Voortrekkervrou in graniet of marmer uitgekap behoort te word, maar Van Wouw het sy hart op brons gesit, soos blyk uit hierdie aanhaling uit een van sy briewe : „Ik het verneem dat die plan bestaan om die groep voor die Voortrekkermonument die Voortrekkervrou met haar twee kinders, waar ik die model voor gemaak het,

58) Ibid.
59) S.V.K., Notule, 5.10.1936.
60) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 1.6.1950.
61) Amptelike Program en Gedenkboek, Des. 1949, p. 45.
62) Die Volkstem, 16.12.1949, p. 25.
63) S.V.K., Notule, 5.10.1936.
64) S.V.K., Notule, 26.6.1937.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in graniet sal worde uitgevoer. Mnr. Moerdyk het daar eenmaal met my oor gepraat, maar ik het toen dadelik gesê dat volgens my opinie, brons veel mooier en deugzamer sal wees, dat is voor altyd. Die graniet word voor de tyd vuil en verkleur, maar brons word mooier hoe ouwer dit word. En dit sal als dit een lichte groen patina kleur is, zoo prachtig afsteek teen die witte graniet monument." [65)]

Soos met alle werke was hy uiters deeglik. Hy het 'n geskikte seun en dogter gekies om te poseer. Nog later het hy 'n verpleegster gekies om as die moeder te poseer.[66)] Na voltooiing van die beeld is die bronsbeeld in Pretoria deur die firma R. Vignali in een stuk gegiet. Dit was die eerste keer dat so-iets in Suid-Afrika gedoen is. Die kwotasie van die firma Vignali hiervoor, was R1,450.[67)] Nadat die bronsgietsel voltooi was, het Van Wouw van hom laat hoor : „Met die bronsgietsel van die Voortrekkervrou is ek helemaal nie tevrede, dit is helemaal nie afgewerk, dat is maar zoo ruw gelaten, en die kleur is ook geheel nie naar mijn sin. Daar moet nog veel aan verander word." [68)]

Daar was ook kritiek op die beeld van die Voortrekkervrou. Die mond sou dan te wulps wees, die rok te kort, en 'n seun van die ouderdom en grootte, soos in die beeld uitgebeeld word, sou nie aan sy moeder se rokspand beskerming soek nie. Verder is daarop gewys dat die beeldgroep 'n baie opvallende ooreenstemming openbaar met die beroemde standbeeld van Pestalozzi se standbeeld te Yverdon, waarvan prente in al die skole in Switserlant te sien is.[69)]

Aan die anderkant kry ons hoër lofbetuigings soos die volgende : „Die indrukwekkende en besielende belewenisse,in sy ateljee bly nou nog nalewe. Van Wouw kon die kragvolle lewenseenvoud, die geestelike stoerheid, die geloofsvertroue en - gerigtheid, die karakterkrag en karakteradel, die doelbewuste en

65) S.V.K., Brief: A. van Wouw aan Sekr., S.V.K. 4.4.1938.
66) Amptelike Gids., _op. cit._, p. 54.
67) E.G.J., F.111.8.e.(q), Brief: Voorst, S.V.K. aan Sekr. van Binnelandse Sake, 28.10.1938.
68) E.G.J., F.111.8.e.(q), Brief: Van Wouw aan Voors., S.V.K., (Ongedateerd).
69) Vergelyk: S.V.K.,Notule,12.2.1938, E.G.J.,F.111.8.e.(q), Brief: Trudie Kestell aan Sekr.,S.V.K.,12.8.1938 en E.G.J., F.111.8.e.(q), Aantekeninge deur J.J. Scheepers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



doelgerigte vryheidstrewe en drang tot selfwees en selfbehoud van die Voortrekker tipeer en uitbeeld in ŉ onverganklike skoonheidsgestalte soos niemand anders nie."[70)]

Wat miskien nie so bekend is nie, is dat die beeld van die Voortrekkervrou deur die Stellenbosch Boere-orkes geskenk is.[71)]

**(iii) Swartwildebeeste**

Die beeldhouer, E. Ullmann is aangestel om die twee swartwildebeeste in ware grootte in gips uit te werk teen besoldiging van R200 stuk.[72)] Later is dit deur die klipkappersfirma Sinclair en Kie., van Pretoria, in graniet aan die mure uitgebeitel.[73)]

**(iv) Hoekfigure**

Op die vier hoeke is agtien voet hoë standbeelde van die leiers van die Groot Trek, naamlik Piet Retief, Andries Pretorius, Andries Hendrik Potgieter en die onbekende Voortrekkerleier wat al die ander Trekkers voorstel.[74)]

Aanvanklik is kunstenaars gevra om figure een-derde van die werklike grootte in gips te maak, en hulle het daarvoor R500 per figuur ontvang.[75)] Dit was ŉ moeilike taak om die gesigte te maak, want daar bestaan geen portrette van die drie bekende leiers nie. Die onbekende Voortrekkerleier het natuurlik geen persoonsmoeilikhede opgelewer nie, sodat van ŉ verteenwoordigende Voortrekkergesig gebruik gemaak is.[76)] Die figure is hoofsaaklik deur mnr. F.J. Kruger gemaak en later deur mnre. Yssel en Zederberg in posisie uitgebeitel.[77)]

Piet Retief was volgens beskrywing ŉ klein, donker en haastige man. Vir ŉ voorstelling van hom was die kunstenaar aangewys op die rolprent van die Voortrekkers waarin Piet Retief min of meer soos by die Monument voorgestel word. ŉ Nakomeling van hom, mev. Gustav. Preller, het verklaar dat sy die familie-

---

70) O.J.O.F., Brief ontvang van Prof. F.J. Labuschagne, 15.8.1968
71) Oom Pietie, op. cit. p. 36.
72) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 8.12.1942.
73) Amptelike Gids, op. cit., p. 54.
74) Die Voortrek, 13.12.1949, p. 2.
75) S.V.K., Notule, 15 + 16.1.1942.
76) Amptelike Gids, op cit., p. 55.
77) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



trekke goed in die beeld herken. Van Andries Pretorius bestaan daar ŉ karikatuur, maar ook geen portret nie. Daar is egter van die portrette van sy drie seuns ŉ kombinasiefoto gemaak wat goed aan die beskrywing van Pretorius as ŉ lang, groot en goedgevormde man beantwoord. ŉ Mooi gevormde atletiese persoon is gekry om as model te poseer. Hendrik Potgieter se voorkoms is ewe onbekend. Daar bestaan net een beskrywing van hom, afkomstig van ŉ Engelse skrywer wat beweer: „He had a prophet-like face." Daar was egter agterkleinseuns van Potgieter in lewe en weer is nakomelinge se gesigte gebruik om hulle voorvader se gelykenis te maak.[78)]

Na besigtiging en bespreking van die hoekfigure het die Dagbestuur van die S.V.K. besluit dat die kunstenaar gevra sou word om die figure so te verander dat Retief se gesig meer krag en karakter toon, dat Pretorius se kleredrag meer in ooreenstemming met die gewone Voortrekkerdrag gebring moes word en dat sy gesig meer forsheid moes openbaar, en Potgieter moes verander word dat die gesig die sterk boeregesig aantoon en die „prophet-like face" moes laat vaar word.[79)]

Die argitek het die kappers afgedank omdat hulle te stadig en onbevredigende werk gelewer het en die koste gevolglik te hoog laat loop het.[80)] Hy het dus met mnr. H. Potgieter onderhandel om die werk te voltooi.[81)] Op 22 Oktober 1951 kon hy rapporteer dat die drie hoekfigure van die Monument voltooi is en dat die ander een teen die einde van daardie jaar voltooi sou wees en dat die koste van die werk aan die hoekfigure binne die begroting was.[82)]

Daar was kritiek dat die hoekfiguur wat Piet Retief voorstel se kop te groot is. Gerard Moerdyk het egter verduidelik dat dit in beeldhouwerk gebruiklik is om die kop van ŉ groot figuur met ŉ klein liggaamsbou effens buite verhouding groot te maak.[83)]

**(v) Buffelkop**

Die buffelkop bokant die deur is deur die beeldhouer,

78) Ibid.
79) S.V.K., Aanhangsel tot Notule van Dagbestuur, 30.9.1943.
80) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 1.6.1950.
81) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 25.10.1950.
82) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 22.10.1951.
83) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 19.5.1952.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hennie Potgieter, gemodelleer.[84)]

**(vi) Historiese fries**

Die historiese fries vorm 'n intrinsieke deel van die Voortrekkermonument, wat in 'n immer verstaanbare wêreldtaal die geskiedenis van die Groot Trek vertel.

Die S.V.K. het gevoel dat die historiese panele 'n getroue weergawe moes wees en dat bekwame vakmanne nodig was om aan die kunstenaars leiding te gee en om 'n oog oor die werk te hou.[85)] Om hierdie rede is 'n Historiese Komitee benoem, bestaande uit ds. Paul Nel (voorsitter), dr. Gustav Preller, mnr. Gerard Moerdyk en dr. I.D. Bosman en prof. S.P. Engelbrecht.[86)] Die ledetal van die Historiese Komitee is later vermeerder met die byvoeging van prof. H.B. Thom, dr. Louis Steenkamp, mej. Trudie Kestell en mev. Kotie Roodt-Coetzee.[87)]

Na die keuse van die komitee moes 'n massa materiaal verwerk word ten einde 'n deurlopende geheel te vorm en 'n drama op te bou, bestaande uit 'n begin, 'n klimaks en 'n einde. Dit moes gedoen word sonder om die kronologiese volgorde van gebeurtenisse te veel geweld aan te doen. Verder moes alles in die beskikbare ruimte met die hoogtepunte op die prominenste plekke met 'n ritme van lyn en verdeling ingepas word.[88)] Die Historiese Komitee het gevoel dat minder aandag aan gevegte en meer klem op die kulturele sy van die Groot Trek gelê moes word,[89)] terwyl die drie hoogtepunte van aksie Vegkop, die moord op Piet Retief en die Slag van Bloedrivier sou wees.[90)]

Die eerste reeks sketse is met behulp van die kunsskilder W.H. Coetzer gemaak. Na verdere oorweging is dit waar nodig weer verander omdat die figuuropstelling van sommige panele vir beeldhoudoeleindes onprakties was.[91)] Daarna kon oor die getal, grootte en posisie van die verskillende panele besluit word.[92)]

---

84) Amptelike Gids, <u>op. cit.</u>, p. 55.
85) S.V.K., Notule, 7.4.1936.
86) S.V.K., Notule, 7.4.'36 en 5.10.1936., en Notule van Historiese Komitee, 4.9.1937.
87) S.V.K., Notule, 15 en 16.1.1942.
88) <u>Die Huisgenoot</u>, 25.11.1949, p. 16.
89) S.V.K., Notule, 5.10.1936.
90) S.V.K., Notule, 15.1.1937.
91) <u>Die Byvoegsel</u> tot <u>Die Volksblad</u>, 12.12.1949, p. 8.
92) <u>Amptelike Gids</u>, op.cit., p. 40.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die S.V.K. wou graag van Afrikaanse beeldhouers se dienste gebruik maak. Die werk was ook te omvangryk vir een persoon sodat verskeie beeldhouers met die taak belas moes word. Die taak om individuele persoonlikhede soos kunstenaars te kies wat sou kon saam werk om 'n harmoniese geheel te skep, was geensins maklik nie en die kritiek is uit die staanspoor geopper dat dit 'n onmoontlikheid was. In hierdie geval het dit egter geluk toe dr. P. Kirchhoff, mej. Laurika Postma, mnr. F.J. Kruger en mnr. Hennie Potgieter uit die sowat een en twintig professionele beeldhouers gekies is wat destyds in Suid-Afrika was.[93)]

Al die kunstenaars het onder toesig van mnr. Moerdyk gestaan en hy het voorgeskryf hoe die werk moes geskied, want hy wou nie uiteenlopenheid van styl en uiting van afsonderlike individualiteit in die fries hê nie. Daarom moes almal saam in dieselfde saal werk en die fries of 'n enkele paneel sou nie die werk van een kunstenaar wees nie. Opdragte deur hom in verband met konsepsie en detail moes uitgevoer word. Die kunstenaars sou ook geen kopiereg hê op die werk dat deur hulle verrig word nie.[94)]

Van meer waarde as die pennings wat deur die S.V.K. aan die beeldhouers geskenk is, of die voorstelling aan die publiek by geleentheid van die inwyding van die Monument, was die jare wat hulle daagliks voltyds beeldhou kon beoefen. Dis 'n voorreg wat min beeldhouers destyds te beurt geval het.[95)]

As tegniese voorbeeld vir die vier kunstenaars is gestel die metodes en afwerking van twee Renaissance beeldhouers, Verrochio en Donatello.[96)] Die vier beeldhouers moes velerlei moeilikhede die hoof bied wat die werk nie aldag ewe aangenaam gemaak het nie. Gelukkig het die besef dat hulle aan 'n grootse volkstaak besig was, hulle steeds laat voortgaan. Die vier moes in 'n styl werk wat 'n eenheid sou vorm. Van hulle is verwag om baie nougeset te werk te gaan wat betref kostumering, artikels wat destyds gebruik is, landskapbesonderhede, plantegroei en portretgelykenisse. Op die panele moes dinge verskyn soos vuur en water en waaiende veertjies al was al vier bewus daarvan dat

---

93) <u>Ibid</u>. en <u>Die Huisgenoot</u>, 25.11.1949, p. 17.
94) S.V.K., M 3/2, Opsomming van gedagtes i.v.m. dr. Kirchhoff se vertoë.
95, <u>Lantern,</u> Junie 1951, pp. 197-198.
96) <u>Die Huisgenoot</u>, 25.11.1949, p. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit absoluut ongeskik vir beeldhou is. Met debattering moes hulle die verantwoordelike persone oortuig dat die tekeninge vir die panele soos uitgevoer deur ŉ kunsskilder, nie deurgaans vir beeldhou geskik was nie, en kon hulle hulle eie ontwerpe maak. Al hierdie beperkings en vereistes het tot gevolg gehad dat hulle onsettend noukeurig moes werk.[97)]

Die kunstenaars was gedurig op die uitkyk na geskikte modelle vir die verskillende karakters. Dikwels het persone wat geen afstammelinge van Trekkerleiers was nie, die beste ooreengestem met die beskrywing van sodanige leiers. Elke menslike figuur op die fries is na ŉ lewendige persoon gemodelleer, sodat daar baie bekende Suid-Afrikaanse figure op die fries verskyn.[98)] ŉ Paar Zoeloes in hulle stamkleredrag en skilde is uit Zoeloeland gebring, want die gebruike van die Zoeloes in oorlog, by teregstellings en byeenkomste moes weens hulle belangrikheid vir panele soos die Retief-Dingaantraktaat, die Retief-moord en andere bestudeer word.[99)] Ook studente van die Universiteit van Pretoria het tablo's voorgestel waarvolgens die beeldhouers kon werk.[100)]

Die panele is min of meer in vier gelyke dele verdeel en elke beeldhouer het dan sy aantal panele gekry waaraan hy hoofsaaklik gewerk het. In die meeste gevalle was daar sketse deur mnr. Coetzer gemaak, maar in ander gevalle moes die beeldhouers self ontwerpe maak vir een of ander insident. Nadat mnr. Moerdyk die sketse goedgekeur het, is modelle daarvan gemaak.[101)] In die tydperk van ongeveer vyf jaar wat hulle met hierdie moeilike werk besig was, was dit ook dikwels nodig om die indeling en grootte van die panele te verander.[102)]

Die prosedure nadat die modelle gemaak was, was soos volg:

---

97) Lantern, Junie 1951, pp. 197 - 198.
98) Op die volgende panele verskyn onder andere die volgende bekende figure: 1: dr. Kirchhoff, Frikkie Kruger en Hennie Potgieter (beeldhouers). 2: Oumatjie Stoffberg; 3: mev. Ackermann (hoeksteenlegster); 5: Eitemal; 6: mev. Tiennie Holloway; 10: Irmela Moerdyk (dogter van die argitek); 14: mev. Sannie Broers (S.V.K.-lid); 18: Laurika Postma (beeldhoudster); 20: J.J. Bosman (stigter van Volkskas); 22: Gerard Moerdyk; 24: Oom Tienie van Schoor en dr. T. Schumann; 27: dr. Hennie van der Byl. (Gegewens gekry van mnr. Pieta Conradie).
99) Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 12.12.1949, p.8.
100) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 28.11.1941.
101) E.G.J., F.111.8.e.(o)., Getuie-staat: L. Postma, H.C. Potgieter en F.J. Kruger, 5.11.1947.
102) Amptelike Gids, op.cit., p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ŉ Paneel wat deur die een of ander kunstenaar ontwerp is, sou spesiaal onder toesig van daardie kunstenaar vergroot word. Daardie spesiale beeldhouer sou opdrag aan die ander drie beeldhouers gee wat saam met hom of haar aan daardie paneel werk, maar sou aan die toesig van mnr. Moerdyk onderhewig wees. Deur die gesamentlike werk aan elke paneel is van die begin tot einde dieselfde styl waar te neem.[103)]

Dr. Kirchhoff het volgens mnr. Moerdyk nie na wense gevorder nie en is daarom afgedank. ŉ Sekere deel van sy werk het onvoltooid gebly en die ander drie beeldhouers is versoek om dit te voltooi en sekere veranderings aan sy paneel, „Saailaer", aan te bring.[104)] Dr. Kirchhoff het gedreig om ŉ aksie teen die S.V.K. in te stel omdat die paneel verander is,[105)] maar vir sover as dr. Kirchhoff miskien as „primus inter pares" in verband met die werk beskou kon word, het dit egter nie beteken dat sy werk onveranderd aanvaar moes word nie, want hy moes nog steeds die hoër gesag van mnr. Moerdyk en die komitee erken.[106)]

Die beeldhouers is gevra om elk afsonderlik in getikte vorm, sonder handtekening, kunswaardering of -kritiek op elke paneel van die historiese fries op te stel, en aan die Dagbestuur te besorg. Die beskouings sou as vertroulik behandel word.[107)] Die gehalte van die werk as geheel is deur die beeldhouers as goed bestempel, maar daar was ook kritiek dat dele van die fries die ritme en balans belemmer,[108)] en dat eenheid aan komposisie ontbreek.[109)] Ook lede van die Historiese Komitee is gevra om kritiek te lewer. Hulle kritiek het veral gegaan oor kleredrag, gebruiksvoorwerpe, liggaamshouding van persone, voorkoms van die Zoeloes en die topografie.[110)]

Van Regeringskant is beswaar gemaak teen die uitbeelding in die paneel wat die Bloukrans-moord voorstel van ŉ Zoeloe wat ŉ kindjie in die lug swaai om teen die wawiel te verpletter.[111)]

---

103) E.G.J., F.111.8.e.(o)., Getuie-staat : op.cit.
104) Ibid.
105) S.V.K., Notule, 16.8.1948.
106) S.V.K., M 3/2, Opsomming van gedagtes i.s. dr. Kirchhoff se vertoë.
107) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 14.8.1946.
108) S.V.K., M 3/2, Naamlose kritiek op Historiese Fries deur kunstenaars.
109) S.V.K.,M 3/2, Brief: Kirchhoff aan Voors.,S.V.K.,27.8.1946.
110) S.V.K., Notule van Historiese Komitee, 4.9.1937.
111) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 13.9.1945.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Genl. J.C. Smuts (Eerste Minister) en mnr. J.H. Hofmeyer (Minister van Finansies) het gemeen dat die moord te kras uitgebeeld is. Terwyl die gipsmodel met die oog op inpassing, lig, ritme, ens. tydelik in die Monument geplaas is, het een van die Engelse koerante ongeoorloofde toegang tot die Monument verkry en portrette van die taferele geneem en gepubliseer. Dit het tot die beswaar van Regeringskant aanleiding gegee en het uiteindelik tot die besoek van genl. Smuts en mnr. Hofmeyer gelei. Die S.V.K. het hierop besluit om die suigelingepisode te laat verander.[112)] In die plek van die Zoeloe wat die baba in die lug swaai, is 'n Zoeloe voorgestel wat 'n wa aan die brand steek.[113)]

Nadat die nodige veranderinge aangebring en die modelle in hulle werklike grootte voltooi is, moes hulle noodgedwonge na Italië gestuur word, wat die wêreld-middelpunt vir sodanige werk is, om in marmer oorgesit te word.[114)] Vir die soort beeldhouwerk is daar nie bevredigende marmer in Suid-Afrika nie en die argitek is dus na Italië gestuur om die nodige ondersoek in te stel en voorbereidings in verband met die beeldhouwerk te tref.[115)]

Daar is besluit om vir hierdie werk van die dienste van een van die grootste moderne beeldhouers, prof. Romano Romanelli van Florence, gebruik te maak. Hy het 'n uitgebreide ateljee in Florence gehad met oorgenoeg masjinerie en tegniese apparaat om 'n groot aantal marmerkappers gelyktydig besig te hou.[116)] Prof. Romanelli het baie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis belanggestel en het 'n deeglike studie van die Groot Trek gemaak.[117)]

Marmer van geskikte kwaliteit en verlangde grootte kan verkry word, naamlik Altissimo wit marmer, afkomstig van Forti di Marmi in die Apennynse berge - dieselfde groef waaruit Michelangelo die marmer gekry het wat hy vir sy kunswerke gebruik het. Reusagtige blokke van 8 by 12 of 14 voet en 6 tot 7 voet dik moes na benede gekarwei word om in plate van 12 duim dikate gesaag te word.[118)] Hiervandaan is die marmerblokke 200 myl ver na Florence geneem waar veertig beitelaars en ses beeld-

---

112) S.V.K., Notule, 22.2.1946.
113) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 6.3.1947.
114) S.V.K., M3/2, Memorandum i.v.m. Historiese Fries.
115) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 28.8.1946.
116) Amptelike Gids, op. cit., p. 41.
117) Die Volksblad, 25.11.1949, p. 3.
118) Amptelike gids, op. cit., p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



houers onder toesig van prof. Romanelli aan die fries gewerk het.[119)]

Volgens belofte sou al die nodige marmer teen Kersfees 1947 beskikbaar wees. Teenslae met die uitbreek van die marmer het meegebring dat ander voorrade opnuut uit die marmergroewe gebreek moes word. Hierna volg stakings, gevolg deur die likwidasie van die maatskappy wat heelwat vertragings tot gevolg gehad het. 'n Ander ongunstige wending was dat die firma wat aanvanklik met die versending van die gips- en marmerpanele belas was, 'n veels te lae beraming van uitgawes ingedien het. Die finansiële toestande in Italië was benard en onseker en daarom kon geen langtermynkontrakte vir werk aangegaan word nie.[120)] Die oorname van sekere Italiaanse marmergroewe deur werkersgroepe wat dit op kommunistiese wyse beheer het en 'n ernstige tekort aan elektriese krag weens 'n droogte, was verder vir vertragings aan die werk aan die historiese fries verantwoordelik.[121)]

Die S.V.K. het die Departement van Binnelandse Sake gevra om die Departement van Buitelandse Sake te versoek om deur middel van die Suid-Afrikaanse gesantskap in Italië pogings aan te wend om die werk in verband met die voltooiing van die fries te bespoedig. Die gevoel was dat as die Suid-Afrikaanse gesantskap in Italië hom voortdurend vir hierdie saak sou interesseer, daar baie vinnig gevorder kon word. Aangesien die Suid-Afrikaanse Regering so 'n groot en regstreekse belang by die Voortrekkermonument gehad het, was die gesantskap in Italië die aangewese instansie om hierdie belange te behartig. Die Italiaanse gesantskap in Suid-Afrika het die werk in Italië as iets rakende die prestige van Italië beskou. Om hierdie rede was vertoë deur die Suid-Afrikaanse gesantskap in Italië besonder suksesvol.[122)]

Mnr. Moerdyk was bekommerd en het die stakende werkers by die marmergroewe besoek en hulle in sy beste Italiaans meegedeel dat hulle nou die marmer het maar dit nie kan eet nie. Om kos in die hande te kry, moes hulle die marmer verkoop, en hulle kon dit vir geen beter doel verkoop as vir 'n groot monument ter ere van die Boere nie. Die noem van die naam, wat hulle

---

119) <u>Die Volksblad</u>, 25.11.1949, p. 3.
120) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 4.5.1948.
121) <u>Die Volksblad</u>, 12.4.1949.
122) S.V.K., M 3/2, Brief: Sekr. van Binnelandse Sake aan Sekr. van Buitelandse Sake, 31.8.1948.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uit die geskiedenis geken het, het 'n besondere gunstige uitwerking op die werkers gehad. Hulle het onderneem om so spoedig moontlik aan die werk te spring om die nege oorblywende marmerstukke, waarvan vier nog in die berg uitgekap moes word, beskikbaar te stel.[123)]

In Desember 1947 het Hennie Potgieter en Laurika Postma na Italië vertrek om as beeldhouers oor die kapwerk van die uitstekende Italiaanse vakmanne toesig te gaan hou sodat geen onafrikaanse elemente in die werk insluip nie. Met punteermasjiene is elke afmeting van die gipsmodelle op die marmer oorgedra. Aan die begin kon die kunstenaars en vakmanne mekaar nie verstaan nie en het prof. Romanelli, wat Engels magtig was, getolk. Gou egter het mnr. Potgieter en mej. Postma hulself in Italiaans kon help.[124)] Hulle verblyf in Italië was vir hierdie twee Suid-Afrikaners 'n verrykende studietyd, veral ook omdat hulle die voorreg gehad het om met verskeie lande se vooraanstaande beeldhouers kennis te maak.[125)]

Die laaste stuk marmer is twee jaar na die bepaalde tyd eers afgelewer, met die gevolg dat agt panele van die historiese fries by die inwysingsfees nie gereed en op hulle plekke was nie.[126)] Vierhonderd ton wit marmer is vir die historiese fries uit die marmergroewe gehaal en die voltooide fries het sowat tweehonderd ton geweeg.[127)] Die marmerblok waarop die „Slag van Kapain" uitgebeitel is, is die grootste enkele marmerblok wat in die afgelope eeu gekap is. Dit is so groot dat vyf skepe agtereenvolgens geweier het om dit te vervoer.[128)] Net een fries was groter as hierdie historiese fries, naamlik die een wat die geveg tussen die Reuse en die Gode voorstel op die altaar van Zeus in Pergamos. Die bestaan egter nie meer nie, net oorblyfsels daarvan word in die Berlynse Museum bewaar. Hierdie fries was 320 voet lank en 8 voet hoog, terwyl die fries in die Voortrekkermonument 302 voet lank en 7 voet 6 duim hoog is.[129)]

Een van die historiese panele, "Die Dood van Dingaan", wat buite die Monument gestaan het voordat dit ingebou is, het omgeval

---

123) Die Volksblad, 12.4.1949.
124) Die Byvoegsel tot die Volksblad, 12.12.1949, p. 8.
125) Lantern, Junie 1951, pp. 197-198.
126) Die Volkstem, 16.12.1949, p. 25.
127) Die Volksblad, 25.11.1949, p. 3.
128) Die Transvaler, 5.1.1949.
129) Amptelike Gids, op. cit., p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en gebreek. Die panele was nie teen sodanige gebeurlikhede verseker nie, maar gelukkig kon die paneel herstel word.[130] Ook die panele wat met die „Porto Rosa" uit Italië aangekom het, was in ŉ gehawende toestand, maar die assuransiemaatskappy het geweier om uit te betaal, aangesien die skip self onbeskadig was.[131]

Vir die inbouing van die panele het mnr. Moerdyk die dienste van mnr. Pretorius van die firma Du Plessis gekry. Die firma F.A. Poole was met masjinerie behulpsaam.[132]

Prof. Romanelli het nie stappe gedoen om hom te dek teen ŉ vermindering van die Suid-Afrikaanse geldwaarde nie. Die S.V.K. het dus geen verpligting teenoor hom gehad nie en daar is ook geen versekering gegee dat hy dollars kon trek teen die koers van 4.03 dollars per pond, soos dit voor devaluasie was nie terwyl die koers na devaluasie 2.80 dollars was. Die Tesourie het as ŉ saak van algemene beginsel ook nie simpatiek gestaan teenoor ŉ moontlike <u>ex gratia</u>-toekenning aan prof. Romanelli nie.[133]

Prof. Romanelli was hieroor baie ontevrede en het onder andere die volgende aan die S.V.K. geskryf (spelling onveranderd) „..... and morally I must be wery surprised that you, belonging all to the National party of Dr. Malan will take advantage of a British law of devaluation of the pound in the singular case of a poor artist who has worked with all his "Conn-e- foi" for a patriotic exaltation of warriors who were deceived by the British".[134]

ŉ Beroep is op die Regering gedoen om tegemoetkomend teenoor prof. Romanelli te wees, want hy moes geld leen om die marmerwerk te voltooi en het, ondanks die geskil oor die geld, die laaste marmerpanele aangestuur.[135] Die Regering het hierdie versoek toegestaan en die bykomstige bedrag aan prof. Romanelli uitbetaal.[136]

Aan prof. Romanelli is ook ŉ medalje tydens die inwyding van die Monument gestuur vir sy aandeel daaraan.[137] In ŉ onderhoud het prof. Romanelli gesê : „Volgens foto's en planne van die

---

130) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 21.4.1949 en 29.4.1949.
131) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 5.12.1949.
132) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 13.5.1949.
133) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 2.8.1950.
134) S.V.K., M 3/4, Brief: Prof. Romanelli aan S.V.K.(Ongedateerd)
135) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 21.8.1950.
136) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 22.10.1951.
137) S.V.K., M 3/4, Brief: Ere-sekr., S.V.K. aan prof. Romanelli 6.7.1950.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voortrekkermonument wat ek gesien het, beskou ek dit uit ŉ artistieke oogpunt as ŉ baie belangrike monument. Dit is ŉ skepping van eersterangse gehalte."[138)]

Die totale koste verbonde aan die historiese fries was ongeveer R60,000.

Die fries begin by die voordeur wat toegang tot die heldesaal verleen en ontplooi van links na regs. In die geheel is daar sewe en twintig afsonderlike panele wat in ŉ enkele fries saamgevat is. Die panele, in die juiste volgorde, is soos volg:

**Die vertrek uit die ou Kolonie**

Die eerste paneel stel die vertrek uit Kaapland uit die omgewing van Aberdeen en Oudtshoorn voor. Die Trekkers is besig om hulle besittings op die waens te laai terwyl ŉ dogter ook haar besittings begin inpak. Op hierdie paneel kan ook die Voortrekker se huishoudelike benodigdhede, plaasgereedskap en musiekinstrumente gesien word. Deeglike ondersoek vooraf het verseker dat elke voorwerp tot in die fynste besonderhede juis weergegee is. Historiese ondersoeke in medewerking met die Departement van Landbou het aan die lig gebring dat daar tydens die Groot Trek reeds merinoskape in die land was, en vandaar die voorstelling dat ook bokke en skape op die trekpad saamgeneem is. Ook het die osse wat die Trekkers gebruik het, nie gelyk soos die Afrikaneros soos hy later ontwikkel het en vandag bekend is nie.[139)]

**ŉ Bybel word oorhandig**

Hierdie paneel stel die geskiedkundige oorhandiging van ŉ Bybel namens die inwoners van Grahamstad aan Jacobus Uys voor. Die Bybel is aan hom oorhandig as ŉ blyk van waardering vir die dienste wat hy aan die gemeenskap gelewer het. Thomas Phillips, ŉ Vrederegter, het die oorhandiging namens die Britse Setlaars waargeneem.[140)] ŉ Portret van Phillips is van sy agterkleinseun, regter Newton Thompson, verkry.[141)] Omdat die Bybel die lig was wat die Voortrekkerpad helder verlig het, is aan hierdie paneel ŉ prominente plek gegee.[142)]

138) Die Volksblad, 25.11.1949, p. 3.
139) Amptelike Gids, op. cit., p. 46.
140) Ibid., p. 46.
141) Die Huisgenoot, 25.11.1949, p. 17.
142) Amptelike Gids, op. cit., p. 46.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Louis Trichardt**

Hierop kom Louis Trichardt voor gedurende sy verblyf met sy geselskap in Soutpansberg, voordat hulle met die noodlottige reis na Delagoabaai begin het. Die klem word veral op twee aspekte gelê, naamlik die versorging van die materiële bestaan deur handel met Portugese handelaars, en die voorsiening in hulle geestelike voortbestaan deur die bou van die eerste skool in Transvaal.[143)]

**Trichardt bereik Lourenço Marques**

Trichardt se aankoms in Lourenço Marques na 'n moeitevolle trek van byna agt maande uit Soutpansberg word hier uitgebeeld. Trichardt oorhandig sy geweer aan die distriksgoewerneur, kaptein Antonio Gamitto, terwyl Trichardt se vrou, siek aan koors, deur die kaptein se vrou bygestaan word. Dit illustreer treffend die goeie verhouding tussen die Trekkers en die Portugese. Die Trichardtfiguur is volgens 'n bestaande tekening van Trichardt gemaak,[144)] terwyl Madame de Ferreira de Foncheca, eggenote van die destydse Portugese gesant in Pretoria, die Portugese vrou voorstel.[145)]

**Die Slag by Vegkop**

Hierdie Slag wat op 16 Oktober 1836 plaasgevind het, was die eerste groot geveg waarby die Voortrekkers betrokke was en ook die geleentheid toe die militêre waarde van die laer vir die eerste keer bewys is. Die aanval van duisende Matabeles op die trekgeselskap van Potgieter is afgeslaan - ook danksy die aktiewe rol van die vroue. Meestal het afstammelinge van Voortrekkers en 'n hele paar agterkleinkinders van Hendrik Potgieter vir die Trekkerfigure op die paneel geposeer. Paul Kruger het as elfjarige seun aan die Slag deelgeneem en word in die middel van die tafereel deur een van sy agterkleinkinders voorgestel.[146)]

**Inswering van Piet Retief**

Die Voortrekkers wou onder 'n gevestigde bestuur leef en daarom het hulle telkens wanneer die behoefte daar was, 'n bestuur

143) <u>Ibid</u>., p. 46.
144) <u>Ibid</u>., p. 46.
145) <u>Die Huisgenoot</u>, 25.11.1949, p. 17.
146) Amptelike Gids, <u>op. cit</u>., p. 47.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



saamgestel. Kort na Retief se aankoms is hy gekies tot „Gouverneur en Opperhoofd" van die verenigde laers. Sy beëdiging as sodanig het op 11 Junie 1837 aan die Vetrivier plaasgevind en is deur eerwaarde Erasmus Smit waargeneem. Eerwaarde Smit is uitgebeeld volgens ꞌn bestaande foto, terwyl die ander figure volgens nakomelinge van die Voortrekkers gemodelleer is.[147)]

**Slae by Mosega en by Kapain**

Hoewel die Matabele by Vegkop verslaan is, het hulle al die lewende hawe van die laer af weggeneem. Twee strafekspedisies is in Januarie en in November 1837 deur Potgieter en ander Trekkerleiers teen Silkaats onderneem. Die eerste botsing was by Mosega en die tweede, die Kapainslag, het feitlik sonder onderbreking nege dae lank oor ꞌn uitgestrekte terrein in Wes-Transvaal aangehou. Hierdie slae is die tema wat op die tafereel uitgebeeld word. Die merkwaardige van die paneel is dat dit ꞌn voorstelling gee van die enigste geveg wat ooit tussen ꞌn man te perd en ꞌn man op ꞌn os plaasgevind het. Die Matabele het naamlik op osse aangestorm, maar was nie teen die Voortrekkers se vuurwapens bestand nie.[148)]

**Moroka**

Na die Slag van Vegkop het die Barolong-opperhoof, Moroka, Potgieter en sy mense gehelp om by Thaba 'Nchu te kom. Potgieter en sy mense het hierdie weldaad onthou en altyd geskenke aan Moroka gestuur. Hierdie paneel stel Potgieter voor waar hy by Thaba 'Nchu met Moroka onderhandel. Die episode beklemtoon die vreedsame bedoelinge van die Trekkers. Die paneel is ook van belang omdat hier ꞌn hond afgebeeld word, terwyl in al die geskrifte van die Voortrekkers by slegs twee geleenthede van ꞌn hond melding gemaak word. Van geen bekende hondsoort kon as model gebruik gemaak word nie en daarom is ꞌn spesiale hond uit ꞌn kruis tussen ꞌn waghond (Dobermann-Pinscher) en ꞌn jaghond (windhond) geteel.[149)] Die resultaat was ꞌn dier wat ꞌn waghond was en ꞌn rietbok sou kon vang, sonder dat dit ꞌn bekende hondsoort is.[150)]

---

147) <u>Ibid</u>., p. 47.
148) <u>Ibid</u>., pp. 47 - 48.
149) <u>Ibid</u>., p. 48.
150) <u>Die Huisgenoot</u>, 25.11.1949, p. 122.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Blÿdevooruitzicht**

Na Retief se eerste besoek aan Dingaan het hy van die Tugelarivier af boodskappers met die berig teruggestuur dat Dingaan tot ʼn voorwaardelike afstand van grond toegestem het en dat die Trekkers kan begin om oor die berge Natal in te trek. Na aanleiding hiervan skryf Erasmus Smit op 11 November, 1837 soos volg in sy dagboek : „Ik ontving heden, nog op mÿn bezoekreis in de schone vallei sÿnde, de brief des Gouverneurs van mevr. Retief; en noemde nu deze vallei, na de brief gelezen te hebben, Blÿdevooruitzicht".[151)]

**Debora Retief verf haar vader se naam op ʼn rots**

ʼn Dag nadat die goeie berig ontvang is, waarop die vorige paneel betrekking het (dit wil sê 12 November) was dit Retief se verjaarsdag. Sy mense was toe by Kerkenberg gelaer en op daardie dag het sy dogter, Debora haar vader se naam in groen olieverf teen ʼn oorhangende rots geskilder. Op die paneel verskyn ʼn presiese weergawe van die naam soos dit sedertdien nog altyd op die rots behoue gebly het.[152)]

**Die Oortog oor die Drakensberge**

Die landskap op die paneel is ʼn weergawe van die natuur by Oliviershoekpas, een van die plekke waar die Voortrekkers die Drakensberge af is. Waens se agterwiele is verwyder en boomtakke onder die waens gebind om die oortog te vergemaklik en te beveilig. Op hierdie manier is, hoewel op verskillende plekke, binne die tydsbestek van slegs ʼn paar weke min of meer ʼn duisend waens oor die Drakensberge gebring. Beslis ʼn besondere prestasie.[153)]

**Ondertekening van die Traktaat deur Retief en Dingaan**

Op die ondertekening van die traktaat word besonder klem gelê omdat twyfel by geleentheid al oor die bestaan daarvan uitgespreek is. Op die paneel word die handeling so realisties moontlik voorgestel deur onder andere die tafel van die sendeling, Owen, die stoel van Dingaan wat in een stuk uit ʼn boomstam gesny is, en die werklike leertas van Retief waarin die traktaat by sy geraamte

151) Amptelike Gids, op. cit., p. 48.
152) Ibid., p. 48.
153) Ibid., p. 49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevind is, uit te beeld. Rondom Retief staan van sy manskappe met sy eie seun op die voorgrond, terwyl Dingaan se indoenas almal in 'n sittende posisie is, omdat hulle volgens stamgebruike nooit hoër as die koning mag wees nie. 'n Jong Zoeloe met gekomde hande dien as Dingaan se spoegbakkie.[154)]

**Die Moord op Retief**

Op die voorgrond word die moord op Retief en sy sewentig manne voorgestel. In die agtergrond kan Dingaan se stat gesien word. Op 'n klipkoppie, 'n driekwart myl van die stat is Retief en sy makkers met klippe en stokke doodgemaak omdat die gebruik van assegaaie in Dingaan se kraal verbied was. Retief is gespaar tot die laaste sodat hy die marteldood van sy seun, vriende en bediendes kon aanskou. Op die paneel word Retief regop en fier, sonder vrees voorgestel - wat die oorwinning van die blanke beskawing oor die barbarisme simboliseer.[155)] Daar was ook versoeke dat die nie-blanke agterryers van Piet Retief wat saam met die Voortrekkergeselskap vermoor is, gepas gedenk word. 'n Plaatjie by die betrokke paneel in die Voortrekkermonument aangebring, het egter reeds van die vermoorde agterryers melding gemaak.

**Die Moord by Bloukrans**

Hier word een van die mees barbaarse moordtonele voorgestel. Die Zoeloes het die laer aangeval en feitlik heeltemal uitgemoor. 'n Stemming van bloeddronkenheid by die Zoeloes kan in die paneel aangevoel word.[156)] Kritiek is al dikwels uitgespreek omdat hierdie voorval uitgebeeld word, maar die uiterste versigtigheid is aan die dag gelê om geen aktuele gruwelikhede voor te stel nie en die Zoeloe word, hoewel as teenstander, as 'n waardige mens uitgebeeld. Maar in 'n dramatiese gegewe moet die skuld vasgestel word - in hierdie geval die skuld van die Zoeloe. As dit nie prominent onder die aandag gebring word nie, hoe kan Bloedrivier geregverdig word? Was Bloedrivier maar net 'n moord op onskuldige Zoeloes?[157)]

154) Ibid., p. 49.
155) Ibid., pp. 49-50.
156) Ibid., p.50.
157) Die Huisgenoot, 25.11.1949, p. 122.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Die dapper daad van 'n vrou**

Thérèsa Viglione, die vrou van 'n Italiaanse negosiehandelaar, wat net buitekant die Bloukranslaer gekampeer het, het, toe sy die Moord by Bloukrans gewaar, op 'n perd gespring en al die Trekkers langs die Boesmansrivier tot by die laer van Gerrit Maritz gewaarsku. Hierdie Trekkers was dus op hulle hoede en in staat om hulle te verdedig. So het Theresa Viglione die lewens van baie mans, vroue en kinders gered.[158)]

**Dirkie Uys**

Hierdie paneel bring hulde aan een van die kinderhelde van die Groot Trek. Toe Dirkie sy vader, Piet Uys, op die grond neergeval sien lê, het hy dadelik met sy perd aangejaag gekom, afgespring en nog twee Zoeloes neergeskiet voordat ook hy om die lewe gebring is. Die paneel het betrekking op die mislukte Slag van Italeni op 10 April 1838, waar die heldedaad plaasgevind het.[159)]

**Marthinus Oosthuizen**

Die jeugdige Marthinus Oosthuizen het die hele Van Rensburg-groep van 'n gewisse dood gered, deurdat hy so hard hy kon deur die digte massa Zoeloes na 'n wa vol ammunisie gejaag het. Daarna het hy weer met 'n sak kruit en koeëls tussen die Zoeloes deur gejaag, terug na die koppie naby die Boesmansrivier waarop die Van Rensburgs in 'n wanhopige toestand verkeer het nadat hulle daarop vasgekeer is en hulle ammunisievoorraad byna uitgeput was.[160]

**Liewer kaalvoet oor Drakensberg**

In hierdie paneel word die vrou van die Groot Trek gehuldig. Sy het haar man getrou bygestaan en in krisismomente met haar morele krag ondersteun. Die voorstelling het betrekking op die geleentheid toe ongeveer 400 vroue die Britse verteenwoordiger, Hendrik Cloete, in die landdroskantoor op Pietermaritzburg ontmoet het om hulle griewe aan hom voor te lê. Dit was by hierdie geleentheid dat Susanna Smit, eggenote van Erasmus Smit, en suster van Gerrit Maritz, aan Cloete gesê het : „Ons is bereid om kaal-

---

158) Amptelike Gids, op. cit., p. 50.
159) Ibid., p. 50.
160) Ibid., p. 50.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voet oor die berge te gaan, die vryheid of die dood tegemoet, liewer dan te buk onder 'n regering wat ons behandel het soos die Britse regering." [161)]

**Die Aankoms van Andries Pretorius**

Na die dood van Retief en Uys het die keuse van 'n leier op Pretorius geval en hy het dadelik aan die oproep gehoor gegee. Sy aankoms op 22 November 1838 by die laers aan die Klein-Tugela word op hierdie paneel uitgebeeld. Dit was 'n groot geleentheid vir die hele Trekkergemeenskap. Twee Voortrekkerkinders vergaap hulle aan die deftige heer wat soos 'n egte dragonder „gesabeld en gepistoold" by die Trekkers aangekom het.[162)]

**Die Gelofte**

Hierdie paneel het betrekking op die gebeurtenis van 9 Desember 1838 aan die Blyderivier. Sarel Cilliers staan op ou Grietjie, die kanon, en herhaal die Gelofte dat as die Here hulle die oorwinning sou gee, hulle die dag vir altyd as 'n Sabbat sou herdenk en 'n tempel tot eer van God sou bou. Byna sonder uitsondering het nakomelinge van die Voortrekkers as kunstenaarsmodelle gedien.[163)]

**Die Slag van Bloedrivier**

Die Slag van Bloedrivier word op die moment uitgebeeld toe Andries Pretorius en sy kommando uit die laer gestorm het om die Zoeloes te agtervolg. Hoewel meer as honderd jaar gelede, was dit toe reeds deel van die militêre tegniek om in slagorde aan te val en dit is as skande beskou om uit die ry te wyk. Die erkende Boeretegniek word hier gebruik om 'n simboliese voorstelling te gee van die stryd tussen orde en barbarisme.[164)]

**Die bou van die Voortrekkerkerkie**

Hier word die Gelofte nagekom na die oorwinning oor die barbare by die Slag van Bloedrivier, deur 'n kerkie op Pietermaritzburg te bou.[165)]

---

161) Ibid., p. 51.
162) Ibid., p. 51.
163) Ibid., p. 51.
164) Ibid., p. 51.
165) Ibid., p. 51-52.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Saailaer**

Hierdie paneel gee ŉ voorstelling van ŉ feitlik heeltemal weerlose vrouelaer naby die huidige Estcourt, terwyl die mans met krygsdiens in die veld was. Gedurende hulle afwesigheid het die vroue die grond bewerk en koring gesaai - vandaar die naam Saailaer. Die vroue is deur die Zoeloes aangeval. Gelukkig was die Boesmanrivier vol en moes die Zoeloes ŉ kettingbrug vorm deur aan mekaar se hande vas te hou om deur te kom. Die vroue het op ŉ heuweltjie daar naby stelling ingeneem en telkens een van die lewende skakels doodgeskiet, met die gevolg dat die Zoeloes in die stroom in afgedryf het. Om die rede het die aanval nie geslaag nie. Die paneel is gemaak na ŉ skets van die omgewing waar die voorval plaasgevind het.[166)]

**Panda**

Na die vlug van Dingaan het die Voortrekkers Panda in sy plek as koning van die Zoeloes aangestel. Dit was moeilik om te besluit hoe so iets presies plaasgevind het. Na langdurige ondervraging deur ŉ deskundige, ŉ seun van ŉ sendeling, wat sy lewe lank in Zoeloeland gewoon het, is tot die gevolgtrekking gekom dat Panda op ŉ klipverhoog gestaan het met Pretorius langs hom. By Pretorius staan sy mense wat met hulle hoede in die lug waai. Teenoor hulle staan die soldate van Panda wat die saluut gee : „Bayete!" [167)]

**Dingaan se dood**

Na sy noodlottige neerlaag het Dingaan in die rigting van Swaziland gevlug. Toe hy en ŉ paar van sy vroue een oggend verder wou gaan, het die Swazi's hom aangeval en met assegaaie doodgesteek. Opvallend in die voorstelling is dat die naturel nooit as ŉ minderwaardige wese voorgestel word nie, maar oral as ŉ waardige teenstander met, sover dit die fisieke voorstelling betref, ŉ uiters welgevormde liggaamsbou.[168)]

---

166) <u>Ibid</u>., p. 52.
167) <u>Ibid</u>., p. 52.
168) <u>Ibid</u>., p. 52.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Terug na die Vrystaat en Transvaal**

Na die anneksasie van Natal deur Engeland, het baie van die Voortrekkers besluit om terug oor die Drakensberge te trek om iewers in die binneland die vryheid te soek wat in Natal nie te vinde was nie. Die paneel dui hierdie terugtog aan met Mont-aux-Sources in die agtergrond. Die waens is swaar gelaai en lang spanne osse is nodig om hulle die steiltes uit te trek.[169)]

**Die Sandrivierkonvensie**

Hierdie paneel is ŉ gepaste afsluiting van die Voortrekker-geskiedenis. Na baie ontberings en sware beproewinge is die ideaal van die Trek uiteindelik op 17 Januarie 1852 aan die Sand-rivier verwesenlik; Engeland erken die Republiek waarin die Groot Trek sy logiese afsluiting vind. Op die paneel word die Sandrivierkonvensie deur W.S. Hogge en C.M. Owen, in hul hoedanigheid as assistent-kommissarisse namens Engeland, en Andries Pretorius namens die Republiek onderteken. Die Voortrekker-ideaal is verwesenlik en die historiese fries sluit met hierdie slot-toneel op ŉ jubeltoon af.[170)]

Wat dadelik in die hele fries opval, is die ritmiese komposisie van deurgaans ineenvloeiende lyne en vlakke. ŉ Ander algemene trek is die lugtige losheid van vorme. Daar is geen onhandige opeenhoping van elemente nie. Ook die aksietonele is nie wild voorgestel nie, maar meer in getemperde lig. Nietemin ontbreek dit hier geensins aan beweeglikheid nie. Van oordrewe romantiek en melodrama is in die frieswerk feitlik geen sprake nie

Dit is nie net geskiedenis nie, want dit is meer as dit : dit is ŉ brok historiese werklikheid in blywende aanskoulikheid omvorm en tot nuwe eie lewe vergestalt. Die panele getuig in stilte vir hulle self.[171)]

Die oorspronklike gipsmodelle van die panele in die heldesaal word gerestoureer en sal op rakke teen die muur van die ou Museumsaal uitgestal word waar die tapisseriepanele vroeër was.[172]

---

169) Ibid., p. 53.
170) <u>Ibid</u>., p. 53.
171) <u>Die Brandwag</u>, 2.12.1949, p. 19.
172) B.R.V.M., Notule, 13.5.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5. FINANSIES

Die oprigting van die Voortrekkermonument was die grootste geleentheid in die geskiedenis van ons volk om aan sy eie grondleggers hulde te bring en daarmee 'n kragbron vir homself en sy nageslag te skep wat, menslik gesproke, ewigdurend sal wees. Die huidige geslag is daarmee voor 'n toets gestel : of hy homself die grootse geleentheid waardig sou toon, of hy daardie voorgeslag waardig is, of die nakomelinge met trots of met geringskatting sal terugkyk op diegene wat die unieke kans gehad het om 'n eerbewys op te rig vir die Voortrekkers. Hoe hierdie geslag die toets deurstaan het, blyk nie slegs uit die voltooide Voortrekkermonument nie, maar ook uit die morele en finansiële steun wat hulle aan die onderneming gegee het. Hier gaan dit veral oor die finansiële aspek.

### (a) FINANSIËLE KOMITEE

Aangesien die S.V.K. sulke groot somme geld sou hanteer, was dit wenslik om 'n uitgebreide finansiële komitee te hê. Hierdie komitee het bestaan uit adv. E.G. Jansen, mev. S. Broers, prof. C. van Riet-Lowe en mnre. I.M. Lombard en J.J. Scheepers.[1] Mnr. Scheepers is na sy bedanking as sekretaris, deur mnr. M.C. Botha, as nuwe sekretaris opgevolg.

Hierdie komitee het onder andere 'n skema opgestel wat duidelik aangetoon het hoe te werk gegaan moes word om geld in te samel. Verder is besluite geneem oor finansiële sake wat deur die S.V.K. goedgekeur moes word.

### (b) OPRIGTINGSKOSTE VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT

Die S.V.K. het aanvanklik 'n veel meer beskeie monument beoog as die een wat later opgerig is. Die gedagte was dat ongeveer R250,000 daaraan bestee sou word,[2] maar toe die Regering kort daarna deelgenoot van die onderneming geword het, is, na bespreking met die destydse Eerste Minister, generaal Hertzog, ooreengekom dat 'n monument gebou moes word waardiger aan die grootste verlede wat daardeur herdenk wou word.[3] Die ontwerp is

1) S.V.K., Notule, 7.4.1936.
2) Die Transvaler, 27.8.1947.
3) Verslae van Gekose Komitee oor Openbare Rekenings, Mei 1947 (Skriftelike verklaring van dr. J.E. Holloway aan Gekose Komitee), pp. 2 - 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tot 'n baie groter skaal vergroot en die afmetings is minstens verdubbel. Daar is ook besluit dat die monument in graniet gebou sou word in plaas van sandsteen wat minder duursaam is. Dit het die koste aansienlik verhoog.[4)]

In 1938 was die geraamde koste R434,000 op grond van 'n tender van Cosani ten bedrae van R319,000 vir die hoofgebou as nie-blanke arbeid gebruik sou word. Die bedrag sou tot R350,000 styg indien blanke arbeid gebruik sou word, maar die Departement van Arbeid sou die verskil betaal. Die restant (R434,000 - R319,000 = R115,000) was vir bykomende werk. Weens die oorlog met Italië, wat Cosani se verband met Italiaanse firmas vir die verkryging van noodsaaklike masjinerie, ens. verbreek het, en ander redes, kon Cosani nie sy kontrak uitvoer nie. Die koste wat aangegaan is totdat die firma die kontrak prysgegee het, was R70,394 ten opsigte van die hoofgebou en bykomende werk.[5)]

Nuwe tenders is gevolglik vir die oorblywende gedeelte van die hoofgebou gevra en die van Du Plessisbroers is aanvaar teen R368,000 vir blanke arbied. As gevolg van hierdie hoër syfer vir 'n deel van die hoofgebou het die beraamde koste in 1941 tot R540,394 gestyg. Die verhoging was geheel en al te wyte aan die onvermoë van Cosani om sy kontrak uit te voer en die hoër kontrakprys wat onder oorlogsomstandighede ingevolge die nuwe kontrak betaal moes word. Trouens, nieteenstaande die oorlog en verhoging in pryse, is die kontrak binne die oorspronklike getenderde bedrag deur die firma Du Plessis uitgevoer.[6)]

Daar was nog nie beeldhouwerk by die kontrak ingesluit nie. Dit was hoofsaaklik werk wat eers gedoen sou kon word nadat die hoofgebou voltooi was. Die belangrikste items was die historiese fries wat in die heldesaal aangebring sou word en wat die geskiedenis van die Voortrek sou voorstel, en die vier groot Voortrekkerfigure wat die hoeke van die gebou sou uitmaak.[7)]

In die oorspronklike kosteberekening van die Voortrekkermonument is R20,000 vir die historiese fries in marmer opsy gesit.

---

4) <u>Die Vaderland</u>, 27.8.1947.
5) <u>Verslae van Gekose</u> Komitee oor Openbare Rekenings, Mei 1947. (Skriftelike verklaring van dr. J.E. Holloway aan Gekose Komitee.), pp. 2-4.
6) <u>Ibid</u>.
7) <u>Ibid</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die koste het egter weens die inflasie in Italië ontsaglik gestyg. Ook was die koste hoër omdat die vergroting van die sketsmodelle wat onder normale omstandighede deur Italiaanse vaklui gedoen sou word, nou deur Suid-Afrikaanse kunstenaars gedoen is. Die voordeel is egter dat die werk nou 'n definitiewer Afrikaanse karakter dra as wat anders die geval sou wees.[8)] Die uiteindelike koste van die historiese fries was R60,000.[9)]

Melding moet ook gemaak word van nog 'n verhoging in uitgawes. In die oorspronklike plan sou die mure van die heldesaal gepleister word. Met die voltooiing van die hoofgebou het dit egter duidelik geword dat dit baie ongunstig sou vertoon teenoor die res van die saal. Vertoë is gevolglik deur die S.V.K. tot die Regering gerig om R30,000 beskikbaar te stel om die mure met Suid-Afrikaanse marmer af te werk. Nadat die Eerste Minister, genl. J.C. Smuts, persoonlik die Monument besigtig het, is hierdie uitgawe goedgekeur.[10)]

In die begroting van die Sentrale Regering van uitgawes en inkomste vir die boekjaar, 1946-47, het 'n aantekening verskyn dat die totale koste van die Monument op R600,000 geskat word, maar kort daarna het die Sekretaris van Binnelandse Sake die S.V.K. in kennis gestel dat die raming tot R652,394 vermeerder is.[11)]

Op 21 November 1952 kon die Sekretaris van die S.V.K. rapporteer dat al die werk aan die Voortrekkermonument waarvoor die S.V.K. verantwoordelikheid gedra het, afgehandel was.[12)]

Die totale boukoste volgens opgawes van die argitek en die Departement van Binnelandse Sake was soos volg :-

| | |
|---|---|
| Totaal vir werk aan Monument- | R 688,834.98 |
| Argiteksgelde ............... | R 30,367.56 |
| Totale van Monument se koste | R 719,202.54 |

8) S.V.K., M.3/2, Memorandum i.v.m. Historiese Fries.
9) <u>Die Volkstem</u>, 29.7.1947.
10) Verslae van Gekose Komitee oor Openbare Rekenings, Mei 1947, <u>op. cit</u>.
11) E.G.J., F.111.8.e(d), Aantekening <u>en</u> <u>Die Volkstem</u>,29.7.1947.
12) S.V.K., Notule, 21.11.1952.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van hierdie bedrag het die Staat R676,108.44 betaal. Die bedrag wat die S.V.K. uit sy eie fondse betaal het, was dus R43,094.10.[13)]

**(c) INKOMSTEBRONNE**

**(i) Regeringsteun**

Die S.V.K. het vroeg in sy bestaan tot die oortuiging gekom dat dit nie maklik sou gaan om met vrywillige bydraes van die Afrikaanse gemeenskap voldoende fondse te verkry om ŉ werklike grootse huldeblyk aan die Vootrekkers op te rig nie.[14)] Dit is aan dr. F.V. Engelenburg, adv. E.G. Jansen, mnr. I.M. Lombard en mev. M. Horak (op versoek van mev. S. Broers) opgedra om die Eerste Minister met die versoek te nader dat die Regering tot die fonds vir die volksmonument ter ere van die Voortrekkers moes bydra.[15)]

Voor die onderhoud met die toenmalige Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog, gereël was, het die Eerste Minister adv. Jansen ontbied en hom meegedeel dat die Regering van voorneme is om Dingaansdag 1938 op ŉ grootse nasionale wyse te vier, en om tegelykertyd en ter herinnering aan die groot nasionale gebeurtenis van 100 jaar gelede, ŉ gedenkteken op te rig. Verder wou die Eerste Minister weet vir hoe ver die S.V.K. gereed sou wees om met die Regering saam te werk. Die Eerste Minister is daarop meegedeel dat ŉ afvaardiging benoem is om hom te ontmoet.[16)]

Op 28 Augustus 1935 het dr. Engelenburg, adv. Jansen en mnr. Lombard die Eerste Minister en min. N.C. Havenga ontmoet. Mev. Horak kon weens siekte nie teenwoordig wees nie. Die Eerste Minister het weer die plan van die Regering verduidelik. Die afvaardiging het die besluit van die Regering verwelkom en het daar nie aan getwyfel dat die S.V.K. sou saam werk. Die basis van samewerking sou egter deur die S.V.K. goedgekeur moes word. Die afvaardiging is hierop na die Minister van Binnelandse Sake verwys om die saak verder te bespreek en op besonderhede in te gaan. Minister J.H. Hofmeyr was egter afwesig en adv. Jansen het hom op 3 September 1935 ontmoet. Op 8 Desember het hulle

13) <u>Ibid</u>.
14) <u>Fleur</u>, 4.12.1949, p. 15.
15) B.H.J.v.R., Brief: E.G. Jansen aan J.J. Scheepers, 8.9.1935.
16) <u>Ibid</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



weer ontmoet en is 'n memorandum as grondslag vir bespreking deur die Minister aan adv. Jansen oorhandig.[17]

Kort hierna is die memorandum van die Regering aan 'n volle vergadering van die S.V.K. voorgelê. Dit het onder andere soos volg gelui: „Die Regering onderneem die verantwoordelikheid vir die viering van die Dingaansdag-Eeufees op 'n grootse nasionale wyse wat ons land en volk waardig sal wees en in verband daarmee vir die oprigting van 'n gedenkteken waardeur die volk as geheel en die nageslag, afgesien van seksionele of party-verdeeldheid, met 'n gevoel van Nasionale trots besiel sal word." Hierdie inleidende paragraaf het besonder veel bespreking uitgelok.[18]

Verder sou die Regering sewe lede van die S.V.K. benoem en is aan die hand gedoen dat nog lede as verteenwoordigers van openbare liggame deur die S.V.K. in oorleg met die Minister van Binnelandse Sake benoem word. Die nuwe, uitgebreide S.V.K. sou dan die vorm en plek van die monument bekragtig. Die Regering sou op die £-vir-£-grondslag tot die fondse vir die oprigting bydra.[19]

Die Regering wou dus die eindbeslissing in al die vernaamste sake hê, en dit kon nie bra gebeur nie, want twee soorte fondse het bestaan, naamlik dié deur die publiek bygedra en dié deur die Regering bewillig. By die aanvaarding van die voorstelle van die Regering het die S.V.K. dit dus baie duidelik gestel dat die lede van die Komitee te enigertyd, as daar onverhoop, 'n eis aan hulle sou gestel word, of stappe in verband met die Monument gedoen word waarmee hulle hul nie kon versoen nie, die reg sou hê om hulle aan die samewerking te onttrek, hulself opnuut te konstitueer as 'n komitee, en die bedrag wat anders dan uit die Staatskas bygedra is, uit die totale fonds opnuut in besit te neem.[20] Die voorbehoud van die S.V.K. is deur Minister Hofmeyr namens die Regering aanvaar.[21]

Teen die einde van 1935 is senator A.T. Spies en dr. Gustav Preller dus deur die S.V.K. benoem om genl. J.B.M. Hertzog, destydse Eerste Minister, finaal te gaan spreek oor die wenslik-

---

17) Ibid.
18) S.V.K., Notule, 21.9.1935.
19) Fleur, 4.12.1949, p. 15.
20) S.V.K., Notule, 2.11.1935.
21) S.V.K., Notule, 7.12.1935 en E.G.J., F.111.8.e.(v), Brief: Min. van Binnelandse Sake aan Voors., S.V.K., 21.11.1935

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heid dat die Staat op die £-vir-£-grondslag tot die oprigtingskoste van die Voortrekkermonument bydra. Sommige lede van die S.V.K. kon hulle nie met hierdie gedagte vereenselwig nie, omdat hulle van mening was dat die volk self volle verantwoordelikheid vir die Monument moes aanvaar. Die meerderheid was egter ten gunste van staatshulp.[22)]

Die afgevaardiges het genl. Hertzog sonder verdere versuim gaan spreek. Volgens mededeling wat later in verband met hierdie onderhoud verstrek is, het genl. Hertzog by hierdie geleentheid 'n baie duidelike standpunt ingeneem. In die eerste plek het hy sy opvatting omtrent die beoogde monument ondubbelsinnig weergegee in die woorde : „Ek hoop dat dit nie nog 'n grafsteen gaan word wat hulle dan 'n monument noem nie." Hiermee het hy dit as sy sienswyse verklaar dat die Monument nie net 'n gebou of iets dergeliks moes wees wat ons bloot uit pligsgevoel of om ons gewete te salf, oprig nie. Dit moes iets wees wat 'n weerspieëling is van die ideale en beginsels van ons volk. Dit moes altyd daar staan, nie net ter ere en nagedagtenis van die Trekkers nie, maar ook en veral as bron van voortdurende besieling vir toekomstige geslagte. Genl. Hertzog het getuig dat hy 'n besondere hoë opvatting het van die aard van die betrokke Monument en sy plek in die lewe van ons volk. Ons moes, so het hy verklaar, bereid wees om selfs honderde duisende ponde daarvoor te bewillig.[23)] Na deeglike bespreking van al die voorgestelde planne en die uitvoering daarvan, het genl. Hertzog mnr. N.C. Havenga, destydse Minister van Finansies, na hom ontbied en aan mnr. Havenga gesê: „Tref asseblief dadelik die nodige reëlings vir 'n bydrae op die £-vir-£-basis. As die fondse dan nog nie voldoende sal wees nie, betaal die staat alles wat kortkom." [24)]

Nadat hulle hierdie versekering van die kant van genl. Hertzog ontvang het, kon die S.V.K. met gerustheid met sy planne voortgaan met die wete dat hy nou by magte is om iets op te rig wat die Voortrekkers waardig is.[25)]

Die totale bedrag wat deur die Staat betaal is, was R676,108.44.[26)]

---

22) <u>Fleur</u>, 4.12.1949, p. 15.
23) <u>Die Byvoegsel</u> tot die <u>Volksblad</u>, 12.12.1949, p.11.
24) <u>Fleur</u>, 4.12.1949, p. 15.
25) <u>Die Byvoegsel</u> tot die <u>Volksblad</u>, 12.12.1949, p. 11.
26) S.V.K., Notule, 21.11.1952.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### (ii) Verkoop van Seëls

Toe die S.V.K. in die lewe geroep is, was Suid-Afrika en die res van die wêreld in die wurggreep van 'n depressie, sodat fondsinsameling nie onmiddellik skouspelagtig geword het nie.[27] Gedurende die loop van 1932 het mnr. M.A. Oberholzer van Ladybrand die Komitee se aandag gevestig op die feit dat die uitgee van Voortrekkerposseëls 'n middel sou wees om fondse in te samel en die saak te bevorder.[28] Die uitgee van sodanige seëls sou almal in staat stel om met die koop daarvan iets tot die oprigtingskoste by te dra. Hierdie plan is sonder versuim met die hoofde van die Departement van Pos- en Telegraafwese bespreek en kort daarna in werking gestel. Dit het meer as enige ander vorm van geldinsameling aan die kant van die publiek tot die sterking van die fondse van die Voortrekkermonument bygedra.[29]

#### Die Voortrekkermonument-seëls

Die stel was die eerste posseëls waarmee fondse vir die oprigting van die Voortrekkermonument ingesamel is. Die seëls wat op inisiatief van die S.V.K. uitgegee is, is in 1933 in omloop gebring en op 31 Oktober 1938, voor die verskyning van die Eeufees - en Herdenkingseëls, gestaak.[30]

'n Stel het uit die voltende posseëls bestaan wat elkeen sowel die vereiste portowaarde as 'n monumentfondswaarde gehad het : 1d.-seël (½d. porto + ½d. fonds), 1½d.-seël (1d. porto + ½d. fonds), 3d.-seël (2d. porto + 1d. fonds), 4½d.-seël (3d. porto + 1½d. fonds.)[31]

Hierdie stel posseëls wat om die beurt in Afrikaans en Engels gedruk is, word kortliks hieronder beskryf :

**1d.-seël** Die kleur van hierdie seël is groen en die welbekende Geloftekerk te Pietermaritzburg is daarop afgebeeld.

**1½d.-seël** Die seël is ligrooi van kleur en hierop verskyn 'n afbeelding van 'n kakebeenwa wat met groot inspanning oor 'n gevaarlike rotsagtige berg gaan.

---

27) Die Voortrek (Spesiale byvoegsel tot Die Transvaler) 13.12.1949, p.5
28) Die Huisgenoot, Desember 1938, p. 13.
29) Fleur, 4.12.1949, p. 9.
30) Amptelike Program en Gedenkboek, Pretoria 14-16 Des. 1949, pp. 68-69.
30) Ibid.
31) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**3d.-seël** Die seël is pers en die hoofafbeelding daarop is een van die turende burgerwagte in sittende houding, soos dit ook by die Krugerstandbeeld aangetref word.

**4½d.-seël** Op hierdie blou posseël is ŉ peinsende Voortrekkervroutjie afgebeeld.[32)]

Om propaganda vir die seëls te maak, is omsendbriewe aan alle geaffilieerde verenigings van die F.A.K. gestuur om hulle van die nuwe seëls in kennis te stel. Kultuurdag-- en Dingaansfeessprekers is gevra om die saak herhaaldelik onder die aandag van die publiek te bring. ŉ Groot aantal plakseëls is gedruk en aan persone en vereniginge gestuur met die versoek om dit buite op koeverte te plak om sodoende die seëls te adverteer. Die bestuurder van African Cinemas, Johannesburg, is gevra om die seëls in die bioskope te adverteer.[33)]

Aanvanklik was die houding van die „Philatilist" goedgesind. Die blad se redaksie was skynbaar onder die indruk dat die seëls gedurende 1936 uitgegee sou word. Die redakteur van die blad het ŉ artikel oor die seëls nie geplaas nie, maar die „Philatilist" kon geen kwaad doen nie, want die seëls was amptelike seëls en derhalwe sou enige posseëlversamelaar sy uiterste bes doen om in besit van die seëls te kom. Dit het voorgekom asof die blad bang was dat te veel reklame vir die Voortrekkers gemaak sou word.[34)]

Minister Clarkson en die personeel van die Departement van Pos- en Telegraafwese het alles in hulle vermoë gedoen om die verkoop van die seëls ŉ sukses te maak,[35)] veral ook met die intensiewe seëlkampanje in September 1936 en September 1937.[36)] Die Posmeester-generaal is ook gevra om adjunklid van die S.V.K. te word in soverre dit die Voortrekkerseëls betref.[37)]

In die Oranje-Vrystaat is ŉ spesiale komitee ter bevordering van die verkoop van Voortrekkermonumentseëls gestig,[38)] terwyl die Skakelkomitee van Afrikaanse Verenigings in Kaapstad hom

32) <u>Ibid</u>.
33) S.V.K., Notule, 30.3.1933.
34) S.V.K., Notule, 5.8.1933.
35) S.V.K., Notule, 4.4.1934.
36) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 8.8.1936 <u>en</u> Notule, 26.6.1937.
37) S.V.K., Notule, 24.11.1932.
38) B.H.J.v.R.,Brief: Van Rensburg aan Sekr.,S.V.K.,27.12.1935.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besonder vir die verkoop van die seëls beywer het.[39)]

Daar Suidwes-Afrika sy eie stel van posseëls het, was die Unieseëls nie in die gebied geldig nie, en gevolglik was die Unie-Voortrekkermonumentfondsseëls ook nie in Suidwes-Afrika geldig nie. Aangesien dit die geval was, is vertoë tot die Direkteur van Pos- en Telegraafwese van Suidwes-Afrika en die Minister van Pos- en Telegraafwese gerig ten einde Voortrekkerseëls ook in die gebied te bekom. Die gevolg was dat dieselfde seëls as die van die Unie in September 1935 met 'n oordruk vir Suidwes-Afrika by alle poskantore in Suidwes-Afrika beskikbaar gestel is. Die Direkteur van Pos- en Telegraafwese in Suidwes-Afrika was besonder ywerig en Afrikaans-, Duits- en Engelssprekendes het die saak goed ondersteun.[40)]

Na die onttrekking van die Voortrekkermonumentseëls is volledige stelle op spesiale herdenkingskoeverte geplak en te koop aangebied.[41)] 'n Oorgeblewe voorraad van hierdie seëls en koeverte is ook voor en tydens die inwydingsfees te koop aangebied.[42)]

## 1938-Herdenkingseëls

Suid-Afrika het tot in 1938 geen Eeufeesseëls uitgegee nie. Die Voortrekkerseëls sou dus die eerste sodanige uitgifte wees en sou deur alle seëlversamelaars dwarsoor die wêreld verwelkom word.[43)] Op dieselfde datum is dus twee groepe seëls uitgegee, nl. die Voortrekkereeufeesseëls en die Voortrekkerherdenkingseëls.

## Voortrekkereeufeesseëls

Om die S.V.K. se fondse te styf, is besluit om Voortrekkereeufeesseëls met ingang van 14 Desember 1938 by alle poskantore in die Unie te koop aan te bied. Die betrokke seëls wat om die beurt in Afrikaans en Engels gedruk is, is in die volgende reekse uitgereik : 1d., 2d., 3d., en 6d. Die Poswaarde

---

39) B.H.J.v.R., Verslag van Voors., S.V.K., oor besprekings met verskillende Komitees, Julie 1935.
40) Mostert, D., <u>Gedenkboek van die Ossewaens</u> (Kaapstad. 1940) pp. 793-794.
41) S.V.K., Omsendbriewe van Sekr., S.V.K., 26.10.1938.
42) Amptelike Program, <u>op.cit.</u>, p. 69.
43) B.H.J.v.R., Memorandum: Voorgestelde Voortrekker-Eeufees-seëls deur H.N. Cutler, 2.2.1938.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van hierdie seëls was egter die helfte minder, sodat ŉ gelyke bedrag die poswese en die Monumentfonds ten goede gekom het.[44)]

Hierdie seëls is deur die kunstenaar W.H. Coetzer ontwerp en die simboliek daarvan is die volgende :

**1d.-seël** Die inhoud stel ŉ Voortrekker voor besig om te ploeg. Die ploeg is van ŉ egte Voortrekkerploeg in die Museum op Pietermaritzburg geteken. In die agtergrond staan Tafelberg (links) Spandoukop (middel) en Soutpansberg (regs). Simbolies dui dit daarop dat Suid-Afrika deur die Voortrekkers van Tafelberg tot by die Soutpansberg omgeploeg is. In die agtergrond staan ŉ eenvoudige hartbeeshuisie.

Die buiteraamwerk stel deur ŉ fakkel die lig van beskawing voor wat deur die Voortrekkers gedra is. In die boonste twee hoeke verskyn die ploegskaar wat die Voortrekkers gebruik het, en tussen die twee hoeke staan vier gerwe koring wat vrugbaarheid voorstel.

**2d.-seël** Hierdie seël bied ŉ voorstelling van Louis Trichardt se oortog oor die Drakensberge en deur Noord-Transvaal. Die berg op die agtergrond is in die omgewing waar Trichardt op Kersdag 1837 uitgespan het. Heel links op die agtergrond staan ŉ kameeldoringboom waarvan die eentak afgebreek is en op die grond hang. Dit stel die treurspel voor van byna algehele uitwissing van die Trichardt-trek deur koors.

In die buite-raamwerk is langs die twee kante en heel onder die Voortrekkerwawiel. Dan volg die remketting en tussen die ketting en die wiel verskyn die domkrag wat die Voortrekkers gebruik het. Die vier hoeke word gevorm deur remskoene wat aan die remketting vas is.

**3d.-seël** Die toneel stel die ondertekening van die Dingaan-Retief-traktaat voor. Dingaan sit op sy stoel met ŉ veer in sy hand. Retief, in ŉ vooroorgeboë houding, wys aan Dingaan waar hy sy kruisie op die traktaat moes trek. Tussen Dingaan en Retief verskyn Thomas Halstead, die Engelse tolk. Regs sit Retief se ongewapende burgers, waaronder sy seuntjie. Op die agtergrond is Dingaan se hutte sigbaar. Die terrein net agter die hutte is

---

44) Amptelike Program, <u>op. cit.</u>, p.65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ʼn bult met die naam Hlomo-Amaboetoe of Moordkoppie. Oor die bult trek ʼn donker doodskaduwee, presies op die plek waar Retief en sy burgers vermoor is. Bokant die moordplek vlieg die aasvoëls en op die agtergrond is die bekende berg Thlalo, die rigting waarin Dingaan na die Slag van Bloedrivier gevlug het.

Die buite raamwerk bestaan uit ʼn samestelling van skilde, assegaaie en knopkieries, terwyl die boonste hoeke deur wawiele met kruithorings daarop gevorm word.

**6d.-seël.** Die twee sypanele stel die moeilikhede en ontberinge voor wat die Trekkers op hulle trek moes oorwin. Die linkerpaneel bied ʼn voorstelling van die deurtog deur die Grootrivier naby Aliwal-Noord, die regterpaneel toon die trek waar hy Drakensberge afdaal. In die middel verskyn die monument wat ter gedagtenis aan hulle opgerig sou word.[45]

**Voortrekkerherdenkingseëls**

Die tweede groep seëls, die sogenaamde Voortrekkerherdenkingseëls, is deur die Regering aangebied. Die reeks het slegs die 1d. en die 1½d. ingesluit en die volle opbrengs daarvan was inkomste vir die Departement van Pos- en Telegraafwese.[46]

Die seëls is ook deur W.H. Coetzer ontwerp en die simboliek daarvan is soos volg :

**1d.-seël** Die wiel van die ou Voortrekkerwa met al die barste daarin, die boute deur die veiling en die speek versplinter en verbind, is ʼn simbool van die ontberings wat die Voortrekkers op hulle trek moes verduur. Die remskoen en ketting word hier in werking gesien, terwyl die wiel berg-af gaan. Op die voorgrond is twee ou boomstamme; die een is tot op die grond toe verrot, maar sy wortels sit nog diep in die grond. Hierdie boomstamme dien as simbool van die Voortrekkers. Regs is nog ʼn stam met ʼn afgebreekte tak wat littekens van die stryd dra, sinnebeeldig van die rampe wat die Voortrekkers getref het. Uit die verrotte boomstan spruit daar nuwe lote met blare wat die nuwe volk, soos ons dit vandag verteenwoordig, voorstel. Dit word alles teen

45) Program, <u>Sentrale Voortrekker-Eeufees, 1838-1938</u>, Pretoria, pp. 37-38 <u>en</u> Amptelike Program, op. cit., pp. 65-67.
46) Amptelike Program, <u>op. cit.</u>, p. 65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ŉ geheimsinnige agtergrond gesilhoeëtteer waar die Drakensberge hoog bo die newels uittroon, en simboliseer Suid-Afrika in sy vroegste stadium van ontwikkeling.

Die elektriese verkoelers op die rand van die seël simboliseer krag, terwyl die skoorsteenpype die nywerheid voorstel. Dit word teen die opkomende son gesilhoeëtteer. Die rand stel derhalwe die verlede en die hede teenoor mekaar.

**1½d.-seël** Op die voorgrond word ŉ Voortrekkergesin afgebeeld wat na die verre gesigseinder staar. Die gesigseinder bestaan uit berge van geskiedkundige belang. Heeltemal links word Vegkop gesien en in die middel Bloukransrivier met die Drakensberge in die verte. ŉ Donker doodskaduwee trek oor die rivier, wat dien as simbool van die bloedbad op 17 Februarie 1838 by Bloukrans. Heeltemal regs word Gelatokop, ook bekend as Vegkop, gesien en Bloedrivier wat voor die kop verbyvloei. Die droë sloot loop in die rivier op die juiste plek waar die Slag van Bloedrivier plaasgevind het. ŉ Uitgewoede storm is aan die wegtrek, en van die slagveld by Bloedrivier verrys daar ŉ dubbele reënboog, sinnebeeldig van oorwinning en vrede en bevryding uit die mag van Dingaan se barbaarse hordes. Die kind op die voorgrond gee volle uiting aan haar gevoelens, en met uitgestrekte arms betoon sy haar blydskap.

Die raamwerk van hierdie seël stel in elke hoek ŉ juk voor wat simbolies is van die juk van ontbering wat die Voortrekkers moes dra. Van die juk val druppels langs die sypanele af om sweet druppels, bloed en trane voor te stel.[47)]

Om te verseker dat hierdie twee reekse seëls goed sou verkoop, het die S.V.K. besluit om 5,000 amptelike koeverte te laat druk met ŉ afbeelding van die Monument daarop. Op elke koevert is ŉ volledige stel seëls geplak. Beroemde Afrikaners, soos genl. Hertzog, genl. Smuts, en andere is versoek om hulle handtekeninge op 1,000 van hierdie koeverte te plaas. Die orige 4,000 is as eerstedagkoeverte gestempel en aan posseëlhandelaars verkoop.[48)]

By geleentheid van die inwydingsplegtigheid by Monumentkoppie, Pretoria, gedurende Desember 1949, is ŉ beperkte aantal

---

47) *Ibid.*, pp. 67-68.
48) S.V.K., Wenke i.v.m. verkoop van Voortrekkerseëls deur J.J. Scheepers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



koeverte waarop 'n volledige stel van bogenoemde twee reekse seëls geplak is, weer te koop aangebied.[49]

**1949-Inwydingseëls**

Op 'n wenk van die S.V.K. het die Minister van Pos- en Telegraafwese besluit om 'n spesiale stel herdenkingposseëls uit te gee, met die oog op die inwyding van die Voortrekkermonument in Desember 1949.[50]

Drie spesiale seëls, elkeen net vir die portowaarde, en dus met geen heffing vir die monumentfonds nie, is in omloop gebring, naamlik die 1d.-, 1½d.- en 3d.-seël.[51] Omdat dit die beleid van die Departement van Pos- en Telegraafwese was om die twee landstale beurtellings op die posseëls te laat verskyn,[52] het die S.V.K. besluit om die Posmeester-generaal te versoek, om met die oog op die besondere Afrikaanse karakter van die fees by geleentheid van die inwyding van die Voortrekkermonument en die spesiale posseëls, te oorweeg om Afrikaans eerste te laat verskyn op die 1½d.-seël en, indien dit moontlik sou wees, ook op die 1d.-seël, aangesien daar uit die aard van die saak drie seëls is, sodat elkeen van die twee tale nie eerste op twee seëls elk kon verskyn nie.[53]

W.H. Coetzer het die seëls ontwerp en die S.V.K. is deur die Departement van Pos- en Telegraafwese gevra om die ontwerpe goed te keur.[54] Die simboliek van hierdie seëls is soos volg:

**1d.-seël** Die Voortrekkers trek in die rigting van Natal. Heel agter is Kerkenberg naby Harrismith (tans Binghamsberg) waar ook die Retief-klip geleë is. Die Voortrekkernooientjie op die voorgrond tel 'n lammetjie op wat te swak is om te loop. Die geweldige storm en bliksemstrale agter Kerkenberg simboliseer die moeilikhede waarmee die Voortrekkers te kampe gehad het, en die rampe van die Retief- en Bloukransmoorde.

---

49) Amptelike Program, <u>op. cit.</u>, p. 65.
50) <u>Ibid.</u>, p. 69.
51) <u>Ibid.</u>
52) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 28.10.1949.
53) S.V.K., K9/2, Brief: Sekr, S.V.K. aan Posmeester-Genl., 28.10.1949.
54) Amptelike Program, <u>op. cit.</u>, p. 69.

**1½d.-seël** Die Voortrekkermonument is die hulde wat die huidige geslag aan die Trekkers bring. Dit is omraam deur die gewel van die Geloftekerk wat weer die Voortrekkers se hulde aan die Here was vir die oorwinning te Bloedrivier. Aan weerskante van die gewel is twee skildvelle; in die boonste hoeke kruithorings. Dit stel die wapens van die Zoeloes en die Voortrekkers voor. Die ligte vlek in die middel van die skildvelle is in die vorm van die landkaart van Suid-Afrika. Die juk onderaan versinnebeeld diens. Die simboliek van hierdie seël is : die hulde van die verlede en die hulde van die hede.

**3d.-seël** Die seël is in die vorm van ʼn triptiek. Die linkerpaneel bevat ʼn Voortrekkermoeder en kind met ʼn ooi en ʼn lam. In die agtergrond is die Drakensberge (Cathkinpiek) wat die Voortrekkers van Blÿdevooruitzicht, naby Oliviershoekpas gesien het. Die regterpaneel bevat ʼn Trekker te perd met sy getroue hond. Almal kyk in die rigting van Natal.[55] Die oop Bybel in die middelste paneel simboliseer die geloof van die Voortrekkers. Die kandelaar (soos deur die Voortrekkers gebruik) en die kers, stel die lig voor wat deur die Trekkers gebring is in die duisternis van die onbeskaafde wêrelddele waardeur hulle getrek het, omring met die skildvelle en dreigende assegaaie van die verskillende nie-blanke stamme. Die skildvelle is in die kenmerkende vorm van die Zoeloe-aanval gerangskik, naamlik die vorm van die twee horings wat bymekaar kom of die sogenaamde knyptangbeweging, Aan weerskante van die Bybel is ʼn afbeelding van die ploegskaar wat die Trekkers gebruik het en wat die vrugbaarheid en ontwikkeling voorstel wat deur hulle trekke in die land bewerkstellig is. Die ewewydige lyne langs die twee kort sykante van die seël stel die diep spore voor wat die Voortrekkers nagelaat het.[56]

---

55) In die Rand Daily Mail van 1.11.1949 het die volgende verskyn omtrent hierdie houding : „The threepenny stamp is a good stamp, but you must realise the meaning of the allegory hidden in it. You will notice that the human figures are turning their backs on something. They are turning their backs on the past. The meaning is : Let byegones be byegones, forget and forgive, bury the tomahawk and all that. I have no doubt, if you could see under the tilt of the gentlemen's sombrero, you would find that he is smoking a peace-pipe. This is a good stamp, well worth three-pence."

56) Amptelike Program, op.cit., pp.70-71, en Botha, M.C., Die Huldejaar, 1949, (Johannesburg, 1952) p. 241.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens ŉ ouditinspeksieverslag van die S.V.K. se boeke in 1942[57)] was die totale inkomste uit die verkoop van seëls en koeverte van die aanvang in 1933 tot op die datum van die onttrekking van die seëls vir verkoop op 31 Mei 1939 soos volg:

| | |
|---|---|
| Netto opbrengs van Unie-seëls ontvang ...... | R35,425.48 |
| Netto opbrengs van Suidwes-Afrika-seëls ontvang ................................ | R 5,391.83 |
| Netto opbrengs van geseëlde en ongeseëlde koeverte ................................ | R 9,818.98 |
| TOTAAL ................................ | R50,636.29 |

Al die oorgeblewe seëls en koeverte van 1938 is tydens en na die inwydingsfees van die Voortrekkermonument in 1949 verkoop vir ŉ bedrag van nagenoeg R6,000.[58)]

Hoewel die volle opbrengs van die Voortrekkerherdenkingseëls en die 1949-Inwysingseëls na die Departement van Pos- en Telegraafwese gegaan het en die Voortrekkermonumentfonds geen finansiële voordeel daaruit verkry het nie, het hierdie seëls tog daartoe bygedra om die belangstelling van die publiek in die oprigting van die Voortrekkermonument wakker te hou.

### (iii) Skenkings

Met die oog op die insameling van fondse is dit van belang dat die eerste geld wat deur die Komitee ontvang is, gekom het van mnr. H.P. Steyn, Posbus 66, Luderitzbaai, S.W.A. Dit was ŉ bedrag van £1 (R2.00) wat deur hom en ander Afrikaners daar ingesamel is.[59)] Die eerste tjek, wat nooit gewissel is nie, was afkomstig van adv. E.G. Jansen en het R2.05 bedra, is gedateer 19 Mei 1931 en uitgemaak aan mnr. I.M. Lombard.[60)]

### Plan van aksie

Nadat die werksaamhede van die S.V.K. op 1 Augustus 1931 begin het, is besluit dat geen definitiewe geldelike bydraes in

57) E.G.J., F.111.8.e.(b)., Ouditinspeksieverslag van S.V.K.-boeke.
58) Vergelyk : S.V.K., State van Inkomste en Uitgawes,1.4.1949 - 31.3.1950 en 1.4.1950 - 31.3.1951 <u>en</u> S.V.K., Notule van Dagbestuur, 22.10.1951.
59) S.V.K., Notule, 5.9.1931.
60) S.V.K., M3/4, Ongewisselde tjek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daardie jaar gevra sou word nie, maar dat, in die woorde van dr. F.V. Engelenberg, „die terrein verken (sou) word en spioene en brandwagte uitgestuur (sou) word."[61] Tog is in November 1931 'n manifes deur die S.V.K. uitgestuur, waarin die publiek onder andere op die volgende gewys is :

„Daar is by die volk 'n algemene begeerte na 'n organiseerde uiting van kollektiewe hulde en bewondering ter ere van die Voortrekkers.

„Terwyl ons Sentrale Komitee voel hoe daar vandag omstandighede is wat moontlik 'n gesamentlike en suksesvolle optrede sou kan hinder, durf niemand egter twyfel aan die vaste volkswil om elke moeilikheid te oorwin ter bereiking van die uniforme wens, naamlik, om vir die huidige en latere geslagte 'n indrukwekkende monument op te rig wat in lengte van dae sal getuig van die stoere en sielsverheffende deugde van die Voortrekkers.

„Daar is seksies van ons publiek op wie se offervaardigheid daar reeds 'n beroep gemaak is vir ander skemas wat reeds aan die gang is. Dit is nie ons Komitee se doel om enige sodanige skemas in die wiele te ry nie, maar ons meen dat daar 'n sterke gevoel is dat alle kragte ingespan moet word vir 'n grote en grootse Voortrekkergedenkteken in graniet, sandsteen of brons wat tydens die eeufees op 16 Desember 1938 onthul kan word.

„Die Komitee besef dat dit nou 'n moeilike tyd is om die volk vir bydraes te vra, dog voel tewens dat die saak van so 'n aard is dat hy nie met die aanvang van sy taak kan wag nie. Daarom word 'n beroep dus vroegtydig gemaak op alle Kerkrade, Dingaansfeeskomitees, verenigings en alle ander liggame en persone wat belang in die saak stel, om klaar te wees om vir hierdie saak te begin werk. Dit moet 'n volksbeweging wees, wat sal lei tot die daarstelling van 'n gedenkteken, wat eeuelank 'n inspirasie vir ons volk sal wees.

„Is erkentlikheid jeens voorvaders 'n oorbodige eienskap by 'n nasie? Ons Komitee is honderd persent optimiste en sal met die volste vertroue uitsien na die antwoord wat Suid-Afrika op sodanige vraag gee. Ons reken op die volk se hartgrondige medewerking. Ons kollekteer vir 'n huldeblyk in monumentale

---

61) S.V.K., Notule, 5.9.1931.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedaante, ter waardige nagedagtenis aan die Voortrekkers."[62)]

Die Sekretaris het ook 'n rondskrywe opgestel en aan die Dingaansfeeskomitees in die Unie gestuur met die versoek dat hulle in 1932 'n spesiale kollekte vir die Monument moes afstaan.[63)] Aan die Afrikaanse Pers is agt en twintig omsendbriewe gestuur waarin die publiek gevra is om flink tot die stywing van die S.V.K.-fondse by te dra.[64)] Op versoek van die S.V.K. het die Minister van Vervoer verlof aan die amptenare van die Suid-Afrikaanse Spoorweë verleen om per aftrekorder 'n sjieling (10 sent) per maand tot die Monumentfonds by te dra.[65)] Later is alle staatsamptenare toegelaat om van dié reëling gebruik te maak.[66)]

Die S.V.K. het ook besluit om op die Rykstentoonstelling in Johannesburg van 15 September 1936 tot Januarie 1937 'n replika van die Voortrekkermonument uit te stal. 'n Bedrag van ongeveer R500 sou daarvoor nodig wees, maar met die oog op die reklame vir die werk van die S.V.K. en die daarmee gepaardgaande verhoogde bydraes in die loop van die volgende jare was hierdie uitgawe heeltemal geregverdig.[67)]

**Werk van die Provinsiale Komitees**

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangetoon is, is daar in April 1934 besluit om tot die stigting van provinsiale komitees oor te gaan, met die doel dat hierdie komitees vir die insameling van fondse vir die Voortrekkermonument in die verskillende provinsies verantwoordelik sou wees. Die bedoeling van die S.V.K. was dat die provinsiale komitees permanente liggame en so verteenwoordigend as moontlik moes wees. Die provinsiale komitees was egter ondergeskik aan die S.V.K. en sou byvoorbeeld slegs van kollektelyste wat deur die hoofbestuur van die S.V.K. voorsien is vir die insameling van fondse kon gebruik maak.[68)]

Party van hierdie komitees het besonder goeie werk gelewer, maar in dele van die land was die bydraes van die publiek uiters

---

62) E.G.J. F.111.8.e(u),Manifes van die S.V.K.,November 1931.
63) S.V.K., Notule, 6.10.1932.
64) S.V.K., Notule 24.11.1932.
65) S.V.K., Notule, 25.1.1936.
66) S.V.K., Notule, 7.4.1936.
67) B.H.J.v.R., Verslag van Kommissie van ondersoek i.s. uitstalling by Rykstentoonstelling, Johannesburg, 15.9.1936-Jan. 1937.
68) Vergelyk : Hoofstuk 1, Prov. Komitees van die S.V.K.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teleurstellend.

Daar is reeds gewys op die samestelling van die provinsiale komitees en hieronder sal ons dus net aan die werksaamhede daarvan aandag gee.

## Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee

Die Voortrekkermonumentkomitee vir die afdeling Oranje-Vrystaat, het besluit om die kollektelyste van die S.V.K. tesame met 'n omsendbrief van die Vrystaatse komitee aan die verskillende burgemeesters in die provinsie uit stuur, sodat, by wyse van die lyste en op grond van die omsendbrief, in die verskillende dorpe en distrikte geld ingesamel kon word.[69] Lyste is dus op 25 Maart 1936 aan alle burgemeesters en voorsitters van dorpsbesture in die provinsie gestuur. Van die twee en sewentig burgemeesters aan wie lyste gestuur is, het slegs agtien hulle lyste teruggestuur.[70]

Die bydraes van sommige dorpe was bevredigend, maar aan die anderkant is ook briewe soos die volgende van burgemeesters ontvang : „Ons ou dorpie is klein en arm en uitgeput deur al die belastings van alle kante en kollekteerlyste en ons kry nie van die Regeringsweë of van iemand anders hulp nie. Ons skool het geen fondse nie en ons het hier ook geen hostel vir kinders nie.. Ek as prokureur het hierdie maand nie eers £20 (R40) in my kantoor gemaak nie en ek moet lisensies en belasting betaal en nog my kinders na ander skole stuur omdat hulle nie hier verder as St. V11l kan leer nie. Ons dominee sal van die preekstoel bydrae vra vir die fonds, maar ek twyfel of daar iemand is wat sal iets bring vir die fonds. Maak u dus maar klaar om die lyste terug te kry sonder dat daar veel op gegee is."[71]

Selfs die Stadsklerk van Bloemfontein moes skryf : „It is to be regretted that, despite several appeals in the press and personal letters written by His Worship the Mayor, the response for collection and collectionlists was so poor, but this is probably due to the fact that there have been so many appeals to the public for donations during the past four months."[72]

69) B.H.J.v.R., Brief: Van Rensburg aan Sekr., S.V.K. 27.12.1935.
70) B.H.J.v.R., Verslag: Prov. Komitee: O.V.S.
71) B.H.J.v.R., Brief: Burgemeester, Luckhoff aan Sekr., Voortrekkermonument-komitee (Afd. O.V.S.), 31.3.1936.
72) B.H.J.v.R., Brief: Stadsklerk, Bloemfontein aan Sekr., Voortrekkermonument-komitee (Afd. O.V.S.), 17.12.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ŉ Paar Dingaansfeeskommissies het beloof om by feesvierings fondse vir die Monument in te samel. Dan was daar nog Senekal wat verlof gevra het om met ŉ toneelgeselskap ŉ reis in die omliggende distrikte te onderneem om fondse in te samel.[73] In die Vrystaat was die Engelse mede-burgers ook baie ywerig met die insameling van fondse.[74]

Daar het ŉ hele storm in die Vrystaat losgebars oor ŉ bydrae van £10 (R20) wat twee persone aan die S.V.K. gegee het vir die Voortrekkermonument nadat hulle die standbeeld van president Brand in Bloemfontein onteer het.[75] Die Nasionale Party-tak van Jacobsdal het versoek dat die £10 (R20) aan die skenkers teruggegee word en was gewillig om die R20 dan plaaslik te kollekteer, omdat hulle gevoel het dat nie toegelaat moes word dat die Monument, wat vir ons die simbool van reinheid en Godsvrug moet wees, besoedel word deur sodanige bydraes nie.[76] Die geld is dus aan die skenkers teruggestuur.[77]

Die volgende dorpe in die kiesafdeling, Winburg, naamlik Verkeerdevlei, Excelsior, Brandfort, Ventersburg, Theunissen en Winburg het na raadpleging met mekaar gevoel dat die fonds ŉ saak is wat die eer van die Afrikanerdom raak en dat alle kragte ingespan behoort te word om dit ŉ sukses te maak, anders gaan die syfers ŉ maatstaf van skande wees in plaas van ŉ toets tot lof. Met die oog daarop en in die vertroue dat dit mag meehelp om die Afrikaners tot ŉ besef te bring van die erns van die saak, is die volgende aanbod aan die Vrystaatse Provinsiale Komitee gemaak : „Die Kiesafdeling, Winburg onderneem om, ongeag waar die Voortrekkermonument opgerig word, die som van £1,000 (R2,000) by te dra tot die Voortrekkermonumentfonds, mits minstens 100 ander Kiesafdelings in die Unie of persone of liggame in Suid-Afrika nie minder dan £200 (R400) stort in die fonds voor die einde van September 1936. Gelde wat ingesamel is sedert 1 Junie 1936 kan bygereken word."[78]

---

73) B.H.J.v.R., Verslag: Prov. Komitee, O.V.S.
74) S.V.K., Notule, 25.10.1934.
75) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., Prov.Komitee aan Sekr., S.V.K., 9.3.1936.
76) B.H.J.v.R., Brief: Mej. M. Badenhorst aan Sekr., Prov. Komitee (Afd. O.V.S.), 13.5.1936.
77) B.H.J.v.R., Brief: Sekr., Prov.Komitee (Afd. O.V.S.) aan A.C. White, 6.6.1936.
78) B.H.J.v.R., Brief: Jac.J.Coetzer aan Sekr., Voortrekkermonument-komitee (Afd. O.V.S.) 22.7.1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan werkywer het dit die Vrystaatse Provinsiale Komitee nie ontbreek nie.

**Natalse Voortrekkermonumentkomitee**

Op die stigtingsvergadering van die Natalse Voortrekkermonumentkomitee was die gees uitstekend. Die vraag van waar die Monument opgerig moes word, is nie bespreek nie, omdat gevoel is dat die hoofsaak die Monument is en nie die plek waar hy opgerig sou word nie. Die burgemeester van Pietermaritzburg het almal verwelkom en „he assured them that the English-speaking section of the community were just as anxious as he to coöperate in making the movement a success. His experience in the past had been that if there were an intimate touch between the two sections of the community far better results were obtained." [79)]

Die Voortrekkermonumentkomitee van Natal het met die insameling van fondse vir die Voortrekkermonument twee feite streng voor oë gehou, naamlik die sedes en godsdienssin van die Voortrekkers en die verkryging en behoud van die samewerking van alle seksies en liggame in Natal.[80)]

Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het besluit dat plaaslike komitees oor die hele Natal gestig sou word en dat die plaaslike komitees dan taamlik uitgebreide distrikte moes bearbei. Hulle moes ook allerhande funksies organiseer met die doel om fondse vir die Monument in te samel deur middel van basaars, geselligheide, pieknieks, vleisbraaiaande, tiekie-aande, konserte, sportbyeenkomste, ens., of by wyse van straatkollektes, of gereelde bydraes deur plaaslike firmas en welgestelde individue. Liggame soos die Voortrekkers, Boy Scouts en Girl Guides is ook ingespan, terwyl organisasies soos die N.C.V.V. gevra is om iets op tou te sit om fondse in te samel. Plaaslike dorpsbesture, stadsrade, handelsrade en ander liggame is verder om bydraes genader.[81)]

By Ladysmith is ŉ optog op Danskraal gehou waaraan die hele distrik deelgeneem het en waarvan die opbrengs aan die monumentfonds gegee is. Paulpietersburg het ŉ toneelstuk opgevoer

79) E.G.J., F.111.8.d.(b) Anonieme Koerantuitknipsel, 25.5.1935.
80) N.V.M.K., Notule, 4.4.1936.
81) N.V.M.K., Handleiding van funksies en pligte van Plaaslike Voortrekkermonument-komitees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ten bate van die fonds. Die Stadsraad van Pietermaritzburg het R200 geskenk, terwyl die Durbanse Stadsraad sy volle steun beloof het. Ook die Saamwerk-Unie het sy bydrae gelewer.[82)] Met veel lof is van die hartlike samewerking met die Engelse komitee gepraat, en veral die name van mnre. Kinloch en Henderson is genoem. ŉ Motorkar-kompetisie wat deur hierdie komitee gereël is, het R200 opgelewer.[83)]

Op sommige plekke is danspartye gereël as metode van geldinsameling vir die Voortrekkermonument, maar hierteen is heftig beswaar gemaak.[84)] Die S.V.K. het dit dus nodig gevind om aan die provinsiale komitees te skryf dat hulle by die vasstelling van middels en metodes van insameling, waar dit nie deur die S.V.K. self bepaal is nie, vrygelaat word om na eie goeddunke te handel, maar dat hulle by sodanige beslissings telkens die godsdienstige karakter van die Voortrekker in aanmerking moet neem, asook die wenslikheid om die samewerking van al die bevolkingsdele in die saak te behou.[85)]

Die Natalse Provinsiale Komitee het goeie werk gedoen in verband met die insameling van fondse vir die Voortrekkermonument.[86]

**Kaaplandse Provinsiale Komitee**

Om fondse op die doeltreffendste wyse vir die Voortrekkermonument in te samel, het die Kaaplandse Provinsiale Komitee plaaslike komitees dwarsdeur Kaapland gestig. Hierdie plaaslike komitees is saamgestel uit verteenwoordiges van medewerkende liggame saam met lede van die plaaslike munisipaliteit en afdelingsraad, en met die burgemeester as sameroeper.[87)] Op hierdie wyse is ŉ redelike bedrag ingesamel wat deur die Kaaplandse Provinsiale Komitee aan die S.V.K. gestuur is as Kaapland se bydrae tot die monumentfondse.[88)]

---

82) E.G.J., F.111.8.d.(b)., N.V.M.K., Notule, 3.8.1935.
83) N.V.M.K., Notule, 5.9.1936.
84) J.H.S., Brief: Ds. L.Botha aan Voors.,N.V.M.K.,4.11.1935.
85) J.H.S., Omsendbrief aan alle Plaaslike Komitees van die N.V.M.K.
86) B.H.J.v.R., Verslag van Voors., S.V.K., oor besprekings met verskillende Komitees, Julie 1935.
87) E.G.J.,F.111.8.d.(a),Notule: K.P.K., 14.9.1935.
88) S.V.K., Notule, 25.11.1938, en S.V.K. Brief: Sekr., K.P.K. aan Penningmeester, S.V.K., 5.4.1937.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### Transvaalse Provinsiale Komitee

Transvaal is organisatories in elf verskillende streke verdeel, naamlik Pietersburg, Waterberg, Pretoria, Lydenberg, Middelburg, Ermelo-Bethal, Standerton, Heidelberg, die Witwatersrand, Swartruggens en Potchefstroom. Vir elke streek is ŉ persoon aangewys om die inisiatief in daardie streek op hom te neem.[89] Ook is kontakte met geskikte lokale organisasies en Dingaansfeeskomitees bewerkstellig. Die sekretaris het talle briewe geskryf en ook plekke persoonlik besoek. Die reaksie was egter baie ontmoedigend. Daar was baie min geesdrif. Waar ŉ streekverteenwoordiger bietjie aktief opgetree het, invloed of beroepstatus gehad het, het dit beter gegaan. Die kollektelyste wat van die S.V.K. verkry is, is ook aan die streekverteenwoordigers, organisasies en belangstellendes uitgestuur. Die meeste van hierdie lyste is nooit terug ontvang nie, ondanks herhaalde aanmanings en oproepe.[90]

Na aanleiding van die teleurstellende bydraes in Transvaal, skryf die Sekretaris van die Transvaalse Provinsiale Komitee aan die Sekretaris van die S.V.K. : „Sover het ek van 19 Kommissies £60 (R120) ontvang in antwoord op my oproep in die pers en die meer as 500 omsendbriewe direk aan Kommissies .... Van Pretoria-streek het ek nog geen duit ontvang of gehoor of daar enige fondse al ingekom het nie. En dis die streek wat met die Monument gaan spog."[91]

### Voortrekkermonumentfonds-komitee van Suidwes-Afrika

Soos reeds vroeër gesien, het hierdie Komitee hom hoofsaaklik besig gehou met die verkoop van spesiale Voortrekkermonumentfonds-seëls vir Suidwes-Afrika. Hierdie aangeleentheid is dan ook deeglik georganiseer en gepropageer. Die samewerking, ondersteuning en spontane ywer van die inwoners van die gebied, Afrikaans-, Duits- en Engelssprekend, het niks te wense oorgelaat nie, inteendeel, dit was puik.[92]

---

89) T.P.K., Notule, 6.6.1936.
90) O.J.O.F., Brief ontvang van prof. F.J. Labuschagne, 15.8.1968.
91) S.V.K., Brief: Sekr., Transvaalse Prov. Komitee aan Sekr., S.V.K., 7.2.1938.
92) O.J.O.F., Brief ontvang van mnr. Barry Steyn, 19.9.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Besondere Skenkings**

Mnr. Gerard Moerdyk, die argitek moes vergoed word teen 6% op die totale bedrag wat die Voortrekkermonument sou kos. Mnr. Moerdyk het egter vrywillig 1½% as bydrae geskenk. Hy moes dus 4½% op die uiteindelike totale koste van die Monument ontvang.[93] Die bedrag wat mnr. Moerdyk dus op hierdie wyse aan die Voortrekkermonumentfonds geskenk het, was nagenoeg R10,333.

Regstreeks het die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) R10,487,69 bygedra en in 1949 is die Rapportryersfeeste as voorspel tot die inwyding van die Voortrekkermonument deur die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) gereël. Van die opbrengste van hierdie landswye feesondernemings, is R7,000 aan die S.V.K. geskenk.[94]

Teen die einde van 1935 is die eerste tjek van die Stellenbosch Boerorkes ontvang. Hiermee het 'n jaarlikse bydrae begin wat tot een van die vernaamste bronne van inkomste vir die monumentfonds ontwikkel het en wat terselfdertyd baie genot aan duisende Suid-Afrikaners verskaf het.[95] Die totale netto bedrag wat die Boerorkes, onder leiding van Oom Pietie le Roux aan die Voortrekkermonument geskenk het, was R12,478.63.[96]

'n Bedrag van R1,179.42 vir die marmernis en lamptoerusting van die fakkelvlam, is deur die Transvaalse Onserwysvereniging aan die Voortrekkerbeweging geskenk sodat hulle daarvoor kon betaal.[97] Hierdie geld is jare tevore deur 'n groot aantal leerlinge en onderwysers ingesamel, met die doel om ook 'n aandeel in die oprigting van die Voortrekkermonument te kan hê.[98]

Ook Sir Abe Bailey het sy deel tot die monumentfonds bygedra. Die volgende brief is van sy kantoor ontvang : „At the request of Sir Abe I beg to hand you herewith cheque for £100 (R200) as a donation towards the Voortrekker Memorial Fund with his good wishes."[99]

---

93) Die Volkstem, 29.7.1947.
94) S.V.K., M 3/4, Brief: Org., Vrou- en-Moederbeweging aan Sekr., S.V.K., 10.8.1954.
95) Fleur, 4.12.1949, p. 17.
96) Oom Pietie: Die Doel en Geskiedenis van die Stellenbosch Boerorkes, (Stellenbosch,s.j.) pp.36-37.
97) S.V.K., M 3/4, Brief: Ere-Sekr., S.V.K., aan Alg. Sekr., T.O. 27.6.1950.
98) S.V.K.,M 3/4, Alg.Sekr.,T.O. aan Ere-sekr.,S.V.K.,30.7.1950.
99) S.V.K.,Brief: Sir Abe Bailey aan Sekr.,S.V.K., 29.8.1938.

Die penningmeester het ook 'n tjek van R112.11 van mev. C.J. Langenhoven ontvang, uit die nalatenskap van haar man, die gevierde volkskrywer. Die geld het Langenhoven toe hy nog die redakteur van Het Zuid Westen was vir die oprigting van 'n Retief-monument gekollekteer.[100)]

Dr. F.V. Engelenburg het ook R100 aan die S.V.K. geskenk, met die versoek dat die geld vir propagandadoeleindes gebruik moes word.[101)]

- - - - - - -

Aanvanklik was die bydraes tot die monumentfonds bevredigend, maar toe dit bekend word dat die Regering die volle koste van oprigting van die Monument sou dra, het die bydraes vinnig gedaal, sodat slegs R60 vir die ses maande, Oktober 1941 tot Maart 1942 ontvang is. Daarna was daar ook geen merkbare verbetering nie.[102)]

'n Totale bedrag van R75,817.85 is oor 'n tydperk van twintig jaar, tussen 1932 en 1952, deur die publiek tot die Voortrekkermonumentfonds bygedra.[103)]

**(iv) Soeweniers**

**1938** Die S.V.K. het Uniewinkels aangestel as hulle amptelike agente vir die verskaffing en bemarking van Eeufeessoeweniers. Aan Uniewinkels is toegang gegee tot alle ontwerpe wat nodig was vir die vervaardiging van die soeweniers.[104)]

Die S.V.K. het verder besluit om 'n artikel vir massaverspreiding te kies, en die keuse het op die Generaal Joubert-kommetjie geval, omdat dit een van die artikels is wat in die dae van die Voortrekkers baie gebruik is.[105)] Die kunsskilder, W.H. Coetzer, het die ontwerp geteken. Die grondkleur van die kommetjie is liggeel en die ontwerp daarop is in baksteenrooi. Aan die eenkant verskyn die Voortrekkermonument en aan die anderkant die Trekkerwaens wat besig is om die Drakensberge oor te

---

100) S.V.K., Notule, 11.11.1933.
101) S.V.K., Notule, 4.4.1934.
102) E.G.J., F.111.8.e.(b), Ouditinspeksieverslag van S.V.K.se boeke
103) Vergelyk: State van Inkomste en Uitgawe van die S.V.K. vir die jare 1932-1952.
104) B.H.J.v.R., Punte van ooreenkoms tussen S.V.K. en Uniewinkels, 17.11.1937.
105) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 2.3.1938.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gaan. Tussen hierdie twee tekeninge verskyn twee brandende Voortrekkerkandelare,as simbool van die lig van beskawing wat die Voortrekkers na die binneland van Suid-Afrika gebring het. Hierdie kommetjies is deur dieselfde Hollandse firma vervaardig wat ons historiese kommetjie meer as 130 jaar gelede gemaak het. Hierdie kommetjies is teen die geringe prys van ongeveer 10c elk verkoop.[106)]

Tydens die Eeufeesviering het Uniewinkels ŉ winkel in ou Kaapse boustyl op die feesterrein opgerig. In hierdie winkel was gedurende die feesviering al die Eeufeesaandenkings verkrygbaar, bv. servetringe, teelepels, asbakke, borsspelde, velskoentjies, veldstoele, ens.[107)]

Volgens ooreenkoms het die totale kommissie op alle Eeufeesaandenkings (1938) R3,709 bedra. Tot op 25 Junie 1940 het die 10% op die fabriekspryse van die verkoopte deel van die aandenkings op R1,829.40 te staan gekom. Hierdie bedrag is aan die S.V.K. betaal. Die saldo is dus R1,879,60 vir onverkoopte voorrade. Uniewinkels het dus in Januarie 1941, in volle vereffening van hulle verpligting ten opsigte van kommissie op die verkoop van die Eeufees-aandenkings, R800 aan die S.V.K. aangebied. Dit het beteken dat ŉ totale bedrag van R2,629.40 aan die S.V.K. betaal is.[108)]

**1949** ŉ Spesiale Aandenkingskomitee is saamgestel met die oog op die keuring van artikels wat as soeweniers tydens die inwydingsfees verkoop wou word. Hierdie komitee het bestaan uit : mnr. D.C. Malan (voors.), W.A. Pauw en L.S. Lombard, mevv. J. Pellissier, S. Broers en M.M. Jansen, dr. N. Diederichs en mnr. I.M. Lombard.[109)]

Die S.V.K. se reëlings was in die eerste plek gemik om aandenkings op die mark te laat bring wat die geleentheid in alle opsigte waardig sou wees, d.w.s. die aandenkings moes nie net histories korrek wees nie, maar ook ŉ bydrae tot ons kuns en kultuur wees. Hierdie doel kon nie bereik word deur eenvoudig ŉ reeks artikels waarop slegs ŉ beeld van die Monument aangebring

---

106) S.V.K., Pamflet i.v.m. Kommetjie as Eeufees-aandenking.
107) <u>Die Byvoegsel</u> tot <u>Die Volksblad</u>, 30.11.1938, p. 19.
108) S.V.K., K 9/2, Voors., Uniewinkels aan Sekr., S.V.K., 12.1.1941.
109) B.H.J.vR., Notule van Aandenkingskomitee, 19.3.1947.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is, te laat vervaardig nie. Afgesien daarvan dat dit die kunsaspek sou vernietig, moet onthou word dat die Monument as struktuur nie 'n doel in sigself is nie. Dit is met die oog hierop dat in die motiewe op die aandenkings daar grotendeels van simbole uit die Voortrekker-tydperk gebruik gemaak is. Vanselfsprekend moes die Monument self ook as motief gebruik word, maar die hoofdoel was om dit nie te oordoen nie.[110)]

Ten einde die kunsgehalte en historiese juistheid van die motiewe te verseker, is gebruik gemaak van die dienste van kunstenaars soos W.H. Coetzer en Coert Steynberg, wat beide reeds groot roem vir hul geskiedkundige werke verwerf het. Die ontwerpe is deur die spesiale keurkomitee van die S.V.K. gekeur.[111]

Daar is ook besluit dat al die amptelike aandenkings 'n geregistreerde handelsmerk sou dra, wat bedoel was om die belange van die S.V.K. en die publiek te beskerm en ook om die aandenkings direk aan die inwydingsplegtigheid te koppel. Uniewinkels is as die amptelike en alleenverspreiders van alle aandenkings aangestel, en sou volgens ooreenkoms 'n bydrae tot die S.V.K.-fonds maak.[112)]

Die artikels van Uniewinkels is in die Verenigde Koninkryk vervaardig en enige kleinhandelaar kon 'n voorraad van Uniewinkels kry om te verkoop.[113)] Die verskeidenheid van amptelike aandenkings en die pryse daarvan het rekening gehou met die sak en smaak van die mins bevoorregte tot die kieskeurigste versamelaar. Betreklike groot hoeveelhede van die goedkoper aandenkings was beskikbaar. Die duurder artikels is egter in baie klein hoeveelhede vervaardig en sou nie later weer vervaardig word nie.[114)]

Die goedgekeurde aandenkings het onder andere die volgende items ingesluit : 'n Erdewerk Voortrekkerkommetjie met 'n ontwerp van W.H. Coetzer, bestaande uit 'n walaer, met sweepstokke en lanterns in posisie wat deur die Zoeloe-wapens, naamlik skildvelle, assegaaie en knopkieries bedreig word; 'n sterling-silwer teelepelstel met 'n dierkopmotief; 'n sterling-silwer teelepelstel met 'n uiters vindingryke rangskikking van die wawiel, kruithoring, skildvel, assegaai en knopkierie op die kopstuk en steel van die

---

110) <u>Die Transvaler</u>, 8.10.1949.
111) <u>Ibid</u>.
112) B.H.J.v.R., Notule van Aandenkingskomitee, 19.3.1947.
113) S.V.K., K 9/1, Afskrif van Volksraadsnotule, 10.5.1949.
114) <u>Die Transvaler</u>, 8.10.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teelepels; ŉ slaaibak van geslypte glas met, as tema, die vryheidsdrang van die Voortrekkers en uiteindelike vrede wat seëvier (ŉ voël) oor die botsing tussen die wapens van die Voortrekkers (ŉ kruithoring) en die Zoeloes (ŉ skildvel).[115] Verder was daar ook nog miniatuur replikas van die Voortrekker-figure, tafeldoeke met die Monumentmotief, veldstoeltjies, replikas van die waterfles van Retief, met bypassende glasies in porselein, modelle van ŉ ossewa, modelle van die Monument, Voortrekkervlae, knipmesse, mouskakels, borsspelde, ens.[116]

Strenge maatreëls is getref om te verhoed dat die ontwerp van die Voortrekkermonument vir private winsdoeleindes gebruik word, maar tog is artikels, soos selfs skoendose en komberse, met afdrukke van die Monument versier.[117] Die saak is deeglik ondersoek, maar dit het geblyk dat, as daar afbeeldings van die Monument, soos dit van buite gesien word, op artikels geplaas word, staan die S.V.K. daarteenoor net so magteloos as enige eienaar van ŉ openbare gebou.[118]

Die direksie van Uniewinkels het na sorgvuldige berekenings besluit dat hulle nie ŉ hoër kommissie as 5% op fabriekspryse aan die S.V.K. kon toestaan nie.[119] Die S.V.K.-fondse is dus met R4,567,44 uit kommissie op die verkoop van aandenkings deur Uniewinkels gestyf.[120]

Die Staatsmunt het ŉ stel van drie medaljes (een van 15 karaat goud, een van silwer en een van brons) op ŉ beperkte skaal ter herdenking aan die inwyding van die Voortrekkermonument geslaan. Hierdie medaljes is teen R16.80 per stel verkoop.[121]

Die Vacuum-Oliemaatskappy het die skilder, Hendrik Pierneef ŉ skildery van die monumentterrein laat maak waarvan gratis afdrukke, sonder enige reklame, aan die publiek verskaf is, terwyl die oorspronklike skildery aan die S.V.K. aangebied is.[122]

---

115) Die Voortrek. (Spesiale byvoegsel tot Die Transvaler.) 13.12.1949, p. 4.
116) B.H.J.v.R., Notule van Aandenkingskomitee, 19.3.1947.
117) Dagbreek en Sondagnuus, 8.5.1949.
118) S.V.K., K9/2, Brief: Ere-sekr., S.V.K. aan Bestuurder, Sonop Bpk., Bloemfontein, 19.5.1949.
119) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 11.3.1949.
120) S.V.K., Staat van Inkomste en Uitgawe, 1.4.1951-31.3.1952.
121) E.G.J., F.111.15.b.(d), Brief: Ere-sekr., S.V.K. aan E.G.Jansen, 14.2.1950.
122) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 29.4.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Aircraft Operating Company het aangebied om lugfoto's te neem en te verkoop teen 10% kommissie aan die S.V.K. en 10% aan Uniewinkels. Die S.V.K. het die aanbod aanvaar.[123)]

(v) **Publikasies**

Mej. Ethel Campbell van Natal het die hele opbrengs van haar digbundel The Voortrekkers in die monumentfonds gestort. Haar mooi voorbeeld is onder andere deur dr. A. Dreyer van Kaapstad met sy boek Die Voortrekkers en hul Kerk en prof. dr. S.P. Engelbrecht met sy werk Schetsen van de Transvaal hagevolg.[124)]

## 6. DIE MONUMENTTERREIN EN BEPLANNING VAN DIE GEBIED DAAROMHEEN

### (a) TRANSPORTERING VAN MONUMENTTERREIN

Op 15 Januarie 1937 is aan die Dagbestuur van die S.V.K. opdrag gegee om die nodige stappe te doen om die terrein op die naam van die Historiese Monumente-kommissie getransporteer te kry, en op 19 Januarie 1937 het adv. E.G. Jansen dus 'n brief aan die Burgemeester van Pretoria gerig met 'n versoek dat die Stadsraad die nodige stappe doen om die grond, deur die Stadsraad geskenk, op naam van die Historiese Monumente-kommissie te laat transporteer.[1)] Die Stadsraad het die nodige besluite geneem, advertensies laat plaas en opdrag aan sy prokureurs gegee om transport te laat plaasvind.[2)]

Die Historiese Monumente-kommissie het egter aangevoer dat hulle nie oor die nodige fondse beskik om die Monument en die aangrensende terrein in orde te hou nie. Hulle hulptoelae was slegs R2,000 per jaar en dit was nie eens genoeg om die verantwoordelikhede in verband met die destydse honderd en vyf geproklameerde monumente en werk in verband daarmee na te kom nie. Die Kommissie het die Departement van Openbare Werke aanbeveel as die geskikste liggaam om die verantwoordelikheid te aanvaar.[3)]

123) S.V.K., K 9/1 Brief: Ere-sekr., S.V.K. aan Aircraft Operating Co., 10.6.1949.
124) Die Huisgenoot, Des. 1938, p. 13.
1) S.V.K., M 3/1, Aantekeninge van adv. E.G. Jansen.
2) E.G.J., F.111.8.e.(c)., Brief: Voors., S.V.K. aan Sekr. van Binnelandse Sake, 20.10.1944.
3) E.G.J., F.111.8.e.(c)., Brief: Sekr., Hist. Mon.Komm. aan Voors., S.V.K., 20.12.1940.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ŉ Poging is toe aangewend om die terrein op naam van die S.V.K. getransporteer te kry, maar daar is ook probleme ondervind omdat die S.V.K. geen regspersoonlikheid gehad het nie.[4)]

Op ŉ vergadering van die S.V.K. is gevolglik aan die hand gegee dat die terrein op naam van die Regering getransporteer word, maar geen besluit is geneem nie. ŉ Deel van die terrein het aan die Spoorwegadministrasie behoort en het dus reeds onder die Regering se beheer geval. Die S.V.K. het derhalwe besluit dat voor die saak finaal afgehandel word, daar onderhandelinge met die Regering moes wees. Daar het die saak toe gebly. Die Spoorwegadministrasie het te kenne gegee dat die grond wat aan hulle behoort het nou onder beheer van die Departement van Lande geval het en enige onderhandelinge moes met die Sekretaris van Lande gevoer word.[5)]

In die loop van 1944 is van Regeringsweë aangedring dat transport van die grond bespoedig word en op 11 Oktober 1944 het adv. Jansen en mnr. I.M. Lombard ŉ onderhoud met Ministers Hofmeyr en Clarkson oor die transportering van die grond gevoer. Die Regering wou dat die transportering van die grond geskied en wou ŉ beheerraad aanstel om na die Monument en terrein om te sien. Hierdie beheerraad sou van Regeringsweë gesubsidieer word. Dit is ooreengekom dat die plan van die Regering vir goedkeuring aan die S.V.K. voorgelê sou word.[6)]

Van verskeie kante is ernstig beswaar gemaak teen die idee dat die terrein op naam van die Regering geregistreer sou word. Die vrees was dat as die terrein op naam van die Regering kom, wat dan ŉ beheerraad aanstel om vir die Monument en die terrein te sorg, die beleid in verband daarmee sodanig mag wees dat dit miskien teenstrydig is met die opvattings van ŉ groot deel van die landsburgers. Daar is ook gevrees dat die beleid dan miskien met wisselende regerings verander mag word.[7)]

Die S.V.K. het dus met betrekking tot die oordrag van die Monumentterrein soos volg besluit : Daar mag geen party-politieke propaganda op die terrein toegelaat word nie; die terrein mag slegs vir byeenkomste in verband met volksfeeste of geskiedkundige gebeurtenisse in noue verband met die Voortrekkers

4) S.V.K., M 3/1, Aantekeninge van adv. E.G. Jansen.
5) <u>Ibid</u>.
6) <u>E.G.J.,F.111.8.e.(c)</u>,Aantekening van adv.Jansen, 11.10.1944.
7) <u>Die Volksblad</u>, 17.1.1945.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebruik word; die Regering moet die beheerraad subsidieer om hom in staat te stel om die terrein behoorlik uit te lê.[8] Op hierdie voorwaardes is besluit om die grond op die naam van die Staat te transporteer.[9]

In opdrag van die Dagbestuur van die S.V.K. het adv. Jansen, prof. dr. T.J. Hugo en mev. S. Broers, Ministers J.H. Hofmeyr en C. Clarkson op 7 Augustus 1946 ontmoet. Sake in verband met die transport van die Monumentterrein en die voorgestelde beheerraad is bespreek. Die Ministers was gretig om te sien dat die transport gefinaliseer word, omdat die Gekose Komitee ongunstige kritiek uitgeoefen het oor die feit dat al die geld op grond bestee word waarvan ŉ gedeelte nie aan die Regering behoort nie. Daar is ook gewys dat die S.V.K. meen dat meer grond beskikbaar gestel moes word, met die oog op die moontlike daarstel van ŉ opelug amfiteater, soos deur sommige aan die hand gedoen. As meer grond verkry kon word, sou dit die beste wees om alles gelyktydig te transporteer.[10]

Daar was heelwat vertraging met die transportering, omdat verskeie Staatsdepartemente daarmee gemoeid was,[11] sodat die Minister van Binnelandse Sake besluit het om ŉ samespreking van alle betrokke ministers te laat plaasvind om die transportering van die Monumentterrein op die naam van die Staat te bespoedig.[12]

Op 20 September 1949 het die S.V.K. kennis geneem van ŉ skrywe van die Sekretaris van Lande, waarin die S.V.K. meegedeel is dat alle aangeleenthede betreffende die terrein vir die Voortrekkermonument, insluitende die terrein vir die amfiteater, finaal en bevredigend afgehandel is.[13]

Die terrein bestaan uit die volgende gedeeltes van die plaas, Groenkloof no. 419, distrik Pretoria :-

(1) Gedeelte 1 van gedeelte, groot 10.0455 morg;
(2) Gedeelte 5 van gedeelte, groot 4.7422 morg; en
(3) Die resterende gedeelte van Gedeelte 24, groot as sodanig 26.3901 morg.

---

8) E.G.J., F.111.8.e(c) Aantekeninge van adv. Jansen.
9) S.V.K., Notule, 22.2.1946.
10) S.V.K., M 3/1, Aantekeninge deur adv. Jansen, 9.8.1946.
11) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 22.7.1948.
12) S.V.K., Notule, 16.8.1948.
13) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 20.9.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die totale grootte is dus 41.1779 morg.[14)]

Die gedeeltes genoem onder (1) en (2) hierbo is deur die Stadsraad van Pretoria aan die Regering geskenk vir die doeleindes van die monument. Die gedeelte genoem onder (3) was die eiendom van die Staat. Die drie betrokke gedeeltes van die plaas Groenkloof wat gesamentlik die terrein van die Monument (en amfiteater) uitmaak, is met behoorlike magtiging van die Uitvoerende Raad, ooreenkomstig die bepalings van „Crown Land Disposal Ordinance, 1903", vir die doeleindes van die Voortrekkermonument voorbehou.[15)]

### (b) GROND VIR DIE SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDSNAVORSINGSRAAD (W.N.N.R.)

Die W.N.N.R. het van die Stadsraad van Pretoria grond in die omgewing van die Monument verkry ten einde daarop laboratoriums en ander wetenskaplike geboue op te rig. Hierdie aanleg kon die omgewing van die Monument benadeel en daarom het adv. Jansen met dr. P.J. du Toit daaroor samesprekings gevoer. Ook is aan die Stadsraad oor die saak geskryf en dit het geblyk dat die Stadsraad 'n ooreenkoms tussen die S.V.K. en die W.N.N.R. verwag het.[16)]

Die terrein was naastenby tussen Skanskop en Salvokop en suid-oos van die Johannesburg-pad geleë. Dit sou wenslik wees dat die W.N.N.R. elders grond kry en, as dit onmoontlik sou blyk, sou dit beslis noodsaaklik wees dat die W.N.N.R. grond kry wat meer na die ooste geleë is, sodat dit buite die gesigsveld van die Monument val.[17)]

Van verskeie kante is beswaar teen die oprigting van geboue in verband met navorsing in die omgewing van die Monument gemaak, omdat gevoel is dat dit die dun ent van die wig sou vorm vir verdere uitbreiding en toegewings in die toekoms.[18)]

Die S.V.K. het ook gevoel dat die uitsig na die Monument, van Pretoria af, onbelemmerd moes bly, en dat, in oorleg met die Stadsraad van Pretoria, 'n langtermynbeleid vir die hele omgewing

---

14) S.V.K., M 3/1, Brief: Sekr. van Lande aan Eresekr., S.V.K., 7.9.1948.
15) Ibid.
16) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 4.5.1948.
17) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 22.7.1948.
18) S.V.K., M 3/4, Brief : Ere-sekr., Afr. Kultuurraad, Pretoria aan Voors., S.V.K., 15.5.1948, en andere.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beplan moes word, omdat die Stadsraad gebonde is om die omgewing van die Monument aantreklik te hou.[19] In hierdie verband het die Dagbestuur van die S.V.K. 'n komitee van die Stadsraad ontmoet, en die vertoë is deur die betrokke komitee baie simpatiek ontvang. Die W.N.N.R. het intussen ook die Stadsraad en die S.V.K. meegedeel dat hy sy navorsingslaboratoriums op 'n ander terrein sou oprig en dat dit dus nie meer naby die Monument opgerig wou word nie.[20]

## 7. DIE INWYDING VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT

Aanvanklik was die idee om die Monument op 16 Desember 1943 in te wy. Nege maande na die hoeksteenlegging op 16 Desember 1938 het die Tweede Wêreldoorlog egter uitgebreek. Reeds vroeg is besef dat die inwyding nie meer op die beplande datum sou kon plaasvind nie. Die gevolg was dat die inwyding eers elf jaar na die hoeksteenlegging kon plaasvind.[1] In 1947 het die S.V.K. naamlik aan die Regering te kenne gegee dat die inwyding in Desember 1949 kon plaasvind.[2]

Eindelik is in 1948 met dr. D.F. Malan, destydse Eerste Minister, ooreengekom dat die fees 'n volksfees met Staatsteun sou wees, gereël deur 'n spesiale komitee. Dr. Malan het beklemtoon dat die groot gedagte agter die Monument erken moes word en dat die feesprogram dit moes beliggaam. Dit was ook sy wens dat die breë publiek in verband met die feesvierings in aanmerking geneem moes word, want die Voortrekkermonument is 'n nasionale monument.[3] Dit is betekenisvol dat die Eerste Minister vooraf die feesorganiseerders daaraan herinner het dat die inwyding van byvoorbeeld 'n kerk 'n groter geleentheid as die hoeksteenlegging daarvan is.[4]

Die inwyding van die Voortrekkermonument moes 'n groot en waardige fees met 'n betekenis vir die toekoms wees. Daarom moes iets beplan word wat die volksverbeelding met die oog op die inwydingsfees sou aangryp soos die Ossewatrek dit in 1938 gedoen

19) S.V.K., Notule, 16.8.1948.
20) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 9.12.1948.
1) Die Voortrek, (Spesiale byvoegsel tot Die Transvaler), 13.12.1949, p. 75.
2) Amptelike Gids, Die Voortrekkermonument, (Pretoria), p. 71.
3) S.V.K., 1 10/1, Verslag: Samesprekings deur Dagbestuur van die S.V.K., met Eerste Minister, 6.12.1948.
4) Botha, M.C., Die Huldejaar 1949, (Johannesburg, 1952), p.19.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het. In hierdie behoefte is deur die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) se Rapportryersonderneming voorsien.[5)]

Die feestelikhede van 1949 het dus in twee kategorieë geval : die voorspel tot die inwyding by wyse van die Rapportryersfeeste, en die inwydingsfees by die Monument.

### (a) DIE RAPPORTRYERS

#### (i) Oorsprong van die gedagte

Die Rapportryerfeesplan het spontaan gekom. Ongeveer agtien maande voor die inwydingsfees is die gedagte van hierdie feesplan binne die klein kringetjie van die Uniale Dagbestuur van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S.A.S. en H.) in sy hoofkantoor in Johannesburg aanhangig gemaak en bespreek. Die Uitvoerende Raad van genoemde vereniging het die feesplan aanvaar, maar daar is besluit om eers die uniale verenigingskongres daaroor te raadpleeg. In September 1948 is die gedagte prinsipieël aan die A.T.K.V.-kongres in Oos-Londen gestel en met besondere geesdrif ontvang en gesteun. Hiermee was die grondslag binne eie geledere gelê. In die volgende fase moes daar wyer steun vir die voorgestelde feesskema gevind word. Die Uitvoerende Raad van die F.A.K. is in Bloemfontein ontmoet en die aktiewe medewerking van hierdie liggaam is verkry. Die volgende stap was om die S.V.K. en die Regering in te lig, want op daardie stadium het die Voortrekkermonumentinwydingskomitee (V.I.K.) nog nie bestaan nie.[6)]

#### (ii) Die Uniale Rapportryers-reëlingskomitee

ŉ Uniale Rapportryers-reëlingskomitee is gevorm. Hierdie komitee van nege lede het bestaan uit verteenwoordigers van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) en die F.A.K. om as gesamentlike komitee die feeste uniaal te organiseer en saam alle verantwoordelikhede te dra. Die volgende persone het in hierdie komitee gedien :

Namens die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) : Mnre. J.E. Reeler (voors.), J.A. Fourie, A. Swart, M.J. Beukes en M.C. Botha (sekretaris).

---

5) Amptelike Gids, <u>op. cit</u>., p. 71.
6) Botha, <u>op.cit.</u>, p. 21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Namens die F.A.K. : Prof. J.C. van Rooÿ (ondervoorsitter), mnre. A.F. Weich, J.P. van der Spuy en J.C. Greyling.[7)]

### (iii) Voorbereidingswerk en roetebeplanning

Die Dagbestuur van die S.V.K. het die voorgestelde feesplan verwelkom en ook onderneem om dit aan die destydse Eerste Minister, dr. D.F. Malan, voor te lê. Dr. Malan was baie in sy skik met hierdie plan en het dit aangeprys as iets met groot moontlikhede om voor die inwyding van die Voortrekkermonument die geesdrif van die volk op te wek.[8)]

Met die beplanning van die Rapportryersfeeste is steeds rekening daarmee gehou dat die Monument ingewy gaan word as 'n rigtinggewende besieler vir die toekoms en die feestelikhede moes dus 'n boodskap vir die toekoms probeer bring, maar daarby kultuurhistories, op volksgebruike gebaseer wees. Die kerngedagte van die plan was dan ook dat boodskappe (rapporte) van alle dele van ons land (ook Suidwes-Afrika en Rhodesië) deur georganiseerde gemeenskapsuitinge van die volk na Pretoria gestuur moes word en hierdie boodskappe moes met die oog op toekomstige ontwikkelinge opgestel word.[9)]

Die boodskappe sou deur rapportryers na Pretoria vervoer word, en die rapportritte is op die lees van die stelsel van rapportryers in ons ou kommandostelsel geskoei. Rapporte moes - soos in die kommandostelsel - deur georganiseerde instansies opgestel en gestuur word. Die Rapportryers sou gebruik maak van die perd, die bladsak, die saalsak, en, sodra die rapporte vermeerder, van hand- of pakperde. Die perde en ruiters sou op beplande wyse afgelos en vervang word. Hoewel organisasies, en dus nie alle belangstellende individue nie, boodskappe kon stuur, kon gesiene individue tog gevra word om 'n individuele boodskap op te stel.[10)]

Vooraf is leiding gegee betreffende die aard van die boodskappe, sodat dit nie 'n seksionele partypolitieke inslag sou kry, of banaal of verspot word nie. Daar is op gewys dat dit 'n volksboodskap oor ons nasionale voortontwikkeling behoort te wees.[11)]

---

7) <u>Ibid</u>., p. 21.
8) <u>Ibid</u>., p. 21.
9) S.V.K., I 10/1, Aantekening deur M.C. Botha.
10) <u>Ibid</u>.
11) <u>Ibid</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar was baie oorwegings wat by die ontwerp van die hoofroetes deur die land in aanmerking geneem moes word. Die land moes redelik goed deurkruis word, roetes moes deur die digsbewoonde gebiede gaan, sover prakties moontlik moes erkenning aan ou historiese roetes en gedenkwaardige plekke verleen word. Die klimaatsomstandighede en die aardrykskundige werklikheid van ons land kon ook nie verontagsaam word nie; en bowe alles moes gesorg word dat die roetes oor die land gerieflik uitmekaar en inmekaar loop waar dit nodig was, en dat die rapportryers langs alle roetes op 13 Desember in Pretoria sou saamkom, sodat hulle op 14 Desember die laaste rit na die Voortrekkermonument kon aanvaar. Die maklikste metode was dan ook agteruitberekening, d.w.s. beginnende op 14 Desember by die Monument, terug tot by die verskillende aanvangspunte. Dit het met slegs geringe aanpassinge so uitgekom dat die eerste Rapportryers op die historiese 10 Oktober kon begin. Daarom is dit so beplan dat op 10 Oktober op Hartenbos, die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) se landgoed naby Mosselbaai, met die Rapportryers van roete 1, deur die Boland, en die van roete 2 oor Port Elizabeth begin is.[12] Altesame was daar meer as 350 plaaslike reëlingskomitees op en naby al die roetes van die Rapportryers om die plaaslike feeste te reël.[13]

Die Rembrandt-Tabakkorporasie het spontaan aangebied om 'n vragmotor met bestuurder op elke roete vir enige gebruik wat daarvan gemaak kon word, beskikbaar te stel. Die leerbladsakke wat op al die amptelike roetes vir die rapporte gebruik is, is welwillend deur Uniewinkels geskenk.[14]

'n Bykomende skema wat in samehang met die rapportryersritte aangedurf is, het die volgende tweeledige doel beoog :

Om vas te stel watter dokumente, foto's en voorwerpe van geskiedkundige aard in private besit is; en om te bepaal wie die besitters is en watter vooruitsigte bestaan dat sodanige materiaal vir veilige bewaring, òf aan die argief, òf aan 'n openbare museum besorg kon word. Hierdeur is 'n gulde geleentheid gebied om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die koördinasie van gegewens oor ons kultuurbesit van tasbare aard, en terselfdertyd ontsaglik veel historiese materiaal te red wat in private besit

12) Botha, <u>op. cit</u>., p.27.
13) <u>Ibid</u>., p. 28.
14) <u>Ibid</u>., p. 28.

noodwendig moes verwaarloos en verlore gaan.[15)]

### (iv) Rapportryers in aksie

Die Rapportryers in aksie was selfverduidelikend. Treffend het hulle by die hoofgedagte van die inwydingsfees van 1949 ingepas, naamlik dat die Voortrekkermonument as ŉ rigtinggewende besieler vir die toekoms ingewy wou word. Die vervoer van rapporte in die bladsak, op sigself ŉ geërbiedigde kultuurhistoriese besit, het onmiskenbaar inhoud en betekenis aan die skema gegee - die Rapportryers het die draers van ŉ idee, van volksboodskappe geword.

Die volgende vyftien roetes is gevolg :

Roete 1 : Van Hartenbos oor Bredasdorp tot by Stellenbosch, waar dit by roete 3 aangesluit het.

Roete 2 : Van Hartenbos oor Port Elizabeth, Slagtersnek, Bulhoek en Thaba 'Nchu deur die Riemland tot by Vegkop, waar dit met roete 3 saamgesluit het.

Roete 3 : Van Kaapstad deur die Karoo oor Boomplaas, Bloemfontein, Winburg, Vegkop en Johannesburg tot in Pretoria.

Roete 4 : Van Belville deur die Swartland oor Calvinia en Prieska tot by Kimberley, waar dit met roete 5 verenig het.

Roete 5 : Van Richmond, (uit roete 3 uit) oor Britstown, Kimberley, Potchefstroom, die Wes-Rand en Hekpoort tot in Pretoria.

Roete 6 : Dit het uit twee takke bestaan :

(a) Van Oos-Londen oor Bezuidenhoutsgrot tot by Bulhoek, waar dit by roete 2 aangesluit het, en

(b) Van Komga oor Stutterheim en Molteno tot in Steynsburg, waar dit by roete 2 aangesluit het.

Roete 7 : Van Durban oor Weenen, Bloedrivier, Piet Retief en Middelburg (Tvl.) tot in Pretoria.

Roete 8 : Van Ladysmith (uit roete 7 uit) oor Harrismith, Frankfort, Standerton en die Oos-Rand tot in Pretoria.

Roete 9 : Van Umtali oor Salisbury, Fort Victoria, Beitbrug

---

15) Rapportryers-Reëlingskomitee, <u>Die Roeteboek van die Rapportryers</u>, (Johannesburg, 1949) pp. 1-3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en Potgietersrus tot in Pretoria.

Roete 10 : Van Bulawayo na Enkeldoorn, waar dit by roete 9 aangesluit het.

Roete 11 : Van Cashel (Suid-Rhodesië) oor Melsetter deur Gazaland tot by Fort Victoria waar dit in roete 9 opgeneem is.

Roete 12 : Van Soekmekaar (uit roete 9 uit) oor Leydsdorp en Lydenburg tot by Machadodorp, waar dit in roete 13 saamgesmelt het.

Roete 13 : Van Barberton oor Kaapmuiden en Machadodorp tot by Middelburg, waar dit met roete 7 verenig het.

Roete 14 : Van Springbok deur Boesmanland oor Upington, Kuruman, Lichtenburg, Mosega en Brits tot in Pretoria.

Roete 15 : Van Walvisbaai deur die Namib-woestyn oor Okahandja, Windhoek, Kalkfontein en Nakop tot in Upington, waar dit by roete 14 aangesluit het.[16)]

Die Rapportryers het teen 'n snelheid van sowat vyf myl per uur gery en het sowat dertig myl per dag afgelê. Hulle was gewoonlik in Voortrekkerdrag of gewone burgerlike drag geklee, want die dra van enige uniforms, behalwe die van die Voortrekkerbeweging, is nie toegelaat nie. Ook is daarvoor gesorg dat 'n Bybel op elke roete in een van die bladsakke saamgeneem is om daagliks gebruik te word.[17)]

Bevoegde liggame en organisasies het konsepboodskappe by hulle plaaslike reëlingskomitees ingedien, wat dan weer uit die konsepte die beste boodskap gekies het, of een boodskap uit almal saamgestel het. Die gesamentlike boodskap van die sentrum is dan namens al die liggame wat konsepte ingedien het aan die Rapportryers oorhandig by geleentheid van die plaaslike fees.[18)] Die Rapportryers het dan die boodskappe wat aan hulle toevertrou is onder toesig van die veldkornet, die verantwoordelike leier op elke roete, tot by die Voortrekkermonument vervoer.[19)]

Skouspelagtige optogte, groot kommando's, indrukwekkende voorstellings en tablo's, verruklike fakkellope en vreugdevure, gesellige volksaande met volksang, volkspele en vleis-

---

16) Botha, op.cit., pp. 27-28.
17) Die Burger, 6.5.1949.
18) Rapportryers-Reëlingskomitee, op.cit., p. 3.
19) Botha, op. cit., pp. 22-23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



braaiery, besielende redevoerings, en stigtende dienste was op 'n uitgebreide skaal meer as twee maande lank oor die hele suidelike helfte van Afrika aan die orde. Dit tipeer die diepere betekenis van die Rapportryersfeeste : dit was nie 'n onsamehangende optog met uiterlikhede nie, maar dit was die feestelike aantog van 'n volk, innerlik deur 'n gemeenskaplike emosie aangevuur. Daar was 'n onstuitbare emosie van danksegging en hulde wat uit die volksgemoed opgestu en in die Rapportryersfeesplan 'n natuurlike uiting gevind het.[20)]

Reëlingskomitees van plaaslike feeste het ter bestryding van hulle eie onkoste fondse ingesamel. Die netto opbrengs is dan aan die Uniale Rapportryers-Reëlingskomitee gestuur, wat dit weer aan die S.V.K. geskenk het.[21)]

Die inwydingsprogram van die Voortrekkermonument is so opgestel dat die aankoms van die Rapportryers daarby ingepas het en 'n belangrike onderdeel daarvan uitgemaak het. Vier en dertig bladsakke is naamlik deur veldkornette aan die einde van vele en lange togte (± 14,000 myl) kort na elfuur op 14 Desember 1949 voor dr. E.G. Jansen, voorsitter van die V.I.K., op die verhoog van die amfiteater neergesit.[22)]

Daar kan sonder vrees vir teenspraak verklaar word dat die Rapportryersonderneming van 1949 as geheel 'n reuse sukses en 'n treffende voorspel tot die inwyding van die Voortrekkermonument was. Die redes vir hierdie welslae is nie net in uiterlike aangeleenthede, soos die goeie reëlings van die baie komitees geleë nie, maar veral in die wesentlike kenmerke van die feesplan self, soos onder andere die spontaneïteit en soepelheid daarvan, die geleenthede vir gelykwaardige deelname daaraan deur alle belangstellendes en die sterk aanleuning daarvan op die heldeverlede, gepaard daarmee dat die volk in 1949 in 'n stemming van gerustheid en kragbewustheid was, sodat hy as't ware met 'n gevoel van trots en hoogmoed vryelik kon feesvier en jubel.[23)]

Na aanleiding van die Rapportryers het die digter Uys Krige hierdie treffende strofe geskryf :-

---

20) <u>Ibid</u>., p. 26.
21) Rapportryers-Reëlingskomitee, <u>op. cit</u>., p. 3.
22) Botha, <u>op. cit</u>., p. 28.
23) <u>Ibid</u>., p. 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„In die môre vroeg
in die middag laat
langs die stil plaaspad,
op die asfaltstraat.
Uit die Ooste, die Weste,
van Suid en van Noord
deur die hitte, die koue
kalm, onverstoord
ry hul voort, ry hul voort ...." 24)

**(v) Die boodskappe**

Die hoofbesture van uniale en provinsiale organisasies is toegelaat om elkeen 'n boodskap te stuur. Takke van liggame, soos skakelkomitees, kerkrade, ens., moes egter met alle ander plaaslike belanghebbendes saamwerk om deur middel van hulle eie Rapportryers-reëlingskomitee 'n plaaslike boodskap op te stel. Die vyf Administrateurs, prof. J.D. du Toit (Totius) en mev. pres. Steyn is om persoonlike boodskappe genader.25)

Mev. pres. Steyn se boodskap het onder andere die volgende bevat : „My eerste ondervinding wat my met rapportryers in aanraking gebring het, dagteken uit die oorlogstyd toe ek nog in Bloemfontein in die Presidentswoning was en toe Lord Roberts met sy groot oormag opgetrek het na Kimberley. Dag en dag moes die rapportryers hul rapporte aan die President bring en die President het ook bevel gegee dat hulle hom in die nag moes wakker maak om ook die nagtelike berigte te kan ontvang. Ek weet nog goed hoe knap die rapportryers hul werk gedoen het en verheug my oor die feit dat ons vanjaar, met die groot optog van Rapportryers na ons groot inwydingsfees daar by Pretoria, ook op hierdie wyse hulde kan bring aan die nagedagtenis van al die manne, wat in die oorlogstyd op onverskrokke wyse hulle belangrike pligte goed en trou vervul het." 26)

Altesaam is 598 boodskappe wat meer as 70,000 woorde beslaan na afloop van die fees bymekaar gesit. Hierdie boodskappe

24) Die Burger, 7.2.1950. (Aanhaling uit „Op Hoefgeklap se Maat", deur Uys Krige, wat hy geskryf het as kommentaar, vir die film „Hulde aan die Trekkers".)
25) Botha, op.cit., p. 211.
26) Gedenkprogram : Ontvangs van die Rapportryers, Bloemfontein, 23-25.11.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was afkomstig van alle uithoeke van die Unie, Swaziland, Lourenço Marques, die twee Rhodesiës, Tanganjika en Kenia.[27)]

By die deurlees van die rapporte het dit opgeval hoe op ŉ verskeidenheid maniere uiting aan die „boodskap" gegee is. Die volgende is die opvallendste soorte :

Die raadgewende opdrag : Dit het gevolg op die aanhef „aan ons volk as rigsnoer vir die toekoms" wat op die gestandaardiseerde vel papier gedruk is.

Die dank- en huldebetuiging : Dank teenoor die Allerhoogste vir Sy beskerming van ŉ volk en hulde teenoor ŉ stoere voorgeslag vir hulle opofferinge en baanbrekerswerk.

Die belydenis : Dit het die algemene en omvattende belydenis van die organisasies of gemeenskap se oogmerke en taak weergegee.

Die onderneming of belofte : Hierin word onderneem of belowe dat met bepaalde strewes of take sover moontlik volhard sal word.

Die bede : Byvoorbeeld : „Mag ons in ons plig en taak nooit ontrou bevind word nie."

Simboliek van omgewing : Hierdie boodskappe was gegrond op die geskiedenis of aardrykskunde van die omgewing. So byvoorbeeld het Warrenton se boodskap sy aanknopingspunt gevind by die diamante en besproeiingskema van die omgewing.

Vertolking van Voortrekkermonument : Die Monument is as volksbesit vertolk. In die boodskappe word die Monument genoem : ligbaken vir die toekoms, lewende volksgebou, Ebenhaeser, Afrikanerheiligdom, wegwyser, besieler, koersbaken, bergvesting, volksaltaar, kragbron, die Sion van ons geskiedenis, tempel, simbool van Afrikanerskap, ens. Die betekenis wat die Monument vir die volk inhou, is talryk en wyd geskakeerd.[28)]

Dit spreek vanself dat in so ŉ groot aantal boodskappe baie gemeenskaplike gedagtes sou voorkom. Deur die hooftemas wat dwarsdeur al die boodskappe kronkel, te behandel, kan op die doeltreffendste manier ŉ algemene beeld van die inhoud daarvan weergegee word. Die volgende temas word aangetref :

---

27) Botha, op. cit., p. 211.
28) Ibid., pp. 212-215.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die godsdiens : Die godsdienstema was beslis oorheersend. Die boodskappe getuig daarvan dat die Afrikanervolk nog 'n onwrikbare geloof in God het, 'n geloof wat vrees vir die toekoms verban en wat van fundamentele belang vir die handhawing van die Afrikaanse volkskarakter is. Dank is teenoor die Here betuig vir sy genade om die Afrikanervolk deur sy vele beproewinge te lei. Voorts maan die boodskappe afdwalende volksgenote om na die albestierende God van ons voorouers terug te keer.

Die blanke beskawing : Die handhawing van 'n blanke beskawing in Suid-Afrika tot in die verste toekoms, is, blykens die boodskappe 'n sterk gekoesterde en bewuste ideaal by die volk. Die volk beskou sy blankheid as een van sy trotste kleinode, een van die mees tipiese erfenisse wat oor die grootste beproewinge getriomfeer het.

Vryheidstrewe : Die rapporte bring duidelik aan die lig dat vryheidsliefde 'n fundamentele karaktertrek van die Afrikaner is. Die drang na vryheid wat een van die vormende faktore in die ontstaan van die Afrikanervolk was, wortel nog diep in die lewe van die volk. Vir die Afrikaner was daar nog steeds 'n onverbreekbare verband tussen sy vryheidstrewe en sy vertroue in God.

Taal en algemene kultuursake : Blykens die boodskappe is die Afrikaanse taal vir die Afrikanervolk een van sy dierbaarste besittings. Tereg heet dit in die boodskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns dat die vadere gehuldig kan word deur die taal in die volksmond lewend te hou. Ook die breë kultuurterrein word in die boodskappe oorskou. Die allesinsluitende opdrag aan ons volk is om te sorg „dat die erwe van ons vadere vir ons kinders erwe bly" en dat die bakens van die Afrikanervolk nie verlê word nie, waarvoor voortdurende waaksaamheid 'n vereiste is.

Maatskaplik-sedelike ontwikkeling : In die vermaninge oor sedelik-maatskaplike aangeleenthede word die groot deugde van eerlikheid, geregtigheid, eenvoud, onderlinge trou en naasteliefde aan die volk voorgehou. 'n Besonder groot aantal boodskappe, waaronder byna almal van die vroueverenigings, het betrekking op die gesinslewe: Wees vrugbaar, vermeerder en vul Suid-Afrika. Verstewig die huisgesin, fondament van die volkslewe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volkseenheid : In 104 rapporte word die begeerte uitgespreek dat volkseenheid tot stand mag kom en gehandhaaf word. Die kernvraag wat deurgaans vrywel onbeantwoord bly, is : Wie almal moet in die volkseenheid saamgebind word?

Ekonomiese uitbouing : Duidelik klink dit uit die boodskappe dat die bewuswording van die Afrikaner op ekonomiese gebied nog voortduur in die stryd om ekonomiese onafhanklikheid. Algemene wense oor die noodsaaklikheid van ekonomiese selfverwesenliking is uitgespreek.

Die jeug : Die toon en strekking van boodskappe van organisasies soos die Voortrekkers, jeugbewegings, skoolgroepe, ens., getuig van 'n jeug waarop die Afrikaanse volk oneindig trots kan wees. Die jeug is diep bewus van sy roemryke herkoms en glorieryke volksverlede en is deurgloei van onblusbare volkstrots en 'n onstuitbare drang om die hoogste diens in die belang van volk en vaderland tot eer van God te lewer.[29)]

Deur die hooftemas van die ingestuurde boodskappe in aanmerking te neem, het mnr. M.C. Botha die volgende saamgestelde boodskap opgestel, wat beskou kan word as 'n samevatting van die rapporte deur die Rapportryers van heinde en verre aangebring :

„Ons glo in die albestierende God van ons voorgeslagte en in Sy ewige raadsplan met ons Afrikaanse nasie en ons smeek ons volk om op Sy weg te wandel.

„Ons beskou ons Christelike blanke beskawing as 'n heilige erfenis en roep ons volk en alle komende geslagte op om dit onversaagd te handhaaf, en uit te bou, steeds in 'n gees van voogdyskap oor alle nie-blankes.

„Ons roem die vryheidstrewe van ons vadere en sal altyd streef om dit te beskerm en onder leiding van die Heer in die hoogste staatsvryheid te verwesenlik.

„Ons onderneem om ons moedertaal, Afrikaans, te alle tye te eer en oral te handhaaf en verder om al ons kultuurerfenisse liefdevol te troetel en uit te bou.

„Ons dra dit aan ons volk op om die groot deugde soos eerlikheid, geregtigheid en naasteliefde uit te lewe en die verstewiging van die gesinslewe as 'n hoë verpligting in die opbou van ons nasie te aanvaar.

29) Ibid., pp. 217 - 227.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Ons sal trag om eenheid van sin en strewe in die volkslewe werklikheid te maak.

„Ons bede is dat ons as Afrikaners mekaar in die ekonomiese lewe sal skraag en dat ons deur toegewyde arbeid sal meewerk tot die ekonomiese selfstandigheid van ons volk." [30]

---

Die Rapportryersfeesplan wat reeds meer as twee maande voor die inwyding van die Voortrekkermonument op die uithoeke van ons land en selfs daarbuite 'n aanvang geneem het, het ongetwyfeld 'n groot rol gespeel om die gemoed van die volk vir die inwydingsfees voor te berei en die volksgeesdrif groeienderwys aan te vuur. Dit is tekenend van die aansteeklike trots en geesdrif dat ook die Nederlandse afgesante wat die fees bygewoon het, hulle self Rapportryers uit Holland genoem het.[31]

### (b) DIE VOORTREKKERMONUMENT-INWYDINGSKOMITEE (V.I.K.)

Reeds in die middel van die veertigerjare het die Dagbestuur van die S.V.K., wat die oprigting van die Voortrekkermonument beheer het, met die destydse Regering begin onderhandel oor die inwyding van die Monument. In 1947 is van die Sekretaris van Binnelandse Sake verneem dat die Regering die inwyding van die Monument wou reël, waarop die Dagbestuur van die S.V.K. die houding ingeneem het dat 'n spesiale komitee, deur die S.V.K. aanbeveel en deur die Staat benoem, die aangewese organiseerder van die feestelikhede sou wees. Aan die Regering is in 1947 deur die Dagbestuur te kenne gegee dat die Monument waarskynlik in Desember 1949 voltooi sou wees sodat die inwyding dan kon plaasvind. Die onderhandelings het stadig gevorder totdat die S.V.K.-dagbestuur in Augustus 1948 'n samespreking met die destydse Eerste Minister, dr. D.F. Malan, in Kaapstad gehad het, waar in beginsel ooreengekom is dat die inwyding van die Voortrekkermonument in Desember 1949 'n volksfees met Staatsteun sou wees en deur 'n komitee, deur die Staat

---

30) Ibid., p. 227.
31) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig oor die werksaamhede van die V.I.K. ter inwyding van die Voortrekkermonument, Pretoria, Des. 1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



benoem, waaroor die S.V.K.-Dagbestuur aanbevelings kon indien, gereël moes word.[32]

Daarna is ŉ memorandum deur die Dagbestuur aan die Regering voorgelê. Daarin het die Dagbestuur hom oor die strekking van die fees uitgespreek en ŉ reeks aanbevelings gedoen, o.a. oor die samestelling van die V.I.K., oor die geldelike behoeftes en finansiële beheer. Dit is eindelik gevolg deur die aankondiging van die V.I.K. vroeg in April 1949.[33]

Tot tyd en wyl die V.I.K. behoorlik gekonstitueer kon word, het die Dagbestuur van die S.V.K. met dringende reëlings en voorbereidings vir die V.I.K. ŉ aanvang gemaak en ŉ onderkomitee is ook voorlopig met die doel in die lewe geroep.[34] Trouens, die S.V.K. het deurgaans ŉ houding van belangstellende voogdyskap in verband met die feesorganisasie ingeneem.

Dit was die V.I.K. se taak om al die verbygaande reëlings in verband met die fees ter inwyding van die Voortrekkermonument te tref : die opstelling en uitvoering van ŉ program, die inrigting van ŉ feeskamp en die verhuring van tydelike huisvesting. Hierdie werk van die V.I.K. moet duidelik onderskei word van die S.V.K. se werk, naamlik die oprigting en voltooiing van die Monument, asook sy nuwe taak in 1949 aangepak en afgehandel, naamlik die bou van die amfiteater. Duidelikshalwe moet hier ook herinner word dat die V.I.K. nie verantwoordelik was vir die landswye reëlings van die Rapportrytersfeeste nie en dit is slegs toevallig dat dieselfde persoon sekretaris was van, sowel die V.I.K. as die Uniale Rapportryers-Reëlingskomitee.[35]

Die organisering van so ŉ groot fees is in der waarheid niks anders nie, as die opbou van ŉ reusagtige konstellasie uit al die nodige onderdele van verskillende groottes, ŉ magtige raderwerk, saamgestel uit ŉ menigte ineenvoegende ratjies. Die krag en doeltreffendheid van so ŉ raderwerk is dan werklik ook afhanklik van die betroubaarheid en sterkte van elke afsonderlike ratjie. In hierdie geval was die V.I.K. egter die hoofrat, met die onderkomitees as die meewerkende elemente.[36]

---

32) <u>Ibid</u>.
33) <u>Ibid</u>.
34) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 14.2.1949.
35) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit</u>.
36) Botha, <u>op.cit</u>. p. 253.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die V.I.K. het uit die volgende lede bestaan :

Uitvoerende Komitee : Dr. E.G. Jansen (voorsitter), mnr. I.M. Lombard (ondervoorsitter), mnr. M.C. Botha (ere-sekretaris), mnr. S.J. Botha, mnr. J.C. Fourie (Burgemeester van Pretoria), dr. J.E. Holloway, prof. dr. T.J. Hugo, mev. M.M. Jansen, dr. W. Nicol (Administrateur van Transvaal), mnr. J.E. Reeler, mev. E.C. van der Lingen, mnr. G. Moerdyk (argitek-adviserend), mnre. N.J.A. Loubscher (Tesourie beampte) en V.N. Marais (Munisipale beampte), ampshalwe. Ander lede was : mnr. J.J. Boshoff, ds. A.J.V. Burger, mnr. J.G. Carinus (Administrateur van die Kaapprovinsie), prof. G.G. Cillié, mnr. Jac. J. Coetzer, mnr. D.P. de Klerk, kol. P.I. Hoogenhout, (Administrateur van Suidwes-Afrika) ds. H.F.V. Kruger, prof. dr. W.E.G. Louw, regter C. Newton Thompson, dr. S.H. Pellissier, mnr. W.J. Pretorius (L.U.K., namens die Administrateur van die Oranje-Vrystaat), regter F.C. Reynolds, mnr. D.G. Shepstone (Administrateur van Natal), prof. dr. H.v.d.M. Scholtz, prof. J.C. van Rooij en prof. dr. H.P. Wolmarans.[37)]

Op sy eerste vergadering op 13 April 1949 in Kaapstad, het die V.I.K. 'n Uitvoerende Komitee benoem, bestaande uit V.I.K.-lede, binne maklike bereik van die Voortrekkermonument. Aan die Uitvoerende Komitee is volmag verleen om na bevind van sake te handel en besluite te neem, en om aan die V.I.K. van die algemene vordering van die werk verslag te doen. Aan die Uitvoerende Komitee is ook mag verleen om persone daarin te koöpteer en sodanige gekoöpteerdes sou met stemreg aan die verrigtinge van die Uitvoerende Komitee kon deelneem.[38)]

Na gelang van omstandighede en die behoefte is onderkomitees deur die Uitvoerende Komitee in die lewe geroep. Die volgende onderkomitees is benoem met die eresekretaris, mnr. M.C. Botha, as sekretaris van almal en mnre. N.J.A. Laubscher (Tesouriebeampte) en V.N. Marais (munisipale beampte van Pretoria) ampshalwe lede :

---

37) <u>Amptelike Program en Gedenkboek, Pretoria</u>, 13-16.12.1949, p. 128.
38) E.G.J., F.111.16.a.(a), Notule van V.I.K., 13.4.1949.

Brosjurekomitee : Hierdie komitee is oorspronklik deur die S.V.K.-Dagbestuur benoem ter voorbereiding van die algemene artikels wat in die amptelike programboek geplaas is.[39)]

Hierdie komitee het bestaan uit : Prof. dr. T.J. Hugo (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), prof. dr. A.N. Pelzer, dr. G.D. Scholtz, mnr. G. Moerdyk,(adviserend) en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[40)]

Programkomitee : Hierdie komitee was belas met die opstel en uitvoer van die feesprogram. Ondergeskik aan hierdie onder-komitee was daar nog 'n spesiale komitee deur die F.A.K. aange-stel vir sang, musiek en toneel waarvoor die F.A.K. se mede-werking gevra is.[41)]

Die Programkomitee het bestaan uit : Mnr. I.M. Lombard (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. J.H. Basson, dr. F.C.L. Bosman, mnr. P.P. Breytenbach, dr. E.G. Jansen, dr. Wm. Nicol, mnr. G. Moerdyk, dr. S.H. Pellissier, prof. C.H. Rautenbach, mev. E.C. van der Lingen, mnr. J.P. van der Spuy, mnr. A.F. Weich en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[42)]

Terreinkomitee : Hierdie komitee was verantwoordelik vir die reëling van die werk, deur die Pretoriase Stadsraad uitgevoer, in verband met die gereedmaak van die terrein, paaie, sanitêre geriewe, water en elektrisiteitstoevoer, ens.[43)]

Die Terreinkomitee het bestaan uit : Mnr. J.H. Visse (voorsitter), mnr. I.M. Lombard (ondervoorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. S.J. Botha, mnr. J.C. Fourie, dr. A. Hertzog, mnr. G. Moerdyk (adviserend), prof. dr. T.J. Hugo, mnr. E.O'C. Maggs, en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[44)]

Kampkomitee : Hierdie komitee was vir die oprigting van die hele feeskamp en die beheer daaroor verantwoordelik.[45)]

---

39) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.
40) Amptelike Program, op.cit., p. 128.
41) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.
42) Amptelike Program, op.cit., p. 129.
43) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.
44) Amptelike Program, op.cit., p. 129.
45) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Kampkomitee het bestaan uit : Mnr. S.J. Botha (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. B.H. Badenhorst, mnr. N.C. Bell, mnr. W. Heckroodt, dr. H. Nelson, mnr. F. Nicholson, maj. P.L.J. Wessels, maj. G. Pienaar, mnr. F.B. van Niekerk, mnr. J.H. Visse, kol. H.J. Zinn, mnr. G. Moerdyk, en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[46)]

Drukwerkkomitee : Hierdie komitee het al die drukwerk behartig en toesig oor die tegniese versorging daarvan gehou.[47)]

Die Drukwerkkomitee het bestaan uit : Prof. dr. T.J. Hugo (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. H.P.H. Behrens, mnr. J. de Beer, mnr. J.P. van der Spuy, mnr. G. Moerdyk, en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[48)]

Verversingskomitee : Reëlings betreffende die verskaffing van verversings en lewensmiddele op die terrein, is deur hierdie komitee getref.[49)]

Die Verversingskomitee het bestaan uit : Mev. E.C. van der Lingen (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. J. Combrink, mnr. H.A.J. de Bruyn, mev. M.M. Jansen, dr. H. Nelson, mnr. F. Neser, mnr. F. Nicholson, mnr. F. van der Merwe, mnr. G. Moerdyk (adviserend), en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[50]

Vervoerkomitee : Hierdie komitee was vir die vervoerreëlings met die Suid-Afrikaanse Spoorweë en munisipale busdienste verantwoordelik.[51)]

Die Vervoerkomitee het bestaan uit : Mnr. J.E. Reeler (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. N.C. Bell, kol. F.W. Pettipher, maj. G. Pienaar, mnr. J. Viljoen, maj. P.L.J. Wessels, mnr. G. Moerdyk, en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[52)]

Handelskomitee : Hierdie komitee moes vir noodsaaklike handelsdienste (verversings en voedsel uitgesluit) op die terrein sorg.[53]

---

46) Amptelike Program, op.cit., p.129.
47) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.
48) Amptelike Program, op.cit., p. 130.
49) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.
50) Amptelike Program, op.cit., p. 130.
51) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.
52) Amptelike Program, op.cit., p. 130.
53) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Handelskomitee het bestaan uit : Mnr. I.M. Lombard (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. S.J. Botha, mnr. J.H. Visse, mev. E.C. van der Lingen, mnr. G. Moerdyk, en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[54)]

Hierdie onderkomitees was almal ondergeskik aan die Uitvoerende Komitee wat vanselfsprekend ander diverse werk, waarvoor die aanwysing van onderkomitees onnodig geag is, behartig het. Die nodige aaneenskakeling, onderlinge verband en verstandhouding is in die praktyk bewerkstellig deur die eresekretaris se volle lidmaatskap van al die onderkomitees. Boonop was al die onderkomitees, of in die persoon van hulle voorsitters, of deur ander lede in die Uitvoerende Komitee verteenwoordig.[55)]

Die hele administratiewe struktuur is op twee pilare gebou : eerstens die stelling van die feesdoel, soos in die memorandum van die S.V.K.-Dagbestuur uiteengesit, en tweedens die voorskrywing van die finansiële prosedure, soos in die memorandum van dr. J.E. Holloway, destydse Sekretaris van Finansies, uiteengesit. Hierdie twee memorandums het die twee funksionarisse waaromheen die administrasie moes draai, na vore gestoot : die eresekretaris, mnr. M.C. Botha, en die Tesouriebeampte, mnr. N.J.A. Laubscher.[56)]

Die eresekretaris het al die gewone werksaamhede van 'n sekretaris behartig, maar gaandeweg het hy al hoe meer ook 'n rol vervul wat naastenby aan dié van 'n besturende direkteur gelykstaan, vir sover as dat hy, dikwels onder die druk van omstandighede, namens sy Uitvoerende Komitee moes handel. Die eresekretaris was ook die sekretaris van alle onderkomitees sodat hy alle vertakkinge van die werk kon koördineer en botsende besluite kon probeer afweer. Die Tesouriebeampte moes in opdrag van die Tesourie, toesig oor die V.I.K. se finansiële betrekkinge met die Staat en die Stadsraad van Pretoria hou. Hy moes ook die boekhouding beheer en alle uitbetalings magtig. Hy is deur 'n bevoegde rekenpligtinge amptenaar van die Tesourie, mnr. B. Venter, bygestaan.[57)]

---

54) Amptelike Program, <u>op.cit.</u>, p. 131.
55) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit</u>.
56) <u>Ibid</u>.
57) <u>Ibid</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Kampkomitee het bestaan uit : Mnr. S.J. Botha (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. B.H. Badenhorst, mnr. N.C. Bell, mnr. W. Heckroodt, dr. H. Nelson, mnr. F. Nicholson, maj. P.L.J. Wessels, maj. G. Pienaar, mnr. F.B. van Niekerk, mnr. J.H. Visse, kol. H.J. Zinn, mnr. G. Moerdyk, en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[46]

<u>Drukwerkkomitee</u> : Hierdie komitee het al die drukwerk behartig en toesig oor die tegniese versorging daarvan gehou.[47]

Die Drukwerkkomitee het bestaan uit : Prof. dr. T.J. Hugo (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. H.P.H. Behrens, mnr. J. de Beer, mnr. J.P. van der Spuy, mnr. G. Moerdyk, en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[48]

<u>Verversingskomitee</u> : Reëlings betreffende die verskaffing van verversings en lewensmiddele op die terrein, is deur hierdie komitee getref.[49]

Die Verversingskomitee het bestaan uit : Mev. E.C. van der Lingen (voorsitster), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. J. Combrink, mnr. H.A.J. de Bruyn, mev. M.M. Jansen, dr. H. Nelson, mnr. F. Neser, mnr. F. Nicholson, mnr. F. van der Merwe, mnr. G. Moerdyk (adviserend), en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[50]

<u>Vervoerkomitee</u> : Hierdie komitee was vir die vervoerreëlings met die Suid-Afrikaanse Spoorweë en munisipale busdienste verantwoordelik.[51]

Die Vervoerkomitee het bestaan uit : Mnr. J.E. Reeler (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. N.C. Bell, kol. F.W. Pettipher, maj. G. Pienaar, mnr. J. Viljoen, maj. P.L.J. Wessels, mnr. G. Moerdyk, en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[52]

<u>Handelskomitee</u> : Hierdie komitee moes vir noodsaaklike handelsdienste (verversings en voedsel uitgesluit) op die terrein sorg.[53]

---

46) Amptelike Program, <u>op.cit.</u>, p.129.
47) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit.</u>
48) Amptelike Program, <u>opcit.</u>, p. 130.
49) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit.</u>
50) Amptelike Program, <u>op.cit.</u>, p. 130.
51) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit.</u>
52) Amptelike Program, <u>op.cit.</u>, p. 130.
53) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit.</u>

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Handelskomitee het bestaan uit : Mnr. I.M. Lombard (voorsitter), mnr. M.C. Botha (sekretaris), mnr. S.J. Botha, mnr. J.H. Visse, mev. E.C. van der Lingen, mnr. G. Moerdyk, en mnre. N.J.A. Laubscher en V.N. Marais.[54)]

Hierdie onderkomitees was almal ondergeskik aan die Uitvoerende Komitee wat vanselfsprekend ander diverse werk, waarvoor die aanwysing van onderkomitees onnodig geag is, behartig het. Die nodige aaneenskakeling, onderlinge verband en verstandhouding is in die praktyk bewerkstellig deur die eresekretaris se volle lidmaatskap van al die onderkomitees. Boonop was al die onderkomitees, of in die persoon van hulle voorsitters, of deur ander lede in die Uitvoerende Komitee verteenwoordig.[55)]

Die hele administratiewe struktuur is op twee pilare gebou : eerstens die stelling van die feesdoel, soos in die memorandum van die S.V.K.-Dagbestuur uiteengesit, en tweedens die voorskrywing van die finansiële prosedure, soos in die memorandum van dr. J.E. Holloway, destydse Sekretaris van Finansies, uiteengesit. Hierdie twee memorandums het die twee funksionarisse waaromheen die administrasie moes draai, na vore gestoot : die eresekretaris, mnr. M.C. Botha, en die Tesouriebeampte, mnr. N.J.A. Laubscher.[56)]

Die eresekretaris het al die gewone werksaamhede van ŉ sekretaris behartig, maar gaandeweg het hy al hoe meer ook ŉ rol vervul wat naastenby aan dié van ŉ besturende direkteur gelykstaan, vir sover as dat hy, dikwels onder die druk van omstandighede, namens sy Uitvoerende Komitee moes handel. Die eresekretaris was ook die sekretaris van alle onderkomitees sodat hy alle vertakkinge van die werk kon koördineer en botsende besluite kon probeer afweer. Die Tesouriebeampte moes in opdrag van die Tesourie, toesig oor die V.I.K. se finansiële betrekkinge met die Staat en die Stadsraad van Pretoria hou. Hy moes ook die boekhouding beheer en alle uitbetalings magtig. Hy is deur ŉ bevoegde rekenpligtinge amptenaar van die Tesourie, mnr. B. Venter, bygestaan.[57)]

---

54) Amptelike Program, op.cit., p. 131.
55) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.
56) Ibid.
57) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die V.I.K. het 'n tydelike personeel in Pretoria gehad. Afgesien van klerke was 'n hoofklerk, in die persoon van mnr. J. Cloete, in diens.[58]

### (c) PERMANENTE BENODIGDHEDE

Die aanbring van permanente benodigdhede b. die Voortrekkermonument, met die oog op die inwyding daarvan, was nie die verantwoordelikheid van die V.I.K., nie, maar wel van die S.V.K. Die werk in hierdie verband het hoofsaaklik bestaan uit die maak van paaie en die oprigting van 'n amfiteater.

#### (i) Paaie en parkeerterreine

'n Aantal hoofpaaie moes geteer word en 'n aantal kleiner takpaaie kon van gruis gemaak word. Voorts was daar 'n aantal voetpaadjies, trappe en dergelike meer. Ook moes terreine as staanplek vir motors gereed gemaak word.[59]

Die Stadsraad van Pretoria het indertyd, toe die plek vir die Monument gekies moes word, aangebied om die terrein om die Monument te versorg. Die S.V.K. het dus die Stadsraad versoek om voorbereidings vir die maak van paaie, parkeer- en kampeerterreine te tref. Hierdie werk is dan ook deur die Pretoriase Stadsraad onderneem.[60] Die Provinsiale Administrasie van Transvaal het ook ingewillig om die Stadsraad met die maak van die paaie by die Monument behulpsaam te wees.[61]

#### (ii) Amfiteater

Met die opkoms van volkspele in ons land, veral na 1938, het die idee in kringe onder leiding van dr. S.H. Pellissier, vader van die volkspele, begin posvat dat by die Voortrekkermonument 'n groot verhoog vir massa-uitvoerings van volkspele gebou behoort te word. Na die groot volksvergadering wat in September 1939, na Suid-Afrika se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog, op die plek gehou is waar die amfiteater nou is, het die

---

58) B.H.J.v.R., Omsendbrief aan lede van V.I.K. en sy onderkomitees.
59) B.H.J.v.R., Memorandum: Reëlings i.v.m. Inwyding van Voortrekkermonument, 20.10.1948.
60) S.V.K., Notule, 16.8.1949.
61) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 14.2.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



idee om in dié klofie 'n amfiteater te bou, vinnig veld gewin.[62]

Die Dagbestuur van die S.V.K. het dus mnr. G. Moerdyk opdrag gegee om die nodige planne van die beoogde amfiteater op te stel.[63]

Op 1 Februarie 1949 het mnr. B.J. Schoeman, Minister van Openbare Werke, voorlopige goedkeuring vir die bou van die amfiteater by die Voortrekkermonument verleen.[64] Hierna is tenders vir die twee stukke werk gevra : vir die betonverhoog met bybehore en vir die uitgrawings en terrasse met bankies. Vir die verhoog is veertien tenders, wisselend van R47,332 tot R94,962 ontvang en vir die uitgrawings en terrasse sewe tenders, wisselend van R56,356 tot R130,545. Hierby moes nog die argiteksgelde, bereken teen 6%, gevoeg word. Die laagste twee tenders tesame het dus R103,688 bedra terwyl R100,000 deur die Staat daarvoor gestem is. Die Dagbestuur van die S.V.K. het dus voorlopig besluit ten gunste van die firma Hirst en Seun, ten bedrae van R47,332 vir die verhoog, en die tender van John Laing en Seun ten bedrae van R56,356 vir die uitgrawings en terrasse. Verder is besluit om die Regering te versoek om sy bydrae vir die amfiteater te verhoog.[65]

Die goedgekeurde Staatstoekenning van R100,000 is deur die volgende bedrae oorskry : Tenders tesame R3,688, argiteksgelde minstens R6,000, betonbanke R12,204, teerpaadjies R4,372, omheining R1,400, elektriese bedrading R1,700, alles tesaam R29,364 waarvoor geen bydrae deur die Regering gemaak is nie.[66]

'n Afvaardiging bestaande uit mnr. M.C. Botha, mnr. G. Moerdyk en dr. E.G. Jansen het op 9 Mei 1949 die Eerste Minister, die Minister van Finansies en die Minister van Binnelandse Sake gespreek oor die moontlikheid van meer geld, ten einde die amfiteater met sitruimte vir 50,000 mense te voltooi. Die vertoë was onsuksesvol en mnr. Moerdyk het intussen reeds ondersoek ingestel vir hoe ver 'n kleiner amfiteater met die beskikbare geld opgerig kon word. 'n Hersiende en verkleinde beplanning van die amfiteater, met sitruimte vir 35,000 mense is goedgekeur,

---

62) Botha, op.cit., p. 234.
63) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 9.12.1948.
64) S.V.K., M 3/1, Brief: Privaat-sekr., Minister van Publieke Werke aan Eresekr., S.V.K., 1.2.1949.
65) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 6.4.1949.
66) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 12.4.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangesien dit met die gestemde R100,000 voltooi kon word.[67)]

In 'n tyd van hoë pryse is wondere verrig om die amfiteater met sitplek vir ongeveer 35,000 mense en met staanplek vir nog baie meer vir slegs R100,000 gebou te kry. Hierdie opelugamfiteater, die enigste arena in sy soort in Suid-Afrika, is kort voor die fees voltooi. Na die inwydingsfees het die Beheerraad van die Voortrekkermonument nog aansienlike verbeteringe aan die amfiteater aangebring.[68)]

Dit word miskien nie algemeen besef hoe waardevol die amfiteater vir die fees was nie. Dit het onteenseglik baie daartoe bygedra om met sy ruimte 'n gevoel van grootsheid op te wek en luister, statigheid en groot gerief vir almal te verseker. Daarby het dit 'n uiteenlopende verskeidenheid van toneel-, koor-, volkspele- en ander uitvoerings op aangrypende wyse moontlik gemaak.[69)]

## (d) TYDELIKE GERIEWE

'n Besonder groot verskeidenheid fasiliteite van bloot tydelike aard is vir die reëling van so 'n groot fees nodig. As in aanmerking geneem word dat 'n tydelike tentestad vir 'n inwonertal wat effens groter as dié van Pietermaritzburg sou wees, beplan moes word, en dat die terrein waarop hierdie tente verrys het, ongeveer 90 morge beslaan het, kan enigsins besef word op hoe 'n uitgebreide skaal daar gewerk moes word.[70)]

Die gereedmaak van die hele groot terrein vir die feestelikhede is deur die Stadsraad van Pretoria behartig. Die munisipale landmeterskantoor het 'n doeltreffende kaart van die feesterrein en aangrensende gebiede opgestel en daarna die strate, asook die meer as 5,000 kampeer- en ander persele afgepen en genommer. Gepaard hiermee is 'n ruim busterminus en parkeerterreine vir bykans 15,000 motors gelyk gemaak. Die aanlê van water na al die strategiese plekke van die terrein en handelspersele, asook 'n soortgelyke aanleg van elektrisiteit, was ewe-eens 'n reusewerk wat uiters bevredigend deur die betrokke munisipale afdelings uitgevoer is. Die sanitêre geriewe is volgens munisipale voorskrifte deur 'n private onderneming

---

67) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 13.5.1949.
68) Amptelike Gids, <u>op.cit.</u>, p. 75.
69) Botha, <u>op.cit.</u> p.234.
70) <u>Ibid.</u>, p.238.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opgerig, maar die munisipaliteit het verantwoordelikheid vir die verwydering van nagvuil sowel as van alle ander straatafval aanvaar.[71] Spanne nie-blanke gevangenes is deur die Departement van Gevangenisse beskikbaar gestel om die noodsaaklike werk op die terrein te verrig.[72]

Die hele feesterrein het sekerlik ŉ lap aarde van minstens 200 morge beslaan en is in drie hoofkategorieë verdeel, naamlik woon-, fees-, en sakefasiliteite. Die woongeriewe het bestaan uit ronde tente vir die gewone publiek en groot markeetente vir die deelnemers en ander georganiseerde groepe, terwyl blokke met kaal standplase ook vir die publiek aangebied is. Die feesgeriewe het bestaan uit die amfiteater met al sy bykomende fasiliteite, kaartjieskantore, parkeerterreine, uitstallingslokale en dergelike meer.[73] Die sakefasiliteite het bestaan uit ŉ poskantoor en ŉ aantal tydelike winkeltjies.[74]

Al die tente en ŉ aantal sinkhutte is van die Departement van Verdediging verkry en boonop is al die tente, ongeveer 3,500 in getal, deur die Departement van Verdediging opgeslaan. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het ambagsmanne beskikbaar gestel wat vir die V.I.K. groot bedrae geld gespaar het.[75] Die hele feeslaer is in drie kampe verdeel, sodat aan elkeen van die drie noodhulporganisasies, die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga, die Rooikruis-vereniging en die St. John-Ambulansbrigade, ŉ gebied toegeken kon word waar hulle vir mediese aandag aan die feesgangers verantwoordelik sou wees. Hierdie drie organisasies se dienste is deur die Pretoriase Distriksgeneesheer gekoördineer. Daar was ook brandweerstasies deur die munisipaliteit van Pretoria voorsien.[76]

Die Kampkomitee het mnr. S.J. Botha as hooflaerkommandant en mnre. F.B. van Niekerk en B. Badenhorst as adjunklaerkommandante benoem om toesig oor die feeskamp te hou. Die Suid-

---

71) E.G.J., F.111.16.a.(e)., V.I.K. Notule van Terreinkomitee, 18.5.1949, 19.10.1949 en 2.11.1949, <u>en</u> S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit</u>.
72) Botha, <u>op.cit</u>., p. 257.
73) E.G.J., F.111.16.a.(d), V.I.K., Notule van Kampkomitee, 20.5.1949 <u>en</u> S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit</u>.
74) Botha, <u>op.cit</u>., p. 238.
75) E.G.J.,F.111.16.a.(d), V.I.K., Notule van Kampkomitee, 20.5.1949 en 29.9.1949, <u>en</u> S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit</u>.
76) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaanse Polisie was in beheer sover dit die handhawing van orde betref. Die Voortrekkerbeweging het ongeveer 3,000 Voortrekkers in die kamp gehad wat ook met allerlei maatreëls behulpsaam was, waarvan toesig oor feesgangers in die amfiteater sekerlik die moeilikste was. Die hele terrein is vanuit die amfiteater, sowel as vanuit die administrasiekantoor deur luidsprekers gedek.[77)]

Wat die verskaffing van verversings en handelsdienste betref, het die ondervinding van 1938 teen liefdadigheidsondernemings gewaarsku en daarom is besluit dat hoofsaaklik op die handelswêreld vir die verskaffing van hierdie dienste gereken sou word. Die verversingsdiens is in nege onderafdelings verdeel en leweransiers probeer oorreed om net vir afsonderlike afdelings verantwoordelik te wees. Handelsdienste wat toegelaat is, het die volgende ingesluit : Aptekersdienste, 'n boekhandel, amptelike aandenkings, handelsbanke, fotografiese dienste en huurmotors.[78)] Die Pretoriase Kamer van Koophandel het advies gegee i.v.m. die reëling van die verversings en handelsdienste en die opstelling van regulasies daarvoor.[79)]

Dit spreek vanself dat die fees groot eise aan vervoerdienste gestel is en 'n spesiale komitee het hiervoor ook die nodige voorbereidings getref. Reëlings in verband met die parkering en verkeer na en op die feesterrein is deur munisipale verkeerspolisie en die Suid-Afrikaanse Polisie waargeneem. Die Munisipaliteit van Pretoria het 'n uitstekende busdiens uit die stad Monument toe en terug gereël, asook die Randse munisipaliteite, insonderheid die Munisipaliteit van Johannesburg. Die Spoorwegowerhede was verantwoordelik vir die verskaffing van langafstand- en plaaslike treine.[80)]

### (e) FINANSIES

Die fondse vir die feesorganisasie is deur die Staat en die Pretoriase Stadsraad verskaf. In hierdie oorsig word die boukoste van die Monument en die waarde van die grond, waarvoor

---

77) _Ibid_.
78) _Ibid_, _en_ E.G.J.,F.111.16.a.(g) _en_ (h)., V.I.K. Notules van Versversingskomitee en Notule van Handelskomitee,24.6.1949.
79) Botha, _op.cit._, p. 263.
80) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, _op.cit._, _en_ E.G.J., F.111.16.a.(f)., V.I.K., Notule van Vervoerkomitee,27.7.1949

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Staat en die Pretoriase Stadsraad, onderskeidelik, verantwoordelik was, buite beskouing gelaat. Vir die tydelike feesreëlings self is deur die Staat R100,000 voorgeskiet, terwyl die Stadsraad vir die voorbereiding van die terrein en verskaffing van water, lig, elektrisiteit en ander geriewe dienste en toerusting gelewer het.[81)]

Die beginsel waarop die Staat R100,000 aan die V.I.K. toegeken het, is die gebruiklike by parlementêre toekennings, naamlik dat dit beskou moes word as die Komitee se inkomste waaruit alle onkoste bestry moes word. Alle ondernemings van die Komitee moes daarmee bekostig word, en as sodanige ondernemings op hulle beurt inkomste lewer, mag die Komitee niks daarvan gebruik nie én dit moes aan die Staat besorg word. In die geval van die inwydingsfees is vooraf egter ooreengekom dat sulke inkomste in die verhouding 60:40 tussen die Pretoriase Stadsraad en die Staat verdeel sou word.[82)]

Die volgende tabel gee 'n oorsig oor die geldelike posisie in verband met die inwydingsfees :

| TOEKENNING | | FEES UITGAWE | FEES INKOMSTE | TEKORTE D.I. WERKLIKE BYDRAES |
|---|---|---|---|---|
| STAAT | R100,000 (geld) | R 58,498 | R33,566(40%) | R24,932 |
| STADSRAAD | R 88,488 (dienste) | R 88,488 | R50,348(60%) | R38,140 |
| SPOORWEË | R 10,000 (dienste) | R 9,552 | - | R 9,552 |
| | R198,488 | R156,538 | R83,914(100%) | R72,624 |

ONGEBRUIKTE TOEKENNING van die Staat : R41,502

Van die R100,000 wat die Staat voorgeskiet het, het R41,502 na hom teruggeval, omdat die V.I.K. net R58,498 bestee het; en as die Staat se aandeel aan die feesinkomste (R33,566) hiervan afgetrek word, beteken dit dat die Staat slegs R24,932 uitgegee het, afgesien van die kapitaalbesteding aan die amfiteater. As die werklike bydraes van die Stadsraad van Pretoria en die Suid-Afrikaanse Spoorweë by laasgenoemde bedrag getel word, beteken dit dat die totale koste van die feesreëlings R72,624 was, waarby dan nog permanente geriewe soos paaie ingesluit is. Die

81) Bothe, op.cit., pp.232-234.
82) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groottotaal bedra dus R172,624 as die kapitaaluitgawe aan die amfiteater bygetel word.[83)]

**(f) VOORBEREIDING VAN DIE FEESPROGRAM**

Dit is vanselfsprekend dat die program van so 'n groot fees van die allergrootste belang is : dit is die siel, die gees, van die hele onderneming, dit bepaal die gang van alle verrigtinge en laat sy invloed selfs geld op baie konkrete organisatoriese aspekte. Daarom het programbesinning en- beplanning reeds vroeg aan die orde gekom, eerstens natuurlik besinning oor die breë trekke en essensiële strekking van die program. In hierdie geval was die hoofgedagte : die inwyding van die Monument ter huldiging van die Voortrekkers, met vermyding van allerlei sekondêre en soms heeltemal afwykende sake.[84)] Dit is voor die hand liggend dat daar met so 'n groot onderneming baie sprake kan wees van sulke bykomstighede en daar was inderdaad ook sodanige verleidelike gedagtes en wenke, maar dit is ter syde gestel.[85)]

Die oorheersende strewe wat by die opstelling van die program gegeld het, word saamgevat in die volgende woorde in die S.V.K.-Dagbestuur se memorandum wat aan die Regering voorgelê is :

„Die fees by die monument in Pretoria moet van 'n groot omvang wees en vir alle belangstellende lede van die publiek toeganklik wees. Dit moet 'n ware volksfees wees, gekenmerk daardeur dat dit 'n program sal aanbied wat kultureel- en tradisioneel aanpas by die Afrikaanse lewenshouding."[86)]

Aan die twee hoofvereistes in die voorgaande aanhaling gestel, is onverstoord vasgekleef en daaraan is ten volle voldoen: naamlik eerstens moes die fees kultureel en tradisioneel Afrikaans wees en tweedens, moes alle belangstellendes dit vrymoedig kon bywoon. Hierdie stelling word afdoende daardeur bewys dat na afloop van die fees nêrens kritiek uitgespreek is oor die opset daarvan nie.[87)]

---

83) Ibid (Vergelyk ook E.G.J.F.111.16.a.(a ., V.I.K.,Finansiële Uiteensetting van die Tesouriebeampte, 4.11.1950.)
84) Botha, op.cit., p. 291.
85) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.
86) S.V.K., Aanhangsel tot Notule van Dagbestuur, 27.9.1948.
87) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van die organisatoriese standpunt gesien, is daar steeds ŉ belangrike wisselwerking tussen die program en die uiterlike, konkrete werklikheid. Die program kon bv. nie ontwerp word voordat sekerheid oor die feeslokaal of arena nie bestaan het, en die program moes ook so beplan word dat voldoende speling gelaat is vir die bywoning daarvan deur feesgangers wat van die feeskamp na die arena moes kom. Ook moes in gedagte gehou word dat ŉ program vir duisende toeskouers wat tot driehonderd tree van die verhoog sit, in groot trekke gekonsipieer moes word en nie met klein beweginkies, detail-optooiings en sielkundig-trae handelinge volgeprop moes wees nie. ŉ Ander probleem was dié van smaakverskil. ŉ Neweprogram sou hier nuttige afwisseling bied, maar dit moes nie indruis teen die hoofprogram nie, bv. historiese uitstallings en rolprentvertonings.[88]

Nadat die voorsitter van die Programkomitee, mnr. I.M. Lombard, en die sekretaris, mnr. M.C. Botha, ŉ ontwerpprogram opgestel het, het die Komitee daaraan voortgewerk.[89]

Die strewe was om soveel groepe moontlik uit die verskillende provinsies met toneel, sang, musiek en volkspele te laat optree. Die spesiale komitee van die F.A.K. het kore van Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein, Potchefstroom, Johannesburg en Pretoria getrek, en die medewerking van die Stellenbosch Boerorkes, die orkeste van die Suid-Afrikaanse Polisie, die Suid-Afrikaanse Staande Mag, die Johannesburgse Stadsraad, die S.A.U.K. en Hendrik Susan is verkry. Toneelgroepe is met behulp van die N.T.O. en F.A.T.S.A. vanuit Kaapstad, Franschhoek, Bloemfontein, Johannesburg, Krugersdorp en Pretoria gekry. Alle voorstellings sou uitgevoer word onder die leiding van Aletta Gericke en Suzanne van Wÿk.[90] Die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele het groepuitvoerings van volkspele aangebied,[91] terwyl die Krugergenootskap van Pretoria toegelaat is om ŉ tydelike uitstalling, as deel van die feesverrigtinge in die vertrekke onder in die Monument te hou.[92] Ook die Hoofbestuur van die Voortrekkerbeweging het gevoel dat hulle graag deur middel van ŉ fakkeloptog, ŉ prominente aandeel aan die feesverrigtinge wou hê, terwyl die Afrikaanse

88) <u>Ibid</u>.
89) Botha, <u>op.cit</u>., p. 293.
90) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit</u>.
91) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 14.2.1949.
92) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 1.6.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Studentebond 'n vlagloop gereël het.[93] Die Suid-Afrikaanse Jukskeiraad het versoek dat daar geleentheid moes wees vir besoekers om jukskei te speel en dat dit die Raad vergun moes word om jukskeivertoonwedstryde as deel van die program aan te bied. Die Programkomitee het dus besluit om die nodige speelgeriewe aan te bring.[94]

Die prosedure is gevolg om belangstellende organisasies se aanbiedinge - enersyds in die vorm van spesifieke gemelde ondernemings en andersyds by wyse van algemene beskikbaarstelling - te aanvaar en dit dan by die programvereistes te laat aanpas. Hierdeur is niemand te na gekom nie.[95]

Sover dit die vyf sprekers by die inwydingsplegtigheid betref, het die V.I.K. hom dit ten doel gestel om persone aan te wys was as erkende openbare leiers en persoonlikhede geld, en wat met inagneming van moontlike historiese assosiasies almal saam as verteenwoordigend van die hele volkslewe beskou kon word. Die vyf persone, dr. D.F. Malan, min. N.C. Havenga, generaal J.C. Smuts, regter C. Newton Thompson en min. E.G. Jansen (Voorsitter van die S.V.K. en V.I.K.), het almal aan hierdie vereistes voldoen. Dit sou beslis verkeerd wees om te sê dat dit die V.I.K. se doel was om die leiers van politieke partye te vra om op te tree.[96] Sover dit verwelkomings en slotwoorde, oorhandigings en geleentheidstoesprake betref, is die sprekers as't ware deur die bepaalde omstandighede en hulle spesifieke rolle na vore gebring. Die sprekers wat losstaande toesprake gehou het, is elk volgens meriete as volkspreker uitgenooi.

Nadat die finale program aan die Eerste Minister voorgelê en sy instemming daarmee verkry is, is dit aan die publiek bekend gemaak.[97] By prof. dr. T.J. Hugo het die gedagte ontstaan om by die feesprogram 'n brosjure in te lyf wat sou bestaan uit nege hoofstukke oor die S.V.K., die Monument, en periodes en figure uit die geskiedenis. Hierdie gedagte is deur die Dagbestuur van die S.V.K. aanvaar en 'n Redaksiekomitee, bestaande uit prof. Hugo en drr. G.D. Scholtz en A.N. Pelzer is aangewys om die aard en omvang daarvan te bepaal.[98]

93) Amptelike Gids, <u>op.cit</u>. p. 74.
94) B.H.J.v.R., V.I.K., Notule van Programkomitee, 11.3.1949.
95) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, <u>op.cit</u>.
96) Botha, <u>op.cit</u>., p. 271.
97) <u>Ibid</u>.
98) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 9.12.1948.

Met die oog op die dra van Voortrekkerdrag tydens die inwydingsfees, het die F.A.K. 'n standaard patroon aan vroue aangebied wat hul tabberds self wou maak. Hierdie patroon is ontwerp deur mej. Trudie Kestell, nadat sy 'n sorgvuldige studie van Voortrekkerdrag gemaak het.[99)]

In verband met die programme van die Inwydingsfees was daar veral twee besware. Aan die eenkant was baie Afrikaners ontevrede omdat genl. J.C. Smuts toegelaat sou word om te praat tydens die inwyding, en aan die anderkant het verskeie Engelse beswaar gemaak omdat hulle verneem het dat al die verrigtinge slegs in Afrikaans sou geskied.[100)]

Die besluit om genl. Smuts te vra om ook 'n toespraak by geleentheid van die inwyding van die Monument te lewer, is eenparig deur die V.I.K. geneem nadat hulle die saak van alle kante ernstig oorweeg het. Hy sou nie die „Feesredenaar" wees nie, want die hoofrede of feesrede sou deur dr. D.F. Malan gelewer word. Die doel met die Monument en sy inwyding was om, sover moontlik, alle Afrikaners by die huldebetuiging aan die Voortrekkers in te sluit. Waar duisende Afrikaners tot genl. Smuts opgesien het, was dit paslik dat hy gevra is om by die geleentheid 'n kort toespraak te hou. Verder moet bygevoeg word dat genl. Smuts altyd belangstelling in die bou van die Monument getoon het en in die tydperk toe hy Eerste Minister was, het hy van tyd tot tyd geredelik die nodige fondse beskikbaar laat stel om die bouwerk te laat voortgaan.[101)]

Behalwe die reeds genoemde besware van die kant van die Engelssprekendes, het genl. Smuts ook tydens 'n politieke funksie op Krugersdorp daarna verwys dat Engels by die inwydingsplegtigheid op gelyke voet met Afrikaanse behandel moes word. Na aanleiding hiervan het dr. D.F. Malan die volgende verklaring uitgereik :

„Dit is vanselfsprekend dat die inwydingsplegtigheid in sy algemene karakter nie sal verskil van die hoeksteenleggingsplegtigheid nie. Die taal by die hoeksteenlegging was deurgaans Afrikaans. Die destydse Regering waarin veldm. Smuts, die adjunk

99) <u>Die Transvaler,</u> 10.6.1949.
100) E.G.J., F.111.16.b.(b)., (Hierdie lêer bevat verskeie briewe in hierdie verband).
101) E.G.J., F.111.16.b.(b)., Brief : E.G. Jansen aan O.L. Nel, 12.10.1949.

Eerste Minister was, het presies dieselfde mag van goed of afkeuring gehad as die teenswoordige. Die reëling van die eksklusiewe gebruik van Afrikaans het hul toe goedgekeur, of te minste nie afgekeur nie. En veldm. Smuts het in eie persoon die verrigtings bygewoon."[102]

Hoe nader 16 Desember 1949 gekom het en hoe langer die baarde van die Afrikaners geword het, hoe meer het sommige van die Engelssprekendes die storie begin glo dat tydens die inwyding van die Monument ŉ „NAZI-REPUBLIEK" uitgeroep gaan word.[103]

## (g) DIE INWYDINGSFEES

Enkele dae voor die aanvang van die feestelikheide by die Monument het dit langdurig begin reën, wat eers opgehou het toe die feesgangers modderplassend die tentestad binne getrek het. In die woorde van mnr. M.C. Botha : „Hierdie aanhoudende donderlose reën was simbolies van die fees wat moes begin: dit sou ŉ magtige, maar rumoerlose huldevloed wees."[104]

Elf jaar lank het die volk gewag .... en eindelik het die tyd aangebreek om met dankbare trots die inwydingsfees van die Voortrekkermonument te vier. Vir hierdie uitgebreide huldefees in 1949 was die volk in die regte stemming van meerderwaardigheid, vanweë sy magsposisie in landsake.[105]

Die uitvoering van die feesprogram was inderdaad ŉ veeleisende taak. Dit was die verantwoordelikheid van die programbestuurders met hulle helpers. Die hoofprogrambestuurder was dr. F.C.L. Bosman en die programbestuurders was mnr. A.F. Weich (sang en musiek), J.P. van der Spuy (spreekbeurte en optogte), P.P. Breytenbach (toneel) en J.H. Basson (voorrade en mannekrag).[106]

Die Programkomitee het die program haarfyn uitgewerk sodat alles vlot kon verloop, maar ewe skielik het daar soms ook netelige momente en ware krisisse soms ontstaan, soos byvoorbeeld toe ŉ maande-oue belofte van sewentig perde vir ŉ voorstelling, eensklaps om persoonlike redes gekanselleer is. Slegs ŉ telefoon-

102) Die Transvaler, 1.11.1949.
103) E.G.J., F.111.16.c.(b)., Brief: Red., Die Kruithoring aan privaatsekr., Min. van Naturellesake, 27.7.1949.
104) Botha, op.cit., p. 240.
105) Ibid.
106) E.G.J., F.111.16.a.(c)., V.I.K. Notule van Programkomitee, 3.11.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oproep na die Minister van Justisie aan sy etenstafel, en ŉ kaalkop stelling van feite is dan nodig om sewentig perde uit die Polisiestalle te kry.[107)]

Die inwydingsfees het oor vier dae gestrek, naamlik van 13 tot 16 Desember 1949.

Gedurende die eerste drie dae van die fees is daagliks ŉ uitstalling van Voortrekker- en Krugergedenkwaardighede deur die Krugergenootskap van Pretoria in die Voortrekkermonument georganiseer. Hierdie Genootskap, bygestaan deur die Filmburo van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, het ook gedurende die eerste drie dae van die fees historiese rolprente vertoon.[108)]

Nadat die finale reëlings in verband met die intrek in die feeslaer deur die inwoners getref is, het die verrigtinge op Dinsdag,13 Desember op ŉ ligte noot begin met ŉ vliegkunsvertoning deur die Suid-Afrikaanse Lugmag. ŉ Genoeglike volksaand het daarop gevolg, waartydens die publiek saamgekom en saamgesing het, ŉ seremonievuur deur Voortrekkers aangesteek is, en die Baardmannekoord, onder leiding van Z.J.H. de Beer, asook die orkes van Hendrik Susan, opgetree het. Die aangodsdiens is gelei deur ds. H.J.R. du Plessis.[109)]

Die oggendprogram van Woensdag, 14 Desember het begin met ŉ vlaghysing by die amfiteater, deur die Transvaalse Voortrekkers, gevolg deur die oggenddiens, gelei deur ds. H.C.J. Flemming oor die onderwerp „Man en vrou as egpaar". As voorspel tot die amptelike opening het die Suid-Afrikaanse Polisie se blaasorkes, onder leiding van kapt. L.P. Bradley ŉ konsertmars gespeel en ook vir die trompetgeskal gesorg. Daarna is die amptelike opening deur dr. E.G. Jansen, Voorsitter van die S.V.K. en V.I.K., waargeneem. Hierna het die begroeting deur die Administrateur van Transvaal, dr. Wm. Nicol, en die Burgemeester en Onderburgemeester van Pretoria, gevolg.[110)] By hierdie geleentheid is twee Bybels aan die Voorsitter van die Komitee oorhandig, een deur ds. H.P.M. Steyn, namens die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, en die ander deur mnr. A.T. Rivett-Carnac, Burgemeester van Grahamstad, ter herdenking van die historiese ge-

107) S.V.K., I 10/1, Sekretariële Oorsig, op.cit.
108) Amptelike Program, op.cit., p. 5.
109) Ibid., pp. 5-6.
110) Ibid., pp.7-8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beurtenis van 1837 toe die Engelse inwoners van Grahamstad 'n Bybel aan die Trekleier, Jacobus Uys oorhandig het.[111] Die vlae van die vlagloop, gereël deur die Afrikaanse Studentebond, is na 'n toespraak deur mnr. J.J. van der Walt, Voorsitter van die A.S.B., in ontvangs geneem. Dr. G. Beukes se historiese voorstelling, „'n Boodskap vir die volk", is hierna deur die Bloemfonteinse Teatergroep uitgevoer. Na die aankoms van die Rapportryers, vergesel van 'n kommando, het mnr. J.E. Reeler, Voorsitter van die Uniale Rapportryers-reëlingskomitee, 'n toespraak gelewer waarna prof. J.C. van Rooy die boodskappe van die Rapportryers oorhandig en komdt. C.A. van Niekerk aan die woord gekom het.[112]

In die namiddag het die program bestaan uit 'n demonstrasie vir kinders deur die Voortrekkers, koorsang onder leiding van prof. G. Bon, 'n toespraak deur prof. dr. H.B. Thom oor die „Godsdienssin van die Voortrekkers", koorsang onder leiding van mnr. O.A. Karstel, vertellings en vertonings vir kinders, 'n toespraak deur prof. dr. D.F. Malherbe oor „Taal en Volk", volkspele vir kinders en 'n vlagstryking deur die Kaaplandse Voortrekkers.[113]

Die aandprogram het bestaan uit musiek en volksang deur die Stellenbosch-Boerorkes onder leiding van oom Pietie le Roux,[11] 'n volkspele-uitvoering deur ongeveer 2,200 volkspele onder leiding van mev. Cecile de Ridder (die grootste volkspeledemonstrasie wat tot op daardie stadium in ons land uitgevoer is),[115] die ontvangs van die fakkelvlam wat deur die Voortrekkerbeweging oorgebring is van die Universiteit van Pretoria, 'n toespraak deur dr. C.F. Visser, Hoofleier van die Voortrekkers en die aandgodsdiens is deur ds. J.J. Prinsloo gelei.[116]

Die vlaghysing op Donderdagoggend, 15 Desember is deur die Voortrekkers van Natal en Suidwes-Afrika waargeneem. Daarna het die oggendgodsdiens gevolg, gelei deur ds. I.D. Kruger oor „Ouers en kinders", koorsang deur kinderkore onder leiding van

---

111) Amptelike Gids, op.cit., p. 74.
112) Amptelike Porgram, op.cit., pp.8-9.
113) Ibid., pp.9-10.
114) Ibid., p. 10.
115) Fleur, 4.12.1949, p. 49.
116) Amptelike Program, op.cit., p.11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mnr. Kosie Jooste en 'n Rhodesiese koor onder leiding van ds. A.M. de V. Esterhuysen, vertellings en vertonings aan kinders, 'n toespraak deur prof. dr. T.J. Hugo oor „Van die Groot Trek tot die Voortrekkermonument", koorsang onder leiding van prof. D.J. Roode en mnr. O.A. Karstel, musiek deur die blaasorkes van die Staande Mag,onder leiding van kapt. E.A. Kealy en 'n historiese voorstelling, „Die Vierperdewa" deur Adele Jooste, uitgevoer deur J.A.A.T.S.[117]

Die middagprogram het bestaan uit 'n historiese voorstelling geskryf deur Adele Jooste van „Die aankoms van die Hugenote aan die Kaap", uitgevoer deur die Franschhoek-Hugenotegroep en koorsang onder leiding van mnr. S.H. Eyssen. Hierop het die oorhandiging van die ossewa „Johanna van der Merwe" deur die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) aan die S.V.K. gevolg. Die oorhandiging is waargeneem deur oom Tienie van Schoor, 'n trekleier van 1938, na 'n toespraak deur mnr. J.E. Reeler, hoofvoorsitter van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.). Die verdere aanbieding het bestaan uit 'n historiese voorstelling, „Die Vryheidsvlae van die Boer", deur F.S. Steyn, uitgevoer deur die Krugersdorpse Toneelvereniging, 'n demonstrasie vir kinders, 'n toespraak deur dr. W.J. du P. Erlank oor die onderwerp, „Hiervandaan vorentoe", volkspele en 'n vlagstryking deur die Vrystaatse Voortrekkers.[118]

Die aand is 'n sangbeeld, „Ons Boerwording" deur J.H. Pienaar en S.H. Eyssen, uitgevoer deur gesamentlike kore onder leiding van mnr. Eyssen. Daarna het gevolg 'n historiese voorstelling van episodes uit „Deur Stryd tot Oorwinning" van Adele Jooste deur Volksteater van Pretoria. Die dag se verrigtinge is afgesluit met die aandgodsdiens onder leiding van ds. C.S.Brink.[119]

Ingelui deur 'n eresaluut van een en twintig skuddende kanonskote vanaf Skanskop, juis met sonop, het Vrydag, 16 Desember aangebreek. Onder die speel van gewyde musiek deur die Suid-Afrikaanse Weermag se blaasorkes, het gesinsgroepe en talle andere, as 'n byna aaneengeslote, stadig aandrywende massa, soos in 'n bedevaart na die Monument beweeg.[120] By die amfiteater is die vlaghysing deur die Kaaplandse Voortrekkers waargeneem. By

---

117) Ibid., pp.12-13.
118) Ibid., pp. 13-15.
119) Ibid., p. 15.
120) Botha, op.cit., pp.308-309.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Monument is die oggendgodsdiens gelei deur ds. H.J. Reyneke oor die onderwerp „Die Christelike gesin as grondslag van die Staat." 121)

Om 9.00 vm. het die Geloftediens in die amfiteater 'n aanvang geneem. Prof. J.C. van Rooy het die aanvangsgebed, die voorlesing van die Gelofte en die Skriflesing waargeneem.[122] Dr. A.J. van der Merwe het gevolg met 'n gebed en die Gelofte-preek, waarin hy na aanleiding van Josua 22: 26 en 27 onder andere beklemtoon het dat huldiging van die Voortrekkers op hierdie dag natuurlik is, maar dat die Voortrekkermonument ons ook wys op ons voortdurende plig van rekenskap aan God. Die Voortrekkers self sou verwag het dat ons in ons feesstemming nie net by hulle prestasies vertoef nie, maar God loof.[123] Die slotgebed en seënbede is deur ds. A.J.G. Oosthuizen gedoen, terwyl die Stellenbosche Kweekskool-koor onder leiding van prof. G.G. Cillie vir die koorsang gesorg het.[124]

Om halfelf is met die inwydingsplegtigheid begin.

Eerste aan die beurt was mnr. N.C. Havenga wat onder andere die volgende in sy toespraak gesê het :

„Hierdie grootse monument, deur 'n dankbare nageslag as 'n huldeblyk opgerig, dwing ons om na te dink. Ons sien in die Voortrekkermonument met sy stoere en strakke lyne 'n sinnebeeld van die Voortrekkers se lewe en van hulle onsterflike pioniers-daad. Die Monument dwing ons om onsself af te vra wat die Voor-trekkers vir ons verwerf het, en waarom ons hul dade, hul ly-ding en opoffering verewig wil sien in 'n monument .....

„Die Voortrekkers se strewe kan kort en kernagtig uitge-druk word met die volgende : Hul liefde vir vryheid ......... Dit was die dryfkrag wat verantwoordelik was vir die erkenning van ons taal, dit was die grondoorsaak van die Groot Trek, wat uitgeloop het op die stigting van die twee onafhanklike Repu-blieke. Dit het die stuwing gebly toe die Republiek verower is en 'n neergevelde volk aangevuur is om voort te gaan en om sy natuurlike vryheidsregte op te eis." 125)

---

121) Amptelike Program, op.cit., p. 16.
122) Ibid., p. 17.
123) Botha, op.cit., p.310.
124) Amptelike Program, op.cit., p. 17.
125) Botha, op.cit., pp.277-280.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nadat die Johannesburgse Asafkore, onder leiding van mnr. J.B.Z. Keet, koorsang gelewer het, het regter C. Newton Thompson aan die woord gekom.[126] Die inhoud van sy toespraak het baie ooreengestem met die van mnr. Havenga en het onder andere soos volg gelui :

„Een versoek moet ek aan u rig. In ons land is ons wat van die Britte afstam nie so talryk soos u van Afrikaanse oorsprong nie. Maar ook ons, soos u, is afkomstig van 'n taai stam. As u ons land wil laat floreer en gelukkig wees, en ek twyfel nie daaraan dat dit u werklike begeerte is nie, dan moet u ons met u saamneem, nie as u onderhoriges nie, nie as u meerderes nie, maar as u gelykes aan u sy.

„Ek meen dat die gesonde verhouding tussen die twee groot seksies waaruit ons blanke gemeenskap bestaan, nie net essensiël vir ons geluk is nie, maar meer : dis lewensbelangrik vir ons bestaan.

„Saam is ons die belangrikste blanke gemeenskap op die vasteland van Afrika, en ek voel daarvan oortuig dat ons baie vir hierdie land kan doen as ons ons kragte saamsnoer deur saam te lewe.

„Met u verlof wil ek graag afsluit deur die twee laaste paragrawe voor te lees uit die inskripsie wat voor in die Bybel verskyn, wat deur my aan die simboliese trek van 1938 aangebied is : Dit lees :

„Hierdie Bybel word deur die familie geskenk as 'n teken van 'n honderdjarige vriendskap, en as 'n teken van die bewondering vir magtige dade deur die Voortrekkers en hulle afstammelinge, gedurende daardie tydperk verrig.

Die Thompson-familie bid dat die afstammelinge van die Voortrekkers, nou soos in die verlede, vir hulle as rigsnoer sal aanneem, die leringe in hierdie Heilige Boek bevat." [127]

Weer eens het die Asafkore gesing voordat dr. D.F. Malan die hoofrede van die inwydingsfees gelewer het. In sy toespraak het dr. Malan se diepe godsdienssin en sy onbetwisbare redenaarstalent na vore gekom. Uit hierdie grootse toespraak haal

---

126) **Amptelike Program**, op.cit., pp.277-280.
127) E.G.J., F,111.16.b.(b)., Toespraak van Regter C. Newton Thompson vir Inwyding Voortrekkermonument, 16.12.1949.

ons slegs die volgende aan :

„U staan rondom ʼn monument wat nie alleen verreweg die grootste en indrukwekkendste in ons land is nie, maar wat onteenseglik ook een van die uniekste in die hele wêreld is. Dit staan daar as ʼn ewigdurende huldebetuiging, nie aan ʼn bepaalde gebeurtenis of reeks van gebeurtenisse nie,maar aan ʼn geslag.

„Dit was ʼn geslag met ʼn daadkrag wat tot magtige resultate gelei het, maar dan ook ʼn daadkrag wat alleen moontlik was omdat dit die uitvloeisel was van ʼn bepaalde lewensdrang, en wel ʼn lewensdrang wat met sy opheffende en besielende krag deur hierdie monument bedoel word om onsterflik te wees.

„Presies om twaalfuur word, ten aanskoue van hierdie magtige skare, die deure van die monument ontsluit. En op daardie selfde oomblik sal daar vir die eerste maal, soos daarna dit elke 16de Desember sal geskied, ʼn sonnestraal van die hemel val op die sarkofaag daarbinne- sinnebeeld van daardie goddelike waarheid, so treffend deur die Voortrekkergeskiedenis bevestig, dat geen groot ideaal bereik kan word sonder sy offers nie, dat dit langs die weg van die kruis is dat die oorwinning behaal word, en dat dit die dood is waaruit die lewe voortkom.

„Hierdie monument staan daar as ʼn huldebetuiging aan die Voortrekkers. Dit is egter maar die geringste deel van sy betekenis. Dit is nie ʼn monument vir die dode nie, maar vir die lewende.

„Dis nie maar net ʼn sierlike bouwerk van kunstig verwerkte klip en graniet nie, maar dit is die draer van ʼn boodskap. En as u oog, of die oog van u kinders tot in verre nageslagte daarop val, dan is bedoel dat u daarop sal lees ʼn vraag - ʼn vraag aan u as volk en aan u en u kinders as individuele lede daarvan. Dis hierdie diep, ernstige en sieldeursoekende vraag. Volk van Suid-Afrika, of ook u wat met trots op u bors slaan en u uself ʼn Afrikaner noem : Waar gaan jy heen?

„Suid-Afrika, waar gaan jy heen?

„Hierdie Monument staan hier vir die Voortrekkers se nagedagtenis en huldiging, maar dit staan hier langs die Pad van Suid-Afrika, ook vir u en vir u nageslag. Dis u Quo Vadisheiligdom, Afrikaner, nou en deur al die toekomende geslagte heen! As u weggedwaal het van die Voortrekkergees en -gedagte,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as u die Voortrekkers wat u vandag huldig, met die daad verloën en opnuut kruisig, en u oog val op hierdie monument, waar u en die Voortrekkers vandag in die gees mekaar van aangesig tot aangesig ontmoet; as daardie sieldeursoekende vraag hom dan aan u opdring : Afrikaner, Quo Vadis, waar gaan jy heen?

„Staan dan stil, en draai terug! Terug na u volk; terug na u volk se hoogste ideale : terug na die pand wat ook aan u toevertrou is om te bewaar: terug na die volksaltaar waarop u u offers moet lê, en as dit geëis word, ook uself as 'n offerande; terug na die heiligheid en die onskendbaarheid van die gesinslewe; terug na u Christelike wandel; terug na u Christelike geloof; terug na u Kerk; terug na u God." 128)

Na sy toespraak het dr. Malan op sy plek bly staan; dit was vyf voor twaalf. Op 'n wenk van die Voorsitter van die V.I.K. het die skare saam „Op berge en in dale ...." gesing. Daar was nog net enkele minute oor voor die ontsluiting van die deur van die Monument. En toe hardloop 'n jongman uit die skare na die verhoog, ontwyk 'n geregsdienaar, spring op die verhoog en hardloop na die kateder, onderwyl hy uitroep : „Dr. Malan, ek het 'n boodskap van God om 'n end te maak aan die broedertwis ...." Vlak voor die kateder waar dr. Jansen die hand afwerend uitgesteek het, is hy deur geregsdienaars vasgevat, weggevoer en later na ondervraging losgelaat. Dr. Malan het onbeweeglik bly staan.129)

Om twaalfuur toe die son deur die koepel op die senotaaf skyn, het Thys van Lille, die radiokommentator, die sein gegee dat dit twaalfuur was, en het dr. Malan in die volgende woorde die teken gegee vir die ontsluiting van die Monument:

„Die uur is nou daar. Die sonnestraal uit die hemel val nou op die sarkofaag. Dit verlig daardie toewydingsgelofte wat nou en vir altyd diep ingegrif en onuitwisbaar op die hart van elke Afrikaner geskrywe moet staan : Ons vir jou Suid-Afrika.

„Ek gee nou die teken vir die ontsluiting van die Monument!" 130)

---

128) Pienaar, S.W. en Scholtz, J.J.J., Glo in u Volk, (Kaapstad, 1964), pp.131-137.
129) Botha, op.cit., p.312 en Dagbreek en Sondagnuus, 18.12.1949, p. 6, en Die Vaderland, 17.12.1949, p. 1.
130) Botha, op.cit., p. 321.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierop het die orrelis, mnr. M.C. Roode, die bekende aandgesang „Aan U o God, my dankgesange" op die orrel, waarby die klokke aangeskakel was, gespeel. Bo-op die koppie het ses seuns en ses dogters in Voortrekkervolksdrag - almal anoniem, maar verteenwoordigend van die jeug oor die hele land - die groot voordeur van die Monument oopgestoot en, gevolg deur 'n klein afdeling Voortrekkers, plegtig ingestap en die blink straal aanskou wat uit die hemel op die senotaaf neergeskiet het. Die Voortrekkermonument was oop. Met dankbaarheid het die skare „Prys die Heer" aangehef en op versoek van dr. Jansen enkele oomblikke in stille aanbidding bly staan.[131] Van hierdie plegtige oomblikke het 'n Engelse koerant soos volg verslag gedoen: „Women wept and men, deeply moved, stood tense and still, all in silent prayer. It was the greatest moment in the greatest religious and national celebrations in the history of Afrikanerdom."[132]

Na koorsang deur 'n Bloemfonteinse koor onder leiding van mnr. P.J. Lemmer het genl. J.C. Smuts aan die woord gekom.[133] Hy het Suid-Afrikaners veral gemaan om hulle oë op die toekoms te rig en onder andere die volgende gesê:

„Ons staan vandag op 'n hoogtepunt, waarvan ons kan terugkyk op drie eeue van ons geskiedenis, en in sekere mate ook vooruit in die skaduwee en die toekoms. 'n Volk is nie die skepping van die dag nie, maar van die eeue van die verlede sowel as van die toekoms. En in dié verband alleen, in die samevatting van die lange jare in die volkslewe, sien ons die deurlopende rigting, en kan ons 'n juister begrip vorm van die rigting en koers van ons geskiedenis en van ons verre bestemming. Agter ons sien ons met die diepste dankbaarheid die duidelike bewyse van Hoëre Leiding deur doodsgevare, van uitkoms langs onvoorsiene paaie. Hoe meer 'n mens die wordingsgeskiedenis van Suid-Afrika betrag, hoe meer kom jy onder die besef dat daar meer was as menseplanne of menseleiding. En daarby nog, wat 'n kleurryke geskiedenis!

„Laat ons dus nie dweep met ons verlede nie, en nie deur ons verlede te romantiseer, op 'n dwaalspoor geraak nie, maar met

131) <u>Ibid</u>.
132) <u>The Star</u>, 16.12.1949, p. 3.
133) Amptelike Program, <u>op. cit.</u>, pp. 17-18.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ope oë en gesonde verstand nugter die toekoms tegemoet gaan. Die heimwee na die verlede kan in 'n verkeerde rigting lei. Ons is 'n toekomsvolk, en ons toekoms lê op die weg en in geselskap van die Westerse beskawing..." 134)

Nadat die Skiereilandse koor onder leiding van mnr. Japie Malan gesing het, het dr. E.G. Jansen, Voorsitter van die V.I.K. en S.V.K., sy toespraak gelewer.[135] Dit het onder andere die volgende bevat :

„Die formele inwyding van die Monument wat so pas geskied het, kan beskou word as 'n afronding van die geskiedenis van die Voortrekkers in ons land. Deur die oprigting van dié monument het die huidige geslag van Afrikaners, Engelssprekend sowel as Afrikaanssprekend, getoon dat hulle waardeer wat die Voortrekkers onder leiding van die Allerhoogste tot stand gebring het... Die hulde aan hul nagedagtenis bestaan nie soseer uit roem op hul oorwinnings oor inboorlinge nie. Dit bestaan vernaamlik daarin dat ons die Voortrekkers eer vir al die voortreflike karaktertrekke wat hulle gekenmerk het : Hul vryheidsliefde, hul geloof en godsdienssin, hul gehegtheid aan die Bybel as Gods Woord, hul handhawing van die suiwerheid van die blanke ras, te midde van oorweldigende getalle inboorlinge wat nog in 'n staat van barbarisme verkeer het. By dit alles was daar 'n hartstogtelike liefde vir eie kerk, taal en tradisies en 'n vaste voorneme om hul eie nasiegoedere te behou en uit te bou. Hulle was die grondleggers van 'n nuwe nasie met 'n eie nuwe taal en met 'n eie uitkyk op die lewe. Hul vaderland was Suid-Afrika en hul wortels het diep afgegaan in die land se bodem. Ons eer hul nagedagtenis.

„Maar die monument moet ons ook gedurig herinner aan ons plig teenoor minderbevoorregtes en ook teenoor die nie-blanke bevolking in ons land wat onder ons voogdyskap staan. Ons moet onthou dat die nie-blankes ook geen ander vaderland het nie en dat hulle ook hul bydrae gelewer het tot die opbou van Suid-Afrika. Selfs in die geskiedenis wat ons vandag herdenk, het hulle ook 'n aandeel gehad .... Ek vertrou dat die monument vir ons altyd 'n inspirasie sal wees om ook ons plig teenoor die nie-blankes te vervul." 136)

---

134) E.G.J., F.111.16.b.(b)., Toespraak van genl. J.C. Smuts by inwyding van Voortrekkermonument, 16.12.1949.
135) Amptelike Program, <u>op.cit</u>., p. 18.
136) Botha, <u>op.cit</u>., pp. 287-289.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die end van hierdie verrigtinge is ontvange boodskappe voorgedra, onder andere van Vlaandere, Argentinië, die Protestantse kerke in Duitsland, en die regerings van Australië en Engeland, terwyl prof. G. van der Leeuw namens die aanwesige groetebrengers uit Holland 'n kort boodskap tot die skare gerig het.[137)]

Die namiddagprogram het bestaan uit 'n kinderdiens, gelei deur ds. J.G.M. Dreyer, met koorsang deur Johannesburgse en Pretoriase kinderkore onder leiding van mnr. Kosie Jooste, 'n spreekkooraanbieding van dr. D.F. Malherbe se „Boer en Bantoe ontmoet mekaar" onder leiding van mev. O.A. Elignault en die vlagstryking deur Transvaalse Voortrekkers.[138)]

Die aandprogram is ingelei met koorsang deur die Johannesburgse Asafkore, met begeleiding van die S.A.U.K.-orkes en die Johannesburgse Stadsorkes, onder die stok van die dirigente Gideon Fagan en Frits Schuurman. Die dankdiens daarna is gelei deur ds. P.J. Viljoen, met koorsang deur al die kore saam, onder leiding van mnre. P.J. Lemmer, M.C. Roode, Japie Malan en prof. D.J. Roode.[139)]

Die afsluiting van die fees het die aand om kwart oor nege in die amfiteater plaasgevind. Dr. E.G. Jansen het 'n kort toespraak gelewer, waarna hy die kaart en transport van die Monumentterrein in sy hoedanigheid as voorsitter van die S.V.K. aan dr. T.E.Dönges, Minister van Binnelandse Sake, oorhandig het. Dr. Jansen het gesê dat die Monument as heiligdom van die volk beskou moes word en het daarby gevoeg dat hy die Regering vra om reëlings te tref dat Dingaansdag elke vyf jaar op groot skaal by die Monument gevier moes word.[140)] Toe dr. Dönges die dokumente oorgeneem het, het hy gesê dat dit sy voorneme was om 'n beheerraad vir die Monument aan te stel en hy het verder die hoop uitgespreek dat „alle landsregerings sal help, sowel om die monument in stand te hou as om die innerlike betekenis daarvan onsterflik te maak tot eer van God en tot heil van ons Vaderland."[141)]

137) Ibid., p. 312 en Amptelike Gids, op.cit., p. 75.
138) Amptelike Program, op.cit., pp.18-19.
139) Ibid., pp.19-20.
140) Die Volkstem, 17.12.1949, p.16.
141) Van Tonder, J.J. (red.); Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika, (Kaapstad, 1961), p. 48.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daarmee was die fees verby.

Die inwyding van die Voortrekkermonument was nie net op grond van die groot getalle feesgangers die grootste fees in die geskiedenis van ons land nie, maar ook op grond van die spontane belangstelling en matelose geesdrif wat dit tot ver buite die Unie van Suid-Afrika gaande gemaak het, sodat selfs uit Kenia besoekers gekom het, afgesien van die amptelike geselskap uit Holland.[142] Die hoogtepunt van die unieke volksfees op 16 Desember 1949 is deur ongeveer 250,000 persone bygewoon.[143] Die wydverspreide herkoms van die besoekers word treffend gedemonstreer deur die feit dat, volgens 'n opname van 'n motorvereniging, 376 verskillende motorregistrasienommers getel is van die ongeveer 430 wat op daardie stadium in Suidelike Afrika bestaan het.[144]

In Londen het die Suid-Afrikaners ook die inwyding van die Voortrekkermonument gevier. Dr. D.F. Malan het aan hulle 'n boodskap gestuur wat deur die Hoë-Kommissaris, mnr. L. Egeland, by geleentheid van 'n byeenkoms in Suid-Afrikahuis voorgelees is. Die boodskap het onder andere soos volg gelui :

„Die groot Monumentplegtigheid in Pretoria sal vanjaar 'n nuwe en verhoogde betekenis aan 16 Desember gee. Dit is reg, want dié dag sal dié dinge lewendig simboliseer wat vir altyd die grootheid van ons volk- van enige volk behoort te vorm."[145]

Treffend was die algemene eenstemmigheid van feesgangers van alle skakeringe en van die Afrikaanse en Engelse pers, dat dit in elke opsig 'n grootse en waardige fees was. Die volgende twee aanhalings uit koerante getuig van hierdie waardering aan die kant van die pers :

„Daar is, myns insiens, heelwat erkentlikheid verskuldig in verband met hierdie groot geleentheid. Die V.I.K., onder leiding van dr. Jansen en met sy uitermate bekwame sekretaris, mnr. M.C. Botha, het die onderskeiding dat hulle die grootste openbare byeenkoms in die Unie se geskiedenis georganiseer het, sonder dat daar, sover as sigbaar was, selfs in die geringste besonderheid iets misgeloop het. In aanmerking geneem dat die fees byna 'n

---

142) Amptelike Gids, op.cit., p. 72.
143) Van Tonder, op.cit., p. 43.
144) Botha, op.cit., p. 252.
145) Die Volkstem, 17.12.1949, p. 14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



week geduur het, dat 'n hele stad vooraf opgerig en in dié tyd van geriewe en lewensbehoeftes voorsien en geadministreer moes word, en dat die geweldige program die koördinasie beteken het van bydraes van honderde en honderde mense, dan is dit te betwyfel of 'n onderneming van hierdie omvang ooit voorheen aangepak en so suksesvol deurgevoer is deur 'n komitee. Vir mnr. Botha se persoonlike aandeel - nie net vir die bekwaamheid waarmee hy die reuse-taak behartig het nie, maar vir sy persoonlike beskikbaarheid, hoflikheid en hulpvaardigheid - kan woorde nouliks genoeg erkenlikheid bring." 146)

En 'n verslaggewer van 'n Engelse koerant het geskryf:

„Amid crowd scenes and solemnities on a scale so vast and impressive that they will be remembered with pride and joy for life by the multitudes who witnessed them, South Africa consecrated a time-defying memorial to its Voortrekker pioneers and founders on Monument Hill to-day. It was the greatest congregation in the history of South Africa, a church with the grass of the hillside as its floor, the sky for roof, for its lamps, the rising sun and for worshippers more than 40,000 pilgrims."147)

Die simpatieke houding van die pers in die algemeen het baie daartoe bygedra om van die verrigtings 'n egte volksfees te maak en het ook 'n belangrike rol vervul in die suksesvolle deurvoering van die hele program.

Die inwyding van die Voortrekkermonument het in sowel Britse as Amerikaanse nuusblaaie kommentaar uitgelok. Die kommentaar was uiteenlopend, soos die volgende voorbeelde getuig :

„Daar was 'n daadwerklike poging om die feesgangers van Britse afkoms in 'n gees van kameraadskap te verwelkom. Politieke bitterheid is opsy geskuif en Smuts en Malan het op dieselfde verhoog verskyn." (New York Times)

„Die deurdrywende heroïek van die oorspronklike Trekkers is lofwaardig, maar 'n deel van die vryheid wat hulle gesoek het, was vryheid van die Britse verbod op slawerny. Ongelukkig word hierdie motief ook uitgebeeld in die Monument. Ons hoop dat die

146) Dagbreek en Sondagnuus, 18.12.1949, p.2. (Geskryf deur W. van Heerden).
147) The Star, 16.12.1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tyd sal aanbreek wanneer die vooroordele wat 'n deel vorm van die Monument, so onverstaanbaar sal word soos die gelofies wat diep in die hart van die Egiptiese piramides begraaf is."[148)] (News Chronicle).

Terwyl die blankes in Pretoria feesgevier het, het die African National Congress in Bloemfontein vergader om „die stryd vir onafhanklikheid, wat deur Dingaan begin is, voort te sit." Dr. A.B. Xuma, destydse President van hierdie nie-blanke organisasie, het daarby gevoeg dat die nie-blankes op 16 Desember 1838 deur hulle eie mense verslaan is. As al die nie-blankes opgedaag het, sou die blankes nie nou kon feesvier nie. Dr. Xuma het gesê dat die blankes die dag vier waarop die onafhanklikheid van die Bantoes verloor is, die dag waarop hulle koning, Dingaan, verslaan is. Dingaan is vir die Bantoes 'n held. Hy het 'n voorbeeld gestel wat die Bantoes moet nastreef totdat die stryd gewen is.[149)]

Oudergewoonte het die Staat voor die inwydingsfees 'n stel herdenkingseëls uitgegee wat reeds elders volledig beskryf is. Die S.V.K. het ook besluit om erepennings te skenk aan persone wat 'n besondere bydrae gelewer het tot die oprigting en inwyding van die Voortrekkermonument.[150)] Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het die hoogtepunte van die feesprogram uitgesaai,[151)] terwyl daar ook plaatopnames gemaak is wat 'n kort samevatting van die feesprogram weergee.[152)]

Die V.I.K. is op 14 November 1950 formeel in die Voortrekkermonument ontbind. Dr. E.G. Jansen, Voorsitter van die V.I.K. en van die Beheerraad van die Voortrekkermonument, het gesê dat dit paslik is dat die werksaamhede van die V.I.K. binne in die Monument afgesluit kan word.[153)] Mnr. N.C. Havenga, Minister van Finansies, het gesê dat die oprigting van die Monument met moeite gepaard gegaan het. Die werk is egter onder baie gunstige omstandigdhede afgesluit, ook met betrekking tot die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes en tussen Afrikaners onderling - 'n bewys dat ons nog gedurig besig is om

---

148) Dagbreek en Sondagnuus, 18.12.1949, p. 5.
149) Die Volkstem, 17.12.1949, p. 16.
150) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 1.2.1950.
151) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 25.3.1949.
152) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 1.2.1950.
153) Die Transvaler, 15.11.1950.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met die bou van 'n nasie vordering te maak.[154]

### (h) 'N TERUGBLIK [155]

Terugskouend is dit uiters moeilik om die vierdaagse fees te ontleed en hoogtepunte van sukses te probeer aandui. Die hoogste spitse en laer vlakke was almal ewe belangrik ter verkryging van 'n eenheidsgevoel.

As so oor die hele feesonderneming teruggedink word, flits die een indruk en herinnering na die ander deur die geheue : die romantiek en avontuur van die kamplewe, die betowering van die pragtige sonskyndae, die lewensblye gees van die wemelende massa, die sobere gloed van volkstrots, die majestueuse monument op die koppie, die magtige skares in die amfiteater, die aansteeklike massavreugde van die tienduisende by die vleisbraaivure, die serene toewyding van die vroeë oggendgodsdiens, die meevoerende program tot waar dit uitloop op die magtigste oomblik in die geskiedenis van ons feesvierings toe die Monument ontsluit is.

Die inwydingsfees was inderdaad 'n magtige simfonie van gebeurtenisse, uitgevoer in groot beweging. Geen ander konsepsie van die fees sou gepas wees nie, want soos die reuse Monument trag om die dade van die Voortrekkers met een oorweldigende aandoening by die besoeker tuis te bring en hom daardeur van sy toekomsplig bewus te maak, so is die inwydingsfees in dieselfde styl groots, imponerend en kragtig uitgevoer.

Die inwydingsfees het 'n ondubbelsinnige betekenis gehad : die hele opset en inhoud was Afrikaans in ooreenstemming met die kultuuraard van die gehuldiges. Die feit dat die fees so onvervals en openlik 'n spesifieke karakter gedra het, sonder om daardeur afstotend te wees vir mense van ander kultuuraard, was waarskynlik een van die deurslaggewende oorsake vir die welslae daarvan. Almal het presies geweet wat die feestendens was. Vier dae lank het 'n volk in die hoogste mate die magtige polsing van 'n eie bestaan en karakter gevoel.

---

154) <u>Die Suidwester</u>, 15.11.1950.
155) Hierdie is 'n samevatting van die gedagtes van mnr. M.C. Botha, destyds Sekr. van die V.I.K. en S.V.K., soos opgeteken in die Sekretariële Oorsig oor die werksaamhede van die V.I.K., Des. 1949 en sy boek <u>Die Huldejaar 1949</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die waarde en betekenis van die fees lê in die onverbloemde uitinge van ŉ dinamiese volk se inherente kragte en die perkelose vermoëns van hierdie volk om in sy voortgang langs die volkseie bane sy afsonderlike bestaan te kan handhaaf en verder uit te bou en om sy bestemming, sy dit kragtens Gods wil selfs eers na geslagte, in volle en gerypte krag te bereik.

## 8. DIE BEHEERRAAD VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT

### (a) ONTSTAAN

Reeds in 1944 het die Regering bekend gemaak dat hy van voorneme was om ŉ beheerraad aan te stel om beheer oor die Monument en die omliggende terrein uit te oefen. Die S.V.K.-vergadering van November 1944 het dan ook sy Dagbestuur opgedra om aanbevelings in die verband te doen.[1)]

Tydens ŉ onderhoud wat adv. E.G.Jansen, mev. S. Broers en prof. dr. T.J. Hugo op 7 Augustus 1946 met die Ministers van Finansies en Binnelandse Sake gehad het, is daar ooreengekom dat, as grondslag vir oorweging deur die Regering, die S.V.K. ŉ memorandum sou voorlê waarin ŉ omskrywing van die samestelling en funksies van die beoogde beheerraad vir die Voortrekkermonument uiteengesit word.[2)]

Die S.V.K. het dit moeilik gevind om aanbevelings oor die samestelling en funksies van die Beheerraad te maak, aangesien hy nie duidelikheid gehad het oor wat die Regering in gedagte gehad het met die S.V.K. nie. Die probleme wat die S.V.K. ondervind het, was die volgende : Hy het gemeen dat die S.V.K. sy taak in verband met die Monument moes voortsit totdat die werk voltooi was en hy was van oordeel dat sy funksies, wat hierdie Monument betref, eers sou eindig wanneer die Monument formeel aan die Regering of aan die Beheerraad oorhandig sou word. Die gepaste tyd wanneer dit moes geskied, was vanselfsprekend tydens die inwyding van die Monument, Dit was nie duidelik wat die verhouding tussen die S.V.K. en die Beheerraad intussen moes wees as laasgenoemde liggaam reeds op daardie stadium aangestel sou word nie. Die Dagbestuur van die S.V.K. het dit dus aan die Regering in oorweging gegee, of dit nie beter sou wees om te wag

1) S.V.K., Notule, 22.2.1946.
2) S.V.K., S 1/3, Verslag : Onderhoud van afvaardiging van S.V.K. na Ministers van Finansies en Binnelandse Sake, 7.8.1946.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met die aanstelling van die Beheerraad, tot tyd en wyl die Monument voltooi sou wees en die funksies van die S.V.K. in verband daarmee beëindig was nie.[3] Die Regering het hierdie versoek van S.V.K. simpatiek oorweeg en besluit dat die Beheerraad nie voor die inwyding van die Monument aangestel sou word nie.

Op 16 Desember 1949 het dr. T.E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, die Monument namens die Regering in ontvangs geneem en dit aan die sorg van 'n Beheerraad opgedra en terselfdertyd aangekondig wie tot lede van die Raad benoem is. Tydens hierdie oorhandigingsplegtigheid het dr. Dönges na die Voortrekkermonument verwys as 'n teken van die huidige geslag se blywende dank teenoor die heroïse voorgeslagte as die grondleggers van 'n groter en blanke Suid-Afrika, maar veral ook van sy dank teenoor God wat hulle gelei het. Hy het die hoop uitgespreek dat alle landsregerings sal help, sowel om die Monument in stand te hou, as om die innerlike betekenis daarvan tot eer van God en tot heil van ons vaderland onsterflik te maak.[4]

Die finale oorhandiging van die Voortrekkermonument aan die Beheerraad deur die S.V.K. het op 21 November 1952 by die Monument plaasgevind. Die lede van die S.V.K. en die Beheerraad van die Voortrekkermonument het in die voormiddag vergader, waartydens toesprake gehou is deur dr. E.G. Jansen (Voorsitter van die S.V.K.), dr. D.F. Malan (Eerste Minister), dr. Wm. Nicol (Voorsitter van die Beheerraad), en mnr. J.H. Visse (Burgemeester van Pretoria.)[5]

## (d) DOEL

Die doel met die Beheerraad is onder andere soos volg : Om toesig oor die Voortrekkermonument, die amfiteater en die terrein waarop dit staan te hou; die ontvangs, bewaring en besteding van fondse ter bevordering van die doel en werksaamhede van die Beheerraad; die bewaring, beskerming en onderhoud van die Monument en terrein met alle toebehore, en die verskaffing van sanitasie- en ander dienste, die maak van paaie, die aanplanting van bome, die uitlê van tuine, die omheining en algemene ver-

3) S.V.K., S 1/3, Brief: Voors., S.V.K., aan Sekr. van Binnelandse Sake, 30.8.1946.
4) Botha, M.C. Die Huldejaar 1949, (Johannesburg, 1952), p.316.
5) S.V.K., Notule, 21.11.1952.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



fraaiing van die terrein; die keuring, huisvesting, bewaring en instandhouding van historiese voorwerpe wat aan die Beheerraad geskenk word; die indiensneming van 'n oppasser en ander amptenare om met die beheer, skoonmaak en instandhouding van die Monument en terrein behulpsaam te wees; die vasstelling van toegangsvoorwaardes en -gelde; die oorweging van aansoeke om die terrein en amfiteater vir volksfeeste en ander samekomste (party-politieke vergaderings uitgesluit) te gebruik; die toestaan van verlof vir goedgekeurde persone of liggame om verversings of ander goedere op die terrein te verkoop; die behartiging van sodanige werksaamhede as wat binne die Raad se bevoegdheid nodig bevind mag word om sy pligte doeltreffend te kan uitvoer; en om, indien gewens, die nodige reëlings te tref vir die herdenking van die gelofte en die viering van Geloftefees by die Monument en in die amfiteater.[6)]

## (c) SAMESTELLING

Die Beheerraad word deur die Regering benoem en bestaan vandag uit die Administrateur van Transvaal, die Burgemeester van Pretoria, die Sekretaris van Openbare Werke of sy verteenwoordiger en nog tien persone, tesame met drie nie-stemhebbende verteenwoordigende beamptes van die Departement van Openbare Werke wat in 'n raadgewende hoedanigheid optree, te wete die hoofargitek, die beheersuperintendent van tuine en die streekverteenwoordiger, Pretoria.[7)]

'n Lid van die Beheerraad word vir 'n tydperk van drie jaar aangestel. In geval van beëindiging van die amp van 'n lid, weens dood, bedanking of ander rede, voor verstryking van sy ampstermyn deur tydverloop, word sy opvolger slegs vir die onverstreke gedeelte van die tydperk van drie jaar aangestel.[8)]

Die Beheerraad kies self sy ampsdraers, met uitsondering van die Voorsitter wat deur die Staat benoem word, en vergader so dikwels as omstandigdhede dit vereis. Ses lede van die Beheerraad vorm 'n kworum.[9)]

---

6) B.R.V.M., Reglement van die B.R.V.M.
7) Ibid.
8) Ibid.
9) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## (d) LEDE

Soos reeds gemeld, het dr. T.E. Dönges op die aand van 16 Desember 1949 tydens die afsluiting van die fees die name van die Beheerraad van die Voortrekkermonument bekend gemaak. In hierdie liggaam, waarvan die S.V.K.-Dagbestuur die kern was, is benoem :

Dr. E.G. Jansen (voorsitter), mev. M.M. Jansen, dr. Wm.Nicol (Administrateur van Transvaal), mnr. V.H. Rudd (Burgemeester van Pretoria), mnr. I.M. Lombard (ondervoorsitter), mev. E.C. van der Lingen, prof. dr. T.J. Hugo, dr. J.E. Holloway, dr. G. Moerdyk en mnr. M.C. Botha (ere-sekretaris), terwyl mnre. J.A.L. Montgomery en D.H. Lourens ampshalwe as verteenwoordigers van die Departemente Binnelandse Sake en Openbare Werke, onderskeidelik, in die Raad gedien het.[10]

Teen die einde van 1950 het dr. E.G. Jansen en mev. M.M. Jansen bedank, nadat dr. Jansen tot Goewerneur-generaal van die Unie benoem is. Die Minister van Binnelandse Sake het dr. Wm. Nicol in dr. Jansen se plek as voorsitter benoem en prof. dr. A.N. Pelzer en mev. A. Wassenaar is in die twee vakatures benoem.[11]

Deur die jare het die volgende veranderings in die geledere van die Beheerraad plaasgevind :

Mnr. J.H..Visse vervang mnr. V.H. Rudd;[12] mnr. E. Smit vervang mnr. J.H. Visse;[13] dr. H. Muller vervang mnr. E. Smit;[14] mnr. T.P. Kriel vervang mnr. J.A.L. Montgomery;[15] dr. R. Dyason vervang dr. J.E. Holloway;[16] mnr. W.J. Seymore vervang dr. H. Muller;[17] mnr. W.J. Britz vervang mnr. W.J. Seymore;[18] mnr. D.C. Malan vervang dr. G. Moerdyk;[19] mnr. B.M. van Tonder vervang mnr. W.J. Britz;[20] mev. Nellie Kruger vervang mev. A. Wasse

---

10) S.V.K., I 10/1, B.R.V.M., Sekretariële Verslag, 5.7.1952.
11) Ibid.
12) B.R.V.M., Notule, 1.12.1950.
13) Ibid., 29.4.1953.
14) Ibid., 3.11.1953.
15) Ibid., 5.2.1954.
16) Ibid., 12.12.1955.
17) Ibid., 20.1.1956.
18) Ibid., 19.11.1956.
19) Ibid., 15.4.1957.
20) Ibid., 20.6.1958.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naar; mnr. F.H. Odendaal vervang mnr. T.P. Kriel;[21] mnr. L.J. van den Berg vervang mnr. B.M. van Tonder;[22] dr. J.C. Otto vervang mnr. J.L. van den Berg;[23] prof. dr. S. Pauw vervang mnr. D.C. Malan;[24] mnr. B.D.T. Boshoff, voorheen ere-hulpsekretaris, word as volle lid van die Beheerraad aangestel;[25] mnr. E. Smit vervang dr. J.C. Otto;[26] prof. dr. P.J. van der Walt vervang mnr. E. Smit;[27] prof. D.W. de Vos vervang prof. dr. T.J. Hugo; 28) mnr. W.A. Pauw vervang prof. dr. S. Pauw;[29] mnr. B.M. van Tonder vervang prof. dr. P.J. van der Walt;[30] mnr. J.F. Becker vervang mnr. B.M. van Tonder en mnr. S.G.J. van Niekerk vervang mnr. F.H. Odendaal;[31] dr. Wm. Nicol bedank as voorsitter, maar bly aan as lid;[32] mnr. S.G.J. van Niekerk word in 1966 as nuwe voorsitter aangewys;[33] mnr. J.F.P. Badenhorst vervang mnr. M.C. Botha en mnr. B.D.T. Boshoff word ere-sekretaris;[34] mnr. H.K. Truter vervang mnr. J.F. Becker;[35] dr. J.C. Otto vervang dr. Wm. Nicol;[36] mnr. P.R. Nel vervang mnr. H.K. Truter;[37] mnr. J. Driessen, Sekretaris van Openbare Werke, word in 1968 aangewys as nuwe bykomende lid.[38]

Op 31 Oktober 1968 het die Beheerraad dus soos volg daaruit gesien : Die Administrateur van Transvaal, mnr. S.G.J. van Niekerk (voorsitter), mnr. I.M. Lombard (ondervoorsitter), mnr. B.D.T. Boshoff (ere-sekretaris), prof. D.W. de Vos, prof. dr. A.N. Pelzer, dr. R. Dyason, mnr. J. Driessen (Departement van Openbare Werke), mev. N. Kruger, mev. E.C. van der Lingen, dr. J.C. Otto, mnr. W.A. Pauw, mnr. J.F.P. Badenhorst en mnr. P.R. Nel (Burgemeester van Pretoria).[39]

---

21) Ibid., 7.11.1958.
22) Ibid., 16.1.1959.
23) Ibid., 11.12.1959.
24) Ibid., 7.4.1960.
25) Ibid., 30.11.1961.
26) Ibid., 26.4.1962.
27) Ibid., 26.4.1963.
28) Ibid., 31.8.1964.
29) Ibid., 9.12.1964.
30) Ibid., 21.4.1965.
31) Ibid., 10.3.1966.
32) Ibid., 5.8.1966.
33) Ibid., 23.9.1966.
34) Ibid., 23.9.1966.
35) Ibid., 24.4.1967.
36) Ibid., 11.12.1967.
37) Ibid., 13.5.1968.
38) Ibid., 16.9.1968.
39) Ibid., 21.10.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Drr. E.G. Jansen en G. Moerdyk is op 5 Februarie 1957 as erelede benoem,[40] terwyl ook die Superintendent, mnr. G.J. Retief, en die Voorligtingsbeampte, mnr. P. Conradie, die vergaderings van die Beheerraad vanaf 1956 en 1960, onderskeidelik, in ŉ adviserende hoedanigheid bywoon.[41]

## (e) FINANSIES

Die Beheerraad ontvang jaarliks ŉ toekenning van die Staat, vir die behartiging van sy werksaamhede. Die toekenning moet jaarliks deur die Beheerraad by die Staat vir die daaropvolgende boekjaar aangevra word, waartydens ŉ begroting vir die onderhawige jaar ingedien moet word. Die Beheerraad mag ook fondse ontvang by wyse van skenkings en die verkoop van aandenkings wat in verband staan met die Monument.[42]

Geen toegangsgeld word by die Monument gevra nie, maar besoekers plaas donasies in ŉ sierlike houtvaatjie, geskenk deur die eerste Opsigter, mnr. P.P. Henning.[43] Die bydraes in hierdie vaatjie by die voordeur, sowel as die wat direk aan die kassier gestuur word, getuig van die wens van die volk dat die Monument sy regmatige plek in die volslewe sal inneem.[44]

Net na die middel van 1950 het die Beheerraad ŉ openbare beroep op die stadsrede in die land gedoen om die Beheerraad se fondse, ter verbetering van die terrein, met bydraes te styf. Die oproep het ŉ skrale R3,349.74 opgelewer.[45]

Die Dagbestuur van die S.V.K. het op 19 November 1964 besluit om die volle balans van die fondse van die S.V.K. mettertyd aan die Beheerraad van die Voortrekkermonument oor te dra, en by bekendmaking van hierdie besluit is die Beheerraad ook meegedeel dat die Dagbestuur van die S.V.K. in daardie lopende jaar R10,000, in kontant of in die vorm van gesedeerde regte op sy vaste beleggings aan die Beheerraad sou oordra.[46] Die besluit in verband met die oorskot van die S.V.K.-fondse is tydens die

40) _Ibid_., 5.2.1957.
41) _Ibid_., 19.11.1956 _en_ 7.4.1960.
42) B.R.V.M., Reglement van die B.R.V.M.
43) S.V.K., I 10/1, B.R.V.M., Sekretariële Verslag, 5.7.1952.
44) Amptelike Gids, _Die Voortrekkermonument, Pretoria_, (Ongedateerd), p.84.
45) S.V.K., I 10/1, B.R.V.M., Sekretariële Verslag, 5.7.1952.
46) S.V.K., S 1/2, Brief: Eresekr., S.V.K., aan Eresekr., B.R.V.M., 4.12.1964.

ontbindingsvergadering van die S.V.K. op 21 November 1968 herbevestig.[47)]

Ander bronne van inkomste was die verkoop van oorgeblewe Afrikaanse en Engelse feesprogramme van 1949 [48)] en 3% kommissie op die verkoopprys van die boek, Die Huldejaar 1949, deur M.C. Botha.[49)] Die verkoop van poskaarte met afbeeldings van die Monument en dele daarvan, die amptelike gids en ander aandenkings is vandag nog ŉ vaste bron van inkomste.

Ingeval die Beheerraad ophou om te funksioneer, val al sy beskikbare fondse en bates terug na die Staat, wat dan geskikte maatreëls sal tref in verband met die beheer oor die Monument, terrein en toebehore.[50)]

**(f) WERKSAAMHEDE**

Dit spreek vanself dat die Monument in die eerste plek bewaar en versorg moet word. Daar is dus in 1954 op die terrein by die Monument ŉ sierlike woning vir die Superintendent opgerig. Die Superintendentswoning is tussen die suikerbosse aan die suidoostekant van die Monument geplaas. Die natuurlike ligging van die grond is sodanig dat die uitsig op en van die gedenkteken nie in die minste belemmer word nie.[51)] Mnr. G.J. Retief is tans die Superintendent.

In 1956 het dit geblyk dat daar opknappingswerk aan die Monument nodig was. Die daaropvolgende jaar is ŉ tender van die dirma Hunt, Leuchars en Hepburn, van Pretoria, aanvaar vir die herstel van die koepel en die digmaak van die dak van die lokale waarin die museum op daardie stadium gehuisves was. Hierdie werk het R9,522.65 gekos.[52)] Tot op 27 Januarie 1958 is nagenoeg R20,000 aan opknappingswerk bestee.[53)] Daarna het mnr. Hennie Potgieter die historiese fries skoongemaak, die firma Lupini Broers het die nodige opknappingswerk aan die wa-laer gedoen, en die vrouebeeld is deur die firma Vignali skoongemaak.[54)] In 1968 het die Departement van Openbare Werke die verantwoordelikheid vir die herstelwerk en onderhoud van die Monument aanvaar.[55)]

---

47) S.V.K., Notule, 21.11.1968.
48) S.V.K., I 10/1, B.R.V.M., Sekretariële Verslag, 5.7.1952.
49) B.R.V.M., Notule, 15.1.1953.
50) B.R.V.M., Reglement van die B.R.V.M.
51) Amptelike Gids, op.cit., p.85.
52) B.R.V.M., Notule, 27.4.1956 en 15.4.1957.
53) B.R.V.M., Notule, 21.2.1958.
54) Ibid., 21.2.1958, 12.6.1958 en 6.12.1965.
55) Ibid., 21.10.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Beheerraad het in 1956 besluit dat die Monument gereeld eenmaal per maand op die eerste Woensdag van elke maand belig word, asook op Van Riebeeckdag, Krugerdag, Nuwejaarsdag, Geloftedag en Kersaand (24 Desember).[56)] Die seinkorps van die Suid-Afrikaanse Leër het 'n apparaat gebou en in die Monument geïnstalleer wat die navigasieligte bo-op die Monument so beheer dat die volgende boodskap stadig en ritmies in Morsekode geflits word :

„Ons vir jou Suid-Afrika." [57)]

Daar is vertoë tot die Beheerraad gerig, om meer in die ooglopende voorsiening te maak vir die erkenning van die Opperwese, teenoor wie die Voortrekkers en die Afrikanervolk steeds hulle swakheid bely het. Daar is spesifiek aan die hand gedoen dat op die senotaaf bygevoeg moes word, „Suid-Afrika vir God". Die Beheerraad het hierdie vertoë lank en besonder simpatiek oorweeg, maar uiteindelik besluit dat die Opperwese nie in die konsepsie van die Monument verontagsaam is nie, aangesien die historiese fries erkenning aan God beliggaam en die Monument op die altaaridee gebaseer is.[58)]

Die Beheerraad het in 1951 'n versoek tot die Pretoriase Stadsraad gerig om nog meer grond tot die terrein toe te voeg, sodat daar vir 'n groot stuk grond om die Monument 'n ontwikkelingsplan opgestel kon word. Die Beheerraad het dit ook aan 'n onderkomitee opgedra om, in oorleg met die Stadsraad, so 'n ontwikkelingsplan vir die terrein op te stel, met inagneming van die Stadsraad se beleid met sy aangrensende grond in die rigting van die Fonteine wat, volgens die Beheerraad se begeerte, as 'n natuurpark ontwikkel moet word.[59)] Die Stadsraad het 'n gedeelte van die plaas, Groenkloof no. 419, groot ongeveer 110 morg, aan die Regering as uitbreiding van die terrein van die Voortrekkermonument geskenk.[60)] Miskien is die grootste stuk werk wat die Beheerraad aangepak het, die versorging en versiering van die uitgebreide terrein rondom die Monument. Mettertyd sal hierdie hele terrein tot 'n natuurpark omgeskep word en die gedagte is

---

56) Ibid., 2.3.1956.
57) Ibid., 13.5.1968.
58) S.V.K., I 10/1, B.R.V.M., Sekretariële Verslag, 5.7.1952.
59) Ibid.
60) B.R.V.M., Notule, 4.3.1955.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om sover moontlik slegs van inheemse bome gebruik te maak.[61)]

By mnr. G.J. Retief, die Superintendent, het die gedagte ontstaan om die rotstuine aan die oostekant van die Monument so uit te lê dat die verskillende roetes van die Voortrekkers en die geskiedkundige dorpe daarop aangedui kon word.[62)] Dosente van die Pretoriase Onderwyskollege was verantwoordelik vir die vervaardiging van 'n reliëfkaart van die Trekroetes en ook vir die afsteek daarvan op die terrein.[63)] Die Suid-Afrikaanse Tuinbouvereniging is gevra om behulpsaam te wees om vetplante, geskik vir rotstuine, van oor die hele land te verkry om op die rotstuine te plant.[64)]

Een van die eerste take wat die Raad moes aanpak, was die beveiliging van die amfiteater. Hierdie ruimte is in 1949 met taamlike haas gereed gemaak toe besluit is om die inwyding van die Monument in daardie jaar te laat plaasvind. Die gevolg was dat baie rougrond blootgelê is en nie weer bedek kon word nie. Met grasaanplanting, waterafleiding en betonversterking is hierdie vergaderplek, die grootste in Suid-Afrika, nou behoorlik verseker.[65)] Die trappe van die amfiteater is ook doeltreffend onder dak gebring, die verhoog se kelder is toegespan, gerieflike kleedkamers is aangebring, die paadjies is uitgestraat en verder is 'n doeltreffende wateraanleg aangebring.[66)]

Op 'n wenk van dr. E.G. Jansen is daar besluit om ongeveer elke vyfde jaar die viering van Geloftedag op groot skaal by die Monument waar te neem.[67)] Daarvoor is die amfiteater by uitnemendheid geskik, soos die geval was in 1949, 1953, 1957, 1962 en 1967.[68)] Maar die amfiteater bied ook 'n gulde geleentheid vir die volk om sy kulturele lewe, en daardeur sy nasionale gevoel te versterk met die sametrekking van skares wat meedoen aan grootse kultuurwerksaamhede, soos die Taalfees (1959), die Uniefees (1960), die Republikeinse Dankseggingsdiens (1961) en die Republiekfees (1966).

---

61) Amptelike Gids, <u>op.cit</u>., pp.87-88.
62) B.R.V.M., Notule, 26.3.1953.
63) <u>Ibid</u>., 25.10.1957.
64) <u>Ibid</u>., 24.4.1950.
65) Amptelike Gids, op.cit., pp.84-85.
66) S.V.K., I 10/1, B.R.V.M., Sekretariële Verslag, 5.7.1952.
67) B.R.V.M., Notule, 25.10.1950.
68) <u>Ibid</u>., 27.6.1956, 9.8.1962 en 24.4.1967.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Baie besoekers het verlang om op die Monumentterrein verversings te geniet. Na heelwat huiwering het die Beheerraad besluit om naby die parkeerplek voor die Monument 'n verversingslokaal op te rig. 'n Plan is beraam om die gerief vir die besoekers te verskaf sonder om aan die gewydheid en skoonheid van die Monument iets af te doen. Die lokaal is naamlik gebou in 'n uitgrawing wat geredelik van die parkeerplek toeganklik is, maar van bo gesien, gelykvloers met die betrokke deel van die terrein loop.[69] Mnr. Tobie van Wyk, 'n argitek, is deur die Departement van Openbare Werke aangestel vir die oprigting van hierdie gebou wat ook die museum huisves.[70] Die totale koste verbonde aan die oprigting daarvan het nagenoeg R113,000 bedra.[71]

Dit is ongetwyfeld waar dat die Voortrekkermonument by die publiek intense en uitgebreide belangstelling geniet en dat hoë agting vir die Monument gekoester word. Getuienis hiervan is die groot aantal persone wat maandeliks die Monument besoek. Groepe persone wat kongresse in Pretoria of Johannesburg bywoon, kom dikwels as georganiseerde liggame die Monument besoek. Net so kom daar van tyd tot tyd ook georganiseerde groepe blanke en nie-blanke skoolkinders.[72]

Dit is ook bekend dat sekere buitelandse sendings of hoë oorsese besoekers by die Monument onder 'n groot indruk, nie net van die Monument nie, maar ook van ons volksgeskiedenis en -vraagstukke gekom het.[73] Byna geen hoë oorsese besoeker verlaat Pretoria voordat 'n besoek aan die Monument gebring is nie. Onder hulle tel onder andere :

Sy Koninklike Hoogheid die Prins van die Nederlande (1954); die President van Portugal, generaal Lopez (1956); die Aga Kahn (1958); Burggraaf Montgomery (1960) en die Eerste Minister van Brittanjė, mnr. Harold MacMillan (1960).[74]

Die gedrag en houding van die besoekers is opvallend. Soos by 'n kerkgebou laat elkeen onbewus die stem sak wanneer hy nader kom. Hoede word vanself afgehaal. Dit geld nie slegs vir blankes nie, maar ook van nie-blankes. Hoewel geen deel van die

---

69) Amptelike Gids, <u>op.cit</u>., p. 85.
70) B.R.V.M., Notule, 22.8.1963.
71) <u>Ibid</u>., 21.10.1964.
72) Amptelike Gids, <u>op.cit</u>. p. 83.
73) S.V.K., I 10/1, B.R.V.M., Sekretariële Verslag, 5.7.1952.
74) B.R.V.M., Notule, 13.8.1954,12.10.1956,9.5.1958 en 15.2.1960.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Monument spesifiek vir stille oordenking en gebed afgesonder is nie, word mense telkens in die boonste wandelgang of by die fakkellig in die senotaafsaal biddend aangetref.[75]

ŉ Voorligtingsbeampte, mnr. P.J. Conradie, is sedert September 1959 deur die Beheerraad aangestel om die publiek in groepies onder sy leiding te neem en alles in verband met die geskiedenis, betekenis en simboliek van die Monument aan hulle te verduidelik.[76]

Die Beheerraad het ook ŉ belangrike bydrae gelewer tot die totstandkoming van die Museum by die Voortrekkermonument. Hiervan verneem ons in die volgende afdeling meer.

## 9. DIE VOORTREKKERMONUMENTMUSEUM

### (a) ONTSTAAN

Tydens die Eeufeesjaar was die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) nie slegs verantwoordelik vir die reëling van die Simboliese Ossewatrek nie, maar is op sy inisiatief orals langs die Trekpad oudhede ingesamel met die bedoeling om dit later op ŉ sentrale plek vir die nageslag te bewaar. Tot tyd en wyl oor die plek besluit is, is die versamelde materiaal na Hartenbos, die strandoord van die A.T.K.V., gestuur, waar dit tydelik bewaar is.[1]

Terwyl die insameling van Voortekkerstukke aan die gang was, het baie skenkers dit as hulle wens te kenne gegee dat die oudhede uiteindelik in die Voortrekkermonument gehuisves moes word.[2] Die idee van ŉ museum by die Monument is ook deur mev. Kotie Roodt-Coetzee in 1949 in die pers uitgespreek waarna "Die Vaderland" ŉ inleidingsartikel oor die onderwerp geskrywe het en gesê het dat dit ŉ dieper betekenis aan die Monument sou gee.[3]

In 1949, tydens die inwyding van die Voortrekkermonument, is ŉ tydelike uitstalling van stukke by die Voortrekkermonument gehou. ŉ Private komitee was vir hierdie uitstalling verantwoordelik. Hierdie uitstalling het die gedagte aan ŉ museum in

75) Amptelike Gids, <u>op.cit.</u>, pp.83-84.
76) B.R.V.M., Notule, 11.12.1959.
1) S.V.K.,Persverklaring deur Ondervoors., B.R.V.M., 5.7.1957.
2) Amptelike Gids, <u>Die Voortrekkermonument, Pretoria</u>, p. 61.
3) O.J.O.F., Brief ontvang van Direkteur, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, 3.10.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Monument 'n groot stoot vorentoe gegee.[4)]

Na die voltooiing van die Monument het mnr. M.C. Botha daarop gewys dat daar altyd sprake was van die uitstalling van oudhede in die Monument op 'n beperkte of uitgebreide skaal en hy het gemeen dat die Beheerraad tot helderheid moes kom deur 'n onpartydige ondersoek te laat instel.[5)] Prof. dr. A.N. Pelzer en dr. G. van W. Eybers is gevra om die aangeleentheid te ondersoek en die Raad van advies te dien. Op hulle aanbeveling het die Beheerraad besluit om die keldervertrekke vir die doel in te rig.[6)]

Prof. Pelzer is deur die Beheerraad aangewys om die oudhede op Hartenbos te gaan inspekteer.[7)] Na aanleiding van sy verslag is besluit om 'n hoeveelheid uitgesoekte historiese stukke uit die versameling op Hartenbos na die Voortrekkermonument oorgeplaas te kry.[8)]

'n Deeglike ondersoek is ingestel na die geskiktheid van die betrokke lokale in die Monument vir inrigting as 'n museum. In oorleg met die personeel van die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die W.N.N.R., is die vogtigheid in die lug van die bewaarruimte en die temperatuurwisseling in die lokaal noukeurig bepaal en na aanleiding daarvan voorsiening gemaak om albei hierdie faktore so konstant as moontlik op die vereiste gehalte te hou.[9)]

In die uitvoering van die planne het die Beheerraad van die Voortrekkermonument ook die waardevolle steun van die kant van die Raad van Kuratore van die Transvaal-museum ondervind. Die uitstalling is nie slegs voorberei en is in gereedheid gebring deur die vakkundige beampte vir Kultuurgeskiedenis van die Transvaal-museum, mev. Kotie Roodt-Coetzee, nie,[10)] maar die Transvaal-museum het ook goedgunstiglik ingestem om sy eie waardevolle versameling Voortrekkermateriaal vir die museum in die Monument beskikbaar te stel.[11)]

---

4) <u>Ibid</u>.
5) B.R.V.M., Notule, 17.2.1950.
6) Ibid., 17.2.1950, 23.6.1950 en 21.8.1950.
7) <u>Ibid</u>., 7.5.1951.
8) <u>Ibid</u>., 13.8.1951.
9) S.V.K., Persverklaring, <u>op.cit</u>., 5.7.1957.
10) N.A.S.K.O.M., Brief: Direk., Tvl-museum aan Sekr., B.R.V.M. 14.9.53
11) S.V.K., Persverklaring, <u>op.cit</u>., 5.7.1957.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vir die beheer van die uitstalling in die Voortrekkermonument is 'n onder-komitee van die Museumraad aangestel, bestaande uit vyf lede waarvan twee deur die Beheerraad van die Voortrekkermonument en drie deur die Raad van Kuratore van die Transvaal-museum benoem is.[12] Die onder-komitee het bestaan uit prof. Dr. A.N. Pelzer en mnre. H.P.H. Behrens en M. Bourke, as verteenwoordigers van die Transvaal-museum;[13] en dr. J.E. Holloway en mev. E.C. van der Lingen, as verteenwoordigers van die Beheerraad van die Voortrekkermonument.[14] Dr. V. Fitz-Simons en mev. K. Roodt-Coetzee is as medewerkende lede benoem. Prof. Pelzer is tot voorsitter gekies en mev. Coetzee het as sekretaresse opgetree. Die onder-komitee het as skakel tussen die Beheerraad van die Voortrekkermonument en die Raad van Kuratore van die Transvaal-museum gedien.[15]

Die voorbereiding van die museum het om voor die hand liggende redes heelwat tyd in beslag geneem. Omdat slegs egte Voortrekkermateriaal uitgestal sou word, is dit logies dat baie van die stukke weens gebruik op die trekpad en veelvuldige hantering, verweerd of beskadig was. Noukeurige aandag moes aan die opknappingswerk van vertoonstukke gegee word, maar ook in verband hiermee is slegs van deskundige hulp gebruik gemaak.[16] Dit was moontlik om met ingang 1 Julie 1957 die museum in die Voortrekkermonument vir die publiek oop te stel. Hierdie museum was aan die suidekant van die Monument geleë.[17]

Vanaf 1 Julie 1963 is die Transvaal-museum in twee museums verdeel, naamlik een vir Kultuurgeskiedenis wat in Augustus 1964 tot die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum verklaar is en een vir Natuurgeskiedenis wat die oorspronklike benaming Transvaal-museum behou het. Die bestaande ooreenkomste tussen die Beheerraad van die Voortrekkermonument en die Raad van Kuratore van die Transvaal-museum het dus oorgegaan na die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.[18]

---

12) N.A.S.K.O.M.,Verslag van Voors.,B.R.V.M. oor onderhoud met Direkteur,Transvaal-museum,22.4.1953.
13) N.A.S.K.O.M., Brief: Direkteur,Transvaal-museum aan Sekr., B.R.V.M., 19.10.1953.
14) N.A.S.K.O.M., Brief: Sekr.,B.R.V.M. aan Direkteur, Transvaal-museum, 20.1.1954.
15) N.A.S.K.O.M.,Notule van Onder-komitee, Voortrekkermonument-museum, 26.3.1954.
16) S.V.K., Persverklaring op.cit., 5.7.1957.
17) Gedenkprogram: Geloftedag - 1957,(Pretoria,1957),p.21.
18) B.R.V.M., Notule, 14.6.1963.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Spoedig het geblyk dat daar nie voldoende uitstalruimte in die museum was nie. Omdat heelwat materiaal nie uitgestal kon word nie, moes die Beheerraad dadelik aan die beskikbaarstelling van meer uitstalruimte dink. Na heelwat onderhandelinge met die Transvaalse Provinsiale Administrasie het die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee besluit om R40,000 op die R-vir-R-grondslag tot die bou van ŉ nuwe museum-restaurantkompleks ten noorde van die Monument by te dra.[19] Ook die S.V.K. het ŉ bedrag van R10,000 aan die Beheerraad oorhandig as donasie vir die boufonds van die nuwe museum.[20] Die bouery het aan die begin van 1966 ŉ aanvang geneem en vandag word Voortrekkerstukke in hierdie deeglik beplande en goed toegeruste museum vertoon.

Omdat aansienlike koste in verband met die op- en inrigting van die museum aangegaan moes word en omdat die instandhouding van die museum verdere finansiële eise stel, is besluit om redelike toegangsgelde te hef. Surplusfondse wat langs die weg opgebou word, word uitsluitlik in belang van die verdere ontwikkeling van die Monument en die terrein aangewend.[21]

**(b) UITSTALLINGS**

Die Beheerraad van die Voortrekkermonument het besluit dat die museum by uitstek ŉ Voortrekkermuseum sal wees. Slegs oudhede wat dus op die een of ander manier met die Groot Trek in verband staan, word daarin opgeneem. Verder het die Beheerraad ook besluit om 1852 - die jaar waarin die onafhanklikheid van Transvaal deur Groot Brittanje erken is - as logiese afsluiting van die Groot Trek te beskou.[22]

Die uitstallings in die nuwe museumgebou is min of meer dieselfde as wat dit in die museum onder die Monument was en is oorspronklik, toe die museum onder die Monument begin is, deur mev. Kotie Roodt-Coetzee beplan.[23] Die Museum beskik vandag oor sy eie vakkundige beampte in die persoon van mev. Linda Slabbert.

---

19) Ibid., 4.2.1965.
20) Ibid., 7.11.1966.
21) S.V.K., Persverklaring, op.cit. 5.7.1957.
22) Amptelike Gids, op.cit., p.61.
23) O.J.O.F., Brief ontvang van Direkteur, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, 3.10.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar word in drie soorte „kaste" uitgestal :

1. In vier vertrekke of kamer-kaste, waarin grepe uit die Voortrekker se huislike lewe voorgestel word en waarmee dus na natuurlike uitstallings gestrewe word. Hierdie uitstallings is die volgende : ŉ Uitspan-toneel met ŉ kakebeenwa, ŉ gloeiende kampvuurtjie en allerlei tekens van mense wat daar uitkamp; ŉ tipiese Voortrekkerwoning met kombuis, voorhuis en slaapkamer wat op Voortrekkerwyse gemeubileer is - selfs met ŉ rietplafon en ŉ misvloer met ŉ perskepit-versiering in die kombuis en die slaapkamer en ŉ spoggerige bloed-en klei-vloer in die voorhuis. Daarby word popfigure, in paslike drag, in die vertrek-uitstallings gebruik om ŉ bepaalde toneeltjie voor te stel, byvoorbeeld, „bakdag", „Boekevat", „musiekaand", ens. Hierdie tonele met die popfigure word gewissel.

2. In drie nisse waarin die klem op Voortrekkerklere gelê word.

3. In nege platkaste waar die publiek die voorwerpe van naderby kan besigtig. In hierdie kaste word ook volgens temas uitgestal en die uitstallings word periodiek gewissel. Op die oomblik sien die uitstallings daar soos volg uit : Voorwerpe van Bantoes met wie die Voortrekkers in aanraking gekom het, bv. persoonlike besittings van Silkaats en Dingaan; Voortrekkerwapens soos gewere en koeëlvorms; leervoorwerpe deur die Voortrekkers vervaardig; kombuisware en produkte uit die kombuis; gebruiksartikels van die Voortrekkermans soos rookgoed; skeermesse en serpe; Voortrekkerkappies; kinderklere; Bybels en ander boeke wat aan die Voortrekkers en veral die Voortrekkerleiers behoort het.[24)]

Die historiese ossewa, die „Johanna van der Merwe", is eers in die ondersaal van die Voortrekkermonument geplaas,[25)] maar word tans ook op ŉ spesiale plek by die museum bewaar.

In die museum neem die Voortrekkertapisserie ŉ baie belangrike plek in. Dit is egter geen Voortrekkeroudheid nie en word daarom afsonderlik behandel.

---

24) Ibid.
25) B.R.V.M., Notule, 21.8.1950.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## (c) DIE VOORTREKKERTAPISSERIE

Die gedagte dat die Afrikaanse vrou haar talente in 'n groot stuk kunsnaaldwerk vir die nageslag moet bewaar, het jare gelede by mev. Nellie Kruger van Johannesburg ontstaan. In 1952 is mev. Kruger gevra om 'n praatjievoor die Vrou-en-Moederbeweging van die A.T.K.V. (S.A.S.& H.) in Germiston te hou. Hier het sy voorgestel dat 'n grootse stuk kunsnaaldwerk wat die geskiedenis van die Afrikaner uitbeeld, deur vroue onderneem word.[26)]

Mev. M.S. Pienaar, Voorsitster van die beweging, het die voorstel in September 1952 aan die Uniale Jaarvergadering oorgedra, wat dit verwelkom het. 'n Reëlingskomitee, waarin ook mev. Kruger sou dien hoewel sy nie lid van die beweging was nie, is aangestel om die saak verder te voer.[27)]

Die Vrou-en-Moederbeweging het die Beheerraad van die Voortrekkermonument genader om te verneem of hulle bereid sou wees om die tapisseriewerk in die Voortrekkermonumentmuseum uit te stal. Die Beheerraad het die aanbod in beginsel aanvaar indien dit van bevredigende gehalte en strekking sou wees.[28)] Die Beheerraad was ook van mening dat historiese gebeurtenisse na 1854 nie in die tapisserie voorgestel moes word nie aangesien dit dan 'n konsepsie na die Voortrekkerdrama sou uitbeeld. Verder is ook gevoel dat die menslike en intieme aspekte van die Voortrekkerlewe in die werk in aanmerking moes kom.[29)]

Op 3 en 4 April 1953 het mev. M.S. Pienaar, mev. Nellie Kruger, mev. J.H. Grant en mnr. W.H. Coetzer 'n samespreking gehou oor hierdie beplande groot muurtapisserie. Allerlei probleme soos die keuse van materiaal, die uitstalling van die voltooide produk, betiteling, die kies van werksters, ens. is bespreek en deeglik uitgepluis.[30)]

Die dienste van mnr. W.H. Coetzer, die bekende Afrikaanse kunsskilder, is verkry om die panele op tapisseergaas te skilder voordat hulle met wol in tapisseersteek uitgewerk is. Mnr. Coetzer was besonder geskik vir die taak omdat hy reeds twintig

---

26) Die Huisgenoot, 1.4.1960, p. 38.
27) Ibid.
28) B.R.V.M.,Notule 18.9.1952.
29) B.R.V.M., Notule, 27.2.1953.
30) B.R.V.M., Verslag i.s. muurtapisserie in Voortrekkermuseum, 10.4.1953.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jaar met 'n studie van ons volksgeskiedenis en die uitbeelding daarvan besig was.[31)] Mnr. Coetzer het eers 'n klein skets van elke tema gemaak voordat 'n paneel in volle grootte geskilder is. Hy moes ook self die temas vir die vyftien panele uitsoek, aangesien dit 'n artistieke eenheid moes vorm en dit 'n verteenwoordigende beeld van die geskiedenis van die Groot Trek moes gee. Mnr. Coetzer was ook behulpsaam met die uitsoek van die kleure (in wol) wat deur die werksters gebruik moes word en het ook aan elke werkster haar paneel verduidelik en toesig gehou oor die korrektheid van die kleurgebruik, veral met die oog op die strenge eise van die kleurperspektief.[32)] Hy het ongeveer vyf jaar voltyds in liefde en diepe ywer aan hierdie panele gewerk omdat hy graag die standaard van ons kuns en die bydrae wat ons as Afrikanervolk tot die kuns lewer baie hoog wou hou en handhaaf.[33)]

Mnr. Coetzer se panele is met die oog op historiese juistheid aan geskiedkundiges voorgelê. Vir die korrektheid van die Voortrekkerdrag was mnr. Coetzer saam met mej. Trude Kestell verantwoordelik. Die plekke wat hy geskilder het, het mnr. Coetzer self besoek, sodat self die agtergrond outentiek is.[34)]

Mev. J.H. Grant van Amanzimtoti, wat landswyd bekend was vir haar naaldwerkkuns en op die gebied van die tapisseerwerk uitmuntend gepresteer het, het die Reëlingskomitee van deskundige raad bedien en het ook oor die tapisseriewerk self toesig gehou.[35)] Op een na was al die werksters òf leerlinge van mev. Grant òf leerlinge van dames wat sy as naaldwerkonderwyseres opgelei het. Sy was 'n baanbreker op die gebied van 'n eie naaldwerkkuns in Suid-Afrika, en het haar lewe daaraan toegewy om die naaldwerktalent van ons vroue wakker te maak en te ontwikkel. Daarsonder sou die Voortrekkermuurtapisserie inderdaad nie moontlik gewees het nie.[36)]

---

31) A.T.K.V. (S.A.S. & H.), Oproep om bydraes vir Voortrekkermuurtapisserie.
32) B.R.V.M., Brief: Hoofsekr., A.T.K.V. aan W.H. Coetzer, 11.6.1953.
33) Amptelike Gids, _op.cit._, p. 80 _en_ B.R.V.M., Brief : Org., Vrou-en-Moederbeweging aan Sekr., B.R.V.M., 25.5.1955.
34) _Die Huisgenoot_, 1.4.1960, p. 39.
35) A.T.K.V., Oproep om bydraes vir Voortrekker-muurtapisserie.
36) Brosjure: _Die Voortrekkertapisserie_, p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Hele aantal werksters het uit eie beweging aansoek gedoen om panele uit te werk.[37] Die vroue wat die werk uiteindelik gedoen het, is mev. J.W. Prinsloo van Nelspruit (Die Verjaarsdag, Begin van die Trek, Oor die Grootrivier), mev. A.W. Steyn (Die Moord by Bloukrans, Die Storm) en mev. M.R. Oosthuizen (Boekevat) albei van Pretoria, mev. M.B. de Wet (Retief se Afskeid) van Oudtshoorn, mev. H.J. Combrinck (Trichardt oor die Drakensberge) van Port Elizabeth, mev. H. Rossouw (Uitspanning by Thaba 'Nchu, Simboliese Samevatting) van Middelburg, Transvaal, mev. J.F. Coetzer (Herstel van Wawiele, Blijdevooruitzicht), mev. M.S. Pienaar (Vegkop) en mev. N. Kruger (Begrafnis in die Veld, Bloedrivier), laasgenoemdes al drie van Johannesburg.[38]

Die onderneming het die beskerming van die Beheerraad van die Voortrekkermonument sowel as van die eerste vroue van die land, die gades van die Goewerneur-generaal en die Eerste Minister, mevv. E.G. Jansen en D.F. Malan, en die eggenotes van die Administrateurs van die vier provinsies en Suidwes-Afrika, naamlik mev. Wm. Nicol (Transvaal), mev. P.J. Olivier (Kaapprovinsie), mev. J.J. Fouche (Oranje-Vrystaat), mev. D.G. Shepstone (Natal) en mev. D.T. du P. Viljoen (S.W.A.), geniet.[39]

Vroueverenigings dwarsdeur die land is genader om geld in te samel. Die reaksie was so gunstig dat R26,000 binne 'n jaar bymekaar gebring het. Verder is bydraes van 'n paar stadsrade, die Afrikaanse Kerke, skole, sake-ondernemings, ander georganiseerde liggame en belangstellende volksgenote ontvang.[40] Die S.V.K. het besluit om ook R500 tot die tapisseriefonds by te dra[41]

Deurgans is slegs van die allerbeste en deeglik-beproefde materiaal gebruik gemaak. Elke keur wol wat gebruik is, is deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde getoets en kleurvas bevind.[42] Verder is alle moontlike voorsorgmaatreëls getref om die panele teen insekte, skimmel en verwering te vrywaar.[43]

---

37) A.T.K.V., Oproep om bydraes vir Voortrekker-muurtapisserie.
38) Die Huisgenoot, 1.4.1960, p. 39; Amptelike Gids, op.cit., pp.80-82, en Brosjure; Die Voortrekkertapisserie, p.3.
39) S.V.K., M.3/4, Brief: Organiseerster, Vrou-en-Moederbeweging aan Sekr., S.V.K., 10.8.1954.
40) Brosjure: Die Voortrekker-tapisserie, p.3.
41) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 8.12.1954.
42) Die Huisgenoot, 1.4.1960, p. 39. Die kleur behoort bestand te wees teen 300 uur middagson.
43) Brosjure: Die Voortrekker-tapisserie, p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die panele is in „gros point" uitgewerk. Die steek is groter as die fyn „petit point", sodat die werksters ŉ mooi gesig slegs met die deskundige hulp van mnr. Coetzer kon uitwerk. Een steek kan ŉ wipneus in ŉ platneus verander. ŉ Beeldskone vrou word met ŉ enkele steek ŉ karikatuur.[44] Die saagtandrandjies van voorwerpe wat in borduurwerk nie uitgeskakel kan word nie en die donker omlyning verleen ŉ merkwaardige gevoel van ritme en beweging aan die toneel terwyl dit die figure in die voorgrond beter beklemtoon. In die agtergrond is van minder strak omlyning gebruik gemaak, soos in die kappies om die perspektief dieper te maak.[45]

Daar is tien panele van vyf voet lank, vier van ses voet en een van nege voet, gesamentlik dus ongeveer drie en tagtig voet. Die breedste is deurgaans twee en dertig duim.[46]

Die nege vroue het binne agt jaar, waarin hulle 3,353,600 steke met ongeveer 48 myl wol gemaak het, die panele voltooi. In elke vierkante duim is honderd steke. Een van die naaldwerksters het bereken dat dit haar van 65 tot 70 uur geneem het om ŉ vierkante voet uit te werk.[47]

Aanvanklik is die koste vir die tapisserie-onderneming op R20,000 geskat. Namate die werk gevorder het, het ŉ noukeurige kosteberekening moontlik geword. Die finale beraming het op R30,000 te staan gekom. Dit het vergoeding aan kunstenaars, koste van materiaal, reis- en verblyfkoste en organisasiekoste oor ŉ tydperk van jare ingesluit.[48]

Die Voortrekkertapisserie is op 14 Desember 1960 deur die Vrou-en-Moederbeweging van die A.T.K.V. by die Voortrekkermonument aan die Beheerraad oorhandig. Mev. M.S. Pienaar het die oorhandiging waargeneem en mnr. W.H. Coetzer het ŉ kort toespraak gelewer, terwyl prof. dr. A.N. Pelzer die panele in ontvangs geneem het.[49]

Elke paneel vertolk ŉ faset uit die geskiedenis van die Groot Trek. In alle opsigte is getrag om aan hierdie epos uit

---

44) <u>Die Huisgenoot</u>, 1.4.1960, p.40.
45) <u>Sarie Marais</u>, 18.4.1956, pp.14-15.
46) Brosjure: <u>Die Voortrekker-tapisserie</u>, p. 3.
47) <u>Ibid</u>., en <u>Die Huisgenoot</u>, 1.4.1960, p.38.
48) A.T.K.T.V.,Oproep om bydraes vir Voortrekker-muurtapisserie.
49) B.R.V.M., Notule, 26.5.1961.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ons helde-verlede reg te laat geskied. Die reeks panele verbeeld die volgende taferele :[50]

**Die Verjaarsdag**

Hierdie paneel gee 'n indruk van die goeie ou dae van voorspoed en geluk net voor die Trek. Onder 'n groot eikeboom word Ouma gelukgewens deur familie en vriende in hulle kisklere. Die omgewing is Graaff-Reinet met Spandaukop in die agtergrond. Dis herfs. Die winter lê voor. Yl wolkies voorspel die komende onheil. 'n Seun speel met 'n span dolosse - sinnebeeldig van die Trek wat voorlê. Die hele komposisie is gebaseer op S-vormige lyne wat kunstig uitmekaar vloei. Die paneel gee 'n voorstelling van die mooiste Voortrekkerdrag wat as model kan dien vir ons Afrikaanse volksdrag.

**Die Uittog**

Die trek na die onbekende Noorde begin. Onweerswolke stel die onrus voor. Alles is gereed : die waens is opgeknap, gebruiksartikels, porseleinware, die Statebybel en ammunisie moet opgelaai word. In die agtergrond is die Martha- en Mariakop van die Tarka-omgewing. 'n Stemming van afskeid en weemoed spreek tot jou.

**Oor die Grootrivier**

Elf myl stroom-op van Aliwal-Noord by Zanddrif, met Kraanberg in die agtergrond, vind die oortog oor die Oranjerivier plaas. Die waens is met rieme op vlotte van dik boomstamme vasgebind. 'n Span osse trek die vlot oor die wal. 'n Gereedskapkis, 'n man wat 'n nuwe skei in 'n juk sit en vrouens wat kos regmaak, trek die aandag op die voorgrond. Oorkant die rivier kom 'n ry waens aan wat die atmosfeer skep van wat voorlê, van 'n lang, lang tog die vryheid of die dood tegemoet.

**Vegkop**

Op 16 Oktober 1836 het barbare wreed op 'n klein Voortrekkerlaertjie by Vegkop afgestorm. Vrouens en kinders het

---

50) Brosjure : Die Voortrekkertapisserie, pp.5-20.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle deel onverskrokke bygedra. Vrouens giet koeëls, laai gewere vir hulle mans en skiet self. 'n Jong dogter maak 'n kruithoring vol en 'n seuntjie wat onder deur die wa skiet, stel Paul Kruger as elfjarige seun voor.

**Uitspanning by Thaba 'Nchu**

Thaba 'Nchu, wat deur die Voortrekkers Blesberg genoem is, was 'n algemene bymekaarkomplek. Die paneel gee die bedrywighede by so 'n uitspanning weer : 'n voorslag word gesny, brood word geknie, wasgoed word gewas, 'n broek word gelap, 'n blaasbalk word gebruik om die smorende miskoeke aan die brand te blaas, vetkerse en biltong word gemaak. Alles word in 'n weelde van kleur weergegee. Waens en mense ver agter gee diepte en perspektief aan die toneel.

**Begrafnis in die Veld**

Die paneel stel die begrafnis van 'n Scheepersdogtertjie van die Trichardt-trek voor, ongeveer 2½ myl suidwes van die huidige Louis Trichardt. 'n Bossie veldblommetjies is op 'n kis, van planke aanmekaar getimmer, gelê. Om die graf staan onder andere die weduweemoeder, Louis Trichardt, sy seuns Carolus en Pieta en skoolmeester Daniel Pfeffer. 'n Beeld van diepste droefheid word geskep deurdat 'n dierbare in die veld begrawe moet word.en dan verder getrek moet word.

**Herstel van Wawiele**

Voor Louis Trichardt se trek oor die Drakensberge tot in Delagoabaai moes die wawiele nagesien en herstel word. Die uitbeelding op die paneel is gegrond op kleurryke gegewens uit Trichardt se dagboek. „Ouwe Botha" is besig om nuwe vellings vir die speke van 'n wiel aan te sit. Vlakby is die gereedskap wat daarvoor gebruik word. Carolus Trichardt het 'n paar hoefysters gemaak. Die geheel gee 'n unieke beeld van 'n ambag wat aan die uitsterf is.

**Oor die Drakensberge**

Trichardt deel die geweldige steilte van die Drakensberge af. Die agterwiele van die wa is uitgehaal en 'n groot tak onder die wa se as vasgemaak waarop dit moet afskuiwe. Figure links

en regs van die wa balanseer die swaartepunt. Die skaduwee van ŉ groot boom op die watent is simbolies van die doodskaduwee wat die Trichardt-trek agtervolg het. Aasvoëls bo in die lug suggereer nog meer ontberings : die verlies van trekvee as gevolg van die tsetsevlieg.

**Blijdevooruitzicht**

ŉ Voorstelling van die vreedsame intog in Natal. Die Trekkers is bo-op die Drakensberge, naby die huidige Oliviershoekpas. Voor hulle lê die land van hoop en belofte, Natal. Die natuur is ŉ lushof met groen gras en veldblommetjies na lieflike reëns. Voor loop ŉ seun met ŉ Voortrekkervlag, simbolies van die latere republiek Natalia.[51] In die verte lê Bloukrans op die horison.

**Retief se Afskeid**

Piet Retief staan op die punt om na Dingaan te vertrek. Sy seuntjie vra toestemming by mev. Retief om saam met sy pa te gaan. Debora Retief vul haar vader se veldfles met water vir die reis. Oor Retief se skouer hang ook die bladsak waarin die traktaat tussen hom en Dingaan later gevind is. Geen een van die wat vertrek het, het ooit weer teruggekeer nie. Daardie afskeid was die laaste groet.

**Die Moord by Bloukrans**

Dingaan se hordes kom middernag van 17 Februarie 1838 aangestorm, op die huisgesinne wat deur Retief agtergelaat is. Die mans is weg. Dit word ŉ verskriklike nag met vlamme en rookwolke, wawiele wat uitmekaar spat, vrouens wat kerm en bid. Thérèse Viglione, die vrou van ŉ Italiaanse handelaar, jaag uit op haar perd om ander Trekkers te waarsku. Die wind speel deur die verflenterde blaaie van ŉ ou Statebybel.

---

51) Dr. W.H.J. Punt het in 1961 daarop gewys dat dit foutief is, want in 1836 tot 1842 het die Voortrekkers nog die Nederlandse Driekleur of Vaderlandse vlag gebruik. Die vlag wat in die tapisserie voorkom is pas in 1842 in Natal in gebruik geneem.
B.R.V.M., Brief : Dr. W.H.J. Punt aan Voors., Voortrekkermonument-museum, 1.9.1961.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Die Storm**

In die omgewing van Colenso oorval 'n geweldige haelstorm die Voortrekkers. Alles op die waens is papnat en word afgepak. Geleidelik trek die storm verby, maar agter is die lug nog grys en vol onheil. Enkele groen blaartjies aan die bome en die sagte reënboog is tekens van lewe en hoop.

**Boekevat**

Die Suiderkruis skitter aan die donker naghemel. Onder 'n seil wat bo-oor 'n paar waens getrek is, word God aanbid, gedank en geëer deur inniggelowige mense. Ook bediendes luister eerbiedig terwyl 'n Ou Vader uit die Bybel lees. 'n Dogtertjie slaap teen haar moeder se bors en 'n ligte aandwindjie waai die kersvlamme in die rigting van die hooffiguur om sodoende die aandag nog meer op hom te vestig.

**Bloedrivier**

Die geveg van 16 Desember 1838 word gesien vanuit die sloot wat in Bloedrivier loop. Teen dagbreek kruip Dingaan se hordes nader om die witman uit te delg. Geweerskote uit die walaer maak die donker figure plek-plek skaars sigbaar in die kruitdampe. Lanterns aan sweepstokke het hulle deur die nag soos spoke afgeskrik. Bo in die agtergrond dryf môrewolkies getint met die gloed van die opkomende son. Die lig sprei geleidelik tot onder in die sloot wat nog donker is.

**Simboliese Samevatting**

Die hele trekgeskiedenis word simbolies weergegee. 'n Seetoneel stel die Voortrekkers se hunkering na 'n seehawe voor. Die klotsende water teen die rotse is sinnebeeldig van die storms wat hulle moes trotseer. Die donderstorm en bliksemstraal simboliseer die geweldadige moorde wat op die Voortrekkers gepleeg is en die silwer rand om 'n wolk is die verlossing na al die rampe. Die gehawende vellings van die wiel is simbool van hulle baie ontberings en die bloedrooi ysterband is die teken dat dit deur bloed gerol het. Die wiel rus op die anker van hoop en dié weer op die oop Bybel, simbool van geloofsvertroue. Die gewel van die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg stel die

dank van die Voortrekkers aan die Almagtige Skepper vir triomf oor gevare voor. ŉ Groot draak voor die amfiteater van die Drakensberge is die simbool van chaos. Uit newels van onsekerheid kom vroue met fakkels wat die koms van die beskawing aandui. Regs word orde en vooruitgang, die vrug op Voortrekkerwerk, uitgebeeld. ŉ Stad is gebou uit historiese geboue : Die Stadsaal, Pietermaritzburg; die Raadsaal, Bloemfontein; die Raadsaal, Pretoria; die eerste kerkie en skooltjie wat die Voortrekkers in Lydenburg gebou het. Bokant hierdie saamgestelde stad troon die liglyn van die nog groeiende toekomsstad met sy wolkekrabbers. Uit die stad rys die gestalte van Niké, die godin van oorwinning, met ŉ palmtak van vrede in haar linkerhand en met haar regterhand plaas sy ŉ lourierkrans oor die heldedom van die Voortrek. Die wit duif bo in die middel simboliseer vrede en vryheid.

Die Voortrekkertapisserie vervul ŉ belangrike rol by die Monument. Terwyl die historiese fries in die heldesaal die politieke en militêre gebeurtenisse van die Voortrek uitbeeld, benadruk die tapisserie die huislike en kulturele bedrywighede.

Die Afrikanervrou het met hierdie tapisserie hulde gebring aan haar volksgeskiedenis. ŉ Grootse kunswerk is vervaardig. Dit is ŉ stuk werk wat enig in Suid-Afrika en in die hele wêreld is.[52)]

---

52) Mev. Nellie Kruger is tans besig met die skrywe van ŉ boek oor die Voortrekkertapisserie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK IV

## DIE BLOEDRIVIERMONUMENT

Die Slag van Bloedrivier was een van die belangrikste gebeurtenisse in ons geskiedenis. Dit is nie net op sigself belangrik nie, maar dit is ook van besondere betekenis as ons die omstandighede waaronder dit plaasgevind het en die gebeurtenisse wat dit voorafgegaan het in aanmerking neem. Maar die Slag was ook om 'n ander rede betekenisvol: omdat 'n gelofte daaraan verbonde is. Die Gelofte bevat ernstige woorde; en dit is ook ernstig bedoel. Dit het nie slegs vir die Voortrekkers gegeld nie; dit het ook ons, hulle nageslag, gebind. Dit is dus geen wonder dat reeds van vroeg af daaraan gedink is om 'n monument of gedenkteken by Bloedrivier op te rig nie.

Toe die S.V.K. in 1931 vir die oprigting van 'n sentrale Voortrekkermonument in die lewe geroep is, het die plek waar dit moes verrys dringende aandag geniet. Die aansprake van Bloedrivier is sterk na vore gebring en daar was inderdaad groot teleurstelling aan Natalse kant toe die S.V.K. op Pretoria besluit het as die plek waar die Voortrekkermonument opgerig sou word. Soos reeds gesien, het die Natalse Provinsiale Komitee na die beslissing amptelik by die Minister van Binnelandse Sake daarteen beswaar gemaak.[1)]

Die besluit van die S.V.K. was waarskynlik 'n aansporing vir die verantwoordelike persone om ook 'n waardige monument by Bloedrivier op te rig. Sen. A.T. Spies, Voorsitter van die Bloedriviermonument-komitee, het naamlik die aanspraak van Bloedrivier op die setel van die groot Voortrekkermonument namens sy komitee teruggetrek op voorwaarde dat met die bou van die Bloedriviermonument gelyktydig aangegaan kon word en dat dit die finansiële steun van die S.V.K. sou geniet. Hierdie versoek is toegestaan. Die S.V.K. het slegs in die geval van Bloedrivier 'n uitsondering toegelaat op die reël om nie gelyktydig met die oprigting van die Voortrekkermonument kleinere monumente aan te pak nie.[2)]

---

1) Van Tonder, J.J. (Red.), Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika, (Kaapstad, 1961), p. 79.

2) Fleur (Huldigingsuitgawe), 4.12.1949, p.15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 1. VOORGESKIEDENIS

Onder die talryke monumente wat langs die pad van Suid-Afrika verrys het, neem die Bloedriviermonument 'n besondere plek in; vir die Afrikaner het dit 'n besondere betekenis verwerf. 'n Kort weergawe van die voorgeskiedenis van hierdie Voortrekkerwa as gedenkteken sal hierdie stelling bevestig en dit is dan ook gewens om 'n kort oorsig te gee van die feesvierings by Bloedrivier en wat daaruit voortgespruit het.

Die terrein van die slagveld is vir die eerste keer weer besoek toe die „Beeskommando" in 1840 daar verbygetrek het, waartydens duisende geraamtes van die gesneuwelde Zoeloes nog wit op die vlakte gelê het.[3)]

In Natal is Dingaansfees gedurende die daaropvolgende twee dekades nie algemeen georganiseerd gevier nie. Dat die Gelofte egter nie vergeet is nie, en dat daar wel soms in Pietermaritzburg onder leiding van Erasmus Smit gedenkbyeenkomste gehou is, blyk uit die volgende aanhaling: „Op Zondag den 15 December l.l. vier de oude leeraar (Erasmus Smit) aan zijne woning met een aanzienlijk deel toehoorders den zevende Jaarlijksche Gedenk- Dank en Biddag, wegens de overwinning der emigranten strijdend leger door Gods hulp, over Dingaans talrijk armee of Oorlogs Benden behaald."[4)]

Wat opvallend is, is dat selfs toe Sarel Cilliers en Andries Pretorius nog in Pietermaritzburg was, niks deur hulle gedoen is om die viering van Dingaansfees te bestendig nie.[5)] By een geleentheid het eersgenoemde dit selfs nodig gevind om Andries Pretorius ernstig te betig omdat hy die dag vergeet het: hy waarsku teen die verwagte toorn van God indien die Gelofte nie nagekom word nie.[6)]

### (a) GELOFTEFEES, 1864

Dit wil voorkom asof die eerste openbare feesviering te Bloedrivier op 16 Desember 1864 plaasgevind het. Op die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Natal is die viering van Dingaansdag naamlik op 20 Oktober 1864 te berde gebring bywyse van 'n beskrywingspunt ingedien deur ds.

---

3) Van Tonder, op cit., p. 76.
4) De Natalier, 20.12.1844.
5) Du Toit, A.G. en Steenkamp, L., Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek, p. 87.
6) Van Tonder, op cit., p. 76.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Huet van Pietermaritzburg.[7] Na aanleiding van hierdie beskrywingspunt het die Algemene Kerkvergadering besluit „dat de 16 de December kerkelijk gevierd zou worden als een dankdag."[8] In hoeverre die gemeentes in Natal hulle aan hierdie bepaling gehou het, is nie bekend nie. Op 16 Desember 1864 is egter te Bloedrivier 'n volksfees gehou. Daar word vertel dat daar ontsteltenis onder die Zoeloes geheers het toe hulle die witmense daar sien byeenkom. Jan de Jager, die eienaar van die plaas waarop die slagveld geleë is, het hulle egter gerusgestel.[9]

**(b) GELOFTEFEES, 1866: DIE STAPELING VAN KLIPPE**

In 1865 het ds. F. Lion Cachet predikant van Utrecht geword en kort na sy aankoms aldaar het hy die Bloedrivierslagveld saam met ouderling J.W. de Jager, die eienaar van die plaas, besoek. By die geleentheid het ds. Cachet met De Jager die plan bespreek om Geloftedag jaarliks op dieselfde plek te vier waar die laer in 1838 gestaan het.[10]

Die eerste Geloftefees wat hierna te Bloedrivier gehou is, was dié op 16 Desember 1866.[11] Baie belangstellendes uit Natal sowel as Transvaal het die fees bygewoon. Op die plek waar Andries Pretorius agt en twintig jaar van te vore sy laer getrek het, is weer 'n laer van veertig tot vyftig waens gevorm met 'n tentkerk daarbinne waarin die godsdiensoefening gehou is. Ds. Cachet beskryf die verrigtinge soos volg: „Onbeschrijflik aandoenlijk was het zoo velen nog van de oude krijgers, die hier getreden hadden, diep bewogen te hooren getuigen van de verhooring hunner gebeden in de ure des gevaars, en aan de hulpe Gods de overwinning toeschrijven, die zij hadden behaald. Onder die mannen waren ook Karel Landman, verscheidene De Jagers, Uys, van Rooyen en anderen ....."[12]

By hierdie geleentheid is vir die eerste keer daaraan gedink om een of ander gedenkteken daar op te rig. Dit geskied op 'n heel eenvoudige wyse. Na ds. Cachet oor Exodus 17:15 gepreek

---

7) Du Toit, op. cit., pp. 87 en 111.
8) Cachet, F.L., De Worstelstrijd der Transvalers, pp. 201-202.
9) Van Tonder, op. cit., p. 76.
10) Cachet, op. cit., pp. 201-202.
11) Cachet gee die datum aan as 16 Desember 1867, maar A.G. du Toit wys daarop dat die jaartal wat hy aangee verkeerd is, want as die feesviering in Desember van daardie jaar plaasgevind het, sou dit nie in De Kerkbode van 1867 kon verskyn nie. As ons in gedagte hou dat Cachet dit 15 jaar daarna (in 1881) eers opgeteken het, kan ons aanneem dat sy geheue hom, wat die datum betref, hier parte gespeel het.
12) Cachet, op. cit., pp. 201-202.

het[13], het die mans en seuns na 'n nabygeleë plek gegaan, „van waar ieder terugkeerde met een klip, terwyl een groot aantal Kaffers die uit Zululand waren gekomen groote steenen aanrolden."[14] Honderde Zoeloes het ook van die anderkant van Bloedrivier gekom om te sien wat die „witte menschen" op hierdie historiese plek doen. Onder hulle was daar een ou Zoeloe wat aan die aanval op die laer deelgeneem het en self nou ook sy klip aangedra het.[15] 'n Altaar, „een gedenkteken den Heere, was spoedig gebouwd, juist in het midden van het oude lager[16], waar zich inmiddels alle de aanwezigen hadden verzameld. Het was een plegtig oogenblik. Acht-en-twintig jaren geleden was deze plaats met bloed als doorweekt ..... Hoe geheel anders was het nu? Geen ander zwaard dan het zwaard des Geestes; geen andere banier dan de banier van het Kruis; geen ander gevaar dan het gevaar om te kort te schieten in dankbaarheid. ' Daar waren ook van de oude krijgers, op deze zelfde plaats naauwelijks den dood ontkomen ... Z.Ew. (ds. Cachet) had dien morgen een boodschap ontvangen van Cetchwayo, het Zulu-opperhoofd, zijn blijdschap te kennen gevende dat Z.Ew. op die plaats gekomen was om ,Kerk te houden'. Hij zond hem nu de boodschap terug, dat op dezen dag alhier een gedenkteken was opgerigt, als een teken van hetgeen God gedaan heeft voor zijn volk alhier - doch dat de naam van dit teken Vrede is."[17]

Vir die Voortrekkers self was dit dus 'n uitgemaakte saak dat die Sondagslag van 16 Desember 1838 in betekenis bo alle ander gebeure tydens die Groot Trek uitgestaan het en in hulle siele het die onwrikbare oortuiging geleef dat hulle, gebind deur die Danskraal-gelofte, aan die God van die Bloedrivieroorwinning dank en hulde verskuldig was, wat nie slegs in woorde betuig word nie, maar ook op sigbare en tasbare wyse herdenk moes word. Hierdie hopie ruwe klippe het geskiedenis gemaak en moes dien as 'n vingerwysing na omhoog vanwaar hulle hulle hoop gekoester het, en vanwaar hulle bede beantwoord is.[18] Dit was 'n byna ou-Testamentiese daad; miskien die eerste keer in ons geskiedenis dat 'n

---

13) Van Tonder, <u>op. cit.</u>, p. 76.
14) <u>De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika</u>, Deel XIX, No. 5, 2.3.1867, pp. 71-72.
15) Cachet, <u>op. cit.</u>, pp. 201-202.
16) Cachet se weergawe daarvan is: „ongeveer in het midden van het oude laager". (Cachet, <u>op. cit.</u>, pp. 201-202.)
17) <u>De Gereformeerde Kerkbode in Z.A.</u>, <u>op. cit.</u>, 2.3.1867, pp. 71-72
18) L.J.S., Referaat: Die betekenis van die Bloedriviermonument.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dergelike steenhoop gestapel is. Later het dit gebruiklik geword om tydens belangrike volksbyeenkomste klippe opmekaar te stapel, byvoorbeeld dié op Paardekraal in 1880.[19]

Die moontlikheid het bestaan dat hierdie slagveld, waaraan soveel herinneringe verbonde is, in vreemde hande sou val. Op versoek van ds. Cachet was De Jager bereid om die bepaalde stuk grond aan die Kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Kerk te Utrecht, ten bate van die hele volk, af te staan.[20] Die bedoeling was om gereeld op dié plek te vergader en 'n duursame gedenkteken, miskien 'n „buitekerk", daar op te rig.[21] Die grond, omtrent 'n morg in grootte, is egter nooit op naam van die gemeente getransporteer nie.[22]

### (c) GELOFTEFEES, 1888: BESLUIT OM 'n MONUMENT OP TE RIG EN DIE EERSTE FONDSINSAMELING

Na 1866 het die feesviering op Bloedrivier maar weer nie gereeld plaasgevind nie. Namate die vyftigste gedenkdag van die gebeurtenis genader het, het planne egter ontstaan om 'n monument op te rig. In 1887 is 'n komitee, bestaande uit die onderstaande lede, gekies om geld vir hierdie doel in te samel: J.S. Vermaak, Helpmekaar (voorsitter); ds. Godfried Döhne, Weenen (sekretaris); vir Transvaal: ds. Ackerman, en later genl. P.J. Joubert; vir die Oranje-Vrystaat: G. Aveling; vir die Kaapkolonie: J.H. Hofmeyr (Onze Jan). Vir Natal het bygekom: J.R. Hershensohn, Gert van Rooyen (penningmeester), J.C. Adendorff en C. Bester. Hierdie komitee het blykbaar nie goed gefunksioneer nie; want daar is net R100 ingesamel, hoofsaaklik uit Natal.[23]

Aan die begin van Desember 1888 het pres. S.J.P. Kruger per perdewa op 'n presidentsreis uit Pretoria vertrek op pad na Bloedrivier, waar hy die vyftigjarige herdenking van die oorwinning op 16 Desember 1838 sou bywoon. Volgens 'n verslag van die feesviering op Bloedrivier was daar 'n groot aantal belangstellendes uit Transvaal, Natal en die Oranje-Vrystaat teenwoordig, onder andere vyf predikante, naamlik ds. Ackerman (Wakkerstroom), ds. Neethling (Utrecht), ds. Döhne (Weenen), ds. Louw (Vryheid) en ds. Schoon (Ladysmith).[24] President Kruger en kommandant-

---

19) Van Tonder, op. cit., p. 76.
20) Cachet, op. cit., pp. 201-202.
21) De Gereformeerde Kerkbode in Z.A., op. cit., 2.3.1867, pp. 71-72.
22) Du Toit, op. cit., p. 87.
23) Van Tonder, op. cit., p. 77.
24) Historia, Jaargang 3, No. 1., Maart 1958, p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

generaal P.J. Joubert het om 8.00 nm. op Saterdag,15 Desember op die terrein aangekom. Ds. Neethling het hulle 'n verwelkomingsadres aangebied.[25)]

'n Kamp bestaande uit tente en sowat sewentig waens en ander rytuie is opgeslaan. 'n Aantal waens is in twee rye getrek en bo-oor is seile gespan. In hierdie watentkerk is 'n diens die volgende dag om 11.00 vm. deur ds. Neethling gelei. Om eenuur het ses Voortrekkers wat vyftig jaar tevore aan die slag deelgeneem het, naamlik Uys, Hatting, Nel, Van der Merwe, J. de Jager en Izak de Jager, almal waarskynlik meer as 70 jaar oud, van hulle ondervindinge vertel.[26)] Ongelukkig bestaan daar geen uitvoerige verslae van hulle mededelinge nie. Die laaste twee het so sag gepraat dat die koerantverslaggewers niks daarvan kon opteken nie.[27)]

Na afloop van die verrigtinge is 'n vergadering gehou in verband met die oprigting van 'n monument ter ere aan „Piet Retief en zijne burgers".[28)] Interessant is die bespreking wat hier ontstaan het oor die plek waar so 'n monument opgerig moes word. Verskeie plekke wat vyftig jaar later oorweeg is, is hier reeds vermeld. Van Rooyen noem Vryheid; Aveling noem Dingaanstat, soos volgens hom die vorige jaar reeds besluit is.[29)] Die notule van hierdie vergadering, waaruit blyk dat Paul Kruger sy tyd vyftig jaar vooruit was, lui onder andere soos volg: „Z.H.Ed. de President stelde voor om een nationaal monument te Pretoria op te richten en om al de namen er op te doen graveeren, die gevochten hebben en gevallen zijn in de oorlogen tot op den Vrijheidsoorlog."[30)] Ten slotte is 'n voorstel van ds. Neethling aanvaar „dat in herdenking aan Piet Retief en zijn dappere mannen, die te Dingaanstad en Blaauwkrans gevallen zijn en van de commando van P. Uys (en) de overwinning gekregen hadden by de Umvolosie en als een bewys van dankbaarheid voor de overwinning te Bloedrivier, het gedenkteken te Vechtkop worde opgericht".[31)] Vechtkop is die kop by Bloedrivier en ook die naam van die plaas waarop die slag gelewer is. Die heer Aveling het die voorstel gesekondeer en die voorstel van ds. Neethling is met 'n meerderheid van sewe en vyftig aanvaar.[32)]

---

25) _Ibid_., p.6.
26) _Ibid_.
27) Van Tonder, _op. cit_., p. 77.
28) _Historia, op. cit_., Maart 1958, p. 6.
29) Van Tonder, _op. cit_., p. 78.
30) _Historia, op. cit_., Maart 1958, pp. 5-6.
31) Van Tonder, _op. cit_., p. 78.
32) _Historia, op. cit_., Maart 1958, p. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Weer is ŉ komitee saamgestel om geld vir die monument in te samel. Die komitee het uit die volgende lede bestaan: Natal: J.S. Vermaak (voorsitter), ds. Godfried Döhne (sekretaris); Transvaal: Generaal Piet Joubert; Oranje-Vrystaat: G. Aveling; en die Kaapkolonie: J.H. Hofmeyr (Onze Jan). Die voorsitter het toe die verteenwoordiging van Natal in die komitee uitgebrei met nog vier lede, naamlik Gert van Rooyen van Greytown (penningmeester) J.R. Hershensohn van Pietermaritzburg, J.C. Adendorff van Newcastle en C. Bester van Ladysmith.[33)] Die jaar daarop het die voorsitter en sekretaris bedank, asook J.H. Hofmeyr wat weens sy drukke politieke loopbaan in die Kaapkolonie nie kans gesien het om daarin te dien nie - hy het ewenwel £5 (R10) vir die goeie doel gestuur. Reorganisasie was dus nodig en genl. Joubert is as voorsitter en ds. H.L. Neethling as sekretaris gekies.[34)]

Weer het sake nie gevlot nie. Van die geld wat deur hierdie komitee ingesamel is, is £120 (R240) uit die boedel van die penningmeester, mnr. Van Rooyen, aan ds. Pellissier (later professor) oorhandig en hy het dit in die Dingaanstatmonumentfonds gestort.[35)]

### (d) GELOFTEFEESVIERINGS, 1889 - 1913

Vanaf 1888 tot 1894 is Geloftefees taamlik gereeld op die Bloedrivier-terrein gehou, maar op 16 Desember 1895 is die hoeksteen van die Bloukransmonument deur genl. Piet Joubert gelê. Hier het hy weer die gedagte geopper dat ŉ algemene Voortrekkermonument gebou moes word. Nog eens is ŉ komitee in die lewe geroep om fondse in te samel, maar die krisistoestand in Transvaal en die daaropvolgende oorlog het weer eens alle planne verydel.[36)]

In 1909 het die saak ander maal ter sprake gekom toe ŉ komitee gevorm is om die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg vir die volk terug te koop. Dit het in 1912 gebeur toe die kerkie, uitgesluit die terrein, vir veilige bewaring aan die sentrale regering oorhandig is, met die voorbehoud dat op die terrein ŉ monument opgerig mag word. Hierdie plan is deur die Eerste Wêreldoorlog verydel.[37)]

---

33) L.J.S., Referaat: Die rol van Bloedrivier in die Geskiedenis van Suid-Afrika.
34) Van Tonder, op. cit., p. 78.
35) L.J.S., Referaat: Die rol van Bloedrivier in die Geskiedenis van Suid-Afrika.
36) Van Tonder, op. cit., p. 78.
37) Ibid., pp. 78-79.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met verloop van tyd is min of meer gereeld feeste op die Bloedrivier-terrein gehou. Af en toe was dit spesiale groot feeste. In 1911 is die fees vereer met die teenwoordigheid van oud-president M.T. Steyn, wat by die geleentheid ook ŉ klip by die stapel gevoeg het. Dit het trouens meermale gebeur dat nuwe „klipleggings" plaasgevind het.[38)]

Tydens ŉ groot volksfees in 1913 is weer ŉ komitee gekies, die Bloedrivier-eeufeeskomitee, maar ook die werk van hierdie komitee is deur die oorlog in die war gestuur.[39)]

**(e) OORDRAG VAN DIE TERREIN AAN DIE KERK**

Dit was die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat ver genoeg vooruit gekyk het om te sorg dat hierdie gewyde stuk grond in besit van die Kerk ten bate van die Afrikanervolk gekom het. Die drie predikante wat die meeste daarmee gemoeid was, is. di. D.P. Ackerman, A.J. Louw en Paul Nel (sr.).[40)] Dit was deur hulle toedoen dat die Kerk in 1917 besluit het - al was dit dan ook deur omstandighede so te sê daartoe gedwing - om die hele plaas waarop die Slag van Bloedrivier plaasgevind het, van mnr. K.P. de Jager van Bethal, Transvaal te koop. Sedertdien is hierdie heilige akker in besit van die Kerk en so van die volk.[41)] Die plaas van 1,400 morge is teen so ŉ redelike prys gekoop, dat die Kerk die terrein van die slagveld, plus 300 morge, kon uitsny en die orige 1,100 morge verkoop teen dieselfde prys as die oorspronklike koopprys van die hele plaas.[42)]

**(f) BLOEDRIVIER-DORPSAANLEG**

ŉ „Bloedrivier Herdenking Dorpgenootschap Beperk" is gestig met die doel om ŉ dorp aan te lê op ŉ gedeelte van die plaas Vechtkop No. 168, distrik Utrecht.[43)] Hierdie genootskap het aan elke Kerkraad die aanbod gemaak dat hy 50% van die opbrengs van die deur hom verkoopte erwe sou kry.[44)] ŉ Sinodale Kommissie is deur die Kerk aangestel om die saak te ondersoek en daaroor verslag te doen. Die kommissie se aanbeveling dat die

---

38) <u>Ibid</u>., p. 79.
39) <u>Die Ruiter</u>, 14.11.1947, p. 4.
40) Du Toit, <u>op. cit</u>., p. 100.
41) <u>Ibid</u>., pp. 89-90.
42) <u>Die Ruiter</u>, 14.11.1947, p. 5 <u>en</u> Program: <u>Onthulling van Bloedriviermonument</u>, 13-17.12.1947.
43) N.G.K.A., Pretoria: Kaart van Dorp Bloedrivier, Vechtkop No. 168, dist. Utrecht, Natal.
44) N.G.K.A., Pretoria, <u>Acta Synodi</u> (Transvaal), 1922, p. 207.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanbod van „deze Maatschappij" nie aanvaar word nie, is in 1925 deur die Sinode goedgekeur.[45] Baie Afrikaners oor die lengte en breedte van die land het egter daar erwe gekoop op die plek wat ons almal baie na aan die hart lê, maar weens die ligging en ander omstandighede seker moeilik tot 'n dorp sou kon ontwikkel het.[46]

**(g) GELOFTEFEES, 1920**

Die Sinodale Kommissie van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk het, in opdrag van die Sinode, besluit om in 1920 'n groot volksfees te Bloedrivier te hou omdat die fees van 1918 as gevolg van die griep-epidemie nie kon plaasvind nie. Die program wat vir 1918 opgestel is, is min of meer onveranderd uitgevoer. Op 15 Desember 1920 is die grond wat deur die Kerk aangekoop is, tot 'n nasionale erfstuk gewy. As sprekers vir die 16de Desember het onder meer die Moderators van die vier Gefedereerde Kerke, met die van die Hervormde en Gereformeerde Kerke opgetree. Van die mees prominente voormanne en leiers van die volk is uitgenooi om toesprake te lewer. Enkele afstammelinge van die onvergeetlike Sarel Cilliers en Andries Pretorius was teenwoordig en het ook die woord gevoer.[47]

By hierdie geleentheid is daar nog klippe by die klipstapel van 1866 gevoeg. In die feesprogram van 1920 lees ons: „Hierna zal de feestvierende menigte in behoorlike processie naar de ‚steenhoop der Vaderen' gaan, opdat een iedere die zulks verkiest, zijn of haar klip, daar kan neerleggen en also de dure gelofte van 82 jaar geleden herhalen."[48]

**(h) BESKRYWINGSPUNT VAN DIE KERKRAAD VAN UTRECHT**

In 1922 het die Kerkraad van Utrecht by die Sinode 'n beskrywingspunt ingedien wat soos volg gelui het: „Er worden doeltreffende stappen gedaan om een monument, waardig de nagedachtenis der Voortrekkers, te Bloedrivier op te richten."[49] Hierdie beskrywingspunt is na 'n Sinodale Kommissie vir Algemene Sake verwys, wat aanbeveel het dat „onder teenwoordige landsomstandighede, die saak in hand van die Sinodale Kommissie gelate

---

45) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1925, pp. 14 en 115.
46) Die Ruiter, 14.11.1947, p. 5.
47) De Kerkbode, 24.6.1920, p. 658.
48) Du Toit, op cit., p. 113.
49) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1922, p. 101.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sal word, om wanneer toestande verbeter is, handelend op te tree."[50] Hierdie aanbeveling is deur die Sinode goedgekeur,[51] en daarmee is die oprigting van 'n monument te Bloedrivier weer op die langebaan geskuif.

## 2. DIE MONUMENT WORD GEBOU

### (a) GELOFTEFEES, 1928: BESLUIT

Tydens die negentigjarige herdenkingsfees in 1928 van die Slag van Bloedrivier is, onder leiding van ds. Paul Nel, Moderator van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Transvaal, die beweging vir die oprigting van 'n monument voortgesit.[52]

Eenparig en met die grootste geesdrif is besluit dat die tyd aangebreek het dat werk gemaak moes word om die eed wat ons volk met die Bloedrivier-oorwinning afgelê en reeds so sterk deur die Voortrekkers self en ook daarná gevoel is, deur die oprigting van 'n grootse gedenkteken na te kom. Onmiddellik moes pogings in die werk gestel word om fondse in te samel, sodat die monument op 16 Desember 1938 onthul kon word, daar dit as die honderdjarige herdenkingsfees die geskikste geleentheid sou wees.[53]

### (b) BLOEDRIVIERMONUMENT-KOMITEE

'n Komitee is dus vir hierdie doel benoem, met mag van koöptasie. Die volgende lede is gekies: Ds. Paul Nel, Moderator van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk in Transvaal, ds. L.E. Brandt, Moderator van die Nederduits Hervormde Kerk, Mnr. L.J. de Jager van Babanango, en mnr. L.J. Spies (sekretaris en penningmeester) van Kingsley. Dr. Gustav Preller is deur hierdie komitee gekoöpteer.[54]

In 1933 het slegs ds. Paul Nel en mnr. L.J. Spies van die 1928-Monumentkomitee nog in die komitee gedien. In daardie jaar - nog eens tydens 'n groot sinodale fees te Bloedrivier - is mnre. L.W. Landman, N.J. Vermaak, Jo. J. Spies (sekretaris), ds. Odendaal van Dundee (namens die Natalse Kerk), ds. Kriel, mnre. G. Combrink, L.P. de Jager en senator A.T. Spies bygevoeg, met die op-

---

50) Ibid., p. 144.
51) Ibid., p. 41.
52) L.J.S., Referaat: Die rol van Bloedrivier in die Geskiedenis van Suid-Afrika.
53) Die Vaderland, 8.11.1935.
54) L.J.S., Referaat: Die rol van Bloedrivier in die Geskiedenis van Suid-Afrika.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drag om die Vrystaatse Hollandse Kerk, en die Hervormde en Enkel Gereformeerde Kerke van Transvaal te vra om verteenwoordigers in die komitee te benoem, wat dan ook gedoen is.[55)]

Die komitee het besluit dat as iemand sonder kennisgewing van drie agtereenvolgende vergaderings wegbly, sy lidmaatskap verval, met die gevolg dat die verteenwoordigers van die drie bogenoemde kerke, en dr. Preller opgehou het om lede van die komitee te wees. Ná die vertrek van mnr. Jo. J. Spies na Transvaal is mnr. A.T. Spies (jr.) tot sekretaris gekies.[56)]

In Mei 1938 het die komitee mnr. Hosking van Dundee en Mej. Ethel Campbell bygevoeg omdat so baie geldelike en ander steun van Engelse ontvang is. Dr. Louis Steenkamp en mnr. A.G. du Toit is in 1938 gevra om as verteenwoordigers van die Saamwerk-unie in die komitee te dien, veral vanweë hulle kennis van ons geskiedenis en hulle belangstelling. Ook is £500 (R1,000) van die Paardekraal-Piet Retief-fonds ontvang op voorwaarde dat hulle iemand in die komitee benoem. Die voorwaarde is aanvaar en mnr. O.R. Nel is benoem.[57)]

Met verloop van tyd is sommige lede oorlede en ander het bedank, sodat die komitee in 1947 uit die volgende lede bestaan het: Sen. A.T. Spies (voorsitter), mnr. L.J. Spies, mnr. N.J. Vermaak, mnr. L.W. Landman, dr. Louis Steenkamp en mnr. A.T. Spies (jr.) (sekretaris).[58)]

### (c) VORM EN SIMBOLIEK VAN DIE BLOEDRIVIERMONUMENT

'n Vergadering is op Dundee deur sen. A.T. Spies, ds. Kriel, ds. Paul Nel, ds. Odendaal en mnre. L.J. Spies, Lukas Landman en L. de Jager, bygewoon. Die doel van die vergadering was om 'n plan uit te kies vir die vorm wat die monument moes aanneem wat op Vechtkop opgerig sou word. Planne is deur middel van die pers gevra maar ongelukkig het nie een van die aangebode stukke aan die doel beantwoord nie. Aan sen. Spies en ds. Nel is dit dus opgedra om met ons beste kunstenaars in aanraking te kom, om aan hulle te verduidelik wat die komitee verlang en hulle te vra om ontwerpe in te stuur. Die komitee sou dan weer die nuwe stukke in oorweging neem.[59)]

---

55) Die Volksblad, 27.4.1939.
56) Ibid.
57) Ibid.
58) Die Ruiter, 14.11.1947, pp. 4-5.
59) Die Transvaler, 28.1.1938.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die mooi ontwerp van Coert Steynberg[60], begaafde Afrikaanse beeldhouer, is met geesdrif aanvaar. Steynberg is by uitnemendheid geskik as Suid-Afrikaanse monumentale beeldhouer omdat daar ŉ egte Boere-gevoel en volksbegrip in sy monumentale werk is. Verder het hy ŉ gevoel vir grootsheid en massa in sy monumentale werk, en ŉ voorliefde vir en deeglike kennis van die natuurlike materiaal van sy geboorteland.[61]

Die ontwerp van die Monument is iets besonders. Dit is naamlik ŉ gebou in die vorm van ŉ Voortrekkerwa. Die Monument is opgerig oor die hopie klippe op die Bloedrivierslagveld. Die „tent" is toe van agter. Die voorkant is oop en wys reg noord. Met ŉ vyftiental trappe kan ŉ mens opklim tot op die „buikplank" binne in die „tent". In die middel van die vloer (of „buikplank") is daar ŉ ronde opening. Om hierdie opening en ŉ endjie met die trappe af is ŉ handreling aangebring. ŉ Mens kan deur die opening afkyk in die kelderkamer op die stapel klippe onder op die grond. Die klippe word deur ŉ venster in die muur tussen die „voor-" en „agterwiele" aan weerskante van die gebou verlig.[62]

Aan beide kante van die „tent" en op die „agterklap" is beeldgroepe in reliëf aangebring wat respektiewelik die Gelofte, die oorwinning en die volvoering voorstel.

Die Gelofte: Op die kanon „Grietjie" staan Sarel Cilliers toe die Voortrekkers plegtig hulle gelofte aan God afgelê het.

Die oorwinning: Hierdie paneel stel die groot oorwinning voor wat die Voortrekkers op 16 Desember 1838 by Bloedrivier oor die impi's van Dingaan behaal het. Die tweede figuur regs is komdt. Andries Pretorius.

---

60) Coert Laurens Steynberg is in 1905 in Pretoria gebore en ontvang opleiding op Bethal, die Universiteit Rhodes en in Engeland. In 1933 ontvang hy die opdrag om te help met die versiering van Suid-Afrika-Huis in Engeland. In verband met ons volksgeskiedenis en volkshelde het hy die volgende opdragte uitgevoer: Louis Botha-ruiterstandbeeld, Hugenotemonument in Franschhoek, Sarel Cilliers-monument in Kroonstad, Samewerkingstandbeeld voor Bethalse Koöperasie, Pretoriusmonument in Pretoria, De Wet-ruiterstandbeeld in Bloemfontein, die Vrede-van-Vereeniging-monument, ens. Hy het ook ŉ belangrike internasionale erkenning ontvang toe hy gekies is tot „Fellow of the Royal Society of Artists" in Groot Brittanje. (Lantern, Mei 1952, pp. 434-437 en Rosenthal, E. (Red.), Ensiklopedie van Suidelike Afrika, (Kaapstad, 1967), p. 486.)

61) Lantern, Mei 1952, pp. ~~434-437,~~

62) Die Natalse Afrikaner, 12.12.1938.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



<u>Die volvoering van die Gelofte</u>: Hierdie paneel stel die Voortrekkerkerk voor wat op Pietermaritzburg tot nagedagtenis van die groot oorwinning en die volvoering van die Gelofte opgerig is.[63)]

Die gedaante van ŉ Voortrekkerwa dien dus as motief vir die vorm van die gebou. Die wa word dus simbolies voorgestel en nie realisties nie. In graniet sou ŉ realistiese wa prakties onuitvoerbaar gewees het en dit sou ook nie doeltreffend gewees het nie. As gebou moes die wa herskep en opnuut ontwerp word. Die verhouding van een vorm tot die ander moes argitektonies gebalanseerd wees. Te veel „speke" sou byvoorbeeld veroorsaak het dat daar ŉ konsentrasie van klein vormpies op een plek sou wees wat afbreuk aan die geheel sou gedoen het. Die proporsie, balans en ritme sou verbreek gewees het. Daar sou geen verband tussen die „speke" en die trappe, mure, boë, lyswerk, ens. gewees het nie.[64)]

Die Voortrekkerwa het van veertien tot sestien speke in die agterwiel en tien tot twaalf in die voorwiel. Daardie speke is van hout gemaak en nie van graniet nie. Op die monument word daar tien „speke" in die „agterwiel" en agt in die „voorwiel" voorgestel. So ook word daar net sewe „skeie" en elke „leer" aan die sykante van die „tent" aangegee in plaas van twaalf. Die agtste een is uitgelaat om plek te maak vir die opskrifsteen in die middel van die „leer". Daar is geen aanduiding van ŉ disselboom, of langwa, of voetplank nie. Ook is geen skroewe of boute, of hake te sien nie. Die reling op die trappe en op die vloer om die opening is natuurlik nęt paslik by ŉ gebou. Die „wiele" is boë wat̃ op pilare met kapitole rus en nisse omsluit, waar die „speke" in elk ŉ gestraalde dekorasie in vorm. Die „speke" staan nie los van mekaar nie. Die ruimtes tussen die „speke" word met paneelwerk gevul en stem met dié tussen die „skeie van die „leer" ooreen. Die tent van die wa wat die verwulf van die gebou is, kan nie so dun soos ŉ seildoek wees nie, maar is tien duim dik in deursnee. Die hoofdele van die wa wat wel aangedui word, is egter proporsioneel presies soos die van ŉ Voortrekkerwa.[65)]

ŉ Wa-beeld, realisties in alle besonderhede kan wel in brons gemaak word, maar dit sou in alle opsigte ver tekort geskiet het in vergelyking met die huidige monument. Dit sou in sy realisme baie gebonde gewees het, want dit sou nie so veelseggend en soveel estetiese waarde besit het soos ŉ simboliese voorstelling nie. ŉ

---

63) <u>Die Brandwag</u>, 19.4.1940 p. 19.
64) <u>Die Natalse Afrikaner</u>, 12.12.1938.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Bronswa sou daar uitgesien het soos 'n swart verbrande wa, wat natuurlik nie op die besondere plek, Bloedrivier, sou gepas het nie. Beeldhoupanele teen die tent van so 'n wa sou ook heeltemaal onvanpas gewees het. Teen die gewel van 'n gebou egter is dit in hierdie geval nie net moontlik nie, maar ook wenslik. So 'n bronswa sou ook nie so 'n goeie beskutting vir die hopie klippe gewees het nie. 'n Bronswa sou ook onoorspronklik gewees het en sou nie die toeskouer se verbeelding in so 'n mate gaande gemaak het of hom soveel geïnspireer het nie.[66)]

Die simboliek van die monument is drieledig. Dit stel naamlik die wa as woning, as vesting en as kerk voor.

Die wa was die woning van die Trekker, die dak oor sy hoof in sonskyn en reën, sy rusplek in die nag. Dit was nou verbonde aan geboorte, huwelik en dood, die belangrikste gebeurtenisse in 'n mens se lewe. Ook was dit die middelpunt van die gesinslewe op trek.[67)]

As vesting het die wa veral by Bloedrivier tot sy reg gekom. By die noodlottige Italeni-slag was daar geen waens nie, en dit het die Trekkers laat besluit dat hierdie kommando met waens moes uittrek. Die veghekke wat hulle saamgeneem het, dui daarop dat hulle hele strategie daarop bereken was om die walaer as vesting te gebruik. Tydens die Slag van Bloedrivier het die waens 'n muur tussen beskawing en barbaredom gevorm en was ongetwyfeld die behoud van die Trekkers.[68)]

Die wa het ook die plek van die kerk ingeneem. Ten spyte van die feit dat die Trekkers deur hulle kerk in die Kolonie in die steek gelaat is, het hulle die Bybel in die wakis saamgeneem. Rondom die wa is môre- en aandgodsdiens en kerklike dienste gehou, terwyl die sakramente ook daarby bedien is.[69)]

In sy geheel word die Voortrekkerwa hier uitgebeeld as die behoudende faktor in 'n swerwerbestaan, as die beskermer van die Trekker se aardse besittings en geestesgoedere. Die feit dat die monument oor die kliphopie gebou is om dit te beskerm, dien as simbool van die beskerming wat die Voortrekkerwa aan die Afrikaner se kultuur verleen het.[70)]

---

66) Ibid.
67) Van Tonder, op. cit., p. 81
68) Ibid.
69) Ibid., pp. 81-82.
70) Ibid., p. 82.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## (d) EEUFEESVIERING EN HOEKSTEENLEGGING, 1938

### (i) Bloedrivier-Eeufeeskommissie

Namate die honderdjarige herdenking van die Slag van Bloedrivier genader het, het die Sinode van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk gevoel dat dit op paslike wyse gevier moes word. Met hierdie doel voor oë is ʼn Bloedrivier-Eeufeeskommissie soos volg saamgestel: Ds. L.M. Kriel van Utrecht (voorsitter) en ds. J.I. de Wet van Volksrust (scriba).[71)]

Op 15 Mei 1935 het die Kommissie op Volksrust vergader. Op die vergadering was adv. E.G. Jansen, Voorsitter van die S.V.K., teenwoordig om die doel van die S.V.K. aan die Kommissie te verduidelik. Hy het ook die Bloedrivier-Eeufeeskommissie die versekering gegee dat die S.V.K. begeer om met die Kerk in die verband saam te werk.[72)]

Tot in 1938 het die Bloedrivier-Eeufeeskommissie uitgebrei en verander sodat dit in die Eeufeesjaar uit die volgende lede bestaan het: Ds. L.M. Kriel (voorsitter), sen. A.T. Spies, di. Wm. Nicol, F.J. van der Merwe, G.C. van Schouwenburg, L.N. Botha, J.P.W. de Vries (scriba) en ouderling L. van Niekerk.[73)]

### (ii) Voorbereiding

Daar was vanselfsprekend heelwat voorbereidingswerk vir ʼn fees van hierdie aard. Die Bloedrivier-Eeufeeskommissie het dus dadelik aan die werk gespring. Tussen 40,000 en 50,000 feesgangers is verwag en gevolglik is besluit om ongeveer 2,000 tente op te slaan.[74)] Mnre. Jan Landman en Frans Klopper is as leer-kommandante aangewys.[75)] Plaaslike Dingaansfeeskommissie het groot selfopofferende ywer aan die dag gelê. Op die feesterrein is ʼn stewige en doelmatige saal teen ʼn koste van ongeveer £500 (R1,000), met sitplek vir 2,000 persone opgerig. Die Rooikruisvereniging van St. Johns het op eie koste ʼn tydelike hospitaal op die terrein opgerig en gratis verpleging aan die feesgangers gegee. Ook het die Natalse Provinsiale Administrasie teen groot koste ʼn gebaande pad vanaf Dejagersdrift-stasie na die feesterrein, spesiaal vir die feesgeleentheid laat maak.[76)]

---

71) N.G.K.A., Pretoria, <u>Acta Synodi</u> (Transvaal), 1937, p. 444.
72) <u>Ibid</u>.
73) Du Toit, <u>op. cit</u>., p. 2.
74) Mostert, D., <u>Gedenkboek van die Ossewaens</u>, (Kaapstad, 1940), p. 618.
75) N.G.K.A., Pretoria, <u>Acta Synodi</u> (Transvaal), 1940, p. 506.
76) <u>Ibid</u>., p. 505.

### (iii) Feesprogram

Die Afrikanervolk was destyds wakker en vurig en namate 16 Desember 1938 genader het, het die geesdrif vir die fees opgevlam. Die drukte in die laer het aanmerklik toegeneem en gedurende die middag van 13 Desember het ŉ groot skare om die monumentterrein saamgedrom om die voltooiing van die voetstuk te aanskou.[77)]

Op 14 Desember is die twee waens, die „Piet Retief" en die „Vrou-en-Moeder", by die ingang van die kamp deur ŉ geweldige skare verwelkom. Die osse is uitgespan en meisies in wit Voortrekkerdrag het die twee waens verder getrek. Die optog was indrukwekkend. Vooraan was vier vroue in wit, met die drie republikeinse vlae en die Unievlag. Hulle is gevolg deur komdt. Frans Wessels, kol. Piet Gregory en die leier van die Natalse Trek, mnr. A.J. Kachelhoffer. Daarna het dertig vroue op perde, ŉ kommando van honderd mans en ŉ optog van tweeduisend vroue, agt in ŉ ry, almal in Voortrekkerdrag, gevolg.[78)] Aan die optog het ook twee waens deelgeneem wat self nog in die Slag van Bloedrivier was, naamlik die „Bloedrivierwa" en die ou wa van Amersfoort, die „Maritz-Martinus-Laas-wa."[79)]

Ds. L.M. Kriel, voorsitter van die Bloedrivier-Eeufeeskommissie, het die waens welkom geheet. Prof. F. Postma, destydse Rektor van die Potchefstroomse Universiteitskollege (later P.U. vir C.H.O.), het hierna ŉ ossewagedig, „Die Trek van die Boerewaens" deur Totius, oorhandig. Prof. Postma het sy toespraak in naam van die volk met die volgende woorde afgesluit: „Voor in die wapad brand ŉ lig. Trek saam met my, my geliefde volk, en mag God in sy genade ons weë verlig oor die heuwels en dale na vryheid en algehele onafhanklikheid." Mnr. A.J. Kachelhoffer, leier van die Trek „Piet Retief" en „Vrou-en-Moeder", het ŉ dankgebed gedoen. Daarna het ds. J.P.W. de Vries die huweliksbevestiging van vyf pare waargeneem. Die middag het ŉ voorstelling van vyftig jong manne en veertig jong vroue as lidmate van die kerk naas die Voortrekkerwaens plaasgevind. ŉ Orkes het gewyde musiek gespeel.[80)]

---

77) Mostert, op. cit., p. 618.
78) Ibid., p. 619.
79) Die Vaderland, 15.12.1938.
80) Mostert, op. cit., p. 620.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy toespraak het mnr. A.G. du Toit, Voorsitter van die Historiese Komitee van die Saamwerkunie, gewys op gevalle waar die Britse koloniste hulle met die griewe van die Boere vereenselwig het. Hy het hulde gebring aan die Britse pioniers in Natal vir die hulp wat hulle aan die Voortrekkers gegee het en die dade van Alexander en Robert Biggar in herinnering geroep. Die aand het ŉ orkes klassieke stukke gespeel en het die Dramatiese Vereniging van Weenen ŉ Voortrekkerdrama opgevoer.[81)]

Om 6.20 vm. op 15 Desember is die laerbewoners met die klanke van Wagner se „Waak op" deur die Duitse blaasorkes van Luneberg en omgewing vir die vroeë biduur, gelei deur ds. F.J. van der Merwe, gewek. Na ontbyt is die Gelofte van Danskraal hernu deurdat elke feesganger ŉ klein klippie in die sementpleistering van die Geloftebaken voor die feeshuis gedruk het. Na ŉ uitvoering deur die blaasorkes het die radioprogram met ŉ sangstuk „Die Ere Gods", deur die Ladysmithse Eeufeeskoor onder leiding van mev. Verster, begin.[82)]

In sy geskiedenisrede, „Die Groot Trek", het mnr. A.G. du Toit die oorsake van die uittog behandel. Daarna het ŉ buitengewoon treffende plegtigheid vanaf die voorkis van die Bloedrivierwa plaasgevind toe die dogtertjie Betty Jane van dr. E.G. Malherbe van Pretoria, deur haar oupa, ds. Paul Nel, gedoop is. Die kommetjie waarin die doopwater uit Bloedrivier was, is in die laer van Bloedrivier gebruik.[83)] Daarna het dr. N. Diederichs aan die woord gekom en met die volgende woorde die volksimbool van Bloedrivier aan die Ossewatrek en die Eeufeesjaar vasgekoppel: „Net soos die Pad van Suid-Afrika dwarsdeur ons vaderland kronkel van die suide tot aan die verre noorde, so het daar dwarsdeur ons nasie-bestaan gevloei ŉ kragtige lewensstroom wat gebring het ŉ nuwe besef van die grootsheid van ons verlede, ŉ nuwe bewussyn van ons toestand in die hede, ŉ nuwe beslistheid van ons taak van die toekoms. Nog nooit het verlede, hede en toekoms saam so ŉ magtige rol gespeel as hierdie jaar nie."[84)]

In die middag het dr. C.J.H. de Wet, van die Gereformeerde Kerk, gepraat oor „Die Voortrekkers en Lewensopvatting". Hy het daarop gewys dat die drie vernaamste ideale van die Voortrekkers christe-

---

81) Ibid., p. 621
82) Ibid.
83) Ibid., p. 623.
84) Ibid., p. 622.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



likheid, rassesuiwerheid en vryheid was. Die Eeufeesboodskap aan die Afrikaners is dat hulle hierdie iedeale moet nastreef.[85)]

Met drie sarsies vreugdeskote om 5.10 vm. op 16 Desember 1938 is op Bloedrivier die honderdjarige herdenkingsdag van die roemryke en tegelyk betekenisvolle gebeurtenis in die geskiedenis van die Boerenasie aangekondig. Duisende feesgangers vanuit alle dele van die land het bymekaar gekom om Gods antwoord op die Gelofte van Danskraal te herdenk. 'n Vroeë biduur is deur ds. G.C. van Rooyen, Moderator van die Natalse Nederduitse Gereformeerde Kerk, gehou na aanleiding van Psalm 34:9, „Die Here trek 'n laer rondom dié wat Hom vrees."[86)]

Ds. G.S. van Schouwenburg het agtien seuns en agt dogters gedoop, waarna ds. Wm. Nicol, Moderator van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Transvaal, sy feesrede begin het na aanleiding van I Kor. 12:7, „Julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik." Ds. Nicol het daarop gewys dat die kernprobleem van Suid-Afrika ongetwyfeld die skepping en bewaring van regte verhoudings is. Wat die verhouding teenoor die ander rasse in Suid-Afrika betref, het ds. Nicol gesê dat die Boerevolk 'n heilige skepping van God is en vir sy afsonderlike voortbestaan sal ons ywer en offer. Hy het ook vir samewerking tussen die verskillende Afrikaanse Kerke gepleit.[87)]

Om 10.50 vm. het ds. L.M. Kriel, Voorsitter van die Bloedrivier-Eeufeeskommissie, onder doodse stilte die groete van die plaaslike feesgangers aan die feesgangers by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument te Pretoria oorgedra. Onmiddellik daarna het dr. E.G. Jansen, Voorsitter van die S.V.K., weer 'n boodskap van vyf minute vanaf Pretoria aan die feesgangers te Bloedrivier gestuur.[88)] Deurdat die twee groepe feesgangers oor die lug aan mekaar die hand gereik en goeie wense oorgebring het, is die eenheidsgevoel versterk.

Sen. A.T. Spies, Voorsitter van die Bloedriviermonumentkomitee, het daarna 'n kort toespraak gehou en onder andere gesê: „Ons vergader by die hoeksteen van die monument wat ons hier

---

85) <u>Ibid</u>., p. 623.
86) <u>Ibid</u>., p. 624.
87) <u>Die Volksblad</u>, 17.12.1938, p. 7.
88) S.V.K., Brief: Organiseerder van Afrikaanse Programme, S.A.U.K., aan E.G. Jansen, 24.11.1938.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gaan bou om in die eerste plek erkentlikheid jeens die God van ons vadere te toon, en om in die tweede plek hulde te bring aan die stoere Voortrekkers wat alles feil had vir hulle ideale waarvan die vernaamste was om hulle God in hulle eie taal en op hulle eie manier te dien."[89]

Minister Clarkson het as verteenwoordiger van die Unieregering aan die woord gekom. Nadat hy in gebroke Afrikaans 'n stukkie gelees het, het hy 'n Engelse toespraak gehou.[90] Prof. I.J. Rousseau van Grahamstad het daarna die groete van die Afrikaners van Oos-Kaapland, die bakermat van die Trekkers, oorgebring. Hy het ook 'n geelhoutblok en 'n steen met kalkpleistering daaraan aan sen. Spies oorhandig. Die twee stukke is afkomstig uit die ou Drostdy wat in 1823 deur Piet Retief op Grahamstad gebou is.[91] Mej. E.C. Campbell het daarop haar bekende Engelse gedig oor die Voortrekkers voorgedra.[92]

**Hoeksteenlegging**

Die opskrif van die hoeksteen van die Bloedriviermonument, wat ook deur die beeldhouer Coert Steynberg ontwerp is, is eenvoudig en in die gees van die Afrikaner-temperament: „Gelê deur eerw. ds. Paul Nel. ‚Nie aan ons, o Heer' (Ps. 115:1)".[93] „Dit is die gelukkigste dag van my lewe", het ds. Paul Nel gesê, nadat hy die hoeksteen van die Monument stadig en onder doodse stilte op sy plek laat neersak het. Sy grootvader het saam met Piet Uys gesneuwel en hy was die eerste Voortrekkerseun wat predikant geword het. Sy grootste begeerte was om die eeufeesviering te beleef en dit was duidelik dat die ou vader van aandoening gebewe het. Sy boodskap aan die volk was om op God te vertrou, want dan sal die Afrikaner-nasie wees „mooi soos die rooidag, skoon soos die maan en verskriklik soos slaghordes met vaandels." Onder die hoeksteen is 'n koperbuis met 'n afdruk van die Gelofte en 'n plan en spesifikasies van die Monument geplaas. Na afloop van die hoeksteenlegging het die eeufeesgangers hulle bydraes tot die monumentfons in 'n oop ruimte in die voetstuk gestort.[94]

---

89) Die Vaderland, 17.12.1938.
90) Die feesgangers was oor hierdie Engelse toespraak van min. Clarkson en die voordra van 'n Engelse gedig deur mej. E. Campbell baie ontevrede omdat hulle gevoel het dat die gebruik van Engels by hierdie geleentheid nie van pas was nie.
91) Die Volksblad, 17.12.1938. p. 7.
92) Mostert, op. cit., p. 624.
93) Ibid., p. 619.
94) Die Volksblad, 17.12.1938, p. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onmiddellik na die hoeksteenlegging het prof. dr. P.J. Schoeman van Stellenbosch 'n besonder interessante lesing oor die strydmetodes van die Zoeloes vir die kinders gegee. „Dis beter om 'n Afrikaner te wees, as 'n baster van 'n ander volk", het prof. Schoeman onder luide toejuiging verklaar.[95)]

Dr. D.F. Malan was die hooffeesredenaar. Hy het die verhoog onder dawerende toejuiging en die sing van „Dat 's Heeren Zegen op U Daal" bestyg. Toe hy begin praat het, is 'n groot Vierkleur, van sy vervaardig, agter hom opgestel. Met welluidende en magtige woorde het dr. Malan begin praat oor die onderwerp „Die Nuwe Groot Trek: Suid-Afrika se Noodroep en die Antwoord daarop".[96)]

Dr. Malan het onder andere gesê:

„Ek wil spreek oor die grootskaalse verhuising van ons blanke plattelandse bevolking na die stede: oor die stryd wat veral die Afrikaners, en onder hulle baie duisende wat Voortrekkerbloed in hul are het, daar moet voer om hul brood, om hul siel, om hul Afrikanerskap, en nie die minste nie, om in die aangesig van die moeilikste omstandighede Suid-Afrika 'n witmansland te hou. .....

„U staan op die skeiding van twee eeue. Agter u rus u oog op die jaar 1838 as op 'n hooguitstaande en allesbeheersende bergtop in die bloue verte. Voor u op die nog onbestrede Pad van Suid-Afrika lê daar ewe ver en deinsigblou die jaar 2038. Agter u lê die spore van die Voortrekkers se ossewaens, diep en onuitwisbaar afgedruk oor die wyd-uitliggende vlaktes en oor die grynsende, draakagtige bergreekse van Suid-Afrika se geskiedenis. ...... Hul taak is afgedaan. Maar oor daardie onbekende landstreek wat wyd uitgestrek voor u lê, sal daar ook die spore getrek word van ossewaens. Dit sal wees u ossewaens, simbolies as u dit so wil noem, maar nietemin werklik. U en u kinders sal geskiedenis maak. ..... Sal Suid-Afrika dan nog witmansland wees? Sal daar dan nog 'n armblankevraagstuk wees wat hierdie ryk land van ons met vermoeide oë sal aanstaar as 'n ewige verwyt? Sal die Afrikanerdom dan een wees en vry? Sal u volk dan God nog ken?

---

95) Ibid.
96) Mostert, op cit., p. 625.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


„Die stryd met wapens is verby. Dit was die Voortrekkers s'n. Maar die nog heftiger, dodeliker stryd as hul s'n was, word nou beslis. Die slagveld is verskuiwe. U Bloedrivier is hie hier nie. U Bloedrivier lê in die stad.

„........ In hierdie Eeufeesjaar het die Afrikanerdom homself weer ontdek. Opgestaan uit die stof van vernedering en eie veragting, eis hy nou volle erkenning vir homself, vir sy edele voorgeslag en vir sy nageslag. U eis dit deur die nuwe wekroep van u ossewaens en u monumente. U eis dit deur vasberade 'n end te maak aan iedere miskenning van u regte. As teken van u nuwe nasietrots en selfvertroue heg u die name van u groot Voortrekkerleiers aan u strate en eis u „Die Stem van Suid-Afrika" as u eie erkende volkslied.

„Het u vaderlandsliefde en innerlike krag genoeg om in hierdie Eeufeesjaar, om by hierdie godgegewe geleentheid daarby ook nog te eis wat oneindig groter en lewensbelangriker is as dit alles tesame, naamlik die veilig gemaakte voortbestaan van u eie blanke ras?"[97)]

Na dr. Malan het dr. Louis Steenkamp gepraat en daarop gewys dat samewerking oorwinning verseker, terwyl verdeeldheid agterdog verwek. Agterdog veroorsaak weer op sy beurt onbetroubaarheid en lyding, die sielelyding wat ons volk vir honderd jaar teister en magteloos maak.[98)]

Die middag is 'n feesrede deur dr. C.J.H. de Wet van Potchefstroom gelewer. Terwyl hy na die Vierkleur gewys het, het hy gesê: „Dit is 'n lap wat daar hang, maar daardie lap het 'n siel wat tot ons spreek." 'n Oorverdowende toejuiging het losgebars. Twee persone het na die verhoog gekom om beswaar te maak teen die toespraak, maar die vroue het hulle gou stilgemaak. Later het dr. De Wet vervolg: „Ek wil nou iets sê wat uit die diepte van my hart kom. En as die wêreld dit nog nie weet nie, laat hulle dit dan vandag hoor. Ons sal vir staatkundige vryheid stry totdat ons dit kry." Weer het 'n oorverdowende applous losgebars.[99)]

---

97) Pienaar, S.W. en Scholtz, J.J.J., Glo in U Volk, (Kaapstad, 1964), pp. 129-130 en Mostert, op. cit., pp. 625-630.
98) Mostert, op. cit., p. 631.
99) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die geesdrif wat telkens so hoog opgelaai het, kan begryp word, want dit was die eerste geleentheid wat die Afrikaner gebied is om as volk aan die stoere Voortrekkers hulde te bring.[100)]

(iv) **Finansies**

Die koste verbonde aan die feesviering was R4,619.32, maar die inkomste tydens die feesverrigtinge was R1,641.89. Die tekort was dus R2,977.43. Die sekretaris van die plaaslike reëlingskomitee het 'n leeue-aandeel daaraan gehad dat hierdie bedrag so klein was, want hy het ook opgetree as penningmeester van die Sinodale Bloedrivier-Eeufeeskommissie. Ook die Departement van Verdediging en die Suid-Afrikaanse Spoorweë het daartoe bygedra dat die koste besonder laag gebly het.[101)]

**(e) OPRIGTING**

(i) **Fondse**

**Bydrae van die S.V.K.**

Sen. A.T. Spies en Mnr. D.R. Nel het dr. E.G. Jansen aan die begin van 1939 gespreek in verband met die fondse wat hulle vir die Bloedriviermonument nodig gehad het. Hulle het ook vooraf 'n onderhoud met die Eerste Minister gehad, wat hulle meegedeel het dat hulle by die S.V.K. moes aanklop vir ondersteuning, aangesien die Regering bereid was om die totale koste van die Voortrekkermonument by Pretoria te dra. Die S.V.K. het op daardie stadium reeds R2,000 bygedra tot die Bloedriviermonumentfonds.[102)]

Hierdie uitsondering het egter slegs vir die monument te Bloedrivier gegeld. Dit was nooit die bedoeling dat verpligtinge vir lokale monumente indirek op die Staat gewerp sou word nie. Die monument te Bloedrivier kon volgens die oordeel van die Regering met reg as 'n nasionale monument beskou word.[103)]

---

100) Du Toit, op. cit., Voorwoord deur ds. L.M. Kriel, voors. van die Bloedrivierse Eeufeeskommissie. Ds. Kriel het dit ook nodig gevind om die volgende daarby te voeg: „Dog mag ons in alle beskeidenheid by die feesgangers van 2038 aanbeveel dat hulle hul geesdrif moet temper met groter verootmoediging voor en toewyding tot God. Ek voel dát ons in die gloed van ons geesdrif soms miskien enigsins onbesonne was."

101) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi, (Transvaal), 1940, pp. 505-509.

102) E.G.J., F. III.8.e.(1).(i), Brief: E.G. Jansen aan N.C. Havenga, 16.2.1939.

103) E.G.J., F.III.8.e.(i).(i), Brief: N.C. Havenga aan E.G. Jansen, 27.2.1939.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Regering het dus geen beswaar gehad as van die fondse van die S.V.K. vir die Bloedriviermonument gebruik sou word nie, selfs al sou die bedrag wat die Regering vir die monument te Pretoria moes vind daardeur verhoog word.[104)]

Op sy beurt het die Dagbestuur van die S.V.K. aan die Provinsiale Komitees van Natal en die Oranje-Vrystaat verlof gegee om hulle te beywer vir die insameling van fondse vir Voortrekkermonumente te Bloedrivier, Pietermaritzburg en Winburg afsonderlik. Met die oog op die beloofde steun van die S.V.K. vir genoemde monumente moes alle fondse egter in die sentrale kas gestort word.[105)] Omdat die S.V.K. die oprigting van hierdie kleinere monumente te Bloedrivier, Pietermaritzburg en Winburg as deel van die Sentrale Voortrekkergedenkonderneming beskou het, het hy besluit om uit die gekollekteerde fondse vir elke monument R5,000 te oormerk en hom te beywer om die orige bedrag in te samel.[106)]

Die Regering was egter nie bereid om toe te stem dat bedrae uit die S.V.K.-fonds gebruik word vir die bou van monumente te Pietermaritzburg en Winburg nie. Hy het wel toegestem dat geld uit die fonds vir die Bloedriviermonument gebruik mag word.[107)]

Die S.V.K. het altesaam £6,251 (R12,502) aan die Bloedriviermonument-komitee voorgeskiet. Die komitee moes daarvan soveel moontlik terugbetaal en die res sou beskou word as die S.V.K. se bydrae tot die monument, want die Regering het hom bereid verklaar om die Bloedriviermonument as deel van die Voortrekkermonumentskema te beskou.[108)] Die Bloedriviermonumentkomitee het £1,200 (R2,400) in die S.V.K.-fonds terugbetaal.[109)] Hierdie bedrag is teen die S.V.K. se voorskot aan die Bloedriviermonumentkomitee afgeskryf en die S.V.K. het ook besluit om die balans van die lening aan die Bloedriviermonument-komitee af te skryf.[110)] Die uiteindelike geldelike bydrae van die S.V.K. vir die oprigting van die Bloedriviermonument was dus R10,102.

---

104) E.G.J., F.III.8.e.(d)., Brief: N.C. Havenga aan E.G. Jansen, 27.2.1939.
105) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 12.8.1939.
106) S.V.K., Notule, 6.10.1939.
107) S.V.K., Notule, 15-16.1. 1942.
108) S.V.K., Notule, 16.8.1948.
109) S.V.K., KM.4/1, Brief: Penningmeester, Bloedriviermonumentkomitee aan Sekr., S.V.K., 20.8.1948.
110) S.V.K., KM 4/1, Brief: Sekr., S.V.K. aan Penningmeester, B.M.K., 12.10.1948.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die S.V.K. het egter op 'n latere stadium, in 1962, besluit om 'n verdere R200 by te dra om die opsigterswoning op te knap, maar dit ook duidelik gestel dat die Sinodale Geloftefeeskommissie moet besef dat die S.V.K. nie meer enige verpligting teenoor die Bloedriviermonument het nie. Die bydrae is bloot gemaak as gebaar van goeie wil en nie omdat die S.V.K. dit as 'n verpligting beskou het nie.[111)]

**Fondsinsameling**

Nadat die besluit in 1928 geneem is om 'n monument te Bloedrivier op te rig, is mev. Pres. M.T. Steyn in 1929 genader om die fondsinsameling daarvoor by die volk aan te beveel. Sy was egter nie gesond nie en kon nie aan die wens voldoen nie. Haar skoonseun, dr. N.J. van der Merwe, het ook gevoel dat die saak nie aanbeveling nodig gehad het nie, maar dat daar behoorlik met lyste oor die lengte en breedte van die land georganiseer moes word, selfs al voel die volk ook vir die saak.[112)] Op hierdie wyse is dan ook heelwat fondse vir die monument ingesamel.

Die kunsskilder W.H. Coetzer het, in opdrag van die Bloedriviermonument-komitee, handelende in oorleg met die S.V.K., 'n skildery van die Slag van Bloedrivier gemaak waarvan afdrukke teen 60c verkoop is. Met hierdie skildery het die Komitee twee doeleindes voor oë gehad, naamlik om 'n histories juiste voorstelling van die Slag van Bloedrivier in ons Afrikaanse huise te bring in die plek van die gedrogte en wanvoorstellings wat gewoonlik teen R8 of R10 verkoop is, en tweedens om fondse vir die monument in te samel.[113)]

Die ontwerper van die Bloedriviermonument, Coert Steynberg, het ook kerskaarte, met 'n vers van S. Ignatius Mocke daarin, ontwerp wat tydens die Eeufeesviering en hoeksteenlegging van die Bloedriviermonument ten bate van die Bloedriviermonumentfonds verkoop is. Steynberg het ook 'n beeldjie van Andries Pretorius gemaak wat ongeveer vyf duim hoog is en waarvan bronsafgietsels ook ten bate van die Bloedriviermonumentfonds verkoop is.[114)]

---

111) S.V.K., KM 4/1, Brief: Ere-sekr., S.V.K. aan Scriba, Sinodale Bloedrivierse Geloftefeeskommissie, 15.10.1962.
112) L.J.S., Brief: N.J. van der Merwe aan L.J. Spies, 25.11.1929.
113) Die Volksblad, 27.3.1939.
114) Mededeling deur mev. Betsie Steynberg, 21.2.1970.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As in aanmerking geneem word dat die totale koste van die Bloedriviermonument ongeveer R16,000 was en dat die S.V.K. uiteindelik van hierdie bedrag meer as R10,000 bygedra het, het die Bloedriviermonument-komitee 'n bedrag van nagenoeg R6,000 ingesamel.

**(ii) Tenders**

Tenders vir die oprigting van die Bloedriviermonument is deur mnr. Coert Steynberg, namens die Bloedriviermonument-komitee, gevra. Die tender van die firma „Crankshaw & Co. Monumental Masons", van Newcastle, Natal, is aanvaar. Hierdie tender het £3,664 10/- (R7,329) bedra. Die firma het egter later gevind dat hulle tender te laag was om die monument van graniet te bou en het toe, deur bemiddeling van die L.V. vir Newcastle, mnr. Nel, versoek dat die werk liewer in sandsteen gedoen moes word. Hiertoe was Coert Steynberg nie bereid om in te stem nie omdat sandsteen te gou verweer. Die kontrak met die firma is tot niet verklaar. 'n Tender van die firma P. Ley en Kie., van Pretoria, is daarna aanvaar vir 'n bedrag van £5,825 (R11,650).[115)]

**(iii) Materiaal, Bouwerk en Koste**

Opdrag is aan die bouer gegee dat slegs die allerbeste materiaal vir die oprigting van die Monument gebruik moes word omdat dit vir eeue moes staan. Die materiale wat gebruik is, was onderworpe aan die goedkeuring van mnr. Steynberg. Die granietstene van die voetstuk van die Bloedriviermonument kom almal van Craighall, tussen Johannesburg en Pretoria, terwyl die betonklippe van die plaas van die familie Goosen, naby Waschbank, Natal, afkomstig is. Die marmer wat gebruik is vir die vloer binne-in die „tent" is swart en grys Suid-Afrikaanse marmer.[116)]

Met mnr. Ley is ooreengekom dat slegs blanke-arbeid by die oprigting van die Monument gebruik sou word en dat daar nie op openbare vakansiedae aan die Monument gewerk sou word nie. Die

---

115) C.S., Kontrakte van Bloedriviermonument-komitee met die firmas Crankshaw en Ley, asook persoonlike mededelings deur mnr. en mev. Coert Steynberg, 21.2.1970.

116) B.R.W.M., Plakboek van mnr. Pretorius, p. 1320 en C.S., Spesifikasies vir die oprigting van die Bloedriviermonument.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grond van die terrein waarop die Bloedriviermonument opgerig is, is besonder kleierig sodat dit nodig was om die fondament nege voet diep te maak om te voorkom dat die fondament sak en die Monument sou bars. Om 'n konkreetblad onder die klipstapel van 1866 te lê, was dit nodig om die klippe tydelik te verskuif, maar dit is gedoen in die teenwoordigheid van mnr. Steynberg en een van die lede van die Bloedriviermonumentkomitee. Coert Steynberg het self die panele aan weerskante en aan die agterkant van die „watent" gebeeldhou.[117)]

Die Bloedriviermonument is kort nadat die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het, teen die einde van 1939 voltooi, maar kon weens die oorlogstoestande nie op daardie stadium onthul word nie.[118)]

Die totale koste van die Bloedriviermonument was nagenoeg R16,000. Die grootste gedeelte daarvan, naamlik R11,650, is aan die bouer betaal. R3,600 het gegaan vir die drie panele, naamlik R1,400 elk vir „Die Gelofte" en „Die Oorwinning" en R800.00 vir „Die Volvoering van die Gelofte".[119)] Die restant het gegaan as vergoeding vir die ontwerper van die Monument en vir diverse uitgawes.

### (iv) Beswaar teen Engelse Opskrifte op Bloedriviermonument

Op 'n stadium was daar sprake dat die opskrifte onder die drie panele op die Bloedriviermonument in beide Afrikaans en Engels aangebring sou word. Op 19 Maart 1939 het ongeveer 100 persone, hoofsaaklik afkomstig uit Natal en die Oranje-Vrystaat, 'n protesvergadering in die Feessaal te Bloedrivier gehou om daarteen beswaar te maak. 'n Groot aantal telegramme en briewe van indiwidue en organisasies van dwarsoor die land is ontvang om steun te gee aan hierdie protesvergadering. Een van hierdie telegramme het gelui dat as die Bloedriviermonumentkomitee voortgaan met hulle plan om die opskrifte in beide Afrikaans en Engels aan te bring, die Monument vernietig sou word.[120)] Die bewoording op die Monument is dus net in Afrikaans aangebring

---

117) C.S., Spesifikasies vir die oprigting van die Bloedriviermonument en persoonlike mededelings deur mnr. en mev. Coert Steynberg, 21.2.1970.
118) Die Volksblad, 13.12.1947, p. 1.
119) Fleur, 4.12.1949, p. 15 en Die Vaderland, 27.3.1939.
120) Natal Witness, 20.3.1939.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en bestaan bloot uit die opskrifte en die datums[121] van die gebeurtenisse wat deur die panele voorgestel word. Die beswaar teen Engelse inskripsies op die Bloedriviermonument het nie uit enige wrokgevoelens ontstaan nie, maar uit die begeerte om aan dit wat Afrikaans is, gestalte te gee.

**(f) ONTHULLING, 1947**

Die Bloedriviermonument is in 1939 voltooi en die Sinode van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het aan die Sinodale Bloedrivierkommissie opdrag gegee om reëlings te tref in verband met die opstel en uitvoering van 'n program wanneer die Monument te Bloedrivier onthul sou word.[122] Weens die abnormale oorlogstoestande het die kommissie dit egter wenslik geag om die onthulling van die Bloedriviermonument tot na die oorlog uit te stel.[123] Die onthulling sou dus eers in 1947, nege jaar na die hoeksteenlegging, plaasvind.

**(i) Bloedriviermonument-onthullingskomitee**

Met die oog op die onthulling van die Bloedriviermonument is 'n spesiale komitee op 'n vergadering op Vryheid op 12 Februarie 1947, naamlik die „Reëlingskomitee vir die Onthulling van die Monument", in die lewe geroep, wat gevorm is deur die samesnoering van lede van die Bloedriviermonumentkomitee met lede van die Kommissie vir Feesviering by Bloedrivier van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Die uitvoerende komitee van die Reëlingskomitee het bestaan uit: Mnr. A.T. Spies (sr.), voorsitter; ds. F.A.J. van der Merwe, onder-voorsitter; mnr. A.T. Spies (jr.), sekretaris; ds. S.A. Grobler, hulpsekretaris; en mnr. L.W. Landman, penningmeester. Ander lede was: Ds. Paul Nel, mnre. H.J. Potgieter, J.C. Klopper, T. Vermaak, L.J. Spies en dr. Louis Steenkamp.[124]

**(ii) Voorbereidings**

By Bloedrivier is voorbereidings getref om meer as 20,000 feesgangers te huisves tydens die vierdaagse fees, wat

---

121) Die datum van „Die Gelofte" is op die monument aangegee as 7 Desember 1838. Latere navorsers, soos prof. dr. D.J. Kotzé, stel die datum op 9 Desember 1838. (Die Huisgenoot, 13.12.1963, p. 7.)
122) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1940, p. 90.
123) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1944, p. 244.
124) Program van die feesviering in verband met die onthulling ling van die Monument by Bloedrivier gedurende 13-16.12.1947.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy hoogtepunt sou bereik wanneer die Monument onthul sou word. Die feeskamp by Bloedrivier was 'n volledige dorp met kafee, polisiekantoor, poskantoor, ens. 'n Waterskema is in werking gestel en die honderde tente wat netjies in rye opgeslaan is, is van die Departement van Verdediging gehuur.[125)] Mnr. C.A. Pienaar is tot Laerkommandant benoem. Hy sy offisiere en manskappe sou vir die algemene toesig en handhawing van dissipline, stigtelikheid, ordelikheid en netheid in die laer verantwoordelik wees.[126)] Voortrekkers uit die vier provinsies sou die laerkommandant met die algemene organisasie in die kamp help.[127)]

Die organiseerders van die feesprogram was vasberade om 'n fees te hê waaraan elke Afrikaner met trots en blymoedigheid kon deelneem. Hulle het dan ook meer as 'n jaar voor die tyd begin met die beplanning van die program. Gevierde Afrikaners, onder wie dr. Wm. Nicol, destydse Moderator van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, prof. J.C. van Rooij, Voorsitter van die F.A.K., dr. E.G. Jansen, Voorsitter van die S.V.K., dr. S.H. Pellissier, Direkteur van Onderwys van die Oranje-Vrystaat, en dr. N. Diederichs, Voorsitter van die Reddingsdaadbond, is genader om as sprekers by die verrigtinge op te tree. Kerkdienste sou deur verteenwoordigers van die drie Afrikaanse Kerke waargeneem word. Aan die Suid-Afrikaanse Rolprentmaatskappy is die alleenreg toegesê om 'n volledige rolprentopname van die fees te maak.[128)]

Op 'n vergadering van die onthullingskomitee van die Bloedriviermonument wat op 5 Desember 1947 by Vryheid gehou is, het mnr. L.J. Spies voorgestel dat mev. Annie Ebersohn saam met hom die Monument op 16 Desember 1947 moes onthul. Mev. Ebersohn was 'n dogter van die Voortrekker J.W. de Jager wat aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem het. Mev. Ebersohn was ook die kleindogter van Karel Landman. Mnr. Spies het ook gevoel dat sy as vrou en moeder die vroue van ons volk sou verteenwoordig.[129)] Mnr. Spies was die enigste lid van die komitee van 1928 wat hom ononderbroke vir die oprigting van die Bloedriviermonument

---

125) <u>Die Volksblad</u>, 13.12.1947, p. 1.
126) Program: <u>Onthulling van Bloedriviermonument</u>, 13-16.12.1947.
127) <u>Die Volksblad</u>, 13.12.1947, p. 1.
128) <u>Die Ruiter</u>, 14.11.1947, p. 5.
129) <u>Die Volksblad</u>, 5.12.1947, p. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beywer het.

Die Voortrekkerbeweging het 'n fakkelloop uit die vier hoofstede van die land gereël. Van die standbeeld van Jan van Riebeeck in Kaapstad, die Eeufeesvlam in Pretoria, die Raadsaal in Bloemfontein en die Geloftekerk in Pietermaritzburg, sou Voortrekkers fakkels dra na die Monument by Bloedrivier.[130)]

Dit is ook beplan om 'n kampkoerant, „Die Voorbok", uit te gee waarin alles omtrent die feesprogram gedruk sou word. Die koerant se eerste uitgawe sou op 13 Desember verskyn en daar sou altesaam vyf uitgawes wees waarvan die verkoopprys 1/- (10c) per eksemplaar sou wees.[131)]

**(iii) Feesprogram**

Dit was 'n groot en geesdriftige volksfees. Volgens een koerantverslag was daar 'n skare soos nog nooit tevore in Natal bymekaar was nie. Die aantal feesgangers is op ruim 50,000 geskat.[132)] Die mense het uit alle dele van die Unie en Suidwes-Afrika gekom. Vragmotors en selfs ossewaens het feesgangers na Bloedrivier gebring. Swaar reënbuie het die week vantevore uitgesak en die pad na die feesterrein was in 'n uiters swak toestand. Baie motors het in die swart turfgrond vasgeval en moes uitgesleep word.[133)]

Die fees het op Saterdag, 13 Desember om 2 nm. begin met 'n seremoniële vlaghysing deur die Voortrekkers. Nadat ds. F.A.J. van der Merwe, Ondervoorsitter van die Reëlingskomitee, die verrigtinge met gebed geopen het, is die feesgangers in die feeshuis deur sen. A.T. Spies, Voorsitter van die Reëlingskomitee verwelkom.[134)] By hierdie geleentheid het sen. Spies 'n brief voorgelees van mev. pres. M.T. Steyn, wat om gesondheidsredes nie 'n uitnodiging om teenwoordig te wees, kon aanneem nie. Sy het die feesgangers herinner aan die feit dat wyle pres. Steyn in 1911 ook sy bydrae tot die klipstapel gelewer het.[135)]

Daarna het 'n verwelkomingstoespraak deur mnr. G.I. van Rooyen, L.U.K., gevolg namens die Natalse Provinsiale Administrasie. Ook dr. Louis Steenkamp, L.V., verteenwoordiger van

---

130) _Ibid_.
131) C.S., _Die Voorbok_ (Kampkoerant uitgegee by geleentheid van die onthulling van die Bloedriviermonument, 13-17.12.1947.)
132) Van Tonder, _op. cit._, p. 80.
133) _Die Volksblad_, 15.12.1947, p. 1.
134) _Ibid_.
135) Van Tonder, _op. cit._, p. 80.

die Historiese Komitee van die Saamwerk-unie, het 'n verwelkomingstoespraak gelewer.136) Hy het onder andere gesê „Hierdie monument is nie opgerig omdat die stoere helde Dingaan en sy hordes die nekslag toegedien het nie, maar omdat hulle die draers van Gods Woord was en die beskawing die oorwinning behaal het oor die barbarisme. Deur hierdie oorwinning is die weg gebaan vir die verspreiding en bestendiging van beskawingsinvloede."137)

Die program op 13 Desember is afgewissel met volkspele, musiek, jukskei, ens., voordat die vlagstryking deur die Voortrekkerbeweging waargeneem is: 'n taak waarvoor hulle trouens elke dag gedurende die fees verantwoordelik was. Die aand is die openingsdiens gelei deur ds. H.J. Reyneke, waarnemende Moderator van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.138)

Die vier brandende fakkels uit die vier hoofstede van die vier provinsies het ook op die 13 Desember by Kommandodrift, sowat 12 myl van die Slagveld, bymekaar gekom en is deur prof. dr. G.S. Nienaber, provinsiale leier van die Voortrekkers in Natal, verwelkom. Die Voortrekkers het die vier fakkels daarop langs mekaar gedra tot sowat 5 myl van Bloedrivier, waar hulle deur 'n perdekommando onder leiding van ds. Paul Nel en oom Jan Moolman ingewag is. Hier het hulle uit die pad geswaai en deur die veld met die fakkels aangedraf langs die roete wat Andries Pretorius se Wenkommando honderd en nege jaar tevore gevolg het. By die feesterrein aangekom, is die brandende fakkels deur die Voortrekkers wat aan die fakkelloop deelgeneem het en die perdekommando gevolg. Die hele optog is vandaar na die Monument, waar dr. en mev. C.F. Visser die fakkels seremonieel in ontvangs geneem het, en een op elke hoek van die Monument opgestel is, waar hulle tot na die onthulling brandende gehou is.

Sondag, 14 Desember is gewy aan godsdienstige byeenkomste. Die dag is begin met 'n vroeë biduur. Die oggenddiens is deur dr. A.J. van der Merwe, Moderator van die Kaaplandse Nederduitse Gereformeerde Kerk, waargeneem. Die kinderdiens is die middag gelei deur ds. H.J.C. Flemming, Moderator van die Natalse Nederduitse Gereformeerde Kerk, terwyl ds. T.J.F. Dreyer, van die Nederduitse Hervormde Kerk, die aanddiens gelei het.139)

---

136) Program: Onthulling van Bloedriviermonument, 13-16.12.1947.
137) Die Volksblad, 15.12.1947, p. 10.
138) Program: Onthulling van Bloedriviermonument, 13-16.12.1947.
139) Die Volksblad, 15.12.1947, p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Op Maandag, 15 Desember is die program weer begin met die gewone vlaghysing en vroeëbiduur. Die oggend het mnr. L.J. Spies, lid van die Bloedriviermonumentkomitee, 'n toespraak gelewer. Daarna het dr. E.G. Jansen, Voorsitter van die S.V.K., aan die woord gekom en 'n kragtige feesrede gehou. Hy het onder andere gesê: „Dit is noodsaaklik dat die geskiedenis van Suid-Afrika deur alle lede van die bevolking bestudeer word en om dele daarvan te verswyg of te verwater, is kinderagtig ..... Die botsing wat tussen die blanke rasse in die Unie plaasgevind het, was nog steeds toe te skrywe aan die bestryding van die Afrikaner se strewe om homself te bly, om sy Afrikanerskap te handhaaf en om die voortbestaan van sy volkseie te beveilig ...... Die tyd sal dan aanbreek dat ons Engelssprekende landgenote sal besef dat die Afrikaner in die algemeen geen rassehaat teenoor hulle koester nie, maar dat wat deur kwaadgesindes as rassehaat bestempel word in werklikheid in die reël toe te skrywe is aan liefde vir alles wat die Afrikaner eie is en 'n drang om sy volkseie in alle omstandighede te beskerm. ...... Dit is alleen deur 'n kennis van die geskiedenis dat ons die foute van die verlede kan besef en vir die toekoms vermy."[140)]

Die middag het dr. N. Diederichs, Voorsitter van die Reddingsdaadbond, aan die woord gekom. Hy het gesê: „Bloedrivier het die hoeksteen van ons hele volksbestaan geword, want Dinsdag (16 Desember 1947) is nie soos sommige mense wil beweer, 'n doodgewone dag nie, dit is die dag waarop die Skepper van volke en state in die wordingsgang van die Afrikanervolk ingegryp het - die dag toe die seël op die Trekkers se strewe om tot 'n eie vrye volk te groei, geplaas is. ....... Dingaansdag bevestig ons geloof aan ons bestaansreg as 'n aparte, vrye, blanke volk met 'n God-gestelde bestemming."[141)]

Die Voortrekkerbeweging het 'n program aangebied en na die vlagstryking is in die aand 'n opvoering gehou. Die nag van 15 op 16 Desember 1947 het 'n aantal Voortrekkers die Bloedriviermonument skoongemaak en selfs tandeborsels moes diens doen as skropgereedskap, aangesien die Monument baie vuil was as gevolg van die oorvloedige reëns.[142)]

---

140) Ibid.
141) Ibid., p. 10.
142) Program: Geloftedag, 1957, by Voortrekkermonument, Pretoria 13-16.12.1957, p. 22.

Om 5 vm. op Dinsdag, 16 Desember 1947 is die feesgangers gewek deur 'n saluut van geweervuur. Die dag het grys en vaal gebreek. 'n Hardnekkige motreën het vinnig op die tente neergestuif van die mense wat by die Bloedriviermonument vergader het. Maar die reënweer het die geesdrif nie gedemp nie.[143)]

Na 'n vlagstryking en vroeëbiduur het die feesgangers by die feeshuis saamgekom vir die optog na die Monument, onder leiding van die laerkommandant.[144)] 'n Groot skare het rondom die Monument posisie ingeneem.

**Onthulling**

Om 10 vm. het die plegtige onthullingsprogram in aanvang geneem toe ds. F.A.J. van der Merwe 'n gebed gedoen het. Die feesgangers het Gesang 7, verse 1 en 4, gesing. Sen. A.T. Spies, Voorsitter van die Bloedriviermonumentkomitee, het die onthullingsrede gehou.[145)] Die Monument self was bedek met veertig Voortrekkervlae wat aanmekaar genaai en uit alle dele van die land afkomstig was.[146)] Die onthulling self is waargeneem deur mnr. L.J. Spies en die 88-jarige mev. Annie Ebersohn. Terwyl die vlaekleed van die Monument afgeskuif het, het die menigte spontaan „Kom, Christen, laat ons Jesus lowe", aangehef.[147)] Na gesamentlike sang uit Psalm 146, verse 1 en 8, het sen. A.T. Spies die Monument aan die Voorsitter van die Komitee vir Feesviering by Bloedrivier van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk oorhandig, wat dit namens die Kerk in ontvangs geneem het vir bewaring vir die Afrikanervolk.[148)]

„Hierdie simboliese wa van grou graniet uit die hart van ons moederaarde getuig van die ideale wat die Voortrekkers deur die donkerste nag op die regte koers gehou het", aldus sen. Spies.[149)] Die onthullingsplegtigheid is afgesluit met 'n dankgebed deur ds. Paul Nel.[150)]

Die hoofdiens is gelei deur dr. Wm. Nicol, Moderator van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal. Die middag het dr. S.H. Pellissier, Direkteur van Onderwys in die Oranje-Vrystaat, en prof. J.C. van Rooij, Voorsitter van die

---

143) Die Brandwag, 14.12.1951, p. 17.
144) Program: Onthulling van Bloedriviermonument, 13-16.12.1947.
145) Ibid.
146) Van Tonder, op. cit., p. 80.
147) Ibid., p. 81.
148) Program: Onthulling van Bloedriviermonument, 13-16.12.1947.
149) Van Tonder, op cit., p. 81.
150) Program: Onthulling van Bloedriviermonument, 13-16.12.1947.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

F.A.K., elk 'n toespraak gelewer. Die slotdiens is gelei deur ds. J.V. Coetzee van die Gereformeerde Kerk. Na die afsluiting deur ds. S.A. Grobler, lid van die Komitee vir die Feesviering op Bloedrivier, het die feesgangers gesamentlik „Die Stem van Suid-Afrika" gesing.[151)] Daarmee was die feesverrigtinge afgeloop.

## 3. BEHEER OOR EN VERSORGING VAN DIE BLOEDRIVIERMONUMENT EN -TERREIN

Na die onthulling van die Bloedriviermonument het die Bloedriviermonumentkomitee opgehou om te bestaan en is die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk belas met die toesig oor die Monument.

### (a) SINODALE BLOEDRIVIERKOMMISSIE

Die Kommissie vir Feesviering by Bloedrivier van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika het in 1947, die jaar waarin die Bloedriviermonument onthul is, uit die volgende lede bestaan: Ds. F.A.J. van der Merwe, Voorsitter; ds. S.A. Grobler, Scriba; ds. Paul Nel, mnre. H.J. Potgieter en J.C. Klopper.[152)]

Nadat die Bloedriviermonument op 16 Desember 1947 deur die Voorsitter van die Bloedriviermonumentkomitee aan die Sinodale Bloedrivierkommissie vir versorging oorhandig is, het die volgende veranderings in die samestelling van hierdie Kommissie plaasgevind:

In die plek van ds. S.A. Grobler, wat weens sy vertrek uit Natal bedank het, is ds. A.J. van Wyk, van Utrecht, benoem. Ds. G.J.V. Bell het as scriba oorgeneem. Mnre. J.Z. Moolman en J.M. de Lange het mnre. Potgieter en Klopper vervang. Ds. F.A.J. van der Merwe het in Desember 1950 weens sy vertrek uit Natal sy bedanking as voorsitter ingedien, maar het as lid aangebly. Ds. J.P.H. Gertenbach is in sy plek tot voorsitter benoem.[153)]

Die S.V.K. het besluit om die N.H. of G. Kerk te versoek om verteenwoordiging in die beheerkomitee van die Bloedriviermonument te verkry. Hierdie versoek was gegrond op die S.V.K.

151) Ibid.
152) Ibid.
153) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1951, pp. 120-121 en 365-366.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se voortdurende belangstelling in die Monument en op die feit dat die S.V.K. 'n groot bydrae tot die oprigtingskoste van die Monument gelewer het.[154)] Die Kerk het toegestem dat die S.V.K. een of twee verteenwoordigers in sy Bloedrivierkommissie kon benoem.[155)] Later het die S.V.K. egter van hierdie voorneme afgesien.[156)]

Tydens die Sinodesitting van 1951 is die volgende Bloedrivierkommissie, soos deur die Moderatuur voorgedra, deur die Sinode goedgekeur: Di. J.P.H. Gertenbach, M.H. van der Colff, Paul Nel, A.J. van Wyk, G.O. Meij en mnre. J. de Lange en J.Z. Moolman.[157)]

In 1954 is ds. Van Wyk, omdat hy die Eeufeesviering van sy eie gemeente moes organiseer, op sy versoek tydelik vervang deur ds. J.D. Heroldt, en na sy vertrek na Transvaal, deur eerw. P.R. van Dyk.[158)]

Die Sinode het in 1957 besluit dat 'n gesamentlike kommissie, bestaande uit drie lede elk van die Transvaalse en Natalse Kerke saamgestel moes word. Hieraan is uitvoering gegee en die Bloedrivierkommissie is soos volg saamgestel: Namens Transvaal: Di. J.P.H. Gertenbach (voorsitter), Paul Nel (jnr.), G.C. Meij; namens Natal: di. J.C. Jansen (scriba), F.N. van Niekerk en I.J. Haasbroek. Ten einde kontak te hou met die plaaslike feeskommissie, is besluit om ook die voorsitter en sekretaris van die genoemde kommissie te koöpteer. Die opsigter woon die vergaderinge in adviserende hoedanigheid by. Die Dagbestuur bestaan uit die voorsitters en sekretarisse van beide kommissies en die opsigter.[159)]

Verskillende persone het sedert 1961 in die Bloedrivierkommissie gedien, onder wie ds. L. de Clerq wat sekretaris was totdat hy in 1967 na Transvaal verhuis het. Ds. A.F. Malan, van Utrecht, is in sy plek as sekretaris benoem.[160)]

---

154) S.V.K., KM 4/1, Brief: Ere-sekr., S.V.K. aan Scriba, Synodi, 12.11.1948.
155) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 9.12.1948.
156) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1951, pp. 120-121 en 356-366.
157) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1951, p. 447.
158) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1957, p. 594.
159) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1961, p. 186.
160) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Suid-Transvaal), 1968, p. 466.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Slegs di. Paul Nel (jnr.) en J.P.H. Gertenbach dien nog al die jare in die Bloedrivierkommissie.[161)]

## (b) EIENDOMSREG VAN DIE BLOEDRIVIERMONUMENT

Na die onthulling van die Bloedriviermonument is besluit om dit aan die N.H. of G. Kerk vir versorging te oorhandig. Die lede van die Bloedriviermonumentkomitee het op 18 Mei 1948 die versekering gegee dat die skuld op die Monument nie die Kerk as nuwe eienaar ten laste gelê sou word nie.[162)] Uit korrespondensie met die Landmeter-generaal van Natal te Pietermaritzburg het ook geblyk dat die plaas waarop die Monument staan nog nie op die historiese naam Bloedrivier geregistreer was nie. Hierdie taak is deur die Bloedrivierkommissie afgehandel.[163)]

Die Sinodale Bloedrivierkommissie wat in Pretoria vergader het, het op 20 Oktober 1949 amptelik namens die Kerk beheer van die Bloedriviermonument oorgeneem. 'n Proklamasie, onderteken deur sen. A.T. Spies, Voorsitter van die Bloedriviermonumentkomitee, en ds. F.A.J. van der Merwe, Voorsitter van die Sinodale Bloedrivierkommissie, is voorgelees: „Hiermee het ek die eer om hierdie monument te oorhandig aan die Kerk om dit te versorg en te bewaar vir die Afrikanervolk."[164)]

Op 'n stadium was daar sprake dat met die Natalse N.G. Kerk onderhandel sou word met die oog op die oorname van die Bloedriviermonument deur daardie Kerk.[165)] Die saak is tydens die Sinodesitting in 1961 bespreek en tot die volgende eenparige besluit is gekom: „Wat eiendomsreg betref, bly die monument en terrein in besit van die Transvaalse Kerk, maar dit sal gesamentlik beheer word deur 'n Sinodale Kommissie van drie lede uit elke Kerk, plus drie gekoöpteerde lede van die plaaslike feeskommissie. Dit word aanbeveel dat elke Sinode sal begroot vir 'n jaarlikse bydrae van minstens £100 (R200) en die bedrag jaarliks oorbetaal aan die kommissie, wat dit plaaslik beheer en bestee, met 'n jaarlikse verslag aan die betrokke kerkkomitee."[166)] Ook die Sinode van Natal het hom bereidwillig verklaar om pro rata volgens die aantal lidmate 'n bedrag van R400 of meer per jaar by te dra.[167)]

---

161) O.J.O.F., Brief ontvang van ds. G.P.H. Gertenbach, 24.7.1968.
162) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1951, p. 45.
163) Ibid., pp. 120-121 en 365-366.
164) Pretoria News, 20.10.1949.
165) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1957, p. 39.
166) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1961, p. 187.
167) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Natal), 1961, p. 527.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### (c) DIE TERREIN

#### (i) Opsigter en Opsigterswoning

Reeds in 1944 is gevoel dat die Bloedrivierterrein behoorlik opgepas en beskerm moes word deur 'n permanente opsigter.[168] Daarom is 'n opsigter aangestel en op 12 Desember 1950 het die S.V.K. £1,200 (R2,400.) geskenk met dien verstande dat dit slegs gebruik sou word vir kapitaaldoeleindes en wel vir die oprigting van 'n opsigterswoning naby die Monument.[169] 'n Opsigterswoning is teen 'n koste van £1,800 (R3,600) gebou.[170]

#### (ii) Hans de Lange-gedenksteen

Die Hans (Dons) de Lange-gedenksteenkomitee het die *Sinodale Bloedrivierkommissie genader* met die versoek om 'n gedenksteen vir Hans de Lange voor die feessaal te Bloedrivier op te rig. Die Sinode het die versoek goedgekeur mits dit in oorleg met die kerklike kommissie vir Bloedrivier sou plaasvind en sonder geldelike verpligtinge van die Kerk.[171]

#### (iii) Beskadiging van Monument en Feeshuis

Die Monument is deur 'n weerligstraal beskadig, maar dit is herstel en 'n doeltreffende weerligafleier is aangebring, terwyl lekplekke in die „tent" eweneens herstel is. Skade deur onverantwoordelike besoekers aan die feeshuis aangerig, is na die beste van sy vermoë deur die opsigter herstel.[172]

#### (iv) Ringmuur

Reeds in 1950 het die S.V.K. by die Sinodale Bloedrivierkommissie aanbeveel dat 'n gepaste muurtjie om die Monument gebou moes word om die draadheining te vervang.[173]

Coert Steynberg, wat die Monument ontwerp het, is genader om die muurtjie te ontwerp. Hy het die muurtjie so goedkoop moontlik probeer beplan deur dit so rof as wat doenlik is te maak, sonder om dit onafgewerk en lomp te laat lyk en ook te sorg dat dit taamlik goed by die Monument sou aanpas.[174] Twee kwota-

---

168) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1944, p. 244.
169) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1951, pp. 120-121 en 365-366.
170) Pretoria News, 20.10.1949.
171) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1951, pp. 120-121 en 365-366.
172) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Transvaal), 1957, p. 594.
173) S.V.K., KM 4/1, Brief: Ere-sekr., S.V.K. aan ds. G.J.V. Bell, 12.12.1950.
174) S.V.K., KM 4/1, Brief: Coert Steynberg aan Sekr., S.V.K., 10.1.1951

sies is vir die bou van die muurtjie ontvang, maar omdat van die plan afgesien is, is nie een aanvaar nie.[175)]

In die sestigerjare het die idee van 'n ringmuur om die Bloedriviermonument weer na vore gekom. Die Voortrekkerbeweging het die reusetaak onderneem om 'n waardige ringmuur om die Monument te laat bou. Die beoogde ringmuur sou in die vorm van 'n uitgerekte hoofletter D om die Monument gebou word en die omtrek daarvan sou ongeveer 570 voet wees. Die planne en spesifikasies vir die ringmuur van liggrys-graniet is deur Coert Steynberg opgestel. Die Sinodale Bloedrivierkommissie het sy goedkeuring aan die planne en spesifikasies van die beoogde ringmuur geheg. Die ringmuur sou simboliese wees - simbolies van die treklaer van die Slag van Bloedrivier en ook simbolies van die geestelike ringmuur wat die Christelike blanke beskawing om sy godsdienstige, etiese en kulturele erfenisse en tradisies in die huidige tydsgewrig moet bou.[176)]

'n Verdere ontwikkeling het egter ingetree. Die Historiese Monumentekommissie het besluit om die Slagveld van Bloedrivier tot 'n historiese monument te verklaar. Hulle het dus die Voortrekkers versoek om hulle planne met die terrein agterweë te hou en intussen voort te gaan met die insameling van fondse.[177)] Die hoofbestuur van die Voortrekkerbeweging het egter sterk gevoel dat die gedagte van 'n ringmuur nie laat vaar moes word nie.[178)] Nadat die slagveld tot historiese gedenkwaardigheid verklaar is, het die Voortrekkerbeweging dus voortgegaan met hulle planne. Die laagste tender vir die ringmuur was R19,000. Volgens 'n verslag het die Voortrekkerbeweging in 1968 reeds R6,300 tot hulle beskikking gehad vir die ringmuur en het hulle R10,000 daarvoor beloof. Die Bloedrivierkommissie sou die res met die hulp van ander organisasies probeer insamel.[179)]

As gevolg van die nuwe projek om die Slagveld van Bloedrivier te restoureer, verval die ringmuur-idee en sal die ingesamelde geld ook vir die restourering van die Slagveld gebruik word.

---

175) S.V.K., KM 4/1, Brief: Sekr., S.V.K. aan Nell Broers Bpk., Pretoria, 5.3.1951.
176) <u>Die Vaderland</u>, 31.8.1963.
177) N.G.K.A., Pretoria, <u>Acta Synodi</u> (Suid-Transvaal), 1968, p. 464.
178) N.G.K.A., Pretoria, <u>Acta Synodi</u> (Suid-Transvaal), 1968, p. 465.
179) <u>Die Volksblad</u>, 30.4.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(v) **Proklamering van Bloedrivier-slagveld tot Historiese Monument**

Die Historiese Monumentekommissie het op sy vergadering in September 1963 besluit om stappe te doen om die gedeelte van die Slagveld by Bloedrivier wat aan die N.G. Kerk behoort tot ŉ historiese monument te laat verklaar.[180] Op versoek van die Historiese Monumentekommissie, het daar dus op 8 Junie 1964 te Bloedrivier, ŉ vergadering van die gesamentlike Bloedrivierkommissie en drie verteenwoordigers van die Historiese Monumentekommissie, naamlik dr. W.H.J. Punt, prof. dr. J.J. Oberholster en mnr. G.A. Chadwick plaasgevind. Dr. Punt het verduidelik dat die doel van die Historiese Monumentekommissie was om die Slagveld van Bloedrivier as historiese monument verklaar te kry. Hy het daarop gewys dat die mees historiese slagveld in Suid-Afrika nog geen beskerming van die Historiese Monumentekommissie geniet het nie, en dat hulle dit graag aan hierdie historiese plek in ons volksgeskiedenis wou bied. Verder het hy verduidelik dat die gevolge van verklaring uiteengesit word in Artikel 9 van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede No. 4 van 1934. Die verklaring beteken nie dat die eienaar sy eiendomsreg verloor nie. Hy bly in volle besit daarvan, en behou sy reg om dit te gebruik en te beheer, en na goeddunke te verkoop, verhuur of verpand. Die enigste beperking wat opgelê word, is dat ŉ verklaarde gedenkwaardigheid nie vernietig, beskadig of verander mag word, sonder die skriftelike toestemming van die Historiese Monumentekommissie nie. Die verantwoordelikheid vir die instandhouding berus nog by die eienaar, maar die Historiese Monumentekommissie kan, indien omstandighede dit vereis, klein bedrae bydra, indien sy beskikbare fondse dit toelaat.[181]

Die Bloedrivierkommissie het ten gunste van die proklamering gevoel, maar onder sekere voorwaardes. Hierdie voorwaardes het behels dat die hele saak aan die Sinodale Kommissies van Suid- en Noord-Transvaal, en ook aan die Algemene Sinodale Kommissie van Natal vir uitsluitsel voorgelê moes word. Nadat die drie kommissies hulle goedkeuring aan die proklamering geheg het, is die saak na die gesamentlike Bloedrivierkommissie terugverwys, om in oorleg met die Historiese Monumentekommissie oor te gaan tot die proklamering van die terrein.[182]

---

180) N.G.K.A., Pretoria, Acta Synodi (Suid-Transvaal), 1968, p. 463.
181) Ibid., p. 466.
182) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Slagveld van Bloedrivier is by Goewermentskennisgewing no. 1403 gedateer 8 September 1967 tot 'n historiese monument verklaar.[183] Daarmee is die proklamering van die terrein gefinaliseer.

**(vi) Bronsplaat ter herdenking aan die klipstapeling van 1866**

'n Bronsplaat is in 1966 by die Bloedriviermonument aangebring ter herdenking aan die oprigting van die klipstapel op 16 Desember 1866, deur ds. F. Lion-Cachet en die ander feesgangers.[184]

**(vii) Herskopping van die Slagveld van Bloedrivier**

'n Liggaam, bestaande uit vooraanstaande historici, sakemanne en ander belanghebbendes, is in 1968 in die lewe geroep om die herskepping van slagvelde te verwesenlik. Die Regering beskou dit as 'n saak van nasionale belang weens die kulturele, opvoedkundige en toeriste-waarde daarvan vir die Republiek. Die lede van die restourasieliggaam is mnr. M.V. Jooste, prof. A.N. Pelzer, dr. T.F. Muller, prof. F.J. du T. Spies, mnr. J.F. Preller, dr. W.H.J. Punt, dr. A. Kieser, mnr. J.J.H. Victor, ds. Paul Nel, dr. G.C. Meij, ds. G.R. van Rooyen, mnr. G.A. Chadwick, mnr. T.I. Steenkamp, dr. J.H. Breytenbach en prof. J.J. Oberholster.[185]

Die Staatspresident, mnr. J.J. Fouché, is hoofbeskermheer van die herskeppingsplan en die Eerste Minister, die voormalige Staatspresident, mnr. C.R. Swart, sen. Jan de Klerk, President van die Senaat, mnr. H.J. Klopper, Speaker van die Volksraad, sir De Villiers Graaff, leier van die Opposisie en die Administrateurs van die vier provinsies het ingewillig om as beskermhere op te tree.

Die voorsitters van die loods- en beplanningskomitees van die restourasie-liggaam is onderskeidelik mnr. M.V. Jooste, Besturende Direkteur van die Afrikaanse Pers Beperk en die bekende historikus, prof. dr. A.N. Pelzer van die Universiteit van Pretoria. Die herskepping van en geldinsameling vir die Slagveld by Bloedrivier word deur die Federale Mynbou-General Mining-groep, onder leiding van sy Besturende Direkteur, dr. Tom Muller, georganiseer.[186]

---

183) <u>Ibid</u>., p. 467.
184) <u>Ibid</u>.
185) <u>Die Transvaler</u>, 17.12.1969.
186) <u>Hoofstad</u>, 17.12.1969.

Sedert die stigting van die liggaam is die hulp verkry van kenners op elke gebied - geoloë, argeoloë, beplanners, ingenieurs, argitekte, ontwerpers, plantkundiges en andere. Die geesdriftige samewerking van alle betrokke staatsdepartemente, provinsiale administrasies, die vernaamste kerkliggame, kultuurverenigings en ander instansies is ook verkry. Ook die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het sy steun aan die plan toegesê en lede daarvan het sitting in die restourasieliggaam.[187)]

Die herskeppingsplan behels nie die oprigting van 'n reeks monumente nie. Elke slagveld sal tot so na as moontlik aan sy oorspronklike staat herstel word terwyl van voorstellings, aanwysings en oudio-visuele hulpmiddels gebruik gemaak sal word om die geskiedenis van elkeen op aanskoulike wyse te laat herleef en voortleef. Bloot geskiedkundige belang sal bepaal word watter slagvelde herskep sal word.[188)]

Die Eerste Minister, Sy Edele B.J. Vorster, het op 16 Desember 1969 in sy Geloftedagtoespraak in die Stadsaal van Durban die grootse herskeppingsplan aangekondig. Die eerste vier slagvelde wat herskep sal word, is Bloedrivier, Isandhlwana, Bergendal en Majuba. Die werk aan Bloedrivier sal eersdaags begin. By Bloedrivier sal onder meer 'n permanente laer van 64 waens opgerig word wat met die laer sal ooreenkom wat op 16 Desember 1838 daar gestaan het.[189)] 'n Groot feessaal en uitsiggebou word ook beplan. Die verloop van die slag sal deur middel van kleur, lig en klank op 'n reuse reliëfkaart en ook op die slagveld self uitgebeeld word.[190)]

Hoe hierdie herskeppingsplan die bestaande Bloedriviermonument sal raak, is op hierdie stadium nog nie 'n uitgemaakte saak nie.

## 4. BETEKENIS VAN DIE BLOEDRIVIERMONUMENT

Die Bloedriviermonument het sy ontstaan te danke aan die eis van die volksiel. Die herinnering aan hierdie Slagveld leef in die harte van die Afrikaners voort meer as die herinnering aan enige ander gebeurtenis in die veelbewoë geskiedenis van ons volk. Die Monument is daarom vanselfsprekend 'n volksmonument kragtens die roemryke voorgeskeidenis daarvan.

Die Voortrekkerwa, die simbool van ons nasiewording, herinner ons daaraan dat ons 'n verbondsvolk is; dit herinner ons aan

---

187) *Ibid.*
188) *Ibid.*
189) *Hoofstad*, 17.12.1969.
190) [illegible] 17.12.1969

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Danskraalgelofte, wat ons as volk bind aan die God van ons voorvaders; dit dien as waarskuwing vir troubreuk, teenoor die God, wat die Verbondsgod van die Afrikanervolk geword het, maar aan die anderkant herinner dit ons aan die vervulling en bevestiging van daardie gelofte wat vir ons volk 'n waarborg is dat die God van ons vaders ook die God van hulle nageslagte wil wees. Die Bloedrivier-wa is ons Immanuel-teken - „God met ons"- en alle twyfel moet by die aanskoue daarvan verban word.[191)]

Die Monument is 'n simbool van die Afrikaner se onblusbare vryheidsin en sy strewe na die vestiging en uitbouing van Suid-Afrika as witmansland en as draer van die blanke, Westerse beskawing.[192)] Ons is 'n volk met 'n roeping, ons het pande om te bewaar; ons godsdiens, kultuur, taal, sedes en gewoontes.

Die Bloedriviermonument dien ook as 'n vaste baken vir die oriëntasie van die gevegsterrein vir die belangstellende en as een van die bakens wat ons verlede sinvol maak.[193)]

---

191) L.J.S., Referaat: Die betekenis van die Bloedriviermonument.
192) Die Volksblad, 15.12.1947, p. 4.
193) Van Tonder, op. cit., p. 85.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK V

## DIE VOORTREKKERMONUMENT, PIETERMARITZBURG

Aanvanklik was daar in Natal bittere teleurstelling oor die besluit van die S.V.K. om die sentrale Voortrekkermonument te Pretoria op te rig, maar mettertyd het die gevoelens bedaar en is die Monument by Pretoria as hoof-Voortrekkermonument aanvaar. Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het egter die hoop gekoester dat die S.V.K. ter geleëner tyd sy daadwerklike steun sou gee aan die oprigting van 'n waardige kleinere Voortrekkermonument op die geskiedkundige erf in Pietermaritzburg wat oorspronklik vir 'n kerk opsy gesit is.[1)]

Van Natal se kant was daar ook versoeke dat die S.V.K. se gevestigde voorrang wat Winburg bo Pietermaritzburg vir die oprigting van 'n Voortrekkermonument na die voltooiing van die Monument by Pretoria gehad het, aan Pietermaritzburg afgestaan moes word.[2)] Aan hierdie versoeke kon nie voldoen word nie sodat daar by die oorspronklike verstandhouding gebly is, naamlik dat na voltooiing van die Monument by Pretoria, Winburg eerste aan die beurt sou kom en daarna Pietermaritzburg.[3)] Maar die S.V.K. het aan die Natalse Voortrekkermonumentkomitee verlof gegee om die werk in verband met die monument vir Pietermaritzburg aan te voor, vir welke doel 'n bedrag van R200 deur die S.V.K. voorgeskiet is.[4)]

Ten spyte van die voorrang wat Winburg bo Pietermaritzburg geniet het, is die Pietermaritzburgse Voortrekkermonument, deur die sameloop van omstandighede, tog voor die Winburgse Voortrekkermonument voltooi.

### 1. NATALSE VOORTREKKERMONUMENTKOMITEE

Die Natalse Provinsiale Komitee het na die inwyding van die Voortrekkermonument te Pretoria opgehou om te bestaan, maar 'n Natalse Komitee, met reg van koöptasie, is in 1952 saamgestel vir die oprigting van 'n Voortrekkermonument te Pietermaritzburg. Hierdie komitee het bestaan uit: Mnr. C.M. Booysen, mnr. J.H. Stander (sameroeper), mnr. D.R. Warmback (Burgemeester van Pietermaritzburg), mnr. P.W.J. Groenewald, mej. Killy Campbell, mev. (ds.)

---

1) J.H.S., Boodskap aan Voors., S.V.K. by geleentheid van die onthulling van die Voortrekkermonument te Pretoria, 16.12.1949.
2) S.V.K., Notule, 16.18.1948.
3) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., S.V.K. aan ds. C.W.I. Pistorius, 12.10.1948.
4) S.V.K., Notule, 21.11.1952.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

H. Flemming, dr. G.S. Nienaber, mnr. Johan Boshoff, mnr. J.J. Boshoff, mnr. Percy Osborn (Burgemeester van Durban), mnr. A.E. Claassen, ds. H.J.C. Snyders en mev. H.N. Gregory. Hierdie komitee sou verantwoordelik wees vir die oorweging van die ontwerp en standplaas van die monument, die insameling van die ontbrekende fondse en die onthullingsfees.[5)]

Die reaksie van sommige van die persone wat in hierdie Komitee benoem is, was so swak[6)] dat daar op 24 Julie 1954 'n nuwe komitee aangestel moes word. Die bestuur daarvan is soos volg saamgestel: Mnr. C.M. Booysen (voorsitter), mnr. P.W.J. Groenewald (onder-voorsitter), mnr. J.H. Stander (sekretaris), mnr. Nico Meiring (tesourier) en mev. H.N. Gregory (addisionele lid).[7)] Die volgende persone is as lede van die Natalse Voortrekkermonumentkomitee gekoöpteer: Mnr. H.P. Malan, prof. Hattersley,[8)] mev. Ingle (namens die „Federation of Women"s Institutes"[9)] en mev. J.H. Stander (namens die Natalse Christelike Vroue-Vereniging)[10)] In 1967 is ds. S.P. Senekal en mnr. B.J.T. Leverton ook as nuwe lede verwelkom.[11)]

Die Administrateur van Natal[12)] en mev. M.M. Jansen[13)] is onderskeidelik tot beskermheer en beskermvrou van die Natalse Voortrekkermonumentkomitee benoem.

## 2. UITBREIDING VAN DIE VOORTREKKERMUSEUM

Die aanvanklike gedagte van die Natalse Voortrekkermonumentkomitee was dat die Pietermaritzburgse Voortrekkermonument, indien moontlik, die vorm moes aanneem van die uitbreiding van die Voortrekkermuseum.[14)] Daar was 'n ernstige ruimtetekort in die be-

---

5) S.V.K., Notule, 21.11.1952.
6) J.H.S., Brief: Sekr., S.V.K. aan J.H. Stander, 5.12.1953.
7) J.H.S., Notule van N.V.M.K., 24.7.1954.
8) Ibid.
9) J.H.S., Brief: Sekr., „Federation of Women's Institutes" aan Ondervoors., N.V.M.K., 28.9.1954.
10) J.H.S., Brief: Sekr., N.C.V.V. aan Sekr., N.V.M.K., 6.12.1954.
11) J.H.S., Notule van N.V.M.K., 11.10.1967.
12) J.H.S., Notule van N.V.M.K., 24.7.1954.
13) J.H.S., Brief: Mev. M.M. Jansen aan Sekr., N.V.M.K., 28.3.1955.
14) S.V.K., KM 4/2, Memorandum i.s. uitbreiding van Voortrekkermuseum as Pietermaritzburgse Voortrekkermonument, 9.3.1955.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

staande gebou wat die behoorlike uitstalling van museumstukke erg belemmer het.

Vertoë vir die vergroting van die Museum is dus tot die bevoegde instansies gerig. Die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is genader om verlof te verkry om op die perseel van die Voortrekkermuseum 'n uitbreiding daarvan op te rig, wat as monument sou dien ter gedagtenis aan die Voortrekkers. Dieselfde Departement is ook versoek om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die oprigting van bloot die uitbreidingsruimte, met die verstandhouding dat die Natalse Voortrekkermonumentkomitee verantwoordelikheid sou aanvaar vir die koste verbonde aan die beliggaming van die monumentidee in die voorgestelde uitbreiding.[15)]

Na verdere onderhandelinge het die Departement van Openbare Werke volle verantwoordelikheid vir die uitbreiding van die Voortrekkermuseum en vir die historiese paneel in die voorgewel van die uitbreiding aanvaar. Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het verteenwoordiging gehad in die ad hoc-komitee wat die betrokke Minister in die lewe geroep het om te beraadslag oor die historiese paneel.[16)] Die plan wat ontwerp is vir die vergroting van die Voortrekkermuseum het bestaan uit die aanbou van 'n replika van die bestaande gebou.[17)]

Die historiese fries bokant die ingang van die nuwe gedeelte van die Voortrekkermuseum beeld die oortog oor die Drakensberge, die aflegging van die Gelofte en die moord op Piet Lafras Uys uit.[18)]

Die hoeksteen van die nuwe uitbreiding van die Voortrekkermuseum is op 16 Desember 1955 deur die destydse Goewerneur-generaal, dr. E.G. Jansen, gelê. Dit het die hoogtepunt gevorm van die Pietermaritzburgse Geloftefeesviering van daardie jaar.[19)]

Op die hoeksteen staan die volgende woorde:

„Hierdie hoeksteen van die uitbreiding
van die Voortrekkermuseum is op
16 Desember 1955 gelê deur
Sy Eksellensie, die Goewerneur-
Generaal van Suid-Afrika,
DR. E.G. JANSEN,

---

15) Ibid.
16) S.V.K., KM 4/2, Memorandum i.s. Pietermaritzburgse Voortrekkermonument, 28.7.1958.
17) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 11.10.1955.
18) Lantern, Jaargang 10, Nommer 3, Maart 1961, p. 265.
19) Natal Witness, 17.12.1955.

voorsitter van die Sentrale Voortrekkermonumente[20] komitee en stigterslid van die Voortrekkermuseum. Hierdie uitbreiding saam met die standbeeld van Piet Retief vorm die Natalse Voortrekkermonument."[21]

## 3. DIE VOORTREKKER-GEDENKKERK

### (a) POGINGS OM DIE GEDENKKERK AS VOORTREKKERMONUMENT ERKEN TE KRY

'n Argivale ondersoek van ds. C.W.I. Pistorius het hom tot die gevolgtrekking laat kom dat die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg nooit as die werklike Geloftekerk bedoel en beskou is nie. Hy het dus gehoop dat 'n nuwe Geloftekerk wat sy gemeente van voorneme was om te bou, as kleiner Voortrekkermonument beskou sou word.[22]

Die kerkraad van die Voortrekkergemeente het die S.V.K. dan ook versoek om die gedenkkerk wat op erf nommer 33, op die Markplein van Pietermaritzburg, opgerig sou word, as die Voortrekkermonument van Natal te erken. Daar is gevoel dat geen geskikter monument ter ere van die Voortrekkers in Natal opgerig kon word nie, en ook dat geen geskikter terrein vir die doel gevind kon word nie. Die S.V.K. sou, indien hulle steun aan hierdie gedagte verleen, ook seggenskap in die argitektuur van die gebou hê en sou ook verteenwoordigers kon benoem wat in medewerking met die Kerkraad sou optree.[23]

Oor die vertoë van die Voortrekkergemeente het die S.V.K. in 1948 besluit om die erkenning van die beoogde kerk as Voortrekkermonument na die Natalse Voortrekkermonumentkomitee te verwys om 'n aanbeveling daaroor aan die S.V.K. te doen.[24] Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee was bereid om die kerk as die Voortrekkermonument vir Natal te erken en het die S.V.K. versoek om sy goedkeuring te heg „aan hierdie lofwaardige onderneming en hom waarderend en aanmoedigend daaroor uit te spreek."[25] Die Natal-

---

20) Dit is foutief en behoort te wees Sentrale Volksmonumentekomitee.
21) Lantern, op cit., Maart 1961, p. 265.
22) S.V.K., Notule, 20.1.1947.
23) S.V.K., KM 4/2, Brief: Ds. C.W.I. Pistorius aan Sekr., S.V.K., 3.8.1948.
24) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., S.V.K. aan ds. C.W.I. Pistorius, 12.10.1948.
25) J.H.S., Afskrif van besluit van N.V.M.K. en S.V.K., KM 4/2 Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Sekr., S.V.K., 14.9.1948.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se Voortrekkermonumentkomitee het gevoel dat perseel nommer 33 aan die volk gebind was met sterke bande van sentiment en dat die volk 'n kerk, gebou op hierdie historiese terrein, as nasionale monument sou aanvaar. Die Kerkraad van die Voortrekkergemeente het ook die versekering gegee dat, hoewel die kerk die eiendom van die Voortrekkergemeente sou wees, alle Afrikaanse kerke vryelik toegang daartoe sou hê.[26)]

Na deeglike oorweging het die S.V.K. besluit dat S.V.K.-fondse nie vir die boukoste van die beplande kerk bygedra kon word nie,[27)] omdat die S.V.K. nie een van die drie Afrikaanse kerke kan steun nie; omdat piëteit teenoor die Geloftekerk daardeur geskaad sou word en omdat die S.V.K. nie utiliteitsgeboue as monumente wou aanvaar nie.[28)]

**(b) EGTHEID VAN DIE VOORTREKKERKERKIE AS GELOFTEKERK**

Op 'n vergadering van die S.V.K. in Kaapstad op 20 Januarie 1947 is melding gemaak van die opspraakwekkende bevindinge in verband met die geskiedenis van die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg. Mnr. C.M. Booysen het naamlik verwys na die argivale ondersoek deur ds. C.W.I. Pistorius wat aan die lig gebring het dat die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg nooit as die werklike Geloftekerk bedoel en beskou is nie. Hy het die hoop uitgespreek dat die S.V.K. 'n Geloftekerk wat opgerig sou word, as die kleiner Voortrekkermonument van Natal sou beskou.[29)]

Die S.V.K. het gevoel dat hier 'n uiters belangrike saak aangeroer word wat met groot versigtigheid en kalme beraad behandel moes word, en daarom het die S.V.K. dit raadsaam geag om eers nader ondersoek te laat instel.[30)] Die S.V.K. het dus besluit om dit aan proff. H.B. Thom en S.P. Engelbrecht op te dra om op koste van die S.V.K. ondersoek te gaan instel na die geskiedkundige juistheid van ds. Pistorius se bevindinge en hulle te versoek om 'n verslag van hulle ondersoek binne die verloop van 'n jaar by die S.V.K. in te dien.[31)] Ooreenkomstig hierdie opdrag het prof. Engelbrecht en prof. Thom onafhanklik van mekaar ondersoek gaan instel en ook afsonderlike verslae by die S.V.K. ingedien.[32)]

---

26) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Sekr., S.V.K., 14.9.1948.
27) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 9.8.1962.
28) S.V.K., Notule, 16.8.1948.
29) S.V.K., Notule, 20.1.1947.
30) Thom, H.B., <u>Die Geloftekerk en ander studies oor die Groot Trek</u>, (Kaapstad, 1949), p. 1.
31) S.V.K., Notule, 20.1.1947.
32) Thom, <u>op. cit</u>., p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die standpunt van ds. Pistorius, dr. A.J. du Plessis en die Kerkraad van die Voortrekkergemeente te Pietermaritzburg was dat die Voortrekkerkerkie (of -museum) deur die Voortrekkers destyds nie as hulle eintlike Geloftekerk gebou is nie, maar dat hulle dit as 'n tydelike geboutjie bedoel het wat later, wanneer die nodige fondse beskikbaar sou wees om die werklike Geloftekerk op te rig, in 'n pastorie omskep moes word. Vanweë die Engelse anneksasie en die gevolglike vertrek van die meerderheid van die Voortrekkers uit Natal, het hierdie plan egter nooit werklikheid geword nie en is die eintlike Geloftekerk ook nooit gebou nie. Die kerkraad het gepoog om 'n sekere stuk grond in Pietermaritzburg, Langmarkstraat 33, wat die Volksraad oorspronklik vir die ware Geloftekerk opsy gesit het, terug te kry ten einde dié gebou dan daarop te bou.[33)] Hierdie standpunt het ds. Pistorius en dr. Du Plessis met aanvoering van historiese getuienisse gesteun.[34)]

Hierdie mening is egter deur verskeie persone bestry wat verklaar het dat die Gelofte reeds na behore nagekom is; dat die huidige Voortrekkermuseum in werklikheid geen tydelike kerkgebou was nie; dat die Voortrekkers dit wel as hulle Geloftekerk beskou het en dat dit ook vandag nog só beskou moet word. In 'n aantal tydskrifte het artikels en briewe verskyn, en daar is inderdaad 'n lewendige polemiek gevoer, wat van groot openbare belangstelling in die saak getuig het.[35)]

Die verslae wat proff. Thom en Engelbrecht by die S.V.K. ingehandig het, getuig van deeglike en wetenskaplike navorsingswerk waarin die dokumente self spreek.

Prof. Thom het tot die volgende gevolgtrekking gekom:

„Alles in aanmerking geneem, moet ons dus tot die gevolgtrekking kom dat die ou kerkie, die huidige Voortrekkermuseum, die ware Geloftekerk van die Voortrekkers was; dat hulle dit só beskou het en dat ons dit vandag ook nog in dié lig moet sien."

„Aan Langmarkstraat 33, waar die Voortrekkers later hulle groter kerk wou bou, kleef daar nietemin vir die Afrikaner vandag veel sentiment. Dit is 'n terrein wat ons ten nouste met die

---

33) *Ibid*., p. 2.
34) Vergelyk bv. Pistorius, „Is die Gelofte al nagekom?" (*Die Taalgenoot*, Des. 1946); Du Plessis, „Is die Geloftekerk al gebou?" (*Die Natalse Afrikaner*, 26.6.1947); en Du Plessis, „Die Geloftekerk" (*Die Huisgenoot*, 4.7.1947).
35) Thom, *op. cit*., p. 2

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voortrekkers assosieer; dit herinner ons aan hul onvergelyklike baanbrekerswerk en veral aan hulle kinderlike godsvrug ......... Die voorneme van die huidige kerkraad om daar, in die middel van die Voortrekkerstad, 'n waardige monument in die vorm van 'n kerkgebou aan die nagedagtenis van die Voortrekkers te wy, verdien stellig hartlike ondersteuning. Dit verteenwoordig 'n verhewe gedagte, aan die uitvoering waarvan baie in ons land seker moreel en materieel sal wil saamwerk. Maar dis heeltemaal duidelik dat so 'n moderne kerkgebou geen historiese aanspraak op die benaming ‚Geloftekerk' sal kan maak nie."[36)]

Prof. Engelbrecht het sy verslag met hierdie woorde afgesluit: „My vaste oortuiging is dat die Voortrekkers die gelofte uitgevoer het en die Geloftekerk gebou het, sodat daar dus geen blaam of klad op hul nagedagtenis rus nie."[37)]

### (c) OPRIGTING VAN DIE VOORTREKKER-GEDENKKERK

Na die deurtastende ondersoek van proff. Thom en Engelbrecht het die Kerkraad afgesien van die gedagte dat die Geloftekerk nog gebou moes word en is besluit om 'n kerk op te rig wat sou dien as nagedagtenis aan die Voortrekkers deur wie Pietermaritzburg aangelê is. So het die benaming „Gedenkkerk" ontstaan.[38)]

#### (i) „Erf nommer 33"

Hierdie stukkie grond is deur die Voortrekker-Volksraad vir die Kerkraad opsy gesit om later daar 'n kerkgebou op te rig. Deur ongelukkige versuim is dit egter nooit op naam van die Kerkraad getransporteer nie, en toe dit by die Britse besetting van 1842, volgens vereiste, nie 'n voorafgaande jaar bewoon was nie, is dit verbeurd verklaar. Verskeie pogings in die vorige eeu, asook en veral sedert 1946 om die grond terug te kry, het nie geslaag nie, totdat dit in 1956 selfs op 'n hofgeding met die Stadsraad uitgeloop het, as uitvloeisel waarvan die Kerkraad die helfte van die oorspronklike erf nommer 33 teen R9,000 kon koop, met die uitdruklike bepaling egter, dat 'n kerkgebou binne vyf jaar op die

---

36) Ibid., p. 3.
37) S.V.K., KM 4/2, Verslag i.v.m. die ondersoek oor die bou van die Geloftekerk in Pietermaritzburg deur prof. S.P. Engelbrecht, 8.8.1947.
38) Brosjure: Die Voortrekker-Gedenkkerk, Pietermaritzburg, (Durban, ongedateerd), p. 14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

perseel moes verrys anders sou die swaarverkreë grond weer na die Stadsraad terugval. Om dit te verhoed het die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal, op versoek van die Kerkraad van die Voortrekkergemeente wat deur enorme bouskuld nie daartoe in staat gestel is nie, die oprigting van die Gedenkkerk vir sy rekening geneem.[39)]

**(ii) Die argitek**

Toe die Moderatuur uitvoering moes gee aan die besluit van die Algemene Sinodale Kommissie om planne vir die bou van die Gedenkkerk te laat voorberei het die keuse op 'n jong argitek, mnr. P.R. le Roux van Stellenbosch geval. Aan hom is uitdruklik gesê dat dit 'n unieke kerkgebou moes wees waarin veral aan die liturgiese vereistes voldoen sou word, maar die gebou moes ook ten nouste aansluit by die bestaande Voortrekkermuseum. Dit was die begeerte van die Moderatuur dat die gebou ook 'n simboliese vertolking sou wees van die geskiedenis wat met Geloftedag saamhang.[40)]

Die toesighoudende Komitee wat deur die Kerkraad van Pietermaritzburg aangewys is, het bestaan uit sen. P.W.J. Groenewald, prof. dr. G.S. Nienaber, mnr. J.H. Stander, mnr. N. Meiring en ds. F.P. Myburgh.[41)]

**(iii) Simboliek**

In die geskiedenis van die Voortrekkers staan die Gelofte as 'n baken op die wordingspad van 'n volk en in die Gedenkkerk beklee dit ook die plek van 'n baken op die pad van die gelowige wat die kerk betree om te gaan aanbid. Op die muurpaneel in die gewyde voorhof is die Gelofte in goue letters aangebring op 'n agtergrond van blou glasmosaïek. Dit is omring van honderde knopkieries en assegaaie in wit sementteëls. Die paneel simboliseer die menslik gesproke hopelose toestand waarin die Voortrekkers hulle bevind het. Slegs na boontoe is die weg oop, en hier dui die sterk lig wat deur die dak op die Gelofte skyn, asook die kerktoring wat so direk en belis hemelwaarts reik, die Bron aan van die Voortrekkers se geloofskrag ook in krisistye. Die ry lanternligte langs die Gedenkkerk herinner aan die bange nagte voor die Slag van Bloedrivier en spoor ons ook aan tot waaksaamheid.

---

39) J.H.S., Omdenskrywe van Saakgelastigde, N.G. Kerk, Natal oor Voortrekker-Gedenkkerk, Pietermaritzburg. (Geen datum).
40) Brosjure; Voortrekker-Gedenkkerk, <u>op. cit.</u>, Voorwoord.
41) <u>Ibid</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die boodskap van die Gedenkkerk is nie net 'n verwysing na 'n geskiedkundige gebeurtenis nie. Die Geloftepaneel is ook simbolies van die hede met al sy bedreigings vir ons volk. Die gebou met sy sterk, stil en sinvolle hedendaagse argitektuur beliggaam ook ons vertroue in die toekoms te midde van gevare soortgelyk aan dié van meer as 'n eeu gelede.[42)]

### (iv) Hoeksteenlegging, 6 April 1961

Veral as gevolg van die vasberadenheid, deursettingsvermoë en ywer van die destydse Moderator van die N.G. Kerk in Natal, ds. H.J.C. Snijders, is die hoeksteen van die Voortrekker-Gedenkkerk tydens die Sinodesitting op 6 April 1961 gelê.[43)]

'n Granietkateder bevat die hoeksteen, en die volgende inskripsie kom daarop voor:

> „Soos ons vadere vertrou het, vertrou ook ons, O Here!
>
> VOORTREKKER-GEDENKKERK
>
> Tot eer van die drie-enige God en in dankbare erkentlikheid teenoor ons voorgeslagte is hierdie steen gelê op 6 April 1961 deur die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal.
> Efesiërs 2:20. Jesus Christus is self die Hoeksteen."[44)]

### (v) Inwyding, 6 April 1962

Presies 'n jaar na die hoeksteenlegging het die Voortrekkergemeente van Pietermaritzburg die verwesenliking belewe van 'n lank gekoesterde ideaal om op die geskiedkundige Erf Nommer 33 die Voortrekker-Gedenkkerk in gebruik te neem.

'n Groot skare mense het in die namiddag van 6 April 1962 byeengekom om die inwyding van die Gedenkkerk by te woon. Senator J.F.T. Naudé, President van die Senaat, het die deure ontsluit nadat hy die sleutel van die argitek, mnr. P.R. le Roux, in ontvangs geneem het. In 'n rede wat sen. Naudé by daardie geleentheid gehou het, het hy gewys op die groot gevare wat die volk van Suid-Afrika vandag bedreig. Die inwydingsdiens is gelei deur dr. A.J.

---

42) *Ibid*., p. 4.
43) *Ibid*., p. 15.
44) J.H.S., Omsendskrywe van Saakgelastigde, *op. cit*.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van der Merwe, Moderator van die Kaaplandse Sinode van die N.G. Kerk.[45]

Op dieselfde dag wat die Voortrekker-Gedenkkerk ingewy is, is ook die Piet Retief-standbeeld onthul.

**(vi) Finansies**

Die totale koste verbonde aan die oprigting van die Voortrekker-Gedenkkerk was nagenoeg R84,000.[46] Weens die groot finansiële verpligtinge van die Voortrekkergemeente het 'n afvaardiging van die Kerkraad die Algemene Sinodale Kommissie in Augustus 1959 versoek om die kerkgebou vir die rekening van die Natalse Sinode te neem. Daartoe is om verskeie redes ingestem.[47]

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal het 'n aansienlike bydrae gelewer deur vir die jaarlikse delging en rente van R7,600 in te staan, maar het gevoel dat die hele volk as die „opkomende geslachten", deur die dure Gelofte van die Voortrekkers saam betrek is in die verering van die God wat verhoor en wondervolle uitredding geskenk het, asook in die hulde deur middel van hierdie Gedenkkerk aan die Voortrekkers self sonder wie se geloof en heldhaftige pioniersdade ons landsgeskiedenis stellig heel anders sou gelees het. 'n Dringende beroep is dus op alle goedgesinde persone, liggame en instansies gedoen om 'n helpende hand te reik ten einde die kapitale skuld van nagenoeg R70,000 so gou moontlik te delg.[48]

## 4. PIET RETIEF-STANDBEELD

In Natal is daar vroeg reeds deur 'n komitee geld ingesamel vir die oprigting van 'n monument vir Piet Retief en sy gevolg naby die Voortrekkerkerkie.[49] Mev. M.M. Jansen was indertyd met die insameling namens die Natalse Nasionale Party gemoeid. Toe dit met wetgewing bepaal is dat 'n politieke party net vir sy eie doeleindes geld mag insamel, is dit aan mev. Jansen opgedra om te besluit

---

45) The Natal Witness, 7.4.1962.
46) The Natal Witness, 7.4.1962.
47) Brosjure: Voortrekker-Gedenkker, op. cit., p. 15.
48) J.H.S., Omsendskrywe van Saakgelastigde, op cit., p. 15.
49) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 25.10.1950.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oor die geskiktheid van 'n eventuele Piet Retief-monument, alvorens die geld daarvoor gebruik kon word. Indien aan sekere voorwaardes voldoen sou word, sou hierdie fondse beskikbaar wees vir die oprigting van 'n monument vir Piet Retief deur die S.V.K. by Pietermaritzburg.[50)]

**(a) STANDPLAAS**

Wat die standbeeld van Piet Retief betref, was die oorspronklike plan om dit op te rig in die vierkant voor die uitbreiding van die Voortrekkermuseum, maar uit verskillende oorde het besware gekom teen daardie standplaas. Dit is beweer dat 'n standbeeld vlak voor die ingang tot die uitbreiding van die Voortrekkermuseum die vooraansig van die gewel sou skaad omdat dit geen onbelemmerde gesig van die gewel en die historiese paneel sou bied nie. Hierdie besware is ernstig oorweeg en daar is toe besluit dat dit 'n verbetering sou wees om die standbeeld naby die winkelmuur aan die linkerkant van die vierkant op te rig. Ook hierdie voorstel het besware uitgelok omdat die standbeeld hier nie tot sy reg sou kom nie. Lede van die keurkomitee is dus uitgenooi om die terrein ter plase te besigtig. Na die besoek is 'n verslag ingedien waarin aanbeveel is dat die standbeeld opgerig moes word voor die Voortrekkermuseum op 'n stuk grond van die perseel wat aan die N.G. Kerk behoort, maar wat die Voortrekkergemeente bereid was om af te staan. Hierdie voorstel het die algemene goedkeuring van die Natalse Voortrekkermonumentkomitee weggedra.[51)]

Nadat die N.G. Gemeente Voortrekker 'n gedeelte van Erf Nommer 33 as gevolg van 'n hofgeding gekoop het, het die Kerkraad van die gemeente aangebied om 'n gedeelte van die erf voor die Museum aan die Staat te vervreem vir die oprigting van die monument. Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het die aanbod dankbaar aanvaar, maar die Pietermaritzburgse Stadsraad het geweier om verlof tot vervreemding te gee. Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het aanvaar dat die Stadsraad geen beswaar teen die voorgestelde oprigting van 'n monument sou opper nie mits die betrokke terrein nie vervreem sou word nie.[52)]

---

50) S.V.K., Notule, 21.11.1952.
51) S.V.K., KM 4/2, Memorandum i.s. Pietermaritzburgse Voortrekkermonument, 28.7.1958.
52) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Ere-sekr., S.V.K., 21.2.1960.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die standbeeld is dus op die kerkterrein opgerig. Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het 'n ooreenkoms met die N.G. Kerk aangegaan wat sy aanspraak op en toesig oor die standbeeld ewigdurend beveilig.[53)]

## (b) ONTWERP

Op 'n vergadering van die Natalse Voortrekkermonumentkomitee in 1955 het dr. E.G. Jansen voorgestel dat die Voorsitter, mnr. C.M. Booysen, persoonlike onderhoude moes voer met die kunstenaars W.H. Coetzer, Hennie Potgieter, Coert Steynberg, Laurika Postma, Kruger en Holm om hulle te oorreed om deel te neem aan 'n kompetisie vir 'n ontwerp vir die Retief-monument by wyse van sketse en modelle. 'n Komitee bestaande uit drs. G. Moerdyk, S.H. Pellissier en F.C.L. . Bosman saam met die Voorsitter, mnr. C.M. Booysen, sou 'n Keurkomitee vorm om die voorgelegde sketse/modelle te beoordeel. Die grootte, medium en aard van die monument is aan die kunstenaars oorgelaat.[54)]

Op 'n later stadium is 'n nuwe Keurkomitee saamgestel wat uit die volgende lede bestaan het: Prof. dr. G.S. Nienaber (Voorsitter), die professor in Skone Kunste van die Universiteit van Natal, prof. A.L. Meiring van die Universiteit van Pretoria, mnr. Pease (Staatsargitek, Pietermaritzburg), mnr. Downes (Burgemeester, Pietermaritzburg), mnr. Van der Vyver (Argivaris), sen. P.W.J. Groenewald (met die oog op die historiese aspekte) en mnr. Nico Meiring (Sekretaris).[55)] Die Keurkomitee moes ingestuurde modelle beoordeel en dan die beeldhouer aanwys wat die werk sou uitvoer. Die model van prof. Ricotti wat voor die volle Natalse Voortrekkermonumentkomitee gedien het, het heelwat byval gevind, maar is saam met die modelle van die beeldhouers Coert Steynberg en Hennie Potgieter beoordeel voordat vasgestel is aan wie die kontrak gegee sou word.[56)]

Mev. M.M. Jansen was bereid om aan die Natalse Voortrekkermonumentkomitee 'n bedrag oor te dra wat sy vroeër jare vir 'n Piet Retief-monument ingesamel het. Sy het egter as voorwaarde

---

53) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Ere-sekr., S.V.K., 20.11.1961.
54) J.H.S., Notule van N.V.M.K., 27.8.1955.
55) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Ere-sekr., S.V.K., 21.1.1960.
56) S.V.K., KM 4/2, Memorandum i.s. Pietermaritzburgse Voortrekkermonument, 28.7.1958.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestel dat die monument haar goedkeuring moes wegdra.[57] Een van haar vereistes was dat niemand die monument (of gebou) moes sien of betree sonder om dadelik te besef dat dit ter ere van Piet Retief opgerig is nie.[58] Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het dan ook onderneem om geen kontrak met 'n beeldhouer aan te gaan voor mev. Jansen nie haar goedkeuring aan die gekose model geheg het nie.[59]

Die model van Coert Steynberg is aanvaar en mev. Jansen het besluit om die geld vir die Retief-standbeeld beskikbaar te stel.[60]

**(c) OPRIGTING**

Die standbeeld van Piet Retief is met die grootste versigtigheid en piëteit deur Coert Steynberg aangepak. 'n Spesiale komitee van advies bestaande uit prof. dr. G.S. Nienaber, prof. dr. A.P. Grové en sen. P.W.J. Groenewald, het byvoorbeeld eers die model goedgekeur voordat hy die groot standbeeld gemaak het.[61]

Sover bekend, bestaan daar geen tydgenootlike tekeninge, skilderye of portrette van Piet Retief nie. Steynberg het verskillende bronne geraadpleeg, maar sy vernaamste grondslag vir sy beeld was 'n tekening van dr. Eric Stockenström, in lewe dosent in Geskiedenis in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en 'n begaafde kunstenaar. Dr. Stockenström het baie navorsingswerk in dié verband gedoen en van die ou mense wat Piet Retief nog goed onthou het, oor sy voorkoms uitgevra voordat hy die tekening gemaak het. Dr. Stockenström se tekening was dus een van die gesaghebbendste leidrade wat Steynberg kon bekom.[62]

Steynberg het ook gelet op die beelde van Piet Retief wat in die Voortrekkermonument te Pretoria is, asook die beskrywings van Piet Retief deur dr. Gustav Preller en prof. G.M. Pellissier in 1910. Hy het selfs na die twee Voortrekker-rolprente gaan kyk om te sien hoe Piet Retief daarin voorgestel is.[63]

---

57) Ibid.
58) J.H.S., Brief: Dr. E.G. Jansen aan C.M. Booysen, 10.12.1954.
59) S.V.K., KM 4/2, Memorandum i.s. Pietermaritzburgse Voortrekkermonument, 28.7.1958.
60) S.V.K., KM 4/2, Brief: Prof. G.S. Nienaber aan dr. E.G. Jansen, 13.9.1958.
61) Die Transvaler, 16.1.1964.
62) Mededeling deur mev. Betsie Steynberg, 21.2.1970.
63) Die Transvaler, 16.1.1964.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die beeldhouer voeg by: „Ek het 'n studie van Piet Retief se karakter ook gemaak en dit gebruik om my te lei in die uitbeelding van sy uiterlike voorkoms, aangepas by die ander gegewens wat ek bekom het."[64)]

Die gedagte het by sommige lede van die Natalse Voortrekker-monument-komitee ontstaan dat daar panele aan die voetstuk van die standbeeld aangebring moes word. Steynberg het egter gevoel dat sodanige panele nie aangebring moes word nie, aangesien dit die eenheid van die standbeeld sou skaad.[65)]

Die standbeeld is nege voet hoog en staan op 'n voetstuk ses voet hoog. Die voetstuk rus op 'n nagemaakte klipkoppie.[66)]

(d) **KRITIEK**

Die Piet Retief-standbeeld is in die pers gekritiseer. Dit het veral gegaan oor die voorkoms van Retief. Daar is op gewys dat hy nooit 'n snor gedra het nie, maar wel 'n baard. Daar is ook kritiek uitgespreek oor die breërandhoed van die standbeeld in plaas daarvan dat Retief uitgebeeld word met 'n hoed met 'n hoë keil en 'n smal rand. Ook die lyfband is as foutief beskou aangesien Retief volgens oorlewering altyd kruisbande gedra het.[67)]

(e) **SIMBOLIEK**

Die Piet Retief-standbeeld is 'n betekenisvolle en pakkende beeld wat 'n mens se gemoed roer. Soos dr. J.J. van Tonder dit so treffend stel: „Daar staan hy met albei voete stewig geplant op Drakensbergklippe en hy is gereed vir die volgende stap. Hy staan met sy linkerhand bak oor die oë want hy kyk na die 'Land van Belofte', en die vroeë son van hoop skyn oor die landskap want hy is nie alleen verkenner nie, maar hy is ook die profeet wat visioene sien van beboude plase en bedrywige dorpe en stede. Almal is bewyse van die vestiging van die Christelike beskawing in die nuwe vaderland. Sy diepe godsdienssin en erkenning van die leiding van die Hemelse Vader word gesimboliseer deur die hoed wat hy voor die bors teen die hart vasdruk. Weerskante aan sy lyf hang bladsakke

---

64) Ibid.
65) S.V.K., KM 4/2, Brief: Prof. G.S. Nienaber aan dr. E.G. Jansen, 13.9.1958.
66) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Ere-sekr., S.V.K., 21.1.1960.
67) Die Vaderland, 14.1.1964, p. 1. (Kritiek uitgespreek deur mej. Trudie Kestell van die Nasionale Museum, Bloemfontein.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met die waterbottel en die verkyker. Hy dra nie 'n geweer of ander wapen nie, want hy kom in vrede en staan soos Moses van ouds en kyk na die Beloofde Land."[68] Die Retief-standbeeld wil vergesigte wek by almal wat moedig die toekoms intrek.

## (f) FINANSIES

Nadat die S.V.K. in 1952 aan die Natalse Voortrekkermonumentkomitee verlof gegee het om aanvoorwerk in verband met 'n Voortrekkermonument vir Pietermaritzburg te begin, het die S.V.K. 'n bedrag van R200 vir hierdie doel voorgeskiet.[69] In 1955 het die S.V.K. 'n verdere bedrag van R6,000 aan die Natalse Voortrekkermonument-komitee toegesê, maar om slegs vir die monument self gebruik te word en nie vir administratiewe uitgawes nie.[70]

Die Natalse Voortrekkermonument-komitee het ook seggenskap verkry van die Voortrekkermuseumraad oor die ongeveer R8,000 wat oor 'n tydperk van jare opgebou is vir 'n monument wat ter ere van die Voortrekkers op die terrein van die Voortrekkermuseum opgerig sou word.[71] Daar benewens was mev. M.M. Jansen bereid om aan die Natalse Voortrekkermonumentkomitee die bedrag van nagenoeg R10,000 oor te dra wat sy destyds vir 'n Piet Retief-monument ingesamel het aangesien 'n bevredigende huldiging van Piet Retief beoog is.[72]

Uitgesluit die administratiewe koste van die Natalse Voortrekkermonumentkomitee, het die standbeeld van Piet Retief en die oprigting daarvan nagenoeg R14,000 gekos.[73] Die restant van die ingesamelde bedrag is vir 'n standbeeld van Gerrit Maritz bewillig.

## (g) ONTHULLING, 6 APRIL 1962

Die onthulling van die Piet Retief-standbeeld het op 6 April 1962 plaasgevind. Dit het saamgeval met die plegtige inwyding van die Voortrekker-Gedenkkerk.[74] Meer as duisend mense het hierdie gesamentlike funksie bygewoon.[75]

---

68) Die Mylpaal, Maart 1969, p. 12.
69) S.V.K., Notule, 21.11.1952.
70) S.V.K., KM 4/2, Brief: Ere-sekr., S.V.K. aan Sekr., N.V.M.K., 19.12.1955.
71) S.V.K., KM 4/2, Memorandum i.s. Pietermaritzburgse Voortrekkermonument, 28.7.1958.
72) S.V.K., KM 4/2, Brief: Prof. G.S. Nienaber aan dr. E.G. Jansen, 13.9.1958.
73) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Ere-sekr., S.V.K., 20.11.1961.
74) The Natal Witness, 6.4.1962.
75) Ibid., 7.4.1962.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nadat die verrigtinge deur ds. F.P. Myburgh met skriflesing en gebed geopen is, het sen. P.W.G. Groenewald 'n geskiedkundige oorsig van die totstandkoming van die monument gegee en 'n koor onder leiding van mev. R. Willemse gesing het, het mev. M.M. Jansen, eggenote van die voormalige Goewerneur-generaal, die Piet Retief-standbeeld onthul.[76] By daardie geleentheid het sy 'n toespraak gehou waarin sy hulde gebring het aan die pioniers wat Suid-Afrika toeganglik gemaak het.[77]

### (h) BEHEER OOR STANDBEELD

Hoewel die standbeeld van Piet Retief op die kerkterrein opgerig is, is voorsiening vir die versorging daarvan gemaak deur 'n fonds te stig waarvan die rente vir die spesifieke doel aangewend word.[78] Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee administreer hierdie fonds en 'n ooreenkoms tussen die N.G. Kerk en dié Komitee verskaf al die nodige fasiliteite en waarborg aan die Natalse Voortrekkermonumentkomitee onbelemmerde toesig oor die standbeeld.[79]

### (i) DRIE GEDENKTEKENS AS EENHEIDSKOMPLEKS

Van buite besien, word die drie gedenktekens, die Geloftekerk (tans die Voortrekkermuseum), die Voortrekker-Gedenkkerk en die standbeeld van Piet Retief deur die aaneenlopende plaveisel tot 'n historiese eenheid verbind. Die hele opset was om 'n eenheidskompleks te beplan om die Voortrekkers in hulle besondere rol in Natal te gedenk. Die standbeeld van Gerrit Maritz sal eindelik ook sy plek op dieselfde perseel vind.[80]

## 5. BEPLANDE GERRIT MARITZ-STANDBEELD

Die eerste plig van die Natalse Voortrekkermonumentkomitee was die oprigting van 'n standbeeld ter ere van Piet Retief. Na die voltooiing van hierdie standbeeld het die Natalse Voortrekkermonumentkomitee besluit om fondse te begin insamel vir die bou van 'n waardige monument vir Gerrit Maritz. Die Natalse Voortrekkermonu-

---

76) Program: Onthulling van die Piet Retief-standbeeld, 6.4.1962.
77) The Natal Witness, 7.4.1962.
78) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Ere-sekr., S.V.K., 21.2.1960.
79) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Ere-sekr., S.V.K., 20.11.1961.
80) J.H.S., Omsendskrywe van Saakgelastigde, op. cit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mentkomitee het dit beskou dat die Gerrit Maritzmonument 'n verdere deel sal vorm van die Voortrekkermonument in Pietermaritzburg.[81)]

Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het dus kunstenaars uitgenooi om skaalmodelle voor te lê vir 'n standbeeld van die Voortrekkerleier Gerrit Maritz. In hierdie verband moes op die volgende gelet word: die standbeeld sal op dieselfde terrein opgerig word as dié waarop die standbeeld van Piet Retief staan; die standbeeld van Gerrit Maritz sal derhalwe moet aansluit by dié van Piet Retief ten opsigte van hoogte, ens.; 'n keurkomitee sou drie pryse toeken aan die drie beste inskrywings, en die sluitingsdatum vir inskrywings was 31 Julie 1968.[82)] 'n Bedrag van nagenoeg R20,000 was beskikbaar vir die oprigting van die Gerrit Maritz-standbeeld.[83)] Hierdie fondse is op 'n soortgelyke wyse ingesamel as dié vir die oprigting van die standbeeld van Piet Retief.

'n Pretoriase onderwyser, mnr. J.M. Roos, was die wenner van hierdie kompetisie om 'n beeld te ontwerp van Gerrit Maritz. Laura Rautenbach van Bloemfontein het die tweede prys verower en mnr. D.R. Louw van Pretoria was derde.[84)]

Die standbeeld van Gerrit Maritz is reeds deur die beeldhouer voltooi en deur die Komitee goedgekeur. Nadat dit in brons gegiet is, sal dit op 23 September[85)] 1970 onthul word.[86)]

Omdat die S.V.K. reeds ontbind het en ook geen aandeel aan die oprigting van die Gerrit Maritz-standbeeld gehad het nie, word hiermee volstaan.

---

81) S.V.K., KM 4/2, Brief: Sekr., N.V.M.K. aan Ere-sekr., S.V.K., 2.3.1960.
82) J.H.S., Notule van N.V.M.K., 11.10.1967.
83) J.H.S., Notule van N.V.M.K., 19.12.1967.
84) <u>Die Volksblad</u>, 17.4.1969.
85) <u>Gerrit Maritz</u> se sterfdag.
86) Mededeling deur mev. J.M. Roos van Pretoria op 13.3.1970.

# HOOFSTUK VI

## DIE VOORTREKKERMONUMENT, WINBURG

Winburg, die historiese moederdorp van die Oranje-Vrystaat, was destyds 'n sterk aanspraakmaker as aangewese plek vir die Voortrekkermonument. Nadat met 'n geringe meerderheid op Pretoria bó Winburg besluit is, is ooreengekom dat die Vrystaat en Natal elk ook op 'n kleiner monument ter ere van die Voortrekkers aanspraak kan maak.[1]

Op 19 November 1951 het die eresekretaris van die S.V.K., mnr. M.C. Botha, informeel op Winburg met mnr. D.F. Malherbe, hoof van die Hoërskool Winburg, en mnr. N.C. Sadie, L.P.R., gepraat oor die S.V.K. se verdere taak in verband met Winburg. Hierdie onderhandelinge het geskied ten gevolge van 'n besluit van die Dagbestuur van die S.V.K. op 22 Oktober 1951.[2]

In opvolging van hierdie informele samespreking is 'n goed bygewoonde vergadering die volgende jaar op Winburg deur bemiddeling en onder voorsitterskap van die Burgemeester, mnr. D.F. Malherbe, gehou waartydens mnre. I.M. Lombard en M.C. Botha, beide lede van die S.V.K., die geesdriftige belangstellendes oor die moontlikheid van 'n monument vir Winburg toegespreek het, wat volgens 'n belofte van genoemde liggaam ná voltooiing van die Voortrekkermonument by Pretoria 'n aanvang sou neem. Mnre. Lombard en Botha het die feit beklemtoon dat die monument wat hier tot stand sou kom, as Vrystaatse monument moes fungeer en nie bloot van plaaslike aard moes wees nie.[3] Hierdie vergadering het besluit dat dit verwag word dat die belofte uitgevoer sou word om 'n kleiner monument op Winburg op te rig. 'n Klein tydelike plaaslike komitee is benoem met wie die S.V.K. betreffende Winburg in voeling kon bly tot vaste reëlings getref is. Die volgende persone is in hierdie tydelike komitee aangewys: Die Burgemeester (sameroeper), die Stadsklerk (sekretaris), die hoof van die Hoërskool, die hoof van die Volkskool, ds. G.J. Barnardt, ds. S.J. Botha, mnr. N.C. Sadie, L.P.R., en mnr. G.J. Hugo.[4]

---

1) Die Volksblad, 10.10.1968.
2) S.V.K., KM. 4/3, Aantekening deur Ere-sekr., S.V.K., 23.11.1951.
3) Die Volksblad, 23.10.1952.
4) S.V.K., Notule, 21.11.1952.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1. VRYSTAATSE VOORTREKKERMONUMENTKOMITEE

By 'n vergadering van die S.V.K. op 21 November 1952 het die voorsitter, dr. E.G. Jansen, na aanleiding van die vrugbare samesprekings op Winburg dit ter oorweging gegee dat daar 'n Vrystaatse komitee benoem word om die verdere taak ten opsigte van Winburg onder beskerming en met die steun van die S.V.K. aan te pak.[5)]

'n Vrystaatse komitee vir die oprigting van 'n Voortrekkermonument te Winburg is dus saamgestel met die reg van koöptasie en het uit die volgende lede bestaan: Mnr. B.H.J. van Rensburg (Bloemfontein), mnr. N.C. Sadie (Winburg), voorsitter, mnr. J.J. Fouché (Administrateur, O.V.S.), ds. E. Greyling ( Bloemfontein ), mnr. A.J. Jacobs (Direkteur van Onderwys, O.V.S.), mev. ds. P. de V. Grobbelaar (Bethlehem), genl. G.J. Joubert (Viljoenskroon), mev. E.D.M. Venter (Fouriesburg), mev. M.D.C. Steenkamp (Odendaalsrust), mev. Barry Hofmeyr (Bethlehem), mnr. J.F. du Plessis, L.U.K. (Rouxville), sen. J.N. le Roux (Hobhouse), sen. M.J. Vermeulen (Lindley) en mnr. S.J. Naudé (Bloemfontein).[6)]

By die eerste vergadering van die komitee op 25 Junie 1953 is die volgende lede bygevoeg: Dr. Thos Blok, ds. H.J. Reyneke, dr. P.J. Coetzee, dr. A. Preller, mnr. P.J.N. du Toit, die Burgemeester van Winburg, mnr. C.J. Steyn (eresekretaris), mnr. G.J. Hugo, mnr. M.H. Wessels en prof. J.J. Oberholster (as geskiekundige.)[7)] Later is ds. P.S.Z. Coetzee in die plek van ds. Reyneke gekies, terwyl mnr. F.J. Lategan in die plek van mnr. Hugo benoem is wat om gesondheidsredes bedank het. Generaal Joubert het ook weens swak gesondheid bedank.[8)] Op 'n vergadering in Maart 1961 is rou betuig in die afsterwe van mev. Barry Hofmeyr en senatore M.J. Vermeulen en J.N. le Roux.[9)] Die komitee is met die volgende lede aangevul: Dr. D.J. Barnard (Namens die Moderatuur van die N.G. Kerk, O.V.S.), prof. P.W.G. Groenewoud (Rektor, U.O.V.S.), sen. Tibbie Visser, dii. S.J. Botha en G.J. Barnardt (predikante van Winburg), sen. Wessels (of verteenwoordiger van die Apostoliese Geloofsending), mnr. A.M. Lubbe (Sekretaris, O.V.S.-Landbou-unie), dr. P.J.T. Koekemoer (Namens die N.H. Kerk) en mnr. J.W.J.C. du Plessis wat mnr. J.J. Fouché as Administrateur van die Oranje-Vrystaat opgevolg het.[10)]

---

5) Ibid.
6) Ibid.
7) S.V.K., KM, 4/3, Aantekening deur Eresekr., S.V.K.
8) S.V.K., KM. 4/3, Brief: C.J. Steyn aan Eresekr., S.V.K., 21.8.1953.
9) V.V.M.K., Notule, 27.3.1961.
10) V.V.M.K., Notule, 27.4.1961.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Dagbestuur van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee het in 1953 uit die volgende lede bestaan: Mnr. N.C. Sadie (voorsitter), mnr. C.J. Steyn (sekretaris), mnr. B.S. de Kok (penningmeester), mnr. J.J. Fouché (Administrateur) en mnr. A.J. Jacobs.[11] In 1961 is die Dagbestuur soos volg hersaamgestel: Mnr. N.C. Sadie (voorsitter), dr. E. Greyling (tesourier), mnr. C.J. Steyn (sekretaris) en mnr. B.H.J. van Rensburg en prof. dr. J.J. Oberholster (addisionele lede).[12]

Die Staatspresident en sy gade, mnr. en mev. C.R. Swart, is in 1961 genooi om die Beskermheer en Beskermvrou van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee en sy doelstelling te word.[13] Hulle het die uitnodiging aanvaar.

## 2. DIE VRYSTAATSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE NEEM OOR

By mnr. M.C. Botha, Eresekretaris van die S.V.K., het die gedagte ontstaan dat dit baie gepas sou wees as daar by Winburg 'n Voortrekkermonument met die hulp van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie tot stand kon kom. Die rede vir hierdie gedagte was dat die allerweë bekend is dat die Groot Trek in die omgewing van Winburg sy eerste konstitusionele beslag gekry het en uit die konstitusionele ontwikkeling wat daar begin het, die bestaande Provinsiale Administrasie tog sekerlik voortgespruit het. Die provinsiale owerheid is dus genader om hierdie onderneming, ook met die oog op die finansiële verpligtinge daaraan verbonde, te aanvaar. Die geld wat reeds deur die S.V.K. vir die doel ingesamel is, sou ook daarvoor beskikbaar wees. 'n Vermoede het bestaan dat daar miskien wetlike probleme vir die Vrystaat kon wees om fondse vir die monument te bewillig, maar sodanige probleme sou wel opgelos kon word deur die nodige verlof daarvoor te verkry. Presedente in hierdie rigting was reeds geskep soos die Van Riebeeckfees en ander geleenthede.[14]

Die Vrystaatse Provinsiale Administrasie het in die oprigting van die beoogde Voortrekkermonument te Winburg belanggestel en die Dagbestuur van die S.V.K. het met dankbaarheid daarvan kennis geneem.[15] Die Uitvoerende Komitee van die Oranje-Vrystaat het nou daadwerklike aandag aan die saak geskenk en was bereid om die saak onder die direkte leiding van die Uitvoerende Komitee aan te pak.[16]

---

11) V.V.M.K., Notule, 21.8.1953.
12) V.V.M.K., Notule, 27.3.1961.
13) V.V.M.K., Notule, 24.4.1961.
14) S.V.K., KM. 4/3, Brief: Eresekr., S.V.K. aan Admin., O.V.S., 1.4.1963.
15) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 2.8.1963.
16) S.V.K., KM. 4/3, Brief: Admin., O.V.S. aan Eresekr. S.V.K., 4.6.1963.

Die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee het die volgende komitee benoem om 'n oordragkomitee te vorm ten einde met die Vrystaatse Provinsiale Administrasie te onderhandel insake die oordrag van die verantwoordelikheid vir die oprigting van die Voortrekkermonument te Winburg: Mnr. N.C. Sadie, prof. J.J. Oberholster, mnr. B.H.J. van Rensburg, sen. Tibbie Visser, dr. E. Greyling en mnr. C.J. Steyn.[17)]

Op 5 November 1963 is die finansiële boeke en die sekretariële stukke van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee deur die penningmeester en eresekretaris van die Komitee aan die Administrateur van die Oranje-Vrystaat oorhandig. Daarmee was die werksaamhede van hierdie komitee afgehandel en het die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee ontbind.[18)]

## 3. NUWE VRYSTAATSE VOORTREKKERMONUMENTKOMITEE

Daar het ongetwyfeld regverdiging bestaan dat 'n ander liggaam as die ou Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee met die uitvoering van die werk belas sou word nadat die Vrystaatse Provinsiale Administrasie die verantwoordelikheid aanvaar het.[19)] Die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee het dit egter wenslik geag dat daar behoud van kontinuïteit sou wees, en het dus aanbeveel dat mnr. N.C. Sadie (voorsitter), prof. J.J. Oberholster en mnr. C.J. Steyn (sekretaris) die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee in die beoogde nuwe komitee van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie sal verteenwoordig.[20)]

Die Uitvoerende Komitee van die Oranje-Vrystaat het besluit dat 'n nuwe Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee in die lewe geroep moes word wat sou bestaan uit lede van die Uitvoerende Komitee, voorsitters van streekkomitees[21)] en verteenwoordigers van die S.V.K., die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee wat sou ontbind en sekere ander instansies soos die Vrystaatse Munisipale Vereniging en die Stadsraad van Winburg.[22)]

Die nuwe Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee is uit die volgende lede saamgestel: Administrateur J.W.J.C. du Plessis

17) V.V.M.K., Notule, 20.9.1963.
18) V.V.M.K., Notule, 5.11.1963 en Die Volksblad, 5.11.1963.
19) S.V.K., KM. 4/3, Brief: Eresekr., S.V.K. aan Admin., O.V.S., 24.4.1963.
20) V.V.M.K., Notule, 20.9.1963.
21) Die streekkomitees waarna hier verwys word, is verkies nadat die Vrystaat in vier dele verdeel is met die oog daarop om belangstelling vir die monument op te wek. Ook die samewerking van die stadsrade en dorpsbesture is verkry.
22) S.V.K., KM. 4/3, Notule van samesprekings te Winburg, 5.11.?63 en die Volksblad, 5.11.1963.

(voorsitter), mnre. W.F. Wentzel, L.U.K., A.J. van Schalkwyk, L.U.K., W.W.B. Havemann, L.U.K., E.G.N. Bezuidenhout, L.P.R., D.G.J. van Rensburg, L.P.R., W. Groenewald, L.P.R., prof. dr. J.J. Oberholster, ds. W.I.L. Bosman, mnre. A.J.J. Deursema, R. Louw, N.C. Sadie, L.V., P.J. Schabort, L.P.R., P.W. Nel, L.P.R., dr. Wm. Nicol (namens die S.V.K. met mnre. I.M. Lombard en M.C. Botha as plaasvervangers), mnre. W.J. Gouws, L.U.K., C.J. Steyn en A.B. van der Nest (sekretaris). Die drie assessore was prof. J.J. Oberholster, dr. B. Bierman en mnr. L. Roodt.[23)]

Tydens die inwyding van die Winburg-monument op 10 Oktober 1968 het die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee uit die volgende lede bestaan: Administrateur J.W.J.C. du Plessis (voorsitter), mnre. W.F. Wentzel, L.U.K., P.L.S. Aucamp, L.U.K., A.C. van Wyk., L.U.K., A. Weeber, L.U.K., E.G.N. Bezuidenhout, L.P.R., sen. P.J. Schabort, sen. D.G.J. van Rensburg, mnre. W. Groenewald, L.P.R., P.W. Nel, L.P.R., R. Louw, A.J.J. Deursema, die Burgemeester van Winburg, mnr. N.C. Sadie, L.V., prof., dr. J.J. Oberholster en mnre. C.J. Steyn en A.B. van der Nest (sekretaris).[24)] Nadat die werk van hierdie Komitee voltooi was, is dit op 5 Februarie 1969 ontbind.[25)]

## 4. POGING TOT KOMBINERING VAN 'N BEOOGDE KINDERMONUMENT EN DIE WINBURGSE VOORTREKKERMONUMENT

Die S.V.K. het by die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee aanbeveel dat ondersoek ingestel moes word na die moontlikheid daarvan om die gedagte van die Gefedereerde Sondagskoolkommissie om 'n kindermonument op te rig, met die van 'n Voortrekkermonument te Winburg te verenig.[26)] Die moontlikheid was nie uitgesluit nie dat daar in die uiteindelike vorm van die monument 'n middeweg gevind sou kon word waarin die kind van die volk sowel as historiese momente van deurslaggewende belang wat in die omgewing van Winburg voltrek is, tot hulle reg sou kom.[27)]

Die Gefedereerde Sondagskoolkommissie het besluit om liefs selfstandig met die oprigting van 'n kindermonument voort te gaan. Die Sondagskoolkommissie wou die kind as hoofmotief verbeeld en het gevoel dat hulle idee nie in 'n gesamentlike monument tot sy volle reg sou kom nie. Aan die anderkant het die Sondagskool-

23) V.V.M.K., Notule, 23.6.1964.
24) Gedenkprogram: Inwyding Voortrekkermonument, Winburg, 10.10.1968, p. 3.
25) Die Volksblad, 6.2.1969.
26) S.V.K., Notule, 21.11.1952.
27) Die Volksblad, 23.10.1952.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kommissie gevoel dat die geskiedenis wat in die omgewing van Winburg afgespeel het, waarde genoeg het om in 'n afsonderlike monument versinnebeeld te word. Die monument te Winburg kon dus nie 'n kindermonument wees soos deur die Sondagskoolkommissie beoog is nie.[28)]

## 5. KEUSE VAN PLEK EN STANDPLAAS

Tot die keuse van die plek vir die oprigting van die Voortrekkermonument in die Oranje-Vrystaat is nie ligtelik gekom nie en dit moet beklemtoon word dat by so 'n keuse die historiese faktore nie slegs die deurslag gegee het nie, maar praktiese oorwegings wel deeglik in aanmerking geneem moes word. Bowendien moet onthou word dat die monument 'n blote simbool van die Groot Trek deur die Oranje-Vrystaat is en dat dit soos die Voortrekkermonument by Pretoria trouens op enige plek in die Vrystaat kon staan.[29)]

Op die roete van die Groot Trek deur die Oranje-Vrystaat was daar veral drie plekke wat in aanmerking moes kom toe daar sprake was van die oprigting van 'n monument ter ere van die Voortrekkers, naamlik Thaba 'Nchu, Winburg en Kerkenberg. 'n Monument te Thaba 'Nchu sou te ver van die hoofpaaie geleë wees en daarbenewens binne Bantoe-trustgebied. Hoewel pragtig geleë, is Kerkenberg op die grens van die Vrystaat en nie maklik bereikbaar nie. Winburg daarenteen, is in die hartjie van die Oranje-Vrystaat geleë en trouens baie na aan die hart van Suid-Afrika.[30)]

Wanneer van Winburg gepraat word, word nie slegs die dorp Winburg bedoel nie, maar Winburg en sy onmiddellike omgewing. So gesien, is die betekenis van Winburg in die geskiedenis van die Groot Trek van 'n vierledige aard: Winburg het die sentrale punt gevorm van die eerste gebied noord van die Oranjerivier wat werklik die besit van die Voortrekkers geword het; die Groot Trek het in die omgewing van Winburg die grootste eenheid bereik; die Groot Trek is in die omgewing van Winburg staatkundig en kerklik georden; en Winburg was die eerste Voortrekkerdorp met 'n plaaslike bestuur.[31)]

In 'n referaat voor die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee op 23 Junie 1955 kom prof. dr. J.J. Oberholster tot die gevolgtrekking dat Winburg verteenwoordigend is van die Groot Trek.

---

28) S.V.K., KM. 4/3, Notule van vergadering van die V.V.M.K. en Gefedereerde Sondagskoolkommissie, 21.8.1953.
29) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Inwyding), Aantekening oor Voortrekkermonument, Winburg.
30) S.V.K., KM. 4/3, Referaat deur prof. J.J. Oberholster voor V.V. M.K., op 23.6.1955 oor „Winburg in die Groot Trek."
31) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as 'n massa migrasie van vredeliewende Afrikaners op soek na vryheid en 'n onafhanklike bestaan, en dat 'n ordeliewende gemeenskap te Winburg die fondamente van daardie pilare gelê het waarop die Voortrekkergemeenskap gerus het, naamlik 'n bestuur deur die volk en 'n geordende Kerk.[32)]

In uitvoering van Uitvoerende Komiteebesluit 816 van 15 Junie 1965 om die terrein vir die Voortrekkermonument te Winburg te bepaal, het die volgende komitee op 10 Augustus 1965 op Winburg vergader: Prof. dr. J.J. Oberholster (voorsitter), mnre. H. Hallen (argitek), H. Bruins-Licht (konsultant), L. Roodt, S.W. Kemp, J.J. Oberholzer, A. van der Nest en B.N. Meyer.[33)]

Op aanbeveling van hierdie komitee het die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee as standplaas vir die monument 'n koppie op die plaas Rietfontein, onmiddellik ten suide van Winburg, gekies. Deurslaggewend by die keuse van hierdie plek vir die monument was dat dit in die <u>omgewing</u> van die Voortrekkerroetes, om praktiese redes die beste geleë was, naamlik doeltreffende toesig vanaf Winburg, bereikbaarheid van die snelweg af en voldoende watervoorsiening uit die Rietfonteindam. By die keuse van hierdie plek is die aanleg van 'n natuurtuin en opelugmuseum daarbenewens in gedagte gehou.[34)]

Daar was egter ook historiese redes waarom juis hierdie standplaas vir die monument gekies is. Onmiddellik ten ooste van Rietfontein loop Laaispruit. Langs hierdie spruit het A.H. Potgieter en sy volgelinge na die Slag van Vegkop en die eerste ekspedisie teen die Matabele maandelank gestaan. In 1838, na sy terugkeer uit Natal, het hy hierdie hele gebied van die Bataung-kaptein, Makwana, gekoop.[35)] Suid van Rietfontein, tussen die Groot- en Klein-Vetrivier, het die ander trekgeselskappe verby getrek. In hierdie omgewing is verdere bestuursreëlings vir die Trek vasgelê; is Piet Retief tot Goewerneur van die Trekkers ingesweer en is Erasmus Smit tot predikant georden. Hoewel hierdie reëlings nie met algemene instemming van die Trekkers plaasgevind het nie, is die drang tot die skepping van orde in die Trek nog oorheersend. In die omgewing van Winburg het die Groot Trek

---

32) <u>Ibid</u>.
33) V.V.M.K., PS. 19/2/1, Notule van vergadering gehou ter bepaling van die terrein vir die voorgestelde Voortrekkermonument te Winburg, 10.8.1965.
34) V.V.M.K., PS. 19/2/2 (Inwyding), Aantekening oor Voortrekkermonument, Winburg.
35) S.V.K., KM. 4/3, Argitektoniese Prysvraag vir Voortrekkermonument, Winburg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarskynlik fisies die grootste eenheid bereik.[36] Rietfontein is ook die plaas waarop Marthinus Theunis Steyn op 2 Oktober 1857 gebore is.[37] Hoewel pres. Steyn nie van Voortrekker-afkoms was nie, is daar nouliks iemand wat die gees van die Groot Trek suiwerder geadem het en wat vir die behoud van die ideale daarvan meer as hy opgeoffer het.[38]

Die terrein wat honderd morg groot is, is deur die Stadsraad van Winburg aan die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee vir die oprigting van die monument geskenk.[39] Met die oordrag van die grond moes 'n onderneming van die Munisipaliteit van Winburg verkry word dat geen geboue teen die hange, of op die kop, aan die suidoostekant van die terrein gebou sal word nie. Daardeur is die agtergrond waarteen die monument gesien word onbelemmerd gelaat. Verder is aanbeveel dat geen tydelike of permanente geboue of strukture op die terrein gebou of opgerig word sonder die goedkeuring van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee nie.[40] Ook is bepaal dat daar onder geen omstandighede enige uitbreiding van die Bantoewoongebied in die rigting van die monumentterrein mag plaasvind nie.[41]

Van die kant van prof. C.J. Uys van Bloemfontein het besware wat op historiese gronde steun teen die oprigting van 'n Voortrekkermonument te Winburg gekom. Prof. Uys het aangevoer dat die Voortrekkerlaer nie vlakby Winburg op die bepaalde plek gestaan het nie en dat 'n Voortrekkermonument by Winburg dus nie geregverdig is nie. Hy het die S.V.K. gevra om sy steun aan die beweging om 'n monument by Winburg op te rig, terug te trek omdat dié voorneme op 'n misverstand berus het.[42] Hierop het die S.V.K. geantwoord dat die S.V.K., onder wie se leiding die monument vir Winburg in die vooruitsig gestel is, nog nooit die bedoeling gehad het dat die beoogde monument op 'n bepaalde beweerde historiese plek naby Winburg opgerig moes word nie. Die S.V.K. het steeds die standpunt gehuldig dat 'n monument op 'n geskikte plek by Winburg gepas sou wees om die gebeurtenisse wat hulle op

---

36) Ibid.
37) Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, Deel I, (Kaapstad, 1921) p. 12.
38) Die Huisgenoot, 29.4.1966.
39) The Daily News, 15.10.1968.
40) V.V.M.K., PS. 19/2/1, Notule van vergadering gehou ter bepaling van die terrein vir die voorgestelde Voortrekkermonument te Winburg, 10.8.1965.
41) V.V.M.K., Notule van Dagbestuur, 22.8.1967.
42) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 11.10.1955.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskillende plekke in daardie omgewing afgespeel het, in herinnering te hou.[43)]

Wanneer van die Voortrekkermonument by Winburg gepraat word, word gepraat van 'n monument wat nie slegs Winburgs is nie, maar wat simbolies is van die Groot Trek deur die Oranje-Vrystaat. Die monument is dus Vrystaats en daarby behoort dit aan die hele volk van Suid-Afrika.[44)]

## 6. PRYSVRAAG: ONTWERP VIR MONUMENT

Om 'n ontwerp vir die monument te kry, het die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee dit goed geag om 'n prysvraag uit te skryf.[45)] Die S.V.K. het reeds in 1955 besluit dat die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee self die reëls en voorwaardes vir so 'n wedstryd moes opstel, maar dat die Dagbestuur van die S.V.K. eers geraadpleeg moes word voordat 'n finale besluit oor die ontvange ontwerpe geneem sou word.[46)] 'n Prysvraag, waarin geregistreerde argitekte uitgenooi is om ontwerpe vir die sentrale simbool van die monument in te dien, is dus uitgeskryf.[47)]

Aan voornemende deelnemers is 'n kort oorsig van die geskiedenis van die Groot Trek in die Oranje-Vrystaat gegee en dit is beklemtoon dat die monument die volgende moes simboliseer: Die Groot Trek as 'n massa migrasie van vredeliewende Boere op soek na vryheid en 'n onafhanklike bestaan; 'n ordeliewende gemeenskap wat hier in die omgewing van Winburg die twee pilare waarop die Trek gerus het, verder versterk het: 'n bestuur deur die volk en 'n geordende kerk; die omgewing van Winburg as die gebied waarlangs die vyf belangrikste trekgroepe getrek het - Trichardt, Potgieter, Maritz, Retief en Uys. Hierbenewens het die Komitee ook aan die rol van die vrou in die Groot Trek, en die moontlikheid van die voorstelling van die vyf Trekke deur strome water gedink.[48)]

Die Dagbestuur van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee het besluit om drie assessore aan te stel om hulle te adviseer aangaande die beheer van die prysvraag, om die voorgestelde ont-

---

43) S.V.K., KM. 4/3, Brief: Eresekr., S.V.K. aan prof. C.J. Uys, 17.12.1955.
44) Rooi Rose, 18.12.1968, p. 26.
45) Die Volksblad, 5.11.1963.
46) S.V.K., KM. 4/3, Brief: Eresekr., S.V.K. aan Sekr., V.V.M.K., 17.12.1955.
47) S.V.K., KM. 4/3, Brief: Admin., O.V.S. aan Eresekr., S.V.K., 9.11.1964.
48) V.V.M.K., 19/2/1 (Sekretariaat), Argitektoniese Prysvraag vir Voortrekkermonument, Winburg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werpe te beoordeel en om toekennings te maak.[49] Die volgende persone is as assessore aangestel: Prof. dr. J.J. Oberholster, dr. B. Bierman en prof. G. Quine-Lay,[50] Prof. Quine-Lay was egter nie bereid om as assessor op te tree nie.[51] en daarop is mnr. L. Roodt, L.I.A., in sy plek benoem.[52]

Slegs argitekte wat normaalweg in die Republiek van Suid-Afrika of in Suidwes-Afrika woonagtig was en wat op die sluitingsdatum van die prysvraag onder die Argitekte en Hoeveelheidsopnemers Private Wet Nr. 18 van 1927 geregistreer was, kon aan die prysvraag deelgeneem het. Elke ontwerp moes van 'n bondige uiteensetting vergesel wees, beide sonder spreuk of onderskeidingsmerk, of die naam van die deelnemer.[53]

Die eerste prys sou R500 bedra, die tweede R200 en die derde R100. 'n Verdere R200 is tot beskikking van die assessore gestel vir aanvullende of ekstra pryse. Die toekennings wat deur die assessore gemaak sou word, sou vir beide die promotors en die deelnemers finaal en bindend wees. Die promotors het hulle egter die reg voorbehou om die bekroonde ontwerp in oorleg met die outeur van die betrokke ontwerp na goeddunke te laat wysig.[54]

Landswye belangstelling in hierdie prysvraag het ses en dertig inskrywings gelok. Die assessore was beïndruk deur die bestudeerde aanslag op die probleem en die klaarblyklike inspanning van tyd en moeite wat uit dokumente en foto's te lees was.[55]

Die inskrywings het gewissel van gesofistikeerde, delikate strukture tot byna ru bonkig-dierlike voorstellings en tussen hierdie uiterstes was elke moontlike skakering van durf en besadigheid te bespeur, sowel as ontwerpe wat in stemmingsinhoud neutraal was. Die verslag van die assessore oor die inskrywings lui onder andere soos volg:

„**Terrein:** Die terrein was vir die meeste deelnemers moeilik hanteerbaar en die oplossings was in twee breë groepe verdeel, nl. die wat die terrein totaal herskep het in 'n ruimtevlak, platvorm of piazza en die kleiner groep wat die vlak belyning as 'n element

---

49) Ibid.
50) V.V.M.K., Notule van Dagbestuur, 3.6.1964.
51) V.V.M.K., PS. 19/2/2 (Winburg-monument), Brief: Prof. G. Quine-Lay aan Admin., O.V.S., 9.6.1964.
52) V.V.M.K., PS. 19/2/2 (Sekratariaat), Argitektoniese Prysvraag vir Voortrekkermonument, Winburg.
53) Ibid.
54) Ibid.
55) S.V.K., KM. 4/3, Verslag van Assessore: Prysvraag Voortrekkermonument, Winburg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die ontwerp ingelyf het, op 'n eenvoudige en direkte wyse. Toegang tot die terrein was dikwels gekompliseerd.

„**Simboliek:** Om die evokatiewe in die histories-simboliese uit te beeld sonder om banaal of gemeenplaas of vanselfsprekend te wees het in die finale instansie die grootste struikelblok opgelewer. Die simboliese inhoud het gewissel van afleidings wat nie histories verantwoord was nie tot voorstellings wat niks aan die verbeelding van die toeskouer oorgelaat het nie."[56)]

Die oeroue soektog na geskikte vorm was nêrens duideliker sigbaar as uit die diversiteit van die inskrywings en die vormgewende motiewe van die deelnemers nie.

Die beoordelaars het die inskrywings met 'n ope gemoed, sonder vooropgestelde beskouinge, benader. Tog het by die intensiewe bestudering van die inskrywings sekere voorwaardes en vereistes waaraan die monument moes voldoen, uitgekristalliseer. Allereers het die doeltreffende benutting van die terrein, sonder om dit te omskep, al dadelik as 'n aanbeveling opgeval, want juis om hierdie rede is die koppie gekies. Ten tweede het die wye terrein 'n monumentale struktuur voorgeskryf. Die meerderheid deelnemers het dit so aangevoel en dit probeer verwesenlik deur 'n verskeidenheid van suile. Hoewel die suil bekend en geliefd is, is tog besef dat dit geen kontemporêre bydrae lewer nie. Dit sou vir die ondervinding van 'n besoeker niks nuuts of stimulerends inhou nie. Daaruit het 'n derde vereiste gevloei: rykheid aan simboliek. Die monument moes nie slegs groot wees nie, maar in die monumentale moes die historiese en die godsdienstige grondslag van die volk met ontsag gehanteer word en moes die toeskouer nie net aan die verlede gedagtig gemaak word nie, maar ook na die toekoms gewys word. Hierdie simboliek moes egter nie opsigtelik in die vorm wees nie, maar moes as't ware tot elke besoeker in sy eie taal spreek. Water moes as 'n lewende bestanddeel van die ontwerp gebruik word sonder dat die sukses geheel daarvan afhanklik sou wees. Ten slotte is gevoel dat die materiaal en die argitektuur die gees van ons eie tyd moes vertolk.[57)] Die assessore was van mening dat alle monumente wat geslaagd is, uit die gesonde gees van hulle eie tyd gebore is en enige poging om die monumente van 'n vorige geslag te herskep sonder hierdie voorwaarde sal altyd daarop uitloop dat die skepping 'n anakronisme is, sonder die vitaliteit van dié voorwerp of idee wat dit naboots. Die promotors en die kunstenaars van die twintigste eeu

---

56) <u>Ibid</u>.
57) <u>V.V.M.K.</u>, PS. 19/2/1, (Inwyding), Voortrekkermonument, Winburg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sal seker geredelik aanspraak daarop wil maak dat hulle ook 'n bydrae tot hulle volksgeskiedenis het om te lewer veral wanneer hulle dit tasbaar herdenk.[58)]

Die assessore was terdeë bewus van die groot verantwoordelikheid wat op hulle gerus het om 'n oordeel te vel oor die liefdeswerk van andere en ten behoewe van 'n gewigtige saak. Hulle was ook bewus daarvan dat ander assessore moontlik ander oordele sou gevel het, en dat 'n ander geslag, 'n ander siening sou gehad het, maar binne die beperkings wat die prysvraag aan hulle gestel het, het hulle na die beste van hulle vermoë ooreenkomstig hulle opdrag uitspraak gelewer.[59)]

Met hierdie onderliggende beweegredes as maatstaf het die assessore besluit om die inskrywings volgens meriete soos volg te plaas: Die eerste prys van R500 aan mnre. Hans Hallen en M. Dibb van Durban en die tweede prys van R200 aan mnr. E.J. Bloem van Kroonstad. Die komitee het ook drie derde pryse van R70 aan die argitekte Albert te Groen van Pretoria, Botha, Meyer en Lötter van Pretoria en James Watson van Johannesburg toegeken. Die volgende argitekte is eervol vir hulle inskrywings vermeld: Mnr. Beyers Hartman van Kroonstad vir sy model, mnr. Anton du Toit van Pretoria vir vakkundige dokumentasie, en mnr. L.M. Holzapfel van Pretoria vir simboliek.[60)]

## 7. ONTWERP EN SIMBOLIEK

Die argitek Hans Hallen, van die firma Hallen en Dibb, het daarin geslaag om 'n monument te ontwerp wat anders is.

Die suilkompleks is 'n sterk visuele ondervinding omdat dit breedte en diepte het, sonder om van 'n spesifieke gesigspunt, hetsy van die terrein of van die nasionale pad, afhanklik te wees. Hierdie breedte van drie-dimensionele opset was 'n voorvereiste vir die suksesvolle plasing in so 'n wye natuurruimte met die bouwerke van die Rietfonteindam as 'n kompeterende element. Die ontwerp maak van gewapende beton in skulpvorm gebruik, dit wil sê 'n betonblad wat sy stabiliteit aan sy inherente kurwe ontleen. Hierdie bouwyse staan aan die spits van hedendaagse konstruksionele tegniek, en bepaal die vorms van belangrike hedendaagse boustruk-

58) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Voortrekkermonument, Winburg). Assessore se verslag.
59) Ibid.
60) Die Volksblad, 10.12.1964.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ture, byvoorbeeld die Karibadam se wal en die verkoelingstorings van groot kragsentrales. Die skulpvorm kan beskou word as die kenmerkende bouvorm van die twintigste eeu in dieselfde mate as wat die suil kenmerkend was van die Hellenistiese boukuns, die halfronde boog van die Romaanse, die spitsboog van die Gotiese en die staalraam van die laat-negentiende eeuse boukuns. Die gebruik van die skulpvorm in die monument sluit dus onmiddellik aan by die grootste en betekenisvolste bouwerke van die twintigste eeu. Deur die besondere gedaante wat die skulpvorm in die ontwerp van die monument aanneem, word 'n simboliese betekenis aan 'n algemeen geldige gebruiksvorm gegee, en word die alledaagse daarmee tot die tydlose verhef.[61)]

Die onderlinge verhouding van die struktuur-elemente soos dit op verskillende tye van die dag deur die son belig word, sorg vir 'n altyd dinamiese wisseling. Hierdie eienskap word in sy effek verhoog deur die feit dat die suile in hulle grootte en hoogte nie gelykwaardig is nie. Hierdeur word die skakerings van beligting en gesigspunte verteindubbel, namate tyd en ruimte vir die toeskouer verwissel. Die uitsigte vanaf die binneruim na vyf kante soos omraam deur die dak en suile met die kontras van son en skadu is sterk dramaties. Selfs die uitsig deur die dakopening na bo bring 'n buitengewone siening van die hoë suile mee.[62)]

Die simboliek van die reusagtige betonsuile is kompleks.

Die suile simboliseer die Trekke van Louis Trichardt, Hendrik Potgieter, Gerrit Maritz, Piet Retief en Piet Uys. Terselfdertyd versinnebeeld die rondkoppige suilvorms, wat so beskermend teenaan en teenoor mekaar staan, die wa en laer, die seilsteke en die wakappe.[63)] Die sprong na sodanige selfstandige vorms vanaf die onvermydelike betonossewa en die marmerosse is 'n staties onbeweeglike laer, is 'n groot een, en dien as 'n onderskeidingteken.[64)]

Die opswiepende krommings bo-aan die suile suggereer nie slegs die os nie, maar is sprekend van die beur vorentoe en boontoe

---

61) S.V.K., KM. 4/3, Verslag van Assessore: Prysvraag Voortrekkermonument, Winburg.
62) Ibid.
63) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Reklame), Reklamestuk oor Winburg-monument.
64) S.V.K., KM. 4/3, Verslag van Assessore: Prysvraag Voortrekkermonument, Winburg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na hoër ideale en die beskawing van die binneland.[65)]

Verder word die individualiteit, die dinamiek, die idee van stryd en rusteloosheid van die Trek in die strewende omlyning van die suile uitgebeeld, terwyl die ruimtelike groepering van die pilare die ordeliewende gemeenskap voorstel.[66)]

Die skepping van 'n beskutte binneruim met 'n bronsplaat in die fokale punt onder die sirkelvormige dakopening, skep 'n geleentheid om die sentrale plek van die Lig van Bo aan te dui. Die fokale punt dien om die Voortrekker se verankerdheid in sy Calvinistiese godsdiens aan te dui. Geen ander element kan dit uit die fokale punt verdring nie.[67)] Die vorming van 'n intieme en beskutte ruimte tussen die vertikale vorms spreek van die rol van die vrou in die Trek en verander die skaal van die massiewe tot die enkele.[68)] Daardeur word die grootse simboliek van hierdie Monument nogmaals verhoog: 'n sentrale, beskutte, pretensielose bron van krag waarom die Groot Trek gewentel het.[69)]

Maar nog ryker word die simboliek as op verdere onderdele van die Monument gelet word. Ongeveer tien voet bokant die grond word die suile deur 'n waterbak verbind, vanwaar vyf geute na vyf vywers loop. Hierdie bak vorm die dak tot die beskutte binneruim.[70)] Die waterbak, wat die suile met vyf geute verbind, versinnebeeld die geloof van die Trekkers. Die aflei van die water na die vyf komvormige holtes is nie net simbolies van die Trek nie, maar is sprekend van die onrustige gees van die Trekkers en van hulle invloed wat verskillende landstreke deurvloei het.[71)] Die feit dat reënwater ook betrokke is by die opvang en uitstorting van 'n lewegewende stroom is nie net interessant nie maar onderstreep ook die landelike verbondenheid van die Voortrekkers.[72)]

## 8. OPRIGTING

### (a) VERTRAGING VAN OPRIGTING

Vanaf die ontstaan van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee tot in 1954 kon nie veel in verband met die oprigting van die Monument gedoen word nie omdat die Vrystaatse Eeufees in

---

65) Program: Inwyding Voortrekkermonument, Winburg, 10.10.1968, p. 10.
66) Ibid.
67) S.V.K., KM. 4/3, Verslag van Assessore: Prysvraag Voortrekkermonumente, Winburg.
68) S.V.K., KM. 4/3, die Simboliek van die Voortrekkermonument te Winburg deur H. Hallen.
69) Program: Inwyding Voortrekkermonument, Winburg, 10.10.68, p.11.
70) Die Huisgenoot, 29.4.1966.
71) V.V.M.K., PS.19/2/1 (Reklame), Reklamestuk oor Winburgmonument.
72) S.V.K., KM. 4/3, Verslag van Assessore: Prysvraag Voortrekkermonument, Winburg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daardie jaar gevier is, en die aandag van die volk ook deur die oprigting en onthulling van die De Wet-standbeeld in Bloemfontein sowel as die verskuiwing van die Kruger-standbeeld in Pretoria in beslag geneem is.[73] Ook gedurende 1956-57 het die aktiwiteite van die Vrystaatse komitee tydelik tot stilstand gekom. Faktore wat hiertoe bygedra het, was die beywering van ander komitees in die land vir die oprigting van monumente, soos onder andere die Vrede van Vereenigingmonument.[74] In 1958 het die Dagbestuur van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee besluit om voorrang aan die pogings te verleen om 'n monument vir genl. J.B.M. Hertzog op te rig; 'n standpunt wat deur die Dagbestuur van die S.V.K. goedgekeur is.[75] Hierdie herhaalde uitstel het daartoe gelei dat daar eers in 1967 met die bouwerk aan die Monument begin is.

**(b) SOOISPITPLEGTIGHEID, 20 SEPTEMBER 1967**

Die eerste sooi van die Voortrekkermonument te Winburg is op 20 September 1967 deur die Burgemeester van Winburg, ds. W.I.C. Bosman, gespit. Ongeveer vyftig van die dorp se inwoners was by dié geleentheid teenwoordig wat die begin van die werk aan die Monument gesimboliseer het. Ds. Bosman het in sy boodskap gesê dat Winburg as plek vir die Monument aangewys is omdat dit in hierdie omgewing was waar die vyf trekgroepe byeengekom het en in 1837 met Piet Retief as leier 'n regering saamgestel het. Hy het verder gesê dat hy glo dat hierdie lewende Monument 'n warm gevoel in die hart van elke Suid-Afrikaner sal wakker maak.[76]

**(c) ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT, 16 DESEMBER 1967**

Die verrigtinge op Winburg tydens die onthulling van die gedenkplaat in 1967 het op Vrydagmiddag 15 Desember begin met 'n voorstelling van geskiedkundige hoogtepunte in die Vrystaat.[77]

Op Saterdag, 16 Desember 1967 het sowat duisend mense saamgetrek vir die luisterrykste Geloftefees wat tot op daardie datum op Winburg gehou is. Die Vrystaatse Voortrekkers het vroeg die vlaghysing waargeneem. Daarna is 'n biduur deur ds. H.J.C. Reyneke van Winburg gelei. Die Administrateur van die Vrystaat, mnr. J.W.J.C. du Plessis, het die feesrede gehou. Dr. Z.B. Loots van Bloemfontein het die Geloftediens waargeneem. Vir die middag se verrigtinge het die feesgangers 'n lang stoet by die uitdraai-

---

73) V.V.M.K., Notule van Dagbestuur, 26.2.1955.
74) S.V.K., KM. 4/3, Brief: Sekr., V.V.M.K. aan Eresekr., S.V.K., 23.10.1957.
75) S.V.K., Notule van Dagbestuur, 2.12.1958.
76) <u>The Friend</u>, 21.9.1967.
77) <u>Die Volksblad</u>, 18.12.1967.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pad na die terrein gevorm. Voor die stoet het vyftig volkspelers in gelid geloop. Agter hulle het pres. C.R. Swart en mnr. J.W.J.C. du Plessis en hulle gades in die ou koets van pres. M.T. Steyn gevolg wat aan Mnr. P. Crouse behoort.

Ná die onthulling van die gedenkplaat is honderde duiwe losgelaat. Die duiwe het die uitbouing van die beskawing en godsdiens in die verskillende rigtings in Suid-Afrika gesimboliseer. Twee wit duiwe wat vrede gesimboliseer het, is ook losgelaat. Daarna het pres. Swart die hoofrede gehou.[78] Pres. Swart het gesê dat hy besonder trots is om as die eerste Staatspresident van die Republiek te kan staan op die plek waar Piet Retief destyds as die eerste staatshoof van die Voortrekkers beëdig is. Die President het gepraat na aanleiding van die twee reëls in „Die Stem van Suid-Afrika": „In ons roem op ons verlede, in ons hoop op wat sal wees." Hy het verwys na groot lande wat ondergegaan het omdat hulle in die waan van hulle voorouers se prestasie geleef het. Hy het onder andere gesê: „Ons kan dit nie bekostig om net te spog met ons helde in die verlede en self niks omtrent die toekoms te doen nie."[79]

**(d) BOUWERK EN MATERIAAL**

Die tender van die firma Welkom Konstruksie (Edms.) Bpk. is vir die betonwerk aan die Monument aanvaar,[80] terwyl mnre. Michal S. Zakrzewski en Vennote as raadgewende ingenieurs aangestel is.[81] Die firma Neville Lund en Reed is as bourekenaars vir die projek aangewys[82] en die firma Boart and Hard Metal Products het die gesteldheid van die terrein ondersoek.[83]

Voordat met die bouwerk begin kon word, is 'n model van die Monument gemaak en windtonneltoetse daarop uitgevoer om die sterkte van die materiaal te toets.[84]

Die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee het gevoel dat die materiaal vir die oprigting van die Monument so ver moontlik uit die Vrystaatse bodem moes kom.[85] Die Administrateur, mnr.

---

78) Ibid.
79) Ibid.
80) V.V.M.K., Notule van Dagbestuur, 22.8.1967.
81) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Afskrif van Uitv. Komitee besluit NR 657/24.5.1966.
82) Ibid., NR 746/7.6.1967.
83) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Brief: Hallen en Dibb aan Sekr., V.V.M.K., 13.9.1967.
84) Die Kerkbode, 1.8.1968.
85) Die Volksblad, 5.11.1963.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

J.W.J.C. du Plessis, het dus aan mnr. H.F. Oppenheimer geskryf in verband met die moontlikheid om die Monument te laat oprig van rots wat uit die myne van die Vrystaat kom, bv. gouddraende erts en ook, indien beskikbaar, ysterdraende erts.[86] Op hierdie skrywe antwoorddie hoofgeoloog van Anglo American Corporation of S.A., Ltd. soos volg: „The lava found in this area is of a dark green colour and is, in my opinion, too dark a rock type for this purpose. No large quantities of this rock type are now available. My suggestion is that the Beaufort sandstone would be most suitable for the proposed monument, and as this sandstone occurs in and around the Winburg area, I suggest that this rock type be used for the monument."[87]

Uiteindelik is besluit om wit beton wat deur middel van rowwe hout vormwerk in seksies gegiet is vir die Monument te gebruik. Meer as honderd werkers was by die oprigting hiervan betrokke.[88]

**(e) FINANSIES**

**(i) Oprigtingskoste**

Toe besluit is om 'n Voortrekkermonument te Winburg op te rig, het die S.V.K. besluit dat dit nie 'n utiliteitsinrigting moes wees nie en dat die koste binne die bestek van £50,000 (R100,00) moes wees.[89]

Die argitek van die Monument, mnr. H. Hallen, het aanvanklik beraam dat die koste verbonde aan die oprigting van die Monument R44,800 sou wees, plus R4,200 vir argiteks-, bestekopnamesen ingenieursgelde. 'n Totaal dus van R49,000.[90] In 1965 het die firma Hallen en Dibb dit egter nodig gevind om 'n brief aan die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee te skrywe waarin onder andere die volgende voorkom: „It has been our experience that building costs in the last nine months to a year have risen phenomenally and although we will clearly aim to keep the costs of the Monument within reasonable range of the original estimate, we feel it is necessary to point out to you the possibility of the building costing more. Our fees and disbursements should remain as set out in our Act."[91]

86) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Winburg-monument), Brief: Admin., O.V.S. aan mnr. H.F. Oppenheimer, 29.10.1963.
87) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Winburg-monument), Brief: Hoofgeoloog, Anglo American Corporation aan Privaatsekr. van Admin., O.V.S., 12.2.1964.
88) Die Huisgenoot, 29.4.1966.
89) S.V.K., Notule, 13.11.1953.
90) S.V.K., KM. 4/3, Rapport oor beraamde boukoste van Voortrekkermonument, Winburg deur Hallen en Dibb.
91) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Brief: Hallen en Dibb aan Sekr., V.V.M.K., 12.8.1965.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die uiteindelike boukoste van die Monument was R59,573.02, wat uit die volgende bedrae saamgestel is: Welkom Konstruksie (Edms.) Bpk., R45,154.60; Federated Empl. Mutual Trust, R3,440; Hallen, Dibb en Vennote, R4,164.82; M.S. Zakrzewski, R4,833.26; Neville Lund en Reed, R1,494.34; Boart and Hard Metal Products, R486. Verdere uitgawes was: Reis- en verblyfkoste (Monumentkomitee) R563.85; Bankkoste R98.20 en Diverse (Prysvraag, drukwerk, foto's, ens.) R1,210.10. Die totale oprigtingskoste was dus R61,445.17, 'n bedrag wat dus heelwat hoër is as die oorspronklike beraming van die argitek.[92)]

Die finale koste van die Monument, die bou van die amfiteater, verbeteringe aan die terrein en die inwydingsplegtigheid was volgens benadering in die omgewing van R75,000.[93)]

**(ii) Fondsinsameling**

Die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee wou onder die vleuels van die S.V.K. staan omdat hulle die beoogde monument te Winburg as 'n volksaak beskou het. Die S.V.K., het dan ook die monumentonderneming aangekondig en die beroep op die volk om fondse gedoen met daarby die aankondiging dat 'n Vrystaatse komitee gestig is om vir die S.V.K. op te tree en om al die werk in oorleg met die S.V.K. te behartig.[94)] Die S.V.K. het in 1952 'n bedrag van £100 (R200) aan die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee voorgeskiet ter bestryding van administratiewe koste.[95)] Verder is besluit om 'n bedrag van £3,000 (R6,000) uit S.V.K.-fondse vir elk van die beoogde monumente by Winburg en Pietermaritzburg beskikbaar te stel op voorwaarde dat administratiewe koste nie uit die bedrag betaal mag word nie, maar dat dit wel uit die rente op dié bedrag verdien, vereffen kon word.[96)]

Behalwe die terrein het die Stadsraad van Winburg ook 'n bedrag van R12,500 vir die oprigting van die monument te Winburg aan die S.V.K. geskenk.[97)]

Met die fondsinsameling van die eerste Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee het dit nie te voorspoedig gegaan nie, want toe die funksies van hierdie komitee op 5 November 1963 aan die tweede

---

92) V.V.M.K., Staat van Ontvangste en Betalings, 30.6.1969.
93) Die Volksblad, 11.10.1968.
94) S.V.K., Notule, 13.11.1955.
95) S.V.K., Notule, 21.11.1952.
96) S.V.K., Notule, 13.11.1953.
97) Die Volksblad, 11.10.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee oorgedra is, was die kontantbates wat by dieselfde geleentheid oorgedra is, slegs R10,603.70.[98)]

Nadat die Vrystaatse Provinsiale Administrasie die verantwoordelikheid vir die oprigting van die monument oorgeneem het, is die provinsie vir die doel van fondsinsameling in vyf streke verdeel, naamlik Bloemfontein en Suidelike, Sentrale, Noordelike en Oostelike streke. In elke streek is 'n komitee saamgestel bestaande uit die betrokke Provinsiale Raadslede en benoemde voorsitter, met die reg om bykomende lede te koöpteer. Onderkomitees van die streekkomitees is onder leiding van die Provinsiale Raadslede vir elke kiesafdeling in die lewe geroep. Hierdie onderkomitees kon soveel lede as wat nodig geag is, koöpteer.[99] Van die streke is verwag om 'n bedrag van ten minste R25,000 in te samel, dit wil sê R1,000 per Provinsiale Raadslid. Tot die ingesamelde bedrag sou die Administrasie 'n R-vir-R-bydrae lewer.[100)]

'n Spesiale onderkomitee is saamgestel „om 'n raamwerk daar te stel waarbinne die bekendstelling van die monument gedoen en die nodige belangstelling opgewek kan word." Hierdie onderkomitee het bestaan uit mnr. W.W.B. Haveman, L.U.K., prof. dr. J.J. Oberholster, mnr. F.W. Liebenberg en mnr. A.B. van der Nest (sekretaris.)[101)] Ingevolge sekere aanbevelings van hierdie onderkomitee is 'n reklameveldtog van stapel gestuur wat ondermeer 'n radiopraatjie, 'n radio-hoorbeeld, koerantberigte en tydskrifartikels behels het. Die bekendstellingsprojek wat wel suksesvol deurgevoer is, het 'n gunstige klimaat vir fondsinsameling geskep,[102)] maar nogtans moes die Vrystaatse Provinsiale Administrasie ruimskoots tot die oprigtingskoste van die monument bydra.

Die totale inkomste van R65,022.30 van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee het bestaan uit bydraes (R53,948.71), dividende en beleggings (R4,765.09) en rente op spaarrekenings (R6,308.50).[103)] Aangesien die totale oprigtingskoste van die

98) V.V.M.K., PS. 19/2/1. (Sekretariaat), Brief: Sekr., V.V.M.K. aan C.H.W. Simkin, 30.9.1966.
99) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Afskrif van Uitv. Komitee besluit op 19.2.1964.
100) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Aantekening.
101) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Notule van Onderkomitee, 1.6.1965.
102) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Memorandum vir bekendstelling, Voortrekkermonument, Winburg, 18.10.1965.
103) V.V.M.K., Staat van Ontvangste en Betalings, 30.6.1969.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Monument slegs R61,455.17 bedra het, is die balans van R3,577.13 sedertdien aan die Vrystaatse Provinsiale Administrasie, wat hoofsaaklik vir die finansiering van die projek verantwoordelik was, terugbetaal.[104)]

Hoewel die totale koste van die Voortrekkermonument by Winburg heelwat hoër was as die oorspronklike beraming van die argitek, is die Monument sonder enige skuldelas onthul. Hierdie feit is miskien ook die vernaamste argument teen die kritiek dat so 'n monument, in die lig van al die bestaande gedenktekens vir die Voortrekkers, eintlik oorbodig was.

## 9. <u>INWYDING, 10 OKTOBER 1968</u>

### (a) VOORBEREIDINGS

Met die oog op die inwyding van die Voortrekkermonument te Winburg is 'n reëlingskomitee in die lewe geroep, bestaande uit die Administrateur, Mnr. J.W.J.C. du Plessis (voorsitter), en mnre. F.W. Liebenberg (ondervoorsitter), W.J. Coetzee, S.W. Theron, W. Raath en A.B. van der Nest.[105)]

Onderkomitees is benoem om vir spesifieke sake betreffende die inwyding van die Monument te sorg, naamlik vir die terrein: mnr. B.P. Weideman; vervoer: mnr. C.M. du Preez; verkeer: mnr. B.J. Liebenberg; verversings: mev. E. Bell; noodhulp: mnr. P.J. du Plooy en mej. E.M. Bell; deelnemers: mnr. F. de Necker en mev. E. Brand; eregaste: mnr. F.W. Liebenberg; die Suid-Afrikaanse Weermag: brig. J.J. Stapelberg en ,as koördinerende offisier, kapt. M.W. Pretorius; die Suid-Afrikaanse Lugmag: maj. D.D. Deans; die program: mnre. W.J. Coetzee, S.W. Theron, W. Raath en A.B. van der Nest. Vir die inwydingsplegtigheid is mnr. W.J. Coetzee, Hoofinspekteur van Onderwys in die Vrystaat, as programorganiseerder afgesonder.[106)]

Die raming van die uitgawes in verband met die inwyding van die Voortrekkermonument het op ongeveer R24,650 te staan gekom.[107)] Die Uitvoerende Komitee het dus besluit dat 'n maksimum bedrag van R30,000 vir die inwyding van die Monument beskikbaar gestel sou word.[108)]

---

104) O.J.O.F., Brief ontvang van Klerk, Prov. Raad, O.V.S., 25.5.1970.
105) Program: <u>Inwyding Voortrekkermonument, Winburg</u>, 10.10.1968. p. 3.
106) <u>Ibid</u>.
107) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Voortrekkermonument, Winburg), Memorandum: Prov. Sekr., 21.6.1968.
108) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Winburg-monument), Brief: Prov. Ouditeur aan Prov. Sekr., 15.7.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

As tema van die inwydingsplegtigheid is gekies: Die grondwetlike beslag van die Groot Trek in die omgewing van Winburg en die aandeel van die vrou in die Groot Trek.[109)]

Die reëlingskomitee het besluit dat albei landstale in die eredienste erkenning sou geniet en kerke is genader oor die aard en omvang wat dit moes aanneem.[110)]

Die hulp van verskeie instansies is ontvang: Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het vyftig seile voorsien, die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat het 'n ete vir die eregaste aangebied, die Stadsraad van Winburg het tafels en stoele voorsien, die Beheerraad van die Voortrekkermonument in Pretoria het vier en veertig vlae gestuur, die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga het noodhulpdienste behartig, Suid-Afrikaanse Philips (Edms.) Bpk. het gesorg vir die luidsprekerstelse en die firma Christo's sou 'n 16 mm. kleurfilm teen 'n koste van R1,050 van die inwyding maak. Geen spesiale posseëluitgifte kon gegee word nie as gevolg van die besluit om by geleentheid van 'n ander verdienstelike plegtigheid op 21 September 1968 twee spesiale posseëls uit te reik. Twee spesiale posseëluitgifte binne so 'n kort tydsbestek sou afbreuk aan mekaar doen en sou ook probleme vir die Staatsdrukker en die Departement van Poswese skep wat dit moes versprei.[111)]

Deur die inwydingsplegtigheid het die provinsie en die land ook 'n volksfeesterrein ryker geword. Skuins onder, maar digby die Monument, is die amfiteater met permanente sitplekke vir 9,000 persone met 'n ruim gegruisde speelvlak en opstellingsterreinde aan weerskante aangelê.[112)] Ook is 'n dubbelpad van die hoofpad na die monumentterrein gemaak.[113)]

**(b) FEESPROGRAM**

Reeds op 8 Oktober 1968 het vier fakkellope van Vrystaatse Voortrekkers vanaf Retiefklip, Vegkop, Thaba 'Nchu en Doornkloof na die Monument begin, en om 8 nm. op 9 Oktober het hierdie fakkeldraers op Winburg gearriveer om met 'n skouspelagtige fakkeloptog na die Monument te begin. 'n Vreugdevuur is op die terrein aangesteek om die Voortrekker-fakkellopers te verwelkom.[114)] Na 'n fakkelvertoning is 'n indrukwekkende tablo onder

---

109) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Notules), Notule van Reëlingskomitee, 26.2.1968.
110) V.V.M.K., PS. 19/2/1.(Notules), Notule van Reëlingskomitee, 7.3.1968.
111) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Inwyding), Aantekening.
112) Die Volksblad, 11.10.1968.
113) Die Volksblad, 15.8.1968.
114) Rooi Rose, 18.12.1968, p. 26.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spreiligte deur die verskillende Vrystaatse Voortrekkerkommando's in die amfiteater aangebied. Verskillende fasette van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, van die aankoms van Jan van Riebeeck tot op hede, is voorgestel.[115)]

Dit was asof die onthulling van hierdie Monument waarlik die seën van Bo ontvang het, want op 10 Oktober 1968 het reën, soos die vorige aand, oor die droë Vrystaatse vlaktes neergesak. Niks kon die feesgangers se geesdrif demp nie en na skatting was daar ongeveer 10,000 mense op die terrein, onder wie ook vyf verteenwoordigers van buitelandse ambassades. Die program het, ten spyte van die reën, voortgegaan en verlore tyd kon maklik teruggewen word omdat die program nie oorvol was nie. Die rustige en saaklike hantering van die verrigtinge deur die seremoniemeester, mnr. W.J. Coetzee, het veel tot die regte stemming bygedra.

Die verrigtinge het om 9 vm. begin met 'n gebed deur ds. H.J.C. Reyneke en die hysing van die landsvlag deur die Suid-Afrikaanse Weermag, die aanbring van die terreinvlae deur die Voortrekkerbeweging en 'n optog met dorp- en skoolvaandels. Om 10 vm. het die Staatspresident, mnr. J.J. Fouché, aangekom en 'n erewag geïnspekteer terwyl die Suid-Afrikaanse Vlootorkes, onder leiding van kommandoor J.M. Imrie, gepaste musiek gespeel het. Die oggenddiens is gesamentlik waargeneem deur dr. D.J. Louw, dr. G.C.P. van der Vyver en padre Taylor.[116)]

Daarna het die verwelkoming deur die Administrateur van die Vrystaat, mnr. J.W.J.C. du Plessis, gevolg. Hy het die hoop uitgespreek dat hierdie baken (die Monument) vir die ganse volk tot besieling sal dien om die toekoms met moed en vertroue in te gaan soos ons voorvaders die toekoms met moed, vasberadenheid en geloof tegemoet gegaan het. Uit 'n begeerte van selfbehoud en deur inspirasie om 'n Christelike beskawing hier te vestig, is 'n tuiste vir hulle nageslag in Suid-Afrika geskep.[117)]

Na die verwelkoming deur die Administrateur het 'n boodskap deur Sy Edele M.C. Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys en Eresekretaris van die S.V.K., gevolg. Mnr. Botha het die groot waarde van dié Monument be-

---

115) Die Volksblad, 10.10.1968.
116) Program: Inwyding Voortrekkermonument, Winburg, 10.10.1968. p. 5.
117) The Friend, 11.10.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

klemtoon. 'n Gebou of brug bevat nie soveel waarde en ontroering soos 'n monument in die moderne styl soos hierdie een nie.[118] Verder het hy die totstandkoming van die Voortrekkermonument geskets en aangekondig dat die taak van die S.V.K. nou voltooi was en dat die komitee ná sewe en dertig jaar gaan ontbind. Mnr. Botha het in sy toespraak ook die Administrateur van die Vrystaat, mnr. J.W.J.C. du Plessis, vir sy persoonlike aandeel in die totstandkoming van die Voortrekkermonument bedank en vervolg: „Ek is ook dankbaar teenoor die Vrystaatse Uitvoerende Komitee en die Provinsiale Administrasie aan wie die Monument groot geldelike eise gestel het."[119]

Onder leiding van mnr. C.F. Heyns het die Bloemfonteinse hoërskolekoor, begelei deur die Gevangenisdiensorkes, Kroonstad, onder leiding van lt.-kol. J.E. Koops van't Jagt, „My Vaderland Suid-Afrika" en „Segelied" gesing. Net hierna was daar 'n teepouse wat gevolg is deur 'n gimnastiekvertoning deur seuns en dogters van Vrystaatse skole onder leiding van mnre. J.v.R. Furter en P.K. Branders en mejj. E.M. Neethling en H. Ellmer, onderskeidelik. Daarna het 'n vertoning van valskermspronge deur die Suid-Afrikaanse Weermag gevolg.[120]

Weens onvermydelike omstandighede kon die waarnemende voorsitter van die S.V.K., mnr. I.M. Lombard, nie sy boodskap lewer nie, en is die namiddag se program begin met koorsang deur die Bloemfonteinse hoërskolekoor, en wel met „Uit die chaos van die eeue" en „Komaan".[121]

Daarna het Staatspresident J.J. Fouché as hoofredenaar aan die woord gekom. Die President het sy lang en gewaardeerde toespraak soos volg begin:

„Ontplooiende langs die spoor van die Ossewa en gevorm by die huisaltaar van die Voortrekker het daardie land en sy mense vorm aangeneem - dit is die land waar die Boerevolk woon - ons land Suid-Afrika. Op Sy Almag vas vertrouend het die Voortrekkers 'n taak ter wille van 'n ideaal aanvaar. Vandag, 132 jaar daarna, vergader ons hier op Winburg om deur die onthulling van 'n pragmonument aan hulle hulde te bring en ons dank aan ons genadige Vader te betuig vir die wonderlike seën op hulle onderneming."[122]

---

118) Ibid.
119) Die Volksblad, 11.10.1968.
120) Program: Inwyding Voortrekkermonument, Winburg, 10.10.1968, p. 5.
121) Die Volksblad, 9.10.1968.
122) Die Mylpaal, Februarie 1969, p. 22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die President het daarna drie vrae gestel en daarom sy toespraak gebou. Die vrae was:

„Ken jy die land en sy verlede? Waardeer ons die opofferings wat gemaak was om ons dit te gee - ja, die mooi dinge te gee wat ons vandag geniet?

Ken jy die land in sy huidige stryd? Waardeer ons die pogings van die hede om dit wat ons het vir die toekoms te bewaar?

Ken jy die land met sy veranderde omstandighede hier waar die Boerevolk woon? Ja, ken jy die probleme wat u en ek saam die hoof moet bied om dit, wat deur ons vadere gebou en nagelaat was, vir ons kinders te bewaar?"[123)]

'n Verdere hoogtepunt in die middag se verrigtinge was 'n opvoering van „Die Dieper Reg" deur N.P. van Wyk Louw en 'n simboliese voorstelling van die inswering van Piet Retief as goewerneur van die Voortrekkers deur dr. M.C.E. van Schoor, aangebied deur S.U.K.O.V.S. onder spelleiding van Margaretha Spies en Sophie Coetzee.[124)]

Om 4.05 nm. het die groot oomblik van die dag aangebreek: die onthulling van die Voortrekkermonument by Winburg. Eerbiedig het die skare geluister terwyl die Staatspresident sê: „Eerstens onthul ek die gedenksteen in die binneruim. Daarna die suile wat die vyf Trekgeselskappe simboliseer en in die orde wat die Trekke plaasgevind het."[125)] Hy het die name uitgeroep en elke keer het breë linte wat aan die suile vas was, afgegly en het water uit elke suil se geut begin vloei.[126)]

Terwyl die onthulling plaasgevind het, het Harvardvliegtuie in formasie van drie verbygevlieg en na hulle het drie straalvliegtuie gevolg. Na die sing van die „Vryheidslied" deur die Bloemfonteinse hoërskolekoor, 'n vlagstrykingseremonie deur die Suid-Afrikaanse Weermag en die sing van die Volkslied, is die skare uiteen.[127)]

Dit was duidelik dat die feesgangers die Monument wat aanvanklik vreemd voorgekom het, in sy rykdom en verskeidenheid van simboliek aanvaar het.

## 10. ONTWIKKELING VAN DIE TERREIN

### (a) NATUURTUIN

Op die laaste vergadering van die Vrystaatse Voortrek-

---

123) O.J.O.F., Notas gemaak tydens inwydingsplegtigheid van Voortrekkermonument, Winburg, 10.10.1968.
124) Rooi Rose, 18.12.1968, p. 26.
125) Ibid.
126) Die Volksblad, 11.10.1968.
127) Ibid.

kermonumentkomitee op 5 Februarie 1969 is besluit om 'n natuurtuin by die Voortrekkermonument naby Winburg aan te lê. Die Vrystaatse Provinsiale Administrasie het die aanleg, instandhouding en versorging van die natuurtuin, asook die verfraaiing van die onmiddellike terrein om die Monument, as deel van sy natuurbewaringstaak aanvaar. Dit sal nie 'n botaniese tuin wees nie, maar die natuurlike plantegroei sal sover moontlik behou en beskerm en met inheemse plante aangevul word.[128] Mnr. H. Bruins-Lich, Direkteur van Parke van die Stadsraad van Pretoria, is aangestel om die Provinsiale Administrasie in verband met die beplanning en uitlê van die natuurtuin te adviseer.[129]

**(b) OPELUGMUSEUM**

'n Opelugmuseum is by die natuurtuin-idee ingesluit. Dit is veral prof. dr. J.J. Oberholster wat hom vir hierdie opelugmuseum beywer. 'n Omvattende verslag in hierdie verband is reeds deur hom opgestel.[130] 'n Spesiale subkomitee van die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee vir die opelugmuseum is dan ook op 21 April 1964 saamgestel.[131]

Geen beter tema kon vir die opelugmuseum gevind word as die uitbeelding van woning-komplekse of boustrukture van die opeenvolgende rassegroepe in die Vrystaat nie. Daar sal by die oertyd deur middel van versteende boomstamme en argeologiese vondste, begin word, dal sal 'n Boesman-nedersetting, 'n Bantoe-kraal (byekorfhutte), 'n outydse Basoetoe-kraal, 'n hartbeeshuisie van die vroeë Trekkers, die kapsteilhuis, die Voortrekkerhuis met sy rousteen mure en 'n huis wat uit die einde van die negentiende eeu dateer, opgerig word.[132] By elk van hierdie woonhuise sal 'n werf aangelê word wat by die tydperk pas, soos krale, stalle, trapvloere, smidswinkels, bakoonde, putte, ens.[133]

Aangesien die natuurtuin die verantwoordelikheid van die Provinsiale Administrasie is, moet die fondse vir die opelugmuseum - nagenoeg R50,000 - ingesamel word. Die belangrikheid dat die opelugmuseum wel opgerig sal word, kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit sal daardie mate van afronding en individualiteit

---

128) Die Volksblad, 6.2.1969.
129) S.V.K., KM. 4/3, Aanhangsel tot brief: Admin., O.V.S. aan Eresekr., S.V.K., 9.11.1964.
130) Ibid.
131) V.V.M.K., Notule, 21.4.1964.
132) Die Volksblad, 9.5.1964.
133) S.V.K., KM. 4/3, Aantekening.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die projek verleen wat dit bo die gewone norm van monumente sal laat uitstyg. Die inrig en uitbou van die opelugmuseum is agter 'n langtermyn-onderneming.[134)]

**(c) KAMPEERTERREIN EN WOONWAPARK**

Onderhandelinge is met die Winburgse Stadsraad aangeknoop oor die verskaffing van water en die moontlikheid dat die Stadsraad in die omgewing van die Monument 'n kampeerterrein en woonwapark moet aanlê.[135)]

## 11. BEHEER

Die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns genader om die beheer oor die Winburg-monument oor te neem nadat die Komitee ontbind het. Die Akademie het dit egter nie sy taak geag om monumente in stand te hou nie, en was dus nie bereid om die oorname van Voortrekkermonument te Winburg op hom te neem nie.[136)]

Die Vrystaatse Voortrekkermonumentkomitee het daarop besluit om met die Stadsraad van Winburg te onderhandel oor die moontlike oorname van die Monument en amfiteater, met die gevolglike toesig en instandhouding daarvan. Die Monument is ontwerp om die minimum instandhouding te vereis en die plaaslike Gevangenisdiens het te kenne gegee dat die terrein met prisonier-arbeid skoongehou kan word.[137)] Op hierdie stadium is daar egter nog nie finaliteit bereik oor die vraag by wie uiteindelik die beheer oor die Voortrekkermonument by Winburg sal berus nie.[138)]

---

134) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Memorandum: Bekendstelling Voortrekkermonument, Winburg, 18.10.1965.
135) Die Volksblad, 6.2.1969.
136) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Brief: Sekr., Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, S.A. Akademie vir Wet. en Kuns aan Sekr., V.V.M.K., 3.4.1968.
137) V.V.M.K., PS. 19/2/1 (Sekretariaat), Brief: Sekr., V.V.M.K. aan Stadsklerk, Winburg, 18.10.1968.
138) Telefoniese gesprek met mnr. Rautenbach van die Munisipaliteit van Winburg, 8.6.1970.

# HOOFSTUK VII

## DIE TAAK IS VOLTOOI - 'N WAARDERING

Die S.V.K. is in 1931 gestig met die doel om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig. Nadat besluit is dat die Voortrekkermonument by Pretoria sou verrys, is ook besluit om sorg te dra, dat daar te Winburg en Pietermaritzburg monumente ter ere van die Voortrekkers opgerig sou word en daarna het die monument te Bloedrivier ook bygekom.

Die onthulling van die Bloedriviermonument het op 16 Desember 1947 plaasgevind, die inwyding van die Voortrekkermonument by Pretoria op 16 Desember 1949, die onthulling van die Voortrekkermonument by Pietermaritzburg op 6 April 1962 en dié van die Voortrekkermonument by Winburg op 10 Oktober 1968.

Met die onthulling van laasgenoemde monument was die grootse taak van die S.V.K. afgehandel.

### ONTBINDINGSVERGADERING, 21 NOVEMBER 1968

Dit is dus gepas geag, dat die S.V.K. kort daarna formeel op 'n vergadering sou ontbind. Met hierdie doel voor oë is alle lede van die S.V.K. in kennis gestel dat so 'n ontbindingsvergadering op 21 November 1968 om 3.30 nm. in die Voortrekkermonument by Pretoria gehou sou word.[1)]

Op die vergadering was teenwoordig: Mnr. I.M. Lombard (waarnemende voorsitter en penningmeester), mnr. N.C. Sadie, L.V., dr. L.S. Steenkamp, mev. E.C. van der Lingen, mnr. J.H. Stander, mnr. C.M. Booysen, prof. dr. H.B. Thom, dr. J.E. Holloway, mnr. B.H.J. van Rensburg, dr. P.C. Schoonees en mnr. M.C. Botha (ere-sekretaris). Prof. dr. S.P. Engelbrecht en mevv. M.M. Jansen en J. Pellissier is verhinder om die vergadering by te woon.[2)]

Die vorige sekretaris van die S.V.K., mnr. J.J. Scheepers het die vergadering op uitnodiging bygewoon, asook twee verteenwoordigers van die Beheerraad van die Voortrekkermonument by Pretoria, te wete die Administrateur van Transvaal, mnr. S.G.J. van Niekerk, en mnr. B.D.T. Boshoff.[3)]

Nadat die waarnemende voorsitter, mnr. I.M. Lombard, met waardering na die vorige voorsitter, wyle dr. Wm. Nicol, verwys het, het die vergadering op voorstel van mnr. B.H.J. van Rensburg besluit dat dit gepas sou wees om op hierdie ontbindingsvergadering mnr. Lombard tot voorsitter as opvolger van wyle dr. Nicol te verkies.[4)]

---

1) S.V.K., Omsendskrywe aan alle lede van die S.V.K., 4.9.1968.
2) S.V.K., Notule van Ontbindingsvergadering, 21.11.1968.
3) *Ibid*.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die nuutverkose voorsitter van die S.V.K., mnr. I.M. Lombard, het daarna 'n algemene oorsig oor die werksaamhede van die S.V.K. gegee. Volgens hom was die doel van die S.V.K., kernagtig gestel, om hom vir die oprigting van 'n nasionale Voortrekkergedenkteken vir die Voortrekkereeufees in 1938, asook vir ander goedgekeurde volksmonument te beywer.[5)]

Mnr. Lombard het sy oorsig soos volg afgesluit:

„Ons taak is volbreng! Weiniges vind dit hulle beskore om ooit terugskouend trots en dankbaar dit oor hul aangedurfde take te kan sê. Ja, en van die in 1951 gekonstitueerde S.V.K. is daar ook maar weinig nog in lewe, sommige nie meer lede nie, om hierdie heuglike maar ook aandoenlike dag te belewe .... net ses: mev. M.M. Jansen, prof. dr. S.P. Engelbrecht, mnr. B.H.J. van Rensburg, mnr. J.J. Scheepers, mnr. L.J. Erasmus en ekself, terwyl van die stigtingskonferensie dit net laasgenoemde drie persone is."[6)]

Die S.V.K. het op die vergadering onder andere die volgende besluite geneem: dat die geskiedenis van die S.V.K. te boek gestel moes word; dat die oorskot van die S.V.K.-fondse aan die Beheerraad van die Voortrekkermonument oorgedra moes word, asook die ander besittings van die S.V.K.; dat alle stukke in verband met die S.V.K. vir bewaring kragtens die Argiefwet aan die Staatsargief te Pretoria geskenk sou word; en dat aan mnr. M.C. Botha, die Eresekretaris, 'n klein aandenking gegee moes word.[7)]

Na woorde van dank deur die eresekretaris, mnr. M.C. Botha, prof. dr. H.B. Thom, die voorsitter, mnr. I.M. Lombard, en die voorsitter van die Beheerraad van die Voortrekkermonument by Pretoria, mnr. S.G.J. van Niekerk, het die vergadering besluit dat aangesien al die monumente deur die S.V.K. beoog, voltooi was, die S.V.K. kon ontbind word. Die notule van die ontbindingsvergadering is daarna goedgekeur en daarmee was die verrigtinge afgeloop en het die vergadering uiteengegaan.[8)]

* * * * * * * * * * * *

Die Volk van Suid-Afrika is veel dank verskuldig aan die Sentrale Volksmonumentekomitee wat die saak van die oprigting van Voortrekkermonumente met soveel ywer aangepak en deurgedruk het.

---

5) S.V.K., Aanhangsel tot Notule, 21.11.1968 (Kort Algemene Oorsig oor Werksaamhede van S.V.K. deur I.M. Lombard)
6) Ibid.
7) S.V.K., Notule van Ontbindingsvergadering, 21.11.1968.
8) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om werklik die waarde van die werk van die S.V.K. te bepaal, is dit nodig dat ons kortliks sal besin oor die doel met die oprigting van monumente in die algemeen en die betekenis van die, deur die S.V.K. opgerigte, Voortrekkermonumente vir ons volk in die besonder, omdat dit die Afrikaner so dikwels teen die hoof geslinger word dat hy teveel monumente en standbeelde oprig en dat die geld wat gebruik word vir die oprigting van sodanige standbeelde en monumente baie meer produktief aangewend kan word.

Laat ons eers kyk wat die woord „monument" eintlik beteken. In sy letterlike betekenis staan die woord „monument" in die eerste plek vir die begrip „herinnering, gedenkteken" omdat dit ons gedurig herinner en laat nadink oor wat ons nie wil en nie mag vergeet nie. In die tweede plek beteken die woord „monument", „iets wat leer, onderrig". In hierdie sin is 'n monument die leermeester vir toekomstige geslagte.[9] In die derde plek beteken die woord „monument" ook „vermaan, waarsku, teregwys of indagtig maak". Dit moet dus daartoe bydra dat 'n volk sy verlede nie vergeet nie, maar dit moet ook die nageslag teen lafhartigheid en verraad waarsku.[10]

As antwoord op die vraag wat die noodsaaklikheid van monumente is, dien daaraan herinner te word dat die geskiedenis van 'n land grotendeels in die monumente en gedenkstene weergegee word wat in daardie land te vinde is. Nie slegs die besoekers aan 'n land word getref deur die monumente wat hy daar sien nie, maar die volk self kry sy blywendste indrukke van daardie gedenktekens en hoe beter daardie monumente is, hoe blywender is die indrukke. 'n Reisiger gaan nie (behalwe by wyse van uitsondering) na 'n ander land om nywerhede of handelstoestande te bestudeer nie, nie om staatkundige verhoudinge te ondersoek nie en ook nie om persoonlike verbintenisse aan te knoop nie. Nee, daardie honderdduisende wat hulle jaarliks oor die wêreld van een land na die ander verplaas, doen dit op soek na historiese of natuurlike monumente, wat by voorkeur die herinnering oproep aan 'n grootse tydvak of 'n beslissende gebeurtenis.

In die bestaan van elke volk kom daar tye van besieling, tye wanneer hoogtes bereik word wat genoeg nasietrots wek om die volk jarelank te dra. Sulke tye is van die grootste waarde vir

---

9) Mostert, D., Gedenkboek van die Ossewaens (Kaapstad, 1940), pp. 783-784.

10) Die Skoolblad, Augustus 1955, p. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n volk, want daarin word die standvastiges versterk, en die twyfelendes oortuig. Dit is die rede waarom iedere volksgemeenskap die onweerstaanbare drang het om die mooie, die edele, die verhewene, die bo-menslike wat hy voortgebring het, in sinnebeelde en in marmer of graniet te bestendig, tot in lengte van dae vas te lê. So ontstaan monumente. Hulle is die sintese, die samevattende beliggaming van volksideale en volkswense, van wat 'n volk verrig het en nog wil doen. Die oprig van monumente, in watter vorm ook al, is altyd 'n bewys van die bewuste én doelbewuste lewensdrang van 'n volk. Solank die verlede 'n waaragtige betekenis vir 'n volk behou, is die toekoms van daardie volk verseker.

'n Volk sonder monumente is 'n volk sonder 'n verlede. Die menslike heugenis is so beperk dat ook die belangrikste gebeurtenisse op die lange duur uitgewis word. Monumente word dus opgerig om nie, om <u>nooit</u>, te vergeet nie. Hulle is 'n hulde aan die verlede, hulle is die verheerliking van die groot en goeie mense wat deur hul offers die bestaan van 'n volk moontlik gemaak het.

Maar monumente is veel meer, want die wesenlike betekenis van monumente is dat hulle 'n onverbreekbare band tussen verlede en toekoms lê. Dit gee aan 'n volk die geleentheid om homself met sy voorvaders te vergelyk. Monumente doen 'n beroep op elkeen van ons se gewete. Wanneer ons 'n monument of standbeeld bewonder, en ons doen dit met ons verstand en hart, kom ons nie net onder die indruk van die kunstenaarskap nie, maar word aan ons geopenbaar dat dit die groot manne en vroue is wat aan ons lewe die waardigheid, aan die wêreld sy aansien, aan die mensheid sy glorie geskenk het. Monumente is 'n waarskuwing vir die mense van nou, 'n aanmoediging vir die mense van die toekoms. Gedenktekens dui nie net op die nagedagtenis aan die verbygegane nie, maar bied altyd besieling vir die toekoms. Gedenktekens is eerbied, is liefde, is historiese sin, maar hou ook 'n uitdaging aan die wêreld in, 'n verkondiging deur 'n volk van sy wil tot voortbestaan. In hierdie verband het mnr. J.J. Scheepers in 'n persartikel soos volg geskryf: „'n Mens spieël homself aan die verlede om sodoende die toekoms te kan sien. En waarin spieël 'n mens jou? In die geskiedenis van jou volk wat op jou volksmonumente geskrywe staan."11)

Dikwels word die vraag gevra waarom die geld wat gebruik word vir die oprigting van monumente nie eerder baie meer produktief aangewend kan word vir die oprigting van utiliteitsgebou van een of ander aard nie. Die antwoord is dat 'n hospitaal of ander nuts-

---

11) S.V.K., Persartikel deur J.J. Scheepers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inrigting beslis 'n sekondêre of bykomstige vorm van hulde is. Diegene wat so 'n gedenkinrigting besoek kom eerstens en weldra uitsluitend onder die indruk van die gerief van die inrigting. Hierdie voordele word dan gewaardeer, maar geen gevoel van hulde vir die gehuldigde word ondervind nie. Die onmiddellike gebruik en nut van die inrigting word hoofsaak en dit is ter wille van hierdie gerief dat die plek besoek word. Die mens het ook 'n skoonheidsgevoel en -hunkering in hom en as kunswerk streel 'n monument hierdie gevoel sodat die kuns dan 'n regstreekse kanaal vir die hulde is.[12] 'n Monument kan dus deur niks anders vervang word nie. Enige ander huldeblyk, 'n hospitaal byvoorbeeld, raak verouderd en moet mettertyd vervang of herbou word. Die voormalige Staatspresident van die Republiek, mnr. C.R. Swart, som dit so op: „Idealistiese simboliek bly groots en aangrypend is sy besielende uitwerking op 'n volk. Materialistiese gedenkinrigtings kan nooit dieselfde besielende krag en sielsverheffing aan 'n nageslag besorg nie ...... Hy wat op die presiese middaguur binne die Voortrekkermonument gestaan en wag het om die sonstrale van bo uit die gewelf te sien val op ‚Ons vir jou, Suid-Afrika' sal nie iets anders verlang om ons Voortrekkers te gedenk nie."[13]

Wat is dan die waarde en betekenis van die Voortrekkermonumente wat deur die S.V.K. opgerig is? Dit is nie geleë in die werk of geld wat daaraan bestee is nie, maar in die besielende boodskap wat dit uitstraal.

Deur hierdie monumente is die Voortrekkers nie dood en begrawe nie, maar is hulle 'n lewende krag wat inspireer tot dade, tot vergesigte die toekoms in. Hierdie monumente staan daar as tekens van oorwinning, tekens van onkreukbare trou aan plig en bowe-al as simbool van 'n onvernietigbare vertroue in 'n regverdige Opperwese wat die werk van Sy hande op Sy tyd voltooi. Die verlede was groots en ons is met reg trots daarop, maar stilstand beteken agteruitgang, daarom is daar maar een weg oop en dit is om die werk van die Voortrekkers te voltooi.[14] Die Voortrekkermonumente is vir die nageslagte van die Voortrekkers die transportbewys van die ontsettende prys wat hulle voorvaders vir die land betaal het.

---

12) Botha, M.C., Die Huldejaar 1949, (Johannesburg, 1952), pp. 15-18.
13) Van Tonder, J.J. (Red.), Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika, (Kaapstad, 1961), Voorwoord.
14) Die Volkstem, 16.12.1949, p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Voortrekkermonumente is hoogtepunte in die oprigting van ons gedenktekens. Hulle omhels meer as die naam aandui, hulle omhels eeue van moeite en arbeid en stryd om die nuwe vaderland tot 'n tuiste te maak, hulle omhels die liefde van 'n volk. Maar by name gedenk hierdie monumente deur hulle naam die voorgeslag wat die Afrikaner se erfgoedere gered het en wat ons geleer het om met geloof in die hart te waag.

Ons Voortrekkermonumente berus op die roem van die voorgeslag en is gebou ter ere van hulle, maar nog meer roem ter ere van God wat ons die wonder van volkwees vergun het. Om dié pand te bewaar en te ontwikkel spoor hierdie monumente ons aan. Hierdie gedenktekens is die hartklop van 'n volk, is 'n lied van dankbaarheid dat God ons so wonderlik gelei het, teen alle menslike berekeninge in, en gebring het deur poorte van benouenis tot nuwe vergesigte.[15)]

Die Voortrekkermonumente sal steeds in die toekoms 'n onfeilbare maatstaf en rigsnoer wees vir ons handelinge en gevoelens. Hulle is 'n verenigingsband vir ons volksgenote, die middelpunttrekkende krag van ons volk, die simbool van Afrikaner-solidariteit Rondom die Voortrekkermonumente het die Afrikaner homself gevind en die saad wat gesaai is. het tot volle rypheid gekom. Die monumente self spreek tot die volk. Sonder daardie monumente sou ons Afrikaners sielloos gewees het.

Die monumente staan nou daar as bakens op die Pad van Suid-Afrika. Hulle laat ons terugdink aan alles wat goed en edel was in die voorgeslagte en in hul strewe. Terselfdertyd inspireer hulle ons om in die toekoms troue navolgers van daardie voorgeslag te wees. Hulle roep ons tot nuwe lewe, tot daadkrag en skeppingsdrang.

Laat die volk van Suid-Afrika nou sorg dat al daardie goeie hoedanighede wat ons in die Voortrekkers bewonder, tot in lengte van dae behoue bly en deel van die Volkskarakter uitmaak. Dan sal die monumente 'n voortdurende invloed ten goede op ons toekoms uitoefen en 'n inspirasie vir grootse gedagtes en grootse dade wees Mag daar steeds 'n stem van vermaning van dié gedenktekens uitgaan, om ons volk ernstig te waarsku sodra hy van die Voortrekkerpad wil afwyk. Mag dit verder dien as 'n heerlike sinnebeeld waarna die

---

15) Die Voortrek (Spesiale Byvoegsel tot Die Transvaler), 13.12.'49 p. 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Afrikaner altyd kan opsien om besieling en bemoediging op die groot trekpad wat nog voorlê - 'n pad wat geen einde het nie - want „'n volk wat die ankers van sy eie verlede verloën of verloor, raak verlore in 'n doolweg van rigtingloosheid."[16)]

Die S.V.K. het homself 'n moeilike taak ten doel gestel; daardie taak is met eer voltooi; op aanskoulike wyse word nageslagte immer aandagtig gehou en besiel.

---

16) Fleur, 4.12.1949, p. 2. (Woorde van prof. dr. C.G.W. Schumann).

## BRONNELYS

# I. PRIMêRE BRONNE

## A. ARGIVALE BRONNE

ARGIEF VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, PRETORIA (Aangedui N.G.K.A.)

Acta Synodi van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika: 1919, 1922, 1928, 1934, 1937, 1940, 1944, 1951, 1954, 1957.
Acta Synodi van die Suidelike en Noordelike Streeksinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal: 1957
Acta Synodi van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal: 1961
Acta Synodi van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal: 1957, 1961, 1965
Acta Synodi van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Transvaal: 1963, 1968
Acta Synodi van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal: 1968
Kaart van Dorp Bloedrivier, Vechtkop No. 168, Distrik Utrecht, Natal

POLITIEKE ARGIEF, UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT, BLOEMFONTEIN: E.G. JANSEN-VERSAMELING (Aangedui E.G.J.)

F.III.7. Sentrale Eeufeeskomitee
- a. Sentrale Eeufeeskomitee
  - (a) Agendas en Notules 1938, 1939
  - (b) Korrespondensie Algemeen
  - (c) Korrespondensie Onderwerpe
    - (i) Prinsloo en McKenny
    - (ii) Stadsraad
    - (iii) Korrespondensie met Hertzog
    - (iv) Diverse
    - (v) Boodskappe
    - (vi) Dank
    - (vii) Uitnodigings
    - (viii) Vervoer en huisvesting
    - (ix) Eregaste
    - (x) Ossewa-trek
- b. Eeufeeskomitee: Subkomitees
  - (a) Terreinkomitee
  - (b) Programkomitee
    - (i) Programme
    - (ii) Voorstellings en Toneelstukke
    - (iii) Notules en agendas
    - (iv) Diverse
- c. Finansiële Sake
  - (a) Korrespondensie
  - (b) State
- d. Diverse Stukke
  - Los aantekeninge en koerantuitknipsels

F.III.8. Sentrale Volksmonumentekomitee-stukke
- a. Sentrale Volksmonumentekomitee
  - (a) Agendas 1938-1942
  - (b) Notules 1931-1942
  - (c) Korrespondensie 1931-1950
- b. S.V.K. Dagbestuur
  - (a) Agendas en korrespondensie 1944-1949
  - (b) Notules 1938-1950

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



c. S.V.K. Subkomitees
    (a) Historiese Komitee
    (b) Plek-komitee
        (i) Korrespondensie
        (ii) Inligtingstukke
    (c) Vormkomitee
d. Provinsiale Komitees Korrespondensie
    (a) Kaapland 1935
    (b) Natal 1934-1936
    (c) Oranje-Vrystaat 1935
e. Onderwerplêers
    (a) Beheerraad
    (b) Finansies
    (c) Grondtransaksies
    (d) Persverklarings en verwante sake
    (e) Persberigte
    (f) Wenke
    (g) Ooreenkoms met G.L.M. Moerdyk
    (h) Oudhede
    (i) Ander monumente
        (i) Bloedrivier
        (ii) Trichardt
        (iii) Ander
    (j) Beeldhouwerk
    (k) Natalse besware i.v.m. Konferensie
    (l) Behtalse skema
    (m) Cosani
    (n) Norman Cutler se skema
    (o) Dr. P. Kirchhoff
    (p) Stellenbosch Boere-orkes
    (q) Van Wouw
    (r) Voortrekkerbeweging
    (s) Uniewinkels
    (t) Seëls
    (u) Manifes
    (v) Onderhandelinge met Regering
    (w) Diverse

F.III.16. Voortrekkermonumentinwydingskomitee
a. Agendas en Notules
    (a) V.I.K.
    (b) V.I.K. Uitvoerende Komitee
    (c) Programkomitee
    (d) Kampkomitee
    (e) Terreinkomitee
    (f) Vervoerkomitee
    (g) Handel- en Drukwerkkomitee
    (h) Verversingskomitee
b. Korrespondensie
    (a) Des. 1948 - Aug. 1949
    (b) Sept. 1949 - Nov. 1949
    (c) Des. 1949
    (d) 1950
c. Onderwerplêers
    (a) Amfiteater
    (b) Koerantverslae en persverklarings
    (c) Vrae i.s. Monument in Volksraad en Senaat
    (d) Diverse
        Diverse los aantekeninge

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## B. NOTULES EN ANDER DOKUMENTêRE STUKKE VAN DIE VOLGENDE LIGGAME EN INSTANSIES

BEHEERRAAD VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT, PRETORIA (Aangedui B.R.V.M.)

NASIONALE KULTUURHISTORIESE EN OPELUGMUSEUM, PRETORIA (Aangedui N.A.S.K.O.M.)

NATALSE VOORTREKKERMONUMENTKOMITEE (Aangedui N.V.M.K.)

SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE (Aangedui S.V.K.)

| | | |
|---|---|---|
| S. | 1 | I.s. S.V.K. self: Reeksnommer |
| | 1/1 | Agendas en vergaderings |
| | 1/2 | Lede van die S.V.K. |
| R. | 2/ | I.s. die Regering: Reeksnommer |
| | 2/1 | Regering i.s. S.V.K.-verteenwoordigers |
| | 2/2 | Regering i.s. Voortrekkermonument, Pretoria |
| M. | 3 | Voortrekkermonument, Pretoria: Reeksnommer |
| | 3/1 | Die argitek: G. Moerdyk |
| | 3/2 | Stadsraad Pretoria |
| | 3/3 | Monument en A.T.K.V. -oudhede |
| | 3/4 | Allerlei rakende Monument |
| | 3/5 | Historiese fries |
| | 3/6 | Terrein en Transportwerk |
| K.M. | 4 | Kleiner Monumente: Reeksnommer |
| | 4/1 | Bloedrivier |
| | 4/2 | Pietermaritzburg |
| | 4/3 | Winburg |
| A.M. | 5 | Algemene Monumente: Reeksnommer |
| | 5/1 | Oprigting van Monumente |
| B. | 6 | Beheerraad: Reeksnommer |
| | 6/1 | Beheerraad: Funksies |
| D.K. | 7 | Diverse Korrespondensie: Reeksnommer |
| | 7/1 | Diverse Korrespondensie: (nie rakende Monument nie) |
| F. | 8 | Finansies: Reeksnommer |
| | 8/1 | Balansstate, ens. |
| | 8/2 | Eeufees-aandenkings |
| K | 9 | Kunsvoorwerpe: Reeksnommer |
| | 9/1 | Kunsvoorwerpe |

SENTRALE VOORTREKKER-EEUFEESKOMITEE (Aangedui S.V.E.K.)

TRANSVAALSE PROVINSIALE KOMITEE (Aangedui T.P.K.)

VOORTREKKERMONUMENT-INWYDINGSKOMITEE (Aangedui V.I.K.)

VRYSTAATSE VOORTREKKERMONUMENTKOMITEE (Aangedui V.V.M.K.)

## C. ONGEORDENDE PRIVAATVERSAMELINGS

B.H.J. VAN RENSBURG-VERSAMELING (Aangedui B.H.J.v.R.)

BARRY STEYN-VERSAMELING (Aangedui B.S.)

COERT EN BETSIE STEYNBERG-VERSAMELING (Aangedui C.S.)

J.H. STANDER-VERSAMELING (Aangedui J.H.S.)

L.J. SPIES-VERSAMELING (Aangedui L.J.S.)

O.J.O. FERREIRA-VERSAMELING (Aangedui O.J.O.F.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## II. GEPUBLISEERDE BRONNE

### A. BROSJURES EN GIDSE

Die Voortrekker-Gedenkkerk, Pietermaritzburg

Die Voortrekkermonument, Pretoria (Amptelike Gids)

Die Voortrekkertapisserie

### B. PROGRAMME EN AGENDAS

Amptelike Program en Gedenkboek van die fees ter inwyding van die Voortrekkermonument, 13 tot 16 Desember 1949

Gedenk-agenda van die Ontbindingsvergadering van die Sentrale Volksmonumentekomitee, 21 November 1968

Gedenkprogram: Geloftedag 1957 - Gedenkprogram van die Tweede Vierjaarlikse Feesviering by die Voortrekkermonument van 13 tot 16 Desember 1957

Gedenkprogram: Inwyding Voortrekkermonument, Winburg, 10 Oktober 1968

Gedenkprogram: Ontvangs van die Rapportryers, Bloemfontein, 23-25 November 1949

Gedenkprogram: Sentrale Voortrekker-Eeufees 1838-1938, Pretoria 14-16 Desember 1938

Gedenkprogram en -boek: Voortrekker-Eeufees 1838-1938, Johannesburg

Program: Onthulling van Bloedriviermonument, 13-17 Desember 1947

Program: Onthulling van Piet Retief-standbeeld en inwyding van Voortrekker-Gedenkkerk, 6 April 1962

Program: 1838 Voortrekkereeufees 1938. Laaste skof van die Simboliese Ossewatrek op Die Pad van Suid-Afrika. Verwelkoming te Pretoria.

Program: Voortrekkereeufees 1938, Pretoria

### C. ANDER

Jansen, E.G., Die Voortrekkereeufees (Herdruk uit Offisiële Jaarboek No. 20)

Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1968 (Kaapstad, 1967)

Unie van Suid-Afrika, S.C. 1/14 - 1B/42, Verslag van Gekose Komitee 1941-1942, (Kaapstad, 1941)

Unie van Suid-Afrika, Verslae van Gekose Komitee oor Openbare Rekenings, Mei 1947. (Skriftelike verklaring van dr. J.E. Holloway aan Gekose Komitee)

## III. PERIODIEKE PUBLIKASIES

### A. KOERANTE

Die Burger, 4.2.1937, 31.1.1939, 6.5.1949, 15.12.1949, 7.2.1950

Dagbreek en Landstem, 11.8.1968

Dagbreek en Sondagnuus, 8.5.1949, 18.12.1949

The Daily News, 15.10.1968

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

_The Friend_, 21.9.1967, 11.10.1968

_Hoofstad_, 17.12.1969

_De Natalier_, 20.12.1844

_Die Natalse Afrikaner_, 12.12.1938, 26.6.1947

_Natal Witness_, 20.3.1939, 17.12.1955, 6.4.1962, 7.4.1962

_De Oude Emigrant_, 13.12.1938

_The Pretoria News_, 20.10.1949

_Rand Daily Mail_, 6.8.1947, 1.11.1949

_Die Ruiter_, 14.11.1947

_The Star_, 18.12.1949

_Die Suidwester_, 15.11.1950

_Sunday Express_, 24.11.1946

_Die Transvaler_, 28.1.1938, 5.5.1947, 27.8.1947, 5.1.1949, 5.3.1949, 10.6.1949, 8.10.1949, 1.11.1949, 15.11.1950, 16.1.1964, 17.12.1969.

_Die Vaderland_, 8.11.1935, 3.11.1936, 15.12.1938, 17.12.1938, 27.8.1947, 13.10.1948, 17.12.1949, 31.8.1963, 14.1.1964

_Die Volksblad_, 23.11.1935, 22.7.1936, 12.10.1936, 14.10.1936, 17.12.1938, 27.3.1939, 27.4.1939, 17.1.1945, 5.12.1947, 13.12.1947, 15.12.1947, 12.4.1949, 13.12.1949, 25.11.1949, 23.10.1952, 5.11.1963, 9.11.1963, 9.5.1964, 10.12.1964, 18.12.1967, 30.4.1968, 15.8.1968, 9.10.1968, 10.10.1968, 11.10.1968, 6.2.1969, 17.4.1969

_Die Volkstem_, 29.7.1947, 16.12.1949, 17.12.1949

_Die Voorbok_, 13-17.12.1947

B. BYLAES TOT KOERANTE

_Byvoegsel_ tot _Die Volksblad_, 30.11.1938

_Byvoegsel_ (Monument-uitgawe) tot _Die Volksblad_, 12.12.1949

_Fleur_ (Huldigingsuitgawe), tydskrif-bylaag tot _Dagbreek_ en _Sondagnuus_, 4.12.1949

_Pretoria-Eeufees_, bylaag tot _Die Vaderland_, 27.8.1955

_Die Voortrek_, spesiale byvoegsel tot _Die Transvaler_, 13.12.1949

C. TYDSKRIFTE

_Die Brandwag_, 19.4.1940, 28.1.1949, 2.12.1949, 14.12.1951

_De Gereformeerde Kerkbode_, 2.3.1967

_Historia_, Maart 1958

_Die Huisgenoot_, 21.8.1936, Des. 1938, 4.7.1947, 16.6.1948, 25.11.1948, 25.11.1949, 1.4.1960, 13.12.1963, 29.4.1966, 20.5.1966, 1.12.1967, 9.8.1968, 20.12.1968

_De Kerkbode_, 24.6.1920

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Kerkbode, 1.8.1968

Die Kindervriend, Des. 1938

Lantern, Junie 1951, Mei 1952, Maart 1961

Die Mylpaal, Febr. 1969, Maart 1969

The Outspan, 1.4.1955

Rooi Rose, 18.12.1968

Sarie Marais, 18.4.1956

Die Skoolblad, Aug. 1955

Die Taalgenoot, Des. 1946, Des. 1967, Jan. 1968, Maart 1968, April 1968, Mei 1968, Junie 1968, Julie 1968 Sept. 1968, Okt. 1968, Des. 1968

Die Weekblad, 16.12.1949

## IV. SEKONDêRE BRONNE

Botha, M.C., Die Huldejaar 1949 – 'n Algemene oorsig oor die hulde-uitinge van 'n dankbare volk in 1949, die jaar waarin sy gedagtegang aangetrek is deur en met behulp van die Rapportryers voortgedra is na die Voortrekker-monument, Pretoria. (Johannesburg, 1952)

Botha, Sybrand, Profeet en Krygsman – Die lewensverhaal van Siener van Rensburg. (Johannesburg, s.j.)

Cachet, F. Lion, De Worstelstrijd der Transvalers aan het Volk van Nederland verhaald. (Amsterdam, 1882)

De Witte, Teo, Langs die Pad van Suid-Afrika. (Pretoria, 1939)

Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, Silwer jubileum 1929-1954. (Johannesburg, s.j.)

Kotzé, D.J., Die Kindermonument, Bloemfontein. (Bloemfontein, s.j.)

Kruger, J.J. (Samesteller), Fees by die Waens. Gedenk-album gewy aan die Sentrale Eeufees op 7, 8 en 9 Oktober 1938 en die Ossewa-Fees op 22 en 23 Oktober 1938 in Bloemfontein. (Bloemfontein, 1938)

Mostert, Dirk, Gedenkboek van die Ossewaens op die Pad van Suid-Afrika. Eeufees 1838-1938. (Kaapstad, 1940)

Oom Pietie (Le Roux, P.), Die doel en geskiedenis van die Stellenbosch-Boereorkes. (Stellenbosch, s.j.)

Pienaar, S.W., en J.J.J. Scholtz (Samestellers), Glo in u Volk – Dr. D.F. Malan as redenaar, 1908-1954. (Kaapstad, 1964)

Preller, G.S., Piet Retief – Lewensgeskiedenis van die grote Voortrekker. (Kaapstad, 1920)

Rapportryers-Reëlingskomitee, Die Roeteboek van die Rapportryers. (Johannesburg, 1949)

Rosenthal, E. (Redakteur), Ensiklopedie van Suidelike Afrika. (Kaapstad, 1967)

Steenkamp, L. en A.G. du Toit, Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek. (Pietermaritzburg, s.j.)

Thom, H.B., Die Geloftekerk en ander studies oor die Groot Trek. (Kaapstad, 1949)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, Deel I. (Kaapstad, 1921)

Van Schoor, A.M. (Redakteur), André Huguenet. (Johannesburg, 1961)

Van Tonder, J.J. (Redakteur), Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika. (Kaapstad, 1961)